DIE GESKIEDENIS EN ROL VAN PERSORGANE IN DIE POLITIEKE EN EKONOMIESE MOBILISASIE VAN DIE GEORGANISEERDE ARBEIDERBEWEGING IN SUID-AFRIKA, 1908 - 1924

deur

Wessel Pretorius Visser

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Wysbegeerte (Geskiedenis) aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof D.J. (Diko) van Zyl

Maart 2001

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening Datum

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Gedurende die 20ste eeu het die pers, as bron van inligting, kommunikasie- en propagandamedium, opvoeder, kritikus, openbare waghond en meningsvormer en -beïnvloeder, 'n uiters belangrike samelewingsrol vertolk. In hierdie opsig kan die pers ook as 'n weerspieëling van die Suid-Afrikaanse samelewing beskou word. Hierdie studie ondersoek die rol wat die pers gespeel het en die invloed wat dit as openbare meningsvormer met betrekking tot die politieke en ekonomiese mobilisasie van die georganiseerde arbeiderbeweging gedurende die tydperk 1908 tot 1924 uitgeoefen het. Gegewe die historiese rasseverdeeldheid in Suid-Afrika, is daar spesifiek op die blanke arbeiderbeweging gekonsentreer, aangesien dit die arbeidsterrein gedurende die eerste paar dekades van die twintigste eeu feitlik oorheers het. Die swart arbeiderbeweging was in daardie stadium nog grootliks onderontwikkeld en het eers om en by die twintigerjare begin ontwaak.

Die betrokke tydperk was 'n tydperk van hoogbloei vir die georganiseerde blanke arbeiderbeweging. Dit word veral gekenmerk as 'n tydperk van politieke onstuimigheid, asook van groot en ernstige endemiese nywerheidsonrus en konflik, as deel van 'n katarsis waardeur die verhouding tussen staat en onderdaan op die arbeidsterrein uitgekristalliseer het. Die vertrekpunt van die studie is 1908, toe die sittings van die Nasionale Konvensie met die oog op die unifikasie van Suid-Afrika 'n aanvang geneem het en ook aanleiding gegee het tot die amptelike stigting van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty in Oktober 1909. Dit strek tot 1924, toe die verkiesingsalliansie van die Nasionale Party en die Arbeidersparty die oorwinning by die stembus behaal en die Pakt-koalisieregering gevorm het.

Vanuit 'n ekonomiese oogpunt gesien, was daar twee duidelike stellingnamens. Enersyds was daar die sogenaamde *establishment*-persorgane. Hieronder ressorteer ook Afrikaanstalige koerante, alhoewel hulle as gevolg van 'n etniese verbondenheid sterk ten gunste van die beskerming van die ekonomiese posisie van die Afrikanerwerkers was. Andersyds was daar anti-kapitalistiese persorgane wat 'n pro-aktiewe optrede ten behoewe van die werkers, wat dikwels op nywerheidskonflik in die vorm van stakings uitgeloop het,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
wou bevorder. Hierdie gespannenheid op ekonomiese terrein het oorgespoel na die politieke sfeer van verkiesings en ook daarin het die pers, in die dikwels gespanne verhouding tussen owerheid en onderdaan, 'n sentrale rol gespeel.

Ten einde 'n sinvolle ontleding van die samelewingsrol van die pers te kon doen, is die volgende persorgane as studiemateriaal geselekteer: ***The Star*** was die mondstuk van die magtige kapitalistiese, Witwatersrandse goudmynindustrie. ***Die Burger*** en ***Ons Vaderland*** het 'n groot rol in die politieke en ekonomiese mobilisasie van die Nasionaalgesinde Afrikanerwerkersklas vervul. Die volgende arbeider- en sosialistiese blaaie het die politieke en ekonomiese uitgangspunte van die arbeiderbeweging in die tydperk 1908 tot 1924 weerspieël en vertolk: ***Voice of Labour***, ***The Worker***, ***The Eastern Record***, ***The Evening Chronicle***, ***The War on War Gazette***, ***The International***, ***The Labour World***, ***The Bolshevik*** en ***The Guardian***. Daarby is ook die mobiliseringsrol wat 'n aantal ekstremistiese stakersblaaie in die stakings van 1913, 1914 en 1922 gespeel het, ondersoek.

Die pers het 'n belangrike rol gespeel om 'n aantal kardinale kwessies, wat die diskoers binne die arbeidergeledere oorheers het, ook aan groter openbare kritiek en bespreking bloot te stel. Sodoende is die stryd tussen arbeid en kapitaal om die hegemonie van die Suid-Afrikaanse politieke en ekonomiese lewe byvoorbeeld telkens tydens verkiesingsveldtogte tot die nasionale debat verhef. Daarbenewens het die pers, spesifiek by monde van die regse arbeider- en linkse sosialistiese persorgane, ook die diepe ideologiese verdeeldheid in arbeidergeledere weerspieël. In hierdie opsig was dit veral hulle rassebeskouings en die posisie van die swartman in die nywerheidsbestel wat die politieke credo van hierdie persorgane bepaal en beïnvloed het. Die mobiliseringsmag van die pers is treffend deur stakerblaaie geïllustreer. Deur militante ekstremisme te verkondig, kon sodanige blaaie dikwels daarin slaag om nywerheidsonrus onder werkers tot die vlak van geweld op te sweep sodat die owerheid dan genoop was om hierdie publikasies deur middel van Krygswetproklamasies te onderdruk. Synde op die periferie van die politieke spektrum, sou die SAAP, en veral die sosialistiese organisasies, sonder kommunikatiewe ondersteuning van hulle spreekbuise waarskynlik slegs 'n kortstondige politieke bestaan in die Suid-Afrikaanse politiek gevoer het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

During the course of the 20th century the press played an absolutely crucial role as a source of information, a medium of communication and propaganda, educator, critic, public watchdog and in forming and influencing opinion. In this respect the press may also be regarded as a reflection of South African society. This study investigates the role that the press played and the influence that it exercised in the political and economic mobilisation of the organised labour movement during the period 1908 to 1924. In view of the racial divisions that have prevailed in South Africa, the focus here is specifically on the white labour movement, because it was this manifestation of the organised labour force that virtually dominated the first few decades of the twentieth century. During this time the black labour movement was still to a large extent under-developed and began to emerge only around the 1920s.

Organised labour flourished during the period under review. This period is characterised as one of political turbulence, as well as of large scale and serious industrial unrest, as part of the cathartic process in which the relationship between the state and its subjects in the field of labour took shape. The study adopts as its point of departure the year 1908, when the National Convention began its deliberations on the unification of South Africa, which in turn led to the official founding of the South African Labour Party in October 1909. The Labour Party operated independently until 1924, when the alliance between the National Party and the Labour Party won the election held in that year and formed the Pact coalition government.

From an economic point of view there were two clear positions. On the one hand, there were the so-called establishment press organizations. These included Afrikaans-language newspapers, although - because of their ethnic commitments - they were strongly in favour of the protection of the economic position of the Afrikaner workers. On the other hand, there were anti-capitalist press organisations that wished to promote proactive steps in favour of the workers, which in turn often resulted in industrial conflict in the form of strikes. These tensions in the economic terrain spilled over into the political sphere of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
elections, and here too the press played a central role in the often tense relationship between state and subject.

In order to understand a meaningful analysis of the social role of the press, the following press organs and study materials were selected: ***The Star*** was the mouthpiece of the powerful Witwatersrand gold-mining industry. ***Die Burger*** and ***Ons Vaderland*** played a great role in the political and economic mobilisation of the Afrikaner working class whose sympathies lay with the National Party. The following labour-orientated and socialist papers reflected and interpreted the political and economic points of view of the labour movement in the period 1908 - 1924: ***Voice of Labour***, ***The Worker***, ***The Eastern Record***, ***The Evening Chronicle***, ***The War on War Gazette***, ***The International***, ***The Labour World***, ***The Bolshevik*** and ***The Guardian***. In addition, the role of a number of extremist strike newspapers in mobilising workers during the strikes of 1913, 1914 and 1922, is also investigated.

The press played an important role in exposing a number of cardinal issues that dominated the discourse within the labour movement to greater public criticism and discussion. The effect of this was to raise the struggle between labour and capital for hegemony in the political and economic life of South Africa - as happened every time during election campaigns - to the level of the national political debate. Furthermore, the press, and specifically the right-wing labour and left-wing socialist press organs, also reflected the deep ideological divisions in the labour movement. In this respect, it was particularly the views of these press organs on race and the place of black people in the industrial dispensation that determined and influenced their political creeds. The mobilising power of the press was vividly illustrated by the strike papers. By propounding militant extremism these papers often succeeded in sweeping up industrial unrest among workers to the level of violence, which meant that the authorities were compelled to suppress these publications by means of martial law proclamations. It is probable that the SALP, and especially the socialist organisations, on the periphery of the political spectrum, would not have survived for long in South African politics without the communicative support of their mouthpieces.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BEDANKINGS

Ek is die volgende persone groot dank verskuldig vir die totstandkoming en voltooiing van hierdie studie: My opregte dank aan my promotor, prof. Diko van Zyl, wat benewens studieleier vir hierdie projek, oor baie jare in vele opsigte ook vir my as student, en later as kollega, 'n mentor was. Dit was 'n voorreg om onder hom te kon studeer. Aan sy persoonlike vriendskap, advies en aanmoedigende belangstelling in my studies heg ek groot waarde en dit was 'n baie groot eer om hierdie proefskrif onder sy leiding te kon voltooi, aangesien hy reeds sy emeritaat aanvaar het. Prof. Van Zyl se leiding het my tot insigte en perspektiewe gelei sodat hierdie studie in 'n sinvolle en logiese sintese gekonstrueer kon word.

Aan die Universiteit Stellenbosch is ek baie dank verskuldig vir ruim finansiële toekennings vanuit die Stellenbosch 2000 Fonds en die H.P. Dekker-beurs vir Geskiedenis wat my in staat gestel het om uitgebreide navorsing vir my studie in Pretoria en Johannesburg te kon doen. Die volgende persone het spesifiek 'n aandeel daaraan gehad: Prof. W.T. Claassen, Vise-Rektor: Akademies (voormalige Direkteur: Navorsing) en me. Lazelle Bonthuys, Assistent-Registrateur (Algemeen), asook prof. I.J. van der Merwe, Dekaan: Lettere en Wysbegeerte, wat goedgunstiglik my studieverlof aanbeveel het.

'n Persoonlike woord van dank gaan aan my kollegas in die Departement Geskiedenis aan die Universiteit Stellenbosch, by name prof. Pieter Kapp, dr. Chris Venter en mnr. Anton Ehlers, vir hulle aanmoediging en ondersteuning ten tye van hierdie studie. Prof. Kapp het my waardevolle wenke en insigte ten opsigte van die raadpleging van sekere bronne gegee. Mnr. Ehlers was uiters behulpsaam in die ontleding en vertolking van maatskappyaandeleprospektusse en balansstate. Mev. Corinne Harmsen, sekretaresse van die Departement Geskiedenis, word bedank vir haar lankmoedigheid en behulpsaamheid ten opsigte van die elektroniese prosessering en tegniese versorging van die manuskrip. My dank gaan ook uit na prof. J.S. Bergh van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit Pretoria. As destydse senior navorser by die Instituut vir die Studie van Marxisme aan die Universiteit Stellenbosch het sy bemiddeling aanvanklik my entoesiasme as honneursstudent vir arbeidstudies geprikkel wat dan uiteindelik ook in hierdie proefskrif

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gekulmineer het. Prof. Bergh en dr. Venter word van harte bedank vir hulle bereidwilligheid om as eksaminatore op te tree.

Sonder die spesifieke hulp en bystand van die volgende persone sou hierdie studie ook nie kon realiseer nie: mevv. S.J.E. van Rooyen en L. du Preez van die Afdeling Argiefdienste van die Departement van Binnelandse Sake in Pretoria, wat die toeganklikheid tot sekere argivale dokumente binne die Departement vir my bewerkstellig het; mejj. Ilma Reyneke, Letitia Coetzee, Zebeth Olivier en mev. Lerita Pretorius van die Sentrale Argiefbewaarplek in Pretoria; me. I. Benyon en mev. Retief van die Staatsbiblioteek in Pretoria; mev. T. Brink van die Departement Handel en Nywerheid in Pretoria; mnr. S. de Argela van die Suid-Afrikaanse Weermagargief in Pretoria, wat uiters vriendelik en behulpsaam in die opsporing van dokumente was; mejj. Carol Leigh, E.J. Bevan, mev. L. Boswell en mnre. Marius Basson en Eric Itzkin van die Harold Strange-Versameling in die Johannesburgse Openbare Biblioteek, deur wie se hulpvaardigheid waardevolle materiaal oor die Witwatersrandse arbeidgeskiedenis tot my beskikking gestel is; me. Michele Pickover, manuskripkurator van die William Cullen Biblioteek aan die Universiteit van die Witwatersrand; mnr. Karel Schoeman van die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad, asook me. Barbara Conradie van die Standard Bank-argief in Johannesburg, vir onontbeerlike inligting oor navorsingsinstansies en kontakpersone in Johannesburg.

'n Besondere woord van dank en waardering word gerig aan die volgende personeellede van die J.S. Gericke Biblioteek aan die Universiteit van Stellenbosch, wie se bereidwilligheid tot hulp en ondersteuning aan my navorsing die afgelope aantal jare altyd 'n riem onder die hart was: mejj. Elma Lategan, Marié Roux, mevv. Carien Brunsdon, Paula Conradie, Tracy Britz en mnr. Pieter du Plessis van die Afdeling Interlenings; mev. Marita Landsberg van die Tydskrifte-afdeling, deur wie se bemiddeling ek toegang tot 'n mikrofilmleser gehad het; mnr. Niel Hendriksz, vakreferent vir Geskiedenis en mev. Hanna Botha van die Africana-kamer. Ek is ook 'n baie groot dank verskuldig aan me. Martel Joubert, wat die tikwerk van 'n lywige manuskrip met veeleisende voetnote, met spoed en uiterse bekwaamheid aangepak het. Haar onvermoeide ywer word ten seerste waardeer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

My grootste dank kom my familie en gesin toe, wie se belangstelling in my studies en aanmoediging altyd 'n bron van inspirasie was. In die besonder bring ek hulde aan my oorlede vader, aan wie hierdie werk dan ook opgedra word, vir sy konstante ondersteuning en bemoediging oor baie jare van studie. Aan my vrou, Irmgard, wat baie opofferings moes maak en my afgetrokkenheid ten tye van studie moes verduur, my innige dank en waardering.

Ten slotte kom alle eer my Hemelse Vader toe vir die krag en die inspirasie waarmee Hy my gelei het.

W.P. Visser

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VOORWOORD

Tydens 'n eetmaal van die American Historical Association in 1935, het Edgar E. Robinson verklaar dat koerante, met hulle gebreke en al, met reg geloof word as "*the historican's surest and most nearly eternal source of information*".* As versamelbron van 'n magdom inligting, en by uitstek oor die historiese verloop van die 20ste eeu, bied die pers onontbeerlike navorsingsmateriaal aan die historikus. Die pers is dikwels die enigste bron van inligting oor bepaalde gebeure of die bronne wat die meeste inligting daaroor bevat. Gegewe die tydsagtergrond waarbinne hierdie studie val, word met die begrip "pers" ***koerante*** as media van kommunikasie bedoel. In 'n era waar moderne kommunikasiestelsels ten beste nog primitief en onderontwikkeld was, het die koerant as die belangrikste en effektiefste kommunikasiemedium in die samelewingstrukture gedien.

'n Hele aantal werke aangaande die rol en invloed van die pers in die samelewing en van die geskiedenis van spesifieke persorgane is al gepubliseer, of het as magister- of doktorale studies die lig gesien. Studies aangaande die arbeider- en sosialistiese pers in Suid-Afrika is tot dusver, op enkele uitsonderings na, egter nog grootliks deur historici verwaarloos. Benewens die skrywer se magisterstudie, "Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en - Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 - 1915", en dié van M.A. Caldwell: "The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919)", kom daar slegs sporadiese en broksgewyse inligting met betrekking tot die arbeider- en sosialistiese pers in 'n aantal navorsingstudies, historiese literatuur en letterkundige bronne voor. Die studie van Caldwell handel ook slegs oor een sosialistiese blad en dek net 'n kort tydsbestek van die publikasie se bestaan. Bowendien sluit dit geen argivale navorsing in nie. Oor die geskiedenis, rol en invloed van die arbeider- en sosialistiese pers in die tydperk 1908 - 1924 is nog geen omvattende studie gedoen nie. Dokumentêre bronne oor die Suid-Afrikaanse arbeidgeskiedenis is ook baie broksgewys en onvolledig omdat dit in baie gevalle verlore gegaan het. Daarom is die arbeider- en sosialistiese pers, as kontemporêre getuienis van die geskiedenis van die genoemde tydperk 'n onontbeerlike bron van inligting vir die navorser.

---

* Aangehaal deur A. van Wyk: *Die Keeromstraatkliek*, p. 11.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In vele opsigte is hierdie studie 'n unieke bydrae tot die Suid-Afrikaanse arbeid- en persgeskiedenis. Koerantmateriaal as primêre navorsingsmateriaal vir arbeidgeskiedenis, en spesifiek vir die geskiedenis van die arbeider- en sosialistiese pers, was tot nog toe grotendeels onderbenut, wat 'n leemte in die Suid-Afrikaanse historiografie geskep het. Trouens, tot en met hierdie studie is daar nog slegs gedeeltelike grondige navorsing oor die anti-kapitalistiese persorgane van die georganiseerde arbeiderbeweging oor die vermelde tydperk gedoen. In hierdie studie is daarom ook voorheen onbenutte, dog waardevolle Africana-bronne ontsluit. Dit is die kulminasie van 'n omvattende studieprojek oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse arbeider- en sosialistiese pers wat in 1981 as 'n honneursopstel geïnisieer is op voorstel van prof. J.S. Bergh, voormalige senior lektor in die Departement Geskiedenis aan die Universiteit Stellenbosch en tans hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit Pretoria.

Die eerste twee dekades van die 20ste eeu is om verskeie redes 'n belangrike epog in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit het die politieke agenda van die Suid-Afrikaanse staat vir daardie eeu tot die aanvang van die era van apartheid bepaal. Die jare 1908 tot 1924 was 'n tydperk van hoogbloei vir die georganiseerde arbeiderbeweging. Dit word veral gekenmerk as 'n tydperk van politieke onstuimigheid, asook van groot en ernstige endemiese nywerheidsonrus en konflik, as deel van 'n katarsis waardeur die verhouding tussen staat en onderdaan op die arbeidsterrein uitgekristalliseer het. Die vertrekpunt van die studie is die tweede helfte van 1908, toe die sittings van die Nasionale Konvensie met die oog op die unifikasie van Suid-Afrika 'n aanvang geneem het en ook aanleiding gegee het tot die amptelike stigting van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty in Oktober 1909. Dit strek tot die eerste helfte van 1924, toe die verkiesingsalliansie van die Nasionale Party en die Arbeidersparty die oorwinning by die stembus behaal en die Pakt-koalisieregering gevorm het.

In hierdie studie is hoofsaaklik op sogenaamde blanke arbeiderorganisasies en -persorgane gekonsentreer, en wel om die volgende redes: Blanke arbeiderorganisasies het die georganiseerde arbeidsterrein in Suid-Afrika gedurende die eerste twee dekades van die 20ste eeu feitlik totaal oorheers. Die relatiewe onontwikkeldheid van die nie-blanke arbeiderbeweging, wat in daardie stadium nog in sy embrio-fase verkeer het, het tot hierdie toedrag van sake bygedra. Die eerste swart vakbond, die Industrial Workers of Africa, is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
byvoorbeeld eers so laat as 1917 gestig. As gevolg van die unieke Suid-Afrikaanse arbeidsituasie, waar die verskille tussen ongeskoolde en geskoolde arbeid hoofsaaklik op grond van kleur onderskei is, was die behoud en beskerming van die kleurslagboom en werkreservering op industriële gebied een van die sterkste dryfvere in die georganiseerde blanke arbeiderbeweging. Hierdie kwessie het ook die grootskaalse en effektiewe mobilisering van die nie-blanke arbeidergeledere gedurende die genoemde tydperk in 'n belangrike mate geïnhibeer en gekortwiek en het selfs in die bloedige Randse staking van 1922 gekulmineer.

As 'n weerspieëling van onder andere die politieke en ekonomiese kollektiewe onderbewussyn van 'n gemeenskap, en dus ook van die politieke en ekonomiese struktuur van sodanige gemeenskap, het die pers uiteraard n dinamiese rol gespeel. Vanuit 'n ekonomiese oogpunt gesien, was daar twee duidelike stellinginnames. Enersyds was daar die sogenaamde *establishment*-persorgane. *Establishment*-persorgane is die hoofstroompers van 'n gemeenskap. As sosiale en openbare instellings oefen hulle groot en gesaghebbende invloed op 'n samelewing uit en het die handhawing van 'n bepaalde orde en *status quo* ten doel. Hieronder ressorteer ook Afrikaanstalige koerante, alhoewel hulle as gevolg van 'n etniese verbondenheid sterk ten gunste van die beskerming van die ekonomiese posisie van die Afrikanerwerker was. Andersyds was daar anti-kapitalistiese persorgane wat 'n pro-aktiewe optrede ten behoewe van die werkers, wat dikwels op nywerheidskonflik in die vorm van stakings uitgeloop het, wou bevorder. Hierdie gespannenheid op ekonomiese terrein het oorgespoel na die politieke sfeer van verkiesings en ook daarin het die pers, in die dikwels gespanne verhouding tussen owerheid en onderdaan, 'n sentrale rol gespeel.

Die doel van hierdie proefskrif is om 'n beskrywing en verklaring te bied vir die optrede van die pers in bogenoemde verband en die algemene invloed wat dit as openbare meningsvormer op die korter en langer termyn met betrekking tot die politieke en ekonomiese mobilisasie van die georganiseerde arbeiderbeweging uitgeoefen het. Aangesien dit uiteraard onmoontlik is om 'n volledige verledebeeld van bogenoemde politieke en ekonomiese mobilisasie te rekonstrueer, is die volgende uitstaande kwessies, wat georganiseerde arbeid ten nouste geraak het, spesifiek ondersoek: waarom en in watter omstandighede sekere persorgane tot stand gekom het; die basiese inhoud en redaksionele kommentaar van spesifieke koerante; die verhouding tussen persorgane,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
politieke instansies en ander arbeiderorganisasies; die beïnvloedingsrol wat persorgane tydens verkiesings en in konfliksituasies soos stakings gespeel het; persreaksies op arbeidkwessies, soos die stryd teen kapitalisme, arbeidstoestande in en om die werkplek, die posisie van wit en swart arbeid, die Afrikaner as werker, asook persreaksies op epogmakende gebeure soos die Eerste Wêreldoorlog en die Russiese Rewolusie van 1917.

Benewens die bestudering van historiese literatuur en letterkundige bronne wat op die onderwerp betrekking gehad het, is primêre navorsingsmateriaal, wat in twee kategorieë verdeel kan word, ondersoek. Eerstens is argivale navorsing by die volgende instansies gedoen: die Sentrale en Transvaalse Argiefbewaarplek (Pretoria), waar in eersgenoemde geval in die Argief van die Department van Justisie uiters waardevolle inligting aangaande die arbeider- en sosialistiese pers en persoonlikhede bewaar word; die Argief van Departement van Binnelandse Sake (Pretoria), waar belangrike registrasiedokumente en korrespondensiestukke aangaande sekere persorgane gehou word; die Argief van die Departement van Handel en Nywerheid (Pretoria); die Suid-Afrikaanse Polisiemuseum en Argief (Pretoria); die Suid-Afrikaanse Weermagargief (Pretoria); die Staatsbiblioteek (Pretoria); die Johannesburgse Openbare Biblioteek; die William Cullen-Biblioteek aan die Universiteit van die Witwatersrand (Johannesburg); die Kaapse Argiefbewaarplek (Kaapstad); die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek (Kaapstad) en die J.S. Gericke-Biblioteek aan die Universiteit van Stellenbosch.

Daarbenewens is *establishment-* en anti-kapitalistiese persorgane as primêre navorsingsmateriaal benut. In hierdie opsig moes 'n aantal navorsingsprobleme verdiskonteer word. Die meeste arbeider- en sosialistiese perspublikasies van die eerste twee dekades van die twintigste eeu, wat in argiewe en biblioteke bewaar gebly het, is onvolledig. Sommige uitgawes of reekse van uitgawes van spesifieke koerante het gedeeltelik of heeltemal verlore geraak. Daarby kon geen toestemming verkry word om die argief van die South African Typographical Union in Pretoria, wie se vakbondtydskrif, die ***South African Typographical Journal***, moontlik waardevolle lig op die geskiedenis van sommige koerante sou kon werp, te besoek nie.

Om die hele Suid-Afrikaanse perspektrum as studieterrein te betrek, is 'n onmoontlike taak vir 'n indiwiduele navorser, selfs binne die perimeters van 'n doktorale studie. Ten einde tot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
'n sinvolle en logiese sintese van so 'n omvangryke onderwerp te kon geraak, moes die terrein van navorsing dus baie duidelik gedefinieer en afgebaken word. Gevolglik is gepoog om 'n seleksie van persorgane as primêre bronnemateriaal toe te pas op so 'n wyse dat dit in alle opsigte aan die eise van histories-wetenskaplike kriteria sal kan voldoen.

Wat die anti-kapitalistiese koerantbronne betref, is daar gepoog om, sover moontlik, alle arbeider- en sosialistiese blaaie wat die politieke en aanverwante ekonomiese uitgangspunte van die vernaamste relevante arbeiderorganisasies in die tydperk 1908 tot 1924 weerspieël het, op te spoor. 'n Hele aantal publikasies, wat ook aan hierdie kriteria sou kon voldoen, het egter buite die bestek van die studie geval. Die volgende bronne in dié verband is intensief bestudeer: ***Voice of Labour***, ***The Worker***, ***The Eastern Record***, ***The Evening Chronicle***, ***The War on War Gazette***, ***The International***, ***The Labour World***, ***The Bolshevik*** en ***The Guardian***. Eksemplare van die volgende stakerblaaie is ook nagevors: ***The Strike Herald***, die ***Strike Special***, ***The News***, ***The Weekly Gazette***, die ***"Herald" Strike Special***, die ***Pretoria Strike Herald*** en ***Transvaal Post***. Dit moet egter beklemtoon word dat die navorsing nie alle mediamateriaal oor alle arbeiderorganisasies, byvoorbeeld vakbondorgane, ingesluit het nie. Van laasgenoemde bronne het nog minder behoue gebly as die genoemde koerante en fokus ook nie noodwendig op dieselfde kwessies as wat in hierdie studie aangeraak is nie. Verder het argiewe en biblioteke nie noodwendig rekord gehou van alle arbeider- en sosialistiese perspublikasies wat moontlik in die tydperk wat hierdie studie dek, kon verskyn het nie.

Ten einde 'n volledige perspektief en ewewigtigheid van die pers as onderwerp van studie te verkry, was dit ook noodsaaklik om 'n ondersoek na die inhoud en sienswyses van die *establishment*- pers in te stel. Die logiese keuse van 'n persorgaan as verteenwoordiger van die kapitalistiese pers was ***The Star***. Die feit dat ***The Star*** die mondstuk van die magtige kapitalistiese, Witwatersrandse goudmynindustrie was, en dat hierdie industrie oor 'n belangrike aandeelhouding in die koerant beskik het, het as motivering vir die keuse gedien. Daarby sou hierdie koerant mettertyd ook regeringstandpunte aangaande die mynbedryf vertolk.

Aangesien die verstedeliking van die Afrikaner eweneens gedurende die tydperk van hierdie studie in swang was, en hierdie groep derhalwe 'n belangrike komponent van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Witwatersrandse werkersklas gevorm het, is besluit om die inhoud van ***Die Burger***, as die eerste Afrikaanstalige dagblad wat die politieke denke van die Nasionaalgesinde Afrikanerwerker weerspieël het, na te vors. ***Ons Vaderland***, 'n Pretoriase koerant wat dieselfde politieke sentimente as ***Die Burger*** geopenbaar het, het wel baie nader aan die hartklop en brandpunt gestaan vanwaar die Suid-Afrikaanse arbeidgeskiedenis gedurende die eerste twee dekades van die 20ste eeu grootliks afgespeel het, maar het slegs half-weekliks verskyn. In soverre dit hierdie studie aanbetref, het die twee Afrikaans- en Hollandstalige koerante saam egter 'n groot rol, weliswaar eers vanaf 1915, in die politieke en ekonomiese mobilisasie van die Nasionaalgesinde Afrikanerwerkersklas vervul. Laastens is spesifieke inligting uit enkele ander relevante koerantbronne, waar nodig, ter aanvulling van die geselekteerde studiemateriaal geraadpleeg.

Voorts moet gemeld word dat die onderwerp van hierdie studie die georganiseerde arbeiderbeweging in die breë behels, aangesien die woorde soos "arbeiderbeweging", "arbeidergeledere", "arbeiderorganisasies", "arbeiderpers", ens., 'n veel wyer betekenis as "Arbeidersparty" impliseer. Laasgenoemde behels 'n spesifieke politieke party, of variante daarvan, soos "Arbeiderkandidaat" of "Arbeiderpers". Eersgenoemde sluit ook in buite-parlementêre politieke partye, organisasies, groepe en persone wat hulleself as werkers beskou en hulle inkomste gewoonlik volgens loonstrukture verdien het, soos vakbonde, sosialiste en kommuniste partye en verenigings, asook onverbonde sosialiste en kommuniste, of "Bolsjewiste", wat hulleself met die begrip "arbeider" geassosieer het.

Oorspronklike Engelse en Hollandse terme en benamings van maatskappye, partye, organisasies, instansies en vakbonde is in die teks gebruik, aangesien vertalings in hierdie verband tot 'n verwringing van die oorspronklike betekenis en historiese konteks kan lei. Omdat die Britse geldstelsel van pond sterling gedurende die onderhorige tydperk in Suid-Afrika van krag was, word in die proefskrif slegs na dié geldeenheid en sy komponente verwys, en wel soos volg: pond (£), sjielings (s) en pennies (d). Een pond (£) = 20s = 240d, terwyl 1s = 12d.

Die perspublikasies wat in hierdie studie nagevors is, kan by die volgende bewaarplekke gevind word: 'n Volledige reeks van die uitgawe van ***The Star*** word op mikrofilm in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Johannesburgse Openbare Biblioteek bewaar. ***Die Burger*** is op mikrofilm in die J.S. Gericke-Biblioteek aan die Universiteit Stellenbosch, terwyl ***Ons Vaderland***, ***The Evening Chronicle*** en ***The Guardian*** op mikrofilm in die Staatsbiblioteek, Pretoria, bewaar word. Onvolledige reekse van ***The Worker*** (slegs van 1913 tot 1914) en ***The Eastern Record*** (1914 - 1915) is op mikrofilm in die Johannesburgse Openbare Biblioteek. 'n Onvolledige stel oorspronklike eksemplare van ***Voice of Labour*** (1909 - 1912) word in die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad bewaar en is ook op mikrofilm in die Johannesburgse Openbare Biblioteek en die J.S. Gericke-Biblioteek te Stellenbosch. ***The War on War Gazette*** is op mikrofilm in die Johannesburgse Openbare Biblioteek. Mikrofilmkopieë van ***The International*** word in dieselfde biblioteek, asook in die J.S. Gericke-Biblioteek te Stellenbosch bewaar. ***The Labour World*** en ***The Bolshevik*** is op mikrofilm in die J.S. Gericke-Biblioteek. Laasgenoemde instansie beskik ook oor 'n mikrofilmkopie van die stakingsuitgawes van ***The Illustrated Star*** van 1913 - 1914.

Onvolledige eksemplare van stakerblaaie soos ***The Strike Herald*** (1913), ***The News*** (1913), ***The Weekly Gazette*** (1914) en ***South African Labour Strikes, 1913 - 1914***, is in die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek te Kaapstad vir navorsers ter insae, terwyl eksemplare van hierdie publikasies, tesame met enkele kopieë van die ***Strike Special*** (1913), die ***"Herald" Strike Special*** (1914), die ***Pretoria Strike Herald*** (1914) en ***Transvaal Post*** (1922) ook in die Strange-Versameling van die Johannesburgse Openbare Biblioteek bewaar word.

W.P. Visser
Stellenbosch
November 2000

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFKORTINGS

ANC	African National Congress
AEU	Amalgamated Engineering Union
ASE	Amalgamated Society of Engineers
CNA	Central News Agency
CS	Archives of the Colonial Secretary of the Transvaal
DI	Department for the Interior
DTI	Department of Trade and Industry
FTU	Federation of Trade Unions
GG	Governor General
GWU	General Workers' Union
ILP	Independent Labour Party
IILP	International Independent Labour Party
ISL	International Socialist League
IWA	Industrial Workers of Africa
IWW	Industrial Workers of the World
JOB	Johannesburgse Openbare Biblioteek
JSS	Jewish Socialist Society
JUS	Department of Justice
KAB	Kaapse Argiefbewaarplek
KGB	J.S. (Kosie) Gericke Biblioteek
KPSA	Kommunistiese Party van Suid-Afrika
LRC	Labour Representation Committee
MPY	Archives of the Registrar of Companies
NLP	Natal Labour Party
NP	Nasionale Party
NURAHS	National Union of Railway and Harbour Services
SAAP	Suid-Afrikaanse Arbeidersparty
SAB	Sentrale Argiefbewaarplek
SAED & FA	South African Engine Drivers' & Firemen's Association
SAIF	South African Industrial Federation

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SAMWU	South African Mine Workers' Union
SANNC	South African Native National Congress
SAP	Suid-Afrikaanse Nasionale Party
SAPM & A	Suid-Afrikaanse Polisiemuseum en Argief
SASF	South African Socialist Federation
SATU	South African Typographical Union
SATUC	South African Trade Union Congress
SAWA	Suid-Afrikaanse Weermagargief
SDF	Social Democratic Federation
SLP	Socialist Labour Party
TAB	Transvaalse Argiefbewaarplek
T & LC's	Trades and Labour Councils
TMA	Transvaal Miners' Association
UG	Union Government
UP	Unioniste Party
USP	United Socialist Party
WCL	William Cullen Library
WT & LC	Witwatersrand Trades and Labour Council
YCL	Young Communist League

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERWYSINGSLYS: BIOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN PERSPERSOONLIKHEDE

	Bladsy
Andrews, W.H.	247 - 248
Berman, A.Z.	298
Boonzaier, D.C.	62 - 63
Boydell, T.	179 - 180
Bunting, S.P.	228 - 230
Crawford, A.	205 - 206
Dormer, F.J.	32
Erasmus, J.	192
Fitzgerald, M.	206 - 207
Gow, J.H.S.	156 - 157
Haggar, C.H.	96 - 97
Horak, F.T.	420 - 421
Jones, D.I.	242 - 244
Malan, D.F.	47 - 48
Mondriaan, W.F.	454 - 455
Oost, H.	67
Reyburn, G.	180
Wybergh, K.E.	102
Wybergh, W.J.	102 – 103

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
VOORWOORD	i
AFKORTINGS	viii
VERWYSINGSLYS: BIOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN PERSPERSOONLIKHEDE	x
HOOFSTUK 1	
DIE ARBEIDERBEWEGING VOOR DIE EERSTE WÊRELDOORLOG	**1**
1.1 Oorsprong van arbeiderorganisasies	1
1.2 Vakbonde en ander regse politieke arbeiderorganisasies	6
1.3 Die sosialiste	15
1.5 Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty	23
HOOFSTUK 2	
***ESTABLISHMENT*-PERSORGANE**	**27**
2.1 *The Star*	31
2.2 *Die Burger*	42
2.3 *Ons Vaderland*	66
HOOFSTUK 3	
PERSORGANE WAT DIE SAAP ONDERSTEUN HET: *THE WORKER*, DIE AMPTELIK MONDSTUK	**86**
3.1 Die totstandkoming van *The Worker*	87
3.2 Oorname deur die SAAP	98
3.3 Die hoogtepunt, agteruitgang en ondergang van *The Worker*	112
3.4 Pogings om die publikasie van *The Worker* te hervat	123

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

ANDER PERSORGANE WAT DIE SAAP GESTEUN HET **132**

4.1 *The Eastern Record* 132

4.2 *The Evening Chronicle* 142

4.3 *The Labour World* 156

4.4 *The Guardian* 178

4.5 The People's Press Limited 189

4.6 Ander Arbeidersimpatieke koerante 198

HOOFSTUK 5

SOSIALISTIESE EN KOMMUNISTIESE PERSORGANE **202**

5.1 *Voice of Labour* 204

5.2 *The War on War Gazette* 225

5.3 *The International* 238

5.4 *The Bolshevik* 297

HOOFSTUK 6

DIE PERS EN DIE POLITIEKE MOBILISASIE VAN DIE ARBEIDERBEWEGING **310**

6.1 Die eerste uniale algemene verkiesing van 1910 311

6.2 Die "Khaki"-verkiesing van 1915 336

6.3 Die skaakmat verkiesing van 1920 347

6.4 Die algemene verkiesing van 1921 361

6.5 Die Pakt en die verkiesing van 1924 373

HOOFSTUK 7

DIE PERS EN DIE EKONOMIESE MOBILISASIE VAN DIE ARBEIDERBEWEGING **395**

7.1 Die mynwerkerstaking van 1913 396

7.2 Die algemene staking van 1914 413

7.3 Die Randse staking van 1922 427

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 8

PERSREAKSIE OP VERWIKKELINGE IN DIE LINKERVLEUEL VAN DIE ARBEIDERBEWEGING **464**

8.1 Die Suid-Afrikaanse sosialiste en die uitbreek van die Russiese Rewolusie 464

8.2 Die Russiese Rewolusie en die posisie van swart werkers 479

8.3 Russiese afgesante en munisipale *sowjets* 483

8.4 Persreaksie op Hertzog se "Bolsjewisme" 490

8.5 Stappe op pad na kommunistiese eenheid 495

8.6 Suid-Afrikaanse kommuniste en Sowjet-Rusland 500

BESLUIT **505**

BRONNE **514**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

DIE ARBEIDERBEWEGING VOOR DIE EERSTE WêRELDOORLOG

Die term "arbeiderbeweging" impliseer 'n wye begrip wat 'n menigte aantal vakbonde, arbeiderorganisasies, politieke partye en groeperinge omsluit. Alhoewel al hierdie liggame die organisering van arbeid in politieke of vakbondstrukture beoog, ten einde arbeid in Suid-Afrika polities en ekonomies te bemagtig, het hulle dit in die algemeen vanuit uiteenlopende politieke en ideologiese vertrekpunte en strategieë benader. Gevolglik het die breë georganiseerde arbeiderbeweging sedert sy aanvang, met die stigting van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty, en selfs daarna, nooit daarin kon slaag om effektief as 'n eenheid te fungeer ten einde die belange van werkers te beskerm en te bevorder nie. Dit maak die omskrywing en uiteensetting van die beweging uiters moeilik en gekompliseerd. In hierdie hoofstuk sal daar dus slegs op die meer prominente en relevante strukture gekonsentreer word ten einde 'n oorsigbeeld van arbeid tot voor die Eerste Wêreldoorlog te skep.

1.1 OORSPRONG VAN ARBEIDERORGANISASIES

Met die ontdekking van diamante in 1867 by Hopetown en goud in 1886 op die Witwatersrand het die ekonomiese swaartepunt van Suid-Afrika na die noorde van die land verskuif. Suid-Afrika het van 'n landbouland na ook 'n mynbouland ontwikkel en die mynbedryf sou die katalisator vir geleidelike industrialisasie en die ontstaan en groei van binnelandse stede, soos Johannesburg, word.[1] Veral met die stigting in Maart 1888 van die De Beers Consolidated Mines-maatskappy deur Cecil Rhodes, wat ook die Consolidated Goldfields-maatskappy in 1886 gestig het, is die diamantbelange gekonsolideer. Die geld en ervaring van die diamantvelde van Kimberley is toe gebruik om die goudvelde van die Witwatersrand mee te ontgin.[2]

---

1 F.A. van Jaarsveld: *Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652 – 1974*, p. 182; E.A. Walker (ed): *The Cambridge History of the British Empire*, Vol. VIII, pp. 537, 802, 808, 811.

2 E.A. Walker (ed): *The Cambridge History of the British Empire*, Vol. VIII, pp. 537, 806; C.W. de Kiewiet: *A History of South Africa: Social & Economic*, p. 118; G.V. Doxey: *The Industrial Colour Bar in South Africa*, pp. 41 – 42.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ontginning van die bogenoemde minerale, veral goud wat van lae ertsdraende gehalte is, het 'n hoogs gemeganiseerde en geïndustrialiseerde tegnologie vereis. Onder meer was ingenieurs, tegnici en wetenskaplikes dus noodsaaklik vir die Suid-Afrikaanse mynbedryf. Aanvanklik was Suid-Afrika nie daartoe in staat om self opgeleide werkers en tegniese deskundiges vir die diamant- en goudmynbedrywe te verskaf nie. Gevolglik is duisende buitelandse tegnici en geskoolde ambagsmanne, wat in mynwese in hulle onderskeie lande bedrewe was, ingevoer, sodat dit oorsese immigrante was wat Suid-Afrikaanse industrieë begin het.[3] In 1894 was byvoorbeeld slegs 33 % van die blanke werknemers van die De Beers-maatskappy in Suid-Afrika gebore,[4] en binne twee jaar nadat die Anglo-Boereoorlog beëindig is, het oor die 114 000 immigrante na Suid-Afrika gestroom.[5]

Die eerste generasie goudmynwerkers was hoofsaaklik afkomstig van Cornwall en uit die noorde van Engeland (van streke soos Northumberland) en in kleiner getalle van Suid-Wallis, Wes-Australië, Kalifornië, die Klondyke, Italië en Griekeland. Daar was ook Portugese, Duitsers, Russiese Jode, Pole, Franse en Hollanders. Die Witwatersrand was dus 'n kosmopolitaanse myngemeenskap waarvan die Britse arbeiders die grootste getal was.[6] In 1896 was daar in Johannesburg alleen sowat 16 265 Britte, 3 335 Russiese Jode, 2 262 Duitsers, 992 Australiërs, 819 Nederlanders, 754 Amerikaners, 402 Franse en ander.[7] Teen Maart 1905 was 85,4 % van die blanke mynwerkers op die Randse goudmyne van Britse afkoms.[8] Ook op die diamantvelde van Kimberley het mynwerkers van Britse afkoms teen 1892 68,6 % van die blanke werknemers van die De Beers-maatskappy verteenwoordig.[9] Katz verklaar dat 'n Britse etos en lewensuitkyk reeds vanaf die ontstaan van die nuwe myngemeenskap op die Witwatersrand so sterk ingesyfer het dat besoekers nouliks kon glo dat die Transvaal sy onafhanklikheid van Brittanje in 1881 herwin het. 'n

---

3 E.A. Walker (ed): *The Cambridge History of the British Empire*, Vol. VIII, p. 807; C.W. de Kiewiet: *A History of South Africa: Social & Economic*, pp. 117, 211; G.V. Doxey: *The Industrial Colour Bar in South Africa*, pp. 41 - 42.

4 E.A. Walker (ed): *The Cambridge History of the British Empire*, Vol. VIII, p. 807.

5 M. Wilson and L. Thompson (eds): *The Oxford History of South Africa*, Vol. II, p. 15.

6 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 2 – 3; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 43; C.W. de Kiewiet: *A History of South Africa: Social & Economic*, pp. 119, 268.

7 F.A. van Jaarsveld: *Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652 – 1974*, p. 185.

8 A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 – 1907, p. 289.

9 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Artikel wat in 1893 in die ***London Mining Journal*** verskyn het, het byvoorbeeld nostalgies na die Witwatersrand en die "*Gold Fields of the British Empire*" verwys.[10]

Die oorheersende Britse karakter van die myne het die gebruike van die Britse werkwinkel en die tradisies van die Britse vakbonde op die Witwatersrand gevestig.[11] Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty is ook hoofsaaklik deur werkers van Britse afkoms gesteun en die party het in die Britse tradisie ontstaan. Daarby was die meeste leiers van die party van Britse afkoms.[12]

Hierdie oorheersend Engelssprekende blanke arbeidsmag is na afloop van die Anglo-Boere-oorlog (1899 – 1902) aangevul deur gedemobiliseerde soldate van die Britse leër, Australië, Nieu-Seeland en Kanada. Die soldate het nuwe idees ten opsigte van arbeider- en sosialistiese organisasie uit hierdie lande gebring. Veral in Australië was die vakbond- en arbeiderpolitiek in daardie stadium verder ontwikkeld as in Brittanje. Amerikaanse mynwerkers het 'n Amerikaanse variasie van industriële vakbondwese en sindikalisme die land ingebring. Gevolglik was die meeste strominge van sosialistiese denke en arbeiderpolitiek van die Engelssprekende wêreld in die blanke Suid-Afrikaanse arbeidsmag verteenwoordig. Verder het immigrante van die Europese kontinent, soos Italianers, Duitsers en Jode (laasgenoemde veral van Litaue, Letland en Pole), in hulle geledere sosialiste met hulle eie besondere organisasiestrukture ingesluit, maar hulle idees is opgeneem deur die oorheersend Engelssprekende arbeidsmag.[13] Sosialisme is dus hoofsaaklik vanuit Europa na Suid-Afrika ingevoer.[14] Die groei van die Suid-Afrikaanse arbeiderbeweging is

---

[10] E.N. Katz: *The White Death: Silicosis on the Witwatersrand Gold Mines 1886 – 1910*, p. 63. Kyk ook E.N. Katz: The White Death: Silicosis (Miners' Phthisis) on the Witwatersrand Gold Mines 1886 – 1910 (D. Phil Proefskrif), pp. 317 – 318 en P.H. Emden: *Randlords*, p. 110.

[11] C.W. de Kiewiet: *A History of South Africa: Social & Economic*, pp. 211 – 212; A. Hepple: *South Africa: A Political and Economic History*, p. 223; M. Horrell: *South African Trade Unionism: A Study of a Divided Working Class*, p. 1; E.S. Sachs: *The Choice before South Africa*, p. 139.

[12] E.S. Sachs: *The Choice before South Africa*, p. 47.

[13] S.W. Johns: *Raising the Red Flag: The International Socialist League and the Communist Party of South Africa, 1914 – 1932*, pp. 25 – 26, 90. Kyk ook E.A. Mantzaris: Radical Community: The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 – 1920 (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, pp. 160, 163, 165); G. Shimoni: *Jews and Zionism: The South African Experience (1910 – 1967)*, pp. 87, 88.

[14] E. Roux: *Time Longer than Rope*, p. 122. Kyk ook W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar t.o.v. Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 83 – 84 i.v.m. definisies oor die vakbondwese, sosialisme en sindikalisme.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
beslis deur die ruim plaaslike sirkulasie van Britse arbeider- en sosialistiese literatuur en deur besoeke van prominente Britse, Australiese en Nieu-Seelandse simpatiseerders aan Suid-Afrika verhaas.[15]

Met inagneming van die feit dat die genoemde Britse karakter die arbeidsopset op die Witwatersrand oorheers het, moet daar ook gemeld word dat Australiërs en in 'n mindere mate Nieu-Seelanders, veral ná die Anglo-Boereoorlog, 'n baie prominente rol gespeel het in, en invloed uitgeoefen het op die Suid-Afrikaanse arbeiderbeweging.[16] Trouens, byna al die vroeëre vakbondleiers in Suid-Afrika was van Britse of Australiese afkoms. Opsommenderwys kan gesê word dat die ontdekking van diamante in Kimberley en goud in die Transvaal, die vakbondwese in Suid-Afrika moontlik en selfs onvermydelik gemaak het.[17]

Laastens moet ook vermeld word dat Afrikanerarbeiders, as 'n komponent van die blanke arbeidsmag, reeds vroeg na die ontstaan van die goudmynindustrie die getalle van die oorsese mynwerkers begin aanvul het. As gevolg van onder andere ekonomiese en landbouterugslae en die verwoesting van die Anglo-Boereoorlog, wat baie Afrikanerboere geruïneer het, het groot getalle Afrikaners na die Witwatersrand verhuis op soek na ekonomiese oorlewing. Daar het hulle die geledere van verarmde blankes aangevul.[18]

Afrikaners het baie vroeër tot die mynbedryf toegetree as wat sekere bronne wil voorgee en nie eers as gevolg van die mynstaking van Mei 1907 as staakbrekers in die plek van afgedankte immigrante-stakers nie. Die historikus Elaine Katz voer met gefundeerde argumentasie aan dat dit 'n wanpersepsie is. Haar ontleding van die samestelling van die destydse myngemeenskap dui daarop dat Afrikaners aan die begin van 1907 alreeds 17 % van die totale blanke arbeidsmag op die Randse goudmyne, en ongeveer 33 % van die geskoolde ondergrondse mynwerkers verteenwoordig het. Volgens haar was verskeie faktore,

---

15 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 10.

16 *Ibid.*, pp. 5, 9; A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 – 1907, pp. 231 – 232; V.H. Osborn: A Critical Survey of Trade Unionism in South Africa, p. 4.

17 W.H. Andrews: *Class Struggles in South Africa*, p. 12.

18 E.L.P. Stals (red.): *Afrikaners in die Goudstad, Deel I, 1886 – 1924*, pp. 33 – 41, 72 – 74; S. Pauw: *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*, p. 191. Kyk ook C. van Onselen: *Studies in the Social and*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
waaronder die volgende, vir hierdie vroeër toetrede van Afrikaners tot die mynbedryf verantwoordelik: Spesialisering van arbeid, soos dinamietskietwerk, het dit vir ongeskoolde Afrikanerwerkers makliker gemaak om deur eie inisiatief daarvoor opgelei te word en om skietsertifikate te bekom. Deur die inisiëring van F.H.P. Creswell, 'n mynbestuurder, is ongeskoolde blanke arbeideksperimente tussen 1902 en 1904 geloods om ongeskoolde blanke arbeiders in die plek van ongeskoolde swartes aan te stel, onder andere omdat daar ná die Anglo-Boereoorlog 'n tekort aan swart arbeid op die myne was. 'n Groeiende tekort het ook aan professionele oorsese mynwerkers veral vanaf 1904 ontstaan, toe die goudmynindustrie vinnig begin uitbrei het na 'n aanvanklike stagnasieperiode ná afloop van die Anglo-Boereoorlog. Daarby het die verwoestende impak van myntering 'n groot rol gespeel. Baie van die pionier immigrantemynwerkers het slagoffers van hierdie siekte geword. Gevolglik het Afrikanerwerkers al hoe meer die vakante poste begin vul omdat nuwe potensiële oorsese mynwerkers afgeskrik begin raak het deur die berugte mynteringreputasie van die Witwatersrandse goudmyne.[19]

Die eerste tekens van sosialistiese- en arbeiderorganisasies in Suid-Afrika het in die laaste dekades van die neëntiende eeu, vóór die Anglo-Boereoorlog, in Transvaal sigbaar geword.[20] Die eerste vakbonde en politieke vleuels van die arbeiderbeweging in Suid-Afrika was geskoei op die lees van soortgelyke bewegings in Brittanje deur immigrante arbeiders wat van 1880 af die land binnegekom het. Sommige van hierdie eerste vakbonde was takke van oorsese moederorganisasies.[21] Vóór die Anglo-Boereoorlog het vakbonde nie op 'n groot skaal voorgekom nie en was die werkers dus nog betreklik ongeorganiseerd.

Economic History of the Witwatersrand 1886 – 1914, Vol. I New Babylon, pp. 20, 22, 36 en *Ibid.*, *Vol. II New Nineveh*, pp. 117 – 161.

[19] E. Katz: *The White Death: Silicosis on the Witwatersrand Gold Mines 1886 – 1910*, pp. 112, 205; E. Katz: Miners by Default. Afrikaners and the Gold Mining Industry before Union (*The South African Journal of Economic History*, Vol. 6, No. 1, March 1991, pp. 61 – 80); E. Katz: The Underground Route to Mining: Afrikaners and the Witwatersrand Gold Mining Industry from 1902 to the 1907 Miners' Strike (*The Journal of African History*, Vol. 36, No. 3, 1995, pp. 467 – 489). Vgl. ook Katz se bevindinge oor die toetrede van Afrikanermynwerkers tot die goudmynbedryf met dié van E.L.P. Stals (red.): *Afrikaners in die Goudstad, Deel 1, 1886 – 1924*, pp. 82 – 85, S. Pauw: *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*, pp. 191, 193, 200 – 202 en C. van Onselen: *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand 1886 – 1914, Vol. I New Babylon*, p. 36; *Ibid.*, *Vol. II New Nineveh*, pp. 138 – 144, 152.

[20] S.W. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 24.

[21] E. Roux: *Time Longer than Rope*, p. 122; A. Hepple: *South Africa: A Political and Economic History*, p. 222; V.H. Osborn: A Critical Survey of Trade Unionism in South Africa, p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Die meerderheid van die uitlanders was nie klassebewus nie en het, in plaas van vakbondbedrywighede, eerder in geld belanggestel en die politiek laat links lê.[22]

Volgens M.A. du Toit was die groei van die vakbondwese in Suid-Afrika aanvanklik ook beperk weens die feit dat die Suid-Afrikaanse werker nie vatbaar was vir die meer militante idees wat deur sommige oorsese vakbondleiers gepropageer is nie, asook vanweë die stadige nywerheidsontwikkeling en ekonomiese groei in die land.[23] Daarby het die meerderheid vakbondlede afkering teenoor die sosialisme gestaan.[24]

Gevolglik sal die ontstaan van enkele vakbonde en politieke arbeider- en sosialistiese organisasies, wat in die lig van hierdie studie relevant is, vervolgens bespreek word.

1.2 VAKBONDE EN ANDER REGSE POLITIEKE ARBEIDERORGANISASIES

Een van die oudste vakbonde in Suid-Afrika was dié een vir drukkers wat reeds teen 1881 – 82 in Kaapstad bestaan het. In die daaropvolgende tagtigerjare van die 19de eeu is soortgelyke vakbonde in stedelike sentra elders in die land gestig. Dit het uiteindelik uitgeloop op die stigting van die South African Typographical Union (SATU) in 1898 – 'n nasionale, oorkoepelende vakbond vir alle (blanke) drukkers in die land.[25]

Volgens Osborn is die SATU destyds as die effektiefste en bes georganiseerde vakbond in Suid-Afrika beskou en was dit ook die eerste vakbond wat saam met werkgewers in 1920 'n Industriële Raad daargestel het.[26] 'n Sosialistiese persorgaan soos ***Voice of Labour*** het egter daarop gewys dat hierdie vakbond sterk ten gunste van die handhawing van die kleurgrens in die arbeidsterrein was.[27]

---

22 V.H. Osborn: A Critical Survey of Trade Unionism in South Africa, p. 3; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 1, 36.

23 M.A. du Toit: Vakbondontwikkeling en –beleid in Suid-Afrika, p. 104.

24 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 6.

25 A.J. Downes: *Printers' Saga*, pp. 2 – 3, 19a – 21, 43; L.J. Picton: Nicprint – 50, pp. 163 – 165; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, pp. 14 – 15; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 21; W.H. Andrews: *Class Struggles in South Africa*, pp. 13, 40; *The Star*, 07.10.1936, p. 24 (Typo' Union and its work).

26 V.H. Osborn: A Critical Survey of Trade Unionism in South Africa, p. 4.

27 Vgl. *Voice of Labour*, 25.12.1909, p. 1 (Typo Union and Colour).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Takke van die Britse vakbond Amalgamated Society of Engineers (ASE), later die Amalgamated Engineering Union (AEU) genoem, is tussen 1866 en 1893 in Kaapstad, Durban, Kimberley en Johannesburg gestig met W.H. Andrews as een van die prominentste stigtersfigure. In 1905 is Andrews dan ook as die amptelike Suid-Afrikaanse organiseerder van die ASE aangestel en sou nog later 'n belangrike arbeiderleier word.[28] Cope verklaar dat die Johannesburgse tak van die ASE die pioniersvakbond vir die ingenieursbedryf op die Rand was.[29] Uit lesersbriewe aan die pers blyk dit dat ook die ASE die kleurgrens gehandhaaf het.[30]

Die primêre liggame wat die verskeie arbeiderorganisasies saamgebind het, was die Trades and Labour Councils (T & LC's) wat in Kaapstad (1902), Johannesburg (1902), Pretoria (1903), Kimberley, Durban (1892) en ander belangrike sentra gestig is. Hierdie liggame se werksaamhede het nie slegs rondom vakbondprobleme gesentreer nie. Dit het ook aktief in nywerheidswetgewing en alle aangeleenthede rakende werkers, hetsy in die koloniale wetgewende rade of in dorpsrade, belanggestel. Verder het dit die weg vir die nog te stigte Federation of Trades gebaan en 'n leeue-aandeel aan die uiteindelike stigting van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty gehad.[31]

Teen die einde van November 1892 het vakbonde in Durban, ten einde hulle belange beter te beskerm, hulle kragte saamgesnoer deur die stigting van 'n plaaslike Trades Council. Die Trades Council was van mening dat sy belange die beste behartig sou kon word indien hy sy invloed in die politiek kon laat geld.[32] Teen die einde van 1901 het die Durbanse Trades Council daarop aanspraak gemaak dat hy al die plaaslike vakbonde verteenwoordig het.[33]

---

[28] E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 20 – 21; M. Horrell: *South African Trade Unionism: A Study of a Divided Working Class*, p. 1; W.H. Andrews: *Class Struggles in South Africa*, p. 13; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 77.

[29] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 28.

[30] Vgl. (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, pp. 185 – 186: Koerantknipsel (Trade Unionist Methods).

[31] E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, p. 12; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 25.

[32] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 107 – 108.

[33] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 355.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1902 is die Johannesburgse Trades and Labour Council gestig wat spoedig as die Witwatersrand Trades and Labour Council (WT & LC) bekend gestaan het.[34] Van al die Trades and Labour Councils in die land was hierdie die invloedrykste. Dit was die leidende politieke en industriële arbeiderorganisasie in Suid-Afrika ná die Anglo-Boereoorlog en was die politieke beliggaming van en dryfkrag agter georganiseerde blanke arbeid op die Rand tot die stigting van die Independent Labour Party en die Labour Representation Committee in 1906 en totdat sy politieke funksies deur die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty (in 1910) oorgeneem is.[35] Trouens, Hepple beweer dat die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty eintlik uit die WT & LC gebore is.[36] Reeds in November 1903 het die WT & LC homself as die "Arbeidersparty" beskou[37] en het dit ook as sodanig in die omgang bekend gestaan.[38] Teen 1904 het persorgane soos ***The Star*** ook na die WT & LC as die *"infant Labour Party of the Transvaal"* verwys.[39] Aangesien die WT & LC, as verteenwoordiger van die blanke arbeiders, gepoog het om industriële voorregte vir hulle te verkry, het dit noodwendig beteken dat die organisasie die indringing van nie-blanke arbeid in geskoolde (blanke) ambagte waar moontlik sou teëstaan.[40] ***Voice of Labour*** het dan ook hierdie anti-nie-blanke houding van die WT & LC aangeval.[41]

Teen 1902 het 'n Kaapstadse Trades and Labour Council op dreef gekom. Soos op die Rand, was die plaaslike T & LC die groot kampvegter vir die opkoms van 'n Arbeidersparty in Kaapstad. Dit het egter nie dieselfde hulpbronne of invloed as die WT & LC gehad nie. Die groot probleem met sy organisasie was dat daar nie geesdrif vir die vakbonde was nie en dat daar gevolglik seker net soveel werkers buite die vakbonde was as daarbinne.[42] In

---

34 W.H. Andrews: *Class Struggles in South Africa*, p. 16; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 65 – 66; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 47.

35 R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 66, 111; A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 – 1907, p. 239; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 25, 117.

36 A. Hepple: *South Africa: A Political and Economic History*, p. 63.

37 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 117.

38 H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 98.

39 A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 – 1907, p. 242.

40 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 60.

41 *Voice of Labour*, 08.04.1910, p. 162 (Hoofartikel).

42 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 313; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 135.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
1903 het die Kaapstadse T & LC 'n politieke organisasie – die Cape Town Political League – gestig om aan die parlementêre verkiesing van daardie jaar deel te neem.[43] Tesame met die Labour Representation Committee en ander arbeiderorganisasies het die Kaapstadse T & LC in 1908 op 'n program van aksie vir die Cape Labour Party besluit. Alhoewel die pers ook na hierdie plaaslike politieke arbeiderbeweging as die Cape Labour Party begin verwys het, het die Trades and Labour Council sy oorspronklike taak as koördinerende vakbondorganisasie behou.[44]

Teen die middel van 1903 is die Pretoria Trades and Labour Council gestig en teen Augustus van daardie jaar het dit op die lidmaatskap van sewe vakbonde, verteenwoordigend van om en by 2 000 vakmanne, aanspraak gemaak.[45] In 1903 het vakbonde in Bloemfontein ook dáár 'n kortstondige T & LC gestig.[46] In 1904 is 'n T & LC in Oos-Londen en in Kimberley gestig. Laasgenoemde het egter misluk en in Februarie 1905 het verteenwoordigers van al die plaaslike vakbonde 'n nuwe Trades Council dáár gestig.[47] 'n T & LC is in 1905 in Port Elizabeth gestig waarby die vakbonde van drukkers, skrynwerkers, ingenieurs en ketelmakers aanvanklik geaffilieer het.[48]

Die Transvaal Miners' Association (TMA) is in 1902 in Johannesburg met A.J. Strong as voorsitter en W. Mather as algemene sekretaris gestig.[49] Die meerderheid van die lede van die TMA was van Britse afkoms, veral uit Cornwall, Durham en Northumberland en ander uit die Kaapkolonie, Natal en Australië. Dan was daar ook ongeveer 500 Italiaanse, Duitse en Griekse werkers en 'n paar Afrikaners, van wie die meeste half-geskoolde arbeiders

---

43 F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 135 – 136. Kyk ook D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 315.

44 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 334 – 335.

45 *Ibid.*, p. 119.

46 *Ibid.*, p. 351.

47 (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, pp. 70 – 71: *The Worker*, 30.01.1909, g.p. (J.F. Trembath: Labour in Kimberley); I.L. Walker & B. Weinbren: *2000 Casualties*, p. 18; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 100.

48 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 340, 343.

49 F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 40; A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 – 1907, p. 238.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was.[50] Ná die algemene staking van 1913 is die TMA herdoop tot die South African Mine Workers' Union (SAMWU).[51] Uit verskeie koerantberigte blyk dit dat die SAMWU die kleurslagboom op die myne gehandhaaf het en hom dus ten doel gestel het om die belange van blanke mynwerkers te beskerm. Die vakbond het geprotesteer teen enige moontlike pogings om hierdie grens afgeskaf te kry, aangesien dit dalk tot werkloosheid onder blanke mynwerkers sou kon lei.[52]

In 1905 is die General Workers' Union (GWU) onder leiding van W.H. Harrison, J.L. Page en ene Griffiths in Kaapstad gestig. Dit was die eerste van 'n aantal soortgelyke organisasies wat gepoog het om alle werkers wat nie lede van bestaande vakbonde was nie in een sambreelvakbond te konsolideer.[53] Teen die einde van 1907 is 'n GWU in Johannesburg onder leiding van A. Crawford en W.C. Salter gestig met aanvanklik die ***Voice of Labour*** as sy amptelike mondstuk.[54] Die stigting van die Johannesburgse GWU was die konkrete gevolg van 'n agitasie oor werkloosheid. Die vakbond het hom ten doel gestel om al die werkers wat nog nie lede van bestaande vakbonde was nie, te organiseer.[55] Deurdat die GWU ook gepoog het om werkers van reeds bestaande vakbonde af te rokkel, het dit baie vyandskap veroorsaak en so sy eie einde verhaas. Die GWU het ook Werkersdagfeesvierings geboikot en geweier om óf by die WT & LC, óf by die Labour Representation Committee te affilieer.[56] In 1908 is die Kimberley-tak van die Transvaalse

---

50 F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 40; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, pp. 65 – 67; R.K. Cope;: *Comrade Bill*, p. 89; A. Hepple: *South Africa: A Political and Economic History*, p. 223; I.L. Walker & B. Weinbren: *2000 Casualties*, p. 22.

51 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 594 en 279, voetnoot 58; I.L. Walker & B. Weinbren: *2000 Casualties*, pp. 41 – 42.

52 *De Burger*, 04.11.1918, p. 3 (Blanke vs. Gekleurd); *Ibid.*, 28.08.1919, p. 4 (Koerantberig); *Ibid.*, 15.10.1920, p. 5 (Kommissie Insake Werkeloosheid).

53 W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, p. 2; (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. III, p. 20: Koerantknipsel (Labour Interests); *Ibid.*, Vol. III, p. 21: Koerantknipsel (Degrading Conditions of Labour); *Ibid.*, Vol. I, p. 536: Koerantknipsel (*"Democrat"*: Words for Workmen).

54 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 298; *Voice of Labour*, 25.02.1910, p. 90 (Tom Mann). I.v.m. *Voice of Labour*, kyk ook hfst. 5, pp. 204 - 225.

55 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 287; A. Crawford: The Class War in South Africa (*International Socialist Review*, Vol. 12, no. 2, August 1911, p. 80); *Voice of Labour*, 06.05.1910, p. 211 (Hoofartikel).

56 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 287; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 298; *Voice of Labour*, 06.05.1910, p. 211 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

GWU gestig.[57] As gevolg van sy aktivistiese, pro-arbeider ingesteldheid is die stigting van die Kimberley-tak ook skerp deur die plaaslike kapitalistiese pers gekritiseer.[58]

Met die stigting van die GWU is daar blykbaar uiteindelik 'n nasionale Arbeidersparty in die vooruitsig gestel. Crawford het dan ook in 'n toespraak verklaar dat die GWU "*...was a closer union movement applied to labour*".[59] In 1908 is 'n GWU-tak te Bloemfontein gestig. Daaruit het die Orange River Colony Labour Party, wat in die begin van 1909 gestig is, voortgevloei.[60]

Met die oog op die naderende verkiesing ten einde verantwoordelike bestuur in die Transvaal in 1907 in te stel en aangesien die Transvaalse Independent Labour Party nie alle werkers in 'n politieke party saamgesnoer het nie, het die georganiseerde arbeiderliggame op die Rand besef dat daar 'n dringende behoefte bestaan het dat 'n liggaam gestig word om te bepaal wie die kandidate in die onderskeie kiesafdelings sou wees en ook om die hele arbeiderveldtog te koördineer. Gevolglik het verteenwoordigers van verskeie arbeiderorganisasies op 9 Desember 1906 vergader en die Transvaalse Labour Representation Committee (LRC) gestig.[61] W.H. Andrews was die eerste voorsitter, W.W. Lorimer die sekretaris, G. Weinstock die tesourier en T. Matthews een van die onder-voorsitters.[62]

Die LRC was 'n federale liggaam, bestaande uit afgevaardigdes van geaffilieerde organisasies in verhouding tot individuele lidmaatskap. Dit moes slegs die kandidate vir munisipale en parlementêre verkiesings, wat deur geaffilieerde vakbonde, sosialistiese

---

57 (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 71: *The Worker*, 30.01.1909, g.p. (J.F. Trembath: Labour in Kimberley); *Ibid.*, Vol. I, p. 104 (Koerantknipsel: Interests of Labour and Capitalism Identical?).

58 (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 199: *The Kimberley Star*, 23.01.1909, g.p. (Hoofartikel).

59 (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 179: *Diamond Fields Advertiser*, 27.10.1908, g.p. (The Cause of Labour).

60 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 353.

61 F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 64 – 65; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 25, 237; A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 – 1907, pp. 245, 369; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 82; *Voice of Labour*, 04.09.1909, pp. 8 – 9 (Hoofartikel). I.v.m. die I.L.P. kyk ook pp. 18 – 19.

62 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 237 – 238; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 82.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

organisasies en arbeiderorganisasies benoem is, bekragtig (dus nie self hulle aanwys nie) en kiesafdelings aan hulle toewys. Dit moes ook sodanige kandidate se veldtogte om tot regeringsliggame verkies te word, bevorder en finansieel ondersteun. Die LRC het dus nie self as 'n politieke party gefunksioneer nie,[63] maar het op die vooraand van die verkiesing inderdaad daarin geslaag om 'n verenigde politieke front vir al die verdeelde elemente van die vakbond- en sosialistiese bewegings te skep.[64] Van 1906 af was die Transvaalse LRC die belangrikste politieke arbeiderorganisasie op die Rand totdat dit later in die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty geabsorbeer is en daarna die Witwatersrandse Distrikskomitee van daardie party genoem is. Die Pretoriase LRC is ook in 1910 deur die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty geabsorbeer.[65]

Dit blyk dat vakbondinvloede die LRC, veral ná die 1907-verkiesing, gedomineer het en dié organisasie is daarvoor deur die sosialiste gekritiseer.[66] ***Voice of Labour*** het hierdie kritiek beaam deur te verklaar dat die LRC 'n gevaarlike beleid nagevolg het deur hom met 'n "seksionele beweging" binne die groter arbeiderbeweging te assosieer.[67]

In 1907 het die Kaapstadse Trades en Labour Council ook dáár 'n LRC gestig. G.H. Parkhouse, die voorsitter, was die leidende figuur.[68] In Augustus 1906 het al die vakbonde en sosialistiese verenigings in Natal saamgespan en die Natalse LRC gestig met die doel om deur verenigde optrede alle werkers se steun te verkry ten einde hulle eie kandidate in Natalse verkiesings te verkies.[69]

---

63 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 238; A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 – 1907, p 369; D. Humphriss en D.G. Thomas: *Benoni: Seun van my Smart*, p. 158; *Voice of Labour*, 21.08.1909, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 06.11.1909, p. 6 (Hoofartikel); *Ibid.*, 18.12.1909, p. 5 (Bluff and Impudence!); *The Star*, 17.12.1909, p. 11 (Next Year's Elections); *Ibid.*, 09.08.1910, p. 6 ("*Filius Populi*": The Labour Split).

64 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 241.

65 *Ibid.*, pp. 273, 277; *Voice of Labour*, 18.12.1909, p. 5 (Bluff and Impudence!); *The Star*, 22.11.1909, p. 11 (The Labour Party).

66 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 274; *Voice of Labour*, 21.08.1909, p. 7 (R. Petrinovich: The Labour Representation Committee's Muddle).

67 *Voice of Labour*, 21.08.1909, p. 8 (Hoofartikel).

68 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 333.

69 F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 118.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Georganiseerde arbeid in Natal was, anders as in die geval van die Kaapkolonie en die Oranjerivierkolonie, inderdaad 'n aansienlike politieke faktor. Gevolglik was die stigting van die Natal Labour Party (NLP) ook 'n betekenisvolle vordering op die pad van die Natalse arbeiderbeweging. Die NLP is op 1 April 1907 tydens 'n konferensie in Pietermaritzburg gestig. Ten minste twaalf arbeider- en sosialistiese organisasies, verteenwoordigend van drie- tot vierduisend werkers, het die konferensie bygewoon. Lidmaatskap daarvan moes deur middel van 'n geaffilieerde liggaam verkry word. Dié party is sterk deur die vakbondwese beïnvloed, aangesien al die Natalse vakbonde, behalwe die Amalgamated Society of Carpenters and Joiners, teen die einde van 1908 daarby geaffilieer was. Selfs die sosialiste, alhoewel hulle nie sosialistiese doelstellings tot die konstitusie bygevoeg kon kry nie, het die NLP aanvaarbaar gevind. Die party se belangrikheid spruit uit die feit dat hy die beweging wat tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty gelei het, geïnisieer het.[70] Die NLP was aanvanklik anti-nie-blank, maar as gevolg van die beïnvloeding van Keir Hardie, die Britse arbeider- en sosialistiese leier wat Natal in Februarie 1908 besoek het, het die party sy houding verander ten gunste van gekleurde arbeid.[71]

Ook vanuit Afrikanergeledere is werkers gemobiliseer. Op 12 Oktober 1909 is die stigtingsvergadering van 'n vakbond vir Afrikanerwerkers, genaamd Arbeid Adelt, in die Empire Saal in Pretoria deur ongeveer 300 werkers bygewoon. J.J. Naudé is tot voorsitter verkies. Aan die begin van 1910 is die vakbond na Johannesburg uitgebrei waar die hoofkantoor in Vrededorp opgerig is. Naudé het die stigting van Arbeid Adelt geregverdig deur te beweer dat die Engelse "*Arbeidsparty*" (die Trades and Labour Council) hoofsaaklik vir geskoolde arbeiders voorsiening gemaak het. Daarteenoor was die Afrikanerwerkers halfgeskool. Daarom was daar 'n behoefte aan 'n organisasie wat ook na hulle belange sou kon omsien. Arbeid Adelt sou die belange van blanke arbeid bevorder en sou poog om die regering se steun in hierdie opsig te verkry. Daar is egter duidelik verklaar dat dit geen politieke beweging was nie. Arbeid Adelt sou ook die beginsels van die T & LC steun en tydens verkiesings met laasgenoemde saamwerk.[72]

---

[70] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 355, 369 – 375.

[71] *Ibid.*, pp. 376, 379 – 387.

[72] E.L.P. Stals (red.): *Afrikaners in die Goudstad, Deel I, 1886 – 1924*, p. 80; *The Star*, 18.09.1909, p. 9 (Het Volk); *Ibid.*, 06.10.1909, p. 9 ("*Het Volk*" Activity); *Ibid.*, 13.10.1909, p. 10 ("*Arbeid Adelt*"); *Ibid.*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die taalmedium van Arbeid Adelt was Hollands (Afrikaans), lidmaatskap was oop vir blanke werknemers en werkgewers en volgens ***The Star*** moes alle lede die beleid van die politieke party Het Volk onderskryf.[73] ***Voice of Labour*** was dieselfde mening as ***The Star*** oor Arbeid Adelt toegedaan.[74] Uit die beskikbare gegewens is dit nie duidelik of daar 'n amptelike verbintenis tussen Het Volk en Arbeid Adelt was nie en dat ***The Star*** en ***Voice of Labour*** se bewerings dus die waarheid was nie.[75] Volgens Stals kan hoogstens met sekerheid gesê word dat die Het Volk-party en Arbeid Adelt mekaar simpatiekgesind was, veral omdat albei organisasies hulle op die Afrikaner toegespits het. Teen Maart 1910 het die meeste lede egter alreeds uit Arbeid Adelt bedank aangesien hulle tot die slotsom gekom het dat dit hulle beter sou betaal om maar self werk te probeer vind. Stals verklaar wel dat baie Afrikaners groot verwagtings van die organisasie gekoester het, maar spoedig het die algemene gevoel onder hulle posgevat dat Arbeid Adelt slegs 'n propaganda-arm van die Het Volk-party was.[76]

Op aanbeveling van die Britse sosialistiese arbeider Tom Mann, wat Suid-Afrika in 1910 besoek het, is die Transvaal Federation of Trades in April 1911 onder leiding van W.H. Andrews, T. Matthews en ander vakbondleiers met die steun van die WT & LC gestig. Die Federasie het uit geaffilieerde vakbonde bestaan en het as 'n soort koördinerende vakbondraad vir laasgenoemde gedien in arbeidsdispute met werkgewers en om vir die regte van werkers in die werksituasie te beding. Omdat alle vakbonde ook nie by hierdie liggaam wou affilieer nie, is die solidariteit van blanke arbeid in die Transvaal, net soos in die geval van die Trades and Labour Councils en die Labour Representation Committees, weereens verswak. Nogtans sou die Federasie 'n belangrike mobiliseringsinvloed op vakbonde uitoefen, soos byvoorbeeld in die mynwerkerstaking van

---

06.12.1909, p. 9 (Dutch Labour Society); *Ibid.*, 07.12.1909, p. 9 (Arbeid Adelt); *Ibid.*, 10.01.1910, p. 7 (Dutch Labour Society); *Ibid.*, 01.02.1910, p. 8 (Arbeid Adelt); C. van Onselen: *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand 1886 – 1914, Vol. II, New Nineveh*, pp. 155 – 156.

[73] *The Star*, 14.09.1909, p. 9 (Het Volk); *Ibid.*, 15.09.1909, p. 9 (Het Volk Active); *Ibid.*, 22.02.1910, p. 11 (White Labour); *Ibid.*, 31.03.1910, p. 11 ("*Arbeid Adelt*").

[74] *Voice of Labour*, 25.09.1909, p. 1 ("*Sojourner*": Pretoria Notes).

[75] Kyk bv. *The Star*, 14.09.1909, p. 9 (Het Volk); *Ibid.*, 15.09.1909, p. 9 (Het Volk Active); *Ibid.*, 12.10.1909, p. 7 ("*Arbeid Adelt*"); *Ibid.*, 13.10.1909, p. 10 ("*Arbeid Adelt*"); *Ibid.*, 09.02.1910, p. 9 ("*Arbeid Adelt*"); *Ibid.*, 23.02.1910, p. 9 (Position at Pretoria).

[76] E.L.P. Stals (red.): *Afrikaners in die Goudstad, Deel I, 1886 – 1924*, p. 80; C. van Onselen: *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand 1886 – 1914, Vol. II, New Nineveh*, p. 156.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1913 en die algemene staking van 1914.[77] Die Transvaal Federation of Trades was die voorloper van die South African Industrial Federation (SAIF) wat in 1914 gestig is en wat weer in die Randse mynwerkerstaking van 1922 prominent sou wees.[78]

1.3 DIE SOSIALISTE

Soos in die geval van die regse arbeiderbedeling het ook die sosialistiese bewegings in Suid-Afrika as 'n verbrokkelde spektrum van klubs, groepe, partye, verenigings, ensovoorts, daar uitgesien. Verskeie sosialistiese organisasies het na die Anglo-Boereoorlog ontstaan wat elkeen sy eie ideologiese variasie van sosialisme aan die blanke werkersklas voorgehou het, maar wat vanweë hulle radikale, ekstremistiese beleidsrigtings meestal op die periferie van die breë blanke arbeiderbeweging gefungeer het.

Die na-oorlogse sosialistiese beweging in die Transvaal het met die stigting van die Socialist Labour Party (SLP) op 'n vergadering van 300 persone, gehou op 19 Desember 1903 in Johannesburg, weer lewe begin toon.[79] John (Jock) Campbell, 'n Ier van Clydeside in Engeland,[80] was die leier van die party.[81] Hy was na bewering die eerste sosialis wat propaganda vir sosialisme onder die swart werkers gemaak het,[82] maar volgens Roux het slegs blanke werkers sy vergaderings bygewoon.[83] Die party het hom onder meer ten doel gestel om te agiteer vir verantwoordelike bestuur – na bewering was die SLP die eerste politieke organisasie in Suid-Afrika wat daarop aangedring het – en 'n koöperatiewe gemenebes in die Transvaal om die werkers op te voed vir die sosialistiese beginsel dat privaatbesit van produksiemiddele afgeskaf moes word. Voorts het die party hom ook vir

---

77 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 4, 256 – 263, 290, 457, 469; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 111; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, p. 12; T.R.H. Davenport: *South Africa: A Modern History*, p. 268.

78 A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking 1922*, p. 75; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 187; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 300. Kyk ook E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, p. 119.

79 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 182.

80 E. & W. Roux: *Rebel Pity: The Life of Eddie Roux*, p. 7.

81 I.L. Walker & B. Weinbren: *2000 Casualties*, p. 319.

82 R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 98.

83 E. Roux: *Time Longer than Rope*, p. 129.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
die daarstelling van sosialistiese parlementêre kandidate beywer.[84] H.J. en R.E. Simons en Lerumo, wie se interpretasies waarskynlik meer korrek is, verklaar egter dat die SLP verkiesings die rug toegekeer het en alle vorm van parlementêre politieke aktiwiteite afgekeur het.[85]

Die SLP se aktiwiteite het behels: die propagering van sosialisme en die verspreiding van Britse arbeiderkoerante, Marxistiese boeke en pamflette van die Duitse sosialis Karl Kautsky, dié van Friedrich Engels, Eugene V. Debs en Daniel de Leon – laasgenoemde 'n lid van die Amerikaanse Socialist Labour Party, asook ander rewolusionêre geskrifte.[86] Die party het egter nie invloed onder die werkersmassa gehad nie, omdat die gelykheidsbeginsel van die sosialisme die Suid-Afrikaanse blanke arbeiders, wat hulle juis daarvoor beywer het om hulleself teen die nie-blanke werkers te handhaaf, afgeskrik het.[87]

Ook in 1903 is die Durban Clarion Fellowship gestig[88] wat, soos die SLP en die Independent Labour Party, eintlik takke van hulle Britse eweknieë was.[89] Die stigters van die beweging was twee Skotte, A.L. Clark en Harry Norrie. Dit was hoofsaaklik 'n sosialisties-opvoedkundige liggaam en het onder andere fondsinsamelings gehou – eerstens, om E.B. Rose as die Suid-Afrikaanse afgevaardigde na die Amsterdamse Sosialistiese Kongres van die Tweede Internasionale in 1904 te stuur en tweedens, om die parlementêre kandidatuur van H.M. Hyndman, leier van die Marxistiese Britse Social Democratic Federation, te steun. Die Clarion Fellowship was ook gekant teen die invoer van Chinese arbeiders vir die Randse myne. Dit het in 1905 die Durban Workers' Political Union

---

84 F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 51; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 182 – 183.

85 H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 106; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 39.

86 R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 82, 98; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 106; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 39; E. & W. Roux: *Rebel Pity: The Life of Eddie Roux*, p. 7; *Voice of Labour*, 18.03.1910, p. 127 (Advertensie); *Ibid.*, 08.04.1910, p. 167 (Advertensie).

87 F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 51.

88 H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 102; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 362.

89 A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 31.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
geloods om 'n parlementêre tussenverkiesing daar te veg.[90] In 1908 het die Clarion Fellowship oorgegaan in die Durbanse Social Democratic Federation (of Party). Die Social Democratic Federation het hoofsaaklik propaganda vir sosialisme gemaak[91] en die unifikasie van Suid-Afrika voorgestaan, omdat die beweging geglo het dat hierdie stap ook die arbeiderbeweging in Suid-Afrika sou verenig.[92]

In Mei 1904 is die Social Democratic Federation (SDF) van Kaapstad gestig deur W.H. Harrison, Jack Erasmus en ene Blagburn.[93] Van die stigterslede was veral Harrison prominent in die sosialistiese en kommunistiese bewegings in Suid-Afrika.[94] Die SDF se ledetal het 'n kosmopolitaanse karakter gehad, met vakbondlede en sosialiste van Britse afkoms as die oorheersende element. Die novelleskryfster en uitgesproke sosialis, Olive Schreiner, het byvoorbeeld ook die beweging gesteun.[95] Die SDF-lede het sosialistiese doelwitte nagestreef en onder meer verklaar dat hulle ware Marxiste, volgelinge van die Britse sosialistiese leier, Hyndman, en ook verteenwoordigend van die internasionale rewolusionêre sosialisme was.[96]

Tot ongeveer 1910 was die SDF baie aktief en het sy lede verskeie propagandavergaderings, veral onder werkers by die spoorwegwerkplaas in Soutrivier, gehou en pamflette uitgereik.[97] Die SDF wat homself as 'n tak van die Londense SDF

---

90 H.J and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 102 – 103; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 25, 72, 185, 362 – 365. I.v.m. die Tweede Internasionale, kyk M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 11 – 28.

91 R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 96; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 72; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, p. 172.

92 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 396.

93 W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, pp. 4 – 5; *Voice of Labour*, 11.12.1909, p. 5 (W.H. Harrison: No Compromise).

94 Kyk W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar t.o.v. Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 112 – 113.

95 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 327 – 328; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, p. 13.

96 W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, p. 5; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 328; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 96; (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. III, p. 22: Koerantknipsel ("*Why I am a Socialist*").

97 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 328; *Voice of Labour*, 30.10.1909, p. 9 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*, 06.11.1909, p. 7 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beskou het, het ook gereeld sosialisme onder die Kleurlingbevolking gepropageer.[98] Dit blyk dat die Kaapse sosialisme selfs onder die Moslem-groep van die Kaapse Maleiers,[99] asook onder enkele Afrikaners 'n mate van aanhang geniet het.[100]

Die SDF het gedurig om die verbetering van die werkloosheidsituasie geagiteer en het in die tydperk van 1904 tot 1907 met die plaaslike T & LC ten opsigte van arbeider politieke aangeleenthede saamgewerk. So, byvoorbeeld, het die SDF en die Kaapse T & LC in Augustus 1905 saamgespan en die Labour Electoral Association gestig ten einde kandidate vir die Kaapse munisipale verkiesings van daardie jaar in die veld te stoot.[101] Die SDF was ook die Kaapse gasheer vir die Britse arbeider- en sosialistiese leier Keir Hardie wat Suid-Afrika in 1908 besoek het.[102] Vanweë 'n heftige, anti-imperialistiese en pro-arbeider aanval in 'n pamflet op die kapitalistiese pers en op die Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika, prins Arthur van Connaught, het selfs ***De Burger*** – die mondstuk van die Nasionale Party met sy beleid van Suid-Afrika eerste – aan die SDF prominensie verleen.[103] Gedurende 1908 en 1909 het die SDF aan die Kaapse munisipale- en skoolraadverkiesings deelgeneem, maar was egter in al die gevalle onsuksesvol.[104] Die SDF het ook aan die belangrikste stigtingsvergaderings van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty deelgeneem.[105]

In April 1906 is die Transvaal Independent Labour Party (ILP) in Pretoria gestig met J.T. Bain as voorsitter. Die partybeleid het onder andere die sosialistiese doelstelling, naamlik dat die produksie en verspreiding van byvoorbeeld spoorweë, beligting en

---

18.12.1909, p. 8 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*, 14.01.1910, p. 14 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*, 18.02.1910, p. 82 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*, 11.03.1910, p. 118 (A.W. Noon: Cape Notes).

98 W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, pp. 22 – 23; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 76; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 28 – 29.

99 Kyk *Voice of Labour*, 11.03.1910, p. 118 (A.W. Noon: Cape Notes).

100 Kyk *Ibid.*, 22.04.1910, p. 189 (A.W. Noon: Cape Notes).

101 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 330; (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. III, p. 101: *The South African News*, 09.09.1905, g.p. (Labour Notes); *Ibid.*, Vol. III, p. 74: *The South African News*, 02.09.1905, g.p. (Labour News); *Ibid.*, Vol. III, p. 81 (Koerantknipsel, 28.08.1905, g.p.).

102 W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, pp. 19 – 22.

103 *De Burger*, 16.11.1920, p. 4 ('n Maskerade van Livreiknegte).

104 R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 97; *Voice of Labour*, 07.08.1909, p. 12 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*, 21.08.1909, p. 4 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*, 11.09.1909, p. 6 (M. Fitzgerald: Cape School Board Elections) en p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 02.10.1909, p. 11 (Cape Notes.).

105 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 328.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
waterwerke genasionaliseer of gemunisipaliseer moes word, behels. Dit was ook ten gunste van blanke stemreg en gekant teen ingevoerde Asiatiese arbeiders en enige ander kontrakarbeid. Verder was dit die kapitalistiese Progressive Association ('n Transvaalse politieke forum waarin lede van die Kamer van Mynwese invloed gehad het) en die mynhuise vyandiggesind.[106]

In Mei 1906 is daar ook 'n ILP in Johannesburg gestig wat in Julie 1906 met die Pretoriase organisasie verenig het in die Transvaal Independent Labour Party. Al die ampsdraers van die verenigde party was toegewyde sosialiste.[107] Die verenigde Transvaal Independent Labour Party was op die lees van die Britse ILP, wat deur Keir Hardie gestig is, geskoei.[108]

Eersgenoemde party het ook die sosialistiese doelstellings nagestreef.[109] Trouens, ***Voice of Labour*** het verklaar dat die ILP aanvanklik die politieke vleuel van sosialisme (in die Tranvaal) was.[110] Ten spyte van 'n gebrek aan lede was die ILP volgens Ticktin tussen 1906 en 1909 'n belangrike (sosialistiese) arbeiderorganisasie.[111]

As gevolg van die ontevredenheid van A. Crawford en ander ekstremistiese sosialiste met die gematigde houding wat die ILP volgens hulle ingeneem het, is die Johannesburgse Socialist Society op 26 Junie 1909 gestig.[112] Hierdie vereniging het uit die Johannesburgse tak van die ILP gespruit.[113] Lidmaatskap was toeganklik vir enige persoon, ongeag kleur, ras of geloof, en erkenning is verleen aan die feit dat die nie-blankes ook deel van die arbeiderbeweging uitgemaak het.[114] Een van die anonieme korrespondente van ***Voice of Labour***, "Cynicus", verklaar egter dat die Socialist Society sy sosialistiese propaganda

---

[106] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 216 – 219.

[107] *Ibid.*, pp. 220, 222 – 224; A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 – 1907, pp. 245, 345; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 64.

[108] H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, p. 69.

[109] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 223.

[110] *Voice of Labour*, 07.08.1909, p. 8 (Hoofartikel).

[111] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 283.

[112] *Ibid.*, p. 281; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 97; *Voice of Labour*, 02.10.1909, p. 4 ("Cynicus": The I.L.P. Conference); *Ibid.*, 27.05.1910, p. 1 (The Movement).

[113] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 305.

[114] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 298 – 299, 305; *Voice of Labour*, 04.12.1909, pp. 6 – 7 (Hoofartikel); *Ibid.*, 04.03.1910, p. 103 (Hoofartikel) en (White and Black).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
hoofsaaklik op die (blanke) middelklas, wat nie deel van die vakbondbeweging uitgemaak het nie, toegespits het.[115]

Alhoewel die Socialist Society gereeld openbare vergaderings in Johannesburg gehou het, is dit egter swak deur die publiek bygewoon.[116] Dit kan toegeskryf word aan die vereniging se ultra-ekstremistiese idees. Katz verklaar inderdaad dat die Socialist Society grootliks deur die teorie en doktrine van die sindikalisme beïnvloed is.[117] Teen November 1909 het die vereniging sy werksaamhede op die Rand begin uitbrei. Takke is in Boksburg en Germiston, asook in Pretoria gestig.[118]

Die Suid-Afrikaanse sosialiste was baie verdeeld oor die kwessie van 'n verenigde, nasionale organisasie. ***Voice of Labour*** het lesers aangemoedig om hulle uit te spreek oor die meriete van 'n Sosialistiese Federasie of 'n Sosialistiese Party vir Suid-Afrika.[119] Een korrespondent, "Cynicus", was ten gunste van 'n federasie en sy konsepvoorstel van sodanige federasie is in ***Voice of Labour*** gepubliseer. Hy het geargumenteer dat die sosialisme die beste deur die bestaande sosialistiese verenigings bevorder kon word. Tot tyd en wyl 'n Sosialistiese Party wel sou kon materialiseer, sou die sosialiste die meeste vermag as hulle deur die Arbeidersparty sou werk. Aangesien 'n sosialistiese federasie nie 'n politieke party sou wees nie, sou sosialiste dan ook by die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty kon aansluit, aldus "Cynicus".[120]

---

[115] *Voice of Labour*, 25.03.1910, p. 140 ("Cynicus": A Socialist Party).

[116] *Ibid.*, 21.08.1909, p. 1 (The Movement); *Ibid.*, 18.09.1909, p. 1 (The Movement); *Ibid.*, 25.09.1909, p. 1 (The Movement); *Ibid.*, 09.10.1909, p. 1 (The Movement); *Ibid.*, 06.11.1909, p. 1 (The Movement); *Ibid.*, 20.11.1909, p. 1 (The Movement); *Ibid.*, 04.12.1909, p. 1 (Answers to Correspondents); *Ibid.*, 18.12.1909, p. 8 (The Socialist Society); *Ibid.*, 28.01.1910, p. 1 (S.A. Socialist Federation Notes).

[117] E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 274. Vir 'n definisie van sindikalisme kyk W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar t.o.v. Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 83 – 84.

[118] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 25, 282; *Voice of Labour*, 06.11.1909, p. 1 (The Movement); *Ibid.*, 13.11.1909, p. 3 (J. Davidson: The Alliance); *Ibid.*, 20.11.1909, p. 5 (Germiston Socialist Society); *Ibid.*, 27.05.1910, p. 1 (The Movement).

[119] *Voice of Labour*, 14.08.1909, p. 9 (Hoofartikel); *Ibid.*, 21.08.1909, p. 1 (The Movement).

[120] *Ibid.*, 21.08.1909, pp. 6 – 7 ("Cynicus": A Socialist Party); *Ibid.*, 04.09.1909, p. 5 ("Cynicus": Federation of Socialists); *Ibid.*, 18.09.1909, p. 5 ("Cynicus" – Editor); *Ibid.*, 16.10.1909, p. 8 ("Cynicus": The Socialist Party); *Ibid.*, 20.11.1909, p. 2 ("Cynicus" – Editor); *Ibid.*, 04.12.1909, p. 8 ("Cynicus": The Socialism of Cynicus); *Ibid.*, 25.03.1910, p. 140 ("Cynicus": A Socialist Party).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit het uiteindelik daartoe gelei dat lede van die sosialistiese verenigings van Johannesburg, Benoni en Pretoria tydens die naweek van 25 tot 27 Desember 1909, met die stigting van die South African Socialist Federation (SASF) ten doel, onder voorsitterskap van J.T. Bain in Boksburg vergader het. Mary Fitzgerald is as tesourier en J. Davidson as sekretaris verkies. Met die oog op die algemene parlementêre verkiesing van 1910 is daar ook bepaal dat geaffilieerde liggame "waar moontlik" met die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty moes saamwerk en nie daardie party van die sosialisme moes vervreem vóórdat die sentrale komitee van die SASF geraadpleeg is nie.[121] Die Federasie het egter nie op 'n grootskaalse, landwye basis vlamgevat nie.[122] Die Social Democratic Federation van Kaapstad en dié van Durban wou byvoorbeeld nie by die SASF aansluit nie. Van die redes hiervoor was onder meer praktiese probleme (die groot afstande tussen die verskillende sosialistiese sentra in die land) en verskille aangaande sekere klousules in die konsepgrondwet. Gevolglik het die SASF se werksaamhede tot die Rand en Pretoria beperk gebly. Dit het hoofsaaklik in opposisie met die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty opgetree.[123] Ten spyte van al die argumente oor die voordele en nadele van 'n Sosialistiese Party of Federasie, het die Johannesburgse Socialist Society klaarblyklik teen Julie 1910 sy naam na die Socialist Party verander. Dié party se bestaan was egter van korte duur en blykbaar was die naam slegs 'n alternatief vir die Socialist Society.[124]

---

[121] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 282; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 143; *Voice of Labour*, 20.11.1909, p. 11 (South African Socialist Federation) en (The Transvaal Socialist Meet); *Ibid.*, 11.12.1909, p. 5 (The Movement) en p. 8 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*, 18.12.1909, p. 12 (Xmas Socialist Meet); *Ibid.*, 25.12.1909, p. 1 (Xmas Meet); *Ibid.*, 31.12.1909, p. 6 (Hoofartikel) en pp. 8 – 9 (S.A. Socialist Federation); *Ibid.*, 24.06.1910, p. 294 (Hoofartikel).

[122] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 144; *Voice of Labour*, 31.12.1909, p. 6 (Hoofartikel) en p. 9 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*, 14.01.1910, p. 19 (Hoofartikel); *Ibid.*, 21.01.1910, p. 34 (A.W. Noon: Cape Notes). Kyk ook *Ibid.*, 21.01.1910, p. 33 ("*The Voice of Labour*").

[123] H.J. and R.E. Simons: *Class and Labour in South Africa 1850 – 1950*, p. 144; *Voice of Labour*, 14.01.1910, p. 1 (S. African Socialist Federation Notes); *Ibid.*, 21.01.1910, p. 31 (Hoofartikel), p. 32 (H. Norrie: S.A.S.F.) en pp. 34 – 35 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*, 28.01.1910, p. 46 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*, 25.03.1910, p. 140 ("Cynicus": A Socialist Party); *Ibid.*, 24.06.1910, p. 294 (Hoofartikel).

[124] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 433; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 194, 270; *Voice of Labour*, 01.04.1910, p. 147 (A. Crawford: Why a Socialist Party?) en p. 150 (Hoofartikel); *Ibid.*, 08.04.1910, p. 160 (A. Crawford: Why a Socialist Party?); *Ibid.*, 27.05.1910, pp. 246 – 247 (Hoofartikel); *Ibid.*, 15.07.1910, p. 331 (The Voters Roll); *Ibid.*, 22.07.1910, p. 343 (Hoofartikel); *Ibid.*, 05.08.1910, p. 364 (Hoofartikel); *Ibid.*, 19.08.1910, p. 378 (Who is to Blame?); *Ibid.*, 14.10.1910, p. 443.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten spyte van die mislukking van vorige pogings om die Suid-Afrikaanse sosialiste in 'n hegte verenigde politieke party saam te snoer, het die ideaal om sodanige liggaam tot stand te bring nie vervaag nie. Maar die uiteindelike stigting van hierdie party het egter 'n lang pad geloop wat besaai was met twis en tweedrag onder die verskillende sosialistiese organisasies, veral tussen die Socialist Society (of Party) en die SLP.[125] Teen Desember 1911 het ***Voice of Labour*** weer die kwessie van 'n verenigingskongres van sosialiste opgehaal. Die blad het hom sterk daarvoor uitgespreek dat 'n Suid-Afrikaanse Sosialistiese Party die politieke terrein ter bevordering van sosialisme moes betree.[126]

Uiteindelik is 'n konferensie waarop al die sosialistiese organisasies in Suid-Afrika verteenwoordig was, gedurende die Paasnaweek van 1912 in Johannesburg gehou om 'n voorgestelde grondwet van A. Crawford vir 'n Suid-Afrikaanse Sosialistiese Party te bespreek. Die nuwe organisasie sou die United Socialist Party of South Africa (USP) heet, met Johannesburg as hoofkantoor en ***Voice of Labour*** as die amptelike mondstuk. Op 1 Mei (Meidag) 1912 is die USP amptelik gestig.[127] Maar ten spyte van die berigte in ***Voice***, verklaar Johns, Harrison en H.J. en R.E. Simons egter dat die samesmelting van die onderskeie sosialistiese organisasies in die USP in werklikheid nooit plaasgevind het nie. Die onderskeie sosialistiese organisasies in Pretoria en die kusstede het voortgegaan om volgens hulle eie strukture te funksioneer. Verskeie redes is hiervoor gegee, onder andere uiteenlopende standpunte ten opsigte van 'n gesamentlike partybeleid, die konserwatisme van die Randse mynwerkers wat hulle as gevolg van die rewolusionêre karakter van die USP eerder by die groeiende Suid-Afrikaanse Arbeidersparty geskaar het, asook 'n gebrek aan fondse wat doeltreffende organisasie gekortwiek het. Die poging tot vereniging van die

---

[125] Kyk W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar t.o.v. Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 245 – 251.

[126] *Voice of Labour*, 01.12.1911, p. 1 (Socialist Party Notes); *Ibid.*, 08.12.1911, p. 10 ("*Voice*" Rescue Fund); *Ibid.*, 19.01.1912, p. 8 (A S.A. Socialist Party); *Ibid.*, 01.03.1912, p. 5 (Hoofartikel); *Ibid.*, 08.03.1912, p. 3 (The United Socialist Party) en (Socialist Party Discussion).

[127] W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, p. 36; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 152; A. Crawford: Socialist Party Progress in South Africa (*International Socialist Review*, Vol. XIII, July 1912, pp. 48 – 50); *Voice of Labour*, 15.12.1911, p. 6 ("*Voice*" Rescue Fund); *Ibid.*, 29.03.1912, p. 2 (Socialist Conference) en p. 5 (The Conference); *Ibid.*, 05.04.1912, pp. 4 – 5 (Hoofartikel) en p. 6 (Durban and the New Party); *Ibid.*, 26.04.1912, pp. 4 – 5 (Hoofartikel) en p. 7 (U.S.P. Notes); *Ibid.*, 03.05.1912, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 10.05.1912, p. 5 (U.S.P. Notes) en p. 7 (The United Socialist Party); *Ibid.*, 17.10.1912, p. 3 (U.S.P. Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
sosialistiese geledere in Suid-Afrika was dus onsuksesvol, alhoewel daar darem losse bande tussen die ultra-linkse sosialiste gesmee is.[128]

1.4 DIE SUID-AFRIKAANSE ARBEIDERSPARTY

Net soos in die res van die Suid-Afrikaanse politieke spektrum, het die "*closer union*" – of nouer eenwording[129] - beweging en die konsepgrondwet van die Unie van Suid-Afrika reaksies in die politieke geledere van die arbeiderbeweging ontlok. 'n Interkoloniale doeanekonferensie, wat van 4 tot 9 Mei 1908 in Pretoria en weer van 26 tot 27 Mei 1908 in Kaapstad plaasgevind het, het die masjinerie aan die gang gesit waarmee die unifikasie van Suid-Afrika later bewerkstellig is. Vanaf 12 Oktober tot 5 November 1908 het die Nasionale Konvensie in Durban sitting gehou en van 23 November 1908 tot 3 Februarie 1909 het hy sy werksaamhede in Kaapstad voorgesit. Die finale sitting, om die amendemente te oorweeg wat deur die koloniale parlemente voorgestel is, het van 3 tot 11 Mei 1909 in Bloemfontein plaasgevind.[130]

Resolusies ten gunste van nouer eenwording en die konsep-Uniegrondwet, soos voortgespruit uit bogenoemde vergaderings, is tydens byeenkomste van arbeiderorganisasies soos die Transvaal LRC, die Pretoriase LRC en T & LC, die WT & LC, die Johannesburgse ILP, die Kaapstadse T & LC, die Cape Labour Party en die Natal Labour Party, bespreek. Die arbeiderbeweging het die nouer eenwording van die Suid-Afrikaanse kolonies goedgekeur, maar beslis nie die konsep-Uniegrondwet nie.[131]

---

[128] S.W. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 31 – 32; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, p. 36; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 152; *Voice of Labour*, 17.05.1912, p. 3 (U.S.P. Notes); *Ibid.*, 24.05.1912, pp. 5 – 6 (U.S.P. Notes); *Ibid.*, 31.05.1912, pp. 4 – 5 (Heard and Said) en p. 5 (U.S.P Notes).

[129] 'n Term aangehaal uit A.J.H. van der Walt (*et al*) *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 465 om die proses van die unifikasiebeweging in Suid-Afrika te omskryf.

[130] S.B. Spies: Heropbou en Unifikasie 1902 – 1910 (C.F.J. Muller, red.: *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 375 – 376); F.A. van Jaarsveld: *Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652 – 1974*, p. 252; A.J.H. van der Walt (*et al*): *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 468; E.A. Walker: *A History of Southern Africa*, pp. 529, 532, 536; A.P. Newton (*et al*) (eds): *The Cambridge History of the British Empire*, Vol. VIII, pp. 632 - 635. Die mees omvattende en gesaghebbende publikasie oor die unifikasie van Suid-Afrika, is dié van L.M. Thompson: *The Unification of South Africa, 1902 – 1910*.

[131] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 305 – 308, 392; C.H. Haggar: Organised Labour as a Political Factor (*The State*, Vol. 3, June 1910, p. 938). Kyk ook (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 218: *Labour Leader*, 02.07.1909, g.p. (A. Crawford: Closer Union in South Africa).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Skynbaar was die grootste grief die feit dat geeneen van die kolonies voorsiening vir afvaardigings vanuit arbeidergeledere op die Nasionale Konvensie gemaak het nie, ten spyte van die feit dat die Transvaalse Wetgewende Raad 'n mosie van twee Arbeiderlede van die raad, P. Whiteside en J. Reid, wat ingedien is op 30 Junie 1908 en verklaar het dat alle belangrike seksies van die gemeenskap verteenwoordig moes word, aangeneem het.[132] H.W. Sampson, president van die SATU en Arbeiderlid van die Transvaalse Parlement, het selfs tydens 'n vergadering in sy kiesafdeling verklaar dat indien daar geen demokratiese element in die konsepgrondwet te vinde sou wees nie, dit daaraan toegeskryf sou kon word dat geen arbeiderafgevaardigde aangewys is nie.[133]

Ten spyte van 'n versplinterde arbeiderbeweging, kleinlikhede en persoonlikheidsgeskille tussen arbeiderpartye, sosialistiese partye, vakbonde en hulle leiers en verskeie mislukte pogings, weens die apatie van die werkers om 'n verenigde arbeiderfront te mobiliseer, het daar in die lig van bogenoemde verwikkelinge teen 1909 weereens 'n daadwerklike poging in arbeidergeledere ontstaan tot konsolidasie op nasionale vlak.[134] Reeds so vroeg as 1899 het verskeie arbeiderleiers en –organisasies by verskeie geleenthede hulle ten gunste van sodanige konsolidasie uitgespreek.[135]

Maar dit sou die inter-koloniale doeanekonferensie en die daaropvolgende staatkundige ontwikkelinge wees wat die hoofstukrag sou verleen wat die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Arbeidersparty verhaas het.[136] Nadat die nouer eenwordingbesluite van die Pretoria-konferensie tydens 'n vergadering van die Natal Labour Party op 22 Augustus 1908 bespreek is, is 'n mosie van C.H. Haggar, wat hom weereens ten gunste van 'n gefedereerde Suid-Afrika uitgespreek het, aanvaar. Die gebrek aan arbeiderverteenwoordiging op die

---

[132] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 307; F.J. Grober: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 104; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 108 – 109; (KGB) A 215,Trembath-Versameling, Vol. I, p. 74: Koerantknipsel (J.F. Trembath: Written for You!); *Ibid.*, p. 216: Koerantknipsel (W.H. Andrews: Closer Union in South Africa) en p. 260; Koerantknipsel (Conference of Printers); *The Star*, 09.03.1909, p. 9 (Labour Day) en (In the House).

[133] *The Star*, 19.02.1909, p. 8 (Labour Member's Views).

[134] E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 190 – 201.

[135] Kyk bv.W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar t.o.v. Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 147 – 148.

[136] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 404; M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 78; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 189.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nasionale Konvensie het die noodsaaklikheid van 'n versterking van die arbeiders op politieke gebied uitgewys. Die instansie wat hierdie leiding sou neem, was die Natal Labour Party.[137] Volgens Thompson was die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty (SAAP) die eerste pan-Suid-Afrikaanse politieke party wat ontstaan het.[138] Tydens 'n inter-koloniale arbeiderkonferensie wat op 2 en 3 Januarie 1909 in Durban gehou is, is 'n komitee bestaande uit H.W. Sampson, C.H. Haggar, Nelson Palmer, A.L. Clark en A. Crawford aangewys om 'n voorlopige konstitusie op te stel. 'n Tweede interkoloniale arbeiderkonferensie is van 9 tot 11 Oktober 1909 in Johannesburg gehou. Tydens hierdie konferensie is die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty amptelik gestig. Sampson is as president, J.J. Ware en J.J. Mulvey as die twee vise-presidente, Haggar as sekretaris en Gabriel Weinstock as tesourier verkies. Die hoofkantoor van die party sou in Johannesburg wees.[139]

Tydens die eerste jaarkongres van die SAAP, gehou op Sondag, 30 Januarie 1910 in die Trades Hall in Johannesburg, is die konstitusie van die tweede stigtingskongres met slegs 'n paar kleinere amendemente goedgekeur.[140] Maar ten spyte van hierdie vereniging van die arbeidergeledere, was die eenheid klaarblyklik taamlik broos, want daar was groot verskille tussen gematigde arbeiderleiers en die militante sosialiste oor kwessies soos die naam van die party, die kleurbeleid, die kwessie van sosialistiese beleidrigtings en die affiliasie van vakbonde by die party. Daar was ook botsings van persoonlikhede.[141]

Met die oog op die eerste Suid-Afrikaanse algemene verkiesing van 1910, was die arbeiderbeweging in Suid-Afrika in daardie stadium polities grootliks net in naam verenig. Ideologies gesproke, soos duidelik in die voorafgaande uiteensetting gesien kan word, was dit egter veral die kardinale verdelende beleidskwessies oor kleur en sosialisme wat die

---

[137] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 392, 402 – 405; M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 78.

[138] L.M. Thompson: *The Unification of South Africa, 1902 – 1910*, p. 460.

[139] Vir 'n volledige bespreking van die aanloop, stigting en beleidsaspekte van die SAAP, kyk D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, hfst. 9, pp. 397 – 424 en M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, hfst. 3, pp. 76 – 102.

[140] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 434.

[141] W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar t.o.v. Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, p. 151.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
oënskynlike eenheid van die SAAP en die invloed van die werkers in die Suid-Afrikaanse politiek en ekonomie sou ondergrawe. Hierdie inherente swakheid onderliggend aan die arbeiderbeweging sou veral tydens verkiesings na vore kom en sou met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog op 'n skeuring in arbeidergeledere uitloop. Daarom sal daar onder andere aan hierdie kwessies, soos weerspieël in die pers, asook die pers se aandeel daaraan, in die hieropvolgende hoofstukke groter aandag verleen word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

ESTABLISHMENT-PERSORGANE

Wanneer aandag gegee word aan die rol van die pers in Suid-Afrika, moet in ag geneem word dat die algemene geskiedenis van die land nou verbonde is aan die geskiedenis van die pers. Die koerantpers se funksie met betrekking tot openbare verantwoordelikheid en politieke beheermeganismes lei daartoe dat dit in die hoofstroom van die politieke en ekonomiese dinamika ingetrek word.[1] Oor die rol van die sogenaamde *establishment*- of hoofstroom pers in 'n demokratiese samelewing is daar alreeds baie geskryf. Dit is persorgane wat as sosiale en openbare instellings groot en gesaghebbende invloed op 'n samelewing uitoefen en die handhawing van 'n bepaalde orde en *status quo* ten doel het. Daar blyk konsensus onder die geraadpleegde bronne te wees dat die pers, as 'n weerspieëling van die Suid-Afrikaanse samelewing,[2] onder meer die volgende funksies vervul: om as kommunikasiemedium die publiek in te lig; om inligting, onder andere oor owerheidsoptrede, te ontsluit en aan mense oor te dra; om gebeure en kollektiewe sosiale gedrag in die samelewing te reflekteer of selfs te genereer, dit te onthul, daarop kommentaar en kritiek te lewer; om te agiteer vir spesifieke kwessies; om die publiek op te voed en om lig te werp op die sosiale prosesse wat in 'n samelewing plaasvind.[3]

Verder behels die rol van die pers om menings te gee, menings te objektifiseer en om inligting te vertolk, te interpreteer, te projekteer en te evalueer.[4] In hierdie opsig dien die

---

1 E. Schwella: Die rol van die nuusbladpers in die handhawing van openbare verantwoordelikheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Uitvoerende Gesag, pp. 102 - 103. Kyk ook J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, I, p. vi.

2 E. Schwella: Die rol van die nuusbladpers in die handhawing van openbare verantwoordelikheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Uitvoerende Gesag, p. 97; J. de Villiers: South African Newspapers – A Socio-Historical Study, pp. 557, 651; J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, I, p. vi.

3 E. Schwella: Die rol van die nuusbladpers in die handhawing van openbare verantwoordelikheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Uitvoerende Gesag, pp. 60, 64, 75, 81, 85, 93, 96, 376; D.A.S. Herbst: Die Dilemma van die Moderne Koerant, pp. 40, 328, 379; D.A.S. Herbst: Die rol van die pers in die politieke proses (D.J. van Vuuren en D.J. Kriek, reds.: *Politieke Alternatiewe vir Suider-Afrika*, pp. 387, 388, 397, 399); J. de Villiers: South African Community and its Newspapers – A Socio-Historical Study, pp. vii, 497, 541, 557, 643; F.Y. St Leger: The African Press in South Africa, pp. 19, 27, 29, 30, 31, 330; J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, II, pp. 370 – 371, 373; C. Seymour-Ure: *The Press, Politics and the Public*, pp. 301, 307 – 308; E. Potter: The Press as Opposition, pp. 9, 161; M. Broughton: *Press and Politics of South Africa*, pp. 5, 14; I. Benson: *News and Newspapers*, p. 28; P.J. Cillié: Die ondersoekende plig van die pers (*Ecquid Novi*, Vol. I, No. I, Januarie 1980, p. 11); D. de Villiers: The State of the Press (*Leadership SA*, Vol. 2, No. 4, Summer 1983, p. 38).

4 D.A.S. Herbst: Die Dilemma van die Moderne Koerant, p. 328; D.A.S. Herbst: Die rol van die pers in die politieke proses (D.J. van Vuuren en D.J. Kriek, reds.: *Politieke Alternatiewe vir Suider-Afrika*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

pers ook as propaganda-middel vir bepaalde politieke strominge.[5] Nuusblaaie is dus nie passiewe instrumente nie. Hulle is nuusmakers, nuusselekteerders en nuusverspreiders.[6] De Villiers verklaar dat koerante die openbare mening reflekteer en ook 'n uitdrukkingsvorm daarvan is,[7] terwyl Potter van mening is dat die pers as 'n beduidende barometer dien van die gemeenskap waarvan dit 'n integrale deel vorm.[8]

'n Ander baie belangrike rol van die pers is sy waghondfunksie om namens die publiek as buite-wetlike (buite-parlementêre) kontrole oor owerheidsoptrede te ageer; om byvoorbeeld misbruike, wantoestande, korrupsie, magsoorskryding en wanbestuur in die privaat en openbare sektore bloot te lê sodat openbare verantwoordelikheid gehandhaaf kan word.[9] Hierdie funksie word volgens Herbst ten beste uitgevoer as die koerant vry en onafhanklik is, dit wil sê waardeur sy selfstandigheid teenoor die regering beklemtoon word. Herbst verklaar verder dat geen volk 'n koerant kies om hom in die parlement te verteenwoordig nie en in geen land se grondwet word 'n waghondtaak aan koerante opgedra nie.[10] Hierdie taak word dus vrywillig deur koerante as deel van hulle selfopgelegde funksies uitgevoer. Du Plessis sluit hierby aan en verklaar dat dit ook die taak van die pers is om die parlement aan te vul, aangesien die pers, naas die parlement as die gekose

---

pp. 397, 399); C. Seymour-Ure: *The Press, Politics and the Public*, pp. 300, 307; M. Broughton: *Press and Politics of South Africa*, pp. 5, 14; J. de Villiers: South African Community and its Newspapers – A Socio-Historical Study, p. 633; F.Y. St Leger: The African Press in South Africa, pp. 19, 21, 27, 29, 330.

5 J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, II, pp. 375 – 379, 381, 411; F.Y. St Leger: The African Press in South Africa, pp. 24, 27.

6 M. Broughton: *Press and Politics of South Africa*, p. 12.

7 J. de Villiers: South African Community and its Newspapers – A Socio-Historical Study, p. 633. Kyk ook F.Y. St Leger: The African Press in South Africa, pp. 21, 27, 29.

8 E. Potter: *Press as Opposition*, p. 9.

9 E. Schwella: Die rol van die nuusbladpers in die handhawing van openbare verantwoordelikheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Uitvoerende Gesag, pp. 81, 85, 93, 96, 376 – 377; D.A.S. Herbst: Die Dilemma van die Moderne Koerant, pp. 40, 41, 289; D.A.S. Herbst: Die rol van die pers in die politieke proses (D.J. van Vuuren en D.J. Kriek, reds.: *Politieke Alternatiewe vir Suider-Afrika*, pp. 387, 388, 399); F.Y. St Leger: The African Press in South Africa, pp. 18, 23, 27, 29, 30 – 31; T.E.G. Cutten: The History and Growth of the South African Press, p. 190; E. Potter: *The Press as Opposition*, p. 161; C. Seymour-Ure: *The Press, Politics and the Public*, pp. 306 – 309; W.A. Hachten and C.A. Giffard: *The Press and Apartheid*, p. 96; H. Oppenheimer: The Press and South African Society (*Communications in Africa*, Vol. I, No. 4, December 1972, p. 2); D. de Villiers: The State of the Press (*Leadership SA*, Vol. 2, No. 4, Summer 1983, p. 38).

10 D.A.S. Herbst: Die Dilemma van die Moderne Koerant, pp. 41, 289, 379.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
verteenwoordiging, as die "nie-gekose verteenwoordiging van die volk" staan.[11] Die pers dra dus daartoe by om sinvolle demokratiese deelname moontlik te maak en publieke beheer oor owerhede uit te oefen en te versterk,[12] maar die rol van die pers in 'n bepaalde samelewing is egter ook afhanklik van die dominante ideologiese standpunt wat in sodanige samelewing aangaande daardie rol aanvaar word.[13] Anders gestel, in dieselfde mate waarin 'n samelewing vry is om self sy regeringsvorm te bepaal, is die samelewing ook vry om te bepaal watter vryheid sy media gaan geniet.[14]

Koerante rapporteer oor, interpreteer en kritiseer politieke en uitvoerende optrede en is daarom voortdurend in 'n verhouding met die daaglikse politieke gebeure. Die nuusblaaie se rol is in hierdie opsig dikwels kontroversieel en partydig. Op sy beurt veroorsaak dit weer 'n spanning en dikwels selfs wedersydse wantroue, antagonisme en konflik tussen owerheid en pers in alle lande waar 'n vrye of gedeeltelik vrye pers in private besit funksioneer. Ook in Suid-Afrika is dit geen onbekende verskynsel nie. Die rol van 'n koerant en sy waardeoordele kan skerp wissel tussen algemene ondersteuning en teenkanting van owerheidsoptrede, afhangende van of die politieke beheer in die hande is van politieke maghebbers wie se beleidrigtings die betrokke koerant ondersteun of in die hande is van maghebbers wat nie deur die koerant ondersteun word nie, aldus Schwella.[15]

By 'n studie van die pers as rolspeler in die Suid-Afrikaanse geskiedenis moet laastens ook in gedagte gehou word dat sy invloed in 'n samelewing volgens Potter afhang van wie die

---

[11] J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, II, pp. 284 – 285. Kyk ook I. Benson: *News and Newspapers*, p. 28 en D.A.S. Herbst: Die rol van die pers in die politieke proses (D.J. van Vuuren en D.J. Kriek, reds.: *Politieke Alternatiewe vir Suider-Afrika*, p. 386).

[12] E. Schwella: Die rol van die nuusbladpers in die handhawing van openbare verantwoordelikheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Uitvoerende Gesag, pp. 85, 93. Kyk ook I. Benson: *News and Newspapers*, p. 28.

[13] E. Schwella: Die rol van die nuusbladpers in die handhawing van openbare verantwoordelikheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Uitvoerende Gesag, p. 377.

[14] D.A.S. Herbst: Die rol van die pers in die politieke proses (D.J. van Vuuren en D.J. Kriek, reds.: *Politieke Alternatiewe vir Suider-Afrika*, p. 386).

[15] E. Schwella: Die rol van die nuusbladpers in die handhawing van openbare verantwoordelikheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Uitvoerende Gesag, pp. 100, 103, 105 – 106, 144, 378 – 379. Kyk ook D.A.S. Herbst: Die rol van die pers in die politieke proses (D.J. van Vuuren en D.J. Kriek, reds.: *Politieke Alternatiewe vir Suider-Afrika*, p. 387 – 388, 397) en H. Oppenheimer: The Press and South African Society (*Communications in Africa*, Vol. I, No. 4, December 1972, p. 2).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
koerant lees en van die inhoud van sodanige koerant. Laasgenoemde bepaal weer die politieke rol van die koerant.[16]

Juis hierdie aspek maak 'n beskrywing van die aard en wese van die *establishment*-pers in Suid-Afrika uiters problematies, aangesien die Suid-Afrikaanse persgeskiedenis in die algemeen gekenmerk word deur 'n ideologiese verdeling en tweeslagtigheid tussen koerante oor taalgrense heen. Volgens die geraadpleegde bronne kan hierdie verdeling breedweg soos volg gekonstateer word:

Eerstens is daar die (blanke) Engelstalige koerante wat oorwegend belangegebonde was aan die myn- en kommersiële sektor en histories meestal ook hulle ontstaan aan inisiatiewe vanuit daardie oord te danke gehad het. Tradisioneel was die Engelstalige koerante meer onafhanklik en nuusgeoriënteerd in die sin van die onthulling van inligting en die verskaffing van 'n nuusdiens aan hulle leserspubliek. Tweedens is daar die Afrikaanstalige koerante waarvan die groot meerderheid, in teenstelling met die belangegebondenheid van die Engelstalige koerante, beginselgebonde was en ten nouste verweef was met die politieke, sosiale, kulturele en ekonomiese belange van die Nasionaalgesinde Afrikanerdom. Hierdie koerante het tradisioneel ook nie as kommersiële ondernemings tot stand gekom nie, maar eerder as meningsblaaie wat die politieke aspirasies van die Nasionaalgesinde Afrikaners uitgedra het. Gevolglik het hierdie blaaie met die kummulatiewe kapitaal van hoofsaaklik klein bedraggies en skenkings tot stand gekom van diegene wat 'n bepaalde politieke ideaal nagestreef het.[17]

---

[16] E. Potter: *Press as Opposition*, pp. 10 – 11.

[17] Kyk bv. D.A.S. Herbst: Die Dilemma van die Moderne Koerant, p 374; D.A.S. Herbst: Die rol van die pers in die politieke proses (D.J. van Vuuren en D.J. Kriek, reds.: *Politieke Alternatiewe vir Suider-Afrika*, p. 393); J. de Villiers: South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study, pp. vi – viii, 378, 651; E. Schwella: Die rol van die nuusbladpers in die handhawing van openbare verantwoordelikheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Uitvoerende Gesag, pp. 103, 379; J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, II, pp. 290, 292 – 293, 296, 377 – 381, 394, 411; E. Potter: *The Press as Opposition*, pp. 161 – 162, 164 – 165, 205 – 207; H. Kitchen (ed): *The Press in Africa*, pp. 42 – 43; W.A. Hachten and C.A. Giffard: *The Press and Apartheid*, pp. 93 – 96, 179; G.H. Calpin: *There are no South Africans*, pp. 323, 327; W. Wepener: The Role of the Afrikaans Press (*South African Conference on the Survival of the Press and Education for Journalism, 4 – 6 October 1979*, p. 4); H. Oppenheimer: The Press and South African Society (*Communications in Africa*, Vol. I, No. 4, December 1972, pp. 2, 3); A. Sussens: The English Language Press (*South Africa Today*, 1964 – 1965, pp. 76 – 77); J.J. van Rooyen: Die pers is vry, maar ook nie (*Ecquid Novi*, Vol. I, Nr. I, Januarie 1980, p. 23).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Binne die konteks van die voorafgaande moet die rol van *establishment*-persorgane in die politieke en ekonomiese mobilisasie van georganiseerde blanke arbeiderbewegings in Suid-Afrika dus beoordeel word.

Dit is uiteraard nie moontlik om die hele spektrum van Suid-Afrikaanse persorgane binne die perimeters van hierdie studie te ontleed en te bespreek nie. Ten einde 'n sinvolle en logiese sintese van die pers as studieterrein daar te kon stel, is 'n seleksie van *establishment* persorgane dus op so 'n wyse gedoen dat dit aan die eise van histories-wetenskaplike kriteria sal kan voldoen. As mondstuk van die magtige Witwatersrandse goudmynindustrie is ***The Star*** die logiese verteenwoordiger van die kapitalistiese pers. As eerste Afrikaanstalige dagblad het ***Die Burger*** onder andere die politieke denke van die verstedelikte Nasionaalgesinde Afrikanerwerker weerspieël. ***Ons Vaderland*** was 'n halfweeklikse koerant wat dieselfde politieke standpunte as ***Die Burger*** gekoester het. As Pretoriaanse blad het hy egter nader aan die Witwatersrand gestaan - die hartklop en brandpunt vanwaar die Suid-Afrikaanse arbeidgeskiedenis gedurende die eerste twee dekades van die 20ste eeu grootliks afgespeel het. Ten opsigte van die politieke en ekonomiese mobilisasie van die Nasionaalgesinde Afrikanerwerkersklas, vul laasgenoemde twee koerante mekaar dus aan. Ten einde die verhouding tot en invloed op die arbeiderbeweging in die breë te kan begryp, word die agtergrond en ontstaansgeskiedenis van die drie genoemde blaaie ook in hierdie hoofstuk bespreek. In hoofstukke sewe tot agt word spesifiek aandag gegee aan die rol van hierdie persorgane in die politieke en ekonomiese mobilisasie van die georganiseerde arbeiderbeweging.

2.1 *THE STAR*

In 'n hoofartikel van 27 April 1910, wat die ontstaan van ***The Star*** as 'n dagblad gedenk, word die stelling gemaak dat die koerant só intiem met die (Johannesburgse) gemeenskapslewe geassosieerd geraak het dat dit as 'n "openbare instelling" beskou moet word.[18] Om egter die geskiedenis van ***The Star*** behoorlik te begryp, moet die agtergrond van F.J. Dormer en die Argus Printing and Publishing Company eers geskets word.

---

[18] *The Star*, 27.04.1910, p. 8 (The Star).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Francis Joseph Dormer is in 1854 in Leicester, Engeland, gebore. In 1875 het hy na Suid-Afrika gekom en 'n onderwyspos by die Educational Institute in Kaapstad aanvaar. In 1879 het hy 'n oorlogskorrespondent aangaande die destydse Zoeloe-oorlog vir ***The Argus*** geword. Ná die oorlog was hy eers subredakteur en later redakteur van dieselfde koerant. Dormer het 'n geleentheid gesien om beheer oor dié koerant te verkry, wat hy toe ook met die finansiële ondersteuning van Cecil Rhodes reggekry het. Op 1 Julie 1881 het Dormer ***The Argus*** vir £6 000 van Saul Solomon gekoop. Om die belange van ***The Argus*** en Dormer se eiendomsreg verder te konsolideer en 'n eie drukkery vir die koerant te bekom, is die Argus Printing en Publishing Company of Cape Town, Limited in 1886 gestig met Dormer as besturende direkteur.[19]

Dormer het verwikkelinge in die noorde dopgehou. Goud is in 1886 op die Witwatersrand ontdek en in Februarie 1887 het die direkteure van die Argus-maatskappy besluit om 'n tak van die maatskappy in die Transvaal te stig.[20] Dormer is toe na Johannesburg en hy het daarin geslaag om ***The Eastern Star*** oor te neem.[21] Hierdie koerant het sy ontstaan te danke aan die samesmelting van twee Grahamstadse koerante in 1871: ***The Grahamstown Advertiser***, wat aanvanklik bekend was as ***The Great Eastern***, en die ***Anglo-African***. Aanvanklik het J.V. O'Brien en Thomas Sheffield ***The Eastern Star*** tweeweekliks in Grahamstad gepubliseer.[22] Thomas Sheffield en sy broer, George, het toe die koerant en drukkery by O'Brien oorgeneem. Weens 'n ekonomiese depressie in die Oostelike Provinsie het die Sheffields daarna besluit om hulle koerant na die meer belowende

---

[19] L.E. Neame: *Today's News Today*, pp. 16 – 26; F.J. Dormer: *Vengeance as a policy in Afrikanderland*, p. 241; J. de Villiers: South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study, p. 315; *The Star*, 27.04.1910, p. 8 (The Star); W. de Kock: *A Manner of Speaking*, pp. 109 – 110; A.J. Smith: *The Spread of Printing*, p. 48; F. Barton: *The Press of Africa*, p. 191; The Star Becomes a Daily Newspaper (*The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947, p. 3). I. Benson: *The Opinion Makers*, p. 43 verklaar verkeerdelik dat die maatskappy in 1888 gestig is.

[20] L.E. Neame: *Today's News Today*, p. 29; The Star Becomes a Daily Newspaper (*The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947, p. 3).

[21] E. Potter: *The Press as Opposition*, p. 39; W. de Kock: *A Manner of Speaking*, p. 110; The Star Becomes a Daily Newspaper (*The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947, p. 3); J. Clarke: From Anthill to Newspaper (*The Star 100 Years of Newspapering 1887 – 1987 Souvenir Supplement*, 16.10.1987, p. 8); *The Story of the Star 1887 – 1987*, g.p.

[22] (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, p. 56; A.H. Smith: *The Spread of Printing*, p. 128; Birth of The Star (*The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947, p. 1); J. Clarke: From Anthill to Newspaper *(The Star 100 Years of Newspapering 1887 – 1987 Souvenir Supplement*, 16.10.1987, p. 7); *The Story of the Star 1887 – 1987*, g.p.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Witwatersrand te verskuif.[23] Die drukpers is in 1887 per spoor na Kimberley[24] en vandaar per ossewa na Johannesburg vervoer.[25] Vanaf 17 Oktober 1887 het ***The Eastern Star*** as 'n drieweeklikse aandkoerant in Johannesburg verskyn.[26]

Toe Dormer in Johannesburg gaan ondersoek instel het met die doel om die Argus-maatskappy se belange daarheen uit te brei, was ***The Eastern Star*** die koerant op die Rand wat die meeste belofte ingehou het. Gevolglik het hy met die Sheffields onderhandelinge aangeknoop met die oog op 'n moontlike samesmelting. Die Sheffields het tot samesmelting ingestem en 'n nuwe maatskappy, die Argus Printing and Publishing Company, Limited, is in Junie 1889 met 'n kapitaal van £70 000 gestig. Die Argus Printing and Publishing Company of Cape Town, Limited, is as geheel oorgeneem en die aandeelhours daarvan het 'n gelyke aantal aandele in die nuwe maatskappy ontvang. F.J. Dormer was die besturende direkteur en Thomas Sheffield die eerste redakteur. Daar is ook aangekondig dat die naam van die koerant na ***The Star*** verander sou word. Op 1 Julie 1889 het ***The Star*** 'n dagblad geword.[27]

---

[23] L.E. Neame: *Today's News Today*, pp. 34 – 35; W. de Kock: *A Manner of Speaking*, p. 7; A.H. Smith: *The Spread of Printing*, pp. 123, 128; How The Star Came to President Street in 1887 (*The Star*, 21.09.1936, n.p.); Birth of The Star (*The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947, p. 3).

[24] L.E. Neame: *Today's News Today*, p. 36; A.H. Smith: *The Spread of Printing*, p. 123; How The Star Came to President Street in 1887 (*The Star*, 21.09.1936, n.p.); Birth of The Star *(The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947, p. 1).

[25] R. Ainslie: *The Press in Africa*, p. 42; D.H. Ollemans: History and Development of the South African Press (*The Forum*, Vol. 5, August 1952, p. 13); D.H. Varley: *A Short History of the Newspaper Press in South Africa, 1652 – 1952*, p. 25; W. de Kock: *A Manner of Speaking*, p. 7; A.H. Smith: *The Spread of Printing*, pp. 123, 128; F. Barton: *The Press of Africa*, p. 191; How The Star Came to President Street in 1887 (*The Star*, 21.09.1936, n.p.); Birth of The Star (*The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947, p. 1).

[26] L.E. Neame: *Today's News Today*, p. 37; J. de Villiers: South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study, p. 312; A.H. Smith: *The Spread of Printing*, p. 123; How The Star Came to President Street in 1887 (*The Star*, 21.09.1936, n.p.); Birth of The Star (*The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947, p. 1); J. Clarke: From Anthill to Newspaper (*The Star 100 Years of Newspapering 1887 – 1987 Souvenir Supplement*, 16.10.1987, p. 8).

[27] L.E. Neame: *Today's News Today*, pp. 41 – 48; J. de Villiers: South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study, p. 315; (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, p. 56; *The Star*, 27.04.1910, p. 8 (The Star); W. de Kock: *A Manner of Speaking*, p. 7; F. Barton: *The Press of Africa*, p. 192; A.H. Smith: *The Spread of Printing*, p. 123; How The Star Came to President Street in 1887 (*The Star*, 21.09.1936, n.p.); Birth of The Star (*The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947, p. 1); The Star Becomes a Daily Newspaper (*The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947, p. 3); J. Clarke: From Anthill to Newspaper (*The Star 100 Years of Newspapering 1887 – 1987 Souvenir Supplement*, 16.10.1987, p. 8); *The Story of the Star 1887 – 1987*, g.p. Kyk ook (TAB) CS Vol. 631, file no. 5908, Registration of The Star.

Stellenbosch University .http://scholar.sun.ac.za

Van meet af aan het ***The Star*** die goudmynindustrie en die Uitlandergemeenskap se belange op die hart gedra.[28] In 1889 het die amalgamasie van die diamantmyne gekulmineer in die stigting van De Beers Consolidated Mines, Limited, en in dieselfde jaar het die myneienaars aan die Rand met die stigting van die Witwatersrandse Kamer van Mynwese hulle aktiwiteite gekoördineer. Soos in Kimberley, het die eienaarskap van die minerale bronne aan die Rand in die besit van 'n klein groepe beherende maatskappye gekom, omdat net hulle in staat was om die reuse kapitaalbedrae, waarmee diepvlakgouddelwerye gefinansier moes word, te verskaf.[29] Verreweg die belangrikste van hierdie beherende mynmaatskappye of "mynhuise" was H. Eckstein & Co., algemeen bekend as "Corner House", wat al die Transvaalse goudmynbelange van Wernher, Beit & Co. van Londen beheer het. Ander leidende mynmaatskappye was onder meer dié van Albu, Barnato (wat die Johannesburg Consolidated Investment Company beheer het), Consolidated Goldfields of South Africa Gold Trust Limited, wat met Cecil Rhodes se belange verbind was, asook dié van Farrar, Goerz, Neumann en die Robinson-groep.[30] Direk en indirek het hierdie maatskappye 'n geweldige groot invloed uitgeoefen en hulle was ook groot aandeelhouers in die pers.[31]

Teen 1895 was Cecil Rhodes, Barney Barnato, Wolff Joel, S.B. Joel, Hermann Eckstein en J.B. Robinson almal aandeelhouers in die Argus-maatskappy. In dieselfde jaar is die kapitaal van hierdie maatskappy tot £100 000 vermeerder met die uitreiking van nog 30 000 aandele, waarvan S.B. Joel 20 162 opgeneem het. Bogenoemde persone het 37 009 van die 100 000 aandele in die Argus Printing and Publising Co., Ltd. besit. Dit blyk dus dat kort na die stigting van hierdie maatskappy persone en belange wat prominent in die goud- en diamantindustrieë gefigureer het, groot aandeelhouers in die Argus-maatskappy was.[32] Die

---

28 E.B. Rose: *The Truth about the Transvaal*, pp. 77, 80; *The Star*, 27.04.1910, p. 8 (The Star); M.H. Kunneke: Hertzogisme: Genl. J.B.M. Hertzog in die Engelstalige Pers, 1908 – 1914, p. ii.

29 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 26.

30 *Ibid.*, A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 - 1907, p. 8.

31 A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 - 1907, p. 9; I. Benson: *The Opinion Makers*, pp. 44 – 45. Kyk ook A.P. Cartwright: *Golden Age*, pp. 16 – 17, 74 en R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 57.

32 F. Barton: *The Press of Africa*, p. 191; I. Benson: *The Opinion Makers*, p. 44; (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, p. 58. Laasgenoemde publikasie gee ook 'n breedvoerige uiteensetting van al die maatskappye, direkteure, ens. wat van 1910 tot 1960 aandele in die Argus-groep gehad het. Kyk bv. Vol. I, pp. 240 – 241, 245, 277 – 279, 291 en Annexure IV, pp. 58 – 61, 126, 134 – 135, 145, 155 – 156, 164.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

myn- en kommersiële stukrag agter die ontstaan van die Argus-maatskappy sou 'n blywende stempel op die maatskappy se toekomstige beleid plaas en sou ook aan sy koerante in meer as een opsig 'n voorsprong bo hulle mededingers gee.[33]

Die noue verbintenis wat tussen die Argus-maatskappy en Corner House bestaan het,[34] het ***The Star*** skerp kritiek, veral vanuit arbeidergeledere, op die hals gehaal. ***The Worker***, die amptelike blad van die SAAP, het selfs gesuggereer dat die verbintenis tussen Corner House en ***The Star*** so magtig was dat dit die regering beheer het:

> "*The 'Star' was once said to be in telephone communication with Corner House. We understand now that* [the] *only way to get in touch with the Ministers in Pretoria is to speak from the 'Star' office*".[35]

So ook het die ***Rand Daily Mail***, wat as gevolg van sy redakteur, Ward Jackson, se "pro-blanke arbeidsbeleid" die reputasie verwerf het dat dit 'n vriend en ondersteuner van die blanke werkers en spesifiek die blanke mynwerkers was, ***The Star***, met wie eersgenoemde gedurig haaks was, by geleentheid aangeval:

> "*It is none the less the truth, however, that the paper is controlled...by those who have always exacted from Editors, and others, the most implicit obedience.... There is always but one alternative for those who presume to question the wisdom, and condemn the stupidity, of the Chamber of Mines, and that is the sack*".[36]

Voor Uniewording was ***The Star*** polities gesproke die mondstuk van die Progressive Party en in die eerste Transvaalse parlementêre verkiesing in 1907 het dit hierdie party gesteun.[37] Aangesien die Kamer van Mynwese die Progressive Party gefinansier en beheer het,[38] is

---

33 E. Potter: *The Press as Opposition*, p. 39.

34 T.E.G. Cutten: The History and Growth of the South African Press, p. 57.

35 *The Worker*, 16.10.1913, p. 1 ("One Hoss Philosopher": Random shots for Labourites).

36 J. Mervis: *The Fourth Estate*, pp. 95 – 99, 136. I.v.m. die *Rand Daily Mail* se pro-arbeider houding, kyk ook D.A.S. Herbst: Die Dilemma van die Moderne Koerant, p. 163 en hfst. 3, p. 110 hierna.

37 P.F. van der Schyff: Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910 - 1921, p. 13; W.A. Kleynhans: Politieke Strominge en Verantwoordelike Bestuur in Transvaal, 1905 – 1909, p. 62; E. Potter: *The Press as Opposition*, p. 41.

38 W.K. Hancock: *Smuts The Sanguine Years, 1870 - 1919*, p. 202; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 83.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The Star ook as mondstuk van die Kamer beskou.[39] Hierdie, sowel as al die bogenoemde verbintenisse van ***The Star*** met die Randse goudmynbelange, het onder meer veroorsaak dat die gepeupel die koerant se kantore op 4 Julie 1913, tydens die mynwerkerstaking van daardie jaar, afgebrand het.[40]

Oor die objektiwiteit, al dan nie, van ***The Star*** is die beskikbare bronne teenstrydig. Gevolglik moet daar eers na die verskillende standpunte gekyk word alvorens 'n finale uitspraak gelewer kan word. Lindsay-Smith, 'n joernalis wat 'n studie van die pers in Suid-Afrika gemaak het, maak die stelling dat daar waarskynlik geen parallel in die geskiedenis is waar 'n industrie die pers beheer het soos die geval was met die mynindustrie in Suid-Afrika nie.[41] Volgens Rosalynde Ainslie was die kern van die mag van die pers in Suid-Afrika nie die regering of Fleet Street in Londen nie, maar die Kamer van Mynwese. Mynkapitaal het 'n rol gespeel in die finansiering van die meeste van die grootste Engelstalige koerante in Suid-Afrika en was by uitstek die mag agter die Argus-groep.[42]

Die breë beleid wat die pers (in hierdie geval ***The Star***) in Suid-Afrika gevolg het, het uit die land se ekonomiese posisie gegroei, wat op sy beurt van die voorspoed van die goudmynbedryf afhanklik was. Die beleid van die Argus-maatskappy was dus uiteraard dat dit wat in die belang van die goudmyne was, in die belang van Suid-Afrika as geheel was. Om hierdie stelling te staaf, verwys Lindsay-Smith na die Randse staking van 1922 waartydens sekere berigte van verslaggewers aangaande die onluste aanvanklik nie gepubliseer is nie, aangesien dit met die belange van die mynhuise gebots het.[43] Die afleiding sou dus gemaak kon word dat dieselfde prosedure heelwaarskynlik ook tydens die stakings van 1913 en 1914 gevolg is. ***The War on War Gazette*** beweer inderdaad dat ***The Star*** ter beskerming van die belange van die goudmynindustrie die openbare mening tydens die staking van Januarie 1914 doelbewus gemanipuleer het. Volgens die ***Gazette*** het die Oosrandse uitgawe van ***The Star*** verklaar dat die werkers aan die Wesrand hulle werk

---

39 F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 50; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 72.

40 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 54. Kyk ook hfst. 7, p. 398.

41 H. Lindsay-Smith: *Behind the Press in South Africa*, p. 145.

42 R. Ainslie: *The Press in Africa*, p. 74.

43 H. Lindsay-Smith: *Behind the Press in South Africa*, pp. 71 – 73. I.v.m. die staking van 1922, kyk hfst. 7, pp. 427 - 463.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hervat het, terwyl die Wesrandse uitgawe dieselfde van die werkers aan die Oosrand gesê het. Die implikasie van ***The War on War Gazette*** was dat hierdie berigte geplaas is vóórdat die staking in werklikheid amptelik beëindig is en werksaamhede hervat is.[44]

Lindsay-Smith beweer voorts dat dit die algemene beleid van "een spesifieke koerantgroep" was (en hiermee impliseer hy ook die koerante van die Argus-maatskappy) dat alle inligting wat op die mynindustrie betrekking gehad het voor publikasie aan die industrie vir goedkeuring voorgelê moes word. Sou sodanige beriggewing dan enigsins met die mynbeleid gebots het, is dit óf geskrap óf verander sodat dit nie aanstoot in die gemelde kringe sou gee nie.[45] Potter verklaar ook dat dit opvallend is dat geeneen van die sogenaamde "establishment" Engelstalige koerante die Suid-Afrikaanse mynindustrie al aan ernstige openbare ondersoek blootgestel het nie.[46]

Ten spyte van ***The Star*** se uitgesprokenheid ten opsigte van die regering en ander openbare instansies, polisieoptredes, omkopery, korrupsie en die regte van swartmense, het hierdie uitgesprokenheid nie met die belange van die goudmynbedryf of met staatsbelange wat aan die goudmynbedryf verwant is, gebots nie. Lindsay-Smith maak die afleiding dat direkteure van die mynhuise ook direkteure van die Argus-maatskappy was om te verseker dat die maatskappy se koerante die belange van die mynbedryf en die kapitaal daaragter sou bevorder en nie aspekte sou aanroer wat die bedryf en die kapitaal wat dit moontlik kon lok, sou benadeel nie.[47]

Vir die goudmynindustrie is 'n gunstige pers 'n baie belangrike faktor.[48] Die feit dat mynbelange die Engelstalige pers gedomineer het, kan volgens Potter nie weerlê word nie. Volgens haar het die verslag van 'n regeringskommissie van ondersoek, "Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964", tot die gevolgtrekking gekom dat die persone wat in beheer gestaan het van die finansiële instellings, wat op hulle beurt weer die

---

44 *The War on War Gazette*, 10.10.1914, p. 1 (Current War Cries). I.v.m. hierdie koerant, kyk hfst. 5, pp. 225 - 237.

45 H. Lindsay-Smith: *Behind the Press in South Africa*, pp. 73 – 74.

46 E. Potter: *The Press as Opposition*, p. 59.

47 H. Lindsay-Smith: *Behind the Press in South Africa*, pp. 77, 84 – 85.

48 *Ibid.*, p. 145.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belangrikste stedelike koerante beheer het, in der waarheid die beleidrigtings van hierdie koerante bepaal het. In die sin dat 'n eienaar die gestelde riglyne bepaal waarvolgens sy koerant funksioneer, was hierdie afleiding volgens Potter ongetwyfeld korrek.[49]

Daarteenoor verklaar Mawby dat, alhoewel daar aansienlike skakels tussen die mynbelange en die destydse drie belangrikste Johannesburgse koerante – ***The Star***, die ***Rand Daily Mail*** en ***The Transvaal Leader*** – bestaan het, was hierdie skakels nie naastenby so direk of magtig soos wat in die bogenoemde gevalle gesuggereer word nie en was hulle geensins spreekbuise van enige mynhuis of mynbelange nie. Die verhoudings tussen die redakteurs van die genoemde drie koerante en die mynmagnate wat daarby belang gehad het, was van so 'n aard dat eersgenoemde aansienlike redaksionele onafhanklikheid geniet het, aldus Mawby.[50] De Villiers, wat heelwat kritiek op Lindsay-Smith se stellings lewer, huldig 'n soortgelyke mening as dié van Mawby.[51] Daarby verklaar Yudelman dat die Unionistiese politikus en mynmagnaat, sir Lionel Phillips, van mening was dat die steun van buitestaanders vir die mynwerkgewers en mynbelange deur middel van die pers gemobiliseer moes word en dat hy ook die beheer van sy maatskappy oor verskeie Transvaalse Engelssprekende koerante wou behou en verstewig. Gevolglik het die Kamer van Mynwese besluit om 'n aantal advertensies in die pers te plaas om sodoende sy beeld onder die Randse gemeenskap te verbeter. Teen Maart 1922 het die advertensieveldtog reeds ongeveer £10 000 bedra. Volgens Yudelman was hierdie aksie van die Kamer van Mynwese 'n bewys dat direkte invloed van die mynbedryf op die redaksionele inhoud van die pers beperk was, ten spyte van die feit dat die betrokke pers in 'n groot mate deur mynkapitaal besit is.[52]

Morris Broughton sê dat die koerante van die Argus-maatskappy se beleid deur die direkteure bepaal is en dat hulle hulself die reg voorbehou het om spesifieke instruksies te

---

[49] E. Potter: *The Press as Opposition*, pp. 54 – 55.

[50] A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 - 1907, pp. 356 – 357, 362.

[51] Kyk J. de Villiers: South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study, pp. 347 – 353.

[52] D. Yudelman: *The Emergence of Modern South Africa*, pp. 90, 173.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gee indien dit nodig sou wees. Dit verduidelik by wie die finale gesag berus het.[53] Klaarblyklik is as redakteurs (net) persone aangestel wat hulle met die politieke sienswyses en beleid van die eienaars van ***The Star*** en Argus-maatskappy oor imperiale en Suid-Afrikaanse vraagstukke vereenselwig het, sodat die eienaars se beheer daaroor "min of meer minimaal" kon wees.[54] Sodanige redakteurs sou gevolglik belangrike politieke vraagstukke onbelemmerd na eie goeddunke kon hanteer.[55]

Mawby is van mening dat die briewekolomme, nuusdekking en beriggewing van ***The Star*** merkwaardig vry was van politieke vooroordeel. In die briewekolomme kon iemand van enige sienswyse sy saak stel.[56] Gevolglik het die briewekolomme 'n erkende kanaal geword waardeur openbare figure en organisasies menings gelug en geskille bygelê het. Selfs die onderskeie politieke groepe onder die arbeiders het hierdie kolomme as 'n verhoog verbruik om hulle sienswyses uit te spreek. In sulke gevalle het lang briewe of reekse van briewe die betrokke persoon of organisasie se menings weergegee en is dit ten volle gepubliseer.[57]

In die geval van nuusberigte is 'n soortgelyke beleid gevolg. Oor politieke en semi-politieke toesprake, vergaderings en gebeurtenisse van elke politieke skakering is breedvoerig berig. Die grootte, prominensie en lokaliteit van 'n gebeurtenis, en nie die politieke oorwegings nie, het geblyk die enigste kriterium te wees vir die bepaling van die omvang van sodanige beriggewing. Kleiner politieke vergaderings het gelyke dekking gekry, of dit nou 'n Progressiewe-vergadering, 'n Het Volk-vergadering, 'n Arbeider-vergadering of 'n Onafhanklike vergadering was. Oor groter politieke vergaderings en oor leidende politici van alle spektra is in detail berigte geplaas.[58] In hierdie verband is ***The***

---

[53] M. Broughton: *Press & Politics of South Africa*, p. 83. Kyk ook I. Benson: *The Press and Public Opinion*, p. 23 en I. Benson: *The Opinion Makers*, pp. 39 – 40.

[54] A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 - 1907, p. 361; E. Potter: *The Press as Opposition*, pp. 55, 61; A. Sussens: The English Language Press (*South Africa Today*, 1964 - 1965, p. 79); I. Benson: *The Opinion Makers*, p. 48.

[55] A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 - 1907, p. 361. Kyk ook I. Benson: *The Press and Public Opinion*, p. 21.

[56] A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 - 1907, p. 362. Kyk ook L.E. Neame: *Today's News Today*, p. 152.

[57] A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 - 1907, pp. 362 – 363.

[58] A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 – 1907, pp. 363 – 364. Kyk ook L.E. Neame: *Today's News Today*, p. 85.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Star vanuit 'n onverwagte oord "gekomplimenteer". Die ekstremistiese werkersblad, ***Voice of Labour***, het verklaar:

> "*As for the attitude of the Star everybody knows that it is the fairest and most open of all capitalistic dailies. We have been constantly refused space by the* [Transvaal] *Leader, oftener by the* [Rand Daily] *Mail, which is the meanest and most contemptible of all the papers, but never by the Star. We grant that it represents the extreme capitalist view, but that is all the better, for we know that it is our enemy, whereas the R.D. Mail poses as a friend, wins the workers' confidence, exercises a strict censorship over letters and articles, and, at Election times, sells the workers to the same class of people which owns and controls the Star*".[59]

Die destydse gebruik om toesprake *verbatim* te publiseer, het subjektiwiteit in beriggewing beperk. ***The Star*** was bereid om beskuldigings teen die koerant self te publiseer en om 'n afskrif van 'n spreker se toespraak aan hom voor te lê voor publikasie. Dit is dus onwaarskynlik dat enige noemenswaardige verdraaiings van 'n politieke standpunt gepubliseer is of dat daarmee volhard is.[60] Mawby gee wel toe dat die redakteurs subjektiewe menings in redaksionele kommentaar en spotprente geopenbaar het, maar beweer dat dit 'n minimale invloed op die briewekolomme, nuusdekking en beriggewing uitgeoefen het. Die mynhuise se invloed oor aktuele nuusdekking en beriggewing het in die praktyk egter nie bestaan nie. Die steun wat die Progressive Association in die pers geniet het, was as gevolg van redaksionele steun en nie as gevolg van bevooroordeelde beriggewing nie.[61]

Vir soverre dit die materiaal betref wat uit ***The Star*** vir die doeleindes van hierdie studie verkry is, blyk Mawby se afleidings grootliks korrek te wees. Die briewekolomme is

---

59 *Voice of Labour*, 21.01.1910, p. 29 (The Argus Company and Trade Unionism); *The Star*, 24.01.1910, p. 8(Supporting "The Star").

60 A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 - 1907, p. 364 – 365.

61 A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 – 1907, p. 365. Kyk ook E. Potter: *The Press as Opposition*, p. 78.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inderdaad deur persone uit arbeidergeledere gebruik om hulle menings te lug.[62] Reekse briewe en reaksie op briewe is geplaas.[63] Beskuldigings van korrespondente teen ***The Star***, dat hulle briewe verkeerd aangehaal of verkeerd geïnterpreteer is, asook versoeke om regstellings, is ewe-eens in korrespondensiestukke gepubliseer.[64] C.H. Haggar, die algemene sekretaris van die SAAP in 1910, het ***The Star*** byvoorbeeld daarvan beskuldig dat 'n gedeelte van 'n brief van hom vir publikasie weggelaat is. Die redakteur het daarop gereageer deur nadruklik in die koerant te verklaar dat Haggar se brief woord vir woord, soos dit ontvang is, gepubliseer is.[65]

Oor politieke toesprake[66] en vergaderings is objektief, breedvoerig en ewewigtig verslag gedoen.[67] Dit moet egter beklemtoon word dat ***The Star***, soos trouens al die publikasies wat in hierdie studie behandel word, spesifieke steun aan die een of ander politieke party, organisasie of saak verleen het.[68] Hierdie steun het veral in die redaksionele kolomme tot uiting gekom. In ***The Star*** se hoofartikels is dit byvoorbeeld duidelik gestel dat dié koerant geen simpatie met militante sosialisme gehad het nie.[69] Tog was die koerant bereid om artikels van korrespondente oor hierdie onderwerp te plaas.[70] ***The Star*** was ook teen die vakbondwese gekant.[71] Verder het dit die SAAP teengestaan, omdat daardie party na die koerant se menings sosialistiese oogmerke in sy program van beginsels opgeneem het. ***The Star*** het ook die Het Volk-party van genl. Botha sterk geopponeer. Dit het gepoog om Het Volk teen die Arbeidersparty af te speel en het voortdurend probeer bewys dat dié twee partye eintlik tydens verkiesings in die geheim saamgewerk het.[72]

---

62 Kyk bv. *The Star*, 17.03.1909, p. 9 ("Local Industry": Union and Labour); *Ibid.*, 02.10.1909, p. 10 ("Sympathiser with White Labour": White Labour).

63 *Ibid.*, 10.03.1910, p. 7 (J.W. Quin: Coloured Children); *Ibid.*, 14.03.1910, p. 4 (J.J. Ware: Coloured Children).

64 *Ibid.*, 12.01.1909, p. 11 (A. Brittlebank: Socialism in Practice).

65 *Ibid.*, 29.06.1910, p. 8 (C.H. Haggar: A False Charge).

66 *Ibid.*, 20.02.1909, p. 10 (The Labour View); *Ibid.*, 04.09.1916, p. 8 (Labour Politics); *Ibid.*, 22.09.1919, p. 4 (Bolshevism Approved).

67 *Ibid.*, 10.10.1908, p. 10 (Municipal Elections); *Ibid.*, 19.02.1909, p. 8 (Labour Member's Views); *Ibid.*, 21.05.1919, p. 9 (Cost of Living).

68 Kyk bv. Voetnoot nr. 37, p. 35.

69 *The Star*, 05.07.1910, p. 8 (Hoofartikel). Kyk ook *Voice of Labour*, 09.10.1909, p. 7 (Notes of the Week) en C.F. Miles-Cadman: *Socialism for South Africa*, pp. 25, 45.

70 Kyk bv. *The Star*, 28.04.1909, p. 5 (A. Brittlebank: Socialist Rule).

71 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 53.

72 *The Star*, 19.07.1910, p. 6 (The Labour Party).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tog verklaar C.D. Don, 'n voormalige redakteur van ***The Star***, dat hy hom dit ten doel gestel het om die persepsie dat die koerant anti-Arbeid was, af te breek. Volgens Don was die destydse president van die Kamer van Mynwese, E.A. Wallers, ook gretig dat hierdie siening sou verdwyn in soverre dit die bestuur van die mynindustrie betref het. Don verklaar voorts dat hy tussen 1918 en 1922, die tydperk van groot industriële onrus in Suid-Afrika, persoonlik op goeie voet met die meeste van die vakbondleiers verkeer het en dat hulle hom op kantoor by verskeie geleenthede om advies genader het.[73]

2.2 *DIE BURGER*

Teen die einde van 1914 het die Hertzog- of Nasionaalgesinde Afrikaansprekendes van Suid-Afrika in politieke wanhoop verkeer en soos vreemdelinge in hulle eie land gevoel. Genl. J.B.M. Hertzog, die kampvegter en leier van die Nasionaalgesindes, is in 1912 uit die hersaamgestelde kabinet van genl. Botha weggelaat omdat hy van mening was dat Botha se konsiliasiebeleid Britsgesinde Engelssprekendes bo die Afrikaners bevoordeel het en Suid-Afrika se belange aan dié van die Britse Ryk ondergeskik gestel het. Hertzog het slegs 'n handjievol politieke gesagsdraers as ondersteuners gehad en tydens die uniale kongres van die Suid-Afrikaanse Nasionale Party (SAP) in November 1913 het die Afrikanerdom polities geskeur met die Hertzog-ondersteuners in die minderheid. Die tragiese gevolge van die Rebellie van 1914 het die verdeeldheid en verbittering in Afrikanergeledere vererger met die dood van leiers soos De la Rey, Beyers en Jopie Fourie en met Afrikanerleiers soos genls. J.C.G. Kemp, C.R. de Wet en M. Maritz in die gevangenis. Boonop het hulle swaar finansiële skuldverpligtinge, voortspruitend uit die Rebellie, in die gesig gestaar. Die Nasionale Party van Hertzog, wat 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme voorgestaan het, was in daardie stadium hoofsaaklik streeksgebonde en nog nie op 'n nasionale basis gevestig nie. Bo alles het die polities, maatskaplik en kerklik verdeelde Afrikanerdom hom midde in die Eerste Wêreldoorlog bevind waar sy regeringsleiers hulle aan die kant van Brittanje geskaar

[73] C.D. Don: *And Having Writ...*, p. 129.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
het terwyl die bittere herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog van slegs twaalf jaar tevore nog vars in die geheue was.[74]

Daar was wel persorgane wat veral sedert 1912 genl. Hertzog se beleidstandpunte gesteun het, soos ***Die Voorloper*** in Kaapstad, ***De Week***, ***Het Volk***, ***Het Westen*** (Later ***Het Volksblad*** genoem) en ***De Spectator*** in Transvaal, en ***De Vriend des Volks*** en ***The Friend*** in Bloemfontein. Sommiges, soos ***Die Voorloper***, ***De Week*** en ***Het Volk***, het slegs 'n kortstondige bestaan gevoer, terwyl andere soos ***The Friend*** en ***De Vriend des Volk***s, mettertyd die SAP begin steun het. Daarbenewens was die meeste van hierdie mondstukke boonop week- of halfweeklikse blaaie. Gevolglik was hulle sirkulasiesyfers laag en hulle politieke invloedsfere relatief beperk.[75] Hollandstalige blaaie wat wel aansien onder Afrikaanssprekendes gehad het en politieke invloed op hulle uitgeoefen het, soos ***De Volkstem*** in die Transvaal en ***Ons Land*** in Kaapland, het in elk geval genl. Botha en die beleidsrigtings van die SAP gesteun.[76]

---

[74] B.J. Liebenberg: Van die Unie van Suid-Afrika tot die Statuut van Westminster, 1910 – 1931 (C.F.J. Muller, red.: *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 385 – 391, 393 – 396); D.W. Kruger: Die Bewind van Generaals Botha en Smuts, 1910 – 1924 (A.J.H. van der Walt, *et al*, reds.: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 485 – 487, 492 – 498); O. Geyser en A.H. Marais, reds.: *Die Nasionale Party*, I, hfste. 4 en 6; D.F. Malan: Persoonlike Herinnerings (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 6); C.R. Swart: Hoe dit was voor die koms van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 7); R. van Reenen: In Heemstede het dit begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 2); P.O. Sauer: Die Burger en die Party: Tesame een geheel (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 10).

[75] C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide: Geboorte en Groei van die Nasionale Pers 1915 - 1948*, pp. 21, 28 – 31, 33, 66 – 67, 76 – 77, 80, 150, 179; R. van Reenen: Ontvangenis van De Burger (J.P. Scannell, red.: *Keeromstraat 30*, p. 3): I.W. van Tonder: *Oom Izak van Kaapstad kyk terug*, p. 17; G. Pretorius: *Man van die Daad*, p. 58; J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, pp. 129 – 130; N.J. le Roux: *W.A. Hofmeyr: Sy Werk en Waarde*, p. 53; H. Oost: *Wie is die Skuldiges?*, pp. 147 – 149; H. Reitz en H. Oost (reds.): *Die Nasionale Boek*, pp. 38, 41, 81; L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, pp. 2 – 3, 17 – 20, 24, 32 – 41, 53, 97; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, I, pp. 162, 237, 351; P.J. Nienaber: *'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika*, pp. 91, 117 – 118; J.C.H. Grobler: *Politieke leier of meeloper? Die lewe van Piet Grobler 1873 – 1942*, pp. 97 – 98, 104; J. de Villiers: South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study, pp. 361 – 362, 411, 439, 441; T.E.G. Cutten: The History and Growth of the South African Press, pp. 69 – 70; J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, I, pp. 95, 122 – 126, 138, 143 – 144; Die Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935, p. 4); Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 2); C.R. Swart; Hoe dit was voor die koms van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 7); (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, p. 307. I.v.m. *De Spectator* kyk ook *De Burger*, 04.07.1916 (Briewe van o'er die Vaal) en hfst. 7, pp. 454 – 455, 459 - 460.

[76] C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 29, 59, 76, 179; H. Oost: *Wie is die Skuldiges?*, pp. 144 – 145, 147; P.J. Nienaber: *'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika*, p. 28; B. Booyens: *Die Lewe van D.F. Malan*, p. 297; L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, pp. 37, 114; L.W. Hiemstra: Die Burger en die Taal (J.P. Scannell, red.: *Keeromstraat 30*, p. 54); F.J. van Heerden: Die Geboorte van die Nasionale Party 1913 - 1915 (O. Geyser en A.H. Marais, reds.: *Die Nasionale Party*, I, p. 141); J.C.H. Grobler: *Politieke leier of meeloper?*, pp. 81, 145, 189 – 190; J. de Villiers:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die onverdraagsame oorlogsgees, die Rebellie en die daarmee gepaardgaande amptelike perssensuur wat sedert 1914 in Suid-Afrika geheers het, was daar geen gevestigde, invloedryke mondstuk wat die politieke standpunte van die Nasionaalgesinde Afrikaners kon uitdra en verdedig en eendersdenkendes hegter kon saambind nie. Sonder 'n eie pers was die Nasionale Party-in-wording magteloos om gereeld die lesende publiek te bereik. Dit het ook met 'n magtige, vyandiggesinde, pro-regering pers as politieke teenstander te kampe gehad. Nasionaalgesinde politici se toesprake in die Volksraad of boodskappe aan die Afrikanervolk is óf verswyg, óf in verdraaide vorm gerapporteer. Ten opsigte van oorlogsnuus, alledaagse landsgebeure en volksvraagstukke moes die Afrikaner hom op die berigte en beskouings wat daagliks in die anti-Nasionale pers verskyn het, verlaat. Veral in Kaapland, waar daar teen die einde van 1914 nog geen party, mondstuk of leier vir Nasionaalgesindes was nie, was die behoefte aan 'n eie orgaan, waarsonder die Afrikaner se siening en vertolking van sy onmiddellike verlede, sy hede en sy toekoms nie tot sy reg sou kon kom nie, dus dwingend en dringend.[77]

In Julie 1903 het advokaat J.H.H. de Waal die redakteur van die toe pasgestigte letterkundige tydskrif en maandblad, ***De Goede Hoop***, geword. Hierdie tydskrif is deur die Botha- en Smutsgesinde ***Ons Land***-maatskappy uitgegee. De Waal het in die blad 'n rubriek "Opmerkingen", onder die skuilnaam "Jan van Rozenburg" behartig. Daarin het hy, veral na die uitsetting van Hertzog uit die Botha-kabinet aan die einde van 1912, skerp gereageer op alles wat hy as onnasionaal en onafrikaans beskou het. Toe die direksie van die maatskappy hom die stilswye wou oplê deur politieke artikels in ***De Goede Hoop*** te verbied, het De Waal sy betrekking in 1914 neergelê. Dit was 'n direkte aanleiding tot die oprigting van ***De Burger***. Die meeste bronne is dit eens dat De Waal sy vriend W.A. Hofmeyr gaan spreek het oor die noodsaaklikheid vir die daarstelling van 'n orgaan

---

South African Community and its Newspapers – A Socio-Historical Study, pp. 249, 427; J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, I, pp. 62 – 63, 112 – 113, 115; G.D. Scholtz: Die Afrikaner en sy pers (*Koers*, Nrs. 5 en 6, Jaargang XXXI, Nov. – Des. 1963, p. 358); C.R. Swart: Hoe dit was voor die koms van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 7).

77 C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 33, 50 – 51, 59, 61, 68 – 73, 162; R. van Reenen: Ontvangenis van Die Burger (J.P. Scannell, red.: *Keeromstraat 30*, p. 3); N.J. le Roux: *W.A. Hofmeyr: Sy Werk en Waarde*, p. 53; J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, p. 129; B. Booyens: *Die Lewe van D.F. Malan*, p. 297; H. Reitz en H. Oost (reds.): *Die Nasionale Boek*, p. 81; C.R. Swart: Hoe dit was voor die koms van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 7); G.D. Scholtz: Die Afrikaner en sy pers (*Koers*, Jaargang XXXI, Nrs. 5 en 6, Nov. – Des. 1963, p. 358).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat aan die Nasionale sienswyse uiting sou gee. Hulle idees het aangesluit by dié van 'n groep Stellenbosse ***De Goede Hoop***-lesers onder leiding van W.B. de Villiers wat dieselfde sienswyses oor 'n eie Nasionale blad gehuldig het.[78]

Op Vrydag 18 Desember 1914 het sestien Nasionaalgesinde Afrikaners op Stellenbosch in Heemstede, die huis van H.J. Bergh, bestuurder van die Stellenbosse Distriksbank, vergader. W.A. Hofmeyr was die voorsitter van die vergadering.[79] Die eerste voorstel op die vergadering, dié van H.D. Stiglingh, het soos volg gelui: "*Dat het wenslik is een Hollands nieuwsblad uit te geven, dat twee keer in de week zal verschijnen*". Nadat ander voorstelle ook gedebatteer is, is daar uiteindelik besluit dat sodanige blad aanvanklik drie maal per week as teenwig vir ***Ons Land*** uitgegee sou word. Onder die aanwesiges is 'n "eksploitasiefonds" van ongeveer £90 ingesamel en 'n "Kommissie van Oprigters", waarvan Hofmeyr die voorsitter en advokaat H.A. Fagan die sekretaris was, sou die totstandkoming van die beoogde koerantmaatskappy realiseer.[80]

Reeds tydens die volgende vergadering wat op 30 Desember 1914 aan huis van W.B. de Villiers op Stellenbosch belê is, kon die Kommissie van Oprigters rapporteer dat beloftes vir die opname van £1 035 aan aandele ontvang is. Die invloedryke, Nasionaalgesinde Volksraadslid vir Stellenbosch, J.H. Marais, het onderneem om £5 000 in

---

78 J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, pp. 130 – 131; G. Pretorius: *Man van die Daad*, p. 58; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 41, 52, 83; H. Reitz en H. Oost (reds.): *Die Nasionale Boek*, pp. 91, 453, 455; K. Tomaselli (*et al* eds): *The Press in South Africa*, p. 121; Die Ontstaan van die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935, p. 4); Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 2); R. van Reenen: In Heemstede het dit Begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 2); N.J. le Roux: Willie Hofmeyr: Hy was Vader van die Nasionale Pers (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 5); Wat Jan te veel gesê het (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975, p. 9).

79 C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 88 – 89; J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, p. 131; N.J. le Roux: *W.A. Hofmeyr: Sy Werk en Waarde*, p. 54; B. Booyens: *Die Lewe van D.F. Malan*, p. 297; I.W. van Tonder: *Oom Izak van Kaapstad Kyk Terug*, p. 19; Die Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935, p. 4); Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 2); R. van Reenen: In Heemstede het dit Begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 2). A.H. Jonker in H. Reitz en H. Oost (reds.): Die Nasionale Boek, p. 91, verklaar foutiewelik dat hierdie persone in die begin van 1915 vergader het.

80 J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, pp. 131 – 132; G. Pretorius: *Man van die Daad*, pp. 59 – 60; N.J. le Roux: *W.A. Hofmeyr: Sy Werk en Waarde*, pp. 54, 57 – 58, 60; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 88 – 89, 95 – 96, 99 – 100; B. Booyens: *Die Lewe van D.F. Malan*, p. 297; Die Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935, p. 4); Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 2); R. van Reenen: In Heemstede het dit Begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 2); (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, p. 308. Van Reenen se verklaring in J.P. Scannell (red.): *Keeromstraat 30*, p. 3, dat die "eksploitasiefonds" £900 bedra het, is heelwaarskynlik 'n drukfout.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die onderneming te belê, en sy broer, C.L. Marais, £1 000. Daar is toe besluit om tot die stigting van 'n maatskappy, "*De Nationale Koerant- en Drukpersmaatschappij Beperkt*" oor te gaan. Die hoofkwartier sou in Kaapstad wees. Die naam is die volgende maand na "*De Nationale Pers Beperkt*" verkort. Nadat verskeie voorstelle oorweeg is, is die voorstel van H.J. Bergh, dat die te stigte koerant ***De Burger*** sou heet, ook eenparig aanvaar.[81] Alhoewel een bron 'n moontlike verklaring bied vir die oorsprong van hierdie naam[82] meld ander bronne tog dat Barlow Brothers, die eienaars van ***The Friend of the Free State***, alreeds van 1893 tot 1900 'n Hollandstalige tweeweeklikse blad in die Vrystaat uitgegee het met die titel ***De Burger, Een Onafhanklik Oranje Vrijstaatsch Niewsblad.***[83]

'n "Komitee van Oprigters", wat intussen benoem is, het op 29 Maart 1915 'n verslag aangaande die aantal uitgawes per week aan 'n volledige vergadering van oprigters te Stellenbosch voorgelê. Na lewendige debatvoering oor die aangeleentheid is daar uiteindelik besluit dat ***De Burger*** as 'n dagblad uitgegee sou word. Dit sou deur die Remington-maatskappy van Kaapstad gedruk en versprei word. So sou ***De Burger*** – alhoewel aanvanklik Hollandstalig – later die eerste Afrikaanse dagblad in Suid-Afrika word en sy totstandkoming kan ook as die geboorte van die Afrikaanse dagpers beskou word.[84]

---

81 J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, pp. 132 – 133; G. Pretorius: *Man van die Daad*, pp. 60, 63; N.J. le Roux: *W.A. Hofmeyr: Sy Werk en Waarde*, pp. 62 – 64; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 95 – 97, 99 – 102, 104, 109; I.W. van Tonder: *Oom Izak van Kaapstad Kyk Terug*, pp. 19 - 20; H. Reitz en H. Oost (reds.): *Die Nasionale Boek*, pp. 91, 453, 543; K. Tomaselli (*et al* eds): *The Press in South Africa*, p. 121; Die Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935, p. 4); Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 2); R. van Reenen: In Heemstede het dit Begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 2); (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, p. 308. Sommige van hierdie bronne bevat drukfoute i.v.m. die vergaderdatum en die bedrae in aandele belê.

82 Kyk Groei met elke Verjaardag (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975, p. 2).

83 E.J.M. Conradie: *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, II, 1875 - 1905*, pp. 306 – 307, 310 – 311; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 114; A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, pp. 32, 67; J.C. Coetzee: *South African Newspapers on Microfilm*, p. 39; J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, I, pp. 92 – 93; T.E.G. Cutten: The History and Growth of the South African Press, p. 44; Twee Omgeruil? (*Die Burger Feesbylae: Nasionale Pers 1915 – 1990*, p. 16. Conradie en Coetzee verklaar dat *De Burger* tussen 1894 en 1897 verskyn het.

84 C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 12, 116 – 117; J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, pp. 127, 133 – 135, 159, 224; D.H. Varley: *A Short History of the Newspaper Press in South Africa 1652 – 1952*, p. 30; G. Pretorius: *Man van die Daad*, pp. 64, 74; R. Ainslie: *The Press in Africa*, p. 46; J. de Villiers: South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study, p. 445; Die Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935, p. 4); Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 2); R. van Reenen: In Heemstede het dit Begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 2);

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 30 Maart 1915 het die Komitee van Oprigters besluit om die hoofredakteurskap van ***De Burger*** aan dr. D.F. Malan, destyds predikant van die N.G.-Kerk in die gemeente Graaff-Reinet, aan te bied. Daar is verder besluit om W.A. Hofmeyr na Graaff-Reinet af te vaardig om dr. Malan, op grond van sy bekwaamheid as kragtige stryder vir die saak van die Nasionaalgesinde Afrikaners, te versoek om hoofredakteur van die voorgenome blad en terselfdertyd leier van die te stigte Nasionale Party in Kaapland te word. Tydens dieselfde vergadering is ook besluit om M. Wartena, destyds redaksielid van ***Ons Land***, as assistent-redakteur van ***De Burger*** en F.H. Dormehl as bestuurder aan te stel.[85] Na beraadslagings met W.A. Hofmeyr en na lang oorweging het dr. Malan met die aanmoediging en steun van prominente Afrikanerleiers, soos oud-president M.T. Steyn, genls. Hertzog en De Wet en ds. J.D. Kestell, teen 12 Mei 1915 besluit om die aanbod, om hoofredakteur van ***De Burger*** en leier van die Nasionaliste in Kaapland te word, te aanvaar.[86]

Daniël Francois Malan is op 22 Mei 1874 op die plaas Allesverloren naby Riebeeck-Wes gebore. Sy vader was 'n invloedryke ondersteuner van die destydse Afrikanderbond. Na 'n skoolopleiding op Riebeek-Wes het Malan in 1891 verder aan die Victoria Kollege op Stellenbosch gaan studeer waar hy in 1895 'n B.A.-graad behaal het. In 1896 het hy die Admissiekursus vir toelating tot die Stellenbosse Teologiese Seminarium geslaag. Alvorens sy teologiese studies in 1896 'n aanvang geneem het, het Malan 'n kwartaal lank onderwys op Swellendam gegee. In 1899 het hy 'n M.A.-graad in Filosofie behaal. In September 1900 het hy na die Universiteit van Utrecht in Nederland vertrek waar hy in

---

Man wat die Taal Verfoes (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975, p. 10); (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, p. 308.

85 J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, p. 134; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 118, 139; K. Tomaselli (*et al* eds): *The Press in South Africa* , p. 121; R. van Reenen: In Heemstede het dit Begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 2); Groei met elke verjaardag (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975, p. 2); Dr. D.F. Malan se wroeging oor pos (*Bylae by Die Burger*, 31.07.1990, p. 56). Sommige bronne verwar bogenoemde besluite met 'n vergadering van 20 April 1915, terwyl I.W. van Tonder: *Oom Izak van Kaapstad Kyk Terug*, p. 20 ook verkeerdelik verklaar dat die besluite op 30 Desember 1914 geneem is. Kyk ook Muller, pp. 132 en 140. Van Reenen, p. 2 en *Bylae by Die Burger*, 31.07.1990, p. 56, i.v.m. die vergadering van 20 April 1915.

86 D.F. Malan: *Afrikaner Volkseenheid en My Ervarings op die Pad daarheen*, pp. 32 – 34; N.J. le Roux: *W.A. Hofmeyr: Sy Werk en Waarde*, pp. 65 – 68; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 141 – 142; B. Booyens: *Die Lewe van D.F. Malan*, pp. 298 – 314; J.J. van Rooyen: *Die Nasionale Party*, pp. 32 – 36; P.R. Botha: Hier is hy nog (J.P. Scannell, red.: *Keeromstraat 30*, pp. 8 – 9); R. van Reenen: In Heemstede het dit Begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 2); Groei met elke vergadering (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975, p. 2; Dr. Malan se wroeging oor pos (*Bylae by Die Burger*, 31.07.1990, p. 56). Kyk ook Dr. Malan se aanvaardingsbrief in *Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1905 die graad Doktor in die Godgeleerdheid verwerf het. In dieselfde jaar is hy as N.G.-predikant op Heidelberg, Transvaal, gelegitimeer. Na ses maande het hy 'n beroep na Montagu aanvaar waar hy in 1906 bevestig is.

Dr. Malan het hom op politieke en kulturele gebied onderskei. Volgens Booyens was hy as pleitbesorger vir die Afrikanerkultuur en –nasionalisme die opvolger van die Boeregeneraals in die Suid-Afrikaanse politiek. Hy het hom veral beywer vir die opheffing van Afrikaners wat as gevolg van die Anglo-Boereoorlog verarm is. In 1908 het hy as voorsitter van die Afrikaanse Taalvereniging 'n pleidooi gelewer vir die erkenning van Afrikaans as geskrewe taal en in 1909 was hy 'n stigterslid van De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst. Hy het ook kerkeenheid bepleit. In 1913 het dr. Malan 'n beroep na Graaff-Reinet aangeneem.

In die politieke verwydering wat in daardie stadium tussen Botha en Hertzog ingetree het, het Malan se simpatie by laasgenoemde gelê. Dr. Malan was ook lid van die deputasie wat in 1914 vergeefs gepoog het om Jopie Fourie se doodsvonnis as gevolg van sy aandeel aan die Rebellie kwytgeskeld te kry. In 1919 was hy 'n lid van die "Vryheidsdeputasie" wat by Lloyd George van Brittanje in Parys, tydens die vredesonderhandelings na die Eerste Wêreldoorlog, politieke selfbeskikkingsreg vir Suid-Afrika gaan eis het. In 1915 het dr. Malan die Kaaplandse leier van die Nasionale Party geword en in 1919 Volksraadslid vir Calvinia. Dr. Malan het in 1924 Minister van Binnelandse Sake, Onderwys en Volksgesondheid in die Paktregering van genl. Hertzog geword en Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika na die oorwinning van die Nasionale Party in die verkiesing van 1948.[87]

Intussen het die Komitee van Oprigters die koms van die nuwe dagblad begin propageer. 'n Pamflet, getiteld ***De Burger, een nieuwsblad voor het Volk van Zuid-Afrika, Een Woord Vooraf***, is deur prof. J.J. Smith van Stellenbosch geskrywe. Duisende afdrukke daarvan, onder andere ook in Engels, is deur die land versprei. Daar is gewys op die

---

[87] Kyk. B. Booyens: *Die Lewe van D.F. Malan* vir gedetailleerde inligting. Kyk ook B. Booyens: D.F. Malan (C.J. Beyers, red.: *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, III, pp. 577 – 579, 582, 584); D.P. Goosen (red.): *Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910 – 1953*, pp. 19 – 20; M.P.A. Malan: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika: Sy Stryd en Sy Prestasies, 1914 – 1964*, pp. 310 – 311; H. Reitz en H. Oost (reds.): *Die Nasionale Boek*, p. 12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
noodsaaklikheid van 'n teenwig teen die enorme verspreiding van die Engelstalige pers en die "onnasionale" gees van die bestaande Hollandse pers. Op aanplakbiljette is die beleid van ***De Burger*** onder andere soos volg uiteengesit:

> "*Een Hollands dagblad, met een demokratiese kristelik-nasionale strekking, onafhankelik van Regerings- of Partijbeheer.*"[88]

'n Onverwagte terugslag het die Komitee van Oprigters getref toe die Remington-maatskappy as gevolg van anti-Nasionale politiekery sy kontrak vir die druk van ***De Burger*** gekanselleer het. As gevolg van die Eerste Wêreldoorlog was die direksie van ***The Cape Times*** in daardie stadium egter in 'n proses om sy bedrywighede in te kort. Die koerantafdeling en masjinerie van sy Johannesburgse filiaalmaatskappy wat die ***Transvaal Leader*** gedruk het, is aan die ***Rand Daily Mail*** verkoop. Laasgenoemde het sy aangekoopte mededinger gesluit en 'n koper vir die oortollige rolpers gesoek. Gevolglik is die rolpers namens De Nationale Pers Beperkt, wat op 12 Mei 1915 as maatskappy geregistreer is met W.A. Hofmeyr as eerste voorsitter van die direksie, vir die bedrag van £6 250 aangekoop met geld wat weereens deur J.H. Marais voorgeskiet is. Dit het die nuwe maatskappy ook geluk om voldoende ruimte in Keeromstraat 30, 'n gebou in Kaapstad wat vroeër ***The South African News*** gehuisves het, vir sy drukkery en kantore te bekom. Nadat daar slegs een proefnommer van die nuwe koerant op Saterdag 24 Julie 1915 gedruk is, het die eerste amptelike uitgawe van ***De Burger*** uiteindelik op Maandag 26 Julie 1915 met 'n formaat van 10 bladsye teen 1d per eksemplaar op straat verskyn.[89]

---

[88] J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, pp. 134 – 135; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 111 – 115, 145 – 148; Die Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935, p. 4); (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, p. 308. Kyk ook bekendstellingspamflet "*De Burger. The new Dutch Daily*" in (Bylae tot Die Burger, 23.07.1965, p. 11). I.v.m. die koerant se politieke beleid, kyk ook pp. 51 - 60, 63 - 66.

[89] C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 108, 125 – 131, 143 – 144, 160 – 161, 163 – 164; P.J. Nienaber: *'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika*, p. 119; H.R. Malan: Die Groei van die Nasionale Pers (J.P. Scannell, red.: *Keeromstraat 30*, pp. 12 – 14); J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, pp. 135 – 136, 138, 146 – 147, 149; N.J. le Roux: *W.A. Hofmeyr: Sy Werk en Waarde*, pp. 69 – 72; I.W. van Tonder: *Oom Izak van Kaapstad Kyk Terug*, pp. 20 – 22; H. Reitz en H. Oost (reds.): *Die Nasionale Boek*, p. 91; G. Pretorius: *Man van die Daad*, pp. 67 – 68; Die Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935, pp. 4 – 5); Twintig Jaar van Troue Diens (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935, p. 3); Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 2); R. van Reenen: In Heemstede het dit Begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, pp. 2 – 3); L. Louw: Reusagtige Ontwikkeling op Tegniese Gebied in 'n Halfeeu (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 14); (SAB) K 132, Report of the Commission of Enquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, pp. 309 – 310. Sommige van hierdie bronne verklaar verkeerdelik dat die koopsom van die rolpers £4 500 was, terwyl T.R.H. Davenport: *South Africa: A Modern History*, p. 320 die stigting van *De Burger* verkeerdelik as 1916 aandui.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die aanvangsprobleme waarmee ***De Burger*** te kampe gehad het, was legio. Daar was 'n ernstige gebrek aan kapitaal. Nadat die noodsaaklikste masjinerie aangekoop is, was daar geen bedryfskapitaal oor nie. Boonop is die maatskappy in die lewe geroep met 'n nominale kapitaal van £30 000 waarvan slegs ongeveer £20 000 ingeskrewe was. In daardie stadium het die publiek ook geen vertroue in Afrikanerinstellings soos ***De Burger*** gehad nie. Aanvanklik is ***De Burger*** slegs deur die inkomste van ***Die Huisgenoot***, 'n tydskrif van Nasionale Pers, staande gehou. Verskeie pogings is deur pro-Britse persone of instansies aangewend om die koerant deur middel van negatiewe propaganda te vernietig. Die Britsgesinde ***Cape Times*** en ***Cape Argus*** het 'n hewige intimidasieveldtog teen ***De Burger*** geloods deur druk op adverteerders en verbruikers uit te oefen om die koerant te boikot as sou laasgenoemde pro-Duits wees. Dit is gedoen uit reaksie teen ***De Burger*** se pro-Hertzog en Nasionalistiese standpunte en omdat die blad sommige aspekte van die Britse oorlogspoging gekritiseer het. Daar is na die koerant as die orgaan van "*Keeromstrasse*" verwys en dit is soms as 'n Duitsgesinde, dislojale "*Rebel Rag*" bestempel. Onsuksesvolle metodes is ook aangewend om ***De Burger*** aan die Duitse oorlogspoging te koppel en as vyandskoerant te brandmerk deur die blad sogenaamde Duitse geld aan te bied om dit uit sy finansiële verknorsing te help. Daar is by 'n paar geleenthede ook onsuksesvol gepoog om die kantore van ***De Burger*** fisies deur opgesweepte pro-Britse massas te vernietig. Daarby was die meerderheid van die redaksie totaal onervare ten opsigte van joernalistieke werk; daar was geen fondse vir voldoende kantoortoerusting en meubelment nie en koerantpapier was uiters moeilik verkrygbaar. Teen 1917 eers het die ekonomiese en politieke klimaat vir ***De Burger*** stelselmatig begin verbeter.[90]

---

[90] J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, pp. 138, 140 – 144, 150 – 152, 154, 160 – 174; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 102 – 103, 183, 230; N.J. le Roux: *W.A. Hofmeyr: Sy Werk en Waarde*, pp. 60 – 61, 75 – 76; J.P. Scannell (red.): *Keeromstraat 30*, pp. 9, 12, 82 – 83, 87 – 88, 97 – 98; I.W. van Tonder: *Oom Izak van Kaapstad Kyk Terug*, pp. 21, 29 – 31; D.F. Malan: *Afrikaner Volkseenheid en My Ervarings op die Pad daarheen*, pp. 35 – 42; G. Pretorius: *Man van die Daad*, pp. 71, 74 – 75; J.J. van Rooyen: *Die Nasionale Party*, pp. 250, 253; K. Tomaselli (*et al* eds): *The Press in South Africa*, p. 121; Die Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935, p. 5); In den Beginne (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 5); Insameling van die Kapitaal (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 9); R. van Reenen: In Heemstede het dit Begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, pp. 2 – 3); A. Crafford: Woelige Dae in 1916 – Die Burger word Geboikot! (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 11); J.P. Swanepoel: Na 'n Halfeeuse Groei Sestig Keer Sterker (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 13); Groei met Elke Verjaardag (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975, pp. 2 – 3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oor die politieke uitgangspunte van ***De Burger*** is daar al heelwat gepubliseer. Alhoewel sommige studies hierdie en ander Afrikaanse koerante as blote politieke propagandablaaie en klakkelose napraters van die beleid van die Nasionale Party beskou,[91] en die sentrale bestuur van die Vrystaatse Nasionale Party tydens die partykongres van 1916 te Bloemfontein verklaar het dat "... *onze partij in besit van ... De Burger*" was,[92] is die meerderheid bronne van mening dat die verhouding tussen ***De Burger*** en die party baie meer genuanseerd was en dat dit nie sonder meer op slaafse navolging neergekom het nie. Alhoewel politieke oorwegings, onder meer die behoefte aan 'n eie spreekbuis vir die Nasionale Party, van die vernaamste dryfvere vir die stigting van ***De Burger*** was, is die blad volgens Weber nie as partyblad gebore nie, ook omdat die stigtingskongres van die Nasionale Party van Kaapland eers enkele maande ná die verskyning van die eerste uitgawe van ***De Burger*** plaasgevind het. Die koerant was egter van die begin af 'n kampvegter vir Nasionale beginsels en 'n bondgenoot van die Nasionale Party in dié sin dat beide instansies hulle gemeenskaplik beywer het vir die bevordering van die belange van Nasionaalgesinde Afrikaners op politieke, sosio-kulturele en kerklike terrein. Dr. Malan het geen skeiding gemaak tussen Malan die redakteur en Malan die partyleier nie.[93] Herbst stel dit dan ook dat Afrikaanse koerante soos ***De Burger*** uit politieke nood gebore is. Hulle moes in die eerste plek as draers van 'n politieke en kulturele boodskap optree en nie as nuusblaaie nie. Hierdie koerante was deel van 'n monolitiese eenheid: kerk, politiek, kultuur en koerant was bondgenote in die Afrikaanse nasionale ideaalstelling.[94]

---

91 Kyk byvoorbeeld A. Hepple: *Censorship and Press Control in South Africa*, p. 32 en G.H. Calpin: *There are no South Africans*, pp. 319, 323 – 327.

92 D.J.J. Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914 – 1921, pp. 65 – 66.

93 P.A. Weber: Die Burger – Sy Stryd, Invloed en Tradisie (J.P. Scannell, red.: *Keeromstraat 30*, pp. 18 – 19, 26). Kyk ook N.J. le Roux: *W.A. Hofmeyr: Sy Werk en Waarde*, pp. 82 – 83; A. van Wyk: *Die Keeromstraatkliek*, pp. 6, 8, 10 – 11; J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, p. 177; I.W. van Tonder: *Oom Izak van Kaapstad Kyk Terug*, pp. 17, 26, 75; D.F. Malan: *Afrikaner Volkseenheid en My Ervarings op die Pad daarheen*, pp. 35, 42 – 43; S. Pienaar: *Getuie van Groot Tye*, p. 127; J. de Villiers: South African Community and its Newspapers – A Socio-Historical Study, p. 447; P.A. Weber: Dr. Malan en Die Burger (*Tydskrif vir Geesteswetenskap en Kuns*, Jaargang 14, Nr. 4, Desember 1974, p. 258); P. Sauer: Die Burger en die Nasionale Party (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, pp. 3 – 4); C.F. Albertyn: Stukrag Agter Volksondernemings (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 11); P.O. Sauer: Die Burger en die Party: Tesame een geheel (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 10); A. Ries: Politiek speel groot rol (*Bylae by Die Burger*, 31.07.1990, p. 41).

94 D.A.S. Herbst: Die Dilemma van die Moderne Koerant, p. 222; D.A.S. Herbst: Die rol van die pers in die politieke proses (D.J. van Vuuren en D.J. Kriek, reds.: *Politieke Alternatiewe vir Suider-Afrika*, p. 393).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Weber is ook van mening dat dr. Malan se invloed as hoofredakteur deur sy leierskap van die Kaaplandse Nasionale Party verstewig is. Dit het aan sy redakteurskap gesag verleen en op hierdie wyse het hy die Nasionale saak deur die geskrewe en die gesproke woord bevorder. Omgekeerd het sy redakteurskap sy politieke leierskap ten goede gekom, omdat die koerant sy gedagtes en denkbeelde daagliks uitgedra het.[95] Uit die staanspoor reeds is die goeie verstandhouding tussen die partypolitiek en dr. Malan aan die een kant en ***De Burger*** aan die ander kant, duidelik vasgelê. Dr. Malan het die leierskap van die Kaaplandse Nasionale Party met die aanmoediging en instemming van die koerant se Komitee van Oprigters onder leiding van W.A. Hofmeyr aanvaar. Dieselfde komitee het ook nie van dr. Malan verwag om die hoofredakteurskap van ***De Burger*** neer te lê indien hy lid van die Volksraad sou word nie.[96]

Volgens Weber het dr. Malan, ten spyte van sy groot politieke invloed, nooit in sy latere politieke loopbaan ***De Burger*** probeer voorsê of domineer nie. Party en koerant het eendragtig as medestryders dieselfde saak gedien, maar die koerant se soewereiniteit in eie kring is eerbiedig. Die gevolg was 'n wedersyds vrywillige, hegte, hartlike en gedugte samewerking tussen twee gelykwaardige vennote wat saam 'n gemeeskaplike saak gedien het.[97] Die vennootskap tussen koerant en party het derhalwe ten aanvang reeds op 'n gesonde grondslag en 'n doelgerigte verstandhouding berus, aldus Malan.[98] Hierdie verbintenis tussen ***De Burger*** en die Nasionale Party is volgens Cillié nooit vasgelê en in 'n plegtige ooreenkoms beskryf nie.[99] Pienaar verwys daarna as onafhanklikheid-in-gebondenheid – onafhanklik in die handhawing van sy joernalistieke taak, gebonde aan sy

---

95 P.A. Weber: Dr. Malan en Die Burger (*Tydskrif vir Geesteswetenskap en Kuns*, Jaargang 14, Nr. 4 Desember 1974, p. 260). Kyk ook "*Pollux*": Eerste Ministers was swak Redakteurs (*Rapport*, 09.01.1972, p. 15)

96 Dr. Malan se wroeging oor pos (*Bylae tot Die Burger*, 31.07.1990, p. 56).

97 P.A. Weber: Dr. Malan en Die Burger (*Tydskrif vir Geesteswetenskap en Kuns*, Jaargang 14, Nr. 4, Desember 1974, p. 261). Kyk ook J.J. van Rooyen: *Die Nasionale Party*, pp. 238, 246, 249; H.B. Thom: *D.F. Malan*, pp. 152 – 153; P.J. Cillié: D.F. Malan – Boumeester van die Nasionale Bewind (A.M. van Schoor, red.: *Die Nasionale Boek*, p. 49); P.J. Cillié: Die Burger en die Nasionale Party – 'n Unieke Verbintenis (*Acta Diurna Historica*, Jaargang 5, Nr. 2, Oktober 1976, pp. 6, 8); "*Dawie*": Ná 75 jaar werk dié twee nog saam in gemeenskaplike trou (*Die Burger*, 28.07.1990, p. 12); A. Ries: Politiek speel groot rol (*Bylae by Die Burger*, 31.07.1990, p. 41); "*Dawie*": Ná 75 jaar bly NP steeds 'n anker (*Die Burger*, 15.09.1990, p. 8).

98 M.P.A. Malan: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika*, p. 176.

99 P.J. Cillié: Die Burger en die Nasionale Party – 'n Unieke Verbintenis (*Acta Diurna Historica*, Jaargang 5, Nr. 2, Oktober 1976, p. 5). Kyk ook "*Dawie*": Ná 75 jaar werk dié twee nog saam in gemeenskaplike trou (*Die Burger*, 28.07.1990, p. 12).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

medestryders in die Afrikaans-nasionale beweging ter bereiking van 'n gemeenskaplike oogmerk, in spesiale verhouding teenoor die Nasionale Party.[100] Malan stel dit soos volg:

> "*Die koerant het ten nouste saamgewerk met die Party... Die twee was...van mekaar onafhanklik. Die Party propageer die koerant en die koerant propageer die Party. Dit was die mooi verhouding wat albei tot voordeel gestrek het.*"[101]

In aansluiting by bogenoemde sienings verklaar Le Roux dat alle politieke leiding in Kaaplandse Nasionale kringe van Keeromstraat, waarin beide die hoofkantore van ***De Burger*** en die Nasionale Party was, uitgegaan het. Le Roux is ook van mening dat W.A. Hofmeyr, in sy hoedanigheid as voorsitter van die direksie van Nasionale Pers, as vriend en raadgewer van dr. Malan en as organiserende sekretaris van die Kaaplandse Nasionale Party, die absolute en oorheersende krag van Keeromstraat was en sodoende die Party se beleid deur die pers beheer het.[102] Die doelstellings van ***De Burger*** en die Nasionale Party het dus ineengestrengel geraak.[103]

Van Wyk se siening sluit grootliks aan by dié van Le Roux. Daarvolgens het die redakteur van ***Die Burger***, soos die blad sedert Januarie 1922 sou heet,[104] wel groot beweegruimte gehad solank hy hom aan die beginsels van die Nasionale Party sou hou, maar die direksie, wat meerendeels uit politici bestaan het, het die beleid bepaal.[105] Sodoende is eenvormigheid van beleid tussen party en nuusblad verseker sodat die koerant nie van die

---

[100] S. Pienaar: *Getuie van Groot Tye*, p. 128.

[101] M.P.A. Malan: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika*, p. 175.

[102] N.J. le Roux: Willie Hofmeyr: Hy was die Vader van die Nasionale Pers (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 5). Kyk ook J.J. van Rooyen: *Die Nasionale Party*, p. 240 en (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, p. 328.

[103] P.O. Sauer: Die Burger en die Party: Tesame een Geheel (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 10).

[104] J. de Villiers: South African Community and its Newspapers – A Socio-Historical Study, p. 449; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 323; J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, p. 159; L.W. Hiemstra: Die Burger en die Taal (J.P. Scannell, red.: *Keeromstraat 30*, p. 53); E. Potter: *The Press as Opposition*, p. 45; Ons Eie (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 7); Man wat die Taal verfoes (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975, p. 11).

[105] A. van Wyk: *Die Keeromstraatkliek*, p. 9. Kyk ook A.J. van Wyk: Openbare Mening, die Pers en die Historikus (*Historia*, 21(2) September, 1976, pp. 106 –107); J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, II, p. 292 en (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, pp. 327 – 328.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

algemene partypolitieke riglyne sou afwyk nie.[106] Potter steun die siening van Van Wyk, maar gee ook te kenne dat die redakteur van 'n invloedryke Nasionale Pers-koerant soos ***Die Burger***, anders as in die geval van redakteurs van Engelstalige nuusblaaie soos dié van die Argus-maatskappy, 'n sleutelfiguur in die bepaling van die beleid van sy koerant was en in hierdie verband meer beweegruimte as laasgenoemde groep geniet het.[107] Só beoordeel, het ***Die Burger*** dikwels as wegbereider vir die (Nasionale) politieke denkstroom gedien.[108]

In hierdie lig moet Die Burger dus as mondstuk van die Nasionale Party beskou word. Reeds in 1915, tydens die eerste kongres van die Kaaplandse Nasionale Party, is die blad tot een van sy amptelike organe gekies,[109] en sou in daardie hoedanigheid dien totdat dit in 1942 deur ***Die Kruithoring*** vervang is.[110]

Nadat die Nasionale Party die bewind in 1924 oorgeneem het, het ***Die Burger*** by geleentheid van sy negende verjaardag verklaar dat hy die politieke stryd in die eerste plek nie ter wille van die party nie, maar ter wille van die volk gevoer het. Die koerant het voorts te kenne gegee dat hy veel meer as 'n regeringsblad ook 'n volksblad was en dus as mondstuk van die volk opgetree het selfs wanneer die belange van die volk by implikasie teenstrydig sou wees met dié van die (Nasionale) regering.[111] Ter stawing van hierdie siening het die Federale Raad van die Nasionale Party in 1916 reeds die volgende verklaring uitgereik:

---

[106] J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, II, pp. 292 – 293.

[107] E. Potter: *The Press as Opposition*, pp. 67 – 69. Kyk ook P.J. Cillié: Die Burger en die Nasionale Party – 'n Unieke Verbintenis (*Acta Diurna Historica*, Jaargang 5, Nr. 2, Oktober 1976, pp. 5 – 6). I.v.m. die beleid van die Argus-maatskappy, kyk pp. 36 – 42.

[108] "*Dawie*": Ná 75 jaar werk dié twee nog saam in gemeenskaplike trou (*Die Burger*, 28.07.1990, p. 12); "*Dawie*": Ná 75 jaar bly N.P. steeds 'n anker (*Die Burger*, 15.09.1990, p. 8).

[109] J.J. van Rooyen: *Die Nasionale Party*, p. 239. Kyk ook *Ibid.*, pp. 249 – 250; M.P.A. Malan: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika*, pp. 17, 35, 44, 175 en E.C. Pienaar: Die Burger se Rol in die Volkslewe (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 18).

[110] P.A. Weber: Die Burger – Sy Stryd, Invloed en Tradisie (J.P. Scannell, red.: *Keeromstraat 30*, p. 26). I.v.m. *Die Kruithoring* kyk D.P. Goosen (red.): *Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910 – 1953*, pp. 187, 300 – 305.

[111] P.A. Weber: Dr. Malan en Die Burger (*Tydskrif vir Geesteswetenskap en Kuns*, Jaargang 14, Nr. 4, Desember 1974, p. 261); J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, pp. 219 – 220. Kyk ook F.J. van Heerden: Die Geboorte van die Nasionale Party, 1913 – 1915 (O. Geyser en A.H. Marais, reds.: *Die Nasionale Party*, I, pp. 165 – 166); G.H. Calpin: *There are no South Africans*, p. 323; Die Burger se Dorp (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975, p. 13); J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, II, pp. 292 – 296. Kyk ook lg. bron se siening i.v.m. die koerant en politieke propaganda, pp. 377 – 384, 394 – 401, 411.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Daar er misverstand kan bestaan omtrent die verhouding tussen de Raad en die officiële organen, en daar bij sommige de gedachte kan komen dat de Raad verantwoordelik is voor de opinies van die officiële organen, en daar dit de vrijheden van de Raad en van de officiële organen zou belemmeren, wil de Raad duidelik maken dat alle belangrike kennisgevingen in verband met het werk van de Raad aan de officiële organen gezonden worden ter publikatie, maar de officiële organen geenzins gebonden zijn wat hun opinies betreft."[112]

Die Burger se aanspraak dat hy as mondstuk van die volk dien, word ook bevestig deur die feit dat die meerderheid van die aandele van De Nationale Pers Beperkt aan lede van die publiek verkoop is en dat die stemkrag wat aandeelhouers tydens jaarvergaderings kon uitoefen op so 'n wyse versprei was dat geen indiwidu of instansie beheer oor die maatskappy kon verwerf nie. Daarby het die Nasionale Party geen aandele in die maatskappy besit nie.[113] De Villiers merk egter tereg op dat ***Die Burger*** met die woord "volk" eintlik die Nasionaalgesinde Afrikanderdom impliseer.[114] Teen hierdie agtergrond en teen die tydsgees van destyds gesien, was bogenoemde verhouding tussen volk en party, asook dr. Malan se posisie as partyleier en redakteur vir die Nasionaalgesinde Afrikaner aanvaarbaar.[115]

Dat die openbare invloed wat Nasionale Pers en in besonder ***Die Burge***r mettertyd in Suid-Afrika uitgeoefen het, die Nasionale Party en die Nasionaalgesinde Afrikanerdom polities, ekonomies, maatskaplik en kultureel tot voordeel gestrek het, blyk gewis te wees.[116] Weber

---

[112] M.P.A. Malan: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika*, pp. 44, 175 – 176.

[113] J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, p. 147; G.H. Calpin: *There are no South Africans*, p. 323; Insameling van die Kapitaal (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940, p. 9); R. van Reenen: In Heemstede het dit Begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 3); "Dawie": Ná 75 jaar werk dié twee nog saam in gemeenskaplike trou (*Die Burger*, 28.07.1990, p. 12). Kyk ook P.J. Cillié: Die Burger en die Nasionale Party – 'n Unieke Verbintenis (*Acta Diurna Historica*, Jaargang 5, Nr. 2, Oktober 1976, p. 5) en (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Vol. I, p. 262 en Annexure IV, pp. 318 – 319.

[114] J. de Villiers: South African Community and its Newspapers – A Socio-Historical Study, p. 446.

[115] P.J. Cillié: Die Burger en die Nasionale Party – 'n Unieke Verbintenis (*Acta Diurna Historica*, Jaargang 5, Nr. 2, Oktober 1976, p. 6); Die Burger se Dorp (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975, pp. 12 – 13).

[116] P.A. Weber: Die Burger – Sy Stryd, Invloed en Tradisie (J.P. Scannell, red.: *Keeromstraat 30*, p. 18); D.W. Krüger: *The Making of a Nation*, p. 103; N.J. le Roux: *W.A. Hofmeyr: Sy Werk en Waarde*, p. 82; J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, p. 215; G.D. Scholtz: Die Afrikaner en sy Pers (*Koers*, Jaargang XXXI, Nrs. 5 en 6, November – Desember 1963, p. 359).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
stel dit onomwonde dat die Nasionale Party sonder hierdie blad nie in 1924, moontlik ook nie in 1929 en sekerlik nie in 1948 aan bewind sou kom nie.[117]

Ten opsigte van die blanke arbeiderbeweging in die breë het ***De Burger*** aanvanklik 'n ambivalente houding ingeneem. Uit die staanspoor reeds het die blad gemene saak veral met die lot van die verarmde Afrikanerarbeider gemaak en was die Nasionale Party se fokus volgens Kotzé op die Afrikanerwerkersklas gerig.[118] Hierdie pro-arbeider uitgangspunt val egter geensins vreemd op nie, aangesien Artikel 10 (c) van die party se Program van Beginsels van 1914 eksplisiet die beleid ten opsigte van die beskerming van die (blanke) arbeider omskryf,[119] en B.J. Schoeman, wat in 1953 die NP se Minister van Arbeid was, by geleentheid die Nasionale Party "*...as die party van die werker* (sic)" bestempel het.[120] Kotzé verklaar voorts dat die NP hom in die praktyk toenemend as 'n ras- en klasgeoriënteerde party geopenbaar het. Die klas het bestaan uit verarmde boere, kleinboere of bywoners en 'n stratum wat deur noodgedwonge verstedeliking geprolitariseerde eks-boere was. Hulle posisie van onderontwikkeldheid in verhouding tot Engelssprekendes en kapitaliste was die bron van 'n sterk nasionalistiese gevoel wat tot hulle Afrikanereendersheid geappelleer het, aangesien hulle klasseposisie saamgeval het met hulle rasse- en kultuurassosiasie.[121] "*Valk*", 'n rubriekskrywer van ***De Burger***, het in dié verband geskryf:

> "*Met de arbeidende klassen onder onze bevolking heeft de Nationale Partij grote sympathie. Ware dit niet het geval, zou zij niet zo gehaat en bestreden worden door die Kapitaliste* [Unionistiese]-*partij...*"[122]

---

[117] P.A. Weber: Die Burger – Sy Stryd, Invloed en Tradisie (J.P. Scannell, red.: *Keeromstraat 30*, p. 38). Kyk ook D.A.S. Herbst: Die Dilemma van die Moderne Koerant, p. 362.

[118] D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 – 1924, p. 274. Kyk ook D. Humphriss en D.G. Thomas: *Benoni, Seun van my Smart*, p. 179.

[119] Kyk bv. J.J. Oberholster: Die Program van Beginsels, Konstitusie en Organisasie van die Nasionale Party (O. Geyser en A.H. Marais, reds.: *Die Nasionale Party*, I, pp. 192 – 193) en *De Burger*, 18.08.1916, p. 6 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, VII, Wat de Arbeider wil hebben).

[120] B.J. Schoeman: Waaroor dit gaan: Arbeidsbeleid (D.P. Goosen red.: *Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910 – 1953*, p. 99). Kyk ook *De Burger*, 25.08.1916, p. 6 (D.J. van der Merwe: Adv. De Waal te Porterville).

[121] D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 – 1924, p. 274.

[122] *De Burger*, 01.07.1916, p. 7 ("*Valk*": Opmerkingen).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

So het ***De Burger*** byvoorbeeld in 1916 in 'n reeks van ongeveer agtien artikels onder die titel "De Afrikaner Arbeider" steun verleen aan en simpatie uitgespreek teenoor sekere kwessies wat blanke arbeid ten nouste geraak het. Daar is onder andere 'n beroep op politieke en kulturele eensgesindheid tussen Afrikanerboere op die platteland en Afrikanerarbeiders in die stede gedoen en die blad het die mening uitgespreek dat daar gewaak sou moes word teen die "toenemende gevaar" dat sosialisme onder die Afrikanerwerkers kon posvat.[123]

De Burger het daarvoor voorspraak gemaak dat Afrikanerarbeiders as ambagsmanne opgelei moes word ter beskerming van blanke arbeid teen goedkoper nie-blanke arbeid. Dit sou hulle ook in 'n sterker posisie plaas om meer mededingend met gekleurde en Engelssprekende blanke arbeiders om werk te kompeteer.[124] Ten opsigte van die beskerming van blanke arbeid het die blad sterk standpunt ingeneem téén staatsondersteunde immigrasie van Europese arbeiders en het daarom ook gepleit dat die Afrikanerboer en –arbeider teen hierdie "bedreiging" moes verenig.[125]

In aansluiting by die voorafgaande kwessie is voorbrand gemaak vir die totstandbringing van industrieë op eie bodem in plaas daarvan dat vervaardigde goedere ingevoer word. Sodoende sou meer werkgeleenthede plaaslik vir die Afrikanerarbeider geskep kon word.[126] Ten opsigte van die beskerming van eie nywerhede was Creswell, die parlementêre leier van die Arbeidersparty, en Hertzog dit ook eens.[127] Die formele erkenning van veral mynwerkersvakbonde is ook deur ***De Burger*** voorgestaan.[128] In die besonder moes Afrikanervakbonde gestig word, aangesien die Afrikanerwerker volgens ***De Burger*** in die

---

[123] *De Burger*, 04.07.1916, p. 4 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, I, Zijn Wording).

[124] *Ibid.*, 04.08.1916, p. 4 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, V, Vak-Onderwijs); *Ibid.*, 25.08.1916, p. 4 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, VIII, Betaling); *Ibid.*, 01.09.1916, p. 4 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, IX, Samewerking). Kyk ook G.H. Calpin: *There are no South Africans*, pp. 21 – 22.

[125] *De Burger*, 08.09.1916, p. 4 ("*Aambeeld*": Die Afrikaner Arbeider, X, Immigratie). Kyk ook *Ibid.*, 23.08.1915, p. 6 (Die Stellenbosch Setel).

[126] *Ibid.*, 11.08.1916, p. 4 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, VI, Het in't Leven roepen van Fabrieken).

[127] M.P.A. Malan: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika*, p. 87.

[128] *De Burger*, 07.10,1916, p. 7 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, XIII, Het Worcester Besluit).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bestaande Engelsgeoriënteerde vakbonde deur Engelssprekendes gedomineer is en sodoende nie tot sy reg kon kom nie.[129]

Maar dit was veral ten opsigte van die kwessie van die gevreesde mynteringsiekte waar ***De Burger*** by die georganiseerde arbeiderbeweging in die breë aanklank sou vind. Die ernstige gevare van myntering as beroepsrisiko in die Randse goudmyne is telkemale in die artikelreeks aangespreek. Verpligte kompensasie vir die slagoffers van myntering, afdwingbaar deur die Werkerskompensasiewet, is deur die blad bepleit.[130]

In aansluiting by die heersende sterk sentimente in arbeidergeledere teen veral die kapitalistiese Randse goudmynbelange, het ***De Burger*** ook dikwels anti-mynkapitalistiese geluide gemaak en hewige kritiek daarteen uitgespreek. Kritiek is gelewer teen die profyte wat mynkapitaliste op die Rand en ook deur middel van oorlogsproduksie as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog gemaak het. Hierdie winsbejagdheid het volgens die koerant ten koste van die Suid-Afrikaanse bevolking en tot voordeel van die mynmagnate geskied, aangesien die bevolking vir eie gewin uitgebuit is deur die winste wat laasgenoemde uit die goudmyne gemaak het.[131] Daardeur is ook die land benadeel, aangesien hierdie winste deur Suid-Afrikaners geproduseer is, maar aan die eintlike kapitalistiese belangegroepe in Europa oorbetaal is. So verklaar ***De Burger***:

> "*De meeste* [buitelandse] *bewoners...dienen slechts hun meesters in Europa...maken zoveel mogelik winst en zijn verplicht de waarde der goederen, plus te winst na aftrek der onvermijdelike onkosten, maar Europa over te maken*",[132]

en dat:

---

[129] *De Burger*, 10.11.1916, p. 5 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, XVII, Een Afrikaner Vakvereniging). Kyk ook *Ibid.*, 23.08.1915, p. 6 (Die Stellenbosch Setel); *Ibid.*, 26.09, 1916, p. 6 (Briewe van o'er die Vaal) en *Ibid.*, 13.10.1916, p. 8 ("*VdM*": Onze Arbeidersklasse).

[130] *Ibid.*, 14.07.1916, p. 4 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, II, In Dorp en Stad); *Ibid.*, 16.09.1916, p. 7 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, XI, In de Mijnen); *Ibid.*, 23.09.1916, p. 7 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, XII, De Staat en Mijntering); *Ibid.*, 07.10.1916, p. 7 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, XIII, Het Worcester Besluit); *Ibid.*, g.d., g.p. ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, XIV, Mijnteringwetten); *Ibid.*, 23.10.1916, p. 4 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, XV, Mijntering, Schadevergoeding en de gewenste Wetgeving); *Ibid.*, 31.10.1916, p. 4 ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, XVI, De Mijnen).

[131] Kyk bv. *Ibid.*, 17.12.1915, p. 7 ("*Johannes*": Het Oppermachtige Kapitalisme) en *Ibid.*, 21.12.1915, p. 4 ("*Johannes*": Afrika, zoals het kan zijn!).

[132] *Ibid.*, 30.03.1916, p. 4 (Hoofartikel: De Randse Troonrede).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "*...die winsten...verkregen uit de werkkracht van de werklike bevolking, haar ontnomen worden... De levenssappen van het volk worden in de vorm van gouden sovereigns uitbetaald aan vreemdelingen en komen het land zelf geenszins ten goede.*"[133]

Voorts het ***De Burger*** daarop gesinspeel dat die mynmagnate die regering beheer het en daarop in so 'n mate 'n politieke invloed uitgeoefen het dat hulle finansieel daardeur bevoordeel is, veral ten opsigte van die ontginning van myne op staatsgrond aan die Oos-Rand. Die staatsbegroting vir 1916 – 1917 is byvoorbeeld "*een magnaten-begroting*" genoem.[134] Die koerant het ook gesuggereer dat die regerende SAP onder die invloed van die mynmagnate in gebreke gebly het om doeltreffende wetgewing in die parlement daar te stel wat myneienaars sou verplig om voldoende kompensasie aan die slagoffers van myntering te betaal.[135]

De Burger het vervolgens aanvalle op die Unionistiese Party geloods en dit as 'n "*anti-landelike*", "*anti-Afrikaanse*" party van "*mijnmagnaten*" en "*immigratie*" uitgekryt,[136] terwyl na ***The Star*** van Johannesburg as die (kapitalistiese) "*orakel van de Rand*" verwys is. In 'n aanval op die kapitalistiese mynmagnaatbeheerde Randse pers is die volgende kommentaar onder andere gelewer:

> "*De Johannesburgse pers, met alles wat daarmede verband houdt, dus de Unionistiese pers in al haar grootheid vertegenwoordigt geen partij, geen gedeelte van het volk, doch is slechts de stem van zeer weinigen, die zich niet doen zien en wier gedragslijn steeds is geregeerd geweest door eigenbaat en zelfzucht; die het grote woord 'Imperialisme' slechts gebruiken voor het*

---

[133] *De Burger,* 19.05.1916, p. 4 (Hoofartikel: Organisatie van Kapitaal). Kyk ook *Ibid.*, 26.05.1916, p. 3 ("*Nommer 131*": Uit de Praathuis).

[134] *Ibid.*, 26.05.1916, p. 3 ("*Nommer 131*": Uit die Praathuis); *Ibid.*, 01.06.1916, p. 4 (Hoofartikel: Wie Regeert?); *Ibid.*, 08.06.1916, p. 4 (Hoofartikel: Waarom die grote Haast?); *Ibid.*, 20.07.1916, p. 4 (Hoofartikel: Unie-Financien); *Ibid.*, 12.08.1916, p. 7 ("*Valk*": Opmerkingen); *Ibid.*, 25.08.1916, p. 6 (D.J. van der Merwe: Adv. De Waal te Porterville); *Ibid.*, 06.11.1916, p. 4 (Hoofartikel: De Oostrand); *Ibid.*, 04.03.1918, p. 2 (Hoofartikel: De Botha Regering en de Mijnmagnaten); D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 – 1924, pp. 231, 236 – 238, 241 – 242, 245 – 248, 251, 253 – 262, 264, 273 – 274. Kyk ook p. 64 hierna.

[135] *De Burger*, g.d., g.p. ("*Aambeeld*": De Afrikaner Arbeider, XIV, Mijntering Wetten). Kyk ook voetnoot 130 hierbo.

[136] *De Burger*, 02.06.1916, p. 4 (Hoofartikel: Wat de Unionisten gaan doen).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevorderen van eigen doeleinden en die geen gemeenschap hebben met het volk van dit land."[137]

Na die Randse mynmagnate en kapitaliste is verwys as "*duits-joodse 'produce' kooplieden*", "*mijnkoningen*" en *geldkoningin*",[138] terwyl ***De Burger*** by geleentheid ook gesinspeel het op die Hoggenheimerfiguur in 'n verwysing na "*...de rijkaards op de Rand en in Park Lane, die op het goud van Zuid-Afrika zich vet-gemest hebben...*"[139] In Hoggenheimer, soos deur ***De Burger*** se eerste spotprenttekenaar D.C. Boonzaier gekarakteriseer, het die arbeiderbeweging 'n doeltreffende, invloedryke bondgenoot en medestryder met groot trefkrag teen veral die Randse kapitaliste en goudmynbelange gehad. ***De Burger*** het in die Suid-Afrikaanse perswese inderdaad 'n baanbrekersrol vervul deurdat hy die eerste Hollands-Afrikaanstalige koerant was wat spotprente in sy kolomme ingesluit het.[140] Die siening van die blad, dat die Randse kapitaliste en mynmagnate die regering beheer het, is veral deur Boonzaier se Hoggenheimer-spotprente gesuggereer.[141]

Volgens Boonzaier het hy die inspirasie vir die Hoggenheimer-beeld verkry uit die musikale komedie, *The Girl from Kays*, van die Britse toneelskrywer Owen Hall. Die stuk is eers in die Londense Gaiety Club en Apollo Theatre opgevoer voordat dit in 1903 in die Good Hope-teater in Kaapstad verskyn het. Daarin was 'n komiese karakter, Max Hoggenheimer, wat as 'n welgestelde Joodse finansier van Park Lane, Londen, voorgestel is. Teen ongeveer September 1903 het ***The South African News*** Boonzaier se Hoggenheimer-spotprente gepubliseer. Hierdie karakter het hy verder ontplooi in ***The Cape***, ***The Observer***, ***The Cape Argus***, ***The Owl***, ***De Voorloper***, ***The New Nation*** en veral in ***De Burger***.

---

[137] *De Burger*, 27.01.1916, p. 4 (Hoofartikel: Onze Mijnindustrie). I.v.m. *De Burger* en die kapitalistiese pers kyk ook C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 191 – 192, 196, 350, 353 – 355, 697 – 698, 702 – 703, 706 – 707, 709, 711 – 712; A. van Wyk: *Die Keeromstraatkliek*, p. 8 en D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 – 1925, pp. 303 – 305.

[138] *De Burger*, 27.01.1916, p. 4 (Hoofartikel: Onze Mijnindustrie); *Ibid.*, 18.03.1916, p. 2 (Korte Inhoud); *Ibid.*, 30.03.1916, p. 4 (Hoofartikel: De Randse Troonrede); *Ibid.*, 08.06.1916, p. 4 (Hoofartikel: Waarom die grote Haast?)

[139] *Ibid.*, 01.03.1916, p. 4 (Hoofartikel: Johannesburg Geagiteerd). Kyk ook D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 – 1924, pp. 579 – 585 en P.H. Emden: *Randlords*, p. 236.

[140] D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 – 1924, p. 651. Kyk ook voetnoot 145, p. 62 hierna.

[141] Kyk D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 – 1924, hfst. 4, pp. 231 – 274.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoggenheimer is voorgestel as ryk, onversadigbaar, vet, kru, geldgierig, geslepe en vulgêr en 'n persoon wat lief was vir sy beursie. Hy het 'n tipiese mynmagnaat en 'n onpatriotiese buitelander van Semitiese afkoms met 'n groot sigaar en vingers vol diamantringe, asook die Randse kapitalisme, weelde, oorvloed en die seekatarms van internasionale kapitaal versinnebeeld, wat sy ernorme rykdom gebruik het om groot politieke druk, éérs oor die Transvaal en later oor die hele Suid-Afrika, uit te oefen. In die Suid-Afrikaanse konteks, soos deur ***De Burger*** se politieke bril gesien, het Hoggenheimer buitelandse, veral Britse-Joodse kapitalistiese eksploitasie van die Afrikaner en sy vaderland, asook imperialistiese hebsug en geldmag gesimboliseer.[142]

Tog het Boonzaier konsekwent ontken dat hy met die Hoggenheimer-karikatuur 'n anti-Joodse gevoel wou opwek. Hy het verklaar dat die beeld uit vermoënde Hollanders, Franse, Duitsers en Jode ontwikkel het en aanvaar moes word "*as die beliggaming van die manne van alle nasionaliteite wat betrokke* [was] *by die beheer oor die Randse myne*".[143] Aangesien die spotprente van Boonzaier deel van die redaksionele kommentaar van ***De Burger*** was,[144] spreek dit vanself dat veral die Hoggenheimerspotprente, as bondgenoot van die Nasionale Party, een van die koerant se dodelikste en vernietigendste wapens teen die

---

[142] C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 183, 196, 198, 322 – 323, 325, 337, 348 – 371, 689 – 714; A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, p. 146; L.M. Thompson: *The Unification of South Africa, 1902 – 1910*, p. 315; M. & E. Schoonraad: *Suid-Afrikaanse Spot- en Strookprentkunstenaars*, pp. 21, 23; J. du P. Scholtz: D.C. Boonzaier (W.J. de Kock, red.: *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, I, p. 98); J. du P. Scholtz: D.C. Boonzaier (D.J. Potgieter, ed: *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, II, p. 423); L. Herrman: Hoggenheimer (D.J. Potgieter, ed: *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, V, pp. 559 – 560); J. du P. Scholtz: *D.C. Boonzaier en Pieter Wenning: Verslag van 'n Vriendskap*, p. 10; P.H. Emden: *Randlords*, p. 236; A. van Wyk: *Die Keeromstraatkliek*, pp. 8, 23 – 24; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 99; G. Shimoni: *Jews and Zionism: The South African Experience (1910 – 1967)*, pp. 66, 79; W.K. Hancock: *Smuts The Sanquire Years 1870 – 1919*, p. 202; K. Vernon: *Penpricks. The Drawing of South Africa's Political Battlelines*, p. 32; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 31 – 32; D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 – 1924, pp. 5, 231 – 274; F.S. Liebenberg: D.C. Boonzaier in die artistieke lewe van die Kaapse Belle Epoque, pp. 6, 52 – 53, 170, 182; W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar t.o.v. Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 7 – 10, 249; S.W. Black: The Man who Killed Botha (*The Sjambok*, 24.05.1929, p. 21); J. du P. Scholtz: D.C. Boonzaier: Beroemde Karikaturis en Merkwaardige Mens (*Die Huisgenoot*, Deel XXXII, No. 1340, 28 November 1947, p. 92); *Die Burger*, 30.08.1941, p. 2 (Laaste Spotprent van Boonzaier); *Ibid.*, 21.03.1950, p. 3 (Mnr. D.C. Boonzaier Oorlede); R. King: 'n Spotprent kan die hardste hou slaan (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 22); J. du P. Scholtz: D.C. Boonzaier in die dae vóór Die Burger (*Die Burger*, 17.10.1972, p. 2).

[143] D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 – 1924, pp. 233 – 236.

[144] *Ibid.*, p. viii.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
politieke vyande van die Afrikaner in die algemeen, en by implikasie ook van die Afrikanerarbeider was.[145] Boonzaier se skepping is dan ook oor die hele wêreld gekopieer en het in sy tyd in die Suid-Afrikaanse politieke mitologie net so aanvaarbaar geword soos John Bull in die Britse politieke mitologie.[146]

Daniël Cornelis Boonzaier is op 11 November 1865 op die plaas Patatsrivier in die distrik Carnarvon gebore. Boonzaier het as seun op laasgenoemde dorp die eerste keer met die tekenkuns in aanraking gekom. Na 'n kort skooloopbaan het hy in die staatsdiens tot 1899 gaan werk, toe hy bedank het om 'n professionele spotprentkunstenaar te word. Boonzaier se eerste tekening, met die toneel as onderwerp, het in Oktober 1884 in druk in die humoristiese weekblad ***The Knobkerrie*** verskyn. Sy eerste spotprent is in 1896 in ***The Owl*** gepubliseer.

Boonzaier se simpatie was altyd baie beslis aan die Afrikanerkant. In 1903 het hy as eerste spotprentkunstenaar by die republikeinsgesinde ***The South African News*** aangesluit. Hierdie koerant is aanvanklik opgerig om die sienswyse van die voorstanders van die Boererepublieke in hul stryd teen Groot-Brittanje te vertolk. Teen 1904 het Boonzaier as spotprenttekenaar al so 'n mag in die politiek geword dat die Britsgesinde Progressiewe Party hom tevergeefs met 'n verleidelike aanbod van ***The South African News*** probeer afrokkel het. Benewens ***The Knobkerrie***, ***The Owl***, ***The South African News*** en ***De Burger***, het Boonzaier ook tekeninge en spotprente gelewer vir ***The Melon***, ***The Cape Punch***, ***Excalibur***, ***The Telephone***, ***The Critic***, ***The Veldt***, ***Die Vooloper***, ***De Week***, ***Het Volk***, ***The Review***, ***The New Nation***, ***The Cape***, ***The Cape Times***, ***The Cape Argus***, ***The Observer***, ***The Sunday Post***, ***Die Huisgenoot***, ***Die Suiderstem***, ***Forum***, ***The South African Nation*** en ***The Sjambok***. Op 28 Julie 1915 het hy vir die pasgestigte ***De Burger*** begin werk en was 26 jaar lank – tot en met sy aftrede in Augustus 1941 – onafgebroke daar werksaam. Boonzaier het presies geweet hoe om die spotprent as politieke wapen te benut. Hy het generaal Hertzog polities geheel en al gesteun. Met sy spotprente het hy die

---

[145] C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 192, 352, 371, 709, 712 – 713; J. du P. Scholtz: *D.C. Boonzaier en Pieter Wenning*, p. 10; A. van Wyk: *Die Keeromstraatkliek*, pp. 23 – 24; R. King; 'n Spotprent kan die hardste hou slaan (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 22); J. du P. Scholtz: D.C. Boonzaier in die dae vóór Die Burger (*Die Burger*, 17.10.1972, p. 2). Kyk ook voetnoot 140, p. 60 hierbo.

[146] A. van Wyk: *Die Keeromstraatkliek*, p. 24; S.W. Black: The Man who killed Botha (*The Sjambok*, 24.05.1929, p. 21). Kyk ook T.R.H. Davenport: *South Africa: A Modern History*, p. 270.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
teenstanders van die Nasionale Party – generaals Botha en Smuts van die Suid-Afrikaanse Party en sir Thomas Smartt van die Unioniste Party – bestry.[147]

Die ambivalente houding wat ***De Burger*** teenoor die arbeiderbeweging ingeneem het, is duidelik gekenmerk deur sy benadering ten opsigte van die SAAP. Alhoewel die blad geen amptelike of selfs nie-amptelike mondstuk van die Arbeidersparty was nie het ***De Burger*** en die NP wel enersyds, waar daar 'n oorvleueling van belange voorgekom het, spesifiek ten opsigte van die Afrikanerarbeider, sekere aksies en beleidsaspekte van eersgenoemde party en sy parlementêre verteenwoordigers gesteun. Sedert 1913, toe genl. Hertzog F.H.P. Creswell, die leier van die Arbeidersparty se mosie van wantroue in die SAP-regering in die Volksraad gesteun het, en veral gedurende die oorlogsjare, was daar voortdurend geleenthede waar toenadering en wedersydse steun tussen die NP en die SAAP plaasgevind het en het die vriendskap tussen Hertzog en Creswell gegroei.[148] Pirow verklaar dan ook van hierdie tydperk dat genl. Hertzog "*...gazed more benignly on Colonel Creswell's English labourites*".[149] Volgens Cope het Hertzog tydens die

---

[147] C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 348 – 371, 705, 708, 711, 714, 806; J. du P. Scholtz: *D.C. Boonzaier en Pieter Wenning*, pp. 8 – 13; M. en E. Schoonraad: *Suid-Afrikaanse Spot- en Strookprentkunstenaars*, pp. 20 – 25; J. du P. Scholtz: D.C. Boonzaier (W.J. de Kock, red.: *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, I, pp. 96 – 99); J. du P. Scholtz: D.C. Boonzaier (D.J. Potgieter, ed: *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, II, pp. 422 – 423); L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 28; F.S. Liebenberg: D.C. Boonzaier in die artistieke lewe van die Kaapse Belle Epoque, hfst. 2, pp. 11 – 18, hfst. 5, pp. 46 – 79, 168; K. Vernon: *Penpricks. The Drawing of South Africa's Political Battlelines*, p. 31; W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en Kommentaar, p. 9; D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 – 1924, pp. 1 – 16; *De Huisgenoot*, Deel I, No. 3, Julie 1916, pp. 64 – 65 (Zuid-Afrikaanse Kunst: Daniel Cornelis Boonzaier); J. du P. Scholtz: D.C. Boonzaier: Beroemde Karikaturis en Merkwaardige Mens (*Die Huisgenoot*, Deel XXXII, No. 1340, 28 November 1947, pp. 33 – 35, 91 – 93); *Die Burger*, 21.03.1950, p. 3 (Mnr. D.C. Boonzaier Oorlede); R. King: 'n Spotprent kan die hardste hou slaan (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965, p. 22); J. du P. Scholtz: D.C. Boonzaier in die dae vóór Die Burger (*Die Burger*, 17.10.1972, p. 2); J. du P. Scholtz: Die verbondenheid van D.C. Boonzaier (*Die Burger*, 18.10.1972, p. 2). Volgens Scholtz het Boonzaier die pos by *De Burger* op 22 Julie 1915 aanvaar.

[148] O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, I, pp. 125, 151, 256; C.M. van den Heever: *Generaal J.B.M. Hertzog*, pp. 343 – 344, 358, 395 – 396, 435 – 436, 447; D.F. Malan: *Afrikaner-Volkseenheid en my Ervarings op die Pad daarheen*, p. 73; L.E. Neame: *General Hertzog*, pp. 145 – 147, 164 – 165, 181; M. Creswell: *An Epoch of the Political History of South Africa in the Life of Federic Hugh Page Creswell*, p. 62; M.P.A. Malan: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika*, p. 87; D.P. Goosen (red.): *Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910 – 1953*, p. 70; D.W. Kruger: *The Making of a Nation*, p. 114; O. Pirow: *James Barry Munnik Hertzog*, pp. 64 – 66, 84; J. Steinmeyer: *Spykers met Koppe*, p. 92. Kyk ook L. Karovsky: Experiments in National Partnerships (H. Reitz en H. Oost, reds.: *Die Nasionale Boek*, pp. 101 – 105) en pp. 64 – 66 hierbo.

[149] O. Pirow: *James Barry Munnik Hertzog*, p. 59.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Wantrouedebat in die Volksraad in 1913 verklaar: "*The Labour Party will always have my sympathy when they try to improve the lot and life of the poor man in South Africa*".[150]

So het ***De Burger*** by geleentheid 'n voorstel in die Volksraad van Thomas Boydell, die Arbeiderparlementslid vir die kiesafdeling Durban-Greyville, dat die regering in die lig van die buitensporige hoë pryse van lewensmiddele gedurende die oorlogsjare ingryp onder die magte van die Moratoriumwet en voedselpryse vaspen, ten sterkte gesteun.[151]

Volgens die koerant het Arbeider- en Nasionale Volksraadslede mekaar ook wedersyds gesteun, byvoorbeeld in hulle teenkanting van die regering se begroting vir 1916,[152] oor die feit dat die regering die privaatsektor gemagtig het om die ryk goudvelde op staatsgrond aan die Oos-Rand vir hulle eie gewin te ontgin in plaas daarvan dat die staat dit self tot voordeel van die land doen,[153] en oor die kwessie dat die verpligte bydrae wat mynwerkers tot die mynteringongeskiktheidsfonds moes maak, verlaag behoort te word sodat die werkgewers eerder die restant moes betaal.[154]

Verder het ***De Burger*** berig dat Arbeiders en Nasionaliste by geleentheid in die Transvaalse Provinsiale Raad mekaar gesteun het ten opsigte van 'n verhoging in die minimum dagloon van blanke arbeiders in diens van die provinsie,[155] en dat beide partye ook saam téén 'n wysiging van die Transvaalse Kieswet gestem het.[156] Die blad het selfs berig oor 'n oproerigheid tydens 'n politieke vergadering van die SAP te Newlands, Johannesburg, toe "Hertzogiete" (Nasionaliste) en Arbeiders dit gesamentlik onder leiding van die berugte Mary Fitzgerald ontwrig het.[157] Tydens 'n ander vergadering weer, het dr. T.C. Visser, 'n

---

[150] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 131.

[151] *De Burger*, 10.05.1916, p. 3 ("Nommer 131": Uit die Praathuis); *Ibid.*, 11.05.1916, p. 4 (Hoofartikel: De Kosten van Levensonderhoud); *Ibid.*, 13.05.1916, p. 7 ("Nommer 131": Uit de Praathuis); *Ibid.*, 17.05.1916, p. 3 ("Nommer 131": Uit de Praathuis).

[152] *Ibid.*, 15.04.1916, p. 4 (Hoofartikel: Het Begrotingsdebat).

[153] *Ibid.*, 12.08.1916, p. 7 ("*Valk*": Opmerkingen); *Ibid.*, 25.08.1916, p. 6 (D.J. van der Merwe: Adv. De Waal te Porterville).

[154] *De Burger*, 09.06.1916, p. 3 ("*Nommer 131*": Uit die Praathuis).

[155] *De Burger*, 29.08.1917, p. 3 (Transvaal: De Provinsiale Raad).

[156] *Ibid.*, 24.05.1918, p. 3 (Binneland: Transvaal).

[157] *Ibid.*, 25.09.1915, p. 5 (Transvaal: De Newlands Affaire). I.v.m. Mary Fitzgerald, kyk ook hfst. 5, pp. 206 - 208.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nasionale leier van Johannesburg, as voorsitter opgetree waar verskeie lede van die Arbeidersparty ook die woord gevoer het.[158]

De Burger het ook gereeld prominensie aan die Arbeidersparty in sy kolomme gegee deur politieke toesprake van Arbeiderleiers *verbatim* te rapporteer,[159] en verklarings van die party volledig te publiseer.[160] Dit het daartoe aanleiding gegee dat W.B. Madeley, die Arbeiderparlementslid vir die kiesafdeling Benoni, by geleentheid verklaar het: "*Ons Arbeiders het nie ons eie pers nie...en was Die Burger nie daar nie, sou ons stemme nooit die publiek daarbuite bereik nie.*"[161]

Dié wedersydse steun en geleentheidstoenadering tussen die partye het egter geensins beteken dat die NP in beleid met die Arbeidersparty ooreengestem en in alle gevalle daaraan goedkeuring verleen het nie.[162] Tydens 'n politieke vergadering het F.H.P. Creswell byvoorbeeld kategories verklaar dat die Arbeiders in vele kwessies saam met die Nasionaliste in die Volksraad gestem het en dit weer sou doen so dikwels as wat omstandighede daartoe sou ontstaan. Die SAAP sou dan nog steeds volgens sy beginsels handel, aangesien die party hoegenaamd geen verbond of ooreenkoms met die Nasionale Party gehad het nie.[163] Op hulle beurt weer, het ***De Burger*** en NP-segsmanne die Arbeidersparty beskuldig van "vlagswaaiery" (van die Britse vlag) en van pro-Britse imperialisme, patriotisme en jingoïsme (aggressiewe, dweepsieke vaderlandsliefde), dat dit meer lojaal aan Brittanje as aan Suid-Afrika was en dat die party hom meestal aan die kant van die SAP en die Unioniste geskaar het. Die SAAP se sosialistiese beleid ten opsigte van grondbelasting en sy pro-oorlog houding is ook gereeld gekritiseer.[164] ***De Burger*** het

---

[158] *De Burger*, 13.01.1916, p. 5 (De Ontginning van de Oost Rand).

[159] Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 07.08.1915, p. 8 (Vergadering van de Arbeiderspartij); *Ibid.*, 19.08.1915, p. 6 (Majoor Creswell in de Stadzaal) en *Ibid.*, 23.10.1919, p. 5 (Kol. Creswell te Kimberley).

[160] Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 15.11.1916, p. 5 (De Oostrand Mijnen); *Ibid.*, 16.11.1916, p. 6 (De Oostrand Mijnen) en *Ibid.*, 17.11.1916, p. 7 (De Oostrand Mijnen).

[161] I.W. van Tonder: *Oom Izak van Kaapstad kyk terug*, pp. 10 – 11. Kyk ook C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 323.

[162] O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, I, pp. 144, 256; C.M. van den Heever: *Generaal J.B.M. Hertzog*, pp. 343 – 344, 435; L.E. Neame: *General Hertzog*, pp. 164, 184.

[163] *De Burger*, 13.09.1915, p. 6 (Wensen van de heer Creswell).

[164] Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 25.02.1916, p. 4 ("*Nommer 131*": Uit die Praathuis); *Ibid.*, 16.03.1916, p. 4 ("*Nommer 131*": Uit die Praathuis); *Ibid.*, 18.03.1916, p. 4 ("*'n Vriend van No. 131*": Uit die Praathuis); *Ibid.*, 19.04.1916, p. 3 ("*Nommer 131*": Uit die Praathuis); *Ibid.*, 25.05.1916, p. 3 ("*Nommer 131*": Uit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
byvoorbeeld na laasgenoemde party verwys as "*...de politieke parlementaire 'Labour Party', die eerder Jingo's dan werklieden vertegenwoordigt.*"[165] Daadwerklike en formele samewerking tussen die NP en die SAAP sou eers ná die Randse mynwerkerstaking van 1922 in alle erns begin.[166]

Laastens kan vermeld word dat ***De Burger*** ook berigte aangaande die stigting en beleid van die International Socialist League geplaas het.[167] Die koerant het onder andere 'n baie interessante berig geplaas van 'n politieke vergadering wat 'n NP-segsman, H.E.S. Fremantle, toegespreek het. Tydens vraetyd het 'n sosialis die mening uitgespreek dat as dit nie vir die anti-oorloggesinde Nasionale Party was nie "*...die volk van Suid-Afrika in al die ellende van konskripsie gedompel sou gewees het.*" In Brittanje is 'n mede-sosialis glo teen sy wil onder die konskripsiewet na die oorlogsfront in Frankryk gestuur en daarom was die sosialis bly dat daar 'n Nasionale Party in Suid-Afrika was.[168]

2.3 *ONS VADERLAND*

Naas ***De Burger***, as die eerste Afrikaanstalige dagblad wat die politieke denke van die Nasionaalgesinde Afrikanerarbeider weerspieël het, is ook ***Ons Vaderland*** vir die doeleindes van hierdie studie geselekteer. Alhoewel hierdie koerant dieselfde politieke sentimente as ***De Burger*** geopenbaar het en ook in 1915 verskyn het, was dit aanvanklik nie 'n dagblad nie. ***Ons Vaderland*** het egter nader aan die brandpunt vanwaar die Suid-Afrikaanse arbeidsgeskiedenis gedurende die eerste twee dekades na Uniewording grootliks afgespeel het, ontstaan.

Dieselfde gevoelens van politieke wanhoop, verdeeldheid en bitterheid wat Nasionaalgesinde Afrikaners in die suide uiteindelik genoop het om 'n eie mondstuk te stig,

---

die Praathuis); *Ibid.*, 28.06.1916, p. 4 (Nasionalisme en Arbeid); *Ibid.*, 01.07.1916, p. 7 ("*Valk*": Opmerkingen); *Ibid.*, 25.08.1916, p. 6 (D.J. van der Merwe: Adv. De Waal te Porterville); *Ibid.*, 27.10.1916, p. 6 ("*V.d.M.*": Ons Arbeids Klasse, II).

[165] *De Burger*, 01.07.1916, p. 7 ("*Valk*": Opmerkingen).

[166] Kyk hfst. 6, pp. 373 - 375.

[167] Kyk byvoorbeeld *De Burger*, 16.09.1915, p. 4; *Ibid.*, 24.09.1915, p. 5 (Transvaal: Een nieuwe Verbond); *Ibid.*, 14.12.1915, p. 5 (Transvaal: Kongres van Socialisten); *Ibid.*, 09.06.1917, p. 5 (De Socialisten en de Vredesbeweging). I.v.m. die League kyk hfst. 5, pp. 238 - 241.

[168] *De Burger*, 28.06.1916, p. 4 (Nasionalisme en Arbeid).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
het ook in die noorde geheers. Ook dáár sou hierdie onverkwiklike politieke klimaat aanleiding gee tot die stigting van organe wat die politieke sentimente van die Hertzog- of Nasionaalgesinde Afrikaners sou verkondig.[169]

As voorloper van ***Ons Vaderland*** het 'n weekblad, ***Die Week: Een Nationaal en Landbouw Blad***, op 23 Februarie 1912 onder redaksie van Harm Oost in Pretoria die lig gesien. Alhoewel ***Die Week*** 'n onverbonde blad was en nie die eiendom van enige politieke party nie, was dit volgens Erasmus die eerste selfstandige joernalistieke onderneming in die Transvaal om die Hertzogbeleid te steun en duidelik te stel.[170] Harm Oost is in 1877 in Oostwold in die provinsie Groningen, Nederland, gebore. In die negentigerjare van die 19de eeu het hy as onderwyser na die Z.A.R. gekom en het as burger aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem. Hy is gevange geneem en aanvanklik na St. Helena gestuur, maar later na Nederland gerepatrieer. Hy het nog later na die Transvaal teruggekeer en saam met Gustav Preller in 1906 die Tweede Afrikaanse Taalbeweging begin. Van 1907 tot 1911 het Oost in die redaksie van ***De Volksstem*** gedien wat die konsiliasiebeleid van genl. Louis Botha gesteun het. Oost het die redaksie van ***De Boer***, 'n byblad tot ***De Volksstem*** behartig, maar meer gekonsentreer op wat gaandeweg as die Hertzogbeleid bekend geword het. Toe hy voor die keuse gestel is om óf die Botha-beleid te steun, óf te bedank, het hy in 1911 uit die redaksie van ***De Volksstem*** getree – vandaar die stigting van ***De Week***. Tydens 1914-Rebellie was Oost sekretaris van genl. C.R. de Wet en hoof van sy lyfwag. In Desember 1914 is hy gevange geneem en het agtien maande tronkstraf uitgedien. As lid van die Nasionale Party het Oost ook die kiesafdeling Pretoria-distrik onderskeidelik as lid van die Transvaalse Provinsiale Raad en as Volksraadslid verteenwoordig.[171]

---

[169] Kyk ook pp. 42 – 49 hierbo.

[170] L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, pp. 2 – 3, 15, 18 – 20, 24, 32 – 33, , 97. Kyk ook H. Oost: *Wie is die Skuldiges?*, p. 147; P.J. Nienaber: *'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika*, p. 120; H. Reitz en H. Oost (reds.): *Die Nasionale Boek*, p. 41; J.P. Brits: *Tielman Roos – political prophet or opportunist?*, p. 28; R.P. Visser: Na Ses-en-Twintig Jaar: 'n Terugblik (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938, p. 4); A.M. van Schoor: Die Joernalistiek (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938, p. 6); T.E.G. Cutten: The History and Growth of the South African Press, p. 69; D.P. Goosen (red.): *Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910 – 1953*, p. 194.

[171] C.J. Beyers (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, IV, pp. 448 – 449; D.P. Goosen (red.): *Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910 – 1953*, pp. 193 – 195; H. Reitz en H. Oost (reds.): *Die*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Week het egter slegs een jaar en sewe maande bestaan. 'n Twis het tussen Oost en een van sy medewerkers, mev. C.C. Logan, oor die besitreg van die koerant ontstaan. Oost het die hofsaak wat aanhangig gemaak is, verloor, sodat ***Die Week*** daarna by die ***Volksstem***-drukkery uitgegee is met mev. Logan as redakteur. Aangesien die blad toe 'n Botha-orgaan geword het, het sy bestaansreg verval en het dit daarna tot niet gegaan. Oost het egter met die finansiële ondersteuning van vriende onmiddellik 'n nuwe weekblad, ***Het Volk: Een Nationaal en Landbouw Blad***, begin uitgee wat sonder onderbreking in die plek van ***Die Week*** verskyn het en ook die Hertzogpolitiek gepropageer het. ***Het Volk*** was die eiendom van en is uitgegee deur *Het Volk Drukkers & Uitgevers Maatschappij Beperk* met adv. Tielman Roos, dr. Hjalmar Reitz en prokureur H.S. Webb as direkteure. Aangesien Oost as gevolg van ***Die Week***-hofsaak insolvent verklaar is, kon sy naam nie amptelik as redakteur verskyn nie. Vir dié doeleindes is die naam van advokaat A.S. van Hees en na hom dié van H.S. Webb gebruik, maar vir alle praktiese doeleindes was Oost redakteur.[172]

Erasmus verklaar dat ***Het Volk***, wat later 'n halfweeklikse koerant geword het, met die stigting van die Nasionale Party in 1914 die eerste orgaan van die party geword het met Harm Oost as die eerste Nasionale joernalis in Suid-Afrika.[173] Soos reeds genoem, het Oost tydens die Rebellie van 1914 by die magte van genl. De Wet aangesluit. Volgens Oost en Erasmus is ***Het Volk*** in Oktober van daardie jaar onder Krygswet verban,[174] terwyl Visser verklaar dat die blad enkele maande na die eerste uitgawe weens 'n gebrek aan fondse gestaak is.[175]

Aangesien geen ander Afrikaanse NP-orgaan in daardie stadium weer in Transvaal die lig gesien het nie en, soos Visser dit stel, daar 'n "volksbehoefte" was aan 'n opvolger vir ***Het***

Nasionale Boek, p. 567; H. Oost: *Wie is die Skuldiges?*, pp. 145 – 146; L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, pp. 17 – 18, 100, 103.

[172] L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, pp. 35, 37, 38; H. Oost: *Wie is die Skuldiges?*, p. 149; R.P. Visser: Na Ses-en-Twintig Jaar: 'n Terugblik (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938, p. 4); P.J. Nienaber: *'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika*, pp. 120 – 121.

[173] L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, pp. 37, 39, 74.

[174] *Ibid.*, p. 41; H. Oost: *Wie is die Skuldiges?*, p. 149. Kyk ook P.J. Nienaber: *'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika*, p. 121.

[175] R.P. Visser: Na Ses-en-Twintig Jaar: 'n Terugblik (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938, p. 4).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volk,[176] is 'n nuwe maatskappy, "*Die Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk*", op 8 September 1915 in Pretoria gestig. Die ondertekenaars van die Akte van Oprigting was adv. Gey van Pittius, B.C. Bezuidenhout, prokureur H.S. Webb, dr. T.C. Visser, A.S. Roux, J.A. Joubert en adv. Tielman Roos. Die prospektus het onder andere verklaar dat die maatskappy sou onderneem om 'n koerant by name ***Ons Vaderland*** voorlopig halfweekliks uit te gee waarby 'n Johannesburgse weekblad, ***De Transvaler*** van dr. T.C. Visser, ingelyf sou word. Die "*Atlas Drukkerij en Boekbinderij*" van Bloedstraat, Pretoria is vir die som van £3 500 vir die doeleindes van die druk van die nuwe koerant aangekoop.[177]

Die eerste direkteure van ***Ons Vaderland*** was dr. Gey van Pittius, J.A. Joubert, B.C. Bezuidenhout, dr. T.C. Visser en H.S. Webb. Die eerste bestuurder was P. Verbeek.[178] Ander prominente figure onder die stigteraandeelhouers was onder meer genl. J.B.M. Hertzog, adv. T.J. Roos, sen. I.W.B. de Villiers, sen. W.J.C. Brebner, sen. C.G. Marais, adv. A.S. van Hees, P.G.W. Grobler, A.S. Roux, C.F. Beyers, C. Fichardt en N.C. Havenga.[179]

In die Akte van Oprigting is onder andere verklaar dat die doel van die nuwe koerant was om "*...die kristelik-nasionale beginsels, die taal, geskiedenis en tradisies van die Hollandse*

---

[176] R.P. Visser: Na Ses-en-Twintig Jaar: 'n Terugblik (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938, p. 4). Kyk ook L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 43 en P. Barnard: Ons Vaderland 1915 – 1932: 'n Empiriese Studie, p. 3.

[177] (SAB) MPY file no. T. 4681, Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk: Certificate of Incorporation No. 4681, 09.09.1915; *Ibid.*, Akte van Oprigting en Reglement van Die Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk, 24.07.1915; *Ibid.*, Overeenkomst: Die Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk en D. en P. Verbeek, 24.07.1915; *Ibid.*, T.C. Visser – Registrateur van Maatskappye, 15.01.1943; *Ibid.*, Return of Allotments from 09.09.1915 to 13.11.1915 of the Noordelike Drukpers Maatskappy; L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, pp. 42, 43, 45, 50; P.J. Nienaber: *'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika*, p. 121; J.C. Coetzee: *South African Newspapers on microfilm*, p. 53; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 30, 82, 105, 109, 114 – 115, 135, 223 – 224, 309, 411, 470, 478, 481, 482, 733; J.C.H. Grobler: *Politieke Leier of Meeloper? Die lewe van Piet Grobler 1873 – 1942*, p. 261; E. Potter: *The Press as Opposition*, p. 45; K. Tomaselli (*et al* eds): *The Press in South Africa*, p. 122; (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Vol. I, pp. 196, 198 en Annexure IV, p. 9; R.P. Visser: Na Ses-en-Twintig Jaar: 'n Terugblik (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938, p. 4). D.P. Goosen (red.): *Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910 – 1953*, p. 193 verklaar verkeerdelik dat *Ons Vaderland* in 1916 gestig is en T.E.G. Cutten: The History and Growth of the South African Press, p. 69, dat dit in 1914 gestig is.

[178] D.I. - Argief, file no. 13/13, Ons Vaderland: Certificate of Registration of Newspaper No. 225, 09.09.1915 (no. 1/36139); (SAB) MPY file no. T. 4681, Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk: List of the Persons who have consented to the Directors of Die Nooordelike Drukpers Maatskappij Beperk , 24.07.1915.

[179] L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 47; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 83, 109, 162; K. Tomaselli (*et al* eds): *The Press in South Africa*, p. 122.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Afrikaner in ere te hou", en: "*...stelselmatig werksaam wees in die bevordering van alle lewensbelange van die Hollandse Afrikaner, en hom help om sij regmatige plek in te neem, en te behou, in maatskappij, Staat, Kerk en Skool, sowel as op gebied van handel, landbouw en industrie*".[180] Die maatskappyprospektus het ook verklaar dat saamgewerk sou word met ***De Burger*** en alle ander koerante wat die beginsels voorgestaan het van die Nasionale rigting wat deur genl. Hertzog bepleit is.[181] Trouens, in 1915 het die Nasionale Party besluit om onder meer ***Ons Vaderland*** te ondersteun wat in effek beteken het dat die blad van toe af as een van die "offisiële organen" van die party erken is[182] en vanaf die uitgawe van 28 Januarie 1916 het dit dan ook met die subtitel "Officieël Orgaan van de Nationale Partij" verskyn.[183] Volgens Erasmus het dit egter nie beteken dat die NP enige geldelike belang in Die Noordelike Drukpersmaatskappij Beperk en dus seggenskap in sy redaksionele beleid verkry het nie.[184]

Barnard verklaar tereg dat Harm Oost dié dryfkrag agter die stigting van ***Ons Vaderland*** was,[185] maar hy het in daardie stadium nog tronkstraf in Johannesburg uitgedien weens sy deelname aan die Rebellie.[186] Oor wie die redakteurskap in hierdie interim periode tydelik namens Oost waargeneem het, kom daar in die gepubliseerde sekondêre bronne baie verwarrende en foutiewe inligting voor. Volgens die oorspronklike registrasiedokumente en korrespondensiestukke in besit van die Departement van Binnelandse Sake was prof. Jan Kemp van die Gereformeerde Kerk se Teologiese Skool in Potchefstroom die

---

[180] (SAB) MPY file no. T. 4681, Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk: Akte van Oprigting en Reglement van Die Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk, 26.07.1915; L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 45.

[181] C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 478 – 479.

[182] M.P.A. Malan: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika*, pp. 16 – 17, 35, 44. Kyk ook O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 390, 511; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 83, 109, 175, 198, 309, 372, 409, 470, 481, 485; L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, pp. 58, 60 – 61; E. Potter: *The Press as Opposition*, p. 45; (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Vol. I, p. 198 en Annexure IV, p. 9; P. Barnard: Ons Vaderland 1915 – 1932: 'n Empiriese Studie, pp. 11, 12, 22, 22B, 60, 68, 69, 73, 122 – 126 en Bylae, p. 1; T.E.G. Cutten: The History and Growth of the South African Press, p. 73; R.P. Visser: Na Ses-en-Twintig Jaar: 'n Terugblik (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938, p. 4) en voetnoot 109, p. 54 hierbo.

[183] Kyk *Ons Vaderland*, 28.01.1916, p. 1.

[184] L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 60.

[185] P. Barnard: Ons Vaderland 1915 – 1932: 'n Empiriese Studie, p. 8.

[186] H. Oost: *Wie is die Skuldiges?*, p. 149; L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 47; C.J. Beyers (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel IV, p. 449; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 227.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eerste redakteur.[187] Volgens Muller was Kemp vir ses maande lank die redakteur.[188] Erasmus verklaar dat dr. J.F.W. Grosskopf Kemp met die redakteurskap bygestaan het.[189] Na alle waarskynlikheid het Grosskopf self ook gedurende 1916 as redakteur waargeneem, want 'n registrasiesertifikaat van ***Ons Vaderland***, gedateer 2 November 1916, dui Oost en Grosskopf as "*gesamelyk verantwoordelike editeuren*" (sic) aan.[190]

Uit die korrespondensiestukke blyk dit verder dat Grosskopf sy dienste as redakteur van ***Ons Vaderland*** op 15 Mei 1917 beëindig het en na ***De Volksblad*** in Bloemfontein vertrek het.[191] Voorts blyk dit uit die dokumente dat H.J Poutsma, wat oor uitgebreide joernalistieke ervaring in Nederland en Suid-Afrika beskik het, 'n prominente aandeel aan die algemene staking van 1914 gehad het en van 1914 tot 1918 die sekretaris van die Nasionale Party was,[192] ook tydelik en heelwaarskynlik tesame met Harm Oost die redakteurskap van ***Ons Vaderland*** van 1 Julie tot 17 Augustus 1917 waargeneem het[193] alhoewel dit in geen gepubliseerde bron oor die geskiedenis van die blad vermeld word nie. Oost was dus eers uiteindelik vanaf Augustus 1917 alleen die verantwoordelike redakteur

---

[187] D.I. - Argief, file no. 13/13, Ons Vaderland: Certificate of Registration of Newspaper No. 225, 09.09.1915 (no. 1/36139). Kyk ook L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 47; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 332 – 333 en J.C. Coetzee: *South African Newspapers on microfilm*, p. 53. E. Potter: *The Press as Opposition*, p. 45; J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers, Deel I, p. 145 en (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Annexure IV, p. 9 verklaar verkeerdelik dat genl. J.C.G. Kemp die eerste redakteur van *Ons Vaderland* was en dat Oost hom in 1924 opgevolg het.

[188] C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 333.

[189] L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 47. Volgens Erasmus het die Afrikaanse volksdigter, Jan. F. Cilliers, ook in hierdie hoedanigheid opgetree, maar dit word nêrens deur *Ons Vaderland* se registrasiedokumente bevestig nie.

[190] D.I. - Argief, file no. 13/13, Ons Vaderland: Harthorne – Verbeek, 02.11.1916 (no. 2/13/13); *Ibid.*, Extract from newspaper register, 02.11.1916 (no. 2/13/13); *Ibid.*, J.F. Ludorf – Secretary for the Interior, 08.09.1917, p. 1 (no. 5/13/13). Kyk ook H. Oost: *Wie is die Skuldiges?*, p. 149.

[191] D.I. - Argief, file no. 13/13, Ons Vaderland: H. Verbeek – Sekretaris van Binnelandse Sake, 03.09.1917 (no. 4/13/13); *Ibid.*, Office of the Deputy Sheriff of Pretoria, 03.09.1917.

[192] W.J. de Kock (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel I, pp. 672 – 673; E. Rosenthal: *Southern African Dictionary of National Biography*, pp. 297 - 298. I.v.m. Poutsma en die 1914-staking, kyk hfst. 7, pp. 416, 418, 426.

[193] D.I. - Argief, file no. 13/13, Ons Vaderland: I.F. Ludorf – Secretary for the Interior, 08.09.1917 (no. 5/13/13); (SAB) MPY file no. T. 4681, Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk: Copy of Register of Directors or Managers of the Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk, 28.05.1917.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
van die koerant[194] en sou in daardie hoedanigheid dien totdat hy in 1925 deur Gustav Preller opgevolg is.[195]

Op 10 September 1915, ses weke na die ontstaan van ***De Burger***, het die eerste uitgawe van ***Ons Vaderland*** met die subtitel "De Transvaler ingelyfd",[196] as voortsetting van ***Die Week*** en ***Het Volk*** op straat verskyn.[197] Aangesien die Nasionale Party se provinsiale afdelings onderskeidelik op 1 Julie 1914 (OVS), 26 Augustus 1914 (Transvaal), 19 Augustus 1915 (Natal) en 15 September 1915 (Kaapland) gestig is, ***De Burger*** op 26 Julie 1915 en ***Ons Vaderland*** op 10 September 1915 die lig gesien het, het die interessante situasie ontstaan dat beide party en spreekbuise feitlik alreeds binne die eerste brose lewensdae in die tweede algemene uniale verkiesing van 20 Oktober 1915 gedompel is.[198]

In teenstelling met ***De Burger***, waarvan die finansiële posisie mettertyd begin verbeter het, het dié van ***Ons Vaderland*** egter algaande versleg. Volgens Muller was onoordeelkundige finansiële beplanning die belangrikste rede vir hierdie groter wordende probleem. Die Noordelike Drukpersmaatskappij Beperk is opgerig met 'n nominale kapitaal van 30 000 aandele van £1 elk waarvan vir eers slegs 10 000 uitgegee is. Die maatskappy het egter geen betalende tydskrif soos ***De Burger*** met ***Die Huisgenoot*** gestig nie. Daarby was die meeste van die direkteure en stigteraandeelhouers (wat die direkteure aangewys het) oorwegend invloedryke lede van die Nasionale Party wat sterk politieke ambisies gekoester het. Gevolglik is oormatige druk op ***Ons Vaderland*** uitgeoefen om 'n uiterste

---

[194] D.I. - Argief, file no. 13/13, Ons Vaderland: P. Verbeek – Sekretaris van Binnelandse Sake, 10.09.1917 (no. 6/13/13); *Ibid.*, Certification of editorship, 06.11.1917; *Ibid.*, Extract from Newspaper Register, 14.05.1923.

[195] H. Oost: *Wie is die Skuldiges?*, pp. 146, 149 – 150; L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 101; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 483; R.P. Visser: Na Ses-en-Twintig Jaar: 'n Terugblik (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938, p. 4).

[196] Kyk *Ons Vaderland*, 10.09.1915, p. 1.

[197] L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 45; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 82, 105, 470, 733; H. Oost: *Wie is die Skuldiges?*, p. 149; P. Barnard: Ons Vaderland 1915 – 1932: 'n Empiriese Studie, p. 3; R.P. Visser: Na Ses-en-Twintig Jaar: 'n Terugblik (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938, p. 4).

[198] L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 59. I.v.m. die 1915 algemene verkiesing kyk hfst. 6, pp. 336 - 347.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
partypolitieke kleur aan te neem,[199] wat finansieel gesproke nie altyd 'n verstandige beleid geblyk te wees het nie.

Dat die aanvangsjare van ***Ons Vaderland*** finansieel maar moeilik was en dat die koerant veral in die ekonomiese maer jare van die Eerste Wêreldoorlog gesukkel het om vooruit te gaan, blyk ook uit 'n hoofartikel van 1917. Die papierskaarste as gevolg van die oorlog is as een rede voorgehou wat die uitbreiding van die blad verhinder het.[200] Teen 1919 het die redaksie gekla van die "moeilikheden" om teen die "Jingokoeranten" en die "onbeperkte geldmiddelen" van die "machtige" SAP-pers stand te hou. Die blad het nie oor genoeg ruimte beskik om al sy berigte te publiseer nie en sy drukpers was onvoldoende om 'n groot koerant te kon uitgee. Gedurende die oorlogsjare is £1 700 meer aan papier gespandeer as normaalweg. Ander drukkersmateriaal was ook "verschrikkelik" duur terwyl die prys van ***Ons Vaderland*** nie verhoog is nie. Aangesien die bedryfskapitaal nie gegroei het nie, is 'n beroep op die leserspubliek gedoen om aandele in Die Noordelike Drukpersmaatskappij Beperk uit te neem sodat, veral met die oog op die algemene verkiesing van 1920, die verlangde fondse verkry kon word om nuwe drukperse en meer papier mee aan te koop. Aangesien aandeeluitgifte en intekengelde alleen egter nie die blad staande sou kon hou nie, was advertensies die aangewese kapitaalgenereerder. Omdat ***Ons Vaderland*** nie 'n regeringsmondstuk was nie, so is gesê, wou Engelssprekende firmas nie in die koerant adverteer of drukwerkopdragte aan sy drukpers gee nie. Daarom is lesers aangemoedig om simpatieke adverteerders te werf.[201]

Teen 1920 is gereelde lesers versoek om meer nuwe lesers teen intekengelde van £1 per jaar te werf. Die koste van lone, papier, ink en ander benodighede het verdubbel, maar die intekengeld is weereens nie dienooreenkomstig verhoog nie omdat die redaksie graag wou toesien dat elke Nasionaalgesinde Afrikaner 'n leser van ***Ons Vaderland*** word. Daarby is ook gespog dat die blad "*het onbeperkte vertrouwen van duizende Afrikaners*" geniet het.[202]

---

[199] C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 481 – 485. Kyk ook (SAB) MPY file no. T. 4681, Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk: Akte van Oprigting en Reglement van Die Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk, 24.07.1915.

[200] *Ons Vaderland*, 03.07.1917, p. 2 (Hoofartikel).

[201] *Ibid.*, 21.01.1919, p. 5 (Aan onze Lezers).

[202] *Ibid.*, 13.04.1920, p. 4 (Ons vra Intekenaars!).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die probleme om die gebrek aan voldoende bedryfskapitaal te oorkom, het egter bly voortduur. In 'n poging om weer kapitaal te bekom, het ***Ons Vaderland*** in Januarie 1923 'n prospektus en aansoekvorms vir 10 000 aandeeluitgifte teen £1 elk gepubliseer. Bedryfskapitaal van £10 000 is benodig om 'n nuwe gebou vir die koerant te bekom en sodat die blad tot sy "volle ontplooiing" kon kom. Met die oog op die volgende algemene verkiesing van 1924 was daar ambisieuse planne om van ***Ons Vaderland*** 'n dagblad te maak, die halfweeklikse uitgawes van die koerant te vergroot, asook om óf 'n tweetalige ***Ons Vaderland*** óf 'n Engelse weekblad uit te gee sodat Engelssprekendes ook deur Nasionale propaganda bereik kon word. Vir hierdie doeleindes is glo selfs 'n beperkte maatskappy geregistreer. Verder is ook vermeld dat die volksdigter Jan F.E. Cilliers hom by die redaksie van ***Ons Vaderland*** aangesluit het. Maar die eintlike rede vir die prospektus was die kapitaaltekort. Volgens die blad was sy verdienste in die voorafgaande finansiële jaar wel oor die £1 000, maar dit is ingesluk deur rente, slegte ou skuld en buitengewone afskrywings. Daarby moes die drukpersmaatskappy volgens wet die verlangde £10 000 binne veertig dae insamel. Om die verkoop van die aandeeluitgifte van stapel te stuur, is 'n uitbreidingskomitee in die lewe geroep. Lede van die komitee het aandeelhouers onder andere in Pretoria, Johannesburg, Fordsburg, Germiston, Heidelberg, Standerton, Volksrust, Vereeniging, Balfour, Lydenburg, Koster, Lichtenburg en selfs in die Vrystaat en die Noord-Kaap gewerf. Omsendbriewe in hierdie verband is ook aan al die takke van die N.P. gestuur.[203] Sover vasgestel kon word, is geeneen van die beoogde planne om in daardie stadium 'n dagblad of 'n Engelse weekblad te stig, egter ten uitvoer gebring nie, alhoewel enkele artikels in Engels deur korrespondente met skuilname vanaf 1923 in ***Ons Vaderland*** begin verskyn het.[204]

Oor die politieke en ekonomiese posisie van die Afrikanerwerker op die Rand, arbeid – en vakbondaangeleenthede en teenoor die Arbeidersparty het ***Ons Vaderland*** min of meer

---

[203] *Ons Vaderland*, 16.01.1923, p. 4 (Die Uitbreidingsplanne van "Ons Vaderland"); *Ibid.*, 26.01.1923, p. 6 (Ons Uitbreidingsplan); *Ibid.*, 30.01.1923, p. 6 (Ons Uitbreidingsplan); *Ibid.*, 02.02.1923, p. 4 (Die Uitbreidingskema van "Ons Vaderland"); *Ibid.*, 06.02.1923, p. 4 (Die Uitbreidingskema van "Ons Vaderland"). Kyk ook (SAB) MPY file no. T. 4681, Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk: Prospektus van Die Noordelike Drukpers Maatskappy Beperk, 02.01.1923. I.v.m. Jan. F.E. Cilliers, kyk ook voetnoot 189, p. 71.

[204] Kyk byvoorbeeld *Ons Vaderland*, 23.01.1923, p. 7 ("Amphy Bias": Hello, there, is this Transvaal?); *Ibid.*, 14.03.1924, p. 4 ("Transvaler": The Pending by-Elections); *Ibid.*, 11.04.1924, p. 3 ("A voice from the people": A National Pact).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dieselfde houding ingeneem as ***De Burger***, alhoewel eersgenoemde polities baie meer uitgesproke oor hierdie kwessies was. Net soos ***De Burger*** het ***Ons Vaderland***, as spreekbuis van die Nasionale Party, wat op sý beurt weer die politieke beliggaming van die Nasionaalgesinde Afrikanervolk was, hom ook met die lot van die Afrikanerwerkersklas vereenselwig.[205]

As koerant ook vir die Afrikanerwerkers op die Rand, het ***Ons Vaderland*** die belange van daardie gemeenskap ondubbelsinnig op die hart gedra en hom onder andere oor die brandende kwessie van myntering uitgespreek. Volgens Stals het ongeveer 2 000 blankes, van wie meestal Afrikaners was, jaarliks myntering opgedoen.[206] Die sterftesyfers onder slagoffers van hierdie siekte was geweldig hoog en die gemiddelde werklewensduur van ondergrondse mynwerkers slegs sewe jaar. Aangesien Afrikaansprekende 80 % (teen 1919) van die blanke ondergrondse arbeidsmag verteenwoordig het, was ***Ons Vaderland*** ten gunste daarvan dat die regering 'n grondige ondersoek na die aangeleentheid moes loods. Voorts was die blad van mening dat kompensasie aan die slagoffers van myntering verhoog moes word en dat die gesondheidstoestande in die goudmyne verbeter moes word.[207] Toe 'n wetsontwerp vir kompensasie aan mynteringlyers in 1919 by die parlement ingedien is, het ***Ons Vaderland*** dit gekritiseer omdat die kompensasie volgens die blad nie genoeg was nie. Volgens die kritiek het die wetsontwerp eerder die mynkapitaliste bevoordeel en hulle geldelike laste verminder sodat hulle hul welvaart op die lyding van die slagoffers van myntering kon bou.[208]

Die agitasie van ***Ons Vaderland*** vir die regte van Afrikanerwerkers moet in die lig van besondere omstandighede gesien word. Op die Rand was daar aanvanklik geen vakbonde of werkersorganisasies wat spesifiek na die belange van die Afrikanerwerkers omgesien het of hulle taal en kulturele tradisies eerbiedig het nie. Hoewel hulle steeds in groter getalle 'n heenkome in die myne gevind het, het daar nogtans 'n diep kloof tussen hulle en die

---

[205] I.v.m. *De Burger* en Afrikanerwerkers, kyk pp. 56 – 58 hierbo.

[206] E.L.P. Stals (red.): *Afrikaners in die Goudstad. Deel I 1886 - 1924*, p. 87.

[207] *Ons Vaderland*, 30.11.1915, p. 4 (Mijntering); *Ibid.*, 13.02.1917, p. 2 (Mijnwerkers Moeilikhede); *Ibid.*, 25.04.1919, p. 4 – 5 (Hoofartikel); *Ibid.*, 15.06.1920, p. 4 (Sluiting van Mijne). I.v.m. mynwerkers en myntering kyk ook E.N. Katz: *The White Death. Silicosis on the Witwatersrand Gold Mines 1886 – 1910.*

[208] *Ons Vaderland*, 25.04.1919, pp. 4 – 5 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bestaande Engelsgeoriënteerde arbeidsorganisasies bestaan. Gebeurtenisse rondom die stakings van 1913 en 1914 was vir die Afrikaners 'n aansporing om ernstig oor 'n eie organisasie te dink. Hulle het die bestaande arbeiderorganisasies gewantrou en geglo dat dit slegs as werktuig van die Arbeidersparty ingespan is wat die Afrikaners as "trekdiere" gebruik het en tydens verkiesings mislei het.[209] Namate dit duidelik geword het dat die Eerste Wêreldoorlog ten einde loop, het die Afrikaners begin besef dat baie Engelstalige mynwerkers van die oorlogsfront sou terugkeer om weer in hulle vorige werk op die myne aangestel te word. Derhalwe het die Afrikaners daarna gestrewe om hulle eie onafhanklike, nie-politiese arbeiderorganisasies te stig wat ook ten sterkste in die kolomme van ***Ons Vaderland*** bepleit is.[210]

Tog was die Afrikaners merkwaardig verdeeld oor die aangeleentheid. Die een groep was die mening toegedaan dat die Afrikaners die bestaande South African Mine Workers' Union moes steun, aangesien hulle geglo het dat daar by die Engelstalige mynwerkers 'n geleidelike verandering plaasgevind het en dat hulle sake meer uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt begin sien het. Die ander groep Afrikaners het besware geopper teen die ekstremisties-sosialistiese stakings- en geweldsmetodes van die SAMWU. Volgens hulle het die Engelsgeoriënteerde SAMWU bande met die Arbeidersparty gehad en eerder 'n onversoenbare imperialistiese as 'n Afrikaanse gees uitgestraal.[211] Die tweespalt oor hierdie kwessie onder die Afrikanerwerkers op die Rand is baie duidelik in die kolomme van ***Ons Vaderland*** weerspieël. Alhoewel die Zuid-Afrikaanse Werkersvereniging, weldra die Zuid-Afrikaanse Werkersbond genoem, in 1917 in Johannesburg vir Afrikanerwerkers

---

[209] E.L.P. Stals (red.): *Afrikaners in die Goudstad. Deel I 1886 – 1924*, pp. 86, 88; S. Pauw: *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die stad*, p. 202; *Ons Vaderland*, 21.10.1916, p. 4 ("Nasionalist": Afrikaner en Arbeiders Partij); *Ibid.*, 13.03.1917, p. 2 (Vakorganisatie en Politiek); *Ibid.*, 16.03.1917, p. 4 ("Dr. Booijafta": Is Vakvereniginge non-Politiek?); *Ibid.*, 08.05.1917, p. 4 ("Dr. Booijafta": Arbeiders-Unies en die Afrikaners); *Ibid.*, 17.07.1917, p. 2 (Arbeidersbelangen).

[210] E.L.P. Stals (red.): *Afrikaners in die Goudstad. Deel I 1886 – 1924*, p. 88; *Ons Vaderland*, 21.10.1916, p. 4 ("Nasionalist": Afrikaner en Arbeiders Partij); *Ibid.*, 13.02.1917, p. 2 (Mijnwerkers-Moeilikhede); *Ibid.*, 16.03.1917, p. 4 ("Dr. Booijafta": Is Vakvereniginge non-Politiek?); *Ibid.*, 20.03.1917, p. 4 ("Dr. Booijafta": Is Vakvereniginge non-Politiek?); *Ibid.*, 28.08.1917, p. 2 (Afrikaner Werksmense Bijmekaar!); *Ibid.*, 12.04.1921, p. 4 (Wat staat de werkman te wachten?); *Ibid.*, 16.09.1921, p. 4 (Hoofartikel).

[211] E.L.P. Stals (red.): *Afrikaners in die Goudstad. Deel I 1866 – 1824*, pp. 88 – 89; *Ons Vaderland*, 05.04.1917, p 5 (Afrikaners op die Rand); *Ibid.*, 08.05.1917, p. 4 ("Dr. Booijafta": Arbeiders-Unies en die Afrikaners); *Ibid.*, 06.07.1917, p. 4 ("Dr. Booijafta": Industriële Organisasies en ons Hollandssprekende Afrikaners); *Ibid.*, 22.07.1919, p. 8 ("Dr. Booijafta": Arbeids Organisasies).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gestig is,[212] het dit spoedig tot 'n heftige polemiek tussen die voorstanders van hierdie beweging enersyds en dié van die SAMWU andersyds, in die koerant gelei.[213] ***Ons Vaderland*** was egter baie versigtig om nie redaksioneel kant te kies nie en het deurgaans tot eensgesindheid onder Afrikanerwerkers en die aanvaarding van mekaar se standpunte gemaan.[214] Dit was ook die standpunt van die Nasionale Party.[215]

As kampvegter vir die regte van die Afrikanerwerker het ***Ons Vaderland*** ook pertinente anti-nie-blanke sentimente geopenbaar. Dit is in die redaksionele kolomme van die blad en veral in die artikels van een van sy pseudonieme rubriekskrywers, ene "Dr. Booijafta", weerspieël. "Dr. Booijafta" het hom byvoorbeeld teen die mededinging en verdringing van swart- en kleurlingarbeid ten koste van blanke arbeid uitgespreek en was sterk ten gunste van die behoud van die kleurslagboom in die arbeidsveld[216] en segregasie op sosiale terrein:

> "*Die hele kleurling-politiek van die empaaier is reeds van ouds af gebaseer op 'n onkristelike beginsel, wat sê: die kaffer en kleurling moet uit sijn plek,*

---

[212] E.L.P. Stals (red.): *Afrikaners in die Goudstad. Deel I 1866 – 1924*, p. 89; *Ons Vaderland*, 28.08.1917, p. 2 (Afrikaner Werksmense Bijmekaar!) en p. 5 (Z.A. Werkers Vereniging Gesticht); *Ibid.*, 21.10. 1919, p. 9 (Z.A. Werkkers Bond).

[213] *Ons Vaderland*, 05.04.1917, p. 5 (Afrikaners op die Rand); *Ibid.*, 26.06.1917, p. 4 (C.P. Pieterse: Arbeiders Organisasie); *Ibid.*, 03.07.1917, p. 4 (J. van der Merwe: "Arbeids Organisasies"); *Ibid.*, 21.08.1917, p. 4 (J. van der Merwe: Die Mijnwerkers Unie); *Ibid.*, 24.08.1917, p. 4 (Mijnwerkers Organisasie); *Ibid.*, 28.08.1917, p. 5 (B. Pohl: Teen 'n Afsonderlike Vereniging; *Ibid.*, 17.04.1919, p. 8 (J.F. Conje: Open Brief); *Ibid.*, 20.05.1919, p. 8 (Van de Rand); *Ibid.*, 27.05.1919, p. 5 ("Afrikaner Werker": Pasop vir die Skeurmakerij); *Ibid.*, 17.06.1919, p. 8 (Werkersbond en Mijnwerkers Unie); *Ibid.*, 24.06.1919, p. 3 (Nog eens de Werkersbond); *Ibid.*, 05.09.1919, p. 2 (Van de Rand); *Ibid.*, 26.09.1919, p. 2 (Mnr. D.J. Smal en de M.U.); *Ibid.*, 14.10.1919, p. 6 (SAWB); *Ibid.*, 17.10.1919, p. 5 ("Gerard": Werkers-Bond en de Unies); *Ibid.*, 11.11.1919, p. 4 (Van de Rand); *Ibid.*, 12.12.1919, p. 7 (SAWB Kongres); *Ibid.*, 06.07.1920, p. 9 ("Bekeerling": Is die Werkersbond Populêr?); *Ibid.*, 13.07.1920, p. 7 (Randse Spaanders); *Ibid.*, 27.07.1920, p. 3 (Amper Afrikaans) en p. 8 ("Roelfie": "What Next?"); *Ibid.*, 07.09.1920, p. 6 (ZA Werkersbond); *Ibid.*, 25.02.1921, p. 8 (Berig); *Ibid.*, 01.03.1921, p. 5 (Geesdriftige Kongres van Werkersbond) en p. 7 (B. Pohl: Mijnwerkers-Unie); *Ibid.*, 11.03.1921, p. 7 (J.F. Cronje: Mnr. Pohl en die Mijnwerkers-Unie) en p. 8 (Randse Spaanders); *Ibid.*, 24.03.1921, p. 3 (B. Pohl geantwoord); *Ibid.*, 24.04.1921, p. 5 (Voor die MWV).

[214] *Ibid.*, 20.05.1919, p. 4 (Vak Organisasie); *Ibid.*, 08.07.1919, p. 3 ("Dr. Booijafta": Werkers Organisasies); *Ibid.*, 22.07.1919. p. 8 ("Dr. Booijafta": Arbeids Organisasies); *Ibid.*, 17.08.1919, p. 2 (Unie, Bond of Vereniging?); *Ibid.*, 26.08.1919, p. 8 ("Dr. Booijafta": Arbeids Organisasies); *Ibid.*, 24.03.1921, p. 4 (SAWB en MWV); *Ibid.*, 12.04.1921, p. 4 (Wat staat de werksman te wachten?).

[215] *Ibid.*, 29.11.1918, p. 5 (Ons Partij en die Arbeiderskwessie).

[216] *Ibid.*, 12.06.1917, p. 4 ("Dr. Booijafta": Arbeidsvraagstukke en die Afrikaners); *Ibid.*, 26.08.1919, p. 8 ("Dr. Booijafta": Arbeids Organisasies). Kyk ook *Ibid.*, 27.11.1923, p. 7 (Suid-Afrika moet 'n swartmansland word) en (Spotprent).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waarin die Godheid hom geplaas het, geneem word, hij moet 'n ander plek krij."[217]

Verder het ***Ons Vaderland*** die gelykstellingsbeleid van die International Socialist League tussen wit en swart, soos onder andere gepropageer in sy mondstuk, ***The International***, verafsku en beweer het dat dit tot die ondergang van die Afrikaner sou lei. Gevolglik het ***Ons Vaderland*** sy lesers gewaarsku: "*Internationalisme en bolsjewisme moeten ons al hun doodsvijand beschouwen*".[218] Oor 'n soortgelyke gelykstellingsartikel wat in ***The International*** gepubliseer is, was ***Ons Vaderland*** se kommentaar: "*Duideliker en verfoeiliker kan 't wel niet!*"[219] Hierdie sterk anti-nie-blanke sentimente van ***Ons Vaderland*** is deur baie van sy korrespondente beaam. Verder is dit interessant dat hierdie persone ook lede van óf die SAMWU, óf die Zuid-Afrikaanse Werkers Bond, óf die Nasionale Party was.[220]

Ons Vaderland het hom ook oor ander kwessies rakende Afrikanerwerkers uitgespreek. Teen 1918 reeds het die koerant gepleit vir die stigting van 'n Departement van Arbeid met 'n verantwoordelike minister aan die hoof daarvan, asook vir 'n Raad van Arbeid waarin verskillende vakbonde verteenwoordig kon word. Daardeur sou arbeidsverhoudinge tussen werkgewer en werknemer op 'n gesonde voet geplaas kon word en sou die belange van werkers (veral in die myne) beskerm en bevorder kon word.[221] Volgens Erasmus het die blad ook sy steun verleen aan die versoeke van Afrikanermyn- en fabriekswerkers om leefbaarder diensvoorwaardes.[222]

---

[217] *Ons Vaderland*, 17.04.1919, p. 3 ("Dr. Booijafta": Toestand Ernstig).

[218] *Ibid.*, 11.04.1919, p. 7 (Berig). Kyk ook *Ibid.*, 17.12.1918, p. 2 (Over Bolsjewisme); *Ibid.*, 08.04.1919, p. 4 (Regering en Bolsjewiste Kwaadstekers); *Ibid.*, 17.04.1919, p. 3 ("Dr. Booijafta": Toestand Ernstig). I.v.m. die I.S.L. en *The International*, kyk ook hfst. 5, pp. 241 - 296.

[219] *Ons Vaderland*, 15.08.1919, p. 5 (Bolsjewiks en de Vredesfeesten).

[220] Kyk bv. *Ibid.*, 17.04.1919, p. 8 (J.F. Cronje: Open Brief); *Ibid.*, 09.05.1919, p. 2 (B. Pohl: Die Kaffergevaar); *Ibid.*, 20.05.1919, p. 8 (J.F. Cronje: "Goggas", P.J. Baird: Nou is dit ons kans, en B. Pohl: 'n Waarskuwing van mnr. Pohl); *Ibid.*, 17.06.1919, p. 8 (Werkersbond en Mijnwerkers Unie); *Ibid.*, 05.09.1919, p. 2 (Van de Rand); *Ibid.*, 14.10.1919, p. 6 (SAWB); *Ibid.*, 11.11.1919, p. 4 (Van de Rand); *Ibid.*, 05.03.1920, p. 2 (Benoni Bo!); *Ibid.*, 04.05.1920, p. 3 (B. Pohl: Mnr. Pohl se Opinie); *Ibid.*, 13.07.1920, p. 7 (Randse Spaanders); *Ibid.*, 01.03.1921, p. 7 (B. Pohl: Mijnwerkers-Unie); *Ibid.*, 22.04.1921, p. 10 (P.J. Baird: Wat die SAWB wil).

[221] *Ibid.*, 10.12.1918, p. 2 (Arbeid en die N.P.); *Ibid.*, 27.12.1918, p. 2 ('n Gekose Minister?).

[222] L.J. Erasmus: *'n Volk staan op uit sy as*, p. 83.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Te oordeel aan die aanvalle op die SAAP in die kommentaarkolomme van ***Ons Vaderland***, was daar 'n baie sterk wedywering tussen die Arbeidersparty en die Nasionale Party om die politieke steun van die Randse Afrikanerwerker te verkry. Dit is in soveel woorde deur "Dr. Booijafta" erken,[223] terwyl daar in 'n hoofartikel ook na die "*verderfelike invloed van de Politieke Arbeiders Partij*" op Afrikanerwerkers ten koste van die Nasionale Party verwys is.[224] Ten einde Afrikanerwerkers, wat in verkiesings vir die Arbeidersparty gestem het, te oortuig om Nasionaal te word, het die blad teen 1920 aangekondig dat dit 'n gereelde nuusdiens vir die Rand sou instel sodat spesiale aandag aan dié deel van die NP gewy kon word "*...wat onder moeilike teenhede die beginselstrijd moet strij*".[225]

As NP-mondstuk het ***Ons Vaderland*** die Arbeidersparty van allerlei politieke onhebbelikhede beskuldig. So was hierdie party volgens die koerant onder andere jingoïsties, imperialisties, beginselloos en anti-republikeins. Deur sy steun aan die Britse oorlogspoging gedurende die Eerste Wêreldoorlog het die Arbeidersparty in die hande van die kapitaliste gespeel wat uit die oorlog voordeel getrek het en hierdie steun het ook bygedra tot die onnodige verkwisting van £50 miljoen uit die Unie-skatkis. Die Arbeidersparty het nie die belange van die (blanke) arbeider op die hart gedra nie en het geen program van sosiale wetgewing ten gunste van die werkers gehad nie. Dit het die vakbond vir eie politieke gewin misbruik en het met die tradisies van die Afrikanerwerker gespot, aldus ***Ons Vaderland***.[226] Ook in die Johannesburgse Stadsraad, waar die Arbeiders teen 1920 in die meerderheid was, is die party daarvan beskuldig dat hy niks vir die werkers gedoen het nie.[227] Verder is van die Arbeidersparty gesê dat "*...zulk een Partij kan voor de Afrikaner niet anders dan noodlottig zijn*",[228]

en:

---

[223] *Ons Vaderland*, 25.07.1919, p. 3 ("Dr. Booijafta": Arbeids Organisasies).

[224] *Ibid.*, 13.03.1917, p. 2 (Vakorganisasie en Politiek).

[225] *Ibid.*, 18.05.1920, p. 2 (Ons Partij op die Rand).

[226] Kyk bv. *Ibid.*, 17.04.1917, p. 6 ("Dr. Booijafta": Arbeiders Vraagstukke en Onse Afrikaners); *Ibid.*, 15.05.1917, p. 4 ("Dr. Booijafta": Onse Afrikaners en Arbeidskwessies); *Ibid.*, 27.12.1918, p. 2 (Hoofartikel); *Ibid.*, 04.03.1919, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 11.03.1919, p. 4 (Plat skiet, of wat?); *Ibid.*, 22.04.1919, p. 4 (De "Labour Party"); *Ibid.*, 25.07.1919, p. 3 ("Dr. Booijafta: Arbeids Organisasies).

[227] *Ibid.*, 01.04.1920, p. 5 (Arbeiders Onmag).

[228] *Ibid.*, 13.03.1917, p. 2 (Vakorganisasie en Politiek).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"*Die Arbeiderspartij is 'n aristokrate-bende, wat net vir hulle eie groepie werk, terwijl die arme werker kan heenskeer!*"[229]

Nasionaalgesinde lesers van ***Ons Vaderland*** het dieselfde anti-Arbeidersparty houding as die blad ingeneem en daaraan toegevoeg dat hierdie party nie vertrou kon word nie, nie die belange van sy kiesers verteenwoordig het nie, die vakbonde beheer het, leuens oor die NP vertel het, die mynmagnate ten koste van die mynwerkers bevoordeel het en sosialistiese beleidsrigtings voorgestaan het wat teen die grein van die Afrikaner se opvattings ingegaan het. Die korrespondente het ook verklaar dat die Arbeidersparty oneerlik met sy kleurbeleid was deurdat hy nie-blankes in die Kaapprovinsie uitgenooi het om by die party aan te sluit, maar die kleurslagboom in die Transvaal bly handhaaf het.[230] Verder is lede van die party 'n "*Red Flag gespuis*"[231] genoem en is daar verklaar:

"*Hulle is net sulke dodelike vijande van die Afrikaner en sijn belange als die Unioniste*".[232]

As teenvoeter vir die Arbeidersparty het ***Ons Vaderland*** die NP dus voorgehou as die enigste politieke party wat die belange van die Afrikanerwerker op die hart gedra en aktief bevorder het[233] en het verklaar dat "*...de Nationale Partij...tot stand is gekomen die sympatiseert met de werkende klasse*".[234]

Een van die kwessies waarteen ***Ons Vaderland*** die felste kritiek uitgespreek en waaroor die blad die skerpste kommentaar gelewer het, was groot kapitaal en in besonder mynkapitalisme. In hierdie verband het die koerant sy aanvalle op verskeie aspekte van

---

229 *Ons Vaderland*, 25.06.1920, p. 8 (Arbeiderspartij-Kluitjies). Kyk ook p. 10 (Nog meer amper Afrikaans).

230 Kyk bv. *Ibid.*, 24.10.1919, p. 7 (J.J. van der Merwe: Die A.P. en hul onderduimse taktieke); *Ibid.*, 16.04.1920, p. 2 (J.H.L. Schumann: Afrikaners en die Arbeider Partij); *Ibid.*, 27.04.1920, p. 10 (Arbeiderspartij verdedig); *Ibid.*, 04.05.1920, p. 3 (Arbeiders Partij Veroordeel); *Ibid.*, 05.05.1920, p. 2 (Benoni Bo!); *Ibid.*, 07.05.1920, p. 6 (Randse Spaanders); *Ibid.*, 25.05.1920, p. 2 (Publieke Opinie); *Ibid.*, 29.11.1921, p. 4 ("Jong Vrystater": Waarom die Arbeiders-Partij 'n Mislukking is).

231 *Ibid.*, 23.09.1919, p. 2 (J.F. Cronje: Arbeids Partij Sluiptog).

232 *Ibid.*, 21.10.1916, p. 4 ("Nasionalist": Afrikaner en Arbeiders Partij).

233 *Ibid.*, 15.05.1917, p. 4 ("Dr. Booijafta": Onse Afrikaners en Arbeidskwessies); *Ibid.*, 11.03.1919, p. 4 (Plat skiet, of wat?); *Ibid.*, 22.04.1919, p. 4 (De "Labour Party"); *Ibid.*, 27.04.1920, p. 10 (Arbeiderspartij verdedig).

234 *Ibid.*, 10.07.1917, p. 2 (Onze Afrikaaner Arbeiders).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
kapitalisme in Suid-Afrika gefokus. 'n Korrespondent het kapitalisme soos volg gedefinieer:

> "*Kapitalisme is 'n gewetenlose beweging wat geen volksgevoel of beginsel het nie. Die enigste ideaal wat hulle vir hul ten doel stel is om rykdomme te vergaar, en die oneerlikheid van die metodes is van minder waarde*".[235]

Dit was dan ook vanuit hierdie vertrekpunt dat ***Ons Vaderland*** sy aanvalle op mynkapitalisme in Suid-Afrika geloods het. So is beweer dat die groot mynhuise, met hulle hoofkantore in Londen, hulle ten doel gestel het om Suid-Afrika vir hulle eie selfsugtigheid en oorsese belange te eksploiteer. Die hebsugtige mynmagnate het Suid-Afrika se goud- en diamantrykdom tot hulle eie voordeel ontgin en dit met minimum koste teen die laagste moontlike belasting uitgevoer. Die magnate se direkteure in Europa het die verkope van hierdie minerale vanuit Londen tot nadeel van Suid-Afrika beheer.[236] 'n Pseudonieme artikelskrywer, ene "Gerard", het byvoorbeeld syfers aangehaal om aan te toon dat hierdie persone nie kapitaal die land ingebring het om die myne mee te ontgin nie, maar dat kapitaal juis deur hulle ontginning die land uitgevloei het. Vir die periode 1911 – 1915 het Suid-Afrika se uitvoere £301 miljoen bedra en sy invoere £191 miljoen. Dit het 'n gunstige handelsbalans van £110 miljoen gelaat waaruit ook rente op lenings, vragassuransie en onkoste op handelsware betaal moes word. Volgens "Gerard" se berekeninge moes die kapitaal wat oorsee gestuur is, en wat hoofsaaklik van profyte uit goud en diamante afkomstig was, dus ongeveer £80 miljoen bedra. Indien mynbou 'n staatsmonopolie was, sou die grootste gedeelte van hierdie bedrag vir die land behoue gebly het.[237]

Ook die Regering en genls. Botha en Smuts was die skryf van aanvalle op kapitalisme. So is beweer dat die twee generaals "agente" van die magnate was, dat die Smuts-regering 'n "magnate-regering" was, dat die regering die goudmyne en die skatte van die land aan die "goud- en diamantkoningen" "gegee" het en dat die regering die reg tot die ontginning van

---

[235] *Ons Vaderland*, 16.03.1923, p. 1 (E.J. Genis: Kapitalisme versus Patriotisme).

[236] Kyk bv. *Ibid.*, 05.11.1915, p. 4 (Onze Miljoenen-Politiek); *Ibid.*, 07.11.1916, p. 2 (Aardappels en Goud); *Ibid.*, 28.11.1916, p. 4 ("Gerard": De Ekonomiese Toestand); *Ibid.*, 05.06.1917, p. 2 (Die Nieuwe Wandaad); *Ibid.*, 18.06.1920, p. 4 (Hoe die magnate ons regeer); *Ibid.*, 06.02.1923, p. 3 ("Amphy Bias": The Reign of the Mine Magnate).

[237] *Ibid.*, 28.11.1916, p. 4 ("Gerard": De Ekonomiese Toestand). Kyk ook *Ibid.*, 23.01.1917, p. 4 ("Gerard": De Ekonomiese Toestand).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
myngrond aan die Oosrand, die sogenaamde "bewaarplaatsen", aan die kapitaliste "weggegee" het. Daarby het die regering se belastingwette die mynmagnate en swartes ten koste van die boere en die blanke werkers bevoordeel.[238] ***Ons Vaderland*** het verklaar dat die eintlike rede vir die regering se inval in Duits-Suidwes-Afrika in 1914 'n "rooftog" was om die "diamantvorste" van die De Beers-diamantsindikaat in beheer van daardie gebied se diamantvelde te plaas.[239] Die Unioniste Party en die SAP is voorgehou as politieke organisasies van die kapitaliste met hulle "kantoorpaleise" in Londen, waarheen al die dividende gestuur is wat in Suid-Afrika verdien is.[240] ***Ons Vaderland*** het spotprente ook baie effektief in sy aanvalle gebruik. 'n Boonzaier-spotprent is byvoorbeeld uit ***De Burger*** oorgeneem waarin F.S. Malan, die Minister van Mynwese en Industrie, uitgebeeld word as 'n marionet in die hande van Hoggenheimer met die inskrywing "*Minister van Myneigenare*".[241] In ander spotprente weer is genl. Smuts uitgebeeld as iemand wat sakke vol geld aan kapitaliste uitdeel, en in samewerking met die groot kapitaaltrusts slegs enkele pennies aan werkloses ten koste van boere laat toeval.[242]

Die pers van ***Ons Vaderland*** se politieke opposisie was nog 'n teiken van die blad se kritiek. ***The Star*** is byvoorbeeld uitgekryt as 'n imperialistiese en kapitalistiese mynmagnate-orgaan,[243] en as "*Het Milner-orgaan bij uitnemendheid, het kapitalisten mondstuk, waaruit voor't Afrikanerdom nooit iets anders dan slecht placht en pleegt voort te komen...*"[244]

Ook ***De Volkstem***, mondstuk van die SAP, en die ***Sunday Times***, is van imperialisme en dienstigheid aan die kapitalistiese mynmagnate beskuldig.[245] Die ***Rand Daily Mail*** is as

---

[238] Kyk bv. *Ons Vaderland*, 05.06.1917, p. 2 (Die Nieuwe Wandaad); *Ibid.*, 11.03.1919, p. 4 (Plat skiet, of wat?); *Ibid.*, 10.10.1919, p. 4 (£14 Miljoen voor de Empaaier); *Ibid.*, 07.11.1919, p. 6 (Twee Konferenties); *Ibid.*, 09.03.1920, p. 5 (Die Rand word bedreig); *Ibid.*, 19.04.1921, p. 4 (Het miljoenen-geknoei); *Ibid.*, 25.08.1922, p. 4 (Nie geveto nie); *Ibid.*, 06.02.1923, p. 4 ('n Ou-kapitalistiese streek).

[239] *Ibid.*, 07.11.1919, p. 6 (Twee Konferenties); *Ibid.*, 27.04.1920, p. 6 (Weer miljoenen weggegooid).

[240] *Ibid.*, 04.02.1921, p. 4 (Ekonomiese Imperialisme).

[241] *Ibid.*, 08.06.1917, p. 3 (Spotprent). Kyk ook *Ibid.*, 05.06.1917, p. 2 (De Nieuwe Wandaad).

[242] Kyk *Ibid.*, 17.04.1924, p. 3 (Spotprent) en *Ibid.*, 22.04.1924, p. 3 (Spotprent), onderskeidelik.

[243] *Ibid.*, 25.10.1918, p. 2 ("Misdadige agtelosigheid"); *Ibid.*, 20.05.1919, p. 4 (Diamanten en die Empaaier); *Ibid.*, 15.09.1922, p. 4 ('n Verblydende oorsaak); *Ibid.*, 16.05.1924, p. 5 (Kapitalistiese Pers Leuens).

[244] *Ibid.*, 03.05.1921, p. 4 (Twee Kabels). Kyk ook *Ibid*,. 02.10.1923, p. 8 (Mnr. Hoggenheimer).

[245] *Ibid.*, 03.05.1921, p. 4 (Twee Kabels); *Ibid.*, 21.09.1923, p. 4 (Slegmaak!); *Ibid.*, 16.05.1924, p. 5 (Kapitalistiese Pers Leuens).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
pro-Brits beskryf,[246] terwyl die ***Cape Times*** as 'n "ultra-jingoblad" en "hoëpriester van jingoïsme en imperialisme" uitgekryt is.[247]

Net soos ***De Burger*** het ***Ons Vaderland*** kwistig gebruik gemaak van die Hoggenheimer-figuur in sy aanvalle en kritiek op groot kapitaal in Suid-Afrika. Dit was meestal parodieë in die vorm van ope briewe, dikwels in satiriese styl geskryf, maar soms ook in sarkastiese en snedige taal. Die artikels is gepubliseer in die vorm van korrespondensie tussen Hoggenheimer en sekere persone, soos mynmagnate en politici in sy mag, of "slagoffers' van Hoggenheimer, soos boere, armblankes, delwers, die Afrikaner in die algemeen en afgedankte spoorwegwerkers en mynwerkers. Dit was 'n baie vernuftige joernalistieke styl om sekere insinuasies, beskuldigings, kritiek of kommentaar oor kapitalisme se beheer van en houvas en monopolie op die politieke, ekonomiese en sosiale lewe in Suid-Afrika aan die lesers van ***Ons Vaderland*** te suggereer sonder om die gevaar van lasteraksies te loop.[248] Hoggenheimer is uitgekryt as 'n "uitsuier", "bloedsuier", "lae smeerlap" en as gewetenloos en Brits-imperialisties. Daar is ook verwys na frases soos "*Hoggenheimer, alias die kapitalistekliek*" en "*Hoggenheimer en sy gespuis*".[249] Verder is verklaar dat "*...Hoggenheimer en sy gedienstige knegte sal niemand anders aanbid dan die god Mammon*".[250]

Deur middel van die Hoggenheimer-tema is ***Ons Vaderland*** se aanvalle en kritiek op genl. Smuts en die kapitalistiese pers ook voortgesit. In die Hoggenheimer-rubrieke is byvoorbeeld geskerts hoe hy as verteenwoordiger van groot kapitaal aan genl. Smuts

---

[246] *Ons Vaderland*, 09.10.1923, p. 6 ("Dr. Booijafta": Van Konsiliasiefontein).

[247] Kyk *Ibid.*, 10.10.1919, p. 4 (£14 Miljoen voor de Empaaier) en *Ibid.*, 02.02.1923, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer), onderskeidelik.

[248] Kyk bv. *Ibid.*, 28.07.1922, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 11.08.1922, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer gee vir Genl. Smuts instruksies); *Ibid.*, 18.08.1922, p. 1 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 29.08.1922, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 19.09.1922, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 17.10.1922, p. 8 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 07.11.1922, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 10.11.1922, p. 8 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 22.12.1922, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 12.01.1923, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 07.08.1923, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 14.08.1923, p. 7 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 23.09.1923, p. 8 (Mnr. Hoggenheimer) en *Ibid.*, 05.02.1924, p. 4 (Hoofartikel).

[249] Kyk bv. *Ibid.*, 19.09.1922, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 02.02.1923, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 03.04.1923, p. 3 (Jan Kieser: Wie is Hoggenheimer?); *Ibid*,. 21.08.1923, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 26.10.1923, p. 9 ("'n Stem uit die Noorde": So kan dit nie aangaan nie!); *Ibid.*, 26.02.1924, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 14.03.1924, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer).

[250] *Ibid.*, 30.05.1924, p. 8 (Die Hoek waar Hoggie mee Hak?).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
"instruksies" en "bevele" gee, dat die generaal 'n "vriend en ondersteuner" van hom was, dat Smuts "kop in een mus" met hom was en dat Smuts sy "gehoorsame kalfakter" ('n persoon wat hom deur iemand anders vir allerhande soorte vuil werk laat gebruik) en "kneg" was.[251] Ook die Unioniste Party is daarvan beskuldig dat dit "bestaan uit Hoggenheimer en die geldsuiers".[252]

Van die kapitalistiese pers is beweer dat Hoggenheimer "instruksies" gegee het aan die agt groot Engelstalige dagblaaie in Suider-Afrika wat hy opgekoop het. Volgens ***Ons Vaderland*** het hierdie "bedorwe en verfoeilike" Hoggenheimer-pers onder andere ***The Star***, die ***Cape Argus***, die ***Bulawayo Chronicle***, die ***Rhodesia Herald***, die ***Cape Times***, die ***Kimberley Advertiser*** en die ***Rand Daily Mail*** ingesluit. Volgens Hoggenheimer se instruksies sou die redakteurs van hierdie koerante slegs dit publiseer wat die kapitalisme in 'n gunstige lig sou stel, óf beriggewing só verdraai of manipuleer dat dit tot die voordeel van groot kapitaal sou strek. ***Ons Vaderland*** se Hoggenheimer-rubrieke het verder beweer dat hierdie redakteurs as Hoggenheimer-marionette hulle koerantberigte vóór publikasie eers aan hom vir goedkeuring moes voorlê.[253] Daarby het Hoggenheimer glo die S.A. Industrial News Service gestig om kapitalistepropaganda in Afrikaans aan Afrikaanstalige nuusblaaie te stuur in die hoop dat hulle dit sou publiseer om die Afrikaners so in die kapitalisme se politieke strik te vang.[254]

---

[251] Kyk bv. *Ons Vaderland*, 11.08.1922, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer gee vir Genl. Smuts instruksies); *Ibid.*, 20.10.1922, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 22.12.1922, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 30.01.1923, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 02.02.1923, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 13.03.1923, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 03.08.1923, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 28.08.1923, p. 10 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 09.10.1923, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 22.01.1924, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 14.03.1924, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 30.05.1924, p. 8 (Die Hoek waar Hoggie mee Hak?)

[252] *Ibid.*, 28.08.1923, p. 10 (Mnr. Hoggenheimer).

[253] Kyk bv. *Ibid.*, 28.07.1922, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 11.08.1922, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer gee vir Genl. Smuts instruksies); *Ibid.*, 18.08.1922, p. 1 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 29.08.1922, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 17.10.1922, p. 8 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 20.10.1922, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 10.11.1922, p. 8 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 22.12.1922, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 12.01.1923, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 26.01.1923, p. 7 (Hoggenheimer sê die waarheid); *Ibid.*, 02.02.1923, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 14.08.1923, p. 7 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 04.09.1923, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 02.10.1923, p. 8 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 09.10.1923, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer).

[254] *Ibid.*, 02.02.1923, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In ***Ons Vaderland*** se aanvalle op die Hoggenheimer-pers het daar andersins ook 'n subtiele suggestie geskuil. Dit was dat die lesers finansieel sou reageer op die blad se oproep om steun sodat van ***Ons Vaderland*** 'n Nasionale dagblad in Transvaal gemaak kon word om teen die Hoggenheimer-organe te kompeteer. In dieselfde uitgawe waarin die artikel met hierdie suggestie verskyn het, is dan ook die prospektus vir ***Ons Vaderland*** se uitbreidingsplanne om meer bedryfskapitaal te bekom, gepubliseer. Daarom het die koerant in sy Hoggenheimer-rubriek verklaar:

> "*Wat beteken die 'Ons Vaderland' teen my* [Hoggenheimer] *dag-, aand- en Sondagblaaie?! Dink hulle* [die Afrikaners] *dat hulle met my kan kompeteer met 'n ou-lap in hulle pocket? Nee wat, as hulle iets wil beteken moet hulle ook 'n behoorlike dagbladpers hê... Hulle wil veg teen Hoggenheimer maar hulle wil nie geld gee vir ammunisie nie. Ek is bly daaroor, dog vrees dat eendag hulle oë sal oopgaan en dat ek onverwags 'n Nasionale Dagblad in Transvaal sal sien... En die naarheid is, die Nasionale joernaliste kan ek nie koop nie, wel die Sappies, ek sê vir hulle inkkoelies. Maar as die Nasionale Dagblad daar is moet ek tog 'n skoot probeer. Ek wonder of die takhare sal gaan insien dat 'n goeie dagblad hulle eie voordeel is!*"[255]

[255] *Ons Vaderland*, 26.01.1923, p. 7 (Hoggenheimer sê die waarheid). I.v.m. die prospektus en die uitbreidingsplanne, kyk ook voetnoot 203, p. 74.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

PERSORGANE WAT DIE SAAP ONDERSTEUN HET: *THE WORKER*, DIE AMPTELIKE MONDSTUK

Oor die publikasies wat arbeiders-, sosialistiese en kommunistiese partye gesteun het, is daar ongelukkig nie so 'n wye verskeidenheid agtergrondliteratuur beskikbaar soos in die geval van die *establishment*-pers nie. Die kriteria wat ten opsigte van die rol en funksies van die *establishment*-pers in die Suid-Afrikaanse samelewing bespreek is, geld egter grotendeels ook ten opsigte van die rol wat die anti-kapitalistiese persorgane gespeel het. In laasgenoemde geval het die pers 'n enger gedefinieerde rol vertolk, naamlik om as politieke spreekbuise en vaandeldraers van spesifieke arbeider-, sosialistiese of kommunistiese organisasies te fungeer. Daarom was hierdie koerante in die meeste gevalle ook nie kommersiële suksesondernemings nie.

Die doktrines van sosialisme en kommunisme sou, in vergelyking met dit wat die *establishment*- koerante uitgedra het, egter nie so 'n groot inslag onder die arbeidergeledere in die breë in Suid-Afrika vind nie. Dit het die implikasie ingehou dat die vermoë van die anti-kapitalistiese pers, om as faktor in die politieke en ekonomiese mobilisasie van georganiseerde blanke arbeiderbewegings 'n rol te speel, beperk was. Gevolglik was die teikengebiede en invloedsfere wat hierdie organe kon bereik ook relatief beperk en was dit op sý beurt weer 'n negatiewe bepalende faktor vir hulle lewensduur, soos uit hierdie studie sal blyk.

Die arbeiderkoerant ***The Worker*** het eventueel die amptelike mondstuk van die SAAP geword. Die finansiële probleme van hierdie blad, waarvan min eksemplare vir navorsing behoue gebly het, het sy effektiwiteit as propagandamedium benadeel. Gevolglik sal die omstandighede en ontstaansgeskiedenis van die koerant, wat tot dié toedrag van sake bygedra het, in hierdie hoofstuk bespreek word. Die rol wat ***The Worker*** spesifiek ten opsigte van die politieke en ekonomiese mobilisering van die georganiseerde arbeiderbeweging gespeel het, word onderskeidelik in hoofstuk ses en sewe bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1 DIE TOTSTANDKOMING VAN *THE WORKER*

Daar bestaan slegs 'n onvolledige stel eksemplare van ***The Worker***, wat aan die einde van Oktober 1914 publikasie gestaak het. Hierdie eksemplare dateer uit die tydperk 1913 tot 1914. Een kopie van 1909, asook enkele artikels van ***The Worker*** wat uit die tydperk 1909 – 1910 dateer, het ook onderskeidelik in die argief van die Departement van Binnelandse Sake en die Trembath-Versameling behoue gebly. Alhoewel die artikels in die Trembath-Versameling, op enkele uitsonderings na, deur die arbeiderleier Jimmy Trembath geskryf is, gee dit tog aan die navorser 'n waardevolle insig in die inhoud van die koerant gedurende daardie tydperk.

'n Uitstaande kenmerk van ***The Worker*** is dat dit 'n koerant was wat dwarsdeur sy kortstondige bestaan van ongeveer ses jaar op kritieke tydstippe deur finansiële probleme geteister is. Vanuit die beskikbare bronne blyk dit dan ook dat ***The Worker*** juis as gevolg van finansiële probleme op wankelrige bene tot stand gekom het en daarom byna nie die mas opgekom het nie.

Teen die tweede helfte van 1908 het Harry Sampson en die SATU gepoog om 2 000 gewaarborgde intekenaars te verkry om sodoende finansiële stabiliteit vir hulle voorgestelde koerant, ***The Worker***, te verseker.[1] ***The Worker*** sou 'n weeklikse koerant wees wat deur die Johannesburgse tak van die SATU gestig sou word om 'n werkskaarste onder drukkers wat lede van die vakbond was, te help verlig en "*...to give Labour a chance to express its views in its own newspaper...*"[2]

In die uitgawe van die ***A.S.E. Monthly Report*** van Augustus 1908 het die volgende berig verskyn:

> "*The Labour Cause is severely handicapped owing to the fact that there is no newspaper entirely devoted to Labour interests, with the result that Labour*

---

[1] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, Appendix E, p. 554.

[2] A.J. Downes: *Printers' Saga*, p. 245; D.I. - Argief, file no. 416/13, *The Worker*, 06.11.1909, p. 9 ("The Worker" Co., Limited). Die omskrywing op die buiteblad van hierdie lêer verwar *The Worker* ongelukkig

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Reforms are often misrepresented and the workers have no opportunity to defend their position. It is true 'Labour Notes' have appeared in several capitalistic publications, but they do not treat fully and impartially with Labour views. It is not to be expected that newspapers financed by employers will give the workers' side of the question, because in doing so they are damaging their own cause... Consequently it has been decided to publish an Official Weekly Labour Paper to be called 'THE WORKER'".[3]

Verder is berig dat hierdie onderneming die steun van die WT & LC en die Pretoria Trades and Labour Council gehad het. Op die briefhoofde van korrespondensiedokumente aangaande ***The Worker*** is gevolglik aangedui dat die blad die amptelike spreekbuis van hierdie twee organisasies en van die Transvaal LRC was.[4] Die koerant se beleid sou onder die beheer van 'n raad bestaande uit een lid van elke betrokke vakbond staan. Die intekengelde sou 3s 3d per kwartaal en vooruit betaalbaar wees. Die koerant sou agt bladsye per eksemplaar beslaan, met 'n bladgrootte van 20 x 15 duim. Die eerste uitgawe sou vroeg in September 1908 verskyn. Taksekretarisse van die ASE is versoek om die aandag van die vakbond se lede op bogenoemde te vestig en om alles binne hulle vermoëns te doen om 'n sukses van hierdie koerant te maak. Hulle is ook versoek om intekengelde te ontvang en aan die sekretaris van die Johannesburgse tak van die SATU te stuur.[5]

Uiteindelik is ***The Worker*** teen die einde van Januarie 1909 onder beskerming van die Johannesburgse tak van die SATU teen 3d per eksemplaar gepubliseer en gedruk. R. Locker is as bestuurder teen 'n salaris van £5 per week en J.H. Crompton as redakteur aangestel.[6] In daardie stadium was die subtitels van die blad "Trades Unionism. Politics. Sport. The South African Official Labour Weekly", en "The only Official Organ of the

---

met die *South African Worker* en *Umsebenzi*, twee mondstukke van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika gedurende die tydperk 1926 – 1936.

3 Are You a Workman? (*A.S.E. Monthly Report*, August 1908, n.p.).

4 D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: G.H. Parkhouse – Colonial Secretary, 01.11.1909 (no. 2/18516); *Voice of Labour*, 11.09.1909, p. 8 (Hoofartikel).

5 Are You a Workman? (*A.S.E. Monthly Report*, August 1908, n.p.).

6 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, Appendix E, p. 554; A.J. Downes: *Printers' Saga*, pp. 254 – 255; E.N. Katz: White Workers' Grievances and the Industrial Colour Bar, 1902 – 1913 (*The South African Journal of Economics*, Vol. 42, No. 2, September 1976, p. 127); *The "United" Transvaal Directory, 1911*, p. 485. Geen biografiese inligting kon aangaande Crompton opgespoor word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
South African Labour movement". Dit is op Saterdae uitgegee, het veertien bladsye beslaan en die Central News Agency was die verspreidingsagente. Daar is ook 'n vakbondadresgids gepubliseer.[7]

Intekengelde was jaarliks 12s 6d, posvry[8] en intekenaars is gereeld daaraan herinner om hulle intekengelde betyds te hernu.[9] Teen 1909 is daar ook verklaar dat hulle die blad kon help om 10 000 lesers voor die einde van die jaar te bekom deur ***The Worker*** aan hulle vriende bekend te stel.[10] Vanuit Kimberley het ene "Transvaaler" teen ongeveer 1911 byvoorbeeld berig dat ***The Worker*** waarskynlik wyer daar gesirkuleer sou word, omdat intekengelde van verskeie persone ontvang is.[11] ***The Worker*** het volop van handelsadvertensies gebruik gemaak.[12] Advertensieslagspreuke is ook dikwels gebruik, byvoorbeeld: "*To increase your business advertise in 'The Worker'. It Pays*"[13]; "*Workers and Subscribers, Deal with our Advertisers*"[14]; en "*When you patronise our Advertisers let them know you 'saw it in The Worker'*"[15]. Om die waarde van reklame te bewys, is 'n advertensie van 'n adverteerder, T.W. Beckett & Co., waarin hy verklaar dat hy vanweë sy advertensie in ***The Worker*** goeie resultate verkry het, deur dié koerant prominent geplaas.[16] Verder was daar werwingsadvertensies vir advertensieagente van oor die hele Rand.[17]

The Worker het 'n groot verskeidenheid medewerkers gehad wat veral onder skuilname reëlmatig in rubrieke, artikels, bydraes, ensovoorts, verslag oor arbeideraangeleenthede gedoen het. Arbeiderleiers soos J.F. Trembath, Tom Mathews en W.H. Andrews het in die

---

7 *The Worker*, 06.11.1909.

8 *Ibid.*, 24.07.1913, p. 4 (Subscriptions).

9 *Ibid.*, 21.08.1913, p. 5 (To All Subscribers).

10 *Ibid.*, 06.11.1909, p. 8.

11 (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 278 (*The Worker*, n.d., n.p.: "Transvaaler": The Cause in Kimberley).

12 Kyk byvoorbeeld *The Worker*, 17.07.1913.

13 *Ibid.*, 06.11.1909, p. 13 (Advertensie).

14 *Ibid.*, 14.08.1913, p. 4 (Advertensie).

15 *Ibid.*, 04.06.1914, p. 3 (Advertensie).

16 *Ibid.*, 28.05.1914, p. 4 (Advertisers Take Note!).

17 *Ibid.*, 04.06.1914, p. 6 (Advertensie).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
periode voor 1913 verskeie artikels in die blad geskryf.[18] Gereelde bydraes was byvoorbeeld die rubriek "Durban Doings" deur "R.P.", "Notes from Port Elizabeth" deur "Hemel" en "Pretoria Notes" deur "Pretoria Scout".[19] "Durban Doings" is later deur "M.K." en "J.F.T." (heelwaarskynlik Morris Kentridge en Jimmy Trembath) behartig[20] en teen Maart 1914 het "Dingus" dié rubriek gehanteer.[21] "Daspoort Doings" is deur H.D. Page geskryf,[22] en uit Pietermaritzburg het "Red Flag" bydraes in sy rubriek, "Maritzburg Branch", gelewer.[23] Uit Oos-Londen het "M.F." artikels in "Reap and Heap" geskrywe.[24]

The Worker was ook goed in voeling met internasionale arbeideraangeleenthede. Artikels oor arbeider- en vakbondkwessies in lande soos Australië, Nieu-Seeland, België, Spanje, Holland, Rusland, Switserland, Argentinië, Oostenryk, Serwië, Kanada en Frankryk, is gepubliseer. Artikels en inligting is ook uit bekende arbeider- en sosialistiese blaaie soos die ***Australian Worker***, ***Appeal to Reason*** van die V.S.A., ***The Labour Leader*** van Brittanje, ***Vorwärts*** van Duitsland en uit geskrifte van bekende arbeider- en sosialistiese leiers soos die Brit, H.M. Hyndman, oorgeneem en geplaas.[25] Gereelde kommentaar is gelewer op arbeidstoestande en gebeurtenisse in Brittanje en dit is met die arbeidsituasie in Suid-Afrika vergelyk. Hierdie artikels is geplaas onder die opskrif: "London and Thereabouts".[26]

---

18 Kyk byvoorbeeld W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 63 – 69; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 272; *The Worker*, 06.11.1909, p. 2 ("Birdofreedom": Personal Reflections) en p. 10 (T. Matthews: Mining Notes).

19 *The Worker*, 26.06.1913, p. 3 (South African Labour Activities).

20 *Ibid.*, 21.08.1913, p. 3 (South African Labour Activities).

21 *Ibid.*, 26.03.1914, p. 6 ("Dingus": Durban Doings).

22 *Ibid.*, 13.11.1913, p. 7 (H.D. Page: Daspoort Doings).

23 *Ibid.*, 25.09.1913, p. 3 ("Red Flag": Maritzburg Branch).

24 *Ibid.*, 25.06.1914, p. 1 ("M.F.": Reap and Heap).

25 Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 06.11.1909, p. 5 (Land Monopoly Doomed); *Ibid.*, 03.07.1913, p. 2 (Do Your Little Utmost) en (Brief Labour Notes from Great Britain and her Colonies), p. 3 (A Central Union of Transport Workers in Belgium); *Ibid.*, 10.07.1913, p. 2 (Trade Union Notes from Europe), (Power and Weakness) en (Labour's Beneficent Rule in Australia) en p. 8 (Argentina); *Ibid.*, 15.01.1914, p. 3 (Bebel's Prediction), p. 6 (Brief Labour Notes) en (H.M. Hyndman: Better Way Out).

26 *Ibid.*, 25.09.1913, p. 5 (London and Thereabouts).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In "Random Shots for Labourites" het "One-Hoss Philosopher" oor politieke sake en arbeideraangeleenthede in die algemeen kommentaar gelewer.[27] Plaaslike arbeider- en vakbondaangeleenthede het in "Topics of the Week"[28] en in "Jottings from the Industrial Side" deur "Trade Unionist" neerslag gevind.[29] Daar was ook 'n weeklikse rubriek vir dames, "Our Women's Columns", wat hoofsaaklik oor die vrou se posisie in die arbeidsveld gehandel het.[30] 'n Tyd lank is spotprente deur Will Dyson van die ***Daily Herald***, wat veral op die uitbuiting van die werkers deur die kapitaliste gesinspeel het, in ***The Worker*** geplaas.[31] Gereelde bydraes is ook ontvang van D. Ivon Jones, wat later 'n prominente rol in die International Socialist League sou speel.[32] Ten spyte van al die bogenoemde medewerkers van ***The Worker***, het "One-Hoss Philosopher" tog die volgende opmerking gemaak:

> "*Some of our comrades are in the habit of writing letters and articles for the 'capitalist' press, who hardly ever contribute a single article to the 'Worker'*".[33]

Ten opsigte van arbeideraangeleenthede het ***The Worker*** van meet af aan 'n onbeskroomde pro-blanke arbeidsbeleid voorgehou.[34] Verder het die blad aanvalle op die mynindustrie gedoen, aangesien laasgenoemde klaarblyklik nie genoeg gedoen het om die lewensduur van mynwerkers wat baie ongevalle as gevolg van myntering gely het, te verbeter deur sanitasie en ventilasie in mynskagte toe te pas nie.[35] Daarby was die koerant ten gunste van vrouestemreg, gekant téén immigrasie wat deur werkgewers gesubsidieer is en téén die

---

27 *The Worker*, 18.12.1913, p. 5 ("One-Hoss Philosopher": Random Shots for Labourites).

28 *Ibid.*, 25.12.1913, p. 1 (Topics of the Week).

29 *Ibid.*, 30.10.1913, p. 3 ("Trade Unionist": Jottings from the Industrial Side).

30 *Ibid.*, 26.06.1913, p. 6 (Our Women's Columns).

31 Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 09.10.1913, p. 5 (Spotprent).

32 Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 30.10.1913, p. 7 (D.I. Jones: The Rejuvenation of the Boer).

33 *Ibid.*, 11.12.1913, p. 5 ("One-Hoss Philosopher": Random Shots for Labourites).

34 Kyk W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 66 – 67.

35 (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 121 (*The Worker*, 27.03.1909, n.p.: Reduced Working Costs).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
senaat as staatkundige instelling, soos omskryf in die Uniegrondwet, gekant.[36] ***The Worker*** het ook oor die stigtingskonferensie van die SAAP in 1909 berig.[37]

Slegs drie maande na sy ontstaan het ***The Worker*** egter finansiële probleme begin ervaar.[38] Tydens 'n algemene vergadering van die Johannesburgse tak van die SATU in Julie 1909 is daar verslag oor die vordering van ***The Worker*** gedoen. Die tak het oor die £200 in die projek belê en die vooruitsigte was goed dat dit alles op 'n verlies sou uitloop. Dié vrees is bewaarheid, want binne 'n maand daarna het die werklike verlies tot £400 gegroei. In die lig hiervan is besluit om onmiddellik stappe te doen om 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid te stig ten einde in die beste belang van die Transvaalse arbeiderbeweging en vir die verdere sukses van die blad, beheer van die onderneming oor te neem.[39] The Worker Special Committee, wat vir dié doel deur die Johannesburgse tak van die SATU aangestel is, het 'n omsendbrief aan vakbonde en politieke arbeiderliggame gestuur waarin die samestelling van die voorgestelde nuwe maatskappy verduidelik is. Hierdie maatskappy sou die eienaar van die koerant word. Aangesien ***The Worker*** volgens die omsendbrief toe 'n "betalende proposisie" was, het die komitee besluit dat 'n maatskappy met 'n kapitaal van £500 in die vorm van 500 aandele van £1 elk gestig sou word en dat die aandele soos volg toegeken sou word: 150 aandele aan die oorspronklike aandeelhouers as gedeeltelike betaling vir die koopsom; 250 aandele sou vir subskripsie uitgereik word en 100 aandele sou in reserwe gehou word. Die maatskappy sou die blad as 'n lopende onderneming vanaf 1 Augustus 1909 oorneem. Die bates het uitstaande rekeninge, wat tussen £150 en £200 gewissel het, ingesluit. Die koopsom, wat deur die oorspronklike aandeelhouers betaal sou word, was 150 ten volle opbetaalde aandele en £175 kontant.

Om te verhoed dat die Johannesburgse tak van die SATU buitensporige stemreg in die nuwe maatskappy sou uitoefen, was die oorspronklike aandeelhouers gewillig om hulle stemreg tot ongeveer een derde te laat verminder. Daar is voorgestel dat applikante by

---

36 *The Worker*, 06.11.1909, p. 8 (Our Platform).

37 *Voice of Labour*, 23.10.1909, p. 4 (The SALP Conference).

38 *The Worker*, 06.11.1909, p. 9 ("The Worker" Co., Limited).

39 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, Appendix E, pp. 554 – 555; A.J. Downes: *Printers' Saga*, pp. 245, 256; *Voice of Labour*, 18.09.1909 (Hoofartikel); *The Worker*, 06.11.1909, p. 9: ("The Worker" Co., Limited); E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 253 – 254.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle aansoeke om aandele 10s betaal en by toekenning ook 10s. Verder is daar voorgestel dat die direkteure die reg voorbehou om die getal aandele wat aan enige indiwiduele applikant uitgereik sou word, te beperk, of om die aansoek te weier. Vakbonde en politieke arbeiderliggame is gevra om twee afgevaardigdes per organisasie na 'n vergadering in bogenoemde verband te stuur. Tydens die vergadering sou oor die aanstelling van provisionele direkteure, die statute van vennootskap en die onmiddellike uitreiking van aansoekvorms besluit word.[40]

Teen September 1909 het ***Voice of Labour*** 'n prospektus van The Worker Company, Limited gepubliseer. Die nominale kapitaal was £500, wat oorspronklike aandele van £150, oorspronklike aandeelhouers (kontant) van £175, werkende kapitaal van £75 en reserweaandele van £100 bedra het. Die verklaarde doel was:

> "*To acquire 'The Worker' newspaper from the present propietors, the Johannesburg Branch of the SA Typo Union, as a going concern, from the 1st August, 1909 including assets and goodwill, and to continue its publication*".[41]

Volgens ***Voice of Labour*** het die TMA aandele uitgeneem en sou die ASE ook 'n stemming hou om goedkeuring te verkry om £100 in die nuwe maatskappy te belê.[42] Maar nog steeds was die finansies van ***The Worker*** nie op 'n gesonde voet nie. ***Voice of Labour*** het 'n artikel van die ***South African Typographical Journal***, waarin die beoogde maatskappy skerp gekritiseer is, geplaas. Daarin is onder meer gesê dat die balansstaat van ***The Worker*** 'n toedrag van sake geopenbaar het wat alles behalwe rooskleurig was en dat die Johannesburgse tak van die SATU moontlik finansiële verliese bo die verwagtinge van sy lede kon ly. Kritiek is ook uitgespreek oor die feit dat meer as £200 van die tak se geld vir die onderneming gebruik is, in weerwil van die stigtingskomitee se eie bepalings, wat verklaar het dat daardie komitee geen mag sou hê om 'n bedrag groter as £10 uit die fondse,

---

Kyk ook D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: G.H. Parkhouse – Colonial Secretary, 01.11.1909 (no. 2/18516) en *Ibid.*, C.H. Haggar – Under Secretary, 10.11.1909 (no. 3/18516).

40 *Voice of Labour*, 18.09.1909, p. 9 (Hoofartikel); *The Worker*, 06.11.1909, p. 9 ("The Worker" Co., Limited).

41 *Voice of Labour*, 11.09.1909, p. 8 (Hoofartikel). Kyk ook *Ibid.*, 13.11.1909, p. 1 (Between Ourselves).

42 *Ibid.*, 16.10.1909, p. 7 (Union Funds Dissipated).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sonder die goedkeuring van 'n stemming, toe te staan nie. Geen sodanige stemming is egter in hierdie geval gehou nie. Die artikelskrywer was ook nie optimisties dat beleggings in 'n maatskappy met slegs £500 nominale kapitaal en £75 werkkapitaal verhaal sou kon word nie en het dit teen die bestuurstelsel van die maatskappy gehad. Daar is gevoel dat die hele aangeleentheid deur die lede van die Johannesburgse tak van die SATU ondersoek behoort te word.[43] Die felle kritiek van ***Voice of Labour*** op die finansies van ***The Worker*** kan heelwaarskynlik ook toegeskryf word aan die feit dat laasgenoemde koerant in direkte mededinging met ***Voice*** om sirkulasie en advertensies onder die geledere van die werkers gestaan het.

Alhoewel die eerste poging om 'n beperkte maatskappy tot stand te bring, laat vaar moes word, het The Worker Special Committee op 29 Oktober 1909 onder voorsitterskap van G.H. Parkhouse weer met daardie doel vergader. Daar is toe eenparig besluit dat ***The Worker*** in 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid omvorm moes word. Hierdie keer was die kapitaal £600 wat soos volg saamgestel is: werkende kapitaal van £350, 150 ten volle opbetaalde verkopersaandele en 100 reserwe-aandele. 'n Uitnodiging is aan werkers gerig om aandele in die maatskappy te bekom wat ***The Worker*** op 1 November 1909 as 'n lopende onderneming sou oorneem. Die sewe provisionele direkteure was John J. Ware, H.W. Sampson, W.H. Andrews, Tom Mathews, D. Laxton, John J. Harold en F. Sadler, almal geskoolde ambagsmanne.[44]

Probleme het egter bly opduik. 'n Advertensiewerwer is byvoorbeeld vervolg omdat hy van ***The Worker*** se fondse verduister het en kommissie ontvang het vir advertensies wat nooit bestaan het nie. Dispute het onder die drukkerspersoneel ontstaan oor die stelsel waarvolgens die drukwerk gedoen moes word. Daarbenewens het Locker, die bestuurder, en Crompton, die redakteur, verskil oor die wyse waarop die drukkery bestuur moes word. Tydens 'n daaropvolgende vergadering het die Johannesburgse takkomitee van die SATU

---

43 *Voice of Labour*, 16.10.1909, p. 7 (The "Worker" Company Ltd).

44 *The Worker*, 06.11.1909, p. 9 ("The Worker" Co., Limited) en p. 13 (Aansoekvorm vir aandele); *Voice of Labour*, 02.10.1909, p. 1 (The Movement). Kyk ook D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: G.H. Parkhouse – Colonial Secretary, 01.11.1909 (no. 2/18516) en *Ibid.*, C.H. Haggar – Under Secretary, 10.11.1909 (no. 3/18516).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook 'n versoek van ***The Worker*** se bestuurder oorweeg dat 'n lening van £25 10s toegestaan word om die lone van daardie week mee te betaal. Dié versoek is toegestaan.[45]

Op 17 Desember 1909 is The Worker Company, Limited uiteindelik geregistreer met die genoemde kapitaal en aandelehouers. Die drukkers was die firma E.H. Adlington. Benewens die direkteure het ander prominente leiersfigure in arbeidergeledere, onder andere A.F. Crisp, C.H. Haggar en Peter Whiteside, asook politieke arbeiderorganisasies soos die WT & LC, en vakbonde soos die SATU en die South African Engine Drivers' & Firemen's Association (SAED & FA), aandele in die maatskappy bekom.[46]

Intussen is C.H. Haggar in Oktober 1909 as bestuurder en redakteur van ***The Worker*** aangestel.[47] Die koerant het Haggar in ophemelende taal aan sy lesers voorgestel as 'n persoon "*...who by repute is known to all Workers in South Africa, and is personally known to many hundreds* (sic) *in the Transvaal...and we may expect the character of 'The Worker' to be up to the best...*"[48]. Voorts het ***The Worker*** versoek:

> "*We ask for hearty co operation; the new Editor is not perfect; he would not wish to be, for he does not like too much isolation... The Editor is ambitious, he wishes to see the workers with a paper of which they can be proud...*"[49]

Haggar, met sy kort, gesette liggaamsbou, pankop en massiewe baard, was 'n politieke spotprenttekenaar se droom. Hy was 'n merkwaardige politikus, briljante redenaar, belese skrywer[50] en kan as een van die kleurrykste, maar ook een van die mees omstrede figure in

---

45 A.J. Downes: *Printers' Saga*, p. 255.

46 D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: Extract from Newspaper Register No. 131, 25.01.1910; (SAB) MPY Vol. 1090, file no. T3268, The Worker Limited: Copy of Register of Directors or Managers of the Worker Limited Company, 12.12.1911; *Ibid.*, Articles of Association of The Worker Limited, 02.12.1909; *Ibid.*, Companies Share Capital Duty, 06.12.1909; *Ibid.*, Certificate of Registration, 17.12.1909; *Ibid.*, R.C.C. Frankland – Attorney-General, 09.11.1911; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 253 – 254.

47 D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: Extract from Newspaper Register No. 131, 25.01.1910; *The Worker*, 06.11.1909, p. 4 (Important Notice); D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, Appendix E, p. 555.

48 *The Worker*, 06.11.1909, p. 4 (Important Notice).

49 *Ibid.*

50 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 74; A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, p. 137. Kyk ook *Voice of Labour*, 23.10.1909, p. 4 (Spotprent).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse arbeiderbeweging beskou word. Volgens een bron was hy "*...the glibbest-tongued demagogue in SA*".[51]

Charles Henry Haggar is in 1854 in East Anglia, Brittanje, gebore. Hy is aanvanklik vir die Evangeliebediening opgelei, maar het in 1889 uit sy kerk bedank om 'n onderwyser en joernalis te word. Blykbaar het hy in Engeland grade in die teologie en die wysbegeerte verwerf en 'n mediese kursus gevolg sonder om as geneesheer te kwalifiseer.[52] Hy het daarvan gehou om homself as "dokter" Haggar voor te doen, maar die juistheid van hierdie betiteling is veral in arbeidergeledere en waarskynlik met reg, in twyfel getrek.[53] Haggar het minstens tien jaar in Noord-Queensland, Australië, vertoef waar hy eers 'n prediker, toe 'n "professor" in tale aan die Townsville Tegniese Kollege en daarna 'n "professor" in skeikunde in Charters Towers was. Daar was hy ook 'n koerantredakteur. Terselfdertyd het hy aktief in munisipale en politieke aangeleenthede opgetree, hoewel hy nie daarin kon slaag om as 'n Radikale of Arbeiderkandidaat tot die parlement verkies te word nie. In 1898 of 1899 het Haggar hom in Durban gevestig waar hy 'n lewensbestaan gemaak het, éérs as 'n werknemer van die Natalse Spoorweë, daarna as algemene sekretaris van die plaaslike Christelike Jongemannevereniging en ook as onderwyser, lektor in bosbou en landboukundige. Gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899 - 1902) het hy siek en gewonde Britse soldate verpleeg.

In die algemene verkiesing van 1906 is hy as een van die vier Arbeiderkandidate wat almal setels verower het tot lid van die Natalse Wetgewende Vergadering verkies. Van 1908 tot 1909 was hy die organiserende sekretaris van die Natalse Arbeidersparty. Haggar was 'n aanhanger van die Nieu-Seelandse staatsosialisme van Richard Seddon en gevolglik ook 'n oortuigde voorstander van die Nieu-Seelandse maatskaplike welsynswetgewing. Daarby was hy 'n vurige ondersteuner van die Wit Australië-beleid. Hy was in die voorhoede van die anti-Asiatiese beweging in Natal vóór Uniewording. Hy het onder meer verklaar dat die enigste betroubare beleid was om te streef na Suid-Afrika as 'n witmansland. Haggar was

---

51 *The South African Who's Who, 1908*, p. 167.

52 C.J. Beyers (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel III, p. 374; E. Rosenthal: *Southern African Dictionary of National Biography*, p. 154; *The South African Who's Who, 1908*, p. 167; F.H. Gale: *Who's Who in the Union Parliament*, pp. 54 – 55.

53 *Voice of Labour*, 10.06.1910, p. 270 (Hoofartikel). Kyk ook *Ibid.*, 24.06.1910, p. 297 (Advertensie); *Ibid.*, 13.11.1909, p. 1 (Between Ourselves); A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, p. 137 en R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 115.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
nie net een van die vername baanbrekers op die gebied van politieke arbeiderverteenwoordiging nie, maar was ook een van die grondleggers van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty. Toe Haggar in Oktober 1909 as eerste sekretaris van die SAAP en as bestuurder en redakteur van ***The Worker*** aangestel is, het hy na Johannesburg verhuis.[54]

In Januarie 1910 het Haggar in 'n brief aan die WT & LC die steun van die organisasie se lede gevra om die sirkulasie van ***The Worker*** te verbeter en om advertensies te verkry. Twee addisionele bladsye advertensies was nodig om die koerant winsgewend te maak,[55] maar die chroniese probleme wat ***The Worker*** sedert sy aanvang geteister het, kon hy maar net nie afskud nie. In September 1910 het Haggar onder 'n wolk van omstredenheid as bestuurder van ***The Worker*** en as algemene sekretaris en partylid van die SAAP bedank. Klaarblyklik was daar twee redes vir hierdie dramatiese stap. Eerstens is Haggar deur die SAAP gekonfronteer oor bewerings van onsedelike gedrag met vrouens in Australië of Natal, alhoewel dit nooit bewys is nie.[56] Tweedens was Haggar se hantering van die fondse van ***The Worker*** ook omstrede. In 'n verduidelikende brief aan die Registrateur van Maatskappye verdedig Haggar homself teen suggesties van 'n verduistering van kwitansies, soos in 'n gepubliseerde verslag en balansstaat van The Worker Company, Limited, wat in Januarie of Februarie 1911 opgestel is, geïmpliseer is. Haggar het verklaar dat volgens die grootboekinskrywing van September 1910 die maatskappy wel nog £80 aan hom verskuldig was, maar Pim, die rekenmeester, kon geen bewyse hiervan kry nie. Volgens Haggar was die rede daarvoor dat iemand die boeke "vervals" het om die aandeelhouers van die maatskappy op 'n dwaalspoor te plaas.[57] Daarby moes Haggar in Januarie 1911, tydens die tweede jaarkongres van die SAAP, wat later ***The Worker*** sou oorneem, ook sy hantering

---

[54] C.J. Beyers (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel III, pp. 374 – 375; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 16, 74 – 75; K. Donaldson (ed): *The South African Who's Who, 1908*, p. 167; F.H. Gale: *Who's Who in the Union Parliament*, pp. 54 – 55; *The Worker*, 06.11.1909, p. 4 (Important Notice); *The Star*, 20.08.1910, p. 12; *Ibid.*, 26.08.1910, p. 8 (Mr C.H. Haggar).

[55] *Voice of Labour*, 21.01.1910, p. 32 (The Trade Council).

[56] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 442, 467; W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 180, 193 – 194. Kyk ook (SAB) MPY Vol. 1090, file no. T3268, The Worker Limited: C.H. Haggar – Registrar of Companies, 15.08.1911.

[57] (SAB) MPY Vol. 1090, file no. T3268, The Worker Limited: CH. Haggar – Registrar of Companies, 15.08.1911.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van fondse verduidelik. 'n Kontantboek en kwitansies het glo tydens 'n siekte van Haggar verdwyn.[58] Dit is onseker of hierdie kwessie en dié van die £80 ooit opgelos is, aangesien verdere verwysings daarna in die beskikbare bronne nie duidelike uitsluitsel gee nie.[59]

3.2 OORNAME DEUR DIE SAAP

Aangesien die argivale dokumentasie aangaande die geskiedenis van The Worker Company, Limited vaag en klaarblyklik onvolledig is, is dit nie moontlik om vas te stel presies wanneer die maatskappy deur die SAAP oorgeneem is en Haggar as redakteur van ***The Worker*** vervang is nie. Tog wil dit voorkom of die oornames geleidelik in die loop van 1911 plaasgevind het, alhoewel Katz verklaar dat die SAAP dit finaal in 1912 oorgeneem het.[60] Haggar is wel in September 1910 deur advokaat Percival F. Smith as algemene sekretaris van die SAAP opgevolg wat op sý beurt weer in Januarie 1911 deur die prokureur, Harold D. Bernberg, opgevolg is.[61]

Aangesien The Worker Company, Limited nie daarin kon slaag om sy finansiële probleme te bowe te kom nie het die Union Governing Board (klaarblyklik 'n uitvoerende komitee van die SATU) teen 1911 die vraag geopper of die onderneming vir £25 aan die SAAP verkoop behoort te word of gelikwideer moes word.[62] Tydens die tweede jaarkongres van die SAAP in Januarie 1911 is 'n voorstel van die tesourier van die party, Gabriel Weinstock, aanvaar dat die konferensie aan die direkteure van The Worker Company, Limited opdrag gee om 'n skema te formuleer sodat die maatskappy opnuut gestig kon word om ook sy eie drukpers te bedryf. Uit navrae van die SAAP se parlementêre leier, F.H.P. Creswell, tydens die bespreking van die aangeleentheid, blyk dit dat ***The Worker*** in daardie stadium nog nie onder die volle amptelike beheer van die party gestaan het nie. Volgens die konferensievoorsitter se verduideliking het die SAAP toe wel volle beheer oor die redaksionele kolomme van die koerant uitgeoefen, maar dit is deur die

---

58 (JOB) SALP Collection, Minutes of the Second Annual Conference of the SALP, January 1911, p. KK27.

59 Kyk bv. *The Star*, 24.10.1913, p. 14 (Mr Haggar's Explanation).

60 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 4, 254; E.N. Katz: White Workers' Grievances and the Industrial Colour Bar, 1902 – 1913 (*The South African Journal of Economics*, Vol. 42, No. 2, September 1976, p. 127). Kyk ook *The "United" Transvaal Directory, 1911*, p. 1184.

61 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 442.

62 A.J. Downes: *Printers' Saga*, p. 207.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
National Press gedruk. Volgens 'n ooreenkoms wat tussen die SAAP en die National Press aangegaan is, is die redaksionele beheer van die blad aan eersgenoemde voorbehou. Indien die National Press enige winste uit ***The Worker*** sou genereer, moes 50 % daarvan aan The Worker Company, Limited terugbetaal word. ***The Worker*** se redakteur, wat na alle waarskynlikheid toe nog Haggar was, het die blad geredigeer en behartig. Op sý beurt weer, moes die redakteur verantwoording doen aan die direkteure van The Worker Company, Limited wat bestaan het uit "*...of the best known labour men in Johannesburg*".[63]

Volgens dokumentasie van die Registrateur van Maatskappye het H.D. Bernberg, die sekretaris van die SAAP sedert Januarie 1911, teen Maart daardie jaar vir J. Harold as direkteur van The Worker Company, Limited vervang. Ter uitvoering van Weinstock se voorstel is klaarblyklik in daardie stadium ook gepoog om die maatskappy deur die hernieude uitreiking van aandele en aandelekapitaal reg te ruk. Vir die tydperk van 1 November 1909 tot 30 November 1910 het die verliese alreeds £685 12s 3d bedra. Verskeie prominente arbeiderleiers soos W.H. Andrews, H.W. Sampson, G. Steer, J.J. Ware, T. Mathews, P. Whiteside, G. Weinstock, F. Sadler, F.J. Molyneux, C.B. Mussared en H.D. Bernberg, asook vakbonde soos die SAED & FA, die TMA, die WT & LC, die Blacksmiths & Drill Sharpeners Association, die SATU, die Pretoria T & LC, die Plumbers Society en die Transvaal Coach Builders het ten volle opbetaalde £1-aandele uitgeneem. 'n Nominale kapitaal van £600 was gemagtig, maar helaas kon slegs daarin geslaag word om £581 deur middel van die aandeeluitgifte bymekaar te kry.[64]

Op die 24ste Junie 1911 het The Worker Company, Limited opgehou om te bestaan en teen November 1911 was die koerant onder die SAAP geregistreer[65] aangesien Bernberg die Sekretaris van Binnelandse Sake in daardie stadium verwittig het dat die bestuur, drukker en uitgewer van ***The Worker*** verander het.[66] Die firma R.G. McKowen & Co. was die

---

63 (JOB) SALP Collection, Minutes of the Second Annual Conference of the SALP, January 1911, pp. KK63 - KK64.

64 (SAB) MPY Vol. 1090, file no. T 3268, The Worker Limited: Companies Act 1909 Form C.

65 (SAB) MPY Vol. 1090, file no. T 3268, The Worker Limited: R.C.C. Frankland – Attorney-General, 09.11.1911; *Ibid.*, Attorney-General Minute No. A188/11/180, 03.10.1911; *Ibid.*, Acting Registrar of Companies – Secretary The Worker Limited, 21.11.1911.

66 D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: H.D. Bernberg – Secretary for the Interior, 14.11.1911 (no. 8/18516). Kyk ook *Ibid.*, Secretary for the Interior – H.D. Bernberg, 29.11.1911 (no. 9/18516).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nuwe drukkers.[67] Heelwaarskynlik is die blad, nadat dit deur die SAAP oorgeneem is, nog steeds deur drukkers wat lede van die SATU was, gedruk, aangesien dié vakbond se wapen bo-aan elke hoofartikel van die koerant verskyn het.[68]

Ten spyte van die feit dat The Worker Company, Limited sonder bates op 24 Junie 1911 tot niet gegaan het, het die direkteure en die maatskappysekretaris teen Oktober 1911 vervolging deur die prokureur-generaal van Transvaal in die gesig gestaar. Klaarblyklik is die sluiting van die maatskappy, asook die maatskappystate, nooit aan die Registrateur van Maatskappye, soos deur die Maatskappywet van 1909 vereis, deurgegee nie.[69] R. Scobie, wat teen die einde van 1910 die sekretaris van The Worker Company, Limited geword het, het in 'n brief aan die Registrateur van Maatskappye verduidelik dat die state weens die versuim van sy voorganger (wat nie geïdentifiseer kon word nie) nie deurgegee is nie en dat hyself nie van die versuim bewus was nie.[70] Op grond van Scobie se verduideliking wil dit voorkom of die prokureur-generaal die vervolging toe teruggetrek het.[71]

Teen September 1911 het ***Voice of Labour*** 'n brief van ene "W.H.A." aan die redakteur van ***The Worker*** met die titel "*The 'Worker'-Crisp Criticism – '£2 000 Sunk' and Lost?*" gepubliseer. Hierdie brief, wat volgens ***Voice*** deur W.H. Andrews geskryf is, het skerp kritiek teen die inhoud van ***The Worker*** uitgespreek. Dit spreek boekdele oor die gehalte van laasgenoemde koerant onder Haggar se redakteurskap. Die brief het onder meer soos volg gelui:

> "*Sir, - Your appeal to the Labourites to push* ***The Worker*** *is not likely to meet with much response while stale articles from the* ***Rand Daily Mail*** *form a large*

---

67 D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: Acting Secretary for the Interior – H.D. Bernberg, 29.11.1911 (no. 9/18516).

68 Vgl. *The Worker*, 10.07.1913, p. 4 en A.J. Downes: Printers' Saga, p. 205.

69 (SAB) MPY Vol. 1090, file no. T3268, The Worker Limited: Attorney-General Minute No. A188/11/180, 03.10.1911; *Ibid.*, Acting Registrar of Companies – Attorney General, 03.10.1911 (no. 188/11); *Ibid.*, R.C.C. Frankland – Attorney-General, 09.11.1911; *Ibid.*, Attorney-General – Acting Registrar of Companies, 24.11.1911 (no. 3/1095/11/476).

70 (SAB) MPY Vol. 1090, file no. T3268, The Worker Limited: Acting Registrar of Companies – Attorney General, 21.11.1911; *Ibid.*, R. Scobie – Registrar of Companies, 04.12.1911.

71 Kyk byvoorbeeld (SAB) MPY Vol. 1090, file no. T 3268, The Worker Limited: R. Scobie – Registrar of Companies, 03.03.1911; *Ibid.*, Acting Registrar of Companies – Secretary The Worker Limited,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

proportion of your extremely limited reading matter. The spectacle of the official organ of the SALP going to the columns of a Rand daily for labour news is enough to make the angels weep and the devils scoff. I buy my ***Worker*** *hoping to get reliable and up-to-date news of the SALP doings, and, behold, I find the more or less clever guess work the daily press dished up. The Secretary of the SALP would, I presume, give firsthand information to the editor of anything of interest to the Party. Then why not interview him. Eight pages for a tickey and half the reading matter padding isn't good enough, Mr Editor, and I for one cannot recommend anyone to buy a production which is neither to the Party nor the persons responsible for its production*".[72]

Voice of Labour het onder andere die volgende kommentaar op bogenoemde brief gelewer:

"*As for getting 'reliable and up-to-date news of the SALP doings,' well we opine that the angels would have cause to weep. Since the present Editor has had control of the* ***Worker*** *the amount of 'reliable and up-to-date news' supplied would fill a hollow tooth – and the pickings therefrom would not afford a Christmas dinner. 'W.H.A.' then says that 'eight pages for a 3d., and half the reading matter padding isn't good enough'. Then why did not 'W.H.A.' and his kind add more pages to the paper, and why does not our admittedly valuable contributor improve the padding. Some £2 000 has been sunk in the* ***Worker****, and the present Editor is so fed up with his job and the lack of support accorded, that he's 'off'... The fact that '£2 000 has been sunk' in* ***The Worker*** *must give our readers cause to think. The organ of the SALP and the Trades Unions in about half the lifetime of the Voice absorbs £2 000*".[73]

Alhoewel die beskikbare bronne nie duidelik daaroor is nie, blyk dit dat die redaksie van ***The Worker*** in Oktober 1911 deur die Wyberghs by Haggar oorgeneem is. Dit wil voorkom of die redaksie toe gesamentlik deur W.J. Wybergh en sy vrou, Katharine,

---

07.12.1911; *Ibid.*, Acting Registrar of Companies – Attorney-General, 12.12.1911; *Ibid.*, Acting Registrar of Companies – Attorney General, 10.02.1912.

[72] *Voice of Labour*, 08.09.1911, p. 3 (The "Worker").

[73] *Ibid.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
behartig is. Dit blyk verder dat Katharine Wybergh van 1911 tot ongeveer die einde van 1913, of tot die middel van 1914, as die amptelike redakteur beskou kan word en dat haar eggenoot vanaf 1914, veral van Augustus tot Oktober, hierdie rol vervul het.[74]

Katharine Emily Wybergh het in 1894 na Suid-Afrika (heelwaarskynlik van Brittanje) gekom en haar in Johannesburg gevestig nadat sy in 1893 met W.J. Wybergh in die huwelik getree het. Sy het aktief aan die Transvaalse politiek vóór die Anglo-Boereoorlog deelgeneem en was ook 'n aantal jare by verskeie liefdadigheidsbewegings betrokke. Van 1898 tot 1899 was sy die voorsitster van die damestak van die South African League en was ook 'n aktiewe lid van die Refugees' Aid Association. Van 1901 tot 1903 was sy 'n uitvoerende lid van die South African Colonisation Society. Daarby het sy veel gedoen om die vrouestemregbeweging in die Transvaal te bevorder. In 1910 het sy saam met haar eggenoot by die SAAP aangesluit en in 1916 was sy 'n lid van die Sentrale Witwatersrandse Skoolraad.[75]

Wilfred John Wybergh is in 1868 in Arkham Hall, Yorkshire, Engeland, as die seun van 'n predikant gebore. Hy het sy skoolopleiding in Aysgarth, Yorkshire en aan die Winchester College ondergaan. Hy het verdere opleiding aan die Skool vir Myne in Freibourgh, Sakse, in Duitsland ontvang. Wybergh was een van die vroeë pioniers wat teen 1891 in die destydse Rhodesië ingekom het en het as ingenieur vir verskeie mynmaatskappye gewerk. Daarna het hy na Johannesburg verhuis en in 1894 of 1895 is hy as raadgewende ingenieur by die maatskappy Consolidated Goldfields of South Africa, Ltd. aangestel. In 1898 het hy die voorsitter van die South African League geword en in 1899 moes hy as gevolg van sy politieke aktiwiteite sy professionele beroep laat vaar. In

---

[74] D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: H.D. Bernberg – Secretary for the Interior, 02.05.1912 (no. 6/18516); *Ibid.*, Extract from the Newspaper Register, 1912; *Ibid.*, K. Vachell – Secretary of the Interior, 30.07.1912 (no. 20/18516); R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 162; E. Roux: *S.P. Bunting: A Political Biography*, pp. 62, 70; D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 – 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1969, Nr. 1, p. 62); *The Worker*, Mei 1913, p. 1 (A Gallery of Portraits); *The Star*, 20.08.1912, p. 11 ("The Worker"); *Ibid.*, 17.09.1912, p. 9 (Labour's Apology); (JOB) SALP Collection, SALP Pamphlet: South African Labour Party – Johannesburg Municipal Elections, 1916; *Ibid.*, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ20. Kyk ook hoofartikels van *The Worker*, Augustus tot Oktober 1914; *Braby's Transvaal & Rhodesia Directory, 1915*, p. 670; *Braby's Transvaal and Rhodesia Directory, 1916*, p. 783.

[75] (JOB) SALP Collection, SALP Pamphlet: South African Labour Party – Johannesburg Municipal Elections, 1916; *Who's Who, 1906*, p. 1864; *The Worker*, Mei 1913, p. 1 (A Gallery of Portraits); *Ibid.*, 26.06.1913, p. 5 (School Board Elections); *Ibid.*, 09.10.1913, p. 6 (Durban Doings).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
dieselfde jaar het Wybergh petisies van ontevrede Britse onderdane in die Transvaal aan die koningin van Brittanje georganiseer. Gedurende die Anglo-Boereoorlog was hy 'n Britse inligtingsoffisier, en ná die anneksasie van Transvaal het hy in 'n administratiewe hoedanigheid onder die militêre administrasie gedien.

In 1902 is Wybergh deur lord Milner as die eerste na-oorlogse mynkommissaris aangestel. In Junie dieselfde jaar het Wybergh 10 % winsbelasting op die goudmyne gehef, wat hom in onguns by die Kamer van Mynwese gebring het. Hy het in elk geval nie veel ooghare vir die kapitalistiese mynmagnate gehad nie. In Desember 1903 het hy toe as mynkommissaris bedank. Wybergh was ook 'n lid van die Transvaalse Wetgewende Raad en Uitvoerende Raad in die kiesafdeling Marshalltown en 'n vurige teenstander teen die invoer van Chinese arbeiders na die goudmyne. Dit het gelei tot kontak en samewerking met arbeider- en vakbondorganisasies soos die LRC, die WT & LC en die TMA. Gaandeweg het Wybergh se simpatie al nader aan die SAAP gedryf en in Junie 1910 het hy daarby aangesluit. In 1913 het hy 'n lid van die uitvoerende komitee van die SAAP geword.[76]

Teen Mei 1912 is ***The Worker***, toe met die SAAP as eienaar en uitgewer van die blad, deur die United Printing and Publishing Works gedruk, terwyl S.P. Bunting die bestuurder was.[77] Aangesien die SAAP, in die breë as eienaar van ***The Worker***, 'n vae, amorfe begrip was,[78] het die uitvoerende komitee (dagbestuur) van die party uiteindelik die verantwoordelikheid van eienaarskap gedra. In 1912 het hierdie komitee bestaan uit G.B. Steer (voorsitter), J.J. Leggett (vise-voorsitter), G. Weinstock (tesourier), H.D. Bernberg (sekretaris), W.J. Brebner, D. Dingwall, J. Erasmus, F.A.W. Lucas,

---

[76] *Who's Who, 1906*, p. 1864; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 117, 123; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 49 – 50; A.A. Mawby: The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 – 1907, pp. 254 – 255, 293, 299, 371 – 372; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 43, 124, 152, 190, 194; F.H.P. Creswell: *The Chinese Labour Question from Within*, p. 77; K. Donaldson (ed): *The South African Who's Who, 1908*, p. 448; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa, 1850 - 1950*, p. 78; Who's Who in the Transvaal Assembly (*South African News Weekly Edition*, 27.02.1907, n.p.).

[77] D.I. – Argief, file no. 416/13, The Worker: H.D. Bernberg – Secretary for the Interior, 02.05.1912 (no. 6/18516); *Ibid.*, Acting Under Secretary for the Interior – H.D. Bernberg, 06.05.1912 (no. 16/18615); H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa, 1850 - 1950*, p.172; *The Worker*, 05.04.1912, p. 1 ("The Worker" and its Accounts); *The Star*, 20.08.1912, p. 11 ("The Worker"); *Ibid.*, 17.09.1912, p. 9 (Labour's Apology).

[78] Kyk bv. D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: H.D. Bernberg – Secretary for the Interior, 02.05.1912 (no. 6/18516).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

R.B. Waterston, S.P. Bunting, W. Cartner, F.H.P. Creswell en A.F. Crisp.[79] 'n Ongedateerde koerantknipsel in die Trembath-Versameling, wat klaarblyklik teen 1912 in ***The Transvaal Leader*** verskyn het, berig dat die redakteur van ***The Worker*** in daardie stadium £6.6s per maand en die sakebestuurder van die koerant £1.10s per week betaal is.[80]

In 1913 was die lede van die uitvoerende komitee van die SAAP en verantwoordelike eienaars van ***The Worker***, wat ook die redaksionele raad van die koerant gevorm het,[81] G.B. Steer, J.A. Clark, A.F. Crisp, G. Weinstock, R.B. Waterston, S.P. Bunting, J. Erasmus, W.G. Holmes, F.A.W. Lucas, G.A. Mulligan, T. Mathews, J.J. Mulvey, H.W. Sampson, D. Dingwall en W.J. Wybergh. Verder is 'n "Worker Committee of the South African Labour Party" met S.P. Bunting as sekretaris aangestel.[82] Die United Printing and Publishing Works was steeds die drukker van ***The Worker***,[83] terwyl George Steer vir Bunting in dieselfde jaar as bestuurder van die blad vervang het en vir die periode 1913 – 1914 in daardie hoedanigheid gedien het.[84]

Onder volle beheer van die party het ***The Worker*** 'n onmiskenbare SAAP stempel gedra. Lesers is byvoorbeeld aangemoedig om die Arbeidersparty te help deur kopieë van ***The Worker*** aan vriende te gee of aan opponente te pos.[85] Verskillende slagspreuke om die die sirkulasie te vergroot, is gebruik, byvoorbeeld:

> "*Workers, Support the 'Worker'. 'The Worker' Supports you*"[86] en "*Your paper means the 'real' development of African for universal good. Moral: Buy the 'Worker' and support the official organ of Labour!*".[87]

---

79 D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: Acting Under Secretary for the Interior – H.D. Bernberg, 06.05.1912 (no. 16/18615); *Ibid.*, Extracts from Newspaper Register, 1912.

80 (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. II, p. 130: *The Transvaal Leader*, n.d., n.p. (Anti-Humbug-Editor).

81 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 450.

82 D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: Owners of "The Worker", 1913; *Ibid.*, S.P. Bunting – Secretary for the Interior, 15.09.1913 (no. 21/18516); (SAB) A139, JEA Reyneke van Stuwe-versameling, *New Statesman*, 30.08.1913, g.p. (The Press and South Africa).

83 *The Worker*, 13.11.1913, p. 4.

84 *Ibid.*, 24.07.1913, p. 4 (Notice); *Ibid.*, 12.03.1914, p. 5 (George B. Steer for Turffontein); D.I. - Argief, file no. 416/13, The Worker: S.P. Bunting – Secretary for the Interior, 15.09.1913 (no. 21/18516).

85 *The Worker*, 23.10.1913, p. 7.

86 *Ibid.*, 10.07.1913, p. 1.

87 *Ibid.*, 18.06.1914, p. 8 (Stop Press).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Verkiesingspamflet van die SAAP het onder meer verklaar: "*Guard Your Interests and Read The Worker*".[88] Teen 1914 is pertinent op die voorblad verklaar dat ***The Worker*** die énigste amptelike orgaan van die SAAP was,[89] waarskynlik om verwarring onder die arbeiderleserspubliek uit te skakel omdat die blad in direkte kompetisie met ***Voice of Labour*** gestaan het.[90]

Ook onder SAAP-beheer het advertensies 'n groot finansiële steunpilaar van ***The Worker*** gebly. Trouens, lede van die Commissionerstraat-tak van die SAAP het gekla dat daar geen kennisgewing van 'n sekere vergadering van die tak in die koerant verskyn het nie. Verskeie lede van dié tak was ook ontevrede met die bestuur van ***The Worker*** en het versoek dat die saak onder die administratiewe raad (hoofraad) van die SAAP se aandag gebring moes word. Ten opsigte van die kennisgewing het die koerant verduidelik dat dit uitgelaat is om plek te maak vir advertensies wat belangriker geag is.[91]

Benewens die adresse van verskeie vakbonde het ***The Worker*** teen 1913 ook dié van takke van die SAAP en die name van die party se uitvoerende komitee gepubliseer.[92] 'n Rubriek wat oor die SAAP se werksaamhede in die parlement gehandel het, te wete Parliamentary Notes, is deur Thomas Boydell, die Arbeiderlid vir die kiesafdeling Durban-Greyville, waargeneem.[93] 'n Soortgelyke rubriek, Tales from Hansard, het kommentaar gelewer op wetgewing en hoe dit werkers geraak het.[94] Tydens 'n vergadering van die SAAP se propagandakomitee het Bunting selfs die mening uitgespreek dat hierdie rubriek van ***The Worker*** 'n interessante partypropagandapamflet sou kon vorm.[95]

---

88 (JOB) SALP Collection, SALP Pamphlet: The Unionist Directors.

89 *The Worker*, 14.05.1914, p. 1.

90 I.v.m. *Voice of Labour*, kyk pp. 204 - 225.

91 *The Worker*, 13.11.1913, p. 4 (Commissioner Street Branch).

92 *Ibid.*, 10.07.1913, p. 7.

93 *Ibid.*, 26.06.1913, p. 5 (T. Boydell: Parliamentary Notes). Kyk ook *The Star*, 28.02.1913, p. 13 (Town & Reef).

94 *The Worker*, 16.10.1913, p. 3 (Tales for Hansard).

95 (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of the SALP Propaganda Committee, 10.11.1913, p. 93.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tydens 'n vergadering van die SAAP se administratiewe raad in 1913 het Weinstock, die tesourier, voorgestel dat die kwessie van intekening op ***The Worker***, deur alle lede van die party teen een pennie per week per eksemplaar, tydens die volgende jaarkongres ter tafel gelê word.[96] Tydens die vyfde SAAP-jaarkongres van Desember 1913 en Januarie 1914 in Pretoria het Weinstock inderdaad verder gegaan en voorgestel dat intekening op ***The Worker*** 'n voorwaarde vir lidmaatskap van die party moes wees. Die voorstel is toe in beginsel aanvaar.[97] Op dieselfde kongres is ook 'n Worker-komitee vir 1914 gekies, te wete S. Cuthbert, H. Haynes, F.A.W. Lucas, H. Millar, H.J. Poutsma, T.G. Town, K.E. Wybergh en W.J. Wybergh.[98] Ten spyte van die feit dat Weinstock se mosie van verpligte intekening op ***The Worker*** tydens die vyfde SAAP-jaarkongres in beginsel aanvaar is, is sy voorstel, dat die party se grondwet dienooreenkomstig gewysig word, tydens die sesde jaarkongres van Desember 1914 en Januarie 1915 in Oos-Londen egter met 'n meerderheid van stemme afgestem.[99]

Onder SAAP-beheer is daar ook daadwerklik 'n poging aangewend om vir ***The Worker*** 'n eie partydrukpers te bekom. In Augustus 1913 het die uitvoerende komitee van die SAAP 'n brief van sy Oostelike Distrikskomitee, wat partytakke in Boksburg, Benoni en Springs georganiseer en beheer het, ontvang. Die Oostelike Distrikskomitee was van voorneme om 'n drukpers te koop en 'n Arbeiderkoerant aldaar te begin. Daarom is die voorstel vir oorweging aan die uitvoerende komitee voorgelê. Die uitvoerende komitee was egter glad nie entoesiasties oor die voorstel nie en het sy standpunt soos volg geformuleer:

---

96 (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Administrative Council Meeting Report, 17.08.1913, p. 53.

97 (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Minutes of the Fifth Annual Conference at Pretoria, 29.12.1913 – 01.01.1914, p. 6; (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Executive Committee Report, 15.02.1914, p. 33; *The Worker*, 01.01.1914, p. 5 (South African Labour Party); *Ibid.*, 08.01.1914, p. 6 (SALP Conference).

98 (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Minutes of the Fifth Annual Conference at Pretoria, 29.12.1913 – 01.01.1914, p. 97: Worker Committee Report; *The Worker*, 08.01.1914, p. 6 (SALP Conference).

99 (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Administrative Council Agenda, 25.07.1914: Notices of Motion; *Ibid.*, Minutes of the Fifth Annual Conference at Pretoria, 29.12.1913 – 01.01.1914: Proposed Amendments to Constitution, p. KJ23: Clause 45; *The Worker*, 06.08.1914, p. 10 (Administrative Council Meeting Report); (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Minutes of the Sixth Annual Conference at East London, Amendments to Amendments to the Constitution, 28.12.1914, p. 2: (Clause 45); (JOB) SALP Collection, Minute Book 6, Minutes of the Sixth Annual Conference of East London, 28.12.1914 – 02.01.1915, p. 36: The "Worker" Clause".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"We are of opinion that it would be much better if the party were to obtain a central printing plant and publish one labour paper instead of dividing our funds and energies by sectional effort... A weekly paper covering the industrial and political labour movement, run on strict business lines, printed by the party's own press in addition to the Trade Union and party printing necessary such as Membership Cards, Rules, Meetings, Notices etc, should prove a success and a great asset to the movement".[100]

Tydens 'n daaropvolgende vergadering van die administratiewe raad van die SAAP is besluit om 'n komitee saam te stel om die hele kwessie van 'n drukpers te ondersoek. Die komitee is saamgestel uit H.W. Sampson, J.J. Mulvey, ene McIvor en McTaggart van die administratiewe raad, W.J. Wybergh, J. Erasmus, S.P. Bunting en ene Jordan van die Worker-komitee en I. Kuper en R. Barnett van die Oostelike Distrikskomitee.[101] Die ondersoekkomitee het toe aanbeveel dat 'n bedrag van £6 000 tot £8 000 bekom moes word om 'n beherende aandeel in die "Chronicle Newspaper" (na alle waarskynlikheid ***The Evening Chronicle***) te verkry. Tydens hierdie bespreking op 'n administratiewe raadsvergadering is ook voorgestel dat alle vakbonde wat deel van die Federation of Trade Unions uitgemaak het, en alle takke van die SAAP, by wyse van 'n omsendbrief getoets word of hulle bereid sou wees om 5 sjielings per lid tot die koerantskema by te dra. Die ondersoekkomitee moes binne drie maande 'n verslag oor die aangeleentheid opstel.[102] Dat die SAAP vasbeslote was dat die skema moes slaag, blyk uit die feit dat tydens 'n vergadering van die administratiewe raad 'n paar dae later, 'n toevoeging tot bogenoemde besluit goedgekeur is wat bepaal het dat indien hierdie poging om 'n drukpers te bekom nie 'n sukses sou wees nie, 'n verdere skema geloods sou word.[103]

---

[100] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Executive Committee Report, 14.08.1913, p. 2: Labour Papers and Printing. I.v.m. die SAAP Oostelike Distrikskomitee en 'n eie Arbeiderkoerant, kyk ook hfst 4, pp. 132 – 142.

[101] (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of the Administrative Council, 17.08.1913, p. 52: Labour Paper & Printing Plant.

[102] (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of an Adjourned Meeting of the Administrative Council, 06.09.1913, p. 61; *Ibid.*, Minutes of the Executive Committee, 10.09.1913, p. 64. Kyk ook *Ibid.*, Minutes Book 3, "The Worker" Committee Report, 08.05.1914, p. 47. I.v.m. *The Evening Chronicle* as Arbeiderkoerant, kyk hfst. 4, pp. 142 – 155.

[103] (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of the Administrative Council, 19.10.1913, p. 82: Printing Press.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die jaarverslag van die uitvoerende komitee, wat vir die SAAP se vyfde jaarkongres van Desember 1913 en Januarie 1914 opgestel is, is die poging om 'n eie drukkery vir die party te begin, waar die partykoerant, propaganda en literatuur gedruk kon word, dan ook vermeld. Die idee het egter nie by al die geaffilieerde vakbonde en partytakke byval gevind nie. Briewe is aan 29 vakbonde gestuur en hulle is versoek om vir elke lid van die betrokke vakbond een sjieling te skenk om sodoende 'n fonds vir die aankoop van die beoogde drukkery op te bou. Van die 29 vakbonde het nege egter geweier om bydraes te maak, vyf het die versoek nog aarselend oorweeg en dertien vakbonde het nie daarop gereageer nie.[104] Hierdie poging van die SAAP, om vir ***The Worker*** 'n eie drukpers te bekom, het dus misluk aangesien R.G. McKowen & Co. van Hoofstraat 115, Johannesburg, weer teen 1914 die blad gedruk het.[105]

Kennisgewings in verband met die aktiwiteite van die SAAP is selfs in Hollands geplaas om Afrikanerwerkers tegemoet te kom. Een van die beskrywingspunte van 'n vergadering van die toe pasgestigte Alberton-tak van die SAAP was juis om:

> "*Een Hollandsche korrespondent voor 'De Arbeider'* [***The Worker***] *te bestellen, en de kwestie van een officielle Hollandsche tydschrift voor die Arbeids Party te kwikken*".[106]

Ook die Middelburgse (Tvl.) tak van die SAAP en 'n leser het ***The Worker*** versoek om sy artikels tweetalig – in Engels en Hollands – te publiseer. Daar is geargumenteer dat dit die koerant se sirkulasie sou verhoog en die "Hollandse" werker nouer met die arbeiderproblematiek in aanraking sou bring. Daar is ook gesê dat die meerderheid "Hollandse" koerante te duur was en buitendien in die hande van die geldmag was "...*who are only too anxious to keep them* [die "Hollandse" werkers] *in the dark*". 'n Tweetalige arbeiderblad sou die doodsklok lui vir ander koerante, wat menings om die werkers te onderdruk, gehuldig het. Hierop het die redaksie geantwoord dat hy gretig was om goed en duidelik geskrewe artikels in Hollands te ontvang en indien dit toepaslik sou wees, sou dit

---

[104] *The Star*, 29.12.1913, p. 11 (Labour Party).

[105] *The Worker*, 18.06.1914, p. 10 (Advertensie); *Ibid.*, 17.09.1914, p. 4.

[106] *Ibid.*, 28.08.1913, p. 3 (Alberton Tak).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met graagte geplaas word.[107] In reaksie op die Middelburg-versoek het die uitvoerende komitee van die SAAP ook geantwoord dat die Worker-komitee alles binne sy vermoë in hierdie verband sou doen.[108] In aansluiting daarby het die Bloemfonteinse tak van die Transport Workers' Union soortgelyke pleidooie gelewer. Die vakbond se korrespondent was van mening dat artikels in "Hollands" ***The Worker*** se verkope sou kon laat styg. Op sy beurt sou dit dalk daartoe kon lei dat laasgenoemde 'n drieweeklikse koerant of selfs 'n dagblad kon word.[109]

Tydens die vyfde jaarkongres van die SAAP van Desember 1913 en Januarie 1914, is daar 'n mosie aangeneem dat by die Worker-komitee aanbeveel moes word dat meer ruimte vir artikels in die Hollandse taal in ***The Worker*** afgestaan moes word ten einde die Hollandse bevolking meer doeltreffend te bereik.[110] In Mei 1914 is besluit om een bladsy van ***The Worker*** in Hollands te druk.[111] 'n Studie van die inhoud van ***The Worker*** van Mei tot Oktober 1914 toon egter dat hierdie besluit nooit uitgevoer is nie. In die laaste paar uitgawes van die koerant se bestaan is artikels darem meer gereeld in Hollands of Afrikaans gepubliseer.[112] Sulke artikels het uit die pen van Daniël P.F. Roux, Jan Mooker en "Dakanor" verskyn.[113] Die Worker-komitee het egter nie sy weg oopgesien om die koerant in Engels én in Hollands te druk nie.[114]

The Worker het 'n antagonistiese houding teenoor die *establishment*-pers geopenbaar. Die blad het verklaar dat die koerante van die Unionistiese Party en die Suid-Afrikaanse Party in verband met die 1913-staking met mekaar meegeding het om die werkers te beledig. ***The Worker*** het gekla oor die wanindruk van die Arbeidersparty wat in die *establishment*-

---

[107] *The Worker*, 25.06.1914, p. 8 (SALP Middelburg Branch); *Ibid.*, 06.08.1914, p. 2 ("The Worker" in Dutch?).

[108] (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of the Executive Committee, 24.06.1914, p. 165.

[109] *The Worker*, 21.08.1913, p. 3 ("R.P.": Transport Workers' Union).

[110] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Minutes of the Fifth Annual Conference at Pretoria, 29.12.1913 – 01.01.1914, p. 7; *The Worker*, 08.01.1914, p. 8 (SALP Conference).

[111] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond , Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 254.

[112] D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 – 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1969, Nr. 1, p. 74).

[113] Kyk *The Worker*, 02.07.1914, p. 5 (Daniël P.F. Roux: Toen en Tans); *Ibid.*, 23.07.1914, p. 5 (Jan Mooker: Co-Operatie); *Ibid.*, 24.09.1914, p. 3 ("Dakanor": Wanneer, Wanneer Komt Het?), onderskeidelik.

[114] *Ibid.*, 30.07.1914, p. 10 (Middelburg Active).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
pers geskep is. Dáárdie pers het nuus onderdruk, "geselekteer" en vervals. Uitsonderings was die Johannesburgse ***Rand Daily Mail***, wat as "consistently fair" beskou is, asook die ***Sunday Times*** en ***The Evening Chronicle*** van Johannesburg, die ***South African Review*** van Kaapstad en die ***Natal Advertiser*** van Durban. In hierdie koerante, tesame met ***The Worker***, "*...you will get the truth of what is going on, and* [they] *are fighting for Liberty and Freedom of Speech, and Human Laws*".[115]

Daarteenoor het ***The Star*** en ***The South African News*** (volgens ***The Worker*** die hoofblad van die SAP in Kaapstad) die "eerste plekke vir vurige skeltaal en wanvoorstelling beklee".[116] Veral ***The Star*** se hoofartikels is as leeg en niksseggend afgemaak.[117] ***The Star*** het weer self na ***The Worker*** verwys as "*...the contents of which are usually of the choleric, bilious type*".[118] Verder is ***The Star*** en ***The Transvaal Leader*** van verdraaiings in verband met die SAAP se nuwe Kleurlingbeleid beskuldig.[119] Die ***Cape Times***, weer, is van skadelike en opruiende hoofartikels beskuldig.[120]

Na aanleiding van 'n toespraak van die besoekende Britse arbeiderleier Tom Mann in 1914 in Benoni, is ***The Friend*** van Bloemfontein daarvan beskuldig dat hy sy toevlug tot verminking van die waarheid, halwe waarhede, insinuasies en waninterpretasie geneem het. Daar is ook verklaar dat hierdie praktyke alledaagse wapens van die kapitalistiese pers was.[121] 'n Soortgelyke aanval, waarin die *establishment*-pers van die land onder meer as die dodelikste vyand van die arbeiderbeweging uitgekryt is, het in die korrespondensiekolomme van ***The Worker*** verskyn. In dieselfde brief is daar klem gelê op die noodsaaklikheid van die feit dat die SAAP sy eie pers moes hê waarin sy saak onbevooroordeeld gestel kon word.[122]

---

[115] *The Worker*, 07.08.1913, p. 1 (Topics of the Week); *Ibid.*, 30.07.1914, p. 3 (News of the Branches); *Ibid.*, 06.08.1914, p. 3 (News of the Branches). I.v.m. die *South African Review*, kyk ook hfst. 4, pp. 198 – 199.

[116] *The Worker*, 07.08.1913, p. 1 (Topics of the Week).

[117] *Ibid.*, 11.12.1913, p. 5 ("One-Hoss Philosopher": Random Shots for Labourites).

[118] *The Star*, 15.05.1914, p. 12 (Town & Reef).

[119] *The Worker*, 08.01.1914, p. 3 (Germiston Labourisms).

[120] *Ibid.*, 21.08.1913, p. 1 (Topics of the Week).

[121] *Ibid.*, 16.04.1914, p. 7 (Correspondence).

[122] *Ibid.*, 16.07.1914, p. 2 (G. Shaffer: A Labour Press).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die verhouding tussen die werkersblaaie ***Voice of Labour*** en ***The Worker*** was ook allesbehalwe rooskleurig. Veral ***Voice of Labour*** het dikwels sarkastiese aanvalle op ***The Worker*** geloods,[123] heelwaarskynlik omdat laasgenoemde kompetisie vir hom was. ***Voice of Labour*** het die stigting en die finansiële administrasie van The Worker Company, Limited met agterdog bejeën en het gesuggereer dat die SATU se metodes om hierdie maatskappy te stig "na bedrog en misleiding geruik het." Na ***Voice of Labour*** se mening was die koopsom ook buitensporig.[124] Daarby was laasgenoemde in ekstase oor 'n artikel van die ***South African Typographical Journal*** waarin die maatskappy skerp gekritiseer is. Dit was natuurlik water op ***Voice of Labour*** se meul.[125] ***Voice*** het verder voorgegee dat The Worker Company, Limited sonder twyfel as gevolg van sy kritiek beoog het om 'n hersiene prospektus op te stel.[126]

Voice of Labour was baie bewus van die feit dat ***The Worker*** homself die subtitiel van "*The Only Labour Paper in South Africa*" toegedien het en die blad het dit met baie sarkastiese opmerkings afgemaak.[127] In sy hoofartikel van 8 Julie 1910 het ***Voice of Labour*** dan ook verklaar:

> "*It is a pity so few members of the SALP read their official organ; The fulsome drivel which constantly appears there from the pen of Mr. Haggar and others would surely drive the large bulk of them into the Socialist Party*".[128]

Daarteenoor het ***The Worker*** weer baie sarkasties berig oor die doen en late van Crawford, ***Voice*** se redakteur, wat heelwaarskynlik die kritiese artikels oor eersgenoemde geskryf

---

[123] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 310, 555; T.E.G. Cutten: Thesis of the History and Growth of the South African Press, p. 76.

[124] *Voice of Labour*, 11.09.1909, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 18.09.1909, p. 9 (Hoofartikel).

[125] *Ibid.*, 16.10.1909, p. 7 (Hoofartikel). Kyk ook pp. 93 - 94 hierbo.

[126] *Voice of Labour*, 02.10.1909, p. 1 (The Movement).

[127] *Ibid.*, 13.05.1910, p. 221 (M. Fritzgerald: Our Women's Page). Kyk ook *Ibid.*, 25.09.1909, p. 9 (Hoofartikel).

[128] *Ibid.*, 08.07.1910, p. 318 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het.[129] ***Voice*** is ook deur ***The Worker*** daarvan beskuldig dat dit die leiers en ampsdraers van die vakbonde beswadder het.[130]

'n Anonieme korrespondent van ***Voice of Labour***, blykbaar 'n lid van die Kleurling politieke organisasie, die African Political Organisation, het daarop gewys dat die ***APO***, ***Voice of Labour*** en ***The Worker*** dwerge teen die mag van die kapitalisme was en dat hierdie koerante nóg gevrees, nóg gerespekteer word deur hulle vyande. Hy het voorgestel dat die drie koerante moes amalgameer om as één koerant 'n magtige sirkulasiefront teen die kapitalisme op te bou.[131] In die lig van die bogenoemde omstandighede het dit egter geblyk 'n ydele droom te wees.

3.3 DIE HOOGTEPUNT, AGTERUITGANG EN ONDERGANG VAN *THE WORKER*

Teen 1913 het 'n medewerker van ***The Worker*** in sy rubriek verklaar dat hy meer vertroue in die arbeiderbeweging se toekoms sou hê eers wanneer dié koerant van deur tot deur in Johannesburg afgelewer word. Voorts het hy verklaar:

> "*Labourites could support a press of their own, if they only placed as much confidence in the power of the 'press' in framing public opinion as the Capitalists do*".[132]

Alhoewel hierdie opmerking ietwat na skeptisisme mag klink, het die toekoms vir ***The Worker*** en die SAAP teen die eerste helfte van 1914 inderdaad rooskleurig gelyk. Net soos die SAAP sy hoogtepunt in die eerste helfte van 1914 bereik het, wat in 'n groot mate aan die gevolge van die stakings van 1913 en 1914 toegeskryf kan word, het ***The Worker*** ook in hierdie tydperk op die kruin van die golf beweeg.[133] Oor die SAAP het die uitvoerende

---

[129] *The Worker*, 16.07.1914, p. 12 ("Kiddo": The Labour Party and Sane Socialism).

[130] *Voice of Labour*, 28.10.1910, p. 1 (A.B. Dunbar: Industrial Unionism).

[131] *Ibid.*, 23.10.1909, p. 12 (The South African Labour Press).

[132] *The Worker*, 11.12.1913, p. 5 ("One-Hoss Philosopher": Random Shots for Labourites).

[133] W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, p. 371. I.v.m. die stakings van 1913 en 1914, kyk hfst. 7, pp. 396 - 427.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

komitee byvoorbeeld teen Julie 1914 gerapporteer dat die party teen 'n snelle pas gegroei het en dat nuwe takke oral in die land en veral in die platteland geopen is. Volgens die verslag was dit veral verblydend dat Engels- en Afrikaanssprekendes in die platteland al hoe meer tot die oortuiging gekom het dat die SAAP tot die voordeel van alle myn-, fabrieks- en plaaswerkers was.[134]

Gelyklopend met bogenoemde tendens was die posisie van ***The Worker***. Volgens die jaarverslag van die Worker-komitee aan die sesde SAAP-jaarkongres op 28 Desember 1914 in Oos-Londen, is die vooruitgang van die koerant aanvanklik vertraag deur die bedanking van twee derdes van die lede van die komitee. H.J. Poutsma en D. McKerrel is tydens die 1914-staking na Brittanje gedeporteer, A. Horton het na Australië vertrek, K.E. Wybergh en T.G. Town na Brittanje, en S. Cuthbert het bedank nog voordat die komitee sy eerste sitting gehad het. Dit het die komitee slegs met H. Millar, H.W. Haynes en W.J. Wybergh gelaat waarby S.P. Bunting gekoöpteer is. Daarby was ***The Worker***, onder krygswetregulasies vanweë die 1914-staking, vanaf 15 Januarie vir byna twee maande gedwing om te sluit.[135]

In ***The Worker*** se uitgawe van 23 April 1914 het die redaksie berig dat hulle glad nie met die koerant, die drukwerk, die leesmateriaal, die redakteur, die bestuurder en bo alles, die lys van intekenaars, tevrede was nie. Planne is in daardie stadium oorweeg wat groot verbeterings aan die hele voorkoms van die koerant sou behels en terselfdertyd die koerant se sirkulasie en algemene bruikbaarheid grootliks sou verhoog.[136] Gevolglik het die Worker-komitee in Mei 1914 besluit om die koerant te herorganiseer.[137] Op alle takke, sekretarisse van die SAAP en vriende van die arbeiderbeweging is 'n beroep gedoen om ***The Worker*** die belangrikste koerant in Suid-Afrika te maak. Daar is gesê dat die groei van die "enigste arbeiderkoerant" belangrik was en dat komitees deur takke saamgestel moes word om intekenaars te werf. Volgens die redaksie sou ***The Worker*** met genoeg steun 'n dagblad kon word.[138] Tydens 'n gesamentlike vergadering van die uitvoerende komitees

---

[134] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Executive Committee Report, 12.07.1914, p. 29.

[135] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ20.

[136] *The Worker*, 23.04.1914, p. 5 (Ryan Walker and "The Worker").

[137] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "The Worker" Committee Report, 08.05.1914, p. 47; *Ibid.*, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ20.

[138] *The Worker*, 14.05.1914, p. 5 (Ourselves).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die SAAP en die F of TU in Februarie 1914, het F.A.W. Lucas alreeds voorgestel dat 'n gesamentlike poging deur die SAAP en die vakbonde aangewend moes word om 'n dagblad te stig. Lucas het die vergadering ook daarop gewys dat die SATU alreeds so 'n resolusie goedgekeur het.[139]

Maatreëls is getref om weeklikse verslae van gebeurtenisse in die vakbondbeweging te plaas en lesers is aangemoedig om weeklikse of maandelikse verslae van hulle takbedrywighede aan die koerant te stuur.[140] In Julie 1914 het W.J. Wybergh, wat in daardie stadium die redakteur was, 'n beroep op die administratiewe raad van die SAAP gedoen om in aanraking met alle lede van takke te kom en nuus oor alle aangeleenthede rakende die arbeiderbeweging, en veral die vakbondbeweging, aan ***The Worker*** vir publikasie te stuur, asook om intekenaars te werf. Hy het die wens uitgespreek dat die koerant die amptelike mondstuk van die hele arbeiderbeweging, industrieel en polities, in die ware sin van die woord sou word.[141]

In Mei 1914 het ***The Worker*** ietwat optimisties sy mikpunt op 20 000 intekenaars binne drie maande gestel.[142] Elke leser is aangemoedig om die name van 100 moontlike intekenaars in te stuur.[143] Die koerant het inderdaad beweer dat dit die grootste sirkulasie van enige arbeiderweekblad in Afrika gehad het.[144] n Medewerker van ***The Worker*** het aangaande die koerant se sirkulasie geskryf:

> "*If well-known Labour men will only contribute real live articles (as some of them can) we may yet see the 'Worker' having* [the?] *largest circulation in South Africa*".[145]

---

[139] (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of a Conference between the Executive of the SALP and the Executive of the F of TU, 22.02.1914, p. 137.

[140] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "The Worker" Committee Report, 08.05.1914, p. 47; *The Worker*, 14.05.1914, p. 5 (Ourselves).

[141] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "The Worker" Committee Report, 08.05.1914, p. 47; *The Worker*, 23.07.1914, p. 12 (Administrative Council Meeting Report).

[142] *The Worker*, 21.05.1914, p. 8.

[143] *Ibid.*, 18.06.1914, p. 3.

[144] *Ibid.*, 28.05.1914, p. 1.

[145] *Ibid.*, 11.12.1913, p. 5 ("One-Hoss Philosopher": Random Shots for Labourites).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die herorganisasieverslag van die Worker-komitee is onder meer ook beoog om die bestaande redakteur (W.J. Wybergh) te behou en 'n bekwame joernalis naas hom aan te stel; om H.W. Haynes voltyds oor die finansiële en sirkulasiebeheer van die koerant aan te stel; om advertensieagente in Pretoria en aan die Rand te organiseer; om kaartjies wat die koerant adverteer en intekenaars werf, te laat druk en in alle kafees, hotelle en kroeë te vertoon; om 'n som van £300 met die hulp van partytakke in te samel, waarvan £50 alreeds belowe is, sodat die koerant 'n (finansiële) vastrapplek kon kry; en om 'n aantal gratis kopieë van die blad aan alle partytakke vir 'n maand lank te verskaf.[146] 'n Korrespondent van ***The Worker*** het by laasgenoemde plan aangesluit deur voor te stel dat gratis eksemplare van die blad aan alle biblioteke in die Unie van Suid-Afrika gestuur word.[147] Die Worker-komitee het ook optimisties verklaar:

> "*The Committee feel confident the Paper has a great future before it, and that we can issue a Labour Paper equal to any in the British Colonies providing, we have the nuckleus of a fund to work upon*".[148]

In die uitgawe van 14 Mei 1914 het ***The Worker*** verklaar dat daaropvolgende uitgawes weekliks teen een pennie per eksemplaar verkoop sou word. Intekengelde is tot 5 sjielings per jaar verlaag.[149] As gevolg van die prysverlaging het sake vir ***The Worker*** al hoe rooskleuriger begin lyk. Op 21 Mei 1914 is aangekondig dat die sirkulasie binne veertien dae met 130 persent gestyg het en volgens die blad het dit steeds hoër geneig. Takke van die SAAP, asook vakbonde en adverteerders, het 'n toenemende belangstelling in ***The Worker*** getoon en die vooruitsigte, dat die herorganisasie 'n finansiële sukses sou word, was veelbelowend.[150]

In die uitgawe van 28 Mei 1914 is aangekondig dat die sukses van die een-pennie-eksemplaar só onverwags was dat die redaksie verplig was om onvoorsiene nuwe

---

[146] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "The Worker" Committee Report, 08.05.1914, p. 47.

[147] *The Worker*, 20.08.1914, p. 3 ("Jewish Labourite": Tackling Libraries).

[148] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "The Worker" Committee Report, 08.05.1914, p. 47.

[149] *The Worker*, 14.05.1914, p. 5 (Ourselves). Kyk ook (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "The Worker" Committee Report, 08.05.1914, p. 47.

[150] *The Worker*, 21.05.1914, p. 4 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verwikkelinge te oorweeg. Die verkope van ***The Worker*** het in een week met 1 000 gestyg en die aanvraag oor die hele land was groot. Terselfdertyd het advertensies ingestroom, sodat sommige selfs geweier moes word. Die kwantiteit én kwaliteit van bydraes, asook van die drukwerk en papier, het verbeter. Gevolglik is daar besluit om die grootte van die koerant van agt na twaalf bladsye uit te brei – nog steeds teen die prys van een pennie per eksemplaar. Daardeur is die inhoud vermeerder en is vir meer advertensies plek gemaak. Die resultaat was 'n groot sukses en die blad het "onmiddellik" populêr geraak. In die tydperk van 4 Junie tot 6 Augustus 1914 is ***The Worker*** met twaalf bladsye per eksemplaar uitgegee. In die uitgawe van 4 Junie is verklaar dat die sirkulasiesyfer met nog 1 000 gestyg het. In hierdie tydperk het die sirkulasie van die koerant sesvoudig toegeneem. Die strate van Johannesburg, Port Elizabeth, Queenstown, Pretoria en Kaapstad is stelselmatig deurgewerk, sodat straatverkope gevolglik daagliks gegroei het. Ook het die waarde van advertensiemateriaal binne twee maande van £68 tot £225 per maand toegeneem. In April 1914, voordat daar met die herorganisasie begin is, het inkomstes uit advertensies £93 10s bedra, en in Julie 1914 – die beste maand nóg vir sodanige inkomstes – was dit £225 7s 4d Die toekoms het inderdaad blink vir ***The Worker*** gelyk.[151]

Die vinnige groei van ***The Worker*** is selfs deur middel van 'n spotprent geïllustreer. Dit het 'n seuntjie met 'n groot maag, wat van "subskripsiebrood" eet, voorgestel met die woorde: "*Five Years Old & Still Growing. When will he stop growing?*"[152] Volgens die Worker-komitee se jaarverslag van die sesde SAAP-jaarkongres is die bruikbaarheid van die koerant as 'n eersteklas medium vir sosialistiese propaganda in daardie stadium al hoe meer besef. Gelukwensings met die vordering van die blad is van verskeie oorde in Suid-Afrika en die buiteland ontvang. Die jaarverslag verklaar voorts dat daar met die herorganisasie van die koerant geen redaksionele beleidsverandering plaasgevind het nie. Daar is slegs aansienlik meer aandag aan industriële sake gewy. Nogtans, so verklaar die verslag, was

---

[151] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ20; *Ibid.*, "The Worker" Committee Report, 08.05.1914, p. 47; *Ibid.*, "The Worker" Newspaper Financial Statement, 23.12.1914, p. 109. Kyk ook *The Worker*, 28.05.1914, p. 4 (Hoofartikel) en *Ibid.*, 04.06.1914, p. 3 (Full Steam Ahead), onderskeidelik. I.v.m. die vergroting van agt na twaalf bladsye, kyk uitgawes van *The Worker* van 04.06.1914 tot 06.08.1914.

[152] *The Worker*, 25.06.1914, p. 4 (Spotprent).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die positiewe verandering van gesindheid onder lede van die Arbeidersparty en die algemene publiek teenoor ***The Worker*** merkwaardig.[153]

Terugvoering in verband met die aangekondigde verbetering van ***The Worker*** is uit Pretoria verkry. Die Pretorianers was baie tevrede met die verbetering van die voorkoms en die algehele styl van die koerant, alhoewel hulle gevra het dat meer werwers vir nuwe intekenaars daar verkry moes word.[154] In die uitgawe van 6 Augustus 1914 is ook verwys na die "*huge success of 'The Worker'*", terwyl die voorsitter van die Daspoort-tak van die Arbeidersparty die voortreflikheid en die geloofwaardige styl van die artikels in die koerant opgehemel het.[155] ***The Worker*** is van oorsee deur Ryan Walker, 'n bekende spotprenttekenaar van ***Appeal to Reason***, gekomplimenteer. Hy het die koerant met sy uitgawes gelukgewens en gesê dit "*...should be a tremendous power in the coming revolution*".[156]

Maar die openbaarmaking van ***The Worker*** se suksesse in sy eie kolomme was slegs een kant van die munt. Aan die ander kant skets die notulestukke van die SAAP-bestuur egter 'n prentjie wat finansieël nie altyd so rooskleurig was nie. Reeds in Januarie 1914 het K.E. Wybergh aan die uitvoerende komitee van die SAAP gerapporteer dat die Worker-komitee in daardie stadium 'n tekort aan fondse gehad het om ***The Worker*** mee voort te sit. 'n Voorstel van H.W. Sampson is toe goedgekeur dat £20, indien benodig, aan die Worker-komitee voorgeskiet sou word sodat die werk voortgesit kon word totdat die komitee sou ontbind.[157] In Mei 1914 het die uitvoerende komitee van die SAAP weer 'n brief van die Worker-komitee ontvang waarin om 'n voorskot van £50 gevra is.[158] In die Worker-komitee se verslag van dieselfde maand is ook vermeld dat verskeie skemas oorweeg is, maar weer laat vaar moes word as gevolg van die probleme om fondse in die hande te kry. Die Transvaalse provinsiale raadsverkiesings van 1914 het die meeste lede van die komitee

---

[153] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ20.

[154] *The Worker*, 21.05.1914, p. 7 (News of the Branches); *Ibid.*, 11.06.1914, p. 5 (Gossip from the Capital).

[155] *Ibid.*, 06.08.1914, p. 8 (The Unionist Policy) en p. 10 (Daspoort Doings), onderskeidelik.

[156] *Ibid.*, 23.04.1914, p. 5 (Ryan Walker and "The Worker").

[157] (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of the Executive Committee, 22.01.1914, p. 116. Kyk ook *Ibid.*, Minute Book 3, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914: SALP No. 1 Account, in Balance Sheet as at 17th December, 1914, p. KJ17.

[158] *Ibid.*, Minute Book 14, Minutes of the Executive Committee, 27.05.1914, p. 152.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daartydens elders besig gehou. ***The Worker*** kon dus onder die moeilikste omstandighede slegs danksy die redakteur, W.J. Wybergh, aan die gang gehou word.[159]

'n Verslag van die Worker-komitee aan 'n vergadering van die administratiewe raad van die SAAP op 12 Julie 1914 het daarop gewys dat eersgenoemde sy bes gedoen het om die party-orgaan te herorganiseer en dat die koerant, vir soverre dit sy produksie en sy algemene voorkoms betref het, gunstig met enige ander koerant in die land vergelyk kon word. As gevolg van die hoë produksiekoste en die geweldige verhoging van die sirkulasie, het drukkostes aansienlik gestyg, en alhoewel die advertensies ook merkwaardig toegeneem het, was dit nog steeds nie genoeg om die produksie-onkostes te dek nie. Gevolglik was daar nog steeds 'n klein verlies op elke uitgawe. Die komitee het geen geld meer tot sy beskikking gehad nie, en om die koerant suksesvol te kon voortsit, was dit noodsaaklik dat die administratiewe raad ten minste £100 moes bewillig sodat 'n oortrokke rekening by Standard Bank afbetaal kon word.[160]

Die £100 wat toe bewillig is, is egter aangewend om ander skulde af te los: 'n ou drukkersrekening van £19; lenings van £25 10s, en 'n rekening vir kantoormeubels van £9 18s 3d. Dit het 'n totaal van £54 8s 3d bedra. Die oortrokke bankrekening wat op die tydstip toe die verlangde £100 bewillig is, £94 5s 7d bedra het, is later verefffen. Die Worker-komitee het sy dank teenoor 'n "anonieme vriend" uitgespreek wat in die kritieke stadium as borg vir die geld by die bank ingestaan het. Die voortbestaan van ***The Worker*** in die maand voordat bogenoemde bedrag bewillig is, was volgens die Worker-komitee se jaarverslag aan die sesde SAAP-jaarkongres aan hierdie persoon te danke.[161]

Dit was egter die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 en die ekonomiese gevolge daarvan wat ***The Worker*** finaal sou knak. In sy jaarverslag aan die sesde SAAP-jaarkongres van Desember 1914 het die Worker-komitee verklaar dat

---

[159] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "The Worker" Committee Report, 08.05.1914, p. 47.

[160] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "Worker" Committee Report to the Administrative Council, 01.11.1914, p. 2; *The Worker*, 23.07.1914, p. 12 (Administrative Council Meeting Report).

[161] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "Worker" Committee Report to the Administrative Council, 01.11.1914, p. 2; *Ibid.*, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ20, en Income and Expenditure Account, p. KJ16; *The Worker*, 23.07.1914, p. 12 (Administrative Council Meeting Report).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
aangesien goeie drukwerk en papier hoë onkostes behels, dit slegs gedek kon word deur 'n goeie stelsel van inkomstes uit advertensies op te bou. Aangesien die totstandbringing van sodanige stelsel tydsaam was, was 'n sekere kontantreserwe noodsaaklik om werksaamhede voort te sit totdat die balans deur advertensies gedek kon word. Die komitee het voorts verklaar dat sy posisie ten spyte van hierdie probleme voortdurend verbeter het en dat dit op die drumpel van algehele sukses gestaan het toe die oorlog uitgebreek het. Die gevolge was vir ***The Worker*** fataal. Sakebedrywighede het dramaties afgeneem. Vanaf Augustus 1914 was dit, vanuit die oogpunt van 'n politieke koerant, vir alle praktiese doeleindes stagnant. Inkomstes uit advertensies het soos volg afgeneem: in Julie (die hoogtepunt) £225 7s 4d; in Augustus £139 6s 6d; in September £86 2s 6d, en in Oktober £73 3s 3d. Die komitee was daarvan oortuig dat, as dit nie vir die uitbreek van die oorlog was nie, daar selfs op die goeie syfers van Julie verbeter sou kon word.[162]

In die vroeë stadium van die oorlog het die Worker-komitee gepoog om die koerant so lank as moontlik voort te sit aangesien dit in belang van die SAAP was dat ***The Worker*** se intekenaars in voeling met die arbeiderbeweging sou bly. Die moontlikheid het ook bestaan dat plattelandse intekenaars alle belangstelling in die party kon verloor, sou die publikasie van die amptelike partymondstuk gestaak word. Omdat so 'n situasie ongewens was, het die komitee alles binne sy vermoëns gepoog sodat alle intekenaars ook gedurende die oorlog hulle gereëlde kopieë van ***The Worker*** kon kry.[163] Tesame met die verslegtende finansiële posisie, het die blad sy vernaamste medewerkers verloor[164] en gevolglik het die kenmerkende skerp karakter van die artikels in die koerant ook afgeneem.[165]

Teen Augustus 1914 moes ***The Worker*** as gevolg van 'n tekort aan papier en as gevolg van die finansiële probleme van twaalf na 'n grootte van agt bladsye terugkeer. Derhalwe moes baie bydraes weens 'n gebrek aan ruimte uitgelaat word. Die redakteur het die vertroue

---

[162] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "Worker" Committee Report to the Administrative Council, 01.11.1914, pp. 1 – 2; *Ibid.*, "The Worker" Newspaper Financial Statement, 23.12.1914, p. 109; *Ibid.*, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ20.

[163] *Ibid.*, "Worker" Committee Report to the Administrative Council, 01.11.1914, p. 1.

[164] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 184.

[165] W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, p. 375.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
uitgespreek dat hierdie reëling net tydelik van aard sou wees.[166] Solank as advertensies nog verkry kon word, kon die Worker-komitee met die koerant voortgaan. Kansellasies het egter ingestroom en dit was feitlik onmoontlik om nuwe advertensies te verky. Teen September 1914 is ***The Worker*** toe na vier bladsye per eksemplaar verklein en moes die redaksie ook weereens tot sy spyt verklaar dat baie interessante bydraes uitgelaat moes word.[167] Aan die einde van Oktober – die laaste uitgawe van ***The Worker*** het op 29 Oktober 1914 verskyn – het die Worker-komitee besluit om, ten spyte van al sy pogings tot die teendeel, die koerant onmiddellik tydelik tot die jaarkongres in Desember te sluit.[168] Daarby moes ***The Worker*** ook die kantore van die SAAP voor die einde van Oktober ontruim in die lig daarvan dat indien die koerant in daardie stadium voortgesit sou word, dit nog 'n ekstra uitgawe van twee tot drie pond per maand aan kantoorhuur sou meebring wat nie bekostig kon word nie.[169]

Op 11 November 1914 het die uitvoerende komitee van die SAAP aanbeveel dat aangesien H. Millar en H.W. Haynes in daardie stadium die enigste twee oorblywende lede van die Worker-komitee was, die party se administratiewe raad die vakande poste moes vul. Die partysekretaris moes ook die Worker-komitee se sekretaris en konvenor word. Hierdie opnuut saamgestelde komitee moes dan onmiddellik die raadsaamheid van die voortsetting van ***The Worker*** ondersoek en aan 'n spesiale vergadering van die administratiewe raad vóór die jaarkongres rapporteer.[170] Voordat die aanvullende lede egter tot die Worker-komitee tydens hierdie administratiewe raadsvergadering verkies kon word, is die vergadering weens die gebrek aan 'n kworum verdaag.[171] Teen 23 November 1914 het die uitvoerende komitee van die SAAP 'n brief van Robert Barnet, die eienaar van ***The Eastern***

---

[166] *The Worker*, 13.08.1914, p. 4 (Hoofartikel). Kyk ook (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "Worker" Committee Report to the Administrative Council, 01.11.1914, p. 1.

[167] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "Worker" Committee Report to the Administrative Council, 01.11.1914, p. 1; *The Worker*, 03.09.1914, p. 2.

[168] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ20. Kyk ook *Ibid.*, Minute Book 3, General Secretary – S.W. Middleton, 24.06.1915, p. 2.

[169] (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of the Executive Committee, 14.10.1914, p. 209; *Ibid.*, Minute Book 3, "Worker" Committee Report to the Administrative Council, 01.11.1914, p. 3.

[170] (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of the Executive Committee, 11.11.1914, p. 242: "Worker"; *Ibid.*, Minutes of the Administrative Council, 15.11.1914, p. 253: The Worker; *Ibid.*, Minute Book 3, Supplementary Executive Report to the Administrative Council, 15.11.1914, p. 62.

[171] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Secretary's Report to Branches, 15.11.1914, p. 66.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Record, ontvang. Aangesien ***The Worker*** publikasie gestaak het, het Barnet voorgestel dat ***The Eastern Record*** onder sekere voorwaardes tydelik tot amptelike mondstuk van die party verklaar word. 'n Subkomitee van die uitvoerende komitee, bestaande uit die voorsitter (W.H. Andrews), die sekretaris (D.I. Jones) en die tesourier (G. Weinstock), is toe aangestel om met Barnet oor die kwessie gesprek te voer.[172] Dit is onduidelik, maar ook onwaarskynlik of die saak ooit opgevolg is, aangesien geen ander dokumentasie daaroor opgespoor kon word nie.

'n Studie van die balansstaat in die Worker-komitee se verslag in November 1914 aan die administratiewe raad, toon wel dat die bates die laste oorskry het, maar dit was eintlik debiteure wat geld aan ***The Worker*** geskuld het. In die heersende ekonomiese omstandighede as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog sou die moontlikheid van die vordering van hierdie skuld onwaarskynlik wees. Omdat die koerant nie meer oor voldoende kontant beskik het nie, en Standard Bank geweier het om ***The Worker*** se oortrokke fasiliteit uit te brei, kon die blad dus nie meer met sy bedrywighede voortgaan nie. Die "anonieme vriend", wat aanvanklik borg gestaan het vir die oortrokke rekening, kon as gevolg van die oorlogsomstandighede dit ook nie langer waarborg nie. Uiters pessimisties verklaar die Worker-komitee verder: "*...we cannot make any statement regarding the future either optimistic or otherwise*".[173]

Voorts het die Worker-komitee se jaarverslag aan die sesde SAAP-jaarkongres, wat deur S.P. Bunting,[174] H.W. Haynes en W. Wybergh opgestel is, 'n verklaring aangaande ***The Worker*** ingesluit. Daarvolgens was die voortbestaan van ***The Worker*** as mondstuk van die party van kritieke belang. Krisisse soos die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, asook die algemene verkiesing van 1915 wat op hande was, het hierdie feit beklemtoon. Daarom was dit noodsaaklik dat die SAAP oor 'n amptelike orgaan beskik het waaroor hyself beheer kon uitoefen, in teenstelling met beheer deur 'n private indiwidu wat die blad bloot om die

---

[172] (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of an Adjourned Meeting of the Executive Committee, 25.11.1914, p. 263: Eastern Record & "The Worker". I.v.m. *The Eastern Record*, kyk ook hfst. 4, pp. 132 - 142.

[173] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, "Worker" Committee Report to the Administrative Council, 01.11.1914, pp. 2 – 3; *Ibid.*, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ20.

[174] (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of the Executive Committee, 02.12.1914: Worker Report, p. 271.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
winsmotief sou bedryf. Die komitee was van mening dat die party wel hierdie ideaal sou kon verwesenlik indien hy bereid sou wees om die partymondstuk aansienlik en met volle oorgawe te ondersteun. Om 'n sukses te wees, sou ***The Worker*** se drukwerk van kwaliteit moes getuig en oor voldoende advertensiespasie moes beskik sodat die lopende kostes daaruit verhaal kon word. Om die onkostes uit verkope te dek, was nie ekonomies haalbaar nie. In die lig van die heersende swak ekonomiese omstandighede was dit in elk geval nie raadsaam om die koerant teen meer as 1d per eksemplaar te verkoop nie, selfs al het die werklike kosprys, volgens die aantal kopieë gedruk, tussen 2d en 3d per eksemplaar bedra. Ten einde die blad winsgewend te maak, sou sy grootte verder vergroot, en die advertensie-inhoud dienooreenkomstig verhoog moes word.[175]

Die jaarverslag het ook 'n aantal aanbevelings bevat. Die Worker-komitee was van mening dat ***The Worker*** nie in daardie stadium winsgewend gemaak kon word nie. Die nuwe Worker-komitee (wat tydens die jaarkongres verkies moes word) moes versigtig die mees gunstige oomblik afwag om die blad te hervat. Die SAAP moes bereid wees om die partymondstuk dan, as 'n erkende en vaste faset van sy verantwoordelikhede, te subsidieer - selfs in normale omstandighede. Sodra die ekonomiese omstandighede na normaal sou terugkeer, sou die gereelde subsidie waarskynlik egter minimaal wees.

Dit sou onwenslik wees om ***The Worker*** aan enige privaat persoon of groep oor te dra. Streng SAAP-beheer moes behou word. Dit sou ook onwenslik wees om enige ander blad enigsins as amptelike partyorgaan te erken indien dit nie geheel en al deur die party besit en beheer is nie. Daarom was dit wenslik dat niemand op die Worker-komitee sou dien wat direkte of indirekte belange in enige ander koerant gehad het of 'n betaalde werknemer van sodanige koerant was nie. Afgesien van sy politieke waarde, was ***The Worker*** en sy klandisiewaarde ook 'n baie waardevolle kommersiële bate. Gevolglik sou dit vir die SAAP 'n fatale fout wees om daarmee weg te doen.

Die hoop is uitgesprek dat die nuwe Worker-komitee baie meer aktiewe aandag aan die redaksionele en besigheidsaspekte van die blad as die uitgaande komitee sou verleen. Ten

---

[175] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ21.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
opsigte hiervan is voorgestel dat die nuwe komitee weekliks moes vergader. Indien een van die komiteelede drie vergaderings, met of sonder verskoning afwesig sou wees, sou sy pos as vakant beskou word. Vakante poste moes dan deur die administratiewe raad van die SAAP, of in spoedeisende gevalle, deur die uitvoerende komitee van die party gevul word, aldus die Worker-komitee.[176]

3.4 POGINGS OM DIE PUBLIKASIE VAN *THE WORKER* TE HERVAT

Die ideaal van 'n eie partymondstuk vir die SAAP het nie met die ondergang van ***The Worker*** vervaag nie. Reeds tydens die sesde SAAP-jaarkongres is 'n mosie van G. Weinstock, geamendeer deur R.H. Tatham, dat 'n komitee van vyf persone aangestel word om 'n drukpersaanleg te huur, te koop of deur ander stappe te bekom, aanvaar. Vir hierdie doel moes die komitee fondse insamel deur middel van kollektes, intekengelde, lenings of volgens ander skemas, onderhewig aan goedkeuring van en gereelde rapportering aan die administratiewe raad van die party. Die verkose drukperskomitee vir 1915 was W. Light (voorsitter), M.G. Nicolson, C.H. Hayward, J.W. Hall en mev. Dingwall. Tydens die jaarkongres is ook 'n nuwe Worker-komitee vir 1915 verkies, bestaande uit C.H. Hayward (voorsitter), W. Wybergh, H.W. Haynes, H.W. Sampson, I.K. Sampson, G. Mason, J.T. Bain en S.P. Bunting.[177]

Op 31 Januarie 1915 het die uitvoerende komitee van die SAAP namens die Worker-komitee die volgende aanbevelings aan die party se administratiewe raad voorgelê:

> "*...we would urge the Administrative Council to give*...[The Worker] *Committee a mandate to re-start 'The Worker' as soon as possible... The Party is at present without an official organ, and is helpless against the misrepresentations of the Capitalist Press. Moreover, the abuses of, and*

---

[176] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ21; *Ibid.*, Minute Book 6, Minutes of the Sixth Annual Conference at East London, 28.12.1914 - 02.01.1915, pp. 22 – 23: 'Worker' Committee Recommendations.

[177] (JOB) SALP Collection, Minute Book 6, Minutes of the Sixth Annual Conference at East London, 28.12.1914 – 02.01.1915, p. 3: The Worker Committee 1915, en Printing Plant Committee 1915, p. 23: New "Worker" Committee, p. 47: Printing Plant, en Tatham Amendment; *Ibid.*, Minute Book 3, Annual Conference at East London, 28.12.1914, Notices of Motion, p. KJ29; *Ibid.*, East London Conference Resolutions, General Secretary's Note, 05.02.1915, p. 2: Printing Plant.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

encroachments on, the rights of the workers, so flagrant in times like the present, need vigorous exposure; and none so effective as a Party Press for that purpose... We would also point out the danger arising in our present inarticulate condition from unofficial journals purporting to make Party pronouncements and statements on Party domestic matters; which, without the corrective of a Party organ, are liable to mislead the rank and file by coming to be regarded as semi-official Party newspapers... The Conference having decided that 'The Worker' must in future be regarded as an ordinary charge on the Party funds, we therefore recommend that the Executive be authorised to grant up to a sum of ...[ongespesifiseerd] *as required by 'The Worker' Committee for the immediate republication of 'The Worker'; and that the Executive be delegated with power to receive reports from 'The Worker' Committee on important committments* (sic) *made by the latter between meetings of the Administrative Council*".[178]

Die administratiewe raad was egter nie van plan om halsoorkop met die hervatting van ***The Worker*** voort te gaan nie, wat in die lig van die destydse heersende ekonomiese omstandighede te verstane was. Die raad het wel die verslag van die Worker-komitee aanvaar, behalwe die aanbeveling dat die blad "onmiddellik" herpubliseer moes word. Ten opsigte van die ongespesifiseerde bedrag waarna in die aanbevelings verwys is, het die raad besluit om die uitvoerende komitee te magtig om tot £100 aan die Worker-komitee toe te ken. Voorts is ook aan die drukperskomitee toestemming verleen om sy ledetal tot nege persone uit te brei.[179]

Aangesien die hervatting van ***The Worker*** en die aankoop van 'n drukpers die nastrewing van dieselfde doelwit was, het die Worker-komitee en die drukperskomitee, na omsigtige wedersydse navrae, oorweging en raadpleging, op 10 April 1915 die volgende gesamentlike verslag aan die administratiewe raad van die SAAP voorgelê:

---

[178] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Executive Report of the Administrative Council, 31.01.1915, p. 128; *Ibid.*, Minute Book 6, Executive Report to the Administrative Council, 31.01.1915, pp. 87 – 88: "The Worker"; *Ibid.*, Minutes of the Administrative Council, 31.01.1915, p. 97: "The Worker".

[179] (JOB) SALP Collection, Minute Book 6, Minutes of the Administrative Council, 31.01.1915, pp. 99 – 100: The Worker Committee Report, en p. 101: Printing Plant; *Ibid.*, Minute Book 3, Secretary's Report to Branches, 1915, p. 136.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. 'n Drukpers, wat ***The Worker***, asook smoutwerk vir SAAP-takke en vakbonde kon druk, moes teen 'n bedrag van ongeveer £500 aangekoop word.

2. Die nodige fondse vir hierdie doel moes bekom word deur die uitreiking van 5s-aandele in 'n genootskap, geskool op die lees van die Johannesburg Trades Hall Society. Die volgende voorwaardes sou ten opsigte van die oprigting van die genootskap moes geld:

a) Geen persoon moes enige kommissie ontvang in verband met die oprigting of promosie van sodanige genootskap nie.

b) Aandeelhouding in die genootskap moes te alle tye slegs tot lede van die SAAP en vakbonde beperk word.

c) Die beherende aandeel in die genootskap moes te alle tye in die uitvoerende komitee van die SAAP gesetel wees.

d) Die beleid en bestuur van die genootskap moes onder geen omstandighede deur privaat indiwidue beïnvloed kon word nie.

e) Geen dividende, bonusse of ander vorme van winsdeling moes enigsins toegeken word nie. Hierdie voorwaarde sou egter nie die uitbetaling van rente aan aandeelhouers verhoed nie, maar dit moes ook nie die bankkoers oorskry nie.

f) Alle profyt moes aangewend word om addisionele drukperstoerusting aan te koop sodat 'n Arbeiderdagblad, wat deur die SAAP beheer en uitgegee sou word, sou gou as moontlik gestig kon word.

Voorts het die komitees aanbeveel dat die administratiewe raad van die Arbeidersparty die voorgestelde oprigting van 'n genootskap, ter aankoop van 'n drukpers om ***The Worker*** te hervat en smoutwerk vir SAAP-takke en vakbonde te doen, aanvaar. Die Worker- en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
drukperskomitees moes gemagtig word om gesamentlik namens die SAAP die nodige fondse in te samel volgens die riglyne wat in die voorafgaande verslag neergelê is. Sou hierdie komitees egter die bepalings, soos in die verslag gespesifiseer, wou verander of daaraan wou toevoeg, sou hulle eers die toestemming van die uitvoerende komitee van die party moes verkry.[180]

Bogenoemde verslag, asook magtiging om met die stigting van 'n "Labour Press Society" voort te gaan, is toe met slegs enkele wysigings deur die administratiewe raad goedgekeur. Die belangrikste van die wysigings was die weglating van die bedrag van £500 om 'n drukpers mee aan te koop,[181] wat in die lig van die heersende swak ekonomiese toestand heelwaarskynlik as te hoog geag is. Dit blyk ook dat die uitvoerende komitee van die SAAP na die uitbring van hierdie verslag haastig was dat die publikasie van ***The Worker*** hervat moes word. Volgens die notule van 'n vergadering van die komitee op 28 April 1915 "...[N.J.] *Isaacson urged the necessity for the immediate republication of the Worker*".[182] C. Wade het daaraan toegevoeg: "*...that this Executive Committee is of the opinion that the restarting of the Worker is of urgent necessity to the Party, and trust The Worker Committee is doing everything to insure that being done without delay.*"[183]

Dit was veral die naderende algemene verkiesing van 20 Oktober 1915[184] wat aan die wortel van die dringende aandrang om die hervatting van publikasie van die partymondstuk gelê het. Uiteindelik is 'n prospektus vir die South African Labour Press, Limited op 21 Junie 1915 gepubliseer. 'n Volledige uiteensetting van die geskiedenis van ***The Worker*** onder SAAP-beheer, die verskillende verslae en aanbevelings van die Worker-komitee na die sluiting van die blad, en die besluite tot hervatting van publikasie deur die sesde partyjaarkongres en die administratiewe raad, het daarin verskyn. Dit sou 'n maatskappy

---

[180] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Joint Report of the "Worker" and Printing Plant Committees, 10.04.1915, p. 197.

[181] (JOB) SALP Collection, Secretary's Report of Administrative Council Meetings, 11 & 18 April 1915, p. 220: Worker & Printing Plant Committees; *Ibid.*, Minutes of an Adjourned Meeting of the Administrative Council, 18.04.1915, p. 238: The Worker & Printing Plant Committee; *Ibid.*, Minute Book 6, Minutes of an Adjourned Meeting of the Administrative Council, 18.04.1915, p. 205: Worker & Printing Plant Committee Report.

[182] (JOB) SALP Collection, Minute Book 6, Minutes of the Executive Committee, 28.04.1915, p. 218: The Worker.

[183] *Ibid.*

[184] B.M. Schoeman: *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910 – 1976*, p. 46.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
met beperkte aanspreeklikheid wees met 'n kapitaal van £1 500 verdeel in 6 000 aandele van 5s elk. Die eerste direkteure sou W.H. Andrews, J. Forrester Brown, A.F. Crisp, C.H. Hayward, F. Shaw, I.L. Walker en A. Watson wees. Slegs lede van die SAAP en sy geaffilieerde vakbonde sou aandeelhouers kon wees. Geeneen van die direkteure sou enige persoonlike belang in die bevordering van die maatskappy of die eiendom daarvan hê nie. Alle fondse wat tydens die eerste uitreiking van aandele gegenereer sou word, sou onder andere gebruik word om voorlopige kostes van ongeveer £50 te dek, 'n drukpers teen ongeveer £500 aan te koop en om voorlopige bedryfsuitgawes mee te betaal. Vierduisend bedryfskapitaalaandele van 5s elk, wat 'n totaal van £1 000 bedra het, is aan SAAP-lede as voornemende aandeelhouers aangebied. Die oorblywende 2 000 aandele, gelykstaande aan £500, sou agterna deur die direkteure volgens hulle goeddunke uitgereik mag word. Die Artikels van Assosiasie het daarvoor voorsiening gemaak dat die minimum opneembare aandele wat die direkteure sou kon uitreik, 75 % van die totale aandelekapitaal wat vir die uitreiking aangebied is, sou bedra. Daarom sou die uitreiking van aandele kon voortgaan slegs indien aansoeke vir 3 000 uit die 4 000 aangebode aandele ontvang is en in kontant betaal is, anders sou aansoekers wat wel gereageer het ten volle terugbetaal word.[185]

In die prospektus is ook gedeeltes van 'n brief van die sekretaris van The National Labour Press Limited van Manchester, Engeland, die drukkers van ***The Labour Leader*** aldaar, gepubliseer waarin hy onder meer verklaar: "*...I find it practically impossible for a paper to be conducted profitably unless the paper owns its own printing plant.*"[186] Voorts het die prospektus ook verklaar:

> "*For the reasons previously stated, and in view of the forthcoming Parliamentary Election, the establishment of an independent Labour Party Press is of the utmost importance to the future of the Labour movement throughout South Africa; this is a strong endeavour to bring such about, and the present appeal to all supporters of the labour policy is made...it is therefore*

---

[185] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Prospektus of the the South African Labour Press, Limited, 21.06.1915; *Ibid.*, Minute Book 6, Minutes of the Executive Committee, 03.06.1915, p. 239: Printing Plant; (SAB) JUS Vol. 215, file no. 3/478/15, S.A. Labour Press: Secretary for Justice – Registrar of Companies, 04.06.1915 (no. 3/478/15/249); *The Star*, 03.07.1915, p. 9 (Labour Divisions).

[186] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Prospektus of the South African Labour Press, Limited, 21.06.1915. Kyk ook *Ibid.*, D.I. Jones: The South African Labour Press Limited, 07.07.1915, p. 313.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

urged on all to support this movement by making application for some shares (no matter how few) so that the paper may be regarded, in the full sense of the term as 'The People's Paper', in which the large bulk of the rank and file of the workers throughout South Africa have a personal interest... Copies of this prospektus will be issued throughout the length and breadth of South Africa, and it is to be hoped that the shares offered for subscription will be largely over applied for... The whole scheme has been well thought out, and if the working capital is subscribed for, the development into what has for long been desired by the labour movement in South Africa, namely, a daily labour paper, is quite within the range of practical politics."[187]

In die prospektus se Memorandum van Assosiasie is onder andere die volgende doelwitte van die beoogde maatskappy uiteengesit:

"To print, and if required, to publish in South Africa and elsewhere, a daily, weekly or monthly newspaper or newspapers, periodical or periodicals, controlled by the South African Labour Party, and in particular the 'Worker' newspaper... To print, publish, issue and circulate papers, leaflets, circulars, notices, pamphlets, journals, magazines, periodicals, books, and any other literary matter whatsoever for the South African Labour Party, and for any other person or body in sympathy with the party... To promote the circulation or sale of any newspaper periodical or production printed by the Company in such manner as may be deemed expedient..."[188]

D.I. Jones, die sekretaris van die SAAP, het ook in 'n omsendskrywe (heelwaarskynlik aan die sekretarisse van die SAAP-takke) die beoogde maatskappy bekendgestel en steun daarvoor gewerf. Hy het onder meer daarop gewys dat die direksie saamgestel is deur persone verteenwoordigend van die vyf grootste vakbonde en van die SAAP.[189] 'n Studie

---

[187] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Prospektus of the South African Labour Press, Limited, 21.06.1915.

[188] *Ibid.*

[189] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, D.I. Jones: The South African Labour Press Limited, 07.07.1915, p. 313.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
van die ambagte van die direkteure dui daarop dat hierdie vakbonde heelwaarskynlik die ASE, die TMA, die SAED & FA, die SATU en die Amalgamated Society of Carpenters and Joiners was.[190]

Maar weereens sou negatiewe faktore 'n invloed uitoefen op die veelbewoë geskiedenis van ***The Worker***. Hierdie keer sou die politieke gevolge van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog die laaste doodsteek van die gedoemde blad wees. Die uitbreek van die oorlog en die emosies wat daarmee gepaard gegaan het, het tot ideologiese faksievorming binne die SAAP tussen pro-oorlog –en anti-oorloggesindes gelei. Dit het op sy beurt uiteindelik weer gelei tot 'n waterskeiding in die geskiedenis van die SAAP. Tydens 'n spesiale konferensie van die party op 22 Augustus 1915 in die Selbournesaal in Johannesburg het die SAAP oor 'n aangewese oorlogbeleid in twee geskeur. Die anti-oorlogbeleid van die minderheid linkses is verslaan ten gunste van 'n pro-oorlogbeleid deur die meerderheid regses. Die anti-oorloggesindes het toe die SAAP verlaat om 'n nuwe, linkse politieke koers in te slaan.[191]

Met die partyeenheid van die SAAP aan flarde, waarin ook persone gemoeid met die pogings tot hervatting van ***The Worker*** en die aankoop van 'n drukpers aan beide kante van die ideologiese verdelingslyn gestaan het, was hierdie verwikkelinge uiteraard 'n onherstelbare en finale doodskoot vir die pogings om die South African Labour Press, Limited tot stand te bring. Daardeur was die raad (direksie) van die te stigte maatskappy verplig om die prospektus terug te trek en is die administratiewe raad van die SAAP versoek om die kostes wat hulle aangegaan het om die maatskappy te probeer oprig, terug te betaal.[192] Hierdie versoek is toe ook toegestaan.[193]

---

[190] (JOB) SALP Collection, Prospektus of the South African Labour Press, Limited, 21.06.1915.

[191] Kyk byvoorbeeld W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 310 – 312, 319 – 322, 359 – 371; M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 260 – 299; D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 – 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1969, Nr. 1, pp. 59 – 73). Kyk ook hfst. 5, pp. 238 - 239.

[192] (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Executive Report to the Administrative Council, 08.08.1915, p. 2.

[193] (JOB) SALP Collection, Minute Book 6, Minutes of the Executive Committee, 04.08.1915, p. 298: S.A. Labour Press; *Ibid.*, Minutes of the Administrative Council, 08.08.1915, p. 302: Labour Press. Kyk ook *Ibid.*, Minute Book 2, Minutes of the Executive Committee, 06.06.1917, p. 100: The Worker; *Ibid.*, Minute Book 13, Minutes of the Administrative Council, 04.02.1917, p. 29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens 'n berig in ***The Evening Chronicle***, het H.W. Sampson tydens 'n SAAP-geselligheid na afloop van die algemene verkiesing van 1915, aan die aanwesiges weer 'n skema voorgehou om 'n Arbeiderpers te bekom. Hy het die hoop uitgespreek dat die skema die praktiese ondersteuning van alle werkers sou ontvang, aangesien die proses van propagering van die Arbeiderspartybeleid baie stadig sonder 'n koerant sou verloop.[194]

Tydens 'n vergadering van die uitvoerende komitee van die SAAP in Desember 1915 het I.K. Sampson nog eens die kwessie van 'n partykoerant geopper. Alhoewel die saak bespreek is, is geen konkrete besluite daaroor geneem nie.[195] Tydens 'n ander vergadering van die uitvoerende komitee het die sekretaris ook hierdie saak te berde gebring en verwys na die ***Voice of Labour***, maar enige oorweging oor die aangeleentheid is onbepaald uitgestel.[196] In 'n rubriek van ***The Star*** was daar verwysings en aanhalings van 'n sogenaamde plaaslike Arbeiderkoerant, ***The Voice of Labour***, wat beskryf is as die "*...official organ of the* [South African?] *Industrial Federation.*"[197] Alhoewel beide A. Crawford en Mary Fitzgerald, die eienaars van ***Voice of Labour***, in die South African Industrial Federation gedien het,[198] kon geen bron opgespoor word wat bevestig dat dié twee nuusblaaie een en dieselfde koerant was of dat daar enigsins 'n verbintenis tussen hulle was nie. Die blad van Crawford en Fitzgerald het volgens alle beskikbare bronne aan die einde van 1912 ontbind. Bowendien korreleer die datums van die uitgawes in ***Voice*** van 1915, wat deur ***The Star*** aangehaal is, nie met die datums van die oorspronklike ***Voice*** van Crawford en Fitzgerald, wat van 1908 tot 1912 verskyn het, nie.[199]

Verdere inligting wat aangaande die kwessie van partyblad vir die SAAP opgespoor kon word, dateer uit 1920. Tydens 'n vergadering van die party se nasionale raad is 'n voorstel van R.B. Waterston aangeneem dat die uitvoerende komitee van die SAAP 'n komitee

---

[194] *The Evening Chronicle*, 23.10.1915, p. 5 (Labour Notes).

[195] (JOB) SALP Collection, Minute Book 6, Minutes of a special meeting of the Executive Committee, 24.12.1915, p. 469: Party Newspaper.

[196] *Ibid.*, Minutes of the Executive Committee, 22.12.1915, p. 517: Party Newspaper.

[197] *The Star*, 28.09.1915, p. 12 (The Unionist Gazette); *Ibid.*, 07.10.1915, p. 12 (The Unionist Gazette).

[198] A.J. Downes: *Printers' Saga*, p. 365.

[199] W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 382 – 383. I.v.m. Crawford, Fitzgerald en die *Voice of Labour*, kyk ook hfst. 5, pp. 205 - 208.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
aanstel om die kwessie van 'n partykoerant te ondersoek.[200] Inligting, of die saak ooit opgevolg is, ontbreek, maar dit is hoogs onwaarskynlik. ***The Worker*** het nooit weer verskyn nie en vir die tydperk wat binne die bestek van hierdie studie val, het die SAAP ook nooit weer daarin geslaag om 'n eie, amptelike partyorgaan of –drukpers tot stand te bring nie.

[200] (JOB) SALP Collection, Minute Book 13, Minutes of the National Council, 03.10.1920, p. 143: Party Paper.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

ANDER PERSORGANE WAT DIE SAAP GESTEUN HET

Na die ondergang van ***The Worker*** was daar koerante wat die SAAP-beleid in 'n nie-amptelike hoedanigheid gesteun het. Sodanige koerante is ook gewoonlik deur die opposisiepers as "Arbeiderkoerante" beskryf. In hierdie hoofstuk sal ***The Eastern Record***, ***The Evening Chronicle***, ***The Labour World***, ***The Guardian*** en die poging tot die oprigting van The People's Press Limited bespreek word, terwyl daar ook kortliks na ander sogenaamde "Arbeidergesinde" publikasies verwys sal word.

4.1 *THE EASTERN RECORD*

Dit is insiggewend dat die geesdrif vir die Arbeidersparty na afloop van die algemene staking van 1914 veral aan die Oosrand, en spesifiek in Benoni, so sterk was dat die plaaslike politieke arbeiderbeweging, beliggaam in die Oostelike Distrikskomitee van die SAAP, in staat was om, bo en behalwe steun aan die amptelike partyblad, ***The Worker***, ook sy eie partyorgaan, ***The Eastern Record***, te stig.[1] Klaarblyklik het die Oostelike Distrikskomitee, wat SAAP-takke in Boksburg, Benoni en Springs georganiseer en beheer het, die aanvoorwerk vir die stigting van die blad alreeds in Augustus 1913 gedoen,[2] alhoewel die registrasiedokumente toon dat die koerant eers op 6 Maart 1914 as publikasie geregistreer is.[3]

Die eerste eienaars en uitgewers – laasgenoemde is ook gesamentlik beskryf as The Eastern Record Printing & Publishing Co. – was Israel Kuper, Robert Barnet, Thomas Miller en Leonard Dingler. Die drukkery van Mary Fitzgerald (wat ook saam met Archie Crawford die ***Voice of Labour*** uitgegee het), Modern Press, het ***The Eastern Record*** aanvanklik

---

1 Kyk bv. *The Eastern Record*, 28.11.1914, p. 15 (Benoni's Welcome); *Ibid.*, 31.07.1915, p.2 (Hoofartikel); *The Worker*, 09.04.1914, p. 1 (Weekly Topics). Die uitgawes van die eerste ses maande van die bestaan van *The Eastern Record* kon nie opgespoor word nie.

2 (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Executive Committee Report, 14.08.1913, p. 2: Labour Papers and Printing, en hfst. 3, pp. 106 – 107.

3 D.I. – Argief, file no. 25/13, Eastern Record: Under Secretary for the Interior – Deputy Commissioner C.I.D. (no. 1/33251); *Ibid.*, Memo., 06.03.1914 (no. 1/33525).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedruk, terwyl Thomas C. Davis die eerste bestuurder en redakteur van die koerant was.[4] Teen 1916 was Davis blykbaar die vise-president van die Oosrandse tak van die SATU.[5] In April 1914 is Robert Barnet egter geregistreer as eienaar, drukker, uitgewer, bestuurder en redakteur van ***The Eastern Record***, wat toe op sy eie onder The Eastern Record Printing & Publishing Co. sake gedoen het.[6]

Die subtitel van ***The Eastern Record*** was "The Weekly Organ of the People", terwyl daar op 'n binneblad ook van die subtitel "The People's Paper" gebruik gemaak is. Die kantore van hierdie weekblad, wat op Saterdae verskyn het, was in Benoni gesetel, maar afgesien van Benoni self, is dit in Germiston, Boksburg, Boksburg-Noord, Brakpan en Springs versprei. Eksemplare van die ***Record*** is teen een pennie elk verkoop en die koerant was by die hoofposkantoor as nuusblad geregistreer. Aanvanklik is die koerant teen drie pennies per eksemplaar verkoop, maar as gevolg van die onsekerheid met betrekking tot die gereelde voorsiening van koerantpapier tydens die Eerste Wêreldoorlog, is die grootte van die blad verklein en gevolglik ook die prys.[7]

Die ***Record*** kon ook by die kantore van die SAAP in Johannesburg en by 'n boekstal op die Kaapstadse stasie gekoop word.[8] Intekengeld was drie sjielings halfjaarliks en vyf sjielings en ses pennies jaarliks, posvry.[9] Die koerant het volop handelsadvertensies geplaas en het soos ***The Worker*** slagspreuke gepubliseer wat lesers aangemoedig het om die ***Record*** se adverteerders te steun, byvoorbeeld:

---

4 D.I. – Argief, file no. 25/13, Eastern Record: Extract from Newspaper Register; A.J. Downes: *Printers' Saga*, p. 387.

5 A.J. Downes: *Printers' Saga*, pp. 360, 388. Geen ander biografiese inligting kon aangaande Davis opgespoor word nie.

6 D.I. – Argief, file no. 25/13, Eastern Record: Extract from Newspaper Register, 02.04.1914; *Ibid.*, Memo., 08.04.1914 (no. 33525); *Ibid.*, Under Secretary for the Interior – R. Barnet, 08.04.1914 (no. 2/33525). Kyk ook *Braby's Transvaal & Rhodesia Directory, 1915*, p. 937. Geen biografiese inligting kon aangaande Barnet opgespoor word nie.

7 D.I. – Argief, file no. 25/13, Eastern Record: Under Secretary for the Interior – Deputy Commissioner C.I.D. (no. 1/33251); *Ibid.*, Extract from Newspaper Register, 02.04.1914; A.J. Downes: *Printers' Saga*, pp. 303, 387; *The Eastern Record*, 05.09.1914, pp. 1, 3; *Ibid.*, 12.09.1914, p. 3.

8 *The Eastern Record*, 31.10.1914, p. 4 (Where to buy "The Record").

9 *Ibid.*, 05.09.1914, p. 14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Workers! Stand by the Advertisers who further your interests by advertising in the Eastern Record".[10]

'n Ander advertensieslagspreuk het verklaar:

"The 'Eastern Record' is the paper that goes to the homes of workers".[11]

Na aanleiding van 'n subskripsie advertensie wat in ***The Eastern Record*** verskyn het, kan die afleiding gemaak word dat die koerant 'n potensiële leserskring van 3 500 gehad het, alhoewel geen ander bevestiging hiervoor verkry kon word nie. Die advertensie het soos volg gelei:

"WANTED – Our Readers to know that this advert. will be read by 3 500 people. If your advertisement were here 3,500 would also read it..."[12]

Dit wil voorkom of die drukkery van The Eastern Record Printing & Publishing Co. 'n florerende handelsaak was. In advertensies het die ***Record*** vir drukwerk gekwoteer,[13] en volgens Downes is die ***South African Typographical Journal*** 'n aantal maande deur hierdie drukkery gedruk.[14] Na alle waarskynlikheid is die jaarverslag van die uitvoerende komitee van die SAAP vir 1914 ook deur die drukpers van ***The Eastern Record*** gedruk.[15] Die koerant se drukpers het selfs pamflette vir die War on War League gedruk.[16]

Alhoewel die uitvoerende komitee van die SAAP nie baie entoesiasties was oor die nuwe blad in arbeidergeledere nie, omdat hulle van mening was dat die belange van die party, die vakbondwese en die arbeiderbeweging in die algemeen die beste deur een enkele

---

10 *The Eastern Record*, 05.09.1914, p. 9.

11 *Ibid.*, 05.06.1915, p. 4 (Important to Advertisers).

12 *Ibid.*, 26.09. 1914, p. 24 (Miscellaneous Advertisements).

13 *Ibid.*, 05.09.1914, p. 21 (Advertensie).

14 A.J. Downes: *Printers' Saga*, p. 303. I.v.m. die koerant se drukkery kyk bv. *The Eastern Record*, 19.06.1915, p. 18 (Miscellaneous Advertisements).

15 Kyk (JOB) SALP Collection, Executive Report to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. 5.

16 Kyk (JOB) War on War League: *The Labour Party's Duty in the War: A Reply to the "See it Through" Policy*, p. 8. I.v.m. die War on War League, kyk hfst. 5, pp. 225 - 237.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Arbeiderkoerant gedien sou kon word,[17] het die amptelike partymondstuk, ***The Worker***, tog gunstig op die koms van ***The Eastern Record*** gereageer:

> "*It is well printed and got up, and it is encouraging to know that the movement in Benoni and the East Rand is sufficiently strong to support a local Labour Paper of its own*".[18]

Soos vroeër genoem, het Barnet ook na die sluiting van ***The Worker*** aan die uitvoerende komitee van die SAAP 'n voorstel gedoen om ***The Eastern Record*** onder sekere voorwaardes tydelik die amptelike mondstuk van die party te maak, maar dit is klaarblyklik nie deurgevoer nie.[19]

The Eastern Record het artikels en rubrieke met alledaagse nuusbrokkies bevat, soos "Germiston Notes" nuusbrokkies aangaande Arbeidersparty– en vakbondaangeleenthede op die Oosrand, soos "Benoni Notes", terwyl weeklikse kommentaar op allerlei gebeure in "Our Weekly Causerie" gelewer is.[20] Daar was 'n gereelde briewekolom,[21] 'n damesrubriek wat deur ene "C.B." behartig is[22] en 'n sportrubriek wat deur "Skylark" en "Heather" aangebied is.[23]

Dit blyk dat die koerant ook 'n aantal Afrikaanssprekende lesers gehad het. Gereelde artikels in Afrikaans oor onder andere die volgende onderwerpe het verskyn: die dood van genl. Koos de la Rey, oorlogfondsinsamelings, die Suidwes-Afrika-veldtog, stadsraads-verkiesings, die Rebellie, die tuiskoms van die gedeporteerde leiers van die staking van

---

17 (JOB) SALP Collection, Minute Book 3, Executive Committee Report, 14.08.1913, p. 2: Labour Papers and Printing, en p. 107 hierbo.

18 *The Worker*, 09.04.1914, p. 1 (Weekly Topics).

19 (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of an Adjourned Meeting of the Executive Committee, 25.11.1914, p. 263: Eastern Record & "The Worker", en pp. 120 - 121 hierbo.

20 Kyk byvoorbeeld *The Eastern Record*, 05.09.1914, p. 3 (Our Weekly Causerie), p. 7 (Germiston Notes), pp. 13, 23 (Benoni Notes).

21 *Ibid.*, 19.09.1914, p. 11 (Our Readers' Views).

22 *Ibid.*, 26.09.1914, p. 7 ("C.B.": Our Women's Column).

23 *Ibid.*, 07.11.1914, p. 17 (Sport).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1914, en die optrede van die Arbeidersparty in die Transvaalse Provinsiale Raad.[24] Daar is selfs grappe in Afrikaans gepubliseer.[25] Gereelde bydraes oor die posisie van die werkers ten opsigte van die mynindustrie, finansies en die sakewêreld het uit die penne van "The Veteran", "Archimedes" en "The Mowdie" verskyn, terwyl prominente arbeiderleiers soos D.I. Jones, C.H. Haggar en J.T. Bain by geleentheid ook artikels vir ***The Eastern Record*** geskryf het.[26] Nadat ***The Worker*** ontbind is, het Tom Matthews, wat gereeld tot daardie publikasie bygedra het, sy artikels in die ***Record*** onder die skuilnaam "Matt" voortgesit.[27]

Die oorlogsgees wat destyds in Suid-Afrika geheers het, is ook deur die kolomme van ***The Eastern Record*** gereflekteer. Teen daardie agtergrond het die blad 'n uitgesproke standpunt téén kapitalisme ingeneem. Die koerant se aanvalle was veral gemik teen die Kimberleyse en Witwaterrandse mynmagnate waarvan baie van Duitse herkoms was, onder andere S. Neumann, L.J. Reyersbach, G. Albu en J. Jeppe. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle in die oorlog in samewerking met die Duitse militariste hulle verder verryk het ten koste van die werkers. Daarom is kapitalisme, tesame met Duitse militarisme, as die werkers se grootste vyand beskou. Bogenoemde persone is "*...the German shop-keeper class – the great magnate rogues of German origin...*", "*dividend-drawing Germans*" en "*German Capitalist rogues*" genoem.[28]

In sy veroordeling van die kapitalisme het die ***Record***, net soos ***De Burger*** en ***Ons Vaderland***, telkemale na Hoggenheimer verwys, asook na sinonieme daarvan, soos "randlord", "landlord", "Corner House sharks" en "goldbugs". Die "Corner House rogues" is daarvan beskuldig dat hulle die inval in Duits-Suidwes-Afrika gesteun het om die ryk diamantgebiede daar in besit te neem, terwyl die "Hoggenheimer horde" van valse Britse

---

24 *The Eastern Record*, 19.09.1914, p. 7; 03.10.1914, p. 7; 17.10.1914, p. 9; 31.10.1914, p. 11; 21.11.1914, p. 9; 05.12.1914, p. 7.

25 *Ibid.*, 03.10.1914, p. 7.

26 Kyk *Ibid.*, 03.10.1914, p. 3 ("D.I.J.": Our Weekly Causerie); *Ibid.*, 12.12.1914, p. 21 ("The Veteran": Mamon); *Ibid.*, 16.01.1915, p. 15 (C.H. Haggar: Wanted: An Economic College), p. 18 ("Archimedes": The Money Question); *Ibid.*, 13.03.1915, pp. 3, 5 (J.T. Bain: Death of Tom Matthews – An Appreciation); *Ibid.*, 24.04.1915, p. 17 ("The Mowdie": Random Shots); *Ibid.*, 31.07.1915, p. 3 (D.I. Jones: How Labour Lives), onderskeidelik.

27 *Ibid.*, 13.03.1915, p. 3 (Death of Tom Matthews). Kyk ook byvoorbeeld *Ibid.*, 12.12.1914, p. 7 ("Matt": As You Like It).

28 *Ibid.*, 05.09.1914, p. 11 (Capitalism Unmasked), p. 15 (Hoofartikel); *Ibid.*, 12.09.1914, p. 9 (General Pars), p. 13 (Hoofartikel); *Ibid.*, 09.01.1915, pp. 10 – 11 (Hoofartikel); *Ibid.*, 15.05.1915, pp. 7, 9 (Are Botha and Smuts controlled by the Germans?).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jingoïsme beskuldig is. Na die Unioniste Party is verwys as "*The Unionist Party, alias Corner House Party*".[29] In antwoord op die beskuldiging dat hy sy politieke opponente in té krasse taal veroordeel het, het ***The Eastern Record*** onder andere verklaar:

> "*We regard every man's opinions, and to the generality of people we extend goodwil. To one party, however, we give no quarter, for we have learnt to expect no favours – and that is the representative of Hoggenheimer*".

Heelwaarskynlik was dit ook 'n verwysing na die Unioniste Party.[30]

The Eastern Record het ook hewige aanvalle op die *establishment*-pers geloods. Bogenoemde reaksie is juis ontlok nadat die ***Rand Daily Mail*** die anti-oorlogstandpunt van die Germistonse tak van die SAAP veroordeel het. In 'n hoofartikel in die ***Record*** is die redakteur van die ***Mail*** uitgekryt as "*The fatuous editor of the 'Mail'...in the delirium of Jingo fever...*"[31] In ander uitgawes van ***The Eastern Record*** is die ***Rand Daily Mail*** en ***The Star*** in soortgelyke sarkastiese en beledigende taal aangeval en gekritiseer, veral nadat laasgenoemde twee koerante die Arbeidersparty as pro-Duits bestempel het en dit van samewerking met die Nasionale Party van genl. Hertzog tydens die spesiale parlementêre sitting in verband met die Unie se inval in Duits-Suidwes-Afrika beskuldig het. Die ***Record*** het die beskuldigings ontken en na die ***Mail*** en ***The Star*** verwys as "*...a Press run in the interests of Hoggenheimer*".[32]

---

[29] *The Eastern Record*, 05.09.1914, p. 15 (Hoofartikel); *Ibid.*, 31.10.1914, p. 3 (The "Half-Pay" Patriotism); *Ibid.*, 14.11.1914, p. 3 (Our Weekly Causerie); *Ibid.*, 21.11.1914, p. 3 (Our Weekly Causerie); *Ibid.*, 12.12.1914, p. 3 (Our Weekly Causerie), p. 13 (Hoofartikel); *Ibid.*, 16.01.1915, p. 11 (Hoofartikel); *Ibid.*, 27.02.1915, p. 7 (Possible Surrender of German South-West Africa); *Ibid.*, 13.03.1915, p. 7 (Schumacher Shambles), pp. 10 – 11 (Hoofartikel); *Ibid.*, 27.03.1915, p. 3 (Our Weekly Causerie); *Ibid.*, 03.04.1915, p. 10 (Hoofartikel); *Ibid.*, 17.04.1915, p. 11 (Who are the Pro-Germans?); *Ibid.*, 17.07.1915, p. 3 (Our Weekly Causerie).

[30] *Ibid.*, 12.09.1914, p. 3 (Our Weekly Causerie). I.v.m. Hoggenheimer, die Corner House en hulle verbintenis met die Unioniste Party, kyk ook pp. 34 – 38, 60 - 62.

[31] *Ibid.*, 05.09.1914, p. 14 (Hoofartikel).

[32] *Ibid.*, 19.09.1914, p. 17 (General Pars); *Ibid.*, 21.11.1914, p. 3 (Our Weekly Causerie); *Ibid.*, 09.01.1915, p. 5 ("C.B.": Our Women's Column); *Ibid.*, 27.02.1915, p. 7 (Possible Surrender of German South-West Africa); *Ibid.*, 20.03.1915, p. 11 (Labour and Hertzog); *Ibid.*, 27.03.1915, p. 7 (The Labour-Hertzog Alliance?); *Ibid.*, 03.04.1915, p. 7 (The "Secret" Meeting at Cape Town), pp. 10 – 11 (Hoofartikel); *Ibid.*, 30.04.1915, p. 3 (Labour at Boksburg); *Ibid.*, 08.05.1915, p. 5 (SALP Propaganda Meetings); *Ibid.*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ***Record*** het ook na ***The Cape Argus*** en die ***Cape Times*** as "*the organs of Hoggenheimer*" verwys. Volgens die ***Record*** het hierdie twee koerante gesuggereer dat die Arbeidersparty 'n Duitse spioeneorganisasie was. Die ***Record*** het voorts verklaar:

> "*The Capitalist Press are working on the old adage, 'If you throw enough mud, some of it will surely stick'... The recent attempt to discredit our representatives in the Cape House of Assembly was the most diabolical plot yet hatched without the confines of a lunatic asylum...*"[33]

The Eastern Record het 'n nóg laer dunk van ***The Evening Chronicle*** gehad:

> "*The Evening Chronicle under the heading of Labour notes arrogates to itself the task of giving occasional lectures and gratuitous advice to members of the SALP*",[34]

en:

> "*We seldom read this Johannesburg Press sheet, for the news – like the policy – is, to our minds, so erratic and unreliable. What are facetiously termed 'Labour Notes' are evidently the fulminations of someone obsessed with the Anti-War-on-War Mania, for this seems to be the only topic in most issues, whereas war creeds have nothing to do with the Labour Party as such.*"[35]

Ook die ***Transvaal Chronicle***, susterkoerant van ***The Evening Chronicle***, moes die kritiek van die ***Record*** ontgeld:

> "*The Transvaal Chronicle during the industrial struggles* [van 1913 en 1914] *had a leaning to the side of the workers. It has since then, however, become a*

15.05.1915, p. 18 (Madeley Addresses his Constituents); *Ibid.*, 26.06.1915, p. 5 (Madeley at Springs); *Ibid.*, 24.07.1915, p. 5 ("C.B.": A Women's Stray Thoughts).

33 *The Eastern Record*, 03.04.1915, pp. 10 – 11 (Hoofartikel).

34 *Ibid.*, 19.09.1914, p. 17 (General Pars).

35 *Ibid.*, 06.02.1915, p. 3 (The "Chronicle" Cranks). Kyk ook *Ibid.*, 09.01.1915, p. 5 ("C.B.": Our Women's Column); *Ibid.*, 13.02.1915, p. 11 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

satellite to the Transvaal Leader, and its Labour notes...gave expression to their lisping sentiment worthy of the Jingo Press...".[36]

Alhoewel ***The Eastern Record*** enersyds duidelik die anti-nie-blanke beleid van die Arbeidersparty weerspieël het,[37] het die blad andersyds baie gewag gemaak van die voordele wat die sosialisme ten koste van die kapitalisme vir die werkers ingehou het.[38] Die koerant was dan ook in noue voeling met die sosialistiese beweging op die Witwatersrand. 'n Artikel, geskryf deur "C.B.", het vermeld dat daar teen 1915 drie sogenaamde sosialistiese Sondagskole vir kinders van oortuigde sosialiste in Johannesburg gehou is en waar hulle op Sondae in die beginsels van sosialisme onderrig is. Baie van die destydse sosialiste het hulle met sommige aspekte van die Christelike etiek vereenselwig. Daarom was die artikelskrywer daarvan oortuig dat die Sondagskole 'n goeie teelaarde vir sosialisme was:

"*The receptive mind of the child is the most fertile ground in which to sow the seeds of Socialism.*"[39]

Die sosialistiese beleidsrigtings wat Barnet in sy koerant voorgedra het, word ook weerspieël deur die feit dat hy in 1915 in die eerste bestuurskomitee van die International Socialist League gedien het en artikels in ***The International*** geskryf het.[40] Daarby het ene "C.B.", 'n pseudoniemskrywer van ***The Eastern Record***, wat na alle waarskynlikheid Barnet se vrou, C. Barnet, was, en in 1916 die sekretaresse van die ISL se Women's Entertainment Committee in Johannesburg was, onder dieselfde skuilnaam later artikels vir ***The International*** geskryf.[41] Ook T.C. Davies, die eerste redakteur van ***The Eastern***

---

36 *The Eastern Record*, 05.09.1914, p. 23 (Benoni Notes).

37 Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 12.12.1914, p. 12 (Hoofartikel); *Ibid.*, 09.01.1915, p. 3 (Our Weekly Causerie), p. 10 (Hoofartikel).

38 *Ibid.*, 19.09.1914, pp. 12 – 13 (Hoofartikel); *Ibid.*, 14.11.1914, pp. 10 – 11 (Hoofartikel).

39 *Ibid.*, 10.07.1915, p. 5 ("C.B.": Socialist Sunday Schools Social).

40 *The International*, 24.09.1915, p. 3 (The International Socialist League SA). Kyk ook *Ibid.*, p. 4 (R. Barnet: Loyalty). I.v.m. die stigting van die ISL, kyk ook hfst. 5, pp. 238 - 239.

41 M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 18; *The International*, 01.10.1915, p. 4 (League Social); *Ibid.*, 14.01.1916, p. 4 ("C.B.": Welcome to Delegates); *Ibid.*, 28.01.1916, p. 1 (C. Barnet: The Blackleg of the Future) en p. 4 (Branch Notes), *Ibid.*, 05.05.1916, p. 4 (May Day Celebrations); *Ibid.*, 10.11.1916,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Record, het 'n lid van die Benoni-tak van die ISL geword en bydraes tot ***The International*** gelewer.[42]

The Eastern Record, wat sewentien maande lank onder Arbeiderbestuur gestaan het, het 'n besliste invloed op die politieke en die arbeiderbeweging aan die Oosrand uitgeoefen. 'n Hoofartikel van die koerant het gespog dat die ***Record*** in die eerste maand van sy bestaan daartoe bygedra het om twee opponente van die suksesvolle Arbeiderkandidate vir die Transvaalse provinsiale verkiesing van Maart 1914 in die kiesafdelings Springs en Bokburg verslaan te kry. Tog wil dit voorkom of die einde van ***The Eastern Record*** as 'n arbeiderkoerant teen die end van Julie 1915 ook teweeggebring is deur die verdeeldheid in arbeidergeledere as gevolg van die oorlogvraagstuk. Laasgenoemde het die SAAP, en gevolglik ook die ***Record***, steun gekos. Dit het op sy beurt weer tot klaarblyklik onoorkombare finansiële probleme gelei.[43]

In Augustus 1915 het die Grieve broers van Benoni die nuwe eienaars, drukkers en uitgewers van ***The Eastern Record*** geword. Thomas Grieve was die nuwe bestuurder en sy broer, William, die nuwe redakteur.[44] Volgens Downes het T.C. Davis toe ook nog 'n verbintenis met die blad gehad wat hy in Junie 1916 verbreek het om 'n eie sake-onderneming in Springs te begin. Daar het hy 'n nuwe weekblad, ***The Springs Advertiser***, gepubliseer.[45] Alhoewel ***The Eastern Record*** nie 'n amptelike koerant van die SAAP was nie, was dit tog 'n belangrike arbeiderpublikasie in dié sin dat dit die verskillende gedagtestrominge in die party, veral ten opsigte van die oorlogkwessie, weergegee het.[46]

Medewerkers van ***The Eastern Record***, soos "The Mowdie", was duidelik spyt dat die koerant uit arbeiderhande sou gaan "*...as it is the only organ in the country in which the*

---

p. 3 (C. Barnet: Let There be War); *Ibid.*, 17.11.1916, p. 3 (C. Barnet: An Open Letter to Sir George Albu); *Ibid.*, 15.12.1916, p. 2 (Berig). Kyk ook R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 202 – 203.

42 *The International*, 15.10.1915, p. 4 (Jottings); *Ibid.*, 05.11.1915, p. 4 (Benoni Branch); *Ibid.*, 17.12.1915, p. 4 ("T.C.D.": Benoni Notes); *Ibid.*, 18.02.1916, p. 4 (Branch Notes).

43 *The Eastern Record*, 31.07.1915, p. 12 (Hoofartikel).

44 D.I. – Argief, file no. 25/13, Eastern Record: W.B. Grieve – Colonial Secretary, 03.08.1915 (no. 3/33525); *Ibid.*, J.R.H. – Grieve Bros., 06.08.1915 (no. 3/33525); *Ibid.*, W.B. Grieve – Secretary for the Interior, 07.08.1915 (no. 4/33525); A.J. Downes: *Printers' Saga*, p. 388.

45 A.J. Downes: *Printers' Saga*, p. 389.

46 W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, p. 380.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
views of the workers find expression".[47] Verder het dit geblyk dat Benoni teen Julie 1915 nie meer aan die voorpunt van sosialistiese denke in Suid-Afrika gestaan het nie. In hierdie verband het "C.B." se afskeidsrubriek gemengde gevoelens weerspieël:

> "*And now my friends this is good-bye. I am sorry and I am glad. I am sorry because it has been a pleasure to me to put down my thought ramblings, and I know some others will be sorry. Perhaps not many – the time is not yet for a paper like the* ***Record****. But we have sown the seed of Socialism – pure and undefiled. Real International Socialism – not the parish pump variety. Away back 5 years ago a few of us started with our little* [Socialist?] *Society in Benoni, and have fought the good fight. For nigh 18 months our Socialist paper has stood its ground, and goes down to-day with the Red Flag flying, and I am glad, for one gets weary of fighting even for such a cause.*"[48]

Die laaste hoofartikel van ***The Eastern Record*** onder arbeiderbestuur het vir oulaas 'n tikkie bravade weerspieël:

> "*...we had to fight and that strenuously for our 'place in the sun'. We got it and have kept it despite the croakings of pessimists and the secret machinations of a gang of unscrupulous political adventurers, who viewed the continued existence and success of the 'Record' with greedy eyes and hungry lips... To-day we surrender to our successors an established position. Our policy has been one of determined opposition to all the forces that make for the exploitation of the worker, and in futherance of that ideal we have solicited favours from none and given quarter to none. The 'Record' has never been carried on as, primarily, a commercial enterprise. Much support has been lost and much abuse heaped on us, but we have never prostituted our opinions for gain nor have we ever felt it incumbent on us to accept advertisements we did not like... The 'Record' has been a good little paper and infinitely superior in quality of matter to its Boksburg contemporary. Of course, there are many people (aye, even Labour*

---

[47] *The Eastern Record*, 31.07.1915, p. 22 ("The Mowdie": Random Shots).

[48] *Ibid.*, 31.07.1915, p. 7 ("C.B." A Woman's Stray Thoughts). "C.B." se verklaring dat die *Record* vir 18 maande onder Arbeiderbestuur was, is foutief.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

people) who prefer quantity to quality, and to them the 'East Rand Express' just fills the bill. We know of no paper that has proved more capable of acting the Pander than that organ. And now, farewell! Our connection with the 'Record' has gained as many friends and some enemies. We know them. We tender our heartiest thanks to those of our readers who have encouraged and helped by friendly criticism and advice. To our advertisers, many of whom have used our columns from the first issue, we have endeavoured to render reciprocal service. To our staff, from the manager to the office boy, we express grateful appreciation of useful help. The debt is ours."[49]

4.2 *THE EVENING CHRONICLE*

Met die verlies van ***The Eastern Record*** as arbeidermondstuk sou die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty, wat alreeds deur die ontbinding van die amptelike party-orgaan in Oktober 1914 gekortwiek is, vir 'n tyd lank 'n ernstige leemte ondervind ten opsigte van die verspreiding van partypropaganda en die verkondiging van die party se beleid. Hoe akuut hierdie leemte was, veral in die lig van die naderende algemene verkiesing van 1915, blyk uit die verslae van die Worker-komitee en die prospektus van die gepoogde stigting van die South African Labour Press, Limited, soos in hoofstuk drie bespreek.[50] 'n Geleentheid in hierdie verband sou hom egter in 1915 voordoen, toe lede van die SAAP om finansiële redes redaksionele beheer van ***The Evening Chronicle*** vir 'n tydperk van ongeveer twee maande oorgeneem het.

The Evening Chronicle is in 1910 as 'n aandblad in Johannesburg gestig en gedruk deur The Transvaal Chronicle Ltd. – maatskappy. Herbert Clayton was die eerste bestuurder en redakteur van die blad, terwyl C.F. Tainton en H.R. Abercrombie die direkteure van die maatskappy was.[51] Vanaf 1 Augustus 1914 is die blad deur die skryfbehoeftefirma,

---

[49] *The Eastern Record*, 31.07.1915, p. 12 (Hoofartikel).

[50] Kyk onderskeidelik pp. 121 - 129 hierbo.

[51] D.I. – Argief, file no. 118/13, Evening Chronicle: Extract from Newspaper Register; *Ibid.*, H. Clayton – Assistant Colonial Secretary, 13.09.1910 (no. 1/19766); *Ibid.*, Certificate of Registration of Newspapers 147, 20.09.1910; (SAB) MPY file no. T3274, The Transvaal Chronicle Ltd.: Copy of Register of Directors or Managers, 04.07.11; *The Evening Chronicle*, 15.08.1913, p. 4 (Hoofartikel); (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Vol. I, pp. 182, 183; J. de Villiers:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wm. Dawson & Sons (SA), Ltd., gepubliseer,[52] heelwaarskynlik as gevolg van die akute papiertekorte wat met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog ontstaan het.[53] C.F. Tainton, wat ook baie van die hoofartikels van ***The Evening Chronicle*** geskryf het,[54] het egter die hoofaandeelhouer en besturende direkteur van The Transvaal Chronicle Ltd. gebly.[55] Klaarblyklik was hy in 'n stadium ook die redakteur van die blad,[56] maar die presiese tydperk van sy redakteurskap kon nie vasgestel word nie.

Maar reeds lank voor die assosiasie van ***The Evening Chronicle*** met die SAAP tydens die verkiesingsveldtog van 1915, het die koerant al simpatiek teenoor arbeiderkwessies gestaan. Neame verklaar dat daar na Uniewording 'n groeiende onrus onder vakbondlede en eise vir beter werkomstandighede vir werkers ontstaan het. Daarom was die verwagting dat hierdie nuwe (arbeidersimpatieke) aandblad 'n aansienlike sirkulasie sou kon opbou[57]. Reeds teen 1911 het ***The Evening Chronicle*** na die SAAP se partybeleid uitgevis[58] en het die koerant die party se pro-blanke arbeidbeleid ook heelhartig gesteun.[59] Tainton, wat anti-nie-blank, pro-Brits en sterk ten gunste van blanke immigrasie na Suid-Afrika was, het die SAAP selfs by geleentheid daarvan beskuldig dat dit nie oor 'n duidelike, klinkbare beleid in verband met blanke immigrasie, soos die Arbeidersparty van Australië, beskik het nie.[60] So het hy dan ook in taamlik kru rassisme verklaar:

South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study, p. 338. Die persondersoekkommissie en De Villiers verklaar verkeerdelik dat die koerant in 1911 gestig is.

52 D.I. – Argief, file no. 118/13, Evening Chronicle: W.C. Thorpe – Minister of the Interior, 29.07.1914 (no. 9446).

53 Kyk L.E. Neame: *Today's News Today*, pp. 186 – 187.

54 Kyk bv. *The Evening Chronicle*, 12.07.1913, p. 4 (C. Tainton: The Strike As I See It); *Ibid.*, 26.06.1915, p. 4 ("C.F.T.": A General Election); *Ibid.*, 22.07.1915, p. 4 ("C.F.T.": Parties and the Election) en *Ibid.*, 29.07.1915, p. 4 ("C.F.T.": Big Business and the Election).

55 (SAB) MPY file no. T3274, The Transvaal Chronicle Ltd.: Summary of Share Capital and Shares of the Transvaal Chronicle Company, Limited, 11.02.1916; *Ibid.*, List of Persons holding Shares in the Transvaal Chronicle Company, Limited, 31.12.1915; *Braby's Transvaal & Rhodesia Directory, 1915*, p. 779; Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 – 1964, Vol. I, p. 184.

56 *The Evening Chronicle*, 11.10.1915, p. 1 (Our Editor); E. Rosenthal: *Today's News Today*, p. 175.

57 L.E. Neame: *Today's News Today*, p. 175. Kyk ook B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa. David Ivon Jones 1883 – 1924*, p. 117.

58 *The Evening Chronicle*, 20.01.1911, p. 4 (Hoofartikel).

59 Kyk *Ibid.*, 20.01.1911, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 23.01.1911, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 30.01.1911, p. 4 (Hoofartikel). Kyk ook B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 129.

60 *The Evening Chronicle*, 28.07.1915, p. 4 ("C.F.T.": Parties and the Election).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"...I believe in trying to make this a white man's country, because all history demonstrates that the white man is a better man than the black... When Mr. Creswell says that we ought to get more white men into South Africa, that fits my philosophy because the inferiority, cardinal, inherent and irremediable within a hunderd thousand years, of the black man, is the basic belief in my social and political scheme for the future of South Africa and her retention as a progressive integral unit of the British Empire... And the whole Labour Party of South Africa is also standing in direct antagonism to the black man in every effort it is making to keep the black man out of the trades and social life of the white man."[61]

The Evening Chronicle het volledige berigte geplaas oor Arbeiderspartyvergaderings,[62] toesprake van Arbeiderleiers soos Creswell *verbatim* gerapporteer[63] en by geleentheid selfs artikels van ***The Worker*** aangehaal.[64] ***The Evening Chronicle*** het hom ook sterk teen groot kapitaal, veral internasionale kapitalisme, uitgespreek[65] en het na mynkapitaal as "Sir Goldbug" verwys. Die blad het daarop gesinspeel dat mynkapitaal soos "Sir Goldbug" en 'n internasionale geldmag van Duitse en Joodse oorsprong, koerante soos ***The Cape Argus***, die ***Bloemfontein Post***, ***The Star***, die ***Bulawayo Chronicle***, die ***Salisbury Herald***, ***The Transvaal Leader***, die ***Sunday Post***, die ***Cape Times***, die ***Rand Daily Mail*** en die ***Sunday Times*** – die "*organs of...Money Power*" – beheer het.[66]

Vanaf ongeveer die middel van Augustus 1914 het 'n rubriek oor arbeideraangeleenthede en inligting aangaande die SAAP, "Labour Notes", gereeld in ***The Evening Chronicle*** begin verskyn[67] en dit was opmerklik dat die rubriek na die sluiting van ***The Worker*** aan die einde van Oktober 1914, feitlik daagliks in die ***Chronicle*** verskyn het. Hierdie rubriek is

---

61 *The Evening Chronicle*, 24.07.1915, p. 4 ("C.F.T.": Parties and the Election).

62 Kyk bv. *Ibid.*, 24.06.1915, p. 1 (Labour at Middelburg).

63 *Ibid.*, 10.07.1915, p. 4 (Mr Creswell).

64 *Ibid.*, 30.05.1913, p. 5 ("The Worker's" View).

65 *Ibid.*, 07.08.1913, p. 4 (Hoofartikel).

66 *Ibid.*, 24.07.1913, p. 4 (Black Friday); *Ibid.*, 21.08.1915, p. 2 ("C.F.T.": Big Business and the Election). Kyk ook *Ibid.*, 13.10.1915, p. 2 (Vote Britisch).

67 Kyk bv. *Ibid.*, 18.08.1914, p. 3 (Labour Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur ene "W.T.S." hanteer wat na alle waarskynlikheid W.T. Seccombe kon wees.[68] In 1913 het 'n ondersoekkomitee selfs by die administratiewe raad van die SAAP aanbeveel dat 'n bedrag van £6 000 tot £8 000 bekom moes word om 'n beherende aandeel in ***The Evening Chronicle*** te verkry.[69]

Tog was hierdie noue assosiasie van die ***Chronicle*** met die SAAP, wat die bestuur van die party betref, nooit 'n gelukkige een nie. Teen November 1914 was selfs ***The War on War Gazette*** van mening dat die rubriek "Labour Notes" "*...ought to have been officially disowned by the Party long ago*".[70] Tydens 'n vergadering van die uitvoerende komitee van die SAAP in Desember 1914, het die sekretaris daarop gewys dat die rubriek "Labour Notes" ongemagtigde inligting en opinies aangaande die party bevat het wat die skyn van amptelike goedkeuring voorgehou het. Daar is toe besluit om die redakteur van ***The Evening Chronicle*** te vesoek om dit in sy koerant te publiseer dat die inhoud van "Labour Notes" glad nie die amptelike standpunt van die SAAP weerspieël het nie.[71] In Februarie 1915 het "Labour Notes" weer by die uitvoerende komitee onder skoot gekom. Klaarblyklik het verdraaide verslae aangaande beslissings van die administratiewe raad van die SAAP in die rubriek verskyn. Gevolglik het die uitvoerende komitee 'n korrekte afskrif van die notule van die betrokke beslissings aan die koerant gestuur.[72] Daarby is dit opvallend dat ten spyte van die feit dat sekere lede van die SAAP in September 1915 redaksionale beheer oor ***The Evening Chronicle*** met die oog op die algemene verkiesing verkry het, daar nêrens enige amptelike kommentaar of goedkeuring van hierdie stap in die notules van die bestuur van die party te bespeur is nie. Buitendien was dit in daardie stadium nog steeds die ideaal van die partybestuur om die amptelike partymondstuk, ***The Worker***, te hervat sodra omstandighede dit sou toelaat.[73]

---

68 Kyk *The War on War Gazette*, 28.11.1914, p. 1 (More 'Labour Unrest') en *The Evening Chronicle*, 11.05.1915, p. 1 ("W.T.S.": Labour Notes).

69 (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of an Adjourned Meeting of the Administrative Council, 06.09.1913, p. 61. Kyk ook p. 107 hierbo.

70 *The War on War Gazette*, 28.11.1914, p. 1 (More 'Labour Unrest').

71 (JOB) SALP Collection, Minute Book 14, Minutes of the Executive Committee, 02.12.1914, pp. 270 – 271: Chronicle Labour Notes.

72 *Ibid.*, Minute Book 6, Minutes of the Executive Committee, 03.02.1915, p. 105; Evening Chronicle.

73 Kyk pp. 123 – 131 hierbo.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op Vrydag 17 September 1915 het die volgende kennisgewing bo-aan die hoofartikel van ***The Evening Chronicle*** verskyn:

> *"From Friday, September 17th, the Editorial Control of the 'Evening Chronicle' will be in the hands of a committee of gentleman who are members of the South African Labour Party, and who will, unofficially, support the Labour Programme during the Elections... This change has been made necessary owing to a considerable creditor – not connected with the Labour Party – pressing his claim against the Company."*[74]

Hierdie kennisgewing sou vir 'n tydperk van ongeveer twee maande, waarbinne ook die verkiesingsveldtog van die 1915–verkiesing geval het, tydens elke uitgawe bo-aan die hoofartikelkolom geplaas word.[75] Dit was waarskynlik ook na aanleiding van hierdie reëling dat Rosenthal en De Villiers die verkeerde aanname maak dat ***The Evening Chronicle*** 'n amptelike mondstuk van die Arbeidersparty was.[76]

Na aanleiding van 'n beskuldiging in 'n Randse weekblad, ***Truth***, waarin die Chronicle-komitee, bestaande uit Arbeiderlede, na bewering skuld van Tainton of die ***Chronicle*** oorgekoop het en dit op 'n oneervolle wyse misbruik het om sodoende beheer van die koerant te verkry, het ***The Evening Chronicle*** die volgende verduideliking gepubliseer: Aangesien 'n krediteur druk op The Transvaal Chronicle, Ltd.-maatskappy oor skuld uitgeoefen het, het Tainton, die besturende direkteur, adv. Percival F. Smith genader oor die moontlikheid om tydelik die redaksionele beheer van die ***Chronicle*** oor te neem. Smith het Haggar in September 1910 as algemene sekretaris van die SAAP opgevolg en was in die 1915-verkiesing 'n onsuksesvolle SAAP-kandidaat in die kiesafdeling Germiston. Daar is toe ooreengekom dat die blad, in ruil vir die betaling van 'n sekere bedrag (wat na alle waarskynlikheid 'n aflossing of verligting van die skuld was) vir 'n betaalde tydperk aan die Chronicle-komitee, bestaande uit lede van die SAAP, verhuur sou word. Voorts het die

---

[74] *The Evening Chronicle*, 17.09.1915, p. 4 (Notice to "Evening Chronicle" Readers). Kyk ook *Ibid.*, 24.09.1915, p. 5 (The "Chronicle" Committee and Mr. Tainton); *Ons Vaderland*, 21.09.1915, p. 2 en *The International*, 01.10.1915, p. 4 (Berig).

[75] Kyk uitgawes van *The Evening Chronicle* van 17.09.1915 tot 15.11.1915.

[76] Kyk L.E. Neame: *Today's News Today*, p. 175 en J. de Villiers: South African Community and its Newspapers – A Socio-Historical Study, p. 338.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
berig kategories verklaar dat nóg die SAAP, nóg enige van sy lede, enigsins die skuld van Tainton of die ***Chronicle*** probeer oorneem het ten einde druk op hulle uit te oefen vir die redaksionele beheer van die koerant. Die voorstel vir die redaksionele oorname het in die eerste plek van die direksie van The Transvaal Chronicle, Ltd. gekom en aangaande die agtergrond daarvan of die redes daarvoor het die Chronicle-komitee geen kennis gedra nie. Wat laasgenoemde betref, het hierdie verwikkelinge geensins die transaksie beïnvloed nie. Laastens het die berig verklaar dat die nuwe toedrag van sake prominent in die ***Chronicle*** geadverteer is sodat die leserspubliek na behore oor die oordrag ingelig kon word en daar geen sprake van enige valse voorwendsels kon wees nie.[77]

Gedurende die tydperk wat ***The Evening Chronicle*** onder die redaksionele beheer van die Chronicle-komitee gestaan het, was W.J. Wybergh, die oud-redakteur van ***The Worker***, ook die verantwoordelike redakteur van eersgenoemde.[78]

Gesien in die lig van sy eie dilemma van 'n gebrek aan 'n partyorgaan, ontbreek inligting uit die amptelike SAAP-notules of die partybestuur enigsins negatief of positief op hierdie opportunistiese meevaller vir die party gereageer het. 'n Notule van die uitvoerende komitee van die SAAP van 22 September 1915 toon wel dat 'n brief van P.M. van Leer[79] van Pretoria ontvang is waarin hy die komitee versoek het om reëlings te tref sodat eksemplare van ***The Evening Chronicle*** in Pretoria beskikbaar sou wees. Die brief is toe na Percival Smith verwys.[80] Die uitvoerende komitee het wel finansieel by die transaksie tussen die Chronicle-komitee en Tainton betrokke geraak. Na afloop van die tydperk wat die koerant onder die redaksionele beheer van die Chronicle-komitee gestaan het, het die uitvoerende komitee van die SAAP 'n brief van Smith ontvang. Daarvolgens was Smith

---

77 *The Evening Chronicle*, 24.09.1915, p. 5 (The "Chronicle" Committee and Mr Tainton). Kyk ook *Ibid.*, 28.09.1915, p. 4 (Hoofartikel) en (SAB) MPY file no. T3274, The Transvaal Chronicle Ltd.: C.F. Tainton – Registrar of Companies, 26.06.1916. I.v.m. Smith en die SAAP, kyk D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 442; *The Evening Chronicle*, 27.09.1915, p. 5 (Labour Notes) en *De Burger*, 21.10.1915, p. 6 (De Verhouding der Partijen). Ongelukkig kon geen verdere inligting aangaande die identiteit van die ander lede van die Chronicle-komitee, die aard van Tainton en die *Chronicle* se skuldprobleme, die transaksie van die Chronicle-komitee, of 'n eksemplaar van die *Truth*-berig opgespoor word nie.

78 *The Evening Chronicle*, 11.10.1915, p. 1 (Our Editor). Kyk ook *The Star*, 17.11.1915, p. 6 (Hoofartikel).

79 B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910 – 1976*, p. 90.

80 (JOB) SALP Collection, Minute Book 6, Minutes of the Executive Committee, 22.09.1915, p. 430: re Supplies of Evening Chronicle.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
klaarblyklik die aanspreeklike regspersoon namens die onmiddellike borge (die lede van die Chronicle-komitee) vir die koerant se skuld en as aanspreeklike regspersoon moes hy vir 'n las van £163 14s, wat die borge nog moes betaal, instaan. Gevolglik het die uitvoerende komitee besluit om druk op die ander borge uit te oefen om onmiddellik ook húlle aanspreeklikheid ten opsigte van die skuld na te kom. Verder het die komitee finansiële steun van £50 uit die SAAP se parlementêre verkiesingsfonds aan Smith goedgekeur sodat hy sy skuldverpligtinge kon nakom.[81]

'n Instansie wat geen geheim gemaak het van sy afkeur aan die ooreenkoms aangaande die verhuring van die redaksionele beheer van ***The Evening Chronicle*** aan lede van die SAAP nie, was ***The Star***. Van September 1915 af het ***The Star*** in hoofartikels en in die rubriek "The Unionist Gazette" verkeerdelik gesuggereer dat ***The Evening Chronicle*** die taak as amptelike mondstuk van die SAAP oorgeneem het. Hierdie aantygings, waarvan 'n soortgelyke weergawe in ***The Eastern Record*** in September 1914 verskyn het, is na alle waarskynlikheid met die oog op die naderende algemene verkiesing van Oktober 1915 gemaak sodat die Unioniste Party, wat deur ***The Star*** gesteun is, daaruit munt kon slaan. ***The Star*** het onder andere sarkasties na die "Labour Chronicle" verwys en gesê dat ***The Evening Chronicle*** gereeld aankondigings in verband met die bedrywighede van die Arbeidersparty gedoen het. ***The Evening Chronicle*** is verder daarvan beskuldig dat hy 'n beperkte visie gehad het en partydige beriggewing ten gunste van die Arbeidersparty en ten koste van die Unioniste Party gepubliseer het.[82]

Ene "V.S", een van die skrywers van ***The Star*** se "The Unionist Gazette"-rubriek, het byvoorbeeld onomwonde beweer dat "*...this 'Chronicle' newspaper...is bought and sold to*

---

[81] (JOB) SALP Collection, Minute Book 6, Minutes of the Executive Committee, 17.11.1915, p. 488: Evening Chronicle Guarantee. Kyk ook *Ibid.*, Minutes of the Executive Committee, 08.12.1915, pp. 495 – 496: Evening Chronicle and Mr Percival F. Smith.

[82] Kyk *The Star*, 24.09.1915, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 28.09.1915, p. 12 ("V.S.": The Unionist Gazette); *Ibid.*, 29.09.1915, p. 6 (Hoofartikel), en p. 12 ("V.S.": The Unionist Gazette); *Ibid.*, 30.09.1915, p. 12 ("V.S.": The Unionist Gazette); *Ibid.*, 02.10.1915, p. 12 (The Unionist Gazette); *Ibid.*, 06.10.1915, p. 6 (Hoofartikel), en p. 12 ("V.S.": The Unionist Gazette); *Ibid.*, 07.10.1915, p. 12 (The Unionist Gazette); *Ibid.*, 12.10.1915, p. 14 (The Unionist Gazette); *Ibid.*, 14.10.1915, p. 4 (Hoofartikel), en p. 14 (The Unionist Gazette); *Ibid.*, 15.10.1915, p. 14 ("V.S.": The Unionist Gazette); *Ibid.*, 28.10.1915, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 04.11.1915, p. 8 (Notes and Comments); *The Eastern Record*, 19.09.1914, p. 17 (General Pars).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
the highest bidder, sold in Johannesburg to the Labour Party...".[83] "V.S." was ook baie sarkasties in sy aantygings:

> "*Ah! you hired organ of the Labour Party, not even bought, only hired to suit the purpose of a moment. You, 'Evening Chronicle' that dares to pronounce the sentence upon the Unionist Party... The 'Evening Chronicle' commenced in very sober vain to advocate the cause of Labour.*"[84]

In 'n ander uitgawe van ***The Star*** het "The Unionist Gazette" verwys na "*The Evening Chronicle', which sold itself quite lately to the Labour Party*",[85] terwyl eersgenoemde ook 'n brief van C. Clingman aangehaal het waarin hy onder andere beweer het: "*The 'Evening Chronicle'...now claims to be the official organ of the SALP...*"[86].

The Evening Chronicle het ook gedurig aanvalle op die ISL-lede, wat van die SAAP af weggebreek het, geloods en hulle onder andere as "War on War fanatics", "War on War cranks", "apostles of peace" en "seditious mongers" uitgekryt.[87]

Dis is opvallend dat beriggewing rakende SAAP-aangeleenthede, veral verkiesingsaangeleenthede, aansienlik meer in volume en tempo in ***The Evening Chronicle*** verskyn het nadat die koerant se redaksionele beheer deur die Chronicle-komitee van Arbeidergesinde persone oorgeneem is. Soos voor die oorname is Arbeidersprekers se toesprake baie volledig en breedvoerig gepubliseer.[88] Met die redaksionele oorname is die SAAP in die hoofartikel van die koerant ook voorgehou as die enigste betroubare politieke

---

83 *The Star*, 12.10.1915, p. 14 ("V.S.": The Unionist Gazette).

84 *Ibid.*, 15.10.1915, p. 14 ("V.S.": The Unionist Gazette).

85 *Ibid.*, 14.10.1915, p. 14 (The Unionist Gazette).

86 *Ibid.*, 29.09.1915, p. 10 (C. Clingman: Labour Party and Jews). Kyk ook *Ibid.*, 06.10.1915, p. 4 ("International Socialist": Scrapping its Principles).

87 Kyk *The Evening Chronicle*, 21.09.1915 p. 5 (Labour Party and the War-on-Warites); *Ibid.*, 23.09.1915, p. 4 (Exit War-on-War) en p. 5 (The Internationalists); *Ibid.*, 24.09.1915, p. 4 (International League); *Ibid.*, 12.10.1915, p. 5 (Those Expulsions); *Ibid.*, 26.10.1915, p. 3 (Labour Notes); *Ibid.*, 28.10.1915, p. 3 (Labour Notes); *Ibid.*, 01.11.1915, p. 3 (Labour Notes). Kyk ook *The International*, 29.10.1915, p. 4 (More Deportations).

88 Vgl. bv. die uitgawe van *The Evening Chronicle* van 16.09.1915 (voor oorname) met dié van 24.09.1915 (na oorname).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

party.[89] Onder Arbeidergesinde beheer het ***The Evening Chronicle*** sy afkeurende houding teenoor nie-blanke-arbeid voortgesit en werkreservering vir en die uitbouing van 'n blanke werkerskorps bly bepleit:

> "*Unless this country can be made one which will support a large white working population, that is to say a population which actually does the work with its own hands, there will be no South African nation, or if there is, it will be a Kafir nation more or less ill-governed, and more or less exploited by 'foreign adventurers'... The one fundamental problem in South Africa, therefore, if we are to have a white nation at all, is to secure a large white working population...*"[90]

The Evening Chronicle het ook daarop gewys dat dit die Arbeidersparty was wat die hardste vir wetgewing in die parlement geveg het ten einde gesondheidstoestande in die myne te verbeter om myntering te bekamp.[91] Daarby het die blad die Unioniste Party daarvan beskuldig dat dit wetgewing, om myntering as 'n beroepsiekte te verklaar sodat slagoffers volgens wet daarvoor gekompenseer kon word, so lank as moontlik teengestaan het.[92]

Onder die nuwe redaksionele beheer het die ***Chronicle*** sy aanvalle van vroeër op internasionale kapitalisme, of "cosmopolitan finance", soos dit ook soms vernoem is, voortgesit. Daar is byvoorbeeld beweer dat die "kosmopolitaans-beheerde pers", of "Corner House Press", aan die kant van die Unioniste Party teen die Arbeidersparty gebruik is en dat eersgenoemde party die politieke vleuel van internasionale kapitalisme was.[93] Ten einde die beweerde samewerking van internasionale kapitalisme te illustreer, het die ***Chronicle*** 'n spotprent gepubliseer wat die Suid-Afrikaanse parlement uitgebeeld het. Bokant die "Parliament Buildings" het die Britse Union Jack gehang. In die vensters van

---

89 *The Evening Chronicle*, 17.09.1915, p. 4 (Hoofartikel).

90 *Ibid.*, 28.10.1915, p. 2 (Hoofartikel).

91 *Ibid.*, 20.09.1915, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 06.11.1915, p. 4 (Hoofartikel).

92 *Ibid.*, 05.10.1915, p. 4 (The Unionist Big Gun).

93 Kyk bv. *Ibid.*, 02.10.1915, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 09.10.1915, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 12.10.1915, p. 5 ("Senex": Blind Leaders of the Blind); *Ibid.*, 14.10.1915, p. 5 (Election Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
die gebou is sir Thomas Smartt en die Unioniste Party, genls. Botha en Smuts en die SAP, genl. Hertzog en die NP, asook die Kamer van Mynwese en die "Deutsche Bank" uitgebeeld. Voor die gebou het 'n koerantverkoper van die ***Chronicle*** verbygehardloop met die volgende opskrif: "*British Gold in Germany*".[94]

In die lig van die blad se steun aan die amptelike pro-oorlog-standpunt van die SAAP ten gunste van die Britse oorlogspoging, het ***The Evening Chronicle*** ook gepoog om internasionale kapitalisme as sinoniem met Duitse kapitalisme voor te stel.[95] In dieselfde trant is beweer dat die meeste aandeelhouers van die Cape Times Ltd.-maatskappy verangliseerde Duitsers was. Daar is gesuggereer dat die hoofaandeelhouers van die Argus-maatskappy, wat ***The Star*** beheer het, van "kosmopolitaanse", nie-Britse herkoms was en dat van die 100 000 aandele van hierdie maatskappy, 71 350 in die besit van die "*Corner House and its Kosmopolitan Kindred*" was.[96] Oor laasgenoemde is die volgende kommentaar gelewer:

> "*Their friends have paid during the last six months* [van 1915] *Rand mining dividends at Zurich, in neutral Switzerland, which is open to Huns* [Duitsers]."[97]

The International het hierdie standpunt egter as die gevaarlike opsweping van anti-Duitse gevoelens en as "smeerjoernalistiek" sterk veroordeel. Die blad was ook van mening dat die redakteur van ***The Evening Chronicle*** in die belang van openbare orde opgesluit moes word.[98]

Ten opsigte van ***The Star***, wat ***The Evening Chronicle*** so smalend uitgekryt het as 'n huurling van die SAAP, het laasgenoemde koerant ook teruggekap. Die ***Chronicle*** het na

---

[94] *The Evening Chronicle*, 18.10.1915, p. 6 (Spotprent).

[95] *Ibid.*, 01.10.1915, p. 4 (Hoofartikel).

[96] *Ibid.*, 13.10.1915, p. 2 (Vote "Britisch"); *Ibid.*, 16.10.1915, p. 5 (Labour's Big Rally); *Ibid.*, 20.10.1915, p. 5 (Labour at the Cape).

[97] *Ibid.*, 13.10.1915, p. 2 (Vote "Britisch").

[98] *The International*, 03.12.1915, p. 2 (The Epidemic Spreads). Kyk ook *Ibid.*, 10.12.1915, p. 3 (The British Citizens); *Ibid.*, 21.01.1916, p. 1 (On the Altar of Mammon); en *Ibid.*, 28.01.1916, p. 2 (Wall Street Dominates the World).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The Star verwys as "*the local evening organ of Kosmopolitan Kapital*" en "*the Central Mining and Investment Corporation's organ*". Voorts het Wybergh die volgende kommentaar aangaande ***The Star*** in 'n hoofartikel gelewer:

> "*...we know how reluctant it is to publish any correspondence which gives vent to facts and opinions not favourable to the Big Business Bosses and their allies. The editorial principle of the 'Evening Chronicle', however, is to publish freely and impartially the views of anyone who cares to write to us, so far as our limited space and the law of defamation will permit.*"[99]

Ten einde die huur van die redaksionele beheer oor ***The Evening Chronicle*** te finansier, het die Chronicle-borge se "Labour press"-komitee, onder leiding van Percival Smith, 'n "Labour Press Campaign Fund" van stapel gestuur. Lesers is gevra om bydraes te maak en Arbeiderkandidate van die 1915-verkiesingsveldtog en taksekretarisse van vakbonde is versoek om kollektes tydens hulle vergaderings vir die fonds op te neem. Klaarblyklik is die permanente beheer van die koerant deur Arbeidergesinde persone daarmee in die vooruitsig gestel. Alhoewel bekende Arbeiderleiers soos J.J. Ware en Peter Whiteside bydraes tot die fonds gemaak het en daar selfs 'n aantal kollektekaartjies gedruk is, het die fondsinsamelingspoging egter min reaksie uitgelok.[100] Aan die einde van die ***Chronicle*** se verhuringstydperk is slegs £60 5s 6d geïn en kollekteerders is versoek om hulle kollektes en kollektekaartjies aan Smith terug te stuur sodat die skuld van die Arbeiderpersveldtog betaal kon word. Die veldtog is onder meer met die volgende woorde afgesluit:

> "*Those who have helped in this educative campaign we thank. They should not be discouraged. Though the time has not come for the Labour movement in South Africa to have daily an opportunity of educating and informing the public through its own Press, that day will come. It rests upon the people to decide when that day shall dawn. The little response which the public has made to our appeal shows that it is not yet, and not likely to be soon.*"[101]

---

[99] *The Evening Chronicle*, 29.10.1915, p. 4 (Hoofartikel).

[100] *Ibid.*, 15.10.1915, p. 5 (Labour Press Campaign Fund); *Ibid.*, 16.10.1915, p. 6 (Labour Press Campaign Fund); *Ibid.*, 28.10.1915, p. 2 (Labour Press Campaign Fund).

[101] *Ibid.*, 15.11.1915, p. 5 (Labour Press Campaign Fund).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Met die uitgawe van 15 November 1915 het die ooreenkoms aangaande die redaksionele beheer van ***The Evening Chronicle*** deur die Arbeidergesinde Chronicle-komitee verstryk.[102] Die subtitel op die koerant se voorblad het met daardie uitgawe nog "The Pioneer Penny Paper of the Transvaal" geheet,[103] maar vanaf die volgende dag se uitgawe is dit verander na "The Only Independent Daily on the Rand". Dit is ook opvallend dat artikels oor arbeideraangeleenthede vanaf die uitgawe van 16 November 1915 feitlik heeltemal uit die kolomme van die koerant verdwyn het.[104] Die nuwe eienaars van die blad was The Free Press, Limited-maatskappy, met J.J. Furze, C. Hewitt, G.S. Persse en H.H. Beamish as direkteure. Hewitt was ook die bestuurder en sekretaris terwyl F.C. Donovan die nuwe redakteur was.[105]

In die uiteensetting van die nuwe redaksionele beleid, wat baie met temas in die Arbeiderpolitiek ooreengestem het, is onder meer verklaar dat die redaksie moeg was van die kruipende Johannesburgse marionette-pers van die finansiële base. Die lede van die nuwe maatskappy was diep bekommerd oor die koerantsituasie in Johannesburg waar die vryhede van die Grondwet glo in die hande van ryk enkelinge met verreikende magte gekonsentreer was. Hierdie geldmaginvloed in die joernalistiek, en die beheer van die groot dagblaaie van Johannesburg in die hande van finansiële belange soos Hoggenheimer, was voglens die hoofartikel nie altyd in die belang van Suid-Afrika nie. Die regering was stilswyend oor die "Duitse bedreiging" in Suid-Afrika en het versuim om Britse belange en handel in die land na behore te beskerm. ***The Evening Chronicle*** sou voortaan Britse belange "in die ware sin van die woord" beskerm. Die blad sou ook die euwels van internasionale kapitalisme en internasionale sosialisme beveg. Dit sou poog om 'n nasionale bewussyn, gees en trots op te bou sodat Suid-Afrika deur Suid-Afrikaners regeer sou word en sodat die land se lotsbestemming nie vanuit Park Lane gedikteer sou word

---

[102] *The Evening Chronicle*, 15.11.1915, p. 5 (Notice to our Readers).

[103] *Ibid.*, 15.11.1915, p. 1.

[104] Kyk die uitgawe van *The Evening Chronicle* van 16.11.1915.

[105] D.I. – Argief, file no. 118/13, Evening Chronicle: C. Hewitt – Secretary for the Interior, 19.11.1915 (no. 10/34628). Kyk ook (SAB) MPY file no. T3274, The Transvaal Chronicle Ltd.: C.F. Tainton – Registrar of Companies, 11.11.1915.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie.[106] Die volgende kennisgewing is saam met die beleidsverklaring van die hoofartikel gepubliseer:

> *"The 'Evening Chronicle' is now controlled by The Free Press, Limited, a Company consisting of Transvaal Citizens who desire to foster the growth of a national spirit among the citizens of the Union, while ensuring that South Africa shall remain a British Dominion in fact as well as in name, and who wish to urge on the Government and the people the necessity of advancing such measures as will ensure the attainment of these ends."*[107]

In sý laaste hoofartikel as redakteur van ***The Evening Chronicle*** in die uitgawe van 15 November 1915, het 'n teleurgestelde en ietwat bitter W. Wybergh onder andere die volgende kwytgeraak:

> *"The arrangement by which the management and control of the 'Evening Chronicle' was carried on by a committee of the Labour Party terminates to-day, and henceforward the Labour Party will be unrepresented in the Press of South Africa. The Labour Party appears to be the only one which is unable to recognise the importance and even the indispensability of a newspaper. The influence of the Press is theoretically acknowledged by eveyone, but when it comes to the practical question of establishing and maintaining a Labour organ, it seems impossible to interest people in it. Yet the unscrupulous and dastardly campaign of lies carried on almost without exception by all the newspapers owned or controlled by the anti-Labour parties during the month or two preceding the elections should, one would suppose, have succeeded, if anything could succeed, in convincing labour men of the enormous handicap which the control of the Press represents. Nevertheless, the response to the appeal which has been made to make possible the permanent establishment of one single newspaper in which the Labour point of view can be started and the work of the Party and the activities of its members be given proper publicity*

---

[106] *The Evening Chronicle*, 16.11.1915, p. 4 (Hoofartikel).

[107] *Ibid.*, p. 4 (Notice).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

and weight, has been so meagre that all ideas in that direction have had to be abandoned. That the Party will suffer most severely in the future for this slackners, or stinginess, or stupidity, whichever of them is the cause of the failure, is absolutely certain."[108]

Alhoewel die verbintenis tussen ***The Evening Chronicle*** en die SAAP tydens die duur daarvan in omstredenheid gehul was, het daar tog 'n aantal jare nadat hierdie verbintenis reeds verbreek was, 'n goeie getuigskrif oor die blad en Tainton in ***The Labour World*** deur 'n korrespondent van laasgenoemde verskyn:

"*...Some people evidently do not like the 'Evening Chronicle' which did so much to expose the dark ways of Big Finance and whose fearless attacks on the real enemies of South Africa and of the Empire will not be readily forgotten. But to accuse the 'Chronicle' of being a Labour organ is to wilfully pervert the truth, for most people will remember the vigorous criticisms in its columns of Labour methods and objects when occasion required such a course of action. Anyone associated with the 'Chronicle' and its capable head will resent any loose statements of the kind which have recently been published in the Press of South Africa. If ever there was a paper in South Africa which had a clear perception of the inwardness of things it was the 'Evening Chronicle' and if ever there was a man who had the courage to give to the world in an arresting and capable manner a set of facts and arguments concerning the shameful exploitation of this country by the cosmopolitan financier, that man was Mr. Cliff Tainton... And it might be well at this time to remember that the 'Chronicle' was the one paper which told us in no uncertain way that many of our mines had served their purpose of usefulness and would put up their shutters within a few years – while it was the 'Chronicle' which implored the people of South Africa to look to something more permanent and satisfying than played out gold mines if it was to maintain its place in the affairs of the world...*"[109]

---

[108] *The Evening Chronicle*, 15.11.1915, p. 4 (W. Wybergh: Farewell!). Kyk ook *The Star*, 17.11.1915, p. 6 (Hoofartikel).

[109] *The Labour World*, 12.06.1920, p. 3 (The "Evening Chronicle").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 *THE LABOUR WORLD*

Ten spyte van die mislukking van die moedige pogings om die publikasie van ***The Worker*** te hervat, die verlies van ***The Eastern Record*** as arbeidermondstuk, en die mislukte pogings om permanente redaksionele beheer oor ***The Evening Chronicle*** te bekom, het die ideaal om 'n koerant te stig wat as mondstuk vir arbeideraangeleenthede in die algemeen kon dien, steeds lede van die SAAP tot aksie aangespoor.

Op 24 Mei 1918 het die eerste uitgawe van 'n nuwe arbeiderkoerant, ***The Labour World***, met die buitebladsubtitel, "A Journal Circulated Throughout South Africa", in Johannesburg verskyn.[110] Vanaf Oktober 1919 is die hooftitel op die buiteblad van die koerant aangepas na ***The (South African) Labour World***,[111] heelwaarskynlik om verwarring te vermy met 'n oorsese publikasie wat moontlik 'n gelykluidende titel kon hê. Die eienaar, bestuurder en redakteur van ***The Labour World*** was J.H.S. Gow, wat teen die einde van die eerste dekade ná Uniewording 'n prominente figuur in die SAAP was.[112] Die blad is deur die firma G.M. Horne van Johannesburg gedruk en deur die CNA gepubliseer.[113]

Alhoewel geen biografiese besonderhede oor sy vroeëre lewe bekend is nie, blyk dit dat John Henry Scott Gow in 1915 tot die partybestuur van die SAAP verkies is. Van 1917 tot 1918 was hy 'n Arbeiderlid van die Johannesburgse stadsraad en het ook op die stad se hospitaalraad gedien. Alhoewel hy 'n onsuksesvolle kandidaat vir die kiesafdeling Troyeville in die Transvaalse provinsiale raadsverkiesing van 1917 was, het hy die kiesafdeling Siemert in 'n tussenverkiesing vir dieselfde raad in 1918 as SAAP-kandidaat verower. Van 1916 tot 1918 was hy die waarnemende algemene sekretaris van die uitvoerende komitee van die SAAP. In 1919 is hy verkies tot die nasionale raad van die

---

[110] *The Labour World*, 24.05.1918, p. 1; J.C. Coetzee: *South African Newspapers on Microfilm*, p. 41.

[111] *The Labour World*, 04.10.1919, p. 1.

[112] D.I. – Argief, file no. 187/13, The Labour World: Acting Under Secretary for the Interior – J.H. Gow, 26.06.1918 (no. 2/187/13); *Ibid.*, Extract from Newspaper Register, 07.06.1918; *Ibid.*, Acting Under Secretary for the Interior – J.H. Gow, 13/06/1918 (no. 2/187/13); *The Labour World*, 19.07.1918, p. 5 (Industrial Reconstruction).

[113] D.I. – Argief, file no. 187/13, The Labour World: Extract from Newspaper Register, 07.06.1918; J.C. Coetzee: *South African Newspapers on Microfilm*, p. 42.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

party en het in dieselfde jaar ook as voorsitter van hierdie raad waargeneem. In die algemene verkiesing van 1920 het Gow die kiesafdeling Commissionerstraat vir die Arbeidersparty verower, maar dit weer tydens die algemene verkiesing van 1921 aan die SAP afgestaan. Gow was ook 'n lid van die Amalgamated Society of Carpenters and Joiners.[114]

Volgens ***The International*** het Gow aangaande die totstandkoming van ***The Labour World*** verklaar:

> "*...as a result of the often expressed desire of members and supporters of the* [Labour] *Party on the need of a Labour paper in South Africa...*[I have] *undertaken, with the help of some co-workers in the Party, to produce a free and independent Labour Paper... I hope and intend that it will maintain an enduring position in the Labour Press by a clean and fearless policy.*"[115]

The Labour World was 'n weekblad wat op Saterdae verskyn het. Jaarlikse inskrywingsgelde was 10s 6d, of 5s 6d halfjaarliks en posvry, terwyl die koerant teen 2d per eksemplaar verkoop is.[116] Dit was by die hoofposkantoor as nuusblad geregisteer en het ook die SATU-stempel gedra.[117] Alhoewel die sirkulasiesyfer van die blad nie vasgestel

---

[114] (JOB) SALP Collection, Minute Book 2, Minutes of the Executive Committee, 27.11.1918, p. 167; *Ibid.*, Minute Book 3, Notice of Administrative Council Meeting, 18.05.1916, p. 383; *Ibid.*, Minute Book 13, SALP First Meeting of the Newly Elected National Council of the Party, 19.01.1919, p. 117; *The Labour World*, 20.09.1918, p. 8 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 18.10.1918, p. 7 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 25.10.1918, p. 10 (Transvaal Provincial Council); *Ibid.*, 08.11.1918, p. 4 (Siemert Bye-Election); *Ibid.*, 17.01.1919, p. 4 (SA Labour Party); *De Burger*, 30.08.1915, p. 6 (De Arbeiders Partij); *Ibid.*, 22.06.1917, p. 5 (Prov. Raadsverkiezingen, Transvaal); *Ibid.*, 12.03.1920, p. 5 (Die Volksraadverkiesinge); *Ibid.*, 16.03.1920, p. 5 (Lede van die nuwe parlement); *Ibid.*, 16.02.1921, p. 6 (Volksraadsverkiesing, 1921); *The International*, 03.08.1917, p. 1 (Stockholm Congress Dominates Europe); *Ibid.*, 10.05.1918, p. 3 (Berig); T. Boydell: "*My Luck Was In*", pp. 97 (foto), 165; B.M. Schoeman: *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910 – 1976*, pp. 81, 110; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 235; I.L. Walker and B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 322; M.P.A. Malan en M.C. van Rensburg: *Verkiesingsuitslae 1910 – 1943*, p. 61; *South African Who's Who 1921 – 22*, p. 78; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 79. Kyk ook B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part XVI (*Forward*, 04.02.1944, p. 5).

[115] *The International*, 10.05.1918, p. 3 (Berig).

[116] *The Labour World*, 24.05.1918, voorblad en p. 3; *Ibid.*, 26.06.1920, p. 10 (Subscription Form); *The International*, 10.05.1918, p. 3 (Berig).

[117] Kyk *The Labour World*, 04.10.1919 (Voorblad).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
kon word nie, het ***The Labour World*** in die uitgawe van sy eerste verjaardag selfvoldaan oor sy sukses en finansiële onafhanklikheid gespog:

> "*...Modestly the test was made whether there was room for such a publication, and the people have answered the question in the most practical way by buying it from week to week, and so helping the management on the rugged pathway of success. The venture has proved successful on its merits... There has been no need, as there has been no inclination to go knocking at the doors of Big Finance for that assistance which is usually forthcoming when due subservience is tendered, and humility is observed. Of course THE LABOUR WORLD does not look to such quarters either for inspiration or support. Its attitude towards the magnates, and their trusts, has been one of fearless and frank criticism, as it will continue to be. We owe them nothing – not even the right to live... Our possibilities to serve are bounded by the measure of success realised, and as this latter increases so it is hoped to expand our usefulness in the cause of Labour.*"[118]

Daar is klaarblyklik selfs aan die oorlogsfront in Frankryk tydens die Eerste Wêreldoorlog kennis geneem van ***The Labour World***.[119] In ooreenstemming met die blad se subtitel, "A Labour Paper Circulated Throughout the Union of South Africa",[120] het die redaksie teen September 1919 verklaar dat dit wenslik was dat die koerant meer oordeelkundig en effektief dwarsdeur die Unie van Suid-Afrika versprei moes word. Lesers is aangemoedig om met 'n verskeidenheid metodes vorendag te kom oor hoe hierdie ideaal suksesvol uitgevoer kon word.[121] In die uitgawe met die oog op die blad se derde verjaardag is verklaar dat ***The Labour World*** intekenaars vanaf die Belgiese Kongo tot in Kaapstad gehad het en dat "*...this paper confidently appeals for a full measure of support from all sectors of the community and especially from the commercial section who will find us in homes which other papers never reach*".[122]

---

[118] *The Labour World*, 24.05.1919, p. 4 ("Many Happy Returns").

[119] Kyk *Ibid.*, 06.12.1918, p. 7 ("Doughty": Action Necessary).

[120] *Ibid.*, 07.06.1918, p. 5 (The Labour World).

[121] *Ibid.*, 20.09.1919, g.p. (To Readers). Kyk ook *Ibid.*, 25.10.1919, g.p. (To Readers).

[122] *Ibid.*, 22.05.1920, p. 6 (Our Birthday).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die koerant se klaarblyklik finansiële sukses moes grotendeels ook aan advertensies te danke gewees het, waarvan ruimskoots gebruik gemaak is. Dit was ten spyte van die feit dat artikels oor sosialisme,[123] pro-sosialistiese en anti-kapitalistiese slagspreuke soos die volgende gepubliseer is:

> "*If Socialism is wrong it will defeat itself, but if it is right you cannot stop it. The sensible thing for you to do is to study Socialism, and find out for yourself whether it is wrong or right*";
>
> en:
>
> "*The class war will continue as long as there is a small class that owns all the industries while the masses are left propertyless, breadless, and hopeless*";
>
> en:
>
> "*The worker handles but one weapon that the capitalist is afraid of. That weapon is the ballot*";
>
> en:
>
> "*What will Socialism do for you? It won't do anything for you. But it will give you an opportunity to do for yourself the things you would like to do for yourself now but cannot, because the present system of making things for profit instead of use won't let you*";
>
> en:
>
> "*Instead of all the people being the servants of the Government under Socialism, as those opposing Socialism would have you believe, the Government will be the servant of the people*";
>
> en:
>
> "*Every able-bodied man is a producer or actually useful in some way to the producer. That is the demand of Socialism.*"[124]

---

[123] *The Labour World*, 30.08.1919, p. 5 (W.H. Jones: Modern Socialism); *Ibid.*, 13.09.1919, p. 5 (W.H. Jones: Modern Socialism).

[124] Kyk *Ibid.*, 14.06.1918, p. 9; 28.06.1918, p. 11; 05.07.1918, pp. 5, 10, 12 en 12.07.1918, p. 6, onderskeidelik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daarteenoor is lesers van ***The Labour World*** versoek om firmas wat in die blad adverteer het, te ondersteun en sodoende die koerant ook as advertensiemedium uit te dra.[125] Voorts is verklaar dat adverteerders wat met ***The Labour World*** sake gedoen het, ook met die lesers sake wou doen en dat bouverenigings wat in hierdie koerant adverteer het werkers graag wou help om hulle eie huise te bekom.[126] Die "versoening" tussen kapitalistiese advertensies en arbeid is treffend geïllusteer deur 'n advertensie vir Picardie Brandewyn, wat verklaar het dat beide groepe oor die voortreflikhede van die produk saamgestem het.[127] Die advertensietrefwydte van ***The Labour World*** vir sakelui is onder andere soos volg beskryf:

> "*...The Labour World circulates amongst the masses in the great field of labour, and it can logically be expected to bring you further business and ensuring increased profits, therefore get into its columns at once and share the benefit of its popularity.*"[128]

Wat die koerant se beleidstandpunte teenoor die SAAP betref, het ***The Labour World*** in 'n ambivalente posisie verkeer. Die koerant se binnebladsubtitel was aanvanklik "An Unofficial Labour Paper for South Africa...", en die redakteur het 'n uitnodiging aan lesers gerig om briewe en oorspronklike artikels oor enige arbeideraangeleenthede in te stuur.[129] Die blad het 'n ferm standpunt teen die SAP, die NP en die Unioniste ingeneem en was van mening dat die tradisionele dag- en weekpers al hulle aandag by die verskille tussen hierdie drie partye bepaal het. ***The Labour World*** sou egter die onopregtheid daarvan uitwys en die "ware behoeftes en belange" van die land bevorder. Voorts is verklaar:

> "*Few will gainsay the need for an organ which, although not the official mouthpiece of the South African Labour Party, will interpret current events in the light of the labour principles and will deal with South African questions from a point of view other than that of the daily, and to an only slightly lesser*

---

[125] *The Labour World*, 31.05.1918, p. 3 (Kennisgewing); *Ibid.*, 12.07.1918, p. 9 (Note to Readers); *Ibid.*, 23.08.1918, p. 9 (Note to Readers).

[126] Kyk *Ibid.*, 27.09.1919, p. 3 (No More Money), p. 4 (Advertensie) en g.p. (Kennisgewing), onderskeidelik.

[127] *Ibid.*, 12.07.1919, p. 3 (Advertensie).

[128] *Ibid.*, 01.05.1920, g.p. (Profits in Business).

[129] Kyk *Ibid.*, 24.05.1918, p. 3; J.C. Coetzee: *South African Newspapers on Microfilm*, p. 42.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

degree of the weekly press of this country, with the notable exception of the 'South African Review'."[130]

Alhoewel daar dus nêrens in die blad amptelik redaksionele ondersteuning vir die SAAP uitgespreek is nie, was ***The Labour World*** se assosiasie met en steun aan die party, egter baie duidelik. Reeds 'n maand voor die geboorte van die blad het Gow 'n vergadering van die uitvoerende komitee van die SAAP, waarvan hy die waarnemende algemene sekretaris was, meegedeel dat hy beoog het om 'n arbeiderkoerant uit te gee. Hy het die hulp en ondersteuning van die lede van die uitvoerende komitee in hierdie verband versoek en gevolglik het hulle die hoop uitgespreek dat die blad 'n sukses sou wees.[131] Ook Creswell, die Arbeidersparty se parlementêre leier, het ***The Labour World*** in 'n artikel in die eerste uitgawe 'n lang en voorspoedige toekoms toegewens. Hy het gewys op die groot waarde van 'n weekblad wat vreesloos en eerlik openbare kwessies in openbare belang, en onbelemmerd deur die kapitalistiese pers, kon bespreek.[132]

Artikels deur ander prominente en parlementêre lede van die SAAP het gereeld op die bladsye van ***The Labour World*** verskyn. So het Thomas Boydell 'n hele aantal artikels oor die parlementêre sitting, oor werker- en vakbondaangeleenthede in Durban en oor die wanpraktyke van winsbejagdheid in die sakewêreld ten koste van die arbeiders geskryf.[133] Artikels deur Arbeiderleiers soos Morris Kentridge oor die SAAP se arbeidbeleid in die Johannesburgse stadsraad en J.J. Ware oor munisipale en vakbondaangeleenthede in Australië, het ook van tyd tot tyd verskyn.[134] Oor die optredes van Arbeiderparlementslede

---

130 J.C. Coetzee: *South African Newspapers on Microfilm*, p. 42; *The Labour World*, 24.05.1918, p. 3. I.v.m. *The South African Review*, kyk pp. 198 – 199 hieronder.

131 (JOB) SALP Collection, Minute Book 2, Minutes of a Special Meeting of the Executive Committee, 17.04.1918, p. 145.

132 *The Labour World*, 24.05.1918, p. 5 ("F.H.P.C.": Good Luck!).

133 *Ibid.*, 24.05.1918, p. 6 (T. Boydell: The Parliamentary Session); *Ibid.*, 07.06.1918, p. 6 (T. Boydell: Industrialism in Durban); *Ibid.*, 05.04.1919, p. 9 (T. Boydell: Memorandum to Profits Report); *Ibid.*, 12.04.1919, pp. 6 – 7 (T. Boydell: Memorandum to Profits Report); *Ibid.*, 26.04.1919, p. 9 (T. Boydell: Memorandum to Profits Report); *Ibid.*, 03.05.1919, p. 9 (T. Boydell: Memorandum to Profits Report); *Ibid.*, 10.05.1919, p. 6 (T. Boydell: Memorandum to Profits Report); *Ibid.*,17.05.1919, p. 6 (T. Boydell: Memorandum to Profits Report); *Ibid.*, 24.05.1919, p. 7 (T. Boydell: Memorandum to Profits Report); *Ibid.*, 31.05.1919, p. 6 (T. Boydell: Memorandum to Profits Report).

134 Kyk *Ibid.*, 26.07.1918, p. 6 (M. Kentridge: The Council's Labour Policy); *Ibid.*, 13.09.1918, p. 4 (J.J. Ware: Municipal Progress' in Australia) en *Ibid.*, 15.11.1918, p. 8 (J.J. Ware: The Latest Labour Gospel), onderskeidelik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is ooglopend berig,[135] en aan die toesprake en vergaderings van die partyleiers is baie prominensie in die koerant verleen.[136]

Verder het ***The Labour World*** gereeld kennisgewings en inligting aangaande SAAP-takvergaderings en aktiwiteite en van SAAP-klubs geplaas,[137] asook berigte oor die Arbeidersparty se deelname aan skoolraad-, munisipale en provinsiale raadsverkiesings.[138] Verslag is gedoen oor die optredes en werksaamhede van die SAAP-lede in die Johannesburgse stadsraad[139] en in die Transvaalse Provinsiale Raad,[140] terwyl gereelde kommentaar gelewer is op die SAAP en kwessies wat die party geraak het.[141] Daar is breedvoerig oor SAAP-jaarkonferensies gerapporteer[142] en die party se verkiesingsmanifeste is ook in ***The Labour World*** gepubliseer.[143]

---

135 *The Labour World*, 10.05.1919, p. 4 (Parliamentary Notes); *Ibid.*, 24.05.1919, p. 5 (Slum Improvements Bill); *Ibid.*, 21.06.1919, p. 6 (Parliament); *Ibid.*, 28.06.1919, p. 9 (Parliament); *Ibid.*, 24.04.1920, p. 8 (Parliamentary Jottings); *Ibid.*, 08.05.1920, p. 6 (Serious Questions in Parliament); *Ibid.*, 26.06.1920, p. 8 (Parliament protects the Profiteers); *Ibid.*, 17.07.1920, p. 4 (Good Results of Labour's Fighting Policy); *Ibid.*, 14.08.1920, p. 5 (Parliament).

136 Kyk *Ibid.*, 05.07.1918, p. 9 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 12.07.1918, p. 3 (Notes of the Week) en p. 6 (H.W. Sampson, M.L.A. at Kenilworth); Ibid., 19.07.1918, p. 6 (Labour at Rosettenville) en p. 9 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 12.04.1919, p. 9 (Labour's Greatest Crime); *Ibid.*, 26.07.1919, p. 4 (Low Grade Mines); *Ibid.*, 02.08.1919, p. 7 (Col. Creswell at Troyeville); *Ibid.*, 23.08.1919, p. 5 (Mr. Boydell on Profiteering); *Ibid.*, 01.11.1919, p. 3 (Topics of the Time) en p. 5 (Creswell at Kimberley); *Ibid.*, 09.10.1920, p. 3 (Topics of the Time) en p. 7 (Creswell on "Moderates").

137 Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 31.05.1918, p. 7 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 05.07.1918, p. 9 (Rosettenville Branch – SALP); *Ibid.*, 29.08.1918, p. 9 (Bloemfontein Branch SALP); *Ibid.*, 27.09.1918, p. 7 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 01.11.1918, p. 7 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 08.11.1918, p. 8 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 03.01.1919, p. 6 (Labour Party Club) en p. 9 (Labour Party Meeting); *Ibid.*, 01.02.1919, p. 5 (Labour Party in O.F.S.); *Ibid.*, 22.03.1919, p. 7 (Labour Party Club); *Ibid.*, 05.07.1919, p. 5 (General Notes); *Ibid.*,19.07.1919, p. 4 (Meeting at Siemert) en *Ibid.*, 14.02.1920, p. 3 (Topics of the Time).

138 Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 16.08.1918, p. 6 (Cape Town Notes) en p. 9 (Labour Victories at Durban); *Ibid.*, 18.10. 1918, p. 7 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 08.11.1918, p. 8 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 14.02.1920, p. 6; *Ibid.*, 14.08.1920, p. 7 (Provincial Election Notes).

139 Kyk *Ibid.*, 26.07.1918, p. 6 (The Council's Labour Policy) en p. 9 (Black Labour Section Beaten); *Ibid.*, 20.09.1918, p. 8 (Johannesburg Notes).

140 *Ibid.*, 14.06.1918, p. 7 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 18.10.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 25.10.1918, p. 3 (Notes of the Week).

141 Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 19.07.1918, p. 10 (The Labour Party in England and S. Africa); *Ibid.*, 06.09.1918, p. 5 (Labourites) en p. 6 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 13.09.1918, p. 6 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 20.09.1918, p. 7 (The Labour Party and the Government); *Ibid.*, 17.01.1919, p. 5 (The Labour Party); *Ibid.*, 01.11.1919, p. 8 (The Labour Party Programme).

142 *Ibid.*, 17.01.1919, p. 4 (SA Labour Party).

143 *Ibid.*, 21.02.1920, pp. 6 – 7 (South African Labour Party Manifesto).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Maar Gow se hoë posisie in die Arbeiderspartyhierargie en sy koerant se goeie verstandhouding met partyleiers soos Creswell en Boydell ten spyt, het die verhouding tussen ***The Labour World*** en sommige lede van die SAAP, soos dit die geval met ***The Evening Chronicle*** was, ook omstrede geblyk te wees. Reeds twee weke voordat die eerste uitgawe van ***The Labour World*** op straat sou verskyn het, het die Bezuidenhout Valley-tak van die SAAP tydens sy maandvergadering beswaar daarteen gemaak dat Gow die party se adres, die Trades Hall in Johannesburg, ook as dié van sy koerant opgegee het.[144] Hierdie kwessie is inderdaad met die uitvoerende komitee van die SAAP opgeneem. Tydens 'n vergadering van laasgenoemde op 19 Mei 1918, is opdrag gegee aan die sekretaris, wat toevallig in daardie stadium juis Gow was, om die Bezuidenhout Valley-tak in te lig dat die te stigte koerant kennis sou gee dat dit geensins 'n amptelike partyblad sou wees nie.[145] Vanaf die uitgawe van 15 November 1918 is daar gevolglik 'n nuwe adres vir ***The Labour World*** gepubliseer.[146]

Op 8 Augustus 1918 het die Bezuidenhout Valley-tak van die SAAP 'n brief van Gow ontvang waarin hy samewerking en steun ten opsigte van die sirkulasie van ***The Labour World*** versoek het. Dit is duidelik dat die aangeleentheid in die geledere van die tak baie omstrede was. Daar kon nie eenstemmigheid oor die kwessie verkry word nie en dit het tot 'n verskil van opinie tussen die lede gelei. Die voorsitter van die vergadering het verklaar dat die gebrek aan 'n amptelike arbeiderkoerant een van die grootste mislukkings van die SAAP was en dat hy daarom ***The Labour World*** sou ondersteun. Aangesien sekere lede egter "decidedly opposed" teen sodanige steun was, is besluit om die saak op die agenda te laat.[147] Alhoewel geen verdere inligting oor die hele aangeleentheid in die notules van die SAAP opgespoor kon word nie, is dit insiggewend dat die blad se subtitel vanaf "An Unofficial Labour Paper for South Africa", met die uitgawe van 16 Augustus 1919 verander het na "Published Weekly in the Interests of Workers in South Africa."[148]

---

[144] (JOB) SALP Collection, Minute Book 11, Minutes of a Monthly Meeting of the SALP Bezuidenhout Valley Branch, 09.05.1918, pp. 20 – 21. Kyk ook *The Labour World*, 24.05.1918, p. 3.

[145] (JOB) SALP Collection, Minute Book 2, Minutes of a Special Meeting of the Executive Committee, 19.05.1918, pp. 146 – 147. Kyk ook *The International*, 10.05.1918, p. 3 (Berig).

[146] Kyk *The Labour World*, 15.08.1918, p. 4.

[147] (JOB) SALP Collection, Minute Book 11, Minutes of the Adjourned Monthly Meeting of the SALP Bezuidenhout Valley Branch, 08.08.1918, p. 28.

[148] Kyk *The Labour World*, 16.08.1919, p. 3. Kyk ook voetnoot 120, p. 158 hierbo.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten spyte van bogenoemde omstredenheid aangaande ***The Labour World*** se status in SAAP-geledere, het die blad teen Junie 1920 tog die volgende kommentaar gelewer:

> "*We are constantly being reminded of the urgent necessity of propaganda work and unity in the cause of Labour which has been entrusted to the S.A.L.P. in South Africa. In order to maintain the party's position in the fight for the representation of the masses of the people in the institutions of the Union it is essential that Labour committees and institutions should be assisted and protected and fostered at all times, for it is in times of political peace that public opinion is formed and the people informed as to their true position in the affairs of the State... We appeal for the loyal support of all Labour institutions, and would issue a warning against a tendency to silently rest in times like these. Why not support the only Labour organ in South Africa?*"[149]

Stellings, soos die laaste sin van die voorafgaande aanhaling, het duidelik op die tone van ***The International*** getrap. Daarom het hierdie blad, wat alreeds drie jaar voor die ontstaan van ***The Labour World*** in sirkulasie was, ietwat gebelg verklaar: "*We shall continue to claim that the 'International' is the only working class paper in Africa*".[150] Maar in aansluiting by die aanhaling het ***The Labour World*** by implikasie gesuggereer dat waar die SAAP nie oor 'n amptelike mondstuk beskik het wat partybeleid en –propaganda kon stel nie, en derhalwe aan die eensydige beskouings van die dagpers uitgelewer was, hierdie koerant tog daardie funksie vir die party verrig het.[151]

The Labour World se noue verbintenis met die SAAP word verder geïllustreer deur die feit dat die koerant die party se anti-nie-blanke-sentimente en pro-blanke arbeidsbeleid vuriglik ondersteun en beaam het. Oor hierdie onderwerpe is daar gereeld toesprake, beriggewing en kommentaar gepubliseer. So is 'n artikel van Creswell gepubliseer waarin hy tuislande vir swartes gepropageer het wat aantreklik gemaak moes word sodat hulle nie na die blanke

---

[149] *The Labour World*, 26.06.1920, p. 7 (Is Labour in South Africa Asleep?).

[150] *The International*, 31.05.1918, p. 2 (A "Labour" Paper).

[151] Kyk byvoorbeeld *The Labour World*, 04.10.1919, p. 6 (The Capitalist Press); *Ibid.*, 14.02.1920, p. 7 (Labour Appeal); *Ibid.*, 09.10.1920, p. 1 (Topics of the Time).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

arbeidsvelde gelok sou word nie. Sodoende sou verhoed kon word dat die "uncivilised races" aan blanke standaarde gewoond sou raak wat laasgenoemde uiteindelik sou benadeel.[152]

H.W. Sampson het weer verklaar dat swartes geneig was om blankes uit hulle werk te druk. Daarom was die SAAP se segregasiebeleid noodsaaklik en moes blanke werkers die party ondersteun. Die Arbeidersparty sou alle moontlike kanale vir die behoud van die beskaafdheid en die vooruitgang van die blankes open.[153] Die afskaffing van die kleurslagboom op die arbeidsterrein en goedkoop swart arbeid sou die doodsklok vir die blanke werkers van Suid-Afrika inlui, maar steun aan die SAAP sou dit verhoed, aldus Sampson.[154] Nog 'n Arbeiderleier, Morris Kentridge, het byvoorbeeld 'n argument ten gunste van die indiensneming van ongeskoolde blanke arbeid deur die Johannesburgse stadsraad, in plaas van "Kaffir Labour", as 'n beginselsaak van die Arbeidersparty in die kolomme van ***The Labour World*** uitgemaak.[155]

In sy redaksionele kommentaar het die blad op bogenoemde trant voortborduur. Daar is gepleit vir die behoud van blanke standaarde[156] en daarvoor was segregasie noodsaaklik.[157] Tensy blanke immigrasie aangemoedig sou word, soos deur die Arbeidersparty voorgestaan, sou die blanke ras in Suid-Afrika deur swartes in 'n swartmansland geabsorbeer word.[158] Volgens ***The Labour World*** was die gevaar wat gekleurde arbeid vir blanke arbeid veral op die myne ingehou het, geleë in die feit dat eersgenoemde bereid was om vir laer lone as blankes te werk wat sodoende ook uiteindelik die lone van blanke

---

[152] *The Labour World*, 05.07.1918, p. 9 (Col. F.H.P. Creswell at Troyeville). Kyk ook *Ibid.*, 12.07.1918, p. 3 (The Labour Leader); *Ibid.*, 12.07.1919, p. 9 (Parliament).

[153] *Ibid.*, 12.07.1918, p. 6 (H.W. Sampson, M.L.A. at Kenilworth).

[154] *Ibid.*, 19.07.1918, p. 6 (Labour at Rosettenville) en p. 9 (Johannesburg Notes). Kyk ook *Ibid*, 26.07.1919, p. 4 (Low Grade Mines).

[155] *Ibid.*, 26.07.1918, p. 6 (M. Kentridge: The Council's Labour Policy). Kyk ook *Ibid.*, p. 6 (J.J. Ware: Coloured vs. White Labour), p. 9 (Black Labour Section Beaten), p. 10 (Blacks to the Front) en p. 11 (Town Council & Black Labour).

[156] *Ibid.*, 24.05.1918, p. 3 (Notes of the Week).

[157] *Ibid.*, 20.11.1920, p. 9 (G. Blomefield: Daily Papers full of Promises).

[158] *Ibid.*, 26.07.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 03.05.1919, p. 7 (General Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

arbeiders verlaag het.[159] Ook die *establishment* pers is daarvan beskuldig dat hulle sodanige beleid ondersteun het.[160]

Verder het die koerant die UP se kleurbeleid, wat volgens ***The Labour World*** die beleid van die indiensneming van gekleurdes teen laer lone as dié van blankes gesteun het, gekritiseer. Aangesien gekleurdes wat oor stemreg beskik het na bewering vir die UP sou stem, was hierdie party ten gunste van die afskaffing van die kleurslagboom op die arbeidsterrein.[161] Dit sou daartoe lei dat blankes sou moes worstel om die politieke opperheerskappy in Suid-Afrika te behou soos wat in die suide van die VSA gebeur het[162] en ook in Jamaika, wat in dié tyd van Cromwell nog 'n "wit land" was, maar nou (1919) "*a coloured loafers' paradise*" geword het.[163] ***The Labour World*** was afkeurend teenoor die saamwoon van blankes en gekleurdes in dieselfde buurtes,[164] asook ten opsigte van arbeidsintegrasie en gelykstelling tussen wit en swart in die myne en elders waar blankes saam met die "smelly black", as gevolg van die opheffing van die kleurslagboom, moes werk.[165] So verklaar 'n mynwerker wat 'n artikel oor hierdie kwessie in ***The Labour World*** geskryf het:

> "*I say emphatically, and without prejudice, that the native has not materially improved during my period of mining, which extends over fifteen years. But I can say this with all veracity, he is more cheeky and generally does less work,*

---

159 *The Labour World*, 12.07.1918, p. 9 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 19.07.1918, p. 11 ("H.W.": Mechanics Wages); *Ibid.*, 09.08.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 08.11.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 15.11.1918, p. 5 ("E.C.": Problem of the War); *Ibid.*, 05.04.1919, p. 6 (Strike of the Power Men); *Ibid.*, 16.08.1919, p. 7 (Black versus White Miners); *Ibid.*, 22.05.1920, p. 4 (The "Colour Bar" on the Rand).

160 *Ibid.*,22.11.1918, p. 10 (Property Before Humanity).

161 Kyk *Ibid.*, 16.08.1918, p. 3 (Notes of the Week) en p. 6 (Finances' New Friends); *Ibid.*, 01.11.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 15.11.1918, p. 9 (Unionist Journalism); *Ibid.*, 13.12.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week) en p. 7 (Colour, or Close Down); *Ibid.*, 20.12.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week), p. 6 (Our Non-Paying Mines) en (Making Criminals); *Ibid.*, 27.12.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week) en p. 4 (Quite Correct); *Ibid.*, 17.01.1919, p. 5 (The Chaffeurs Chance); *Ibid.*, 19.04.1919, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 31.05.1919, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 07.06.1919, p. 4 (Unionist Party and the Colour Bar).

162 *Ibid.*, 12.04.1919, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 26.04.1919, p. 7 (General Notes).

163 *Ibid.*, 09.08.1919, p. 4 (W.H. Jones: Under Which King?).

164 *Ibid.*, 01.11.1918, p. 6 (Town Talk).

165 *Ibid.*, 13.09.1918, p. 7 (White or Black); *Ibid.*, 03.01.1919, p. 6 (Wisdom Whilst You Wait); *Ibid.*, 09.08.1919, p. 4 (W.H. Jones: Under Which King?); *Ibid.*, 30.08.1919, p. 3 (Notes and Opinions); *Ibid.*, 06.09.1919, p. 4 (Give the Black Equality).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

yes far less... To my mind the kaffir is being taught stuff that is of no real value to himself or to whites."[166]

The Labour World het ook kommentaar uit ander koerante soos die ***Rand Daily Mail***, die ***South African Review***, die ***Sunday Times*** en die ***SA Railway Review*** aangehaal. Dit het soortgelyke anti-nie-blanke sentimente en standpunte oor die kleurslagboom, blanke immigrasie, arbeid en standaarde as dié wat hierbo vermeld is, weerspieël.[167] Maar dit was veral die "*Mulatto's*" (Kaapse Kleurlinge), wat normaalweg hoër lone as swartes verdien het en beter geskoold as laasgenoemde was, wat ***The Labour World*** as 'n bedreiging vir blanke arbeid en standaarde beskou het.[168] Kaapstad is byvoorbeeld die "mulatto metropolis" en die "mulatto capital" genoem.[169] Soortgelyke sentimente is teenoor Indiërs en Chinese gehuldig. Beide is as "vuil nasies op die vlak van swartes" en as "ongewens" beskou. Daarom is die repatriasie van beide groepe vuriglik bepleit.[170]

Getrou aan die tradisie van arbeiderkoerante het ***The Labour World*** ook krities teenoor kapitalisme gestaan en in sy aanvalle op groot kapitaal 'n aantal temas aangespreek. Die *establishment*-pers, veral ***The Star***, was 'n gewilde skyf vir eersgenoemde se aanvalle. Volgens ***The Labour World*** is hierdie "capitalist owned contemporary", "local organ of high finance" en "capitalist defender" se beleid deur kapitalistiese finansiers beheer en het "the aristocracy of capital" verteenwoordig en die Kamer van Mynwese se sieninge getrou

---

[166] *The Labour World*, 17.05.1919, p. 4 ("Miner": Our "Captains of Industry").

[167] Kyk *Ibid.*, 02.08.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 26.07.1919, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 16.08.1919, p. 5 (Our White Ideal and the Big Struggle for it); *Ibid.*, 27.09.1919, p. 6 ("E.S.": "Serves us Right"); *Ibid.*, 11.10.1919, p. 9 (Agitators and Natives).

[168] *Ibid.*, 06.09.1918, p. 9 (Not Here); *Ibid.*, 20.09.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 04.10.1918, p. 9 (A Black Outlook); *Ibid.*, 20.12.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 07.06.1919, p. 4 (Fooling the Public).

[169] *Ibid.*, 07.06.1919, p. 4 (Fooling the Public); *Ibid.*, 26.07.1919, p. 6 (The Mulatto Capital); *Ibid.*, 16.08.1919, p. 9 (Cape Tramways). Kyk ook *Ibid.*, 15.02.1919, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 23.08.1919, p. 7 (Provincial Councils); *Ibid.*, 24.04.1920, p. 3 (Topics of the Time).

[170] *Ibid.*, 07.06.1919, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 23.08.1919, p. 3 (Notes and Opinions); *Ibid.*, 30.08.1919, p. 3 (Notes and Opinions); *Ibid.*, 06.09.1919, p. 4 (What the Asiatic has invited) en p. 6 ("Cynicus": Comment and Criticism); *Ibid.*, 04.10.1919, p. 3 (Notes and Opinions).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Prominente mynmagnate en groot mynhuise is ook deur ***The Labour World*** bygekom. Na Solly Joel, wat 'n direkteur van die houermaatskappy van ***The Star*** was, is verwys as die "*Diamond King of the Union*",[181] terwyl die goudmynmagnaat, sir Lionel Phillips, geskilder is as 'n persoon wat geaspireer het vir "*the paramountcy of the Great God Gold*".[182] Hierdie klas persone was die "*gold gods*", "*Corner House Brigade*", "*Money Lords*" en die "*Hoggenheimer group of diamond magnates*".[183] Hulle is geassosieer met buitelandse mynkapitaliste wat Suid-Afrika slegs vir hulle eie gewin en tot nadeel van die Suid-Afrikaners geëksploiteer het.[184] Daarom is die prys van Suid-Afrikaanse goud en minerale rykdomme in Londen tot voordeel van die buitelandse kapitaliste, in plaas van in Suid-Afrika self, bepaal.[185] Ook Standard Bank, met sy oorwegend buitelandse direkteure, is daarvan beskuldig dat dit eerder Suid-Afrikaanse kapitaal uit- as ingevoer het.[186] ***The Labour World*** het verder geïnsinueer dat Suidwes-Afrika gedurende die Eerste Wêreldoorlog slegs vir die geldelike gewin van hierdie buitelandse kapitaliste binnegeval is om die diamantrykdom daar te bekom.[187] Gevolglik het die blad verklaar dat "*...since the Protectorate was conquered by the South African troops it has been conquered again by Hoggenheimer & Co.*"[188]

Die regering se verhouding met groot kapitaal was 'n ander tema waarop ***The Labour World*** sy aanvalle gekonsentreer het. So is die regering van Botha en Smuts gedurig daarvan beskuldig dat dit gedomineer is en beheer word tot die voordeel van die eintlike

---

[181] *The Labour World*, 21.06.1918, p. 6 (Provincial Council Notes); *Ibid.*, 28.06.1918, p. 5 (Lucky Exploiters); *Ibid.*, 13.09.1919, p. 3 (Notes and Opinions); *Ibid.*, 20.09.1919, p. 6 ("Cynicus": Candid Criticisms); *Ibid.*, 24.04.1920, p. 4 (Jo'burg Library and Socialism).

[182] *Ibid.*, 22.11.1918, p. 5 (Wanted, A Muzzle).

[183] Kyk *Ibid.*, 24.05.1918, p. 6 (T. Boydell: The Parliamentary Session); *Ibid.*, 28.06.1918, p. 6 (Provincial Council Notes); *Ibid.*, 10.01.1919, p. 5 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 21.06.1919, p. 9 (The Diamond Cutting Mystery); *Ibid.*, 13.12.1919, p. 7 ("They that dig foundations deep"); *Ibid.*, 17.04.1920, p. 3 (Topics of the Time), onderskeidelik.

[184] Kyk *Ibid.*, 05.07.1918, p. 3 ("G.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 25.10.1918, p. 8 (Same Old Story); *Ibid.*, 01.11.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 22.03.1919, p. 6 (This Exploited State); *Ibid.*, 05.04.1919, p. 6 (Strike of the Power Men); *Ibid.*, 07.06.1919, p. 5 (General Notes); *Ibid.*, 16.08.1919, p. 3 (Notes and Opinions) en p. 9 (Driving Capital Away!).

[185] *Ibid.*, 12.07.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week).

[186] *Ibid.*, 21.06.1919, p. 7 (Successful Banking).

[187] *Ibid.*, 22.11.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 29.11.1919, p. 3 (Topics of the Time).

[188] *Ibid.*, 20.09.1919, p. 5 (Parliament).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heersers van Suid-Afrika - finansiële groepe soos die Kamer van Mynwese. Volgens die blad het die regering die wense van die Kamer van Mynwese en groot finansiële belangegroepe slaafs nagekom.[189] Daar is verklaar dat die parlement vol diamantmagnate was[190] en na dié instelling is verwys as "the Parliament of Big Finance".[191] ***The Labour World*** was bevrees dat hierdie kapitalistiese, "buitelandse beheer" oor die regering, die parlement en Suid-Afrika se hulpbronne, asook die kapitalistiese eksploitasie van Suidwes-Afrika se diamantrykdom vir eie gewin, alles slegs daartoe kon lei dat al hoe meer landsburgers hulle tot Hertzog en republikanisme sou wend.[192]

In aansluiting by die aanvalle op kapitalisme was die Unioniste Party, as bondgenote van eersgenoemde, 'n verdere teiken. Die Unioniste is daarvan beskuldig dat hulle slegs slaafse navolgers en knegte van finansiële belange en kapitalisme was, voorkeur aan buitelandse kapitalistiese belange ten koste van Suid-Afrika gegee het en die "financial interests" verdedig het.[193] So is verklaar dat "*Unionist 'loyalty' stand for overseas' interests first and the ascendancy of financial groups*".[194] Na joernaliste van Unionisties-gesinde koerante is verwys as "*Jingo Unionist journalists*",[195] en die koerant het beweer dat "*...the mining houses...have so much influence with the Unionist Press*".[196]

---

189 Kyk byvoorbeeld *The Labour World.*, 05.07.1918, p. 3 ("G.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 19.07.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 26.07.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 11.10.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 08.11.1918, p. 5 (Netting Siemert?); *Ibid.*, 22.11.1918, p. 3 (Notes of the Week) en p. 5 (Political Brotherhood); *Ibid.*, 29.11.1918, p. 3 ("G.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 15.02.1919, p. 6 (Town Talk); *Ibid.*, 01.03.1919, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 08.03.1919, p. 10 (Parliamentary Pars); *Ibid.*, 22.03.1919, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 05.04.1919, p. 6 (Strike of the Power Men); *Ibid.*, 03.05.1919, p. 6 (Our Own Money); *Ibid.*, 07.06.1919, p. 9 (Go to – Solly Joel) en (Another Board of Control?); *Ibid.*, 23.08.1919, p. 7 (Provincial Councils); *Ibid.*, 13.09.1919, p. 7 (Our New Old Government); *Ibid.*, 25.10.1919, p. 7 (Smuts the Promiser); *Ibid.*, 01.11.1919, p. 8 (Smuts the Magnate's Darling); *Ibid.*, 20.12.1919, p. 3 (Topics of the Time).

190 *Ibid.*, 21.06.1919, p. 6 (Parliament).

191 *Ibid.*, 08.03.1919, p. 10 (Parliamentary Pars).

192 Kyk *Ibid.*, 12.07.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 25.10.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 22.03.1919, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week).

193 Kyk *Ibid.*, 05.07.1918, p. 3 ("G.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 25.10.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 01.11.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 15.11.1918, p. 9 (Unionist Journalism); *Ibid.*, 13.12.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 25.01.1919, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 20.09.1919, p. 5 (Parliament).

194 *Ibid.*, 11.10.1918, p. 3 (Notes of the Week).

195 *Ibid.*, 01.02.1919, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week).

196 *Ibid.*, 21.08.1920, p. 8 (The Coming Political Change).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Britse vakbondfederasie, die Suid-Afrikaanse vakbonde buite die SAAP se politieke invloed tydens verkiesings te probeer hou. Hy het 'n vaste greep op geaffilieerde vakbonde verkry en homself as hulle belangrikste verteenwoordiger by die werkgewers geposisioneer en ook die regering daarvan probeer oortuig. Hy het op goeie voet met die Kamer van Mynwese, mynmagnate en maatskappydirekteure verkeer. Die regering het hom op die Nywerheidsadviesraad, asook op kommissies van ondersoek na die lewensduurte, die mynwese en werkloosheid aangestel. Maar hoe hoër Crawford geklim het, hoe verder het hy van sy radikale verlede wegbeweeg. Omdat sy motiewe in twyfel getrek is, het hy dus al hoe meer by 'n groter wordende gedeelte van die arbeiderbeweging in onguns beland.[199]

Teen hierdie agtergrond het ***The Labour World*** sy aanvalle op Crawford geloods. Die blad se kritiek op hom en die SAIF het sy oorsprong gehad toe Gow as SAAP-kandidaat in die kiesafdeling Siemert tydens die tussenverkiesing vir die Transvaalse Provinsiale Raad van 1918 gestaan het. Klaarblyklik het Gow se Unionistiese opponent 'n mate van steun van die SAIF en Crawford ontvang wat, soos Simons dit stel, "*...added venom to Gow's pen*".[200] Lesers van ***The Labour World*** is daaraan herinner dat die UP die party was wat die verwydering van die kleurslagboom (tot nadeel van die blanke werkers) en die toekenning van stemreg aan gekleurdes dwarsdeur die Unie van Suid-Afrika voorgestaan het. Daarby

---

Trade Unionists, Labourites – Unite!); *Ibid.*, 27.12.1918, p. 6 (A.E. Jordan: To the Workers of South Africa).

199 R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 185, 200; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 235, 239 – 240; C.J. Beyers (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel III, p. 185; H.W. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa 1903 – 1947*, pp. 48, 97; *De Burger*, 03.09.1919, p. 5 (Die Industriële Federasie); *Ibid.*, 24.11.1920, p. 5 (Afgevaardigde na Geneve); *The Labour World*, 22.11.1918, p. 7 (Arbiters of Industry); *Ibid.*, 06.12.1918, p. 6 (Malan's Fire-Escape); *Ibid.*, 17.01.1919, p. 5 (The Labour Party); *Ibid.*, 30.08.1919, p. 8 (No Political Action!); *Ibid.*, 18.10.1919, p. 7 ("A Contemtible": The Washington Conference); *Ibid.*, 01.11.1919, p. 8 (To Correspondents); *The International*, 31.08.1917, p. 1 (Andrews and the Federation); (JOB) Koerantknipsels, 920 Crawford, Archie: *Rand Daily Mail*, 23.12.1924 (Death of Mr A Crawford); *Ibid.*, *The South African Printer and Stationer*, No. 5, January 1925, p. 36 (Personalia); *Ibid.*, *New Nation*, 17.09.1987 (Crawford played key role in the 1913 strike; F. Hunter: Who was Pickhandle Mary?, pp. 50, 56 – 57. Kyk ook (SAB) JUS Vol. 256, file no. 3/527/17, Part 4 Reports on activities of ISL: Report on Bolshevish Meeting, 09.02.1919, p. 88; *Ibid.*, Report on Bolshevik Meeting, 10.02.1919, pp. 90, 91. Vir verdere biografiese besonderhede aangaande Crawford, kyk hfst. 5, pp. 205 - 206.

200 H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 235 – 136; *The Labour World*, 08.11.1918, p. 4 (Siemert Bye Election); *Ibid.*, 22.11.1918, p. 5 (Dead Sea Fruit); *Ibid.*, 29.11.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 17.01.1919, p. 5 (The Labour Party); *Ibid.*, 30.08.1919, p. 8 (No Political Action!).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is ook ***The South African Federationist***, 'n maandblad en die amptelike orgaan van die SAIF, gekritiseer vir sy steun aan die UP-tussenverkiesingskampanje.[201]

Die feit dat ***The South African Federationist*** geadverteer is as "the only official Labour organ in South Africa", was vir ***The Labour World*** klaarblyklik 'n doring in die vlees. Volgens laasgenoemde het die blad Arbeider-parlementslede en die Arbeider-lede van die Transvaalse Provinsiale Raad beledig. Oor die SAIF se resolusie van politieke onverbondenheid het ***The Labour World*** sarkasties verklaar:

> *"So the Federation of Trades – through its leaders and its official organ – discards the miserable politician and embraces the capitalist benefactor."*[202]

Desondanks blyk dit dat die SAAP kennelik bekommerd was oor hierdie onmin tussen die twee arbeiderblaaie omdat dit verdeeldheid in arbeidergeledere teweeg sou bring. Gow het toe aan die nasionale raad van die SAAP beloof om alle omstrede kwessies teen die redakteur van ***The South African Federationist*** te laat vaar,[203] alhoewel die aanvalle en kritiek op Crawford se optrede in die SAIF in ***The Labour World*** voortgesit is.

Kritiek is gelewer op Crawford se pogings om die beheer oor vakbonde te monopoliseer.[204] ***The Labour World*** het hierdie pogings van Crawford om die vakbondwese te oorheers treffend geïllustreer deur berigte en ope briewe van vakbonde soos die ASE, die National Union of Railway and Harbour Services (NURAHS) en die Ironmoulders' Trade Union of South Africa oor hulle dispute met die SAIF, te publiseer. Sommige vakbonde, soos die ASE, wou nie by die SAIF aansluit nie omdat laasgenoemde sy outonomitiet bedreig het. In die geval van die NURAHS en die Ironmoulders het Crawford, as vakbondverteenwoordiger, onderhandelinge oor werkersregte en –lone met werkgewers nie tot bevrediging van die betrokke vakbonde volvoer nie. Toe die Ironmoulders as gevolg daarvan aan die SAIF onttrek en deur 'n staking loonsverhogings probeer afdwing het, het

---

201 *The Labour World*, 29.11.1918, p. 4 (The Plain Issue). Kyk ook *Ibid.*, 22.11.1918, p. 5 (Gems from the "Federationist").

202 *Ibid.*, 13.12.1918, p. 7 (Federation Fantasies); *Ibid.*, 20.12.1918, p. 6 (Hardened).

203 (JOB) SALP Collection, Minute Book 13, SALP First Meeting of the Newly Elected National Council of the Party, 19.01.1919, p. 117.

204 *The Labour World*, 31.05.1918, p. 7 (Johannesburg Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Crawford ook dit in die wiele gery en gepoog om die vakbond af te dreig. Die sekretaris van die Ironmoulders het gevolglik aan Crawford voorgestel dat hy sy egoïstiese houding in die vakbondwese moes laat vaar.[205] Verder het ***The Labour World*** kritiek gelewer op Crawford en die SAIF se beheer en administrasie van die liggaam se loonfonds, wat aangewend kon word om werkerslone in die lig van die stygende lewensduurte te subsidieer. Die koerant het gesuggereer dat die aanwending daarvan eerder werkgewers as werkers sou bevoordeel.[206]

Aan Crawford se vermeende samewerking met groot mynkapitaal is baie prominensie in ***The Labour World*** verleen. Die koerant het kommentaar gelewer op wat beskou is as Crawford se toenadering tot werkgewers soos die Kamer van Mynwese om finansieel tot die oprigting van koöperatiewe winkels vir werkers by te dra. Die SAIF het beoog dat die koöperatiewe winkels, met laer pryse vir werkers se noodsaaklike lewensmiddele, as teenfoeter moes dien vir die stygende lewensduurte. Die blad het hierdie inisiatief egter verbind met die SAIF se afrokkeling van die vakbonde se feitlik vanselfsprekende politieke steun aan die SAAP. Vir ***The Labour World*** was die implikasie dus dat steun van die kant van die Kamer van Mynwese aan so 'n projek 'n politieke prys het, naamlik dat van die werkers verwag sou word om na laasgenoemde se pype te dans.[207] Op hierdie wyse sou die SAIF 'n nuttige bondgenoot wees in die vyande van die werkers se voortdurende pogings om hulle polities te verdeel en om die opgang van die Unioniste Party op die Rand en in Pretoria te verseker.[208]

Om bogenoemde rede sou die Kamer van Mynwese, volgens ***The Labour World***, dus geldelike bydraes tot die oprigting van koöperatiewe winkels maak, soos ook bewys is deur

---

[205] *The Labour World*, 31.05.1918, p. 3 (Trade Union Differences); *Ibid.*, 21.06.1918, p. 11 (Railwaymen's Grievances); *Ibid.*, 05.07.1918, p. 5 ("M.K.": The Strike Enquiry); *Ibid.*, 11.10.1918, pp. 7 – 8 (Ironmoulders' Union of S. Africa); *Ibid.*, 08.11.1918, p. 9 (The Ironmoulders' Dispute). Kyk ook R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 196, 199; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 239; *De Burger*, 28.05.1918, p. 2 (Berig); *Ibid.*, 27.07.1918, p. 5 (De Johannesburgse Werkstaking).

[206] *The Labour World*, 14.06.1918, p. 8 ("J.T.B.": Labour Demands).

[207] *Ibid.*, 13.09.1918, p. 5 (All for Love!). Kyk ook *Ibid.*, 22.11.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 13.12.1918, p. 7 (Federation Fantasies); *Ibid.*, 27.12.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 17.01.1919, p. 5 (The Labour Party); *Ibid.*, 20.09.1919, p. 6 ("Cynicus": Candid Criticisms); H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 206.

[208] *The Labour World*, 03.01.1919, p. 3 (Notes of the Week).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die feit dat Crawford en sir Evelyn Wallers, die president van die Kamer, saam op openbare verhoë begin verskyn het. Voorts is Crawford sarkasties daarvan beskuldig dat hy in diens van die Corner House en die Kamer van Mynwese opgetree het. Crawford het, wat die verhouding tussen werkers en werkgewers betref, eersgenoemdes se beginsels en regte tot hulle nadeel gemanipuleer en uitverkoop vir kortsigtige eiegewin en tot die persoonlike voordeel van sy eie posisie en ambisie, op voorwaarde dat hy met die kapitalistiese instellings sou saamwerk.[209] Die koerant het aangevoer dat dit ironies is dat Crawford hierdie posisie, ten spyte van sy verklaarde anti-oorlog en internasionalistiese sienswyses, ingeneem het.[210] Oor Crawford se egoïsme is onder meer sarkasties verklaar:

> "*Mr Crawford's modesty is excelled only by his ability, and this is recognised not alone by his own class in the class struggle, but even in the circles represented by the Chamber of Mines.*"[211]

The Labour World het wel toegegee dat Crawford oor die vermoë beskik het om die arbeiderbeweging te verenig, maar het in dieselfde asem geïnsinueer die beweging sou dan (deur Crawford se toedoen) "*...as the handmaid of Capital rest content*".[212] Die blad het tereg daarop gewys dat samewerking tussen die SAIF en die Kamer van Mynwese ten opsigte van die beoogde koöperatiewe winkels, onuitvoerbaar en 'n kontradiksie was omdat dit op 'n botsing van belange sou neerkom. Die vakbonde sou wel voordeel trek uit geldelike bydraes van die Kamer van Mynwese vir die oprigting van die koöperatiewe winkels, maar dieselfde bydraes sou as reserwefonds deur stakers in tye van stakings gebruik moes word om die Kamer mee te beveg.[213]

---

[209] *The Labour World*, 20.09.1918, p. 3 (The Virtue of Toenadering) en p. 5 (Brotherhood at Last?); *Ibid.*, 18.10.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 22.11.1918, p. 7 (Arbiters of Industry); *Ibid.*, 29.11.1918, p. 3 ("G.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 13.12.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 27.12.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 17.01.1919, p. 5 (The Labour Party); *Ibid.*, 13.09.1919, p. 3 (Notes and Opinions); *Ibid.*, 20.11.1920, p. 3 (Topics of the Time). Kyk ook R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 222; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 240; L. Blackwell: *African Occasions*, p. 42 en *Ons Vaderland*, 24.09.1918, p. 6 (Kreupele Donkie).

[210] *The Labour World*, 22.11.1918, p. 7 (Arbiters of Industry).

[211] *Ibid.*, 11.10.1919, p. 6 ("I").

[212] *Ibid.*, 17.01.1919, p. 5 (The Labour Party).

[213] *Ibid.*, 13.12.1918, p. 6 (Corrupting Trade Unionism) en p. 7 (Federation Fantasies).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The Labour World het die beskuldigings, dat Crawford met die Kamer van Mynwese saamgewerk het ten koste van die werkers en sy beginsels vir eie voordeel verkwansel het, herhaal toe hy in 1919, tesame met William Gemmill, die algemene sekretaris en aktuaris van die Kamer, deur die regering as die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes na 'n internasionale arbeiderkonferensie in Washington benoem is. Die blad het onder meer die volgende kommentaar op Crawford gelewer:

> "*But who would have ever dreamed of an orator of the Town Hall steps, and his utterances, finding affinity with the mechanism of mining and of share markets!*"[214]

Oor Crawford se aanstelling op 'n regeringskommissie wat moes ondersoek instel na die ekonomiese lewensvatbaarheid van goudmyne van lae ertsdraende gehalte, was ***The Labour World*** ook nie gelukkig nie. Gedagtig aan die beskuldigings van Crawford se samewerking met groot kapitaal en die Kamer van Mynwese, het die blad geïnsinueer dat die kommissie se verslag 'n uitgemaakte saak wou wees: Ten einde die myne van lae ertsdraende gehalte winsgewend te bedryf, sou blanke arbeid deur goedkoper swart arbeid met behulp van die opheffing van die kleurslagboom vervang moes word.[215] 'n Korrespondent van ***The Labour World*** het byvoorbeeld beweer dat die SAIF óf besluiteloos is aangaande die kwessie van die opheffing van die kleurslagboom, óf hom deur ander daaroor laat lei.[216]

In 'n ander geval het die koerant 'n berig uit die ***Railway Review*** oorgeneem. Na aanleiding van Crawford en J. Forrester-Brown, die president van die SAIF, se aanstelling op die ondersoekkommissie na lae ertsdraende goudmyne, was die skrywer van die berig van

---

[214] *The Labour World*, 27.09.1919, p. 6 (Going to Washington). Kyk ook *Ibid.*, 04.10.1919, p. 8 (The Voice of Labour!) en p. 10 (Capital and Labour); *Ibid.*, 11.10.1919, p. 3 (Notes and Opinions) en p. 6 ("I"); *Ibid.*, 18.10.1919, p. 7 ("A Contemtible": The Washington Conference); *Ibid.*, 13.12.1919, p. 7 (Washington Conference Delegates); *De Burger*, 26.09.1919, p. 5 (Die Volkerebond en die Arbeiders); *Ibid.*, 27.09.1919, p. 4 (Berig); *The Star*, 25.09.1919, p. 10 (Labour Conference); H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 240.

[215] *The Labour World*, 09.08.1919, p. 7 (The Low Grade Enquiry). Kyk ook *Ibid.*, 16.08.1919, p. 7 (Black versus White Miners); *Ibid.*, 30.08.1919, p. 3 (Notes and Opinions) en p. 7 (To Correspondents); *Ibid.*, 27.09.1919, p. 7 (The Low Grade Report); *Ibid.*, 29.05.1920, p. 3 (Topics of the Time); H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa* 1850 - 1950, pp. 235 – 236, 238.

[216] *The Labour World*, 23.08.1919, p. 6 (White or Black?).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mening dat hulle dalk op te veel regeringskommissies namens die werkers benoem is. Dit, tesame met die feit dat hulle nie deur die werkers daartoe verkies is nie, sou daartoe lei dat hulle later nie meer in staat sou wees om effektief die belange van werknemerorganisasies, en kwessies wat werknemers geraak het, op die betrokke kommissies te behartig nie.[217]

Origens het die inhoud van ***The Labour World*** 'n potpourri van arbeideraangeleenthede weerspieël. Kommentaar is gelewer op plaaslike, Johannesburgse munisipale kwessies, en hoe dit blanke arbeiders geraak het.[218] Daar is artikels geplaas oor nywerheidsaangeleenthede en oor nywerheidswetgewing wat werkers geraak het.[219] Die blad het ook die gedagte dat Suid-Afrikaanse industrieë op eie bodem gevestig moes word sterk ondersteun omdat meer werkgeleenthede sodoende geskep sou word.[220] Verder het ***The Labour World*** veral in sy vrouerubriek vir vroueregte, soos die stemreg, beter lone, aanstellings in die polisie en verteenwoordiging in werkerorganisasies geagiteer en sodoende die SAAP se sentimente oor hierdie kwessies onderskryf.[221]

Gegewe die deursnee pro-Britse profiel van ***The Labour World*** se leserskring, is daar gereeld artikels oor die Britse Arbeidersparty en –beweging en oor Britse arbeideraangeleenthede, dikwels oorgeneem uit Britse Arbeiderblaaie, gepubliseer.[222] Trouens, dit is opmerklik dat daar vanaf die middel van 1919 al hoe meer artikels verskyn

---

[217] *The Labour World*, 02.08.1919, p. 9 (The Low Grade Mines Commission).

[218] *Ibid.*, 02.08.1918, p. 9 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 01.11.1918, p. 7 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 27.12.1918, p. 5 (Some Reflections on Municipal Finance); *Ibid.*, 14.06.1919, p. 6 (New Municipal Departure).

[219] *Ibid.*, 14.06.1918, p. 5 ("H.W.S.": The Factory Act and Regulation of Wages Act); *Ibid.*, 21.06.1918, p. 10 ("H.W.S.": The Factory Act and Regulation of Wages Acts); *Ibid.*, 01.02.1919, p. 5 ("Oliver Crompton": Industrial Degradation and Deliverance); *Ibid.*, 15.02.1919, p. 4 (What's Wrong with Industry?); *Ibid.*, 14.06.1919, p. 4 (Miners' Phthisis Bill).

[220] *Ibid.*, 08.02.1919, p. 7 (The Cry of Industries), p. 8 (Diamond Cutting) en (A Mint and State Paper Currency).

[221] *Ibid.*, 31.05.1918, p. 10 ("G.R.": Women's Sphere); *Ibid.*, 05.07.1918, p. 12 ("G.R.": Women's Sphere); *Ibid.*, 09.08.1918, p. 12 ("G.R.": Women's Sphere); *Ibid.*, 20.12.1918, p. 5 ("G.R.": Women's Sphere); *Ibid.*, 08.02.1919, p. 9 ("G.R.": Women's Sphere); *Ibid.*, 19.04.1919, p. 10 ("G.R.": Women's Sphere); *Ibid.*, 26.04.1919, p. 10 ("G.R.": Women's Sphere); *Ibid.*, 23.08.1919, p. 9 ("G.R.": Women's Sphere); *Ibid.*, 19.06.1920, p. 6 (No Votes for Women this Year).

[222] Kyk bv. *Ibid.*, 14.06.1918, p. 8 (British Organised Labour and Land Taxation); *Ibid.*, 02.08.1918, p. 11 (British Labour Party's New Aims); *Ibid.*, 10.01.1919, p. 4 (Labour and Education); *Ibid.*, 05.04.1919, p. 7 (Labour and the Public); *Ibid.*, 11.10.1919, p. 5 ("Panurge": A Clear Cut Issue); *Ibid.*, 24.01.1920, p. 8 (Home Labour Topics); *Ibid.*, 08.05.1920, p. 7 (Would Labour help the Middle Classes?); *Ibid.*, 18.09.1920, p. 9 (Labour's Policy); *Ibid.*, 25.09.1920, p. 8 (Labour's Threat of Direct Action).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
het wat vanuit ander koerante soos die ***South African Review*** en die Britse ***Reynolds*** en ***The Times*** oorgeneem is.[223] ***The Labour World*** se vereenselwiging met 'n Britse sentiment word bevestig deur pro-Britse en skerp anti-Duitse uitsprake in die nadraai van die Eerste Wêreldoorlog.[224]

Die laaste beskikbare uitgawe van ***The Labour World*** is dié van 4 Desember 1920,[225] maar geen inligting kon verkry word oor presies wanneer en waarom publikasie gestaak is nie. Alhoewel dit nooit 'n amptelike mondstuk van die SAAP was nie, het die koerant tog essensieel 'n vakuum gevul om die party, asook grootliks die regtervleuel van die arbeiderbeweging, se politieke standpunte weer te gee, veral gesien in die lig van die Arbeidersparty se gebrek aan 'n eie amptelike partyblad sedert die ondergang van ***The Worker***. Daarby was die inhoud van ***The Labour World*** ook 'n goeie weerspieëling van die basiese politieke en ekonomiese sentimente en rassehoudings van die deursnee geskoolde blanke arbeider in die tydperk gedurende en onmiddellik na afloop van die Eerste Wêreldoorlog.

4.4 *THE GUARDIAN*

Volgens Thomas Boydell, Arbeider-parlementslid vir Durban-Greyville en nasionale organiseerder van die SAAP, het daar tydens die aanloop tot die algemene verkiesing van 1920 'n behoefte by die plaaslike afdeling van die party vir 'n eie mondstuk ontstaan. Die Durbanse dagblaaie was die saak van die Arbeidersparty vyandiggesind en daarom was 'n medium om die party se beleid te stel noodsaaklik. Gevolglik is 'n weekblad, genaamd ***Bulletin***, gestig wat aanvanklik slegs tydelik vir die duur van die verkiesingsveldtog sou verskyn. Volgens Boydell sou die ***Bulletin*** "the other side", dit wil sê die saak van die werkers, tydens die veldtog stel. Die koste van die publikasie is gefinansier uit advertensies van kleinhandelsake wat deur die werkersklas ondersteun is. Die drukker was W.S. Knox en die redakteur George Reyburn. Boydell was die advertensiebestuurder en het ook artikels bygedra. Die blad is gratis versprei en het 'n gemiddelde sirkulasiesyfer van 5 000

---

[223] Kyk bv. *The Labour World*, 05.04.1919, p. 5 en p. 7; *Ibid.*, 11.10.1919, p. 9; *Ibid.*, 03.01.1920, p. 8.

[224] *Ibid.*, 26.07.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 01.03.1919, p. 10 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 06.09.1919, p. 8 ("E.S.": The Power of the Vote); *Ibid.*, 21.08.1920, p. 5 (Arms of the Man).

[225] J.C. Coetzee: *South African Newspapers on Microfilm*, p. 41; *The Labour World*, 04.12.1920.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kopieë per uitgawe gehandhaaf. Die inhoud het uit politieke nuus en –satire, propaganda en verkiesingspotprente bestaan. Klaarblyklik was die ***Bulletin*** so gewild dat daar in die week voor die verkiesing 10 000 kopieë gedruk is. Volgens Boydell was die blad 'n groot bydraende faktor tot die SAAP se oorwinning in vier van die vyf betwiste Durbanse setels tydens die verkiesing van 1920 en het selfs 'n profyt gemaak wat in die fondse van die plaaslike partytak oorbetaal is.[226]

Die ***Bulletin*** was dus so geslaagd dat die inisieerders daarvan gevolglik besluit het om dit in 'n permanente weekblad, getiteld ***The Guardian***, te omskep. Vir dié doel is 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, The Guardian Company, Limited in vennootskap deur die genoemde drie persone gestig. Boydell was die voorsitter en besturende direkteur en, soos in die geval van die ***Bulletin***, was Knox en Reyburn onderskeidelik die drukker en die redakteur.[227]

Thomas Boydell is op 15 Desember 1882 in Newcastle-on-Tyne, Engeland, gebore. Hy het sy skoolopleiding aan Rutherford College ontvang en hom daarna as passer bekwaam. In 1903 het hy na Suid-Afrika geëmigreer waar hy as passer eers by die Natal Harbour Works en daarna by die spoorwegwerkwinkel in Durban gewerk het. As lid van die Railwaymen's Association en later van die ASE, het hy hom spoedig in die vakbondwese as onderhandelaar onderskei en het na die Natalse spoorwegstaking van 1909 as 'n verteenwoordiger van die werkers in die regering se kommissie van ondersoek na die voorval gedien. Boydell was ook 'n stigterslid van die SAAP.

In 1912 het hy die parlementêre setel Durban-Greyville vir die Arbeidersparty in 'n tussenverkiesing verower. Hy is in 1916 op die regering se ondersoekkommissie na lewensduurte aangestel en was die adjunk-parlementêre leier van die SAAP en voorsitter

---

[226] (SAB) A 75, Boydell Collection, Vol. 8, Political Career: Ongedateerde Toespraaknota's, p. 4; T. Boydell: "*My Luck Was In*", pp. 165 – 166, 173 – 175. Kyk ook B. Reid: The General Elections of 1920 and 1921 in Natal: Labour Triumph and Defeat (*Journal of Natal and Zulu History*, Vol. II, 1979, p. 42).

[227] (SAB) A 75, Boydell Collection, Vol. 3, Correspondence; *Ibid.*, Vol. 8, Political Career: Ongedateerde Toespraaknota's, p. 4; *Ibid.*, Vol. 12: Biographical Notes: CV – Thomas Boydell en ongedateerde koerantknipsel; D.I. – Argief, file no. 270/13, The Guardian: Newspaper Bond, 22.12.1921; *Ibid.*, Declaration Resident Magistrate, 21.12.1921; *Ibid.*, Under Secretary for the Interior – Provincial Secretary, 03.02.1921 (no. 2/270/13); T. Boydell: "*My Luck Was In*", pp. 175 – 176; *The International*, 08.12.1922, p. 4 (His Master's Voice).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die partykoukus. In 1919 het hy die party se organiserende sekretaris geword en het by geleentheid ook as parlementêre leier waargeneem. In die parlement het hy hom veral vir die belange van die spoorwegwerkers beywer. Met die bewindsoorname van die Pakt-regering in 1924 het Boydell Minister van Pos- en Telegraafwese en van Openbare Werke geword. In 1925 is die portefeulje Arbeid aan hom toegeken en die volgende vier jaar het hy hoofsaaklik aandag gegee aan werkloosheid en die armblankevraagstuk. In September 1929 is hy tot Senator vir Natal benoem. In 1930 het hy ook die Suid-Afrikaanse regering se afvaardiging na die Internasionale Arbeidkonferensie in Genéve, Switserland gelei. Boydell is in 1966 in Kaapstad oorlede.[228]

George Reyburn is in Leven in die graafskap Fifeshire, Engeland, gebore. In 1905 het hy as gevolg van gesondheidsredes na Suid-Afrika geëmigreer en hom in Durban gevestig. Daar het hy by die Natalse Spoorweë tot 1909 gewerk toe hy in die personeel van die Natal Society Library in Pietermaritzburg aangestel is. In 1910 is hy as sub-bibliotekaris van die Durbanse munisipale biblioteek aangestel. Reyburn het in 1912 by die SAAP aangesluit en in 1913 lid van die party se propagandakomitee geword. Hy was die sekretaris van die Durban-tak van die Arbeidersparty en het in 1914 ook lid van die party se uitvoerende komitee geword. Daarby was hy die sekretaris van die Natal Association of Shop Assistants, Warehousemen and Clerks. Tydens die algemene staking van 1914 is hy gearresteer vir beweerde oortredings van die Krygswet. Met die algemene verkiesing van 1924 het Reyburn die kiesafdeling Durban-Umbilo vir die SAAP verower.[229]

Die eerste uitgawe van ***The Guardian*** het op Saterdag 24 Desember 1921 in Durban op straat verskyn. Dit was by die hoofposkantoor as nuusblad geregistreer en het die etiket van die SATU gedra. Dit het een pennie per eksemplaar gekos terwyl intekengelde 10s 6d

---

[228] (SAB) A 75, Boydell Collection, Vol. 12: Biographical Notes: CV – Thomas Boydell en ongedateerde koerantknipsel; T. Boydell: "*My Luck Was In*", pp. 1 – 4, 11 – 13, 31 – 39, 60, 127 – 129, 163, 165 – 166, 169, 173, 207, 270; C.J. Beyers (red): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel IV, p. 55; L.E. Neame: *Some South African Politicians*, pp. 67 – 70; M. Kentridge: *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*, pp. 27, 29; D.J. Potgieter (ed): *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, p. 477. Laasgenoemde bron dui Boydell se koms na Suid-Afrika verkeerdelik as 1902 aan.

[229] (KGB) A 215 Trembath-Versameling, Vol. II (*Supplement to the Natal Mercury Weekly Edition*, 27.01.1914, n.p.); (SAB) A 75, Boydell Collection, Vol. 8, Political Career: Ongedateerde Toespraaknotas, p. 4; T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 174; B.M. Schoeman: Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910 – 1976, p. 131.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

per jaar bedra het.[230] Die subtitel van die blad was "The Paper That Gives The Other Side".[231] In die hoofartikel van die eerste uitgawe is die redaksionele beleid van die koerant onder andere soos volg uiteengesit:

> "*For some considerable time past we have felt that there is great need in Durban and Natal generally for a newspaper which will give 'the other side'. The friction of opinion polishes the facets of truth, and when one side has it all its own way, there is apt to be too strong a bias. We intend to supply the need for a paper that will stand for the other side, which will present the case for the worker as its needs to be presented, and which will supply the information which does not always see the light of day in the papers that are owned by the class that lives by owing...we enter the field of thought and ideals, hoping that our activity in the time to come will be of service toward the betterment of the conditions of the workers of the land and the striking off of the shackles of the present economic system.*"[232]

Volgens Boydell is ***The Guardian*** sonder enige kapitaal geïnisieer en moes hy ook eers, soos in die geval van die ***Bulletin***, Durbanse adverteerders werf om die nodige aanvangskapitaal te bekom.[233] Advertensieslagspreuke soos die volgende is in ***The Guardian*** geplaas:

> "*Put our advertisers on your shopping list*";
>
> en:
>
> "*When you buy from Guardian advertisers, please mention the Guardian. You will be doing yourselves a good turn by doing so*";
>
> en:
>
> "*Don't be mean. Pass the 'Guardian' on to a Friend*";

---

[230] *The Guardian*, 24.12.1921; *Ibid.*, 31.12.1921, p. 1; J.C. Coetzee: *South African Newspapers on Microfilm*, p. 31; T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 175.

[231] Kyk *The Guardian*, 24.11.1922, p. 1; (SAB) A 75, Boydell Collection, Vol. 8, Political Career: Ongedateerde Toespraaknotas, p. 5.

[232] *The Guardian*, 24.12.1921, p. 3 (A Christmas Gift). Kyk ook *Ibid.*, 22.12.1922, p. 6 (Hoofartikel) en *The International*, 30.12.1921, p. 4 (The Guardian).

[233] (SAB) A 75, Boydell Collection, Vol. 8, Political Career: Ongedateerde Toespraaknota's, p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en:

"*Do you patronise 'Guardian' advertisers?*"[234]

Verder is verklaar :

> "*We have the necessary circulation to make advertising in our columns a good business proposition, the quality of the adverts is high, and we ask our readers to render the return... If the paper is to continue, and we know our readers want it to, it is up to them to buy their necessities from those firms advertising in our columns, and to mention the paper when they do. NOW – GET TO IT*".[235]

In reaksie op ***The Guardian*** se advertensieslagspreukveldtog het ***The International*** egter ietwat weersinnig verklaar:

> "*...the 'Guardian' should remember that any paper aspiring to become the expression of workingclass interests will fail to achieve its object as long as it trims its policy to suit the susceptibilities of capitalist advertisers*"[236];
>
> en:
>
> "*There is an old saying that he who pays the piper calls the tune... A paper supported by bourgeois advertisers must of necessity pander to their prejudices as well as interests, and the peculiarly pale pink politics of the 'Guardian' is a case in point.*"[237]

Volgens Boydell het ***The Guardian*** se populariteit dit 'n goeie advertensiemedium gemaak[238] en baie gewag is dan ook gemaak van die koerant se sirkulasiesyfers. Reeds in die eerste aantal uitgawes is 'n gewaarborgde sirkulasie van 5 000 eksemplare per week

---

[234] Kyk *The Guardian*, 31.12.1921, p. 1; 19.01.1923, p. 3; 11.05.1923, p. 5 en 27.07.1923, p. 5, onderskeidelik.

[235] *Ibid.*, 31.12.1921, p. 1 (Concerning Advertising).

[236] *The International*, 12.10.1923, p. 1 (Many Workers are Saying).

[237] *Ibid.*, 23.05.1924, p. 7 ("Independent").

[238] T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 176.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
voorgehou en is daar gespog dat die enigste probleem wat lesers met die blad ondervind het, was dat daar nie genoeg kopieë beskikbaar was nie.[239] Klaarblyklik is die grootte van ***The Guardian*** gedurende 1922 verdubbel, die leesinhoud vermeerder en advertensietariewe feitlik met die helfte verminder. Daar is verder gespog dat dit een van die interessante koerante in Natal was. In die eerste verjaardaguitgawe is verklaar dat die sirkulasie ongeveer 7 000 kopieë per week was en dat ***The Guardian*** die enigste koerant in Suid-Afrika was wat sy gewaarborgde sirkulasiesyfers gepubliseer het. Die blad het onderneem om in die komende jaar (1923) as mondstuk te dien "*...through which the cry of the dispossessed for justice will resound*".[240]

The Guardian het die geloof in sy eie populariteit gewis gestand gedoen. Teen April 1923 was die weeklikse gewaarborgde sirkulasie 8 500 kopieë,[241] teen Mei 1923 9 200,[242] en volgens Boydell later selfs 10 000.[243] Teen Mei 1923 was die koerant ook in sentra buite Durban te koop, naamlik in Estcourt, Ladysmith, Pietermaritzburg, Vryheid, Empangeni, Kaapstad, Wynberg, Grahamstad, Kimberley, Kingwilliamstown, Port Elizabeth, Oos-Londen, Woodstock, Bloemfontein, Kroonstad, Boksburg, Brakpan, Benoni, Johannesburg, Germiston, Roodepoort, Pretoria, Springs, Potchefstroom en by alle spoorwegboekwinkels in die Unie. Die aanvraag vir die blad, so is beweer, het in "elke dorp" in Suid-Afrika toegeneem.[244]

Aangesien die koerant oor die dienste van 'n goeie spotprenttekenaar beskik het,[245] is die fenomenale groei en uitbreiding van ***The Guardian*** ook treffend geïllustreer. 'n Spotprent van Mei 1923, getitel: "The New Guardian", toon twee gedeeltes. In die helfte wat 1921

---

239 *The Guardian*, 31.12.1921, p. 1 (The People Say). Kyk ook *Ibid.*, 22.12.1922, p. 6 (Hoofartikel); *Ibid.*, 20.04.1923, p. 1 (Important Announcement).

240 *Ibid.*, 25.08.1922, p. 2 (City Chatter); *Ibid.*, 22.12.1922, p. 6 (Hoofartikel). Kyk ook *Ibid.*, 25.05.1923, p. 5 (The 'Guardian' in Court); *Ibid.*, 20.04.1923, p. 1 (Important Announcement).

241 *Ibid.*, 20.04.1923, p. 1 (Important Announcement). Kyk ook *Ibid.*, 04.05.1923, p. 1 (Price of Guardian to be 2d from May 18th).

242 *Ibid.*, 25.05.1923, p. 5 (The 'Guardian' in Court).

243 (SAB) A 75, Boydell Collection, Vol. 8, Political Career: Ongedateerde Toespraaknotas, p. 4; T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 176.

244 *The Guardian*, 20.04.1923, p. 1 (Important Announcement); *Ibid.*, 11.05.1923, p. 5 (May Day at Kimberley); *Ibid.*, 18.05.1923, p. 4 (Places where the "Guardian" can be obtained); *Ibid.*, 08.06.1923, p. 4 (Potchefstroom Notes) en (Places where the "Guardian" can be obtained).

245 T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 175.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
verteenwoordig, staar genl. Smuts, wat as regeringsverteenwoordiger as die blad se antagonis uitgebeeld word, af na 'n klein seuntjie, ***The Guardian***, wat in 'n blokkie, Natal, staan. Langs ***The Guardian*** staan kol. Creswell, wat die SAAP se morele steun aan die blad simboliseer, by twee inkkanne, getitel: "Vigour, Plain Speaking, Truth, Fair Wages, People's Government, Citizens Rights". In die helfte wat 1923 verteenwoordig, staar Smuts in verbasing na ***The Guardian*** , nou 'n groot man wat oor die hele Suid-Afrika uittroon. Verwysende na die inkkanne verklaar Creswell aan Smuts: *"That's the Stuff that makes Him Grow"*.[246] 'n Ander spotprent, getitel: "The Big Race", toon drie perde en ruiters wat oor 'n wenstreep, "Public Opinion", jaag. Die eerste perd simboliseer ***The Guardian***, die tweede "The Monopolists" en die derde die "Capitalist Press". Die subtitel is dan ook "The Winner All The Year Round".[247]

Die groei van ***The Guardian*** se sirkulasiesyfers is in 'n groot mate ook moontlik gemaak deurdat die CNA die publisering en verspreiding van die blad op 18 Mei 1923 oorgeneem het. Die nuwe prys sou voortaan twee pennies per eksemplaar wees en die nuwe jaarlikse intekengelde 11 sjielings.[248] As motivering vir die prysverhoging is verklaar dat, gesien in die lig van die toenemende aanvraag, kleinskaal produksie van ***The Guardian*** te duur vir die eienaars geword het. Daarteenoor het die CNA oor die nodige kapasiteit beskik om die blad koste-effektief te versprei. Ten einde die verspreidingskommissie aan die CNA te kon betaal, was die bestuur dus genoodsaak om die prys per eksemplaar na twee pennies te verhoog. Die redaksie was van mening dat die lesers gewillig sou wees om die verhoogde prys te betaal. Hulle sou graag wou toesien dat elke werker in die Unie die koerant lees en dat die verkope na 100 000 eksemplare per week sou styg aangesien ***The Guardian*** "*...has attained an influence unprecedented in the story of Labour jounalism in South Africa and its opponents are mortally afraid of it*".[249] Buitendien was daar, volgens die wete van die

---

[246] *The Guardian*, 18.05.1923, p. 5 (Spotprent).

[247] *Ibid.*, 06.07.1923, p. 1 (Spotprent).

[248] *Ibid.*, 20.04.1923, p. 1 (Important Announcement); *Ibid.*, 04.05.1923, p. 1 (Price of Guardian to be 2d from May 18th); *Ibid.*, 11.05.1923, p. 1 (Our Increased Price); *Ibid.*, 18.05.1923, p. 4 (New Subscription Rates). Kyk ook T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 175; J.C. Coetzee: *South African Newspapers on Microfilm*, p. 136; (SAB) A 75, Boydell Collection, Vol. 8, Political Career: Ongedateerde Toespraaknotas, p. 4; (DTI), file no. T2033, Vol. II, Central News Agency, Limited: Secretary – The Registrar of Companies, 30.12.1924.

[249] *The Guardian*, 20.04.1923, p. 1 (Important Announcement). Kyk ook *Ibid.*, 04.05.1923, p. 1 (Price of Guardian to be 2d from May 18th); *Ibid.*, 11.05.1923, p. 1 (Our Increased Price).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za.
redaksie, geen ander weekblad in Suid-Afrika wat vir minder as drie pennies verkoop is nie.[250]

Na aanleiding van gerugte wat versprei is dat ***The Guardian*** glo deur 'n prominente SAP-gesinde magnaat gekoop is, het die redaksie kategories verklaar dat afgesien van die verspreidingsooreenkoms met die CNA, daar geen verandering aangaande die eienaarskap of beheer van die blad plaasgevind het nie. Die oorspronklike eienaars het nog steeds al die aandele van The Guardian, Limited besit en was geensins van plan om enige daarvan te verkoop nie. Voorts is selfversekerd verklaar:

> "*The Guardian is the workers' paper. It has proved itself a champion of the oppressed right from its first issue. It has given the 'other side' from that commonly presented by the papers controlled by those who live by owing. It has no equivalent in the newspaper world of South Africa. It is unique.*"[251]

Die inhoud van ***The Guardian*** was nie slegs tot politieke beriggewing en kommentaar beperk nie, maar het ook onderwerpe soos musiek, vervolgverhale, sport en perdewedrenrubrieke ingesluit. Boydell erken self dat die akkurate inligting van die perdewedrenrubriek waarskynlik ook tot die stygende verkope van die blad bygedra het,[252] aangesien perdewedrenne 'n gewilde tydverdryf onder die blanke werkersklas van daardie tyd was.

Afgesien van die ontstaansrede vir ***The Guardian*** en die drie vennote in die saak se noue verbintenis met die SAAP, blyk die koerant se algehele pro-Arbeidersentimente ook duidelik uit die inhoud daarvan. Reeds op die eerste blad van die heel eerste uitgawe is 'n verwelkomingsartikel deur F.H.P. Creswell, die parlementêre leier van die SAAP, gepubliseer waarin hy die publikasie 'n lang en deugsame loopbaan toewens.[253] Boydell self het gereeld bydraes gelewer oor die Arbeidersparty se werksaamhede in die parlement

---

[250] *The Guardian*, 11.05.1923, p. 1 (Our Increased Price).

[251] *Ibid.*, 11.05.1923, p. 1 (Our Increased Price). Kyk ook *Ibid.*, 20.04.1923, p. 1 (Important Announcement).

[252] T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 175.

[253] *The Guardian*, 24.12.1921, p. 3 (F.H.P. Creswell: Vision and Reality). Kyk ook *The International*, 30.12.1912, p. 4 (The Guardian).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en oor SAAP-kongresse.[254] SAAP-taknuus en ander inligting aangaande partyaktiwiteite is gereeld gepubliseer,[255] terwyl foto's van die afgevaardigdes na die SAP se jaarkongres van 1923 by ***The Guardian*** te koop was.[256] ***The International*** het ook byvoorbeeld na ***The Guardian*** verwys as die "*Durban labour paper which presumably speaks more or less officially for the SALP parliamentary leaders*".[257] Daarby was die blad ook in voeling met arbeideraangeleenthede in Brittanje, aangesien artikels oor die aktiwiteite van die Britse Arbeidersparty gereeld verskyn het.[258] In die hoofartikel van 8 Junie 1923 is onomwonde verklaar:

> "*It is the sincere and straightforward desire of the 'Guardian' to see Labour dominate South Africa. It wants to see the Labour Party firmly entrenched in power, with a united and satisfied people behind it. And if Labour does not have that aim, then we say, quite frankly, that we cannot see the reason for the existence of a Labour Party...in South Africa...*"[259]

Kenmerkend van 'n arbeiderblad, het ***The Guardian*** in sy politieke kommentaar hom veral krities toegespits op groot kapitaal en sy meelopers. *Establishment*-koerante, of die "Financial Press", soos ***The Star*** en die ***Natal Advertiser***, was in diens van kapitalistiese organisasies soos die Kamer van Mynwese, wat Arbeiderleiers doelbewus en onregverdiglik in die oë van die publiek beswadder en die SAAP se beleid verdraai het.[260] Hiertoe het die SAP-gesinde pers bygedra.[261] Onder laasgenoemde het, benewens ***The Star*** en die ***Natal Advertiser***, ook die ***Cape Argus***, die ***Diamond Fields Advertiser***, die ***Rand***

---

[254] Kyk *The Guardian*, 25.02.1922, p. 1 (T. Boydell: The Essence of Parliament); *Ibid.*, 20.04.1923, p. 1 (T. Boydell: The Essence of Parliament); *Ibid.*, 04.05.1923, p. 1 (T. Boydell: The Essence of Parliament); *Ibid.*, 12.11.1923, p. 2 (T. Boydell: Labour Party Congress). Kyk ook *Ibid.*, 22.12.1922, p. 6 (Hoofartikel).

[255] Kyk bv. *Ibid.*, 11.05.1923, p. 5 (May Day in Cape Town), (Mr Jim Cowan) en (On the Move); *Ibid.*, 01.06.1923, p. 5 (Nomination of Candidates). Kyk ook S.W. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 150.

[256] *The Guardian*, 05.01.1923, p. 1 (Foto).

[257] *The International*, 27.04.1923, p. 2 (The United Front). Kyk ook *Ibid.*, 08.12.1922, p. 4 (His Master's Voice).

[258] Kyk bv. *The Guardian*, 23.11.1923, p. 1 (Do You Know); *Ibid.*, 07.12.1923, p. 3 (The British Elections); *Ibid.*, 01.02.1924, p. 3 (Labourites in British Parliament).

[259] *Ibid.*, 08.06.1923, p. 4 (Hoofartikel).

[260] *Ibid.*, 22.12.1922, p. 6 (Hoofartikel); *Ibid.*, 19.01.1923, p. 3 ("The Tramp": Giving a Dog a bad Name); *Ibid.*, 18.05.1923, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 01.06.1923, p. 5 (Points of View).

[261] *Ibid.*, 02.02.1923, p. 5 (Spotprent); *Ibid.*, 20.07.1923, p. 1 (Spotprent).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Daily Mail, die ***Natal Witness***, die ***East London Dispatch***, die ***Cape Times*** en die ***Natal Mercury*** getel wat almal "organs of big financial groups" was,[262] en "...bows the knee to Baal".[263]

The Guardian se spotprente het ook die Hoggenheimer-tema aangeraak. Kommentaar is gelewer op die hoë lewensduurte, waar die werkers hongerlone deur die Kamer van Mynwese ter wille van maksimum goudprofyte betaal is, en op buitelandse kapitalistiese eksploitasie van Suid-Afrika, wat met die medewerking van die SAP-regering toegelaat is.[264] Derhalwe was die blad se kritiese kommentaar verder veral op die SAP-regering gerig.[265] Anti-SAP-spotprente het die regering se gedienstigheid aan groot kapitaal, sy swak finansiële bestuur en sy beleid, wat groot profytneming toegelaat het vir finansiers van lewensnoodsaaklike middele ten koste van noodlydende landsburgers, uitgebeeld.[266]

Klaarblyklik het die anti-SAP-sentimente in die kolomme van ***The Guardian*** wrewel by 'n Natalse SAP-organiseerder, J.H. Blaney, ontketen. ***The International*** het 'n omsendskrywe van Blaney gepubliseer waarin hy onder andere die volgende aangaande ***The Guardian*** te sê gehad het:

> "*This paper...has now become practically the official organ of the Labour-Socialist Party* (sic), *and is to-day a medium of disseminating reactionary propaganda of a most violent type... For some time past it has been felt that some effort must be made to combat the growing influence of the 'Guardian' with its dangerous doctrines...*"[267]

---

[262] *The Guardian*, 27.04.1923, p. 4 (Hoofartikel).

[263] *Ibid.*, 08.07.1922, p. 3 (Hoofartikel).

[264] Kyk *Ibid.*, 09.02.1923, p. 5 (Spotprent) en *Ibid.*, 01.06.1923, p. 5 (Spotprent), onderskeidelik.

[265] T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 176. Kyk ook *The Guardian*, 18.05.1923, p. 5 (Labour's Debt to Smuts).

[266] Kyk *The Guardian*, 19.01.1923, p. 5 (Spotprent); *Ibid.*, 09.03.1923, p. 5 (Spotprent); *Ibid.*, 11.05.1923, p. 5 (Spotprent) en *Ibid.*, 17.08.1923, p. 1 (Spotprent), onderskeidelik. Kyk ook *Ibid.*, 25.05.1923, p. 5 (Spotprent) en *Ibid.*, 27.07.1923, p. 1 (Spotprent).

[267] *The International*, 10.11.1922, p. 3 (The Hammer).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens ***The International*** is daar in die lig van die omsendskrywe inderdaad ook 'n veldtog van stapel gestuur wat hom ten doel gestel het om ***The Guardian*** sy advertensies te ontneem.[268]

The Guardian het ongeveer vyf jaar lank bestaan. Die laaste uitgawe het op 31 Desember 1926 verskyn. Toe Reyburn ook as Arbeiderparlementslid verkies is en twee-derdes van die bestuur sodoende meer tyd in Kaapstad as Durban moes deurbring, het dit onmoontlik geraak om effektief aandag aan die blad te gee en dit na behore te bestuur. Alle uitstaande skulde is egter uitbetaal voordat ***The Guardian*** se deure finaal gesluit het.[269]

Waar ***The Guardian***, net soos ***The Evening Chronicle*** en ***The Labour World***, die SAAP slegs as 'n nie-amptelike mondstuk ondersteun het, was daardie steun tog, soos ook in die ander gevalle, van onontbeerlike waarde. Maar tesame met ander kopsere, soos organisatoriese probleme en 'n gebrek aan fondse om verkiesings effektief mee te veg, het die Arbeidersparty teen die twintigerjare nog steeds nie oor 'n doeltreffende amptelike kommunikasiemedium beskik waardeur sy propaganda en beleidsrigtings die kieserspubliek kon beskik nie. Hierdie leemte het ***The Guardian*** in 'n hoofartikel van Januarie 1923 hard en duidelik uitgewys:

> "*It* [die SAAP] *has practically no Press. The other people own the daily press and most of the weeklies, even some pseudo Labour weeklies. Day by day, evening by evening, its views are hammered out, and the constant reiteration has its undoubted effect. The Press is a mighty organ. On it people depend for their news, and when the news is 'faked', as is customary in South Africa, then the party that has no Press is handicapped.*"[270]

---

[268] *The International*, 10.11.1922, p. 3 (The Hammer).

[269] (SAB) A 75, Boydell Collection, Vol. 8, Political Career: Ongedateerde Toespraaknotas, pp. 4 – 5; T. Boydell: "*My Luck Was In*", pp. 175, 176; B.M. Schoeman: *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910 – 1976*, p. 131; M.P.A. Malan en M.C. van Rensburg: *Verkiesingsuitslae 1920 – 1943*, p. 66; J.C. Coetzee: *South African Newspapers on Microfilm*, p. 31. Ten spyte van gegewens in die publikasie van Coetzee, kon geen eksemplare van *The Guardian* van 1924 opgespoor word nie en het klaarblyklik verlore gegaan.

[270] *The Guardian*, 12.01.1923, p. 4 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.5 THE PEOPLE'S PRESS LIMITED

'n Verdere poging om 'n werkersblad in Johannesburg op te rig, is geïnisieer toe 'n aantal persone, verteenwoordigend van die SAAP en prominente vakbonde, op 23 Maart 1922 in die raadsaal van die SATU vergader het. Hulle was F.H.P. Creswell (van die SAAP), E. Cresswell (algemene sekretaris en later president van die Transvaal Shop Assistants, Warehousemen and Clerks Union), I.L. Walker (algemene sekretaris van die SATU), W. Blake (algemene sekretaris van die Building Workers'Industrial Union), T.G. Macfie (afgetrede hooflanddros van Johannesburg), A.S. Elston (algemene sekretaris van die AEU), W.J. McIntyre, W. Rostin, H. Silburn (president van die South African Reduction & Surface Workers' Association), G.R. Matravers en J. Erasmus ('n voormalige hoofverslaggewer van die ***Rand Daily Mail*** wat die arbeiderbeweging baie simpatiek gesind was).[271] Daarby was E. Cresswell tydens beide die algemene verkiesings van 1915 en 1921 'n onsuksesvolle Arbeiderkandidaat in die kiesafdeling Krugersdorp. W.J. MacIntyre, weer, het die kiesafdeling Bezuidenhout tydens die algemene verkiesing van 1920 vir die SAAP verower, maar dit weer in die algemene verkiesing van 1921 verloor.[272]

Tydens hierdie vergadering is voorgestel dat 'n maatskappy gestig moes word wat 'n drukkery, met die oog op die uitgee van 'n onafhanklike koerant, tot stand moes bring. Volgens Walker sou die te stigte maatskappy hom ook ten doel stel om die vakbonde se druk- en setwerk te bekom wat tot 'n versekerde en aansienlike wins sou lei. 'n Sub-komitee, bestaande uit F.H.P. Creswell, Macfie, Blake, Walker en Erasmus, sou die

---

[271] (WCL) SAIF Collection, Box Bd 9.1, file AH 646/Bd 9.1, SAIF Memoranda Publications, People's Press, 1922: Minutes of a preliminary meeting re foundation of company to be known as the People's Press Ltd, 23.03.1922; *Ibid.*, Draft Copy of Prospectus of the People's Press Limited: Directors; *Ibid.*, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence People's Press, 1922 – 1924: Prospectus of The People's Press Limited, 05.05.1922; I.L. Walker and B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 277.

[272] B.M. Schoeman: *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910 – 1976*, pp. 57, 80, 108, 115; I.L. Walker and B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 322; M.P.A. Malan en M.C. van Rensburg: *Verkiesingsuitslae 1910 - 1943*, p. 64; *De Burger*, 11.03.1920, p. 5 (Die Volksraadverkiesinge); *Ibid.*, 16.03.1920, p. 5 (Lede van die nuwe Parlement); *Ibid.*, 16.02.1921, p. 6 (Volksraadsverkiesing, 1921).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
moontlikhede van sodanige maatskappy ondersoek wat uiteindelik tot die ontstaan van 'n weekblad moes lei.[273]

Tydens 'n opvolgvergadering van die provisionele direksie is 'n finansiële sub-komitee, bestaande uit Macfie, Walker en Erasmus, aangestel met die bevoegdheid om uitgawes aan te gaan.[274] Volgens die verslag van die geldinsamelingskema was dit noodsaaklik om die verkope van aandele in die te stigte maatskappy met die uitgawe van die maatskappyprospektus aggressief te bemark. Daar is voorgestel dat die dienste van die direkteure en goedgekeurde simpatiseerders, ondersteuners, vakbondsekretarisse, Arbeiderlede op stadsrade, in provinsiale rade en die parlement, SAAP-takke en soortgelyke organisasies, asook goedgekeurde werwingsagente op 'n kommissiebasis van 5 %, vir hierdie doel bekom word. Omsendskrywes sou aan takke van vakbonde en die SAAP gestuur word waarin hulle versoek sou word om aan die provisionele direksie spreekbeurte te verleen ten einde die verkope van aandele te bevorder. Verder is voorgestel dat 1 000 tot 3 000 kopieë van die maatskappyprospektus en memorandum van assosiasie vir verspreiding gedruk moes word.[275]

Op 5 Mei 1922 is die prospektus van The People's Press Limited in Johannesburg uitgegee. Die nominale kapitaal van die te stigte maatskappy sou bestaan uit £7 500, verdeel in 10 000 aandele van 5 sjielings elk en 5 000 aandele van £1 elk. Die direkteure sou F.H.P. Creswell, T.G. Macfie, W. Blake, E. Cresswell, A.S. Elston, I.L. Walker, H.W. Green (algemene organiserende sekretaris van die Amalgamated Society of Wood Workers), E.S. Hendrikz (algemene sekretaris van die SAMWU), B. Simpkins (vise-president van die SA Reduction and Surface Workers' Association) en R. Tennent (algemene sekretaris van die Amalgamated Engine Drivers' and Firemen's Association) wees. J. Erasmus sou die maatskappysekretaris en tesourier wees.[276]

---

[273] (WCL) SAIF Collection, Box Bd 9.1, file AH 646/Bd 9.1, SAIF Memorandum Publications, People's Press, 1922: Minutes of a preliminary meeting re formation of company to be known as the People's Press Ltd, 23.03.1922.

[274] *Ibid.*, Minutes of a meeting of the Provisional Board of Directors, 09.05.1922, p. 4.

[275] *Ibid.*, The People's Press, Ltd: Collection Scheme Report.

[276] (WCL) SAIF Collection, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence People's Press, 1922 – 1924: Prospectus of The People's Press Limited, 05.05.1922.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die doelstellings van die beoogde maatskappy is soos volg uiteengesit:

"1. *To establish a printing press primarily for the work of the Trades Unions and adherents to Labour, and for the printing of a Weekly Paper;*

2. *To establish a Weekly Paper;*

3. *To lay the foundations for the ultimate establishment of a Daily Newspaper; and*

4. *To establish a Statistical Bureau.*"[277]

In die memorandum van assosiasie is onder andere ook verklaar dat die maatskappy as 'n handelsaak as drukkery, uitgewery, boekhandelaar en handelaar in skryfbehoeftes sou optree. Voorts sou dit poog om tydskrifte, nuusblaaie, boeke en ander literêre werke en publikasies uit te gee.[278]

Die doelstellings van die maatskappy is verder breedvoerig in die prospektus gemotiveer. Die oprigters het onder meer bereken dat die vestiging van 'n drukpers met sy masjinerie vir die uitgee van 'n weekblad in daardie stadium ten minste £2 500 sou kos. Die voordele wat die besit van 'n eie drukpers vir die arbeiderbeweging ingehou het, was egter voor-die-hand-liggend.[279] Dit is interessant dat geen naam vir die te stigte weekblad in die finale prospektus geopper word nie, maar volgens 'n konsep prospektus, wat slegs onder die provisionele direkteure gesirkuleer is, sou die blad klaarblyklik die ***SA Truth*** heet.[280] Die weekblad sou, sodra die nodige kapitaal onderskryf sou wees, uitgegee word.

---

[277] (WCL) SAIF Collection, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence People's Press, 1922 – 1924: Prospectus of The People's Press Limited, 05.05.1922.

[278] *Ibid.*, Memorandum of Association of the People's Press Limited, 28.04.1922.

[279] (WCL) SAIF Collection, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence People's Press, 1922 – 1924: Prospectus of The People's Press Limited, 05.05.1922.

[280] *Ibid.*, Box Bd 9.1, file AH 646/Bd 9.1, SAIF Memoranda Publications, People's Press, 1922: Preliminary Statement re proposed People's Press. I.v.m. die Randse weekblad *Truth*, kyk ook p. 146 hierbo. Geen verbintenis, indien enige, tussen daardie blad, Erasmus en die voorgestelde *SA Truth*, kon egter gevind word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jack Erasmus, wat ook die sekretaris en tesourier van The People's Press Limited sou wees, sou die eerste redakteur wees. Sy aanstelling sou vir drie jaar geld, tesame met 'n raadgewende komitee, bestaande uit drie persone uit die geledere van die direksie. Aangesien Erasmus bereid was om persoonlik £1 000 in die onderneming te belê, sou dit verseker word in verbandskuldbriewe teen 'n koers van ses persent.[281]

Erasmus, wat die inisieerder en dryfkrag agter die hele projek was,[282] het uit Nieu-Seeland na Suid-Afrika geëmigreer. Hy het aanvanklik die sosialisme aangehang en was in Kaapstad 'n stigterslid van die SDF, waarvan hy 'n tyd lank ook die sekretaris was. Hy het in die stad as verslaggewer by die ***South African News*** gewerk en het ook die blad se arbeidrubriek behartig. Erasmus, wat die litêre brein van die organisasie was, was vir een uitgawe die redakteur van die SDF se mondstuk, ***The Cape Socialist***. Hy het egter as redakteur bedank as gevolg van 'n verskil in opinie met ander SDF-lede oor die titel van die blad. Later het hy na Johannesburg verhuis om die gemelde pos by die ***Rand Daily Mail*** op te neem. Klaarblyklik was hy teen 1910 ook 'n lid van die administratiewe raad van die SAAP.[283]

Die prospektus het beloof dat die te stigte koerant "*...absolutely independent of all financial influences, and fearless in its treatment of public affairs*" sou wees, die belangrikste nuus van die week ewewigtig sou rapporteer en 'n "skoon" en interessante blad vir die huis sou wees. Dit was duidelik dat die blad op die blanke werkersklas gerig sou wees. Die prospektus het verklaar dat "*...it will advocate the policy of South Africa as a white man's country, pledged to maintain civilised standards of life therein*". Interessant genoeg is geen direkte, pertinente verbintenis aan Arbeid verklaar nie. In die konsepprospektus is aangaande die beoogde koerant verklaar dat dit "*...will be primarily a Labour organ devoted to the exposition of the Labour cause and the honest discussion of difficult problems which confront the white people of South Africa*". In die finale prospektus is die

---

281 (WCL) SAIF Collection, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence People's Press, 1922 – 1924: Prospectus of the People's Press Limited, 05.05.1922.

282 *Ibid.*, Box Bd 9.1, file AH 646/Bd 9.1, SAIF Memoranda Publications, People's Press, 1922: J. Erasmus – Provisional Board, 03.07.1922.

283 W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa 1903 – 1947*, pp. 4, 9 – 10; H. Pike: *A History of Communism in South Africa*, p. 68; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 327, 464, 557. I.v.m. *The Cape Socialist*, kyk ook hfst. 5, p. 204.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

woorde "Labour" (organ) en "white" (people) egter weggelaat, terwyl die woorde "Labour cause" na "democratic cause" verander is.[284]

Winste voorspruitend uit The People's Press Limited se drukkersaak sou in die eerste plek aangewend word ter ondersteuning van die vestiging van 'n weekblad. Indien nie meer vir daardie doel benodig nie sou 'n dividend teen 'n maksimum koers van ses persent per jaar verklaar word en alle profyte daarbenewens verkry, sou aangewend word ter ondersteuning van die stigting van 'n dagblad en 'n statistiese buro. Om 'n dagblad te kon stig, sou egter groot kapitale uitgawes behels, soos duur ingevoerde masjinerie, 'n uitgebreide organisatoriese struktuur en 'n spesiale kabeldiens. Desondanks was die provisionele direkteure van mening dat gebeure van veral die "onlangse verlede" (wat na alle waarskynlikheid op die gebeure van die algemene staking van 1922 gedui het) die daarstelling van 'n dagblad "*...of public opinion independent of all financial influences*" genoodsaak het.[285]

In die getikte weergawe van die konsep prospektus, en wat ook nie in die finale prospektus vervat is nie, is die volgende doelstellings vir die daarstelling van 'n dagblad uitgestip:

"1. *The emancipation of the political and industrial life of South Africa along constitutional lines from control by cosmopolitan money power and by the economic and political ideas it diseminates among the people.*

2. *The maintenance of civilised standards of life in South Africa.*

3. *The presentation of all phases of Labour Movement thought with a view to:*

   a) *The honest exposition of the difficult problems which confront*

---

[284] Vgl. (WCL) SAIF Collection, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence People's Press, 1922 – 1924: Prospectus of The People's Press Limited, 05.05.1922, met *Ibid.*, Box Bd 9.1, file AH 646/Bd 9.1, SAIF Memoranda Publications, People's Press, 1922: Draft Prospectus of The People's Press Ltd. Geen ander dokumentasie ter verklaring van die veranderings kon egter opgespoor word nie.

[285] (WCL) SAIF Collection, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence People's Press, 1922 – 1924: Prospectus of The People's Press Limited, 05.05.1922.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

us as a people.

b) *Placing before all classes of Society the facts of public questions as they arise*".[286]

Om as 'n direkteur van The People's Press Limited te kon kwalifiseer, moes die betrokkenes in besit wees van aandele ter waarde van ten minste £5. Dit is verder duidelik gestel dat die direkteure aandele eers sou toeken indien op 75 persent van die aangebode kapitaal ingeteken sou word en indien £2 812 10s kontant in aandeleverkope ingesamel sou wees. So nie, sou alle intekengelde ten volle terugbetaal word.[287]

Maar al die idealistiese voornemens ten spyt, sou die skema van aandeleverkope en kapitaalinsameling, en daarmee saam die pogings om 'n maatskappy te stig, spoedig die wind van voor kry. Tydens 'n vergadering van die provisionele direkteure van 3 Julie 1922 het die voorsitter daarop gewys dat daar nog £1 290 10s 0d kontant benodig is voordat aandele in The People's Press Limited toegeken kon word. In daardie stadium was daar dus nog nie genoeg aandeelhouers gewerf om die maatskappy te kon oprig nie. Daar is selfs voorgestel dat die nominale kapitaal na £6 000 verlaag moes word, maar uiteindelik is besluit om dit by £7 500 te hou.[288]

Tydens 'n vorige vergadering van die provisionele direkteure, wat op 1 Julie 1922 gehou is, het die sekretaris die volgende verslag aangaande die verkope van aandele en die insameling van kapitaal voorgehou: Die tydperk om voldoende kapitaal te werf voordat die te stigte The People's Press Limited volgens die prospektus van 5 Mei 1922 aandele sou toeken, het op 14 Julie 1922 verstryk. Maar teen 10 Junie 1922 het die totale kontantbedrag wat ontvang is, nog slegs £617 10s 6d van die beoogde £7 500 bedra. Dit het dus beteken dat daar in daardie stadium nog nie op 75 persent van die aangebode kapitaal ingeteken was soos in die prospektus vereis is nie. Weliswaar het die SATU, die Building Workers' Industrial Union en enkele indiwidue aansienlike bydraes gemaak en is die finansiële

---

[286] (WCL) SAIF Collection, Box Bd 9.1, file A.H. 646/Bd 9.1, SAIF Memoranda Publications, People's Press, 1922: Typed draft copy of prospectus.

[287] *Ibid.*, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence People's Press, 1922 – 1924: Prospectus of The People's Press, 05.05.1922.

[288] (WCL) SAIF Collection, Box Bd 9.1, file AH 646/Bd 9.1, SAIF Memoranda Publications, People's Press , 1922: Minutes of a meeting of the Provisional Board of Directors, 03.06.1922.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

komitee ook geldelike steun van ander vakbonde belowe sodra hulle finansiële posisie sou verbeter. Die finansiële komitee het verskeie vergaderings toegespreek waartydens steun vir The People's Press Limited uitgespreek is. Sommige vakbonde het self kollektelyste om aandele in die te stigte maatskappy te koop onder hulle lede gesirkuleer, maar baie simpatiseerders en ondersteuners van die skema was as gevolg van finansiële druk nie daartoe in staat om bydraes te lewer nie. Daarby het die finansiële komitee gekla dat die geldinsamelingskema feitlik geen steun van Arbeiderlede in die parlement, provinsiale rade of stadsrade ontvang het nie en dat 95 persent van die briewe wat aan sodanige persone en aan vakbonde uitgestuur is, nooit beantwoord is nie. Ook het die meeste van die benoemde direkteure in daardie stadium nog nie vir hulle verpligte aandele ter waarde van ten minste £5 betaal nie. Dit alles het beteken dat die beoogde maatskappy nog meer as £2 000 kortgekom het voordat aandele toegeken kon word.[289]

Om sake te vererger, het Erasmus op 3 Julie 1922 as sekretaris van die provisionele raad van direkteure bedank. Dit wil voorkom of 'n verskil oor die prosedure om die beoogde weekblad tot stand te bring 'n groot rol in sy bedanking gespeel het. Klaarblyklik wou Erasmus die blad onmiddellik loods met die £1 000 wat hy bereid was om voor te skiet. Die meerderheid van die oprigters wou egter hê dat allereers 'n maatskappy vir daardie doel gestig moes word. Om uiteindelik tot hierdie stap te kon oorgaan, het op sy beurt weer tot onvoorsiene vertragings gelei. Erasmus het sy volle aandag aan die oprigting van The People's Press Limited gewy sonder dat sy kapitaal, waarmee sy gesin onderhou moes word, aangevul is. In sy bedankingsbrief het Erasmus ook vermeld dat gegewe die feit dat verskeie ander koerante in Johannesburg uitgegee is en die feit dat die heersende finansiële klimaat in die stad en die vakbonde in daardie stadium baie ongunstig was, dit raadsaam sou wees om die uitgee van die beoogde arbeiderblad vir 'n aantal maande uit te stel. Intussen sou hy sy inkomste elders moes gaan verdien wat sou beteken dat hy vir 'n paar maande uit Johannesburg afwesig sou wees.[290] Erasmus se totale uitgawes tydens die loodsing van die hele projek tot met sy bedanking as sekretaris, het £400 bedra.[291]

---

[289] (WCL) SAIF Collection, Box Bd 9.1, file AH 646/Bd 9.1, SAIF Memoranda Publications, People's Press, 1922: Secretarys report for financial committee, 01.07.1922, pp. 1 – 4.

[290] (WCL) SAIF Collection, Box Bd 9.1, file AH 646/Bd 9.1, SAIF Memoranda Publications, People's Press, 1922: J. Erasmus – Provisional Board, 03.07.1922.

[291] *Ibid.*, Financial Statement.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die lig van bogenoemde verwikkelinge het die provisionele direksie ernstig besin of daar enigsins voortgegaan moes word met pogings om die maatskappy te stig, maar uiteindelik tog besluit om 'n verdere poging aan te wend om die nodige kapitaal te bekom.[292] In 'n omsendskrywe aan voornemende aandeelhouers, gedateer 3 Julie 1922, het Erasmus verduidelik dat daar tot op daardie tydstip op aandele ter waarde van £2 279 10s 0d ingeteken was waarvan £991 16s 6d in kontant opbetaal was. Maar soos die prospektus aangedui het, kon geen aandele toegeken word voordat op aandele ter waarde van £5 625 ingeteken is en £2 812 10s 0d in kontant ingesamel is nie. Die provisionele direkteure was van mening dat die heersende ekonomiese depressie vir hierdie toedrag van sake verantwoordelik was. Nogtans sou die direkteure hulle organiseringswerk voortsit in 'n poging om die nodige kapitaal te bekom en die hoop is uitgespreek dat die intekenaars hulle geld steeds in die hande van die provisionele direksie sou laat.[293]

Klaarblyklik is daar teen April 1923 'n hernude poging aangewend om The People's Press Limited op te rig. Die tweede prospektus het soos die oorspronklike ook verklaar dat die nominale kapitaal uit £7 500 sou bestaan, verdeel in 10 000 aandele van 5 sjielings elk en 5 000 aandele van £1 elk. Maar in hierdie geval is slegs aandele ter waarde van £4 000 onmiddellik vir intekening aangebied. Die nuwe provisionele direkteure sou T.G. Macfie, E. Cresswell, I.L. Walker, H.W. Green, R. Tennet, J.M. Hume (sekretaris van die sentrale distrikskomitee van die AEU), A.A. Moore (algemene sekretaris van die SA Reduction and Surface Workers' Association), W. Price (die nuwe algemene sekretaris van die SAMWU) en G. Somerville (die nuwe algemene sekretaris van die Building Workers' Industrial Union) wees. J. Wilson sou die maatskappysekretaris en tesourier wees.[294] Dit blyk ook dat Wilson tydens die Transvaalse provinsiale raadsverkiesing van 1920 die setel Jeppes vir die SAAP verower het.[295]

---

[292] (WCL), SAIF Collection, Box Bd 9.1, file AH 646/Bd 9.1, SAIF Memoranda Publications, People's Press, 1922: Minutes of a meeting of the provisional board of directors, 03.07.1922.

[293] *Ibid.*, J. Erasmus Circular.

[294] (WCL) SAIF Collection, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence Peoples Press, 1922 – 1924: People's Press Ltd. Circular, 20.04.1923; *Ibid.*, Peoples Press Ltd. Circular, 04.05.1923; *Ibid.*, Box Bd 9.1, file AH 646/Bd 9.1, SAIF Memoranda Publications, People's Press, 1922: Prospectus of The People's Press Limited.

[295] Kyk *De Burger*, 27.08.1920, p. 5 (Tvl. Provinsiale Raads Eleksie) en *Ons Vaderland*, 27.08.1920, p. 5 (Uitslage Provinsiale Verkiesing).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 'n omsendskrywe van 1 Mei 1923, gerig aan vakbonde, het die provisionele direkteure verklaar dat tot op daardie tydstip op aandele ter waarde van £2 359 16s 2d ingeteken was waarvan £1 074 10s 11d van die vereiste £2 812 10s 0d in kontant opbetaal was. Volgens die skrywe was dit belangrik dat die grootste gedeelte van die benodigde kapitaal van vakbondlede verkry sou word sodat hulle beheer oor die te stigte maatskappy sou kon uitoefen. Daar is egter ook beoog om 'n minderheid subskripsieaandele aan ondersteuners buite die arbeiderbeweging uit te reik, maar dit sou onderhewig aan goedkeuring deur die provisionele direkteure wees.[296] In 'n omsendskrywe aan die provisionele direkteure het die voorsitter egter verklaar dat die suksesvolle werwing van intekenaars by hulle persoonlike werwingspogings berus het.[297]

Maar ook hierdie tweede poging tot maatskappystigting sou tot mislukkig gedoem wees, hoofsaaklik om finansiële redes en apatie onder vakbondlede, en veral as gevolg van die ekonomiese depressie en werkskaarste waarin die Witwatersrand hom in die vroeë twintigerjare bevind het.[298] Dit blyk verder dat die kompetisie en gevestigde sirkulasie van ***The Guardian*** onder die werkersklas 'n bydraende faktor tot die onsuksesvolle stigtingspogings van The People's Press Limited was.[299] Teen ongeveer Junie 1923 het die inkomstes £96 5s 9d en die uitgawes £104 1s 6d bedra. Laasgenoemde het eersgenoemde dus met £7 17s 0d oorskry.[300] Alhoewel die provisionele direksie van mening was dat die balans van die benodigde kapitaal wel buite die kring van die arbeiderbeweging verhaal sou kon word, sou dit ten onregte die arbeiderkarakter van die poging tot maatskappystigting verander. Gevolglik is daar uiteindelik besluit om die hele skema te likwideer en alle intekengelde terug te betaal.[301] Tog is daar vanuit verskeie oorde in arbeidergeledere spyt

---

[296] (WCL) SAIF Collection, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence People's Press, 1922 – 1924: The People's Press Ltd. Circular, 01.05.1923; *Ibid.*, The People's Press, Limited Circular, 12.06.1923.

[297] *Ibid.*, People's Press Ltd. Circular, 12.06.1923.

[298] Kyk bv. (WCL) SAIF Collection, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence People's Press, 1922 – 1924: B.A. Wilter – I. Walker, 06.06.1923; *Ibid.*, W.B. Moore – T.G. Macfie, 08.06.1923; *Ibid.*, The People's Press Ltd. – SATU Secretary, 31.07.1923; *Ibid.*, SATU Secretary – T.G. Macfie, 08.08.1923.

[299] *Ibid.*, I.L. Walker – T.G. Macfie, 19.05.1923; *Ibid.*, F.J. Maree – The People's Press Ltd. Secretary, 07.07.1923.

[300] *Ibid.*, The People's Press Limited in Liquidation.

[301] *Ibid.*, The People's Press Ltd – SATU Secretary, 31.07.1923; *Ibid.*, J. Wilson – E. Cresswell, 17.08.1923, *Ibid.*, J. Wilson Circular, 07.01.1924.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
uitgespreek dat die werkers nie die geleentheid aangegryp het om 'n eie mondstuk op die been te bring nie.[302]

4.6 ANDER ARBEIDERSIMPATIEKE KOERANTE

Laastens verdien enkele uitstaande aspekte aangaande nuusblaaie wat die Arbeidersaak gesteun het opklaring. In Julie 1917 is die uitvoerende komitee van die SAAP deur Catesby Holland versoek om intekenaars vir ***The South African Review*** te werf.[303] Die versoek is ook aan die party se administratiewe raad herhaal.[304] Wat die verbintenis, indien enige, tussen Holland en ***The South African Review*** was, kon nie vasgestel word nie, maar dit blyk wel dat hy die setel Parktown onsuksesvol vir die Arbeidersparty tydens die Transvaalse provinsiale raadsverkiesing van 1920 beveg het.[305]

The South African Review was 'n radikale onafhanklike weekblad wat in Kaapstad uitgegee is.[306] Op die oog af sou dit kon lyk of die blad die SAAP polities ondersteun het. Downes verklaar juis dat Alfred Palmer, die redakteur van ***The South African Review***, die werkers vriendelik gesind was,[307] terwyl S.P. Bunting daarna verwys as "*a Capetown weekly with Labour tendencies*".[308] So is daar by geleentheid byvoorbeeld 'n foto van die SAAP se parlementslede van 1920 geplaas,[309] rubrieke aangaande SAAP-aangeleenthede is van tyd tot tyd gepubliseer[310] en prominensie is ook aan artikels van Arbeiderleiers soos

---

302 (WCL) SAIF Collection, Box Bc 6, file AH 646/Bc 6, SAIF Correspondence People's Press, 1922 – 1924: F.J. Nance – The People's Press Ltd Secretary, 07.07.1923; *Ibid.*, SATU Secretary – T.G. Macfie, 08.08.1923; *Ibid.*, Pryor – J. Wilson, 03.12.1923; *Ibid.*, H.A. Clark – The People's Press Ltd Secretary, 03.12.1923.

303 (JOB) SALP Collection, Minute Book 2, Minutes of an Ordinary Meeting of the Executive Committee, 04.07.1917, p. 105: Review.

304 *Ibid.*, Minute Book 13, Minutes of the Administrative Council, 05.08.1917, p. 50: SA Review.

305 Kyk *De Burger*, 09.01.1920, p. 5 (Aanstaande Eleksie); *Ibid.*, 27.08.1920, p. 5 (Tvl. Provinsiale Raads Eleksie) en *Ons Vaderland*, 27.08.1920, p. 5 (Uitslage Provinsiale Verkiesing).

306 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 8, 315; M. Kentridge: *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*, p. 93. R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 229, se siening dat die *Review* "konserwatief" was, blyk moontlik 'n persoonlike, subjektiewe siening te wees.

307 A.J. Downes: *Printers' Saga*, p. 75. Kyk ook H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 51, 166 – 167, 269.

308 S.P. Bunting: *"Red Revolt". The Rand Strike Janaury - March*, 1922, p. 5.

309 *The South African Review*, 23.07.1920, p. 7 (South African Labour Party, Parliamentary Members, 1920).

310 Kyk bv. *Ibid.*, 30.07.1920, p. 5 (SA Labour Party Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

F.H.P. Creswell verleen.[311] Spotprente, wat krities teenoor groot kapitaal, en teenoor die magnate se samewerking met die regering gestaan het, is gereeld gepubliseer.[312] Daarby het die blad beslis negatiewe sentimente tenoor mynmagnate geopenbaar.[313] Oor die Arbeidersparty se dilemma, wat nie oor 'n eie mondstuk beskik het nie, het ***The South African Review*** byvoorbeeld in 1922 geskryf:

> "*That Labour with no daily press to give even an impartial presentation of its case, invariably fights these disastrous fights* [die mynstaking van 1922] *with one hand tied behind its back.*"[314]

In die lig van die voorafgaande is dit gevolglik nie verbasend nie dat die SAP-koerante die blad as 'n "*hidebound Labour Party organ*" en as "*...a journal whose independence of outlook has been entirely sacrificed to the binding hold of party politics in the narrowest sense*",[315] uitgekryt het nie. In reaksie op hierdie beskuldiging het ***The South African Review*** verklaar:

> "*We do indeed own, and are proud to confess, very real sympathy with the Labour Party. But we must repeat that the REVIEW is and independent weekly journal of comment.*"[316]

In verhouding tot sy algemene artikels, rubrieke, nuusberigte en kommentaar, het ***The South African Review*** eintlik min inligting aangaande die SAAP in sy inhoud weerspieël. Die blad was polities inderdaad onafhanklik. Geen direkte verbintenis met die SAAP kon opgespoor word nie en daarom kan hierdie koerant ook nie as 'n nie-amptelike ondersteuner of mondstuk van die party beskou word nie.

---

311 *The South African Review*, 27.01.1922, p. 7 (F.H.P. Creswell: The Situation on the Rand).

312 Kyk bv. *Ibid.*, 05.03.1920, p. 21 (The Weekly Whirligig); *Ibid.*, 06.08.1920, p. 15 (The Weekly Whirligig); *Ibid.*, 24.09.1920, p. 15 (The Weekly Whirligig) en *Ibid.*, 01.10.1920, p. 15 (The Weekly Whirligig).

313 Kyk bv. *Ibid.*, 07.09.1923, p. 22 (Over the Walnuts).

314 *Ibid.*, 13.01.1922, p. 9 (On Dit).

315 *Ibid.*, 18.04.1924 (The "Review" and Independent Organ!).

316 *Ibid.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tydens die algemene verkiesing van 1924 het die Nasionaliste en die Arbeiders van Transvaal besluit om gesamentlik 'n dagblad, ***The Pact Bulletin***, onder leiding van I.L. Walker en H.G. Trollip vir die duur van die verkiesingsveldtog aan die Rand uit te gee aangesien die Engelstalige SAP-pers erg verdraaide berigte oor die Pakt gepubliseer het. Die eerste uitgawe het op 20 Mei 1924 verskyn en was hoofsaaklik in Engels, met enkele kolomme in Afrikaans.[317] Alhoewel daar verklaar is dat ***The Pact Bulletin*** teen 'n koste van £314 6s 5d een van die SAAP se grootste verkiesingsuitgawes was,[318] kon geen verdere inligting aangaande hierdie publikasie of enige eksemplare daarvan opgespoor word nie.[319]

Dat die gebrek aan 'n eie mondstuk die SAAP polities deurgaans aan bande gelê het, blyk dus duidelik in hierdie en die voorafgaande hoofstuk. Met die oog op die algemene verkiesing van 1924 het die politieke Arbeiderbeweging dus vir die soveelste maal gepoog om sodanige mondstuk op die been te kry. ***Ons Vaderland*** van 11 April 1924 maak verder melding van 'n ontmoeting wat tussen die adviserende raad van die NP op die Rand en die administratiewe raad van die SAAP in Johannesburg plaasgevind het in verband met die oprigting van 'n gesamentlike dagblad aldaar.[320] Maar ook hierdie poging was futiel. Die SAAP se pers sub-komitee het dit as onprakties geoordeel en uiteindelik laat vaar. In die plek daarvan is George Reyburn van ***The Guardian*** versoek om 'n Arbeiderverteenwoordiger vir sy blad op die Rand aan te stel en om 'n bladsy in die koerant vir verkiesingsdoeleindes af te staan. Terselfdertyd sou ondersoek ingestel word na die kostes om, met die oog op die verkiesing, nuusinhoud aangaande Arbeideraangeleenthede in die kolomme van ***The Star*** en die ***Rand Daily Mail*** te publiseer.[321]

---

317 (JOB) SALP Collection, Minute Book 18, Resume of Transvaal Organising Committee, p. 3; *Ibid.*, Box 34, Transvaal Provincial Executive, file no. 4: SALP Report of Transvaal Organising Executive Committee from 1st January to 30th September, 1924, p. 5; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 567; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 326. Kyk ook H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 322. I.v.m. die Pakt kyk hfst. 6, pp. 375 - 379, 383 - 384, 389 - 394.

318 (JOB) SALP Collection, Box 34, Transvaal Provincial Executive, file no. 4: SALP Report of Transvaal Organising Executive Committee from 1st January to 30th September, 1924, p. 2.

319 Kyk ook F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, Voorwoord.

320 *Ons Vaderland*, 11.04.1924, p. 6 (Adviserende Raad en Labour Council).

321 (JOB) SALP Collection, Minute Book 18, Minutes of the Press Sub Committee, 28.04.1924, p. 6; *Ibid.*, Minutes of the Press Sub Committee, 29.04.1924, p. 7.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten slotte kan vermeld word dat Gabriel Weinstock, die tesourier van die SAAP, 'n weekblad, getiteld ***Forward***, vanaf 11 Desember 1924 in Johannesburg uitgegee het, waarvan H.W. Haynes die redakteur was. Volgens H.J. en R.E. Simons was die blad die opvolger van ***The Pact Bulletin***. Coetzee verklaar dat dit sosialisme en die vakbondwese bevorder het, maar nie kommunisties gesind was nie. Die blad het vir ongeveer 25 jaar as die nie-amptelike mondstuk van die SAAP gedien. In Mei 1956 is die verbintenis met die SAAP egter verbreek nadat dit vir die voorafgaande drie jaar as amptelike orgaan van die party gedien het.[322] Die publikasie val egter buite die bestek van hierdie studie.

In die eerste dekade ná Uniewording het die blanke werkersklas in Suid-Afrika homself bevind in 'n milieu van gereelde dreigende afdankings en loonverminderings, stakings en endemiese nywerheidsonrus, werkkompetisie met swart werkers, voortdurend stygende lewensduurte en 'n algemene toestand van ekonomiese depressie in die nywerheidswese. Daarom verbaas dit nie dat die arbeiderpers, wat vir ekonomiese sukses en oorlewing op hierdie ondersteuningsbasis aangewese was, nooit behoorlik die mas kon opkom nie. Dit blyk duidelik uit die finansiële ondergang van ***The Worker***, die mislukte pogings om die South African Labour Press, Limited en The People's Press Limited as maatskappye op te rig en uit die feit dat daar nie daarin geslaag kon word om die permanente redaksionele beheer van ***The Eastern Record*** en ***The Evening Chronicle*** oor te neem en dit in finansieel suksesvolle Arbeidergesinde ondernemings om te skakel nie. Selfs ***The Labour World*** en ***The Guardian***, wat wel suksesvolle Arbeidergesinde finansiële ondernemings was, het maar 'n kortstondige bestaan gevoer.

---

[322] J.C. Coetzee: *South African Newspapers on Microfilm*, p. 25; H.J. & R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 323, 324 en 652, voetnoot no. 71; G. Shimoni: *Jews and Zionism: The South African Experience (1910 – 1967)*, p. 87; E. & W. Roux: *Rebel Pity. The Life of Eddie Roux*, p. 34; B. Bunting (ed): *Letters to Rebecca. South African Communist Leader S.P. Bunting to his wife 1917 – 1934*, p. 72. W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa 1903 - 1947*, p. 47 B. Weinbren: Inside Story of SA Labour (*Forward*, 14.01.1944, p. 5). Kyk ook (TAB) A 1731, S.J. Botha-Versameling, Manuskrip, Vol. 5: Geskiedenis van die Afrikaner in die Mynbedryf, p. 35.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

SOSIALISTIESE EN KOMMUNISTIESE PERSORGANE

Wanneer die wel en weë van die (regse) arbeiderpersorgane wat in die vorige twee hoofstukke bespreek is met dié van die linkse sosialistiese en kommunistiese persorgane vergelyk word, kom 'n aantal ironieë van die Suid-Afrikaanse arbeiderpers in die breë duidelik na vore. In vergelyking met die regse arbeiderblaaie het die (linkse) sosialistiese en kommunistiese koerante oor 'n laer sirkulasiesyfer beskik en het hulle nog meer beperkte toegang tot drukperstoerusting, papier, geboue, geskoolde drukkersvakmanne, verspreidingsnetwerke en veral fondse gehad.[1] Ten spyte van hierdie tekortkominge was laasgenoemde persorgane egter merkwaardig daartoe in staat om 'n suksesvoller oorlewingstrategie te volg en kon hulle in die algemeen 'n langer bestaansduur as eersgenoemde handhaaf. Daarby was die impak van die invloed van die sosialistiese en kommunistiese pers op die Suid-Afrikaanse arbeiderbeweging in sy totaliteit, ten spyte van 'n aanvanklike enger fokus op 'n klein, bepaalde segment van die blanke arbeiderbeweging, uiteindelik baie groter en blywender as dié van die regse, blankgeoriënteerde arbeiderpers. Laasgenoemde aspek het veral ten opsigte van die verkondiging en verspreiding van die sosialistiese en kommunistiese ideologie gegeld, soos gesien sal word in die ontleding van die ***Voice of Labour***, ***The War on War Gazette***, ***The Bolshevik*** en by uitstek ***The International***, wat in hierdie hoofstuk bespreek sal word.

Die term "sosialisme" is afkomstig van die Latynse woord *socius* wat letterlik "kameraad", "bondgenoot", "maat" of "deelgenoot" beteken. Dit is 'n gedagtesisteem en 'n lewensbeskouing waarin dié beginsel van kameraadskap, en by implikasie samewerking, die hoofdeterminant is. In die breë sin van die woord is sosialisme 'n politieke en ekonomiese stelsel met die klem op sosiale geregtigheid in die vorm van 'n meer eweredige verspreiding van die landswelvaart.[2] Die begrip "kommunisme" is 'n ideologie of

---

1 Vgl. L. Switser (ed): *South Africa's Alternative Press*, p. 1 se gegewens met dié van hoofstukke drie en vier.

2 D.J. Kotzé: *Communism and South Africa*, p. 42; D.J. Kotzé: *Die Kommunisme, Deel I. Die Klassieke Marxisme*, p. 34; J. Wilczynski: *An Encyclopedic Dictionary of Marxism, Socialism and Communism*, p. 531.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedagtesisteem en lewensbeskouing waarin die beginsel *communis* (Latyn vir gemeenskaplik) sentraal geplaas word. Die kommunisme is basies 'n ekonomiese teorie. Dit gaan van die standpunt uit dat 'n stelsel van gemeenskaplike (of staats-) besit en beheer van die produksie- en ruilmiddele (soos landbougrond, fabrieke, myne en handelsbanke) die beste of die enigste goeie ekonomiese stelsel is.[3] Tot ongeveer 1919, met die stigting van die Derde (Kommunistiese) Internasionale of Komintern, is die begrippe "sosialisme" en "kommunisme", en selfs "bolsjewisme", nog dikwels as sinonieme en wisselvorme gebruik.[4]

Soos wat sosialistiese immigrante vanuit Europa na die diamant- en goudvelde in die binneland van Suid-Afrika gestroom het,[5] is sosialistiese literatuur ook hier te lande in die tydperk voor 1908 versprei. So het die Britse populêre sosialistiese weekblad ***Clarion*** van die Britse sosialistiese leier Robert Blatchford, asook van sy ander sosialistiese publikasies soos ***Merrie England***, 'n aansienlike leserskring in Suid-Afrika gehad. In die vroeë 1890's het die sosialistiese vakbondleier J.T. Bain ***Merrie England*** op die Witwatersrand onder blanke mynwerkers versprei. Daarby het Bain se eie koerant, die ***Johannesburg Witness***, sy intekenaars wat 'n jaar se intekengelde vooruit betaal het, ook 'n jaar se gratis intekening op ***Clarion*** beloof. ***Clarion*** en ander sosialistiese literatuur is ook deur sosialiste in ander industriële sentra, soos die Clarion Fellowship in Durban en die SDF in Kaapstad, versprei.[6] Die ***Johannesburg Witness*** het weekliks verskyn. Volgens Ticktin het Bain fondse vir die loodsing van die blad teen die middel van 1898 waarskynlik van die International Independent Labour Party (IILP) verkry. Die ***Johannesburg Witness*** was dan ook tot 1899 die lyfblad van die IILP, waarvan baie van die stigterslede sosialiste was.[7]

---

3 D.J. Kotzé: *Communism and South Africa*, p. 1; J. Wilczynski: *An Encyclopedic Dictionary of Marxism, Socialism and Communism*, p. 91; R.C. Macridis: *Contemporary Political Ideologies*, p. 96.

4 D.J. Kotzé: *Die Kommunisme, Deel I. Die Klassieke Marxisme*, p. 34; T. Bottomore (ed): *A Dictionary of Marxist Thought*, p. 88; M. Salvadori: *The Rise of Modern Communism*, p. 5.

5 Kyk hoofstuk 1, p. 3.

6 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 10, 362; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 45, 49 – 50; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 25; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, pp. 33 (foto), 69 en 78, voetnoot 12; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 76. Vir biografiese besonderhede oor Bain, kyk W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 88 – 91. I.v.m. die Durban Clarion Fellowship en die SDF, kyk hfst. 1, pp. 16 – 18.

7 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 90 – 95, 106 en Appendix E, p. 553.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tussen 1905 en 1906 het die Kaapse SDF, wanneer fondse beskikbaar was, sy eie maandelikse mondstuk, ***The Cape Socialist***, op sy eie drukpers met Percy McKillop as lettersetter en A. Needham as redakteur gepubliseer.[8] Forman en Meli is van mening dat hierdie blad Suid-Afrika se eerste sosialistiese koerant was.[9] ***The Cape Socialist*** het selfs 'n bylae in Afrikaans ingesluit.[10]

In Mei 1905 het C.H. Haggar, A.L. Clark, G. Robertson, H. Attersoll, H. Norrie en andere 'n maandblad, ***The Socialist Spark***, in Durban geloods. Die blad het tot Februarie 1906 onder hierdie titel bestaan toe dit tot ***The Spark*** verkort is. Op sy beurt weer het ***The Spark*** tot Januarie 1907 bestaan.[11]

5.1 *VOICE OF LABOUR*

Teen ongeveer die einde van September 1908 het Archibald Crawford 'n militante, sosialistiese weekblad met die pretensieuse naam van ***Voice of Labour*** gestig.[12]

Van al die leiers van die blanke arbeiderbeweging in die tydperk wat deur hierdie studie gedek word, was Crawford waarskynlik die mees omstrede. Ticktin beskou hom as die

---

8 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 328 en Appendix E, p. 556; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, pp. 6, 9 – 10; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 76; L. Forman: *A Trumpet from the Housetops*, p. 43. Forman, p. 42, R. Ainslie: *The Press in Africa*, p. 49 en F. Meli: *South Africa belongs to us*, p. 57 verklaar dat *The Cape Socialist* in 1904 gestig is.

9 Kyk L. Forman: *A Trumpet from the Housetops*, p. 42 en F. Meli: *South Africa belongs to us*, p. 57.

10 G.D.H. Cole: *A History of Socialist Thought, Vol. III, Part II. The Second International, 1889 – 1914*, p. 910. I.v.m. *The Cape Socialist* kyk ook hfst. 4, p. 192.

11 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 370 en Appendix E, p. 556; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 116, 121. I.v.m.die verspreiding van sosialistiese literatuur in Suid-Afrika, kyk ook die aktiwiteite van die SLP, hfst. 1, pp. 15 - 16.

12 (TAB) CS Vol. 877, file no. 15580, Correspondence Voice of Labour: A. Crawford – Colonial Secretary, 24.09.1908 (no. 1/15580); *Ibid.*, Register of Newspapers, 09.01.1909; (SAB) SAP Vol. 56, file no. CONF. 8/354, Newspapers, Periodicals, ect. published in Transvaal: List of Newspapers registered in the Transvaal, 1910; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 217 en Appendix E, p. 554; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 141; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 299.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
"*l'enfant terrible*" van die Transvaalse arbeiderbeweging[13] en volgens H.J en R.E. Simons was hy "*labour's most notable maverick*" ("maverick" = 'n onortodokse of ongedissiplineerde persoon).[14] Daarteenoor verklaar Cope dat "...*Crawford deserves no place in the history of the workers' struggle* [teen kapitalisme], *except as an enemy*...".[15]

Archibald Crawford is in 1883 in Glasgow, Skotland, gebore waar hy as 'n passer gekwalifiseer het. In 1902 het hy met Britse troepe na Suid-Afrika gekom en later as 'n majoor in die Royal Artillery gedien. Ná die Anglo-Boereoorlog het Crawford, wat sedert 1903 'n lid van die Amalgamated Society of Engineers was, eers as 'n stoker 'n kort ruk by die Sentraal Suid-Afrikaanse Spoorweë tussen Pretoria en Waterval-Boven gewerk en daarna vier jaar lank (1902 – 1906) as 'n passer in die Pretoriase spoorwegwerkwinkels. Daar het hy 'n aktiewe rol in die blanke arbeiderbeweging begin speel. In 1906 is hy ontslaan omdat hy teen beweerde onregverdige besnoeiings van lone en personeel geagiteer het. Van toe af het hy 'n "stormvoël" van die arbeiderbeweging geword en was hy in enige soort industriële en politieke arbeiderorganisasie op die Rand prominent, asook in die mynstaking van 1907. Hy was die eerste algemene sekretaris van die Transvaalse Independent Labour Party en ook 'n lid van die Transvaalse Labour Representation Committee.

Crawford en Mary Fitzgerald, met wie hy later getroud is, asook andere, het hulleself as "rooiwarm" sosialiste beskou wat met niks anders as die sosialistiese rewolusie te doen wou hê nie. Crawford het homself ook as die "leier van die werkloses" voorgedoen. In Mei 1907 het hy gehelp om 'n kolonie werkloses te lei wat van Johannesburg na Pretoria gemarsjeer het om hulle griewe aan genl. J.C. Smuts, die Transvaalse Koloniale Sekretaris, voor te lê. In dieselfde jaar het Crawford onsuksesvol die setel Boksburg-Wes in die Transvaalse algemene verkiesing betwis en is hy met 149 stemme verslaan. Hy het egter in 1908 'n setel as Arbeiderlid in die Johannesburgse stadsraad met 'n meerderheid van 300 stemme verower en één termyn lank gedien. Crawford en Fitzgerald het ook aktief aan die stakings van 1913 en 1914 deelgeneem. Crawford is vir sy deelname aan die staking van 1914 na Brittanje gedeporteer en het na sy terugkeer na Suid-Afrika teen die einde van

---

[13] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 13.

[14] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 141.

[15] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 223.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daardie jaar die algemene sekretaris van die SAIF geword. Met sy terugkoms was Crawford, soos Simons dit stel, 'n "*changed man*". Tussen 1919 en 1924 het hy internasionale arbeiderkonferensies in Washington en Genève bygewoon en in daardie tydperk klaarblyklik toenemend besadigd geword. Hierdie gematigde houding het hom aan sterk kritiek blootgestel, veral toe hy die afkondiging van die algemene staking van 1922 teengestaan het. Crawford is in 1924 op die jeugdige ouderdom van veertig jaar aan ingewandskoors en longvliesontsteking oorlede.[16]

Mary Fitzgerald was eweneens 'n merkwaardige figuur in die geskiedenis van arbeid in Suid-Afrika en het veral ten opsigte van vroueregte 'n baanbrekersrol gespeel. Die beskikbare bronne is baie vaag oor haar presiese geboortedatum, maar dit blyk dat sy tussen 1882 en 1886 in die omgewing van Wexford, Ierland, gebore is. Sy was 'n dogter van 'n Ierse boer, Thomas Sinnot, wat ontnugter oor die mislukking van die Ierse onafhanklikheidsbeweging geraak het en blykbaar in 1902, toe Mary veertien jaar oud was, met sy gesin na Suid-Afrika geëmigreer het. In Kaapstad het Mary vir die Britse leër in die Kasteel gewerk. Nadat die gesin na Johannesburg verhuis het, is sy teen ongeveer 1903 as tikster en stenograaf van die Transvaal Miners' Association aangestel en het sy haar dadelik met die haglike leef- en werktoestande van die mynwerkers vereenselwig. Sy was van geboorte 'n rebel en het gou 'n magtige invloed in die die arbeider- en vakbondgeledere geword – in só 'n mate dat die aanstelling van ampsdraers en organiseerders van die TMA grootliks aan haar goedkeuring onderworpe was.

---

[16] (SAB) SAP Vol. 10, file no. CONF 6/183/14/19, Strike January 1914 List of Ringleaders: Strike Leaders, 13.01.1914; *Ibid.*, Secretary South African Police – Deputy Commissioner, 20.01.1914; (SAB) A 139, JEA Reyneke van Stuwe-versameling, Koerantknipsels: *Daily Chronicle*, 26.02.1914 (More about the Deported Nine); (JOB) Koerantknipsels, 920 Crawford, Archie: *Rand Daily Mail*, 23.12.1924 (Death of Mr. A. Crawford); *Ibid.*, Koerantknipsel, 27.12.1924; *Ibid.*,: *The Star*, 23.12.1924, p. 10 (A Respected Leader); *Ibid.*,: *The South African Printer and Stationer*, No. 5, January 1925, p. 36 (Personalia); *Ibid.*,: *New Nation*, 17.09.1987 (Crawford played key role in the 1913 strike); D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 216 – 217, 282; C.J. Beyers (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, III, pp. 184 – 185; E. Rosenthal: *Southern African Dictionary of National Biography*, p. 79; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A first account of Labour Organisation in South Africa*, p. 159; K. Donaldson (ed): *South African Who's Who, 1910*, p. 93; H.J. en R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 141; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 290; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 97; A.J. Downes: *Printers' Saga*, p. 365; T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 94; F. Hunter: Who was Pickhandle Mary?, pp. 18 – 20, 23, 34 – 35, 37 – 38, 40 – 42, 49, 52, 57 – 58; *Voice of Labour*, 09.09.1910, p. 403 (The Men who carry the Red Flag); *Ibid.*, 14.10.1910, p. 442 (The Great Libel). Kyk ook *Ibid.*, 04.08.1911, p. 3 (J. Davidson: Can we save the "Voice"). I.v.m. Crawford

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mary was 'n opwindende spreekster en was altyd in aanvraag by vergaderings van die werkers en waar vakbondlede gestaak het. Sy was die enigste vrou wat die stigtingskongres van die SAAP in Oktober 1909 bygewoon het. Sy het 'n baanbreker met die organisering van vakbonde vir vroue geword en deur haar inspirasie het die Women's Industrial League in 1918 tot stand gekom. As sosialis het sy die president van die Suid-Afrikaanse tak van die Industrial Workers of the World (IWW), die tesourier van die SASF en die sekretaris van die USP geword.

Mary het op agtienjarige ouderdom aanvanklik met John Fitzgerald getrou. Na hulle egskeiding, waarin haar ekstremistiese en aktivistiese aktiwiteite klaarblyklik 'n rol gespeel het, het sy in 1919 met Crawford in die huwelik getree. Sy het egter haar eerste getroude van behou. Een kind is uit laasgenoemde verbintenis gebore. Na 'n dienstydperk van sewe jaar by die TMA het Mary bedank om die administrasie van ***Voice of Labour*** oor te neem. Met die eerste verkiesings vir die Johannesburgse stadsraad nadat vroue munisipale stemreg verkry het, is sy as eerste vroueraadslid verkies en het van 1915 tot 1921 in die raad gedien. In daardie tydperk is Mary ook as lid van die Arbeidersparty tot eerste vroue-onderburgemeester van Johannesburg verkies en het in 1921 by geleenthede as die eerste vrou in die posisie as waarnemende burgemeester opgetree. Daarby was sy in 1920 die voorsitster van die stadsraad se komitee vir openbare gesondheid en is na verskeie welsynskonferensies deur die raad afgevaardig. Mary Fitzgerald was die eerste vrou in Suid-Afrika om 'n motor, wat deur die stadsraad aan haar geskenk is, te besit en te bestuur. In 1921 is sy as amptelike adviseur vir Crawford aangestel om die regering by die konferensie van die Internasionale Arbeiderorganisasie in Genève, Switserland, te gaan verteenwoordig. Net soos Crawford het sy ook in daardie stadium polities gematigd geraak. Sy het byvoorbeeld nie soos baie van haar eertydse kollegas by die Kommunistiese Party van Suid-Afrika in 1921 aangesluit nie en was teen die staking van 1922 gekant. Mary Fitzgerald is in 1960 op 78-jarige ouderdom in Johannesburg oorlede.[17]

---

se metamorfose van 'n ekstremistiese, sosialistiese aktivis en radikalis tot 'n regse, gematigde burokraat, kyk ook hfst. 4, pp. 171 – 172.

[17] (SAB) SAP Vol. 10, file no. CONF 6/183/14/19, Strike January 1914 List of Ringleaders: Strike Leaders, 13.01.1914; *Ibid.*, Vol. 81, file no. 1/185/13/20, Miners Strike 1913, Newspaper articles, special publications, ect.: *Rand Daily Mail*, 09.07.1913, p. 8 (Mrs. Fitzgerald and Crawford); (JOB) Koerantknipsels, 920 Fitzgerald, Mary: *Natal Daily News*, 28.10 1946 (First Woman Elected to Public Office in South Africa); *Ibid.*,: *The Star*, 27.09.1960 ("Pickhandle Mary" dies suddenly); *Ibid.*,: *The Garment Worker*, October 1960, p. 3 (The Story of a South African Heroine); *Ibid.*,: *Benoni City Times*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens die beskikbare bronne was Crawford en Fitzgerald vennote in ***Voice of Labour*** en die drukkersaak wat later tot stand gebring is, alhoewel Mary die eienaar, uitgewer en bestuurder van die koerant was en Crawford die verantwoordelike redakteur. Alhoewel die ***Voice*** se registrasiedokumente Mary as eienaar aandui, wil sommige bronne dit weer hê dat haar eerste eggenoot, John Fitzgerald, die oorspronklike eienaar van die blad en die drukkersaak was.[18] Teen Januarie 1910 is daar in ***Voice of Labour*** berig dat Crawford ook die bestuurder van die koerant se eie drukpers was.[19]

Na aanleiding van 'n artikel aangaande die geskiedenis van die Amerikaanse vakbond Industrial Workers of the World wat in ***Voice*** verskyn het, maak H.J. en R.E. Simons die afleiding dat die titel ***Voice of Labour*** aan die amptelike mondstuk van die American

---

15.04.1966 (A. Csaszar: Detective Sgt Murphy relates how woman labour leader was captured); *Ibid.*,: *Rand Daily Mail*, 30.08.1975 (M. Dutfield: When protest went with a pickhandle); *Ibid.*,: *The Star*, 27.03.1981 (P. Baneshik: The who, why and where of Mary Fitzgerald Square); *Ibid.*,: *Beeld*, 10.05.1982 (D. Viljoen: Pickhandle Mary se plein sal nou stad se parade word); *Ibid.*,: *Sunday Times*, 26.02.1984 (J. Brooks: Berig); *Ibid.*,: *The Star*, 09.08.1986 (O. Horowitz: Pickhandle Mary and her Archie return to Newtown); F. Hunter: Who was Pickhandle Mary?, pp. 4, 6, 8 – 12, 16 – 19, 23 – 25, 30 – 32, 34, 36 – 37, 40, 42 – 44, 46, 49 – 50, 53, 58; F.B. Nagelgast: Four Women in Africana, pp. 12 – 16; C.J. Beyers (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel V, pp. 281 – 283; E. Rosenthal: *Southern African Dictionary of National Biography*, p. 124; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 282; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 150; I.L. Walker and B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 291; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 54 – 55, 298; A. Crawford: The Class War in South Africa (*International Socialist Review*, Vol. 12, No. 2, August 1911, pp. 76 – 77); *The International*, 24.10.1919, p. 4 (Another Bogus Conference); *The Weekly Gazette*, 16.03.1914, g.p. (Mrs. Mary Fitzgerald). I.v.m. die IWW kyk W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 108 – 109, 213 – 224, 234 – 235, 244 – 248, 253 – 254. I.v.m. Mary Fitzgerald as tesourier van die SASF kyk ook hoofstuk 1, p. 21 en i.v.m. die USP, pp. 22 – 23.

[18] Kyk (TAB) CS Vol. 877, file 15580, Register of Newspapers en Certificate of Registration of Newspapers, 09.01.1909; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 282; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 208, 298; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 291; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 150; A. Crawford: The Class War in South Africa (*International Socialist Review*, Vol. 12, No. 2, August 1911, pp. 77, 81); *Voice of Labour*, 21.01.1910, p. 30 (Hoofartikel); *Ibid.*, 25.02.1910, p. 95 (Argus Co. Contracts); *Ibid.*, 04.08.1911, p. 3 (J. Davidson: Can we save the "Voice"); *Ibid.*, 26.01.1912, p. ii (Advertensie); F. Hunter: Who was Pickhandle Mary?, p. 19.

[19] *Voice of Labour*, 21.01.1910, p. 30 (Hoofartikel). Kyk ook (SAB) SAP Vol. 8, file no. 6/147/13, Press Cuttings re 1913 Strike: *The Pretoria News*, 13.09.1913 (Alleged Sedition); *Ibid.*, Vol. 81, file no. 1/185/13/20, Miners Strike 1913, Newspaper articles, special publications, ect.: *Rand Daily Mail*, 09.07.1913, p. 8 (Mrs. Fitzgerald and Crawford).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Labour Union ontleen is.[20] Die plaaslike ***Voice of Labour*** is aanvanklik deur Horne Bros. van Lovedaystraat, Johannesburg, gedruk en die prys was drie pennies per eksemplaar.[21]

Voice of Labour het oorspronklik as die amptelike mondstuk van die Randse General Workers' Union tot stand gekom[22] en is eers as 'n "free sheet" gepubliseer om laasgenoemde te bevorder.[23] Die oorspronklike subtitel van die blad was dan ook "The Official Organ of the General Workers' Union."[24] Teen 1909, en totdat dit teen die end van 1912 tot niet gegaan het, is ***Voice of Labour*** as die amptelike koerant van die Randse militante sosialiste beskou.[25] Die blad het self verklaar: *"The 'Voice of Labour' is no man's personal organ, it is THE SOCIALIST ORGAN"*.[26] Die subtitel het toe verander na "A Weekly Journal of Socialism, Trade Unionism and Politics".[27] Die subtitel "The Fighting Paper of the Working Class" is ook by geleentheid gebruik.[28]

Voice of Labour was inderdaad die amptelike mondstuk van die Johannesburgse Socialist Society (nadat die GWU tot niet gegaan het) waarvan die aanvanklike oogmerke dié van 'n sosialistiese propagandabeweging was.[29] ***Voice*** het beweer dat hy die Socialist Society geloods het en dat hy grootliks vir die sukses daarvan verantwoordelik was.[30] In 'n

---

20 *Voice of Labour*, 13.10.1911, p. 6 (Vincent St John: History of the Industrial Workers of the World); H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 147.

21 (TAB) CS Vol. 877, file no. 15580, Register of Newspapers, 09.01.1909; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 299. Kyk ook *The "United" Transvaal Directory, 1911*, p. 485.

22 *Voice of Labour*, 25.02.1910, p. 90 (Tom Mann). Kyk ook (TAB) CS Vol. 877, file no. 15580, A. Crawford – Colonial Secretary, 24.09.1908 (no. 1/15580); *Ibid.*, W. Thompson – Assistant Colonial Secretary, 05.10.1908 (no. 114/08) en *Ibid.*, *Voice of Labour*, 26.09.1908, pp. 3, 4. I.v.m. die GWU, kyk ook hfst. 1, pp. 10 – 11.

23 (TAB) CS Vol. 877, file no. 15580, Assistant Colonial Secretary – Public Prosecutor, October 1908 (no. 1/15580); E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 298.

24 (TAB) CS Vol. 877, file no. 15580, *Voice of Labour*: 26.09.1908, p. 1.

25 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 208; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, Appendix E, p. 554; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 141, 152.

26 *Voice of Labour*, 28.08.1909, p. 7 (Help Wanted!).

27 *Ibid.*, 04.09.1909, p. 1; (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 265 (Koerantknipsel: Labour and Colour).

28 *Voice of Labour*, 26.01.1912, p. ii (Advertensie).

29 *Ibid.*, 08.07.1910, p. 315 (The Socialist Society and the "Voice"); D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 281, 305. I.v.m. die Socialist Society kyk ook hfst. 1, pp. 19 – 20.

30 *Voice of Labour*, 08.07.1910, p. 319 (The "Voice").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoofartikel het die blad gevolglik verklaar dat hy en die Socialist Society die siening van die werkers verteenwoordig het.[31]

L.H.H. Greene het aangaande ***Voice*** verklaar: "*The only weapon ready for use for and on behalf of the workers of South Africa*",[32] en Andrew Dunbar was van mening die blad was "*...the only paper in South Africa that can lay claim to be a Working Class Organ*".[33] Crawford het ook na ***Voice*** verwys as "*South Africa's national working class paper*".[34] Voorts is die bewering gemaak dat ***Voice of Labour*** "*...the chief of* ***all*** *Labour publications*" was.[35] In 'n artikel het die blad dit inderdaad onomwonde gestel dat hy die saak van die werker sou dien.[36] ***Voice*** het verder die indruk geskep dat hy die enigste arbeiderpers in Suid-Afrika was.[37] Dit is egter foutief aangesien ***The Worker***, waarna reeds verwys is, die amptelike mondstuk van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty sou word.[38]

Betreffende die vakbondwese is baie selfvoldaan verklaar dat ***Voice of Labour*** die ware stryd van die vakbonde (teen die kapitalisme) stry, en as dit nie die enigste amptelike vakbondspreekbuis was nie, dan was dit die enigste verstandige vakbondorgaan.[39] ***The Pretoria News*** het, na aanleiding van 'n dispuut oor die aanstelling van vakbondlede of nie-vakbondlede deur die Argus-maatskappy, waarop ***Voice of Labour*** kommentaar gelewer het, onder andere die volgende oor laasgenoemde in 'n hoofartikel te sê gehad:

> "*It is uncompromising in its doctrines, and unlike most Labour papers, honest in its advocacy of them; it does not hesitate to condemn, for instance, the*

---

31 *Voice of Labour*, 04.12.1909, p. 6 (Hoofartikel).

32 *Ibid.*, 15.09.1911, p. 8 (L.H.H. Greene: Maritzburg Notes).

33 *Ibid.*, 21.07.1911, p. 6 (A.B. Dunbar: IWW News).

34 A. Crawford: The Class War in South Africa (*International Socialist Review*, Vol. 12, No. 2, August 1911, p. 77).

35 *Voice of Labour*, 17.06.1910, p. 283 (Hoofartikel).

36 *Ibid.*, 20.01.1911, p. 587 (Say Mr. Workingman will you read this?).

37 *Ibid.*, 15.04.1910, p. 1 (To Correspondents); *Ibid.*, 17.06.1910, p. 283 (Hoofartikel).

38 Kyk hfst. 3, pp. 86 – 131.

39 *Voice of Labour*, 08.04.1910, p. 162 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sirkulasiesyfers van enige koerant in Suid-Afrika sou verwerf, soos dié waarmee sy sosialistiese tydgenoot in die VSA, ***Appeal to Reason***, daar gespog het.[49] Dit blyk dat ***Voice*** selfs 'n intekenaar in die VSA gehad het.[50] Die redaksie het ook aangebied om aan persone wat ***Voice*** nie kon bekostig nie gratis eksemplare te stuur.[51]

Maar die sirkulasiesyfers van ***Voice of Labour*** was klaarblyklik nie so rooskleurig soos in advertensies, slagspreuke en berigte beweer is nie. Die redaksie het lesers gedurig aangemoedig om meer intekenaars te werf. Om die koerant te kon vergroot, sou 'n paar honderd bykomstige intekenaars nodig wees. Daar is geargumenteer dat, hoe meer persone inteken, hoe beter sou die kanse wees dat die kwaliteit, die hoeveelheid en die verskeidenheid van onderwerpe wat in die blad behandel word, verbeter. Dit sou ook vir ***Voice of Labour*** 'n groter geleentheid bied om die leerstellings van "Vryheid, Gelykheid en Broederskap – die Broederskap van alle Mense" – te versprei.[52]

Voice se sirkulasiesyfers blyk inderdaad 'n omstrede kwessie te wees. In die blad se tweede uitgawe reeds is 'n weeklikse sirkulasie van 5 000 eksemplare gewaarborg.[53] Teen 1909 het ***Voice of Labour*** egter verklaar dat hy byna 2 000 intekenaars gehad het en beoog het om uiteindelik ongeveer 10 000 te werf.[54] Katz verklaar ook dat die sirkulasiesyfer maar laag was en nie eers 500 oorskry het nie.[55] Geen ander bron wat enige van hierdie syfers kan bevestig, kon egter opgespoor word nie, alhoewel Katz se syfer die waarskynlikste is. ***Voice*** het verskeie skemas geloods om ten minste 2 000 intekenaars te werf. Met een van die skemas het die blad gepoog om Suid-Afrika "rooi te verf". Met hierdie doel voor oë sou daar weekliks 500 eksemplare gratis aan persone in die Johannesburgse woonbuurte Fordsburg en Ferreiras, waar arbeider- en sosialistiese ideë blykbaar redelik gewild was, gepos word. Om die onkoste verbonde aan hierdie skema te help dek, sou 'n beroep op die

---

49 *Voice of Labour*, 04.09.1909, p. 1 (Our Circulation).

50 Kyk *Ibid.*, 22.07.1910, p. 341 (Troubles of the American Socialist Press).

51 *Ibid.*, 25.02.1910, p. 91.

52 *Ibid.*, 02.10.1909, p. 1 (Our Circulation).

53 Kyk (TAB) CS Vol. 877, file no. 15580, *Voice of Labour*, 26.09.1908, p. 1 en p. 4 (Advertensie).

54 Kyk bv. *Voice of Labour*, 31.07.1909, p. 1 (Don't read this unless you are interested) en (Our Circulation); *Ibid.*, 21.08.1909, p. 4 (A.W. Noon: Cape Notes); *Ibid.*, 04.09.1909, p. 1 (Our Circulation); *Ibid.*, 21.01.1910, p. 33 ("I.L.": "The Voice of Labour").

55 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 313.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

handelaars van Fordsburg gedoen word om meer advertensies in ***Voice of Labour*** te plaas.[56]

Die skema was egter nie baie suksesvol nie en in die uitgawe van 9 Oktober 1909 is aangekondig dat daar, weens "komende veranderende produksie- en verspreidingsmetodes", die volgende vier weke lank geen aankondiging in verband met sirkulasiesyfers sou wees nie. Daar is selfs 'n effense vermindering van intekengelde in die vooruitsig gestel. Die rede hiervoor was dat hulle 'n stewige vastrapplek in kusstede, waar die lewenskoste laer was, wou verkry en om dit te kon doen, moes die prys, indien moontlik, tot een pennie per eksemplaar afgebring word.[57] Intekengelde tot in daardie stadium was jaarliks 12/6 per eksemplaar per week.[58] Van 1 Januarie tot 15 Julie 1910 het die possirkulasie darem met 307 eksemplare toegeneem.[59]

Die frustrasie van die redaksie met die lae sirkulasiesyfers en die klaarblyklike onvermoë om dit noemenswaardig te laat styg, het duidelik in ***Voice of Labour*** tot uiting gekom:

> "*The circulation of the **Voice of Labour** is the barometer of working class consciousness in South Africa. The fact that our circulation does not reach the moderate total of 10 000 indicates the almost criminal apathy of the working class. Something **must** be done and done quickly to rouse the workers from their age long sleep. That they **are** working we know, but the process is far too slow. What we want is renewed effort*".[60]

Voice of Labour was te koop by winkels, "nuusagentskappe" (heelwaarskynlik boekwinkels of koerantstalletjies), haarkappers en hotels in Johannesburg, Pretoria, Germiston, Benoni, Krugersdorp, Klerksdorp, Kimberley, Bloemfontein en by die kantore

---

[56] *Voice of Labour*, 04.09.1909, pp. 12 – 13 (Our Circulation Scheme).

[57] *Ibid.*, 09.10.1909, p. 1 (Our Circulation).

[58] *Ibid.*, (Subscription Rates).

[59] *Ibid.*, 15.07.1910, p. 1 (Our Subs-o-meter).

[60] *Ibid.*, 15.12.1911, p. 8 (Boost for the Voice).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die SDF in Kaapstad en die SDP in Durban.[61] In die uitgawe van 20 November 1909 is aangekondig dat 'n ooreenkoms vir die verspreiding van ***Voice of Labour*** met die Central News Agency aangegaan is. Daarvolgens sou die CNA as groothandelaaragente optree en eksemplare van ***Voice of Labour*** sou by al sy takke in Suid-Afrika te koop wees.[62]

Ten spyte van sy sosialistiese en anti-kapitalistiese beleidsrigtings, was ***Voice of Labour***, soos enige ander finansieel afhanklike koerant, genoodsaak om van handelsadvertensies gebruik te maak, wat in wese 'n kapitalistiese gebaar was.[63] Hierdie noodsaak is geregverdig deur verklarings soos die volgende:

> "*A Trader who advertise in a Capitalist paper aids the Capitalist cause. He who advertise in the* ***Voice*** *helps the Workers' cause*",[64]

en:

> "*Many of the advertisers in the* ***Voice*** *sympathise with our Cause. That's why readers should patronise them*".[65]

Lesers is versoek om ***Voice of Labour*** by handelaars aan te beveel, asook om enige drukwerk deur die koerant se drukkery te laat doen.[66] Dit sou ***Voice*** en die sosialisme help.[67] Die handelsadvertensies van die blad is deur die Charles M. Rockwell Advertising Agency behartig.[68]

Voice of Labour het bydraes van sosialiste dwarsoor Suid-Afrika bevat.[69] So het "kameraad" A.W. Noon van Kaapstad sy eie weeklikse rubriek, "Cape Notes", behartig. Dit het hoofsaaklik inligting oor sosialiste se aktiwiteite in die Kaapse Skiereiland bevat,

---

61 *Voice of Labour*, 14.08.1909, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 11.09.1909, p. 1 (Our Circulation); *Ibid.*, 25.09.1909, p. 2 (Where to buy "The Voice").

62 *Ibid.*, 20.11.1909, p. 1 (Our Circulation). Kyk ook *Ibid.*, 11.02.1910, p. iii en *Ibid.*, 04.03.1910, p. 105.

63 *Ibid.*, 06.05.1910, p. 1 (A Straight Talk to Readers).

64 *Ibid.*, 04.09.1909, p. 7 (Points for Propagandists).

65 *Ibid.*, 25.03.1910, p. 136. Kyk ook *Ibid.*, 31.07.1909, p. 14 (Advertensie).

66 *Ibid.*, 06.05.1910, p. 1 (A Straight Talk to Readers).

67 *Ibid.*, 28.08.1909, p. 7 (Advertensie).

68 *Ibid.*, 06.05.1910, p. 1 (Special Notice to Advertisers).

69 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, Appendix E, p. 554.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

asook kommentaar op die sosiale toestande daar.[70] Nog 'n bekende Kaapse sosialis was W.H. Harrison van die SDF, wat ook met ***Voice of Labour*** gekorrespondeer het.[71] Twee ander Kaapse medewerkers het onder die skuilname "F.M." en "I.L." geskryf en uit Port Elizabeth het Henry Glass bydraes gestuur. Die Natallers, L.H.H. Greene (van Pietermaritzburg) en "Puff", het ook weeklikse rubrieke en artikels gelewer.[72] Uit Pretoria het "Sojourner" 'n weeklikse rubriek, "Pretoria Notes", behartig.[73] Ander Pretorianers was "Droit au Travail" en "Spall Hammer".[74] Terwyl "Spall Hammer" in Brittanje was, het hy vir ***Voice of Labour*** 'n gereelde rubriek onder die opskrif "Our London Letter" geskryf. Dit het op die maatskaplike en ekonomiese toestande in Europa en Amerika, asook op die arbeiderbeweging oorsee, veral in Engeland, kommentaar gelewer en dit soms met toestande in Suid-Afrika vergelyk.[75] "Spall Hammer" het ook voorgestel dat 'n bladsy met nuus oor arbeidaangeleenthede ter wille Afrikaanssprekende werkers in Afrikaans in ***Voice*** gepubliseer moes word, maar dit sou ***The Worker*** wees wat eers daadwerklik aan hierdie saak aandag sou gee.[76]

Mary Fitzgerald het 'n gereelde vrouerubriek, "Our Women's Page", later genoem "Women's Notes", behartig waarin onder meer vrouestemreg en die gelykstelling van vrouens aan mans ooreenkomstig die sosialistiese leerstellings bepleit is.[77] W.H. Pritchard het 'n rubriek "Eugenics" met die subtitel "The Science of Race Betterment" geskryf. Daarin het hy die verbetering van lewensomstandighede deur sosialisme, die wetenskaplike

---

70 *Voice of Labour*, 07.08.1909, p. 12 (A.W. Noon: Cape Notes).

71 *Ibid.*, 24.06.1910, p. 297 (W.H. Harrison: Law and Order).

72 *Ibid.*, 06.05.1910, p. 210 (Hoofartikel). I.v.m. "Puff" kyk *Ibid.*, 08.04.1910, p. 158 ("Puff": "The Kicker"); *Ibid.*, 21.10.1910, p. 1 ("Puff": Potpourie). I.v.m. L.H.H. Greene kyk *Ibid.*, 17.06.1910, p. 281 (L.H.H. Greene: Natal Notes); *Ibid.*, 22.12.1911, p. 2 (L.H.H. Greene: Maritzburg Notes); B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa. David Ivon Jones 1883 – 1924*, p. 104.

73 *Voice of Labour*, 18.09.1909, p. 1 ("Sojourner": Pretoria Notes).

74 *Ibid.*, 06.05.1910, p. 210 (Hoofartikel). I.v.m. "Droit au Travail" kyk *Ibid.*, 18.09.1909, p. 14 ("Droit au Travail": A Democratic Army). I.v.m. "Spall Hammer" kyk *Ibid.*, 10.06.1910, p. 273 ("Spall Hammer": The Coming War).

75 *Ibid.*, 31.07.1909, p. 3 ("Spall Hammer": Our London Letter); *Ibid.*, 07.08.1909, p. 13 ("Spall Hammer": Our London Letter). Kyk ook *Ibid.*, 16.09.1910, p. 1 (Doings Abroad) en *Ibid.*, 29.03.1912, p. 7 (The World of Labour).

76 *Ibid.*, 04.09.1909, p. 11 ("Spall Hammer": Our London Letter). I.v.m. Afrikaanssprekendes en *The Worker*, kyk hfst. 3, pp. 108 – 109.

77 *Voice of Labour*, 31.07.1909, p. 5 (M. Fitzgerald: Our Women's Page); *Ibid.*, 07.08.1909, p. 4 (M. Fitzgerald: Our Women's Page); *Ibid.*, 11.03.1910, p. 115 (M. Fitzgerald: Women's Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opleiding van kinders, ensovoorts, bespreek.[78] Die rubriek, "Good Government – A Noble Legacy", waarin onder meer kommentaar op die Arbeidersparty, die Het Volk-party en die Progressiewe Party gelewer is, is deur "W.H.I.P." geskryf.[79] "Pedagogue" het in sy rubriek, "Social Aims of Education", onder meer die nadele van die kapitalistiese opvoedingstelsel teenoor die voordele van die sosialistiese opvoedingstelsel bespreek.[80] Ander sosialiste wat gereelde bydraes tot ***Voice of Labour*** gelewer het, was "Proletarian"[81], J. Davidson,[82] "Porcupine", wat oor politieke arbeideraangeleenthede geskryf het,[83] Jay Knibb,[84] asook P.R. Roux, "kameraad" McNiel, "Cynicus"[85] en H. Norrie van Durban.[86] Daarby het die redaksie lesers genooi om koerantknipsels van ander koerante en brokkies plaaslike nuus vir publikasie in te stuur.[87] Dit is opvallend hoe baie medewerkers van ***Voice of Labour*** van skuilname gebruik gemaak het. Hieruit sou die afleiding gemaak kon word dat 'n skuilnaam 'n skrywer groter vryheid gegee het om omstrede en sensitiewe sake aan te raak sonder die moontlikheid van aanvalle of viktimisasie teen sy persoon, byvoorbeeld deur 'n werkgewer.

Voice of Labour het ook artikels en geskrifte van internasionaal bekende sosialiste geplaas, soos die Russiese skrywer Leo Tolstoy,[88] die Amerikaanse sosialistiese leier Eugene V. Debs,[89] en die Britse sosialistiese leier H.M. Hyndman.[90] Uittreksels uit die werke van Karl Marx en Friedrich Engels, Plekhanov, die Amerikaanse sosialistiese aktivis

---

78 *Voice of Labour*, 31.07.1909, p. 6 (W.H. Pritchard: Eugenics); *Ibid.*, 25.09.1909, p. 10 (W.H. Pritchard: Eugenics).

79 *Ibid.*, 31.07.1909, p. 10 ("W.H.I.P.": Good Government – A Noble Legacy).

80 *Ibid.*, 04.09.1909, p. 4 ("Pedagogue": Social Aims of Education).

81 *Ibid.*, 21.10.1910, p. 451 ("Proletarian": The Christ Spirit).

82 *Ibid.*, 15.07.1910, p. 327 (J. Davidson: Our Position).

83 *Ibid.*, 01.04.1910, p. 148 ("Porcupine": Mining Notes).

84 *Ibid.*, 11.03.1910, p. 113 (Jay Knibb: Dips and Scratches).

85 *Ibid.*, 06.05.1910, p. 210 (Hoofartikel).

86 H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 141.

87 *Voice of Labour*, 04.03.1910, p. 99. Kyk ook *Ibid.*, 07.10.1910, p. 437 (Hoofartikel).

88 *Ibid.*, 04.03.1910, p. 108 (Leo Tolstoy: How Shall We Escape?).

89 *Ibid.*, 08.07.1910, p. 316 (Eugene V. Debs: Winning the World).

90 *Ibid.*, 15.07.1910, p. 335 (H.M. Hyndman: Socialism Summarized).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daniël de Leon, die Britse arbeiderleier Keir Hardie[91] en bekende sosialistiese skrywers soos Robert Blatchford, R.B. Suthers, H. Quelch, Bernard Shaw, H.G. Wells en Jack London het by geleentheid in ***Voice*** verskyn.[92] Dit is interessant dat selfs 'n uittreksel uit 'n boek van die Indiese nasionalis en inisieerder van lydelike verset, M.K. Gandhi, in ***Voice of Labour*** gepubliseer is.[93] Die blad het die stigting van die Paryse Kommune op 18 Maart 1871, wat deur sommiges as die voorloper van die moderne sosialisme en kommunisme beskou word, gedenk. Daarby is die lirieke van bekende rewolusionêre liedere, soos die *Marseillaise, When the Revolution Comes* en *The Red Flag* gepubliseer.[94] ***Voice of Labour*** het ook van Februarie 1910 af gereeld 'n lys van ongevalle wat op die Randse goudmyne plaasgevind het onder die opskrif "The Blood Toll" gepubliseer.[95] Die doel hiermee was heelwaarskynlik om die mynwerkers aan te moedig om te agiteer vir beter werkveiligheidswetgewing en kompensasie vir ongevalle.

Wat die beskikbare materiaal betref, is daar sover vasgestel kon word, in 1910 die eerste keer in Suid-Afrikaanse arbeider- en sosialistiese lektuur na die begrip "kommunisme" verwys. In 'n artikel wat op 1 Julie 1910 in ***Voice of Labour*** verskyn het, verduidelik W.H. Harrison sy siening van anargisme as denkrigting onder sosialiste aan die hand van twee denkskole wat oor eersgenoemde ontwikkel het, te wete: indiwiduele of filosofiese anargisme en anargistiese kommunisme.[96] Dit wil egter voorkom of die term "***kommunisme***" nog nie by die algemene terminologie van die Suid-Afrikaanse sosialistiese beweging op daardie tydstip inslag gevind het nie en dat die term "sosialisme" hulle algemene beleid en filosofie beliggaam het.[97]

---

91 H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 141. I.v.m. die Suid-Afrikaanse aanhangers van De Leon en *Voice of Labour*, kyk ook B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 156.

92 *Voice of Labour*, 07.08.1909, p. 9 (Hoofartikel).

93 *Ibid.*, 17.06.1910, p. 279 (M.K. Gandhi: The Condition of England).

94 *Ibid.*, 18.03.1910, p. 124 (In Memory of the Paris Commune) en p. 126 (Hoofartikel).

95 *Ibid.*, 11.02.1910, p. ii (The Blood Toll).

96 *Ibid.*, 01.07.1910, p. 302 – 303 (W.H. Harrison: Anarchy).

97 W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 239 – 240. I.v.m. die begrippe sosialisme, kommunisme en indiwiduele en anargistiese kommunisme, kyk *Ibid.*, p. 83 en pp. 236 – 239, onderskeidelik, asook pp. 202 – 203 hierbo en hfst. 8, p. 472.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die breë genome, het die inhoud van ***Voice of Labour*** veral skerp aanvalle op die kapitalisme behels[98] en inligting aangaande die politieke bedrywighede van sosialiste in Suid-Afrika is deur middel van berigte en korrespondensie weergegee. Ook is argumente ten gunste van die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Sosialistiese Federasie of Party geopper.[99]

Die *establishment*-pers is gereeld in skerp, neerhalende taal wat soms selfs aan die humoristiese gegrens het, gekritiseer. Aanvalle op hierdie pers was dikwels ook in 'n sarkastiese trant.[100] ***Voice of Labour*** het byvoorbeeld verklaar: "*The Capitalist Press is scandalous, scurrilous, lying and deceitful*".[101] ***Voice*** het ook nie baie vertroue in die objektiwiteit van beriggewing in die *establishment*-pers uitgespreek nie.[102] Die *establishment*-pers is verder daarvan beskuldig dat dit vir die publiek dink, maar sodra die massas beter opgevoed is, sou hulle op 'n hoër standaard aandring. Dan sou "*...trashy organs like* ***The Star*** *will have to make way for journals like our little loud* ***Voice***".[103] Verder is ***The Star*** daarvan beskuldig dat hy met die kalwers van ***Voice of Labour*** ploeg.[104] Die eienaars van ***The Star*** en die ***Transvaal Weekly*** is ook geblameer dat hulle armoede veroorsaak het omdat hulle nie wou afstand doen van die winsbasis van die produksiemiddele wat hulle besit het nie. Hulle is as "lae, gemene klein kruipers" uitgekryt.[105] Volgens ***Voice of Labour*** het die ***Rand Daily Mail*** die reputasie van "meer demokraties" en ***The Star*** dié van "meer kapitalisties" gehad. ***The Star*** het gewoonlik meer gesonde verstand geopenbaar en was in 'n mate "wetenskaplik".[106]

Maar dit blyk dat ***Voice of Labour*** sy mes veral vir die ***Rand Daily Mail*** ingehad het. Hy het arbeiderleiers gemaan om die "paaipraatjies" van die kapitalistiese pers, soos deur die

---

98 (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 112 (*Voice of Labour*, 23.01.1909, g.p.: Hoofartikel).

99 *Voice of Labour*, 21.08.1909, pp. 6 – 7 ("Cynicus" - Editor), p. 7 (J. Davidson – Editor); *Ibid.*, 04.09.1909, p. 5 ("Cynicus": Federation of Socialists). I.v.m. die SASF kyk hfst. 1, pp. 20 – 21.

100 T.E.G. Cutten: Thesis on the History and Growth of the South African Press, p. 77; *Voice of Labour*, 14.08.1909, p. 12 (A.W. Noon: Cape Notes).

101 *Voice of Labour*, 06.05.1910, p. 211 (Hoofartikel).

102 *Ibid.*, 27.05.1910, p. 247 (Hoofartikel).

103 *Ibid.*, 10.06.1910, p. 271 (Hoofartikel).

104 *Ibid.*, 01.07.1910, p. 1 (The Labour Vote).

105 *Ibid.*, 18.09.1909, p. 8 (Hoofartikel).

106 *Ibid.*, 11.09.1909, p. 9 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rand Daily Mail verkondig is en wat eintlik "drogredenasies" was, met versigtigheid te bejeën, aangesien sulke praatjies 'n beskuldiging teen die arbeiderbeweging was.[107]

In 1909 en 1910 het ***Voice of Labour*** konstant kritiek op prominente Arbeiderleiers soos Peter Whiteside, John J. Ware en H.W. Sampson uitgespreek en hulle beledig. Dit was waarskynlik te wyte aan skreiende griewe van die mynwerkers oor hulle haglike werkomstandighede en die Arbeiderpolitici se onvermoë om iets daaromtrent te doen.[108] Verder is vakbonde en vakbondleiers ook gereeld in ***Voice of Labour*** aangeval.[109] Crawford is beskryf as "*The terror of crook Labour leaders and undaunted champion of Truth and Justice*".[110]

In 1908 is Crawford ook vir laster voor die hof gedaag, omdat hy S.J. Pavey, 'n bakker van Troyeville, Johannesburg in 'n artikel in ***Voice of Labour*** van 26 September 1908 daarvan beskuldig het dat hy ondergewig brood verkoop het. Volgens die klagstaat het Crawford Pavey blykbaar onder meer 'n "lae tipe bakker", "boosdoener", "swendelaar", "dief", ensovoorts genoem. Die uiteinde van die saak was dat Crawford met £2 beboet is.[111] Tydens 'n ander geleentheid is Crawford ook daaraan skuldig bevind dat hy in ***Voice of Labour*** teen 'n predikant, E.S. Walt, gelaster het deur hom daarvan te beskuldig dat hy 'n Russiese polisiespioen was. Crawford is met £2 of drie dae tronkstraf gevonnis.[112]

---

[107] *Voice of Labour*, 30.10.1909, p. 7 (Press Comments).

[108] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 268. Kyk ook as voorbeeld *Voice of Labour*, 10.11.1914, p. 21 ("Eavesdropper": Objections to Crawford). I.v.m. *Voice* se aanvalle op Whiteside, Ware en Sampson kyk W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 42 – 46.

[109] E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 299.

[110] *Voice of Labour*, 09.09.1910, p. 403 (The Men who carry the Red Flag).

[111] *The Star*, 22.10.1908, g.p. (Councillor Charged); *Ibid.*, 06.11.1908, p. 9 ("The Voice of Labour"); *Ibid.*, 24.11.1908, p. 9 ("Voice of Labour"). Geen eksemplare van *Voice of Labour* van hierdie tydperk kon opgespoor word nie.

[112] *Voice of Labour*, 12.01.1912, p. 5 (Hoofartikel); *Ibid.*, 19.01.1912, pp. 4 – 5 (Hoofartikel) en pp. 6 – 8 (Russia's Murder Organisation); *Ibid.*, 26.01.1912, p. 2 (The Ochrana) en (The Rev. Walt); *Ibid.*, 02.02.1912, p. 3 (The Ochrana) en p. 5 (Hoofartikel); *Ibid.*, 09.02.1912, p. 2 (Criminal Libel) en (Defence Fund); *Ibid.*, 16.02.1912, p. 3 (Rev. E.S. Walt versus the "Voice of Labour") en (Defence Fund); *Ibid.*, 29.03.1912, p. 5 (Walt versus Crawford); *Ibid.*, 10.05.1912, p. 7 (Walt versus Crawford); *The Star*, 12.02.1912, p. 7 ("Voice of Labour"); *Ibid.*, 01.04.1912, p. 11 ("Voice of Labour" Case); *Ibid.*, 21.06.1912, p. 11 (Walt versus Crawford).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sedert Crawford die redaksie van ***Voice*** aan die einde van Oktober 1910 tydelik verlaat en op 'n uitgebreide oorsese reis van dertien maande vertrek het,[113] was daar 'n merkbare afname in persoonlike aanvalle en beledigings op die leierselement van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty. Creswell is selfs geprys vir die handnekkige wyse waarop hy die toepassing van Sondagarbeid op die myne, soos bepaal deur Klousule 6 van die Wet op Myne en Bedrywe (nommer 12 van 1911) tydens die deurvoering daarvan in die parlement beveg het.[114] ***Voice of Labour*** het in hierdie periode sy aanvalle meer gekonsentreer op sekere beleidsaspekte van die Arbeidersparty, soos sy program van beginsels, kleurbeleid en blanke immigrasie- en arbeidbeleid.[115] Maar nadat Crawford van 'n wêreldtoer af teruggekeer en die beheer en eienaarskap oor sy koerant in November 1911 hervat het,[116] kon die kenmerkende skerp kritiek en soms persoonlike aanvalle op die Arbeidersparty en sy leiers egter weer in die kolomme van ***Voice*** bespeur word.[117] Gedurende die tydperk 1911 – 1912 het ***Voice of Labour*** ook sy oorbekende onvleiende aanmerkings en kritiek op *establishment*-koerante soos die ***Sunday Times***, die ***Rand Daily Mail***, ***The Pretoria News***, ***The Cape Times***, die ***Natal Advertiser***[118] en op sy direkte mededinger onder die arbeiderpubliek, ***The Worker***, voortgesit.[119]

---

[113] *Voice of Labour*, 30.09.1910, p. 428 (Editorial Notes); *Ibid.*, 07.10.1910, p. 436 (Hoofartikel); *Ibid.*, 21.10.1910, p. 453 (Hoofartikel).

[114] D.W. Kruger: Die Bewind van Generaals Botha en Smuts, 1910 – 1924 (A.J.H. van der Walt, *et al* (reds.): *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 488); E.A. Walker: *A History of Southern Africa*, p. 553; *The Star*, 11.12.1911, p. 10 (Union Parliament); *Ibid.*, 25.02.1911, p. 10 (Union Parliament); *Ibid.*, 16.03.1911, p. 4 (Union Parliament); *Voice of Labour*, 03.03.1911, p. 636 (Hoofartikel).

[115] *Voice of Labour*, 13.01.1911, p. 579 (Socialist Party Notes); *Ibid.*, 20.01.1911, p. 1 (T.G. Glynn: The Labour Party and Socialism) en p. 589 (L.H.H. Greene: Maritzburg Musings); *Ibid.*, 27.01.1911, p. 596 (Hoofartikel); *Ibid.*, 24.02.1911, p. 629 (L.H.H. Greene: Maritzburg Notes). Kyk ook *Ibid.*, 07.07.1911, p. 5 (T. Glynn: The Issue and how to Obscure it); *Ibid.*, 19.01.1912, pp. 5, 8 ("Proletarian": Socialism and the SALP); *Ibid.*, 17.05.1912, p. 6 (At the Vaudette) en M. Creswell: *An Epoch of the Political History of South Africa in the Life of Frederic Hugh Page Creswell*, pp. 54 – 55.

[116] *Voice of Labour*, 24.11.1911, pp. 4 – 5 (Hoofartikel). Kyk ook (TAB) CS Vol. 877, file no. 15580: M. Fitzgerald – Minister of the Interior, 02.01.1912 (no. 5/15580); *Ibid.*, M. Fitzgerald – Minister of the Interior, 04.12.1912 (no. 4/15580); (SAB) SAP Vol. 68, file no. CONF 8/702, Re Socialist Movement on Reef: W. Cartlidge – Deputy Commissioner, 30.03.1912 (no. Con: J.D.I./267).

[117] Kyk byvoorbeeld *Voice of Labour*, 19.01.1912, p. 2 (Creswellian Anomalies); *Ibid.*, 16.02.1912, p. 1 (A. Crawford: From the Watch Tower), p. 2 ("Special Representative": Notes from the Cape Province) en p. 5 (Hoofartikel); *Ibid.*, 10.05.1912, p. 3 (The Hunter of Fat Billets); *Ibid.*, 24.05.1912, p. 5 (Heard and Said); *Ibid.*, 19.04.1912, p. 3 ("Proletarian": A Rebel's Review).

[118] Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 20.01.1911, p. 587 (Jay Knibb: Dips and Scratches); *Ibid.*, 03.03.1911, p. 635 (J. Davidson: Trade Union Federation) en p. 638 (T. Glynn: I.W.W. Notes); *Ibid.*, 02.06.1911, p. 2 (Pretoria Notes); *Ibid.*, 14.07.1911, p. 6 (A.B. Dunbar: Crookdom Again); *Ibid.*, 15.09.1911, pp. 4 – 5 (Hoofartikel); *Ibid.*, 10.05.1912, p. 6 ("Kralcla": Durban Notes).

[119] *Ibid.*, 01.03.1912, p. 4 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk dat ***Voice***, met sy aktivistiese en opruiende aanslag, ook vir die owerhede 'n steen des aanstoots was. Die Waarnemende Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie het byvoorbeeld in 1911 kopieë van die koerant aan die Ministerie van Justisie voorgelê. Die kommissaris het dit as "'n hoogs opruiende en skadelike publikasie" beskou. Hy was van mening dat die blad "twis en tweedrag" onder die werkersklas van Suid-Afrika kon saai en daarom moes optrede daarteen oorweeg word.[120] Die Minister van Justisie het egter (wyslik) besluit dat vervolging van ***Voice of Labour*** geen nuttige doel sou dien nie en dat dit slegs van die redakteur 'n martelaar sou maak.[121]

Alhoewel die sosialisme in Suid-Afrika met die stigting van die United Socialist Party in 1912 skynbaar 'n relatiewe en tydelike "hoogtepunt" bereik het, was dit egter 'n geruime tyd reeds duidelik dat die doodsklok vir ***Voice of Labour***, wat as partymondstuk die senusentrum van kommunikasie tussen die verskillende takke van die USP was, weldra sou lui. In September 1910 het ***Voice*** nog verklaar dat hy die grootste sirkulasiesyfer van enige arbeiderkoerant in Suid-Afrika gehad het en dat sy sirkulasie "*on the upward grade*" was.[122] Maar teen Mei 1911 het die koerant sy lesers dringend versoek om behulpsaam te wees om die lys van intekenaars aan te vul aangesien dit 'n kwessie van "*progress or die*" was.[123] In ***Voice of Labour*** se uitgawe van 23 Junie 1911 berig die eienares, Mary Fitzgerald, dat die sakebestuur van die blad vanaf daardie datum oorgeneem sou word deur C.W. Webber.[124]

Aangesien ***Voice*** teen Julie 1911 alreeds 'n skuld van meer as £200 gehad het, het J. Davidson 'n ernstige beroep op lesers gedoen om die koerant met 'n reddingsfonds van ondergang te red. Hy het daarop gewys dat ***Voice*** sedert sy ontstaan finansieel alleen deur Crawford en Fitzgerald gedra en gepubliseer is en dat hulle baie opofferings vir verdienstelike sake ter bevordering van die sosialisme gemaak het. In vergelyking met oorsese sosialistiese publikasies soos ***Clarion***, ***Labour Leader*** en ***Justice***, waarvan groot

---

[120] (SAB) JUS Vol. 126, file no. 3/1442/11, Voice of Labour: Acting Chief Commissioner – Acting Secretary for Justice, 14.12.1911 (no. 3/1442/11).

[121] *Ibid.*, J. de V. Roos – Acting Chief Commissioner, 20.12.1911 (no. 3/1442/1).

[122] *Voice of Labour*, 30.10.1910, p. 429 (Our Circulation).

[123] *Ibid.*, 19.05.1911, p. 8 (An Important Matter).

[124] *Ibid.*, 23.06.1911, p. 1 (Notice).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oplaes gepubliseer is, het ***Voice*** maar onder 'n relatief klein werkerskorps gesirkuleer.[125] Sosialiste soos A.B. Dunbar en R. Blake het verklaar dat ***Voice*** teen 'n lopende verlies van £20 per maand vir die eienaar gepubliseer is en dat die sosialistiese beweging sonder 'n koerant nie sou gedy nie. Lesers is weer versoek om nuwe intekenaars en advertensies te werf en om die blad se adverteerders te ondersteun. Andersins sou die koerant weens 'n gebrek aan voldoende steun publikasie moes staak. Dunbar se versoek, dat die sirkulasie vóór die einde van daardie jaar moet 10 000 verhoog moes word,[126] was onder dié omstandighede dus buitensporig.

Verskeie faktore het ***Voice*** se finansiële verknorsing vererger. Teen September 1911 het Dunbar berig dat die koerant adverteerders verloor het. Dit was waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die inhoud van ***Voice*** al hoe meer militant begin raak het.[127] 'n Ander faktor wat moontlik tot ***Voice of Labour*** se finansiële agteruitgang bygedra het, was dat vele eksemplare van die blad by verskeie geleenthede gratis versprei is, sodat die onkostes daaraan verbonde nie verhaal kon word nie.[128]

Dit blyk ook dat die finansiële bekommernisse oor haar koerant Mary Fitzgerald se gesondheid begin aantas het.[129] Daarby moes sy hofsake, wat as gevolg van die blad se skuldprobleme aanhangig gemaak is en vir haar baie vyande meegebring het, beveg. So is sy namens ***Voice*** se drukkery, Modern Press, deur die lettersetters, P. en E. McKillop, vir agterstallige lone gedagvaar. Die hofuitspraak was ten gunste van die eisers en Modern Press moes £27 18s 3d aan hulle uitbetaal.[130] In 'n ander hofsaak het Modern Press weer £12 12s 6d van die maatskappy van ***The Worker*** geëis. Die eis het oor tegniese

---

125 *Voice of Labour*, 28.07.1911, p. 7 ("The Voice" – Rescue fund). Kyk ook *Ibid.*, 04.08.1911, p. 3 (J. Davidson: Can we save the "Voice"), p. 5 ("Voice" Rescue Fund) en p. 7 (What People Are Saying); *Ibid.*, 01.12.1911, p. 2 ("Voice" Rescue Fund); *Ibid.*, 08.12.1911, p. 10 ("Voice" Rescue Fund).

126 *Ibid.*, 28.07.1911, p. 3 (A.B. Dunbar: An Appeal to Readers) en p. 8 (R. Blake: Ulysses or Socraties). Kyk ook *Ibid.*, 11.08.1911, p. 5 (H. Glasse: "Voice" Rescue Fund).

127 *Ibid.*, 15.09.1911, p. 1 (A.B. Dunbar: Industrial Union Propaganda).

128 Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 24.06.1910, p. 291 (The Benoni Meeting); *Ibid.*, 16.09.1910, p. 412 (Election Fund).

129 *Ibid.*, 18.08.1911, p. 2 (Mrs Fitzgerald Indisposed).

130 *The Star*, 10.11.1911, p. 9 (Mrs Fitzgerald). Kyk ook *Voice of Labour*, 27.10.1911, p. 1 ("Puff"; The Rescue Fund); *Ibid.*, 08.12.1911, p. 10 ("Voice" Rescue Fund).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
besonderhede in die toekenning van 'n kontrak vir drukwerk aan eersgenoemde gehandel, maar die hof het dit verwerp.[131]

Alhoewel verskeie bekende sosialiste bydraes tot die reddingsfonds gemaak het, onder andere Davidson, Dunbar, H. Glasse, J.P. Anderson, J.T. Bain en dr. Caporn van die Kaapse SDF,[132] het Davidson gekla dat die fonds nie na wense vordering getoon het nie.[133] Die laaste uitgawe van ***Voice of Labour*** van 1911 berig dat daar in daardie stadium nog slegs £45 6s van die beoogde £200 ingesamel is.[134] In 'n poging om sy sirkulasie te verbeter, het ***Voice*** beoog om op die lees van die Boy Scouts-beweging 'n Voice Scouts-beweging te begin. Hierdie seuns moes dan teen vergoeding nuwe intekenaars werf. Bonusse en boekpryse sou dien as aanmoediging om die maksimum getal intekenaars te werf.[135]

Teen Januarie 1912 het die koerant verklaar dat hy 'n deurlopende fonds ter ondersteuning van die sosialistiese pers beoog het en dat bydraers tot die fonds insae in die state van ***Voice of Labour*** sou hê.[136] Die finansiële krisis het egter erger geraak. In die uitgawe van 2 Februarie 1912 het ***Voice*** gemeld dat twee anonieme kamerade verhoed het dat die publikasie as gevolg van 'n gebrek aan geld gestaak word deur gesamentlik £50 in die vorm van 'n skuldbewys voor te skiet. Die skuldbewys sou op 13 Februarie 1912 verval. As gevolg van 'n afname in advertensies was daar geen geld beskikbaar om verdere onkostes te dek nie. Indien elke pennie verskuldig deur adverteerders vir die uitgawes van Januarie 1912, sonder inagneming van kollekteringsonkoste, in berekening gebring sou word, sou ***Voice*** se verlies vir daardie maand nog steeds £13 12s 10d beloop. Een van die bogenoemde twee persone was darem bereid om nog £10 voor te skiet, op voorwaarde dat vier ander vrywilligers dieselfde doen om sodoende die benodigde £50 te genereer.[137]

---

131 *Voice of Labour*, 05.04.1912, p. 1 ("The Worker" and its Accounts); *The Star*, 21.06.1912, p. 11 (Mrs. Fitzgerald's Summons).

132 Kyk byvoorbeeld *Voice of Labour*, 17.11.1911, p. 7 ("Voice" Rescue Fund).

133 *Ibid.*, 15.09.1911, p. 6 (J. Davidson: Notes & Gossip). Kyk ook *Ibid.*, 19.01.1912, p. 8 ("Voice" Press Fund, 1912).

134 *Ibid.*, 22.12.1911, p. 7 ("Voice" Rescue Fund).

135 *Ibid.*, 15.12.1911, p. 8 (Boost for the Voice).

136 *Ibid.*, 19.01.1912, p. 8 ("Voice" Press Fund, 1912).

137 *Ibid.*, 02.02.1912, p. 5 (Hoofartikel); *Ibid.*, 16.02.1912, p. 5 (Hoofartikel). Kyk ook *Ibid.*, 22.03.1912, p. 5 (Voice Press Fund 1912).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Geen wonder nie dat ***The Worker*** na Crawford verwys het as iemand "*conducting a newspaper at a loss*".[138]

Die finansiële posisie van ***Voice*** het blywend versleg. Op 24 Mei 1912 het die blad verklaar dat die grootte van daardie uitgawe verklein is – hoofsaaklik as gevolg van 'n tekort aan fondse. Vanaf Junie 1912 sou ***Voice*** se kolomme een-sesde wyer en 'n kwart langer wees. Daar sou meer spasie vir nuus en artikels wees. 'n Kleiner bladuitleg sou in 'n mate vir die verhoogde koste kompenseer. Ietwat sinies het die koerant verklaar:

> "*At times we think the Socialists of South Africa, do not want a paper to represent their interests. Certainly they do not deserve it... Few will deny that South African Socialists have failed in the past in their duty to their own press*".[139]

Alhoewel ***Voice of Labour*** nog tot Desember 1912 verskyn het,[140] kon slegs uitgawes tot die einde van Mei 1912 vir navorsing opgespoor word, wat 'n leemte van sewe maande laat. Die laaste bydrae tot die reddingsfonds wat opgespoor kon word, het £7 7s 6d bedra.[141] Tesame met die £45 6s wat in 1911 ingesamel is, gee dit 'n totaal van £54 3s 6d, wat nog 'n tekort van £146 van die benodigde £200 gelaat het. 'n Hele aantal faktore het dus noodwendig tot ***Voice*** se einde gelei. Benewens die finansiële faktore was daar die aggressiewe en militante styl wat die redakteur van die koerant in sy kort en stormagtige bestaan gehandhaaf het. Dit het soms baie opspraak verwek, ***Voice*** se eienaar en redakteur dikwels in die hof laat beland en hulleself groot onmin uit verskeie oorde op die hals laat haal.

Die einde van ***Voice of Labour***, wat in daardie stadium die enigste mondstuk en belangrikste kommunikasiemedium van die militante sosialiste in die onderskeie industriële sentra in die land was, was 'n byna onoorkombare terugslag vir die bevordering van

---

[138] *Voice of Labour*, 19.04.1912, p. 2 (D.B. Mortefiore: Clearing the Way).

[139] *Ibid.*, 24.05.1912, p. 4 (Hoofartikel).

[140] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 141, 152.

[141] *Voice of Labour*, 17.05.1912, p. 5 (Voice Press Fund, 1912).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
sosialisme in Suid-Afrika. Dit sou die militante sosialiste twee jaar neem om van die verlies te herstel totdat ***The War on War Gazette*** in 1914 op die toneel sou verskyn.

5.2 *THE WAR ON WAR GAZETTE*

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 kon nie op 'n meer ongeleë tydstip vir die blanke arbeiderbeweging plaasvind nie. Een van die gevolge van die algemene staking van Januarie 1914 was juis dat dit die werkergeledere in 'n groter mate as ooit tevore kon verenig en konsolideer as gevolg van die regering se hardhandige optrede teen die stakers. Daarom was die vooruitsigte ook uiters belowend dat die SAAP groot veld sou wen onder die blanke kieserskorps in die algemene verkiesing van 1915. Teen 1914 was die Arbeidersparty op 'n hoogtepunt en die Arbeidersuksesse in die Transvaalse provinsiale raadsverkiesing, parlementêre en provinsiale tussenverkiesings, asook stadsraadverkiesings in dieselfde jaar, was 'n maatstaf van die sterkte van die party in daardie stadium. Die euforie wat deur hierdie suksesse geskep is, het egter inherente spanninge in die party verberg. Nuwe lede wat vanuit die NP en die UP by die SAAP aangesluit het, het sekere bestaande konserwatiewe elemente en vooroordele binne die party versterk. Daarom sou die uitbreek van die oorlog op politieke gebied 'n noodlottige, en onomkeerbare gevolge, inhou vir die brose eensgesindheid binne die SAAP, aangesien die gefragmenteerde samestelling daarvan in elk geval deur middelpuntvliedende kragte onder druk geplaas is, soos chroniese politieke twiste en ideologiese verskille, asook politieke kleingeestigheid tussen die leierselemente onderling. Die standpunte wat die pro- en anti-oorlogfaksies in die arbeiderbeweging oor die Europese konflik ingeneem het, sou 'n onherroeplike breuk en skeuring bring en finaal die politieke slagordes tussen die regter- en die linkervleuel trek, veral binne die SAAP.[142] Hierdie standpunte sou ook in die linkse en regse arbeiderpers uitkristalliseer.

Ten spyte van die pro-oorloggees en vlaag van patriotisme wat al sterker binne die geledere van die SAAP begin posvat het, het die pasifiste, of soos Forman dit stel, die "*advance-*

---

[142] B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 133 – 134, 138. I.v.m. die positiewe gevolge van die 1914-staking vir die arbeiderbeweging en die verdeeldheid oor die oorlogkwessie, kyk W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 305 – 312, 316, 319 – 321, 359 – 371.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

guard" in die party,[143] nie polities passief gebly nie. Onder leiding van Colin Wade as voorsitter, met P.R. Roux as sekretaris en S.P. Bunting as tesourier, is die War on War League volgens 'n berig in ***The Star*** op 25 Augustus 1914 gestig. Blykbaar was J.P. Anderson, tesame met ene Boyd en later T.W. Ward, ook in verskillende stadia sekretarisse van die League.[144]

Die biografiese besonderhede van persone soos Wade, Roux en Bunting bevestig Cope en Johns se siening dat die meerderheid lede van die War on War League professionele, Engelssprekende middelklaspersone was wat op 'n latere tydstip by die arbeider- en sosialistiese bewegings aangesluit het.[145] Hulle geledere is aangevul deur anargistiese Joodse sosialiste uit Oos-Europa.[146] Dit blyk dus dat die progressiewe denke in die arbeiderbeweging, in soverre dit internasionale sosialisme betref, veral onder die intelligentsia van die Arbeidersparty voorgekom het, aangesien hulle die leidende figure in die War on War League en later in die International Socialist League was. Daarteenoor was die gewone werkers, met lae of geen akademiese kwalifikasies, meerendeels die konserwatiewe, patriotiese, pro-oorlog regtervleuel van die SAAP.[147]

Die benaming "War on War League" is afgelei van 'n hoofopskrif, *"Labour's War on War/Socialists Supreme Effort for Peace*", wat op 6 Augustus 1914 in die ***Labour Leader***, die lyfblad van die sosialistiese Britse Independent Labour Party, verskyn het.[148] Meyer verklaar tereg dat die War on War League die eintlike wegbereider vir die Kommunistiese

---

[143] S. Forman & A. Odendaal (eds.): *A Trumpet from the Housetops*, p. 45.

[144] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 236 – 237; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 139; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 163; T.R.H. Davenport: *South Africa A Modern History*, p. 269; E. & W. Roux: *Rebel Pity: The Life of Eddie Roux*, p. 25; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 71; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 180; S. Forman & A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 45; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 32; N. Weyl: *Traitors' End*, p. 45; D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 – 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1969, Nr. 1, pp. 64 – 65); B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part VIII (*Forward*, 10.12.1943, p. 5); B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part X (*Forward*, 24.12.1943, p. 5); *The War on War Gazette*, 31.10.1914, p. 1; *Ibid.*, 07.11.1914, p. 2; *The Star*, 16.10.1915, p. 7 (Election Notes); *Ibid.*, 19.10.1920, p. 7 (War-on-War Pledges).

[145] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 163; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 40.

[146] E.A. Mantzaris: Radical Community: The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 – 1920 (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, pp. 160 – 161, 164, 173).

[147] W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, p. 342.

[148] B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 139.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Party van Suid-Afrika was.[149] Die League het sy ontstaan soos volg in 'n pamflet regverdig:

> "*The League was an inevitable reaction against the attitude of the militarist members of the Labour Party; a spontaneous protest and corrective against their lapses and excesses. Had the Party stuck to its guns, there would have been no War on War League*".[150]

Die War on War League het verklaar dat alhoewel lede van die Arbeidersparty gehelp het met die stigting en ook lede daarvan was, die League onafhanklik van daardie party was. Die League was ook geen politieke party nie. Om vir lidmaatskap te kon kwalifiseer, moes voornemende lede 'n plegtige belofte aflê om die Eerste Wêreldoorlog of enige ander oorlog te alle tye en ten alle koste te opponeer.[151]

Dit blyk dat S.P. Bunting die literêre dryfkrag van die War on War League was. Op 14 September 1914 het hy namens die League by die Departement Binnelandse Sake aansoek gedoen om 'n beoogde weekblad, bestaande uit vier bladsye en getitel, ***The War on War Gazette***, as publikasie te registreer. Thomas Ward van Modern Press sou die drukker wees, terwyl Bunting as eienaar, uitgewer, bestuurder en verantwoordelike redakteur namens die League sou optree. Bunting het voorts verklaar: "*The contents would not be news as such, but rather comment and argument and propaganda of a pacifist nature, especially from the Socialist standpoint.*" Volgens Bunting se brief was die eienaars van 'n publikasie genaamd ***The Enlightener***, waarvan slegs twee uitgawes verskyn het, bereid dat dit ook by ***The War on War Gazette*** geïnkorporeer word.[152] Alhoewel Bunting van mening

---

149 P.J. Meyer: *Die Hand van Moskou in Suid-Afrika*, p. 4.

150 (JOB) War on War League: *Keeping the Red Flag Flying*, pp. 4 – 5. Kyk ook *The War on War Gazette*, 28.11.1914, p. 1 (More 'Labour Unrest').

151 M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 237 – 238; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 139; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 71; D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 – 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1969, Nr. 1, p. 65); *The War on War Gazette*, 19.09.1914, p. 3 (The War on War League SA); *Ibid.*, 31.10.1914, p. 1. Kyk ook *Ibid.*, 28.11.1914, p. 1 (More 'Labour Unrest') en p. 234 hieronder.

152 D.I. – Argief, file no. 115/13, The War on War Gazette: S.P. Bunting – Secretary for the Interior, 14.09.1914 (no. 1/34989); *Ibid.*, Extract from Newspaper Register, No. 215; *Ibid.*, Under Secretary for

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was dat ***The War on War Gazette*** eerder 'n tipe strooibiljet was en nie as 'n koerant sou kwalifiseer nie[153] het die Departement van Binnelandse Sake tog vereis dat die publikasie wel as nuusblad geregistreer moes word.[154]

Sidney Percival Bunting is op 29 Junie 1873 in Somers Town, Londen, gebore. Hy was een van vier kinders en kleinseun van die vooraanstaande Wesleyaan, Jabez Bunting. Sy vader was sir Percy Bunting, 'n advokaat en stigter en redakteur van die liberale ***Contemporary Review***. Sir Percy is in 1908 tot ridder geslaan oor sy dienste aan die Britse Liberale Party. Bunting se moeder was 'n bedrywige Metodiste maatskaplike werkster in Londen. Beide Bunting se ouers was toegewyde kampvegters vir onpopulêre toentertydse sosiale kwessies en sy ouerhuis was 'n bymekaarkomplek van politieke vlugtelinge van verskillende oortuiginge en nasionaliteite. Volgens Sacks het hierdie invloede bygedra tot Bunting se latere radikale politieke oortuigings. Bunting het sy skoolopleiding by die St Paul's seunskool in Londen voltooi. In 1897 het hy die vise-kanseliersprys vir Latyn-prosa aan die Magdalen College, Oxford, verower.

Alhoewel Bunting in 1900 as prokureur in Brittanje toegelaat is, het hy in dieselfde jaar tydens die Anglo-Boereoorlog na Suid-Afrika gekom en as luitenant in die Britse magte gedien. Ná die oorlog het hy 'n graad in die regte aan die South African College in Kaapstad verwerf en hom in 1902 as prokureur in Johannesburg gaan vestig. In 1909 het Bunting die sekretaris van die White Expansion Society geword. Hierdie vereniging het hom vir blanke uitbreiding in Suidelike Afrika beywer. Bunting het met Wybergh en Creswell bevriend geraak en hy het 'n ondersteuner van Creswell se beleid vir die beskerming van blanke arbeid geword. Tydens die algemene verkiesing van 1910 was hy Creswell se verkiesingsagent. In September 1910 het hy by die SAAP aangesluit en het in dieselfde jaar die sekretaris van die Witwatersrandse Distrikskomitee van die Arbeidersparty geword. In 1912 is hy tot die party se uitvoerende komitee verkies. Bunting was toe ook bestuurder van ***The Worker*** en het in die koerant se redaksionele raad

---

the Interior – S.P. Bunting, 21.09.1914 (no. 2/34989); *Ibid.*, Under Secretary for the Interior – Commissioner South African Police, 21.09.1914 (no. 2/34989). Geen inligting aangaande die bestaan, oorsprong of inhoud van *The Enlightener* kon opgespoor word nie.

153 D.I. – Argief, file no. 115/13, The War on War Gazette: S.P. Bunting – Secretary for the Interior, 14.09.1914 (no. 1/34989).

154 D.I. - Argief, file no. 115/13, The War on War Gazette: Under Secretary for the Interior – S.P. Bunting, 16.09.1914 (no. 1/34989).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedien. Teen die einde van Julie 1913 het hy die sekretaris van die Trades Hall Society geword. Volgens C.B. Mussared was Bunting in daardie stadium eerder 'n liberalis as 'n sosialis en sou hy eers teen 1914 en 1915 sterk na vore tree as 'n rewolusionêre sosialis.

Bunting was aanvanklik ook 'n lid van die Rand Club wat met die Kamer van Mynwese geassosieer is. Na die staking van 1913 het hy egter daaruit bedank. In Maart 1914 is hy as 'n Arbeider tot die Transvaalse Provinsiale Raad vir die kiesafdelig Bezuidenhout Valley verkies. In daardie stadium het Bunting die potensiaal van die kiesersteun van die Afrikaner-werkersklas vir die SAAP besef en vir drie weke lank by dominee L.E. Brandt van die Nederduitsch Hervormde gemeente in Johannesburg ingewoon en Afrikaans leer praat. Teen 1915 het ***The Eastern Record*** hom as die dryfkrag agter die party se propagandaveldtog onder die Afrikaners op die platteland bestempel.

Na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het Bunting, nadat hy aanvanklik geaarsel het, hom by die War on War League aangesluit. In 1915 het hy met ander lede van die War on War League die Arbeidersparty verlaat en die International Socialist League (ISL) gestig waarvan hy later ook die tesourier geword het. In Desember 1916 is hy met 'n mede-sosialis en Joodse emigrant uit Litaue, Rebecca Notlowitz, getroud. Twee seuns is uit die huwelik gebore. Bunting en David Ivon Jones, die redakteur van ***The International***, is as die sogenaamde "negrofiliste" van die League beskou en was die stukrag agter die organisasie se aanvaarding van die beginsel van gelykheid tussen wit en swart. In 1917 het hulle die Industrial Workers of Africa (IWA) met die steun van die ISL gestig. Dit was die eerste vakbond vir ongeskoolde swart werkers in Suid-Afrika. Tydens die verkiesing vir die Transvaalse Provinsiale Raad van Junie 1917 was hy as rewolusionêre sosialistiese kandidaat onsuksesvol in die kiesafdeling Commissionerstraat en het slegs 71 stemme gekry. In 1918 is hy as een van die aanstigters van die sogenaamde "nagemmerstaking" van swart munisipale werkers in Johannesburg gearresteer, maar die klagtes teen hom is later teruggetrek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Toe die International Socialist League in 1921 in die nuwe Kommunistiese Party van Suid-Afrika opgegaan het, het Bunting die tesourier van die nuwe party geword. In 1923 het hy ook die sekretaris geword en is in die volgende jaar tot voorsitter van die party verkies. Tot laasgenoemde posisie is hy weer in 1929 verkies. In 1922 het Bunting as 'n party-afgevaardigde na die vierde kongres van die Komintern in Moskou gegaan. In daardie jaar het sy weë ook finaal van die blanke arbeiderbeweging geskei as gevolg van sy aandrang op gelyke betaling vir dieselfde werk in plaas van die kleurslagboom. Hy het pogings aangewend om die swart ledetal van die Kommunistiese Party te verhoog en het aandklasse gereël om swartes te leer lees en skryf. In 1927 het die Komintern besluit dat dit die doel van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party moes wees om hom vir die verkryging van 'n "Suid-Afrikaanse naturellerepubliek" te beywer. In 1928 is Bunting as party-afgevaardigde na die sesde kongres van die Komintern in Moskou om die besluit van 1927 te opponeer op grond daarvan dat dit die Suid-Afrikaanse blankes 'n politieke toekoms sou ontneem. In Moskou het Bunting egter 'n vyandige gehoor toegespreek en is as 'n "blanke chauvinis" gestigmatiseer. In 1929 was hy 'n onsuksesvolle verkiesingskandidaat vir die Kommunistiese Party in die kiesafdeling Tembuland en het slegs 289 stemme gekry. Sy verkiesingsveldtog het ook met polisie-intimidasie en arrestasie gepaard gegaan. In 1931 is Bunting en verskeie ander prominente lede uit die Kommunistiese Party geskop weens hulle sogenaamde "regtervleuelbedrywighede".

As gevolg van verswakkende gesondheid moes Bunting later sy regspraktyk laat vaar en was in sy laaste lewensjare 'n woonstelopsigter in Johannesburg. Hy is op 25 Mei 1936 aan beroerte oorlede.[155]

---

[155] (WCL) A 949, Newspaper Clippings: E.R. Roux: S.P. Bunting (*Forward*, 29 May 1936, p. 5); *Ibid.*, "R.F.": A Great Revolutionary; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 1, 3, 9 – 10, 21, 29 – 30, 34, 36 – 40, 45, 47, 50 – 54, 57 – 60, 62, 64, 66 – 68, 71 – 73, 75 – 78, 80 – 82, 97 – 98, 101, 110, 122, 135 – 139, 166, 169, 177, 185, 188 en 191; E. Roux: *Time Longer than Rope*, pp 129 – 130; D.W. Krüger (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel II, pp. 105 – 106; K. Donaldson (ed): *South African Who's Who, 1908*, p. 59; E. Rosenthal: *Southern African Dictionary of National Biography*, p. 50; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 172; B. Bunting: *Letters to Rebecca. South African Communist Leader S.P. Bunting to his Wife 1917 – 1934*, pp. 7 – 16, 59; G.M. Gerhart and T. Karis: *From Protest to Challenge. A Documentary History of African Politics in South Africa 1882 – 1964, Vol. 4, Political Profiles, 1882 – 1964*, pp. 13 – 15; B. Sacks: *Mist of Memory. An Autobiography*, pp. 127 – 128; *Voice of Labour*, 05.04.1912, p. 1 ("The Worker" and its Accounts); *The Worker*, 10.07.1913, p. 5 (Advertensie); *The Eastern Record*, 03.04.1915, p. 15 ("Beronya": Labouritis); D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 – 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1969, Nr. 1, p. 68);

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The War on War Gazette is twee maande lank gepubliseer. Die eerste van die blad se dertien uitgawes het op 19 September 1914 verskyn. Dit was by die hoofposkantoor as nuusblad geregistreer en het blykbaar ook onder beskerming van die SATU gestaan of is deur laasgenoemde se lede gedruk op grond van die afleiding dat hierdie vakbond se wapen gewoonlik onderaan een van die bladsye van 'n eksemplaar gedruk is. Die ***Gazette*** is teen een pennie per eksemplaar verkoop en Bunting het glo menigmaal op die straathoeke van Johannesburg staan en skree: "*Buy the 'War on War Gazette'. A penny each*".[156] Die blad is ook tydens vergaderings van die War on War League verkoop.[157]

Verskeie verspreidingsmetodes is aangewend om ***The War on War Gazette*** aan die leserspubliek bekend te stel. Die bestuur het onderneem om pakke koerante van drie dosyn per pak teen een sjieling per dosyn aan enige adres in die land te stuur tot tyd en wyl 'n stelsel vir gereelde intekenaars in werking gestel kon word. Die ***Gazette*** was ook in die kleinhandel in Johannesburg, Pretoria en Germiston verkrygbaar en is selfs as 'n uitdaging vir die pro-oorloggesinde werkers by die ingang tot die Wanderers-stadion in Johannesburg verkoop toe Creswell daar op 2 Oktober 1914 'n pro-oorlogtoespraak voor 'n skare gehou het. Verder is daar 'n intekenaarlys vir die League se propagandafonds geopen en bydraers is in die koerant erken.[158]

Daar is ook voorgestel dat elke leser van ***The War on War Gazette*** een sjieling aan die koerantbestuurder moes stuur. Sodanige donateurs sou dan die keuse hê van agt agtereenvolgende uitgawes van die ***Gazette*** wat posvry aan enige adres binne die Unie gestuur sou word, óf dat eksemplare van 'n spesifieke uitgawe van die ***Gazette*** aan agt

---

B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part XI (*Forward*, 31.12.1943, p. 5); A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*, p. 52.

[156] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 37; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 186; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 321; S. Forman & A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 45 – 46; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 166; B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part X, (*Forward*, 24.12.1943, p. 5); *The War on War Gazette*, 19.09.1914, pp. 1, 4; *Ibid.*, 03.10.1914, p. 1.

[157] (SAB) SAP Vol. 15, file no. CONF 6/245/14/50, Correspondence: Socialist Meeting at Tivoli, 11.10.1914.

[158] *The War on War Gazette*, 26.09.1914, p. 4 (Powder and Shot) en (The Gazette); D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 – 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1969, Nr. 1, p. 65). Kyk ook *The War on War Gazette*, 03.10.1914, p. 1 (The "League" Propaganda Fund).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persone van eie keuse gestuur kon word, óf dat die sjieling as 'n donasie in die koerant se algemene fonds gestort kon word. Daar is aan die hand gedoen dat elke leser die ***Gazette*** in sy werkwinkel, kantoor, trem of straat moes versprei en bespreek. Hulle moes ook toesien dat nuusagentskappe of koerantverspreiders dit aan die publiek verskaf en dat biblioteke of ontspanningklubs dit bestel. Lesers is aangemoedig om enige inligting aangaande loondispute, lewenskoste, afleggings van werkers, werkloosheid en "sakpatriotisme" (vaderlandsliefde wat nie verder as 'n persoon se eie beursie gestrek het nie) aan die redakteur van die ***Gazette*** te stuur. Ook moes gevalle van gedwonge rekrutering onder die redaksie se aandag gebring word sodat die koerant die regering se aggressiewe benadering tot die oorlog aan die kaak kon stel.[159]

In September 1914 het ***The War on War Gazette*** beweer dat sy sirkulasie teen 'n tempo van 1 000 eksemplare per week gestyg het en dat reëlings getref is om van Oktober 1914 af advertensies in die koerant te plaas.[160] Slegs een private advertensie is egter in die volle tydperk waarin die ***Gazette*** verskyn het, geplaas.[161] Adverteerders is heelwaarskynlik afgeskrik deur die militante anti-oorlogstandpunte van die koerant wat teen die patriotiese sentiment ingedruis het wat in daardie tyd in die land geheers het.

In die uitgawe van 7 November 1914 het 'n baie optimistiese berig in verband met die vordering van die War on War League en ***The War on War Gazette*** verskyn. Die berig het onder andere verklaar:

> "*Locally, opinion is changing, we are sure, and the War on War League is vindicating its existence. Its propaganda is sinking in. Our Gazette vendors are no longer insulted in the streets: our meetings are no longer seriously disturbed by bibulous patriots. Even the police have left us alone despite martial law. Government has clearly made some attempt to move in the direction of the advice we have offered*".[162]

---

[159] *The War on War Gazette*, 10.10.1914, p. 1 (What Every "Gazette" Reader Should Do).

[160] *Ibid.*, 26.09.1914, p. 4 (Advertisements). Geen ander bron kon opgespoor word wat die bewering aangaande die *Gazette* se sirkulasiesyfers bevestig of weerspreek nie.

[161] Kyk *Ibid.*, 28.11.1914, p. 2.

[162] *Ibid.*, 07.11.1914, p. 2 (Rebellion and Other Topics).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alhoewel die ***Gazette*** in die daaropvolgende uitgawe berig het dat die League na 'n lang gesukkel uiteindelik daarin geslaag het om 'n saal vir vergaderings te bekom, is daar ook 'n beroep op lesers gedoen om finansiële bydraes te maak om sodoende die onkostes van die koerant te help dek, omdat dit soos enige ander propagandablad nie selfbetalend was nie. Daar is gekla dat die werksaamhede van die ***Gazette*** op 'n kleiner skaal bedryf is as wat die League gehoop het, omdat groot verspreidingsprobleme ondervind is. Aangesien gevestigde uitgewers die blad vermy het, moes verspreiding deur middel van vrywillige verkopers plaasvind en kon 'n stelsel van intekenaars nog nie tot stand gebring word nie. Lesers is gevra om enige bedrag wat hulle kon bekostig per tjek of posorder aan die tesourier van die War on War League te stuur. Bydraes sou in die ***Gazette*** erken word en daar is beoog om 'n finansiële staat in die koerant te publiseer nadat 'n kwartaal sedert die stigting van die League verloop het. Ten spyte van die bogenoemde probleme het Bunting tog verklaar: "*But we have evidence from all sides that our little paper is doing great good*".[163]

Intussen het ***The War on War Gazette*** ook van drukkery verander. Vanaf 7 November 1914 is dit deur The Newtown Printing and Publishing Company van Pinstraat, Johannesburg, gedruk.[164] 'n Studie van die inhoud van die ***Gazette*** werp ook meer lig op die aard en werksaamhede van die War on War League. ***The War on War Gazette*** is by uitstek in die propagandaveldtog teen die oorlog ingespan[165] en dit was waarskynlik as gevolg daarvan dat die blad by geleentheid deur vyandiggesinde, pro-oorlog lede van die publiek aangeval is.[166] Cope verklaar dat die Gazette "*...was growing into a hard-hitting instrument in the cause of peace and Socialism*". En aangaande die League skryf Cope: "*The daily struggle against Jingoism and State interference was sending the War on Warites in search of the clear springs of Marxist Socialism*".[167] Forman gee dan

---

[163] *War on War Gazette*, 14.11.1914, p. 2 (League Notes); *Ibid.*, 21.11.1914, p. 4 (P.R. Roux: Sunday's Tivoli Meeting).

[164] D.I. – Argief, file no. 115/13, The War on War Gazette: S.P. Bunting – Secretary for the Interior, 12.11.1914 (no. 3/34989); *The War on War Gazette*, 07.11.1914, p. 2.

[165] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 237; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 38 – 40.

[166] Kyk (SAB) SAP Vol. 15, file no. CONF 6/245/14/50, Correspondence: Socialist Meeting at Tivoli, 11.10.1914.

[167] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 166.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
ook te kenne dat die League se verklarings aangaande die oorlog onmiskenbaar op 'n aanvaarding van sosialistiese internasionalisme gebaseer was en dat dit 'n Marxistiese uitgangspunt gehandhaaf het.[168]

In die uitgawe van 24 Oktober 1914 is die doel en beleid van ***The War on War Gazette*** onder andere soos volg uiteengesit:

> "*If we are asked what is our policy, one answer is, so far a criticism can do it, to stimulate that thinking and to combat the war orators' invitations to shut our eyes and plunge – a simple operation, fatally tempting to many, while ours is almost as elaborate as the points we have to raise are innumerable. We cannot present, we cannot even grasp, our whole case at once. We of the War on War League have come together from parties and schools, united in a pledge which becomes daily more convinced and more determined, to 'oppose this and any other war'. We publish this* ***Gazette*** *in order to give publicity to all the different considerations on which , and all the different methods by which, it is to be opposed... We have aimed rather at indicating what are conceived by one or another, here and elsewhere in the world, to be the causes and resulting remedies for war; the futile and false ideals and criminal purposes which underlie it; the means to be taken to defeat it*".[169]

In ***The War on War Gazette*** is gereeld beroepe op werkers gedoen om aan die beginsels van die internasionale sosialisme getrou te bly ten spyte van onpopulariteit en aanvalle. Sosialisme is voorgehou as die enigste ware teenvoeter vir sowel kapitalisme as militarisme. Buiten Bunting het prominente anti-oorloggesindes soos Colin Wade, A. Alper, F.A.W. Lucas en die Natalse arbeiderleier, J. Connolly, artikels geskryf waarin die oorlog en die Botha-regering se aandeel daaraan ten sterkste veroordeel is. Daar is deurgaans van die veronderstelling uitgegaan dat slegs die wêreld se groot kapitaliste en wapenvervaardigers ten koste van die werkersklas deur die oorlog bevoordeel is. Bunting het veral Benoni, wat na aanleiding van die stakings van 1913 en 1914 as "*the hotbed of*

---

[168] S. Forman & A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 46.

[169] *The War on War Gazette*, 24.10.1914, p. 1 (Our Policy).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
class war" en "*the nursery of revolution*" beskou is, maar wat ná die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog 'n arbeiderlegioen gestig het, ten sterkste veroordeel.[170] In die artikels van die ***Gazette*** was daar ook telkens verwysings na Hoggenheimer en die "Corner House Press".[171]

Daar is selfs 'n artikel van ***De Spectator***, 'n Hollandstalige blad van Pretoria, in die ***Gazette*** gepubliseer. ***De Spectator*** het die anti-oorloghouding van die War on War League, Wade, Lucas en die Britse arbeiderleier, Tom Mann, geprys en dit is aan die opkomende "Hollandse" (Afrikaanssprekende) werkersklas as 'n voorbeeld van ware sosialisme voorgehou. Daarteenoor het ***De Spectator*** die jingoïsme van die ***Transvaal Chronicle***, wat in die stakings van 1913 en 1914 nog vir die werkers kant gekies het, veroordeel.[172]

Die War on War League was in noue voeling met gebeure in die oorsese arbeider- en sosialistiese bewegings tydens die oorlog. Anti-oorlogartikels deur vooraanstaande arbeider- en sosialistiese leiers en tydskrifte soos Karl Kautsky, J. Ramsay McDonald en Prins Kropotkin, en in tydskrifte, soos ***Labour Leader***, ***Forward***, ***Appeal to Reason***, ***The Nation***, ***Justice*** en ***Weekly People***, is gereeld in ***The War on War Gazette*** gepubliseer. Pogings deur Italiaanse, Hollandse en Amerikaanse sosialiste om internasionale sosialistiese konferensies byeen te roep om sodoende die oorlog deur gesamentlike optrede te beëindig, is deur die ***Gazette*** verwelkom. Die proteste van Russiese, asook die Duitse anti-oorlog sosialiste soos Karl Liebknecht en Rosa Luxenburg is as navolgingswaardige voorbeelde vir die Suid-Afrikaanse anti-oorloggesindes voorgehou. Daarteenoor is die pro-oorlogstandpunte van die Britse Arbeidersparty, tesame met dié van die Duitse Sosiaal-Demokratiese Party wat in die blad ***Vorwärts*** geopenbaar is, deur ***The War on War Gazette*** aangeval.[173]

---

[170] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 238; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 38; *The War on War Gazette*, 19.09.1914, p. 1 (C. Wade: An Open Letter), (F.A.W. Lucas: War is on us now) en p. 3 (S.P. Bunting: Labour and the War); *Ibid.*, 03.10.1914, p. 2 (J. Connolly: Why I Won't Fight!); *Ibid.*, 10.10.1914, p. 3 (A. Alper: The Cause of the War).

[171] Kyk byvoorbeeld *The War on War Gazette*, 10.10.1914, p. 1 (Current War Cries); *Ibid.*, 31.10.1914, p. 2 (Pax Nobiscum) en *Ibid.*, 21.11.1914, p. 2 (What Profiteth It?).

[172] *Ibid.*, 17.10.1914, p. 3 (As Others See Us); *Ibid.*, 24.10.1914, p. 3. I.v.m. die *Transvaal Chronicle* se veranderde houding teenoor die werkers, kyk ook hfst. 4, pp. 138 - 139. I.v.m. *De Spectator*, kyk hfst. 7, pp. 454 - 455.

[173] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 38, 43; B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part X (*Forward*, 24.12.1943, p. 5); *The War on War Gazette*, 19.09.1914, p. 2 (J. Ramsay McDonald: Why we are at War)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos wat die dagpers ***The War on War Gazette*** aangeval het,[174] het die blad op sy beurt, net soos ander arbeider- en sosialistiese persorgane, die *establishment*-pers gereeld aangeval. Dit was veral ***The Transvaal Leader*** en ***The Evening Chronicle*** wat onder skoot gekom het. Die ***Leader*** is daarvan beskuldig dat dit die werkers onder die valse indruk probeer bring het dat oorlog nie moord is nie. Daar is ook sarkasties na die ***Leader*** verwys as "*that well-known Labour organ*". ***The Evening Chronicle***, weer, is daarvan beskuldig dat dit 'n anti-oorlogmosie, wat deur die Edenvale-tak van die SAAP aangeneem is, doelbewus uit sy beriggewing gelaat het. Die ***Chronicle*** is ook sarkasties "*that powerful Socialist champion*" genoem. ***The War on War Gazette*** het net soos ***The Eastern Record*** 'n uiters lae dunk van ***The Evening Chronicle*** se arbeiderrubriek "Labour Notes" gehad en was van mening dat dit "*...ought to have been officially disowned by the* [South African Labour] *Party long ago*".[175]

Ten spyte van die optimistiese berig wat die ***Gazette*** in November 1914 in verband met die vordering van die War on War League gepubliseer het,[176] het dit spoedig geblyk dat die inhoud van die blad 'n doring in die vlees van die regering was. Verwysend na die tiende uitgawe van ***The War on War Gazette***, het die Minister van Justisie van die Minister van Verdediging verneem of die koerant nie volgens die Krygswet van 1914 verbied behoort te word nie.[177] In die betrokke uitgawe het die ***Gazette*** verklaar dat hy die Sesde Gebod van ***Die Bybel*** – "Jy mag nie doodslaan nie" – gepredik het. Skerp kritiek is ook teen die Krygswet uitgespreek:

---

en p. 4 (Prince Kropotkin: Wars and Capitalism); *Ibid.*, 26.09.1914, p. 1 (War: What For?) en (Socialist War Points); *Ibid.*, 24.10.1914, p. 3 ("Patriots First"), (Socialism or Empire) en (Our German Allies); *Ibid.*, 31.10.1914, p. 2 (Sinking Domestic Differences) en p. 3 ('What "we" are fighting for' again); *Ibid.*, 07.11.1914, p. 2 (American Socialist's Peace Effort) en p. 4 (Preparations for Peace); *Ibid.*, 14.11.1914, p. 2 (The Proposed Peace Conference), p. 3 (The Illusion of War) en (War for Markets).

174 S. Forman & A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 47.

175 *The War on War Gazette*, 19.09.1914, p. 1 (C. Wade: An Open Letter) en p. 4 ("Suppressio Veri": A Case in Point); *Ibid.*, 28.11.1914, p. 1 – 2 (More 'Labour Unrest'). I.v.m. *The Eastern Record* se siening van *The Evening Chronicle*, kyk hfst. 4, p. 138.

176 Kyk voetnoot 162, p. 232.

177 (SAB) JUS Vol. 394, file no. 1/424/14, War on War Gazette: Secretary for Justice – Secretary for Defence, 30.11.1914 (no. 1/424/14).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "*...under cover of Martial Law the regime of selfdom is closing in on us more rapidly than ever. Looking back on the Martial Law cases of the past year or so, we see that we have no longer an independent magistracy, and that our Courts are becoming to be recognised as mere instruments of vengeance on the political or economic opponents of capitalism*".[178]

Cope beweer dat die regering die groeiende invloed wat die War on War League se anti-oorlogpropaganda op die publiek gehad het, gevrees het. Die League en die toentertydse mediasensor, Hugh Wyndham, het blykbaar veral verskil oor die interpretasie van die Sesde Gebod in terme van die oorlogsituasie en die publikasie daarvan in die ***Gazette***. Daarom is die blad, soos Cope dit stel, "*censored out of existence*".[179] Uiteindelik het die regering ***The War on War Gazette*** verplig om teen die einde van die November 1914 te sluit.[180] Die blad het in sy heel laaste uitgawe, op 28 November 1914, die druk van die sensor heel sarkasties in 'n kennisgewing laat deurskemer:

> "*We regret that owing to an unforseen interposition of Divine Providence and a consequent unusual pressure on our space we are compelled to disappoint our readers unavoidably by a slight delay in the publication of this issue and a crowding out of many articles and items of the type and standard which readers have come to expect*".[181]

Net soos die War on War League as die wegbereider van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika beskou kan word, kan ***The War on War Gazette*** insgelyks as die wegbereider van ***The International*** beskou word. Laasgenoemde blad sou op sy beurt weer in 1921 die eerste amptelike mondstuk van die Kommunistiese Party word.[182]

---

[178] *The War on War Gazette*, 21.11.1914, p. 2 (The Time to Strike!).

[179] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 166. Kyk ook (SAB) JUS Vol. 394, file no. 1/424/14, War on War Gazette: H. Wyndham – Secretary for Justice, 01.12.1914 (no. 179/23/5/121).

[180] E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 186; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 166; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 40; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 261.

[181] *The War on War Gazette*, 28.11.1914, p. 1 (To Our Readers).

[182] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 261; L. and D. Switser: *The Black Press in South Africa and Lesotho*, pp. 77 – 78; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 38; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, p. 81; P.J. Meyer: *Die Hand van Moskou in Suid-Afrika*, p. 8;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3 *THE INTERNATIONAL*

Te midde van die oplaaiende spanning binne die geledere van die SAAP tussen die voorstanders en teenstanders van deelname aan die Eerste Wêreldoorlog, is die party se jaarkongres vanaf 28 Desember 1914 tot 2 Januarie 1915 in Oos-Londen gehou. Ten einde eenheid in die partygeledere te bewaar, is 'n sogenaamde "neutraliteitsresolusie" aangaande die oorlog as partybeleid tydens die kongres aanvaar.[183] Die sinking van die Britse passasierskip, *Lusitania,* deur 'n Duitse duikboot in Mei 1915, waardeur 1198 lewens vergaan het,[184] en die hewige anti-Duitse emosies wat dit ontketen het, het egter die magsbalans binne die SAAP na die pro-oorloggesindes laat kantel. 'n Spesiale SAAP-konferensie, om finaal uitsluitsel oor die oorlogkwessie te verkry, is van 22 tot 23 Augustus 1915 in Johannesburg belê. Na uitgerekte debatvoering is die standpunt van die anti-oorloggesindes deur 'n pro-oorlogmosie onder leiding van F.H.P Creswell, die SAAP se parlementêre leier, met 82 stemme teenoor 26 verslaan. Laasgenoemde mosie sou as die party se "Sien-die-oorlog-deur-beleid" bekend raak.[185]

In 'n poging om 'n finale breuk oor die oorlogkwessie in die geledere van die SAAP te voorkom, het die anti-oorloggroep op 1 September 1915 'n organisasie, The International League of the South African Labour Party, gestig. Die lede van die League was dus nog steeds ook lede van die Arbeidersparty, alhoewel hulle verskil het oor die amptelike oorlogbeleid. Die International League het soos die War on War League hom ten doel gestel om die beginsels van internasionale sosialisme en anti-militarisme te propageer en internasionale sosialistiese eenheid en aktiwiteite te bevorder, asook om die sosialistiese beginsels soos vervat in die konstitusie van die SAAP te bewaar. W.H. Andrews is as voorsitter van die League verkies, terwyl J.A. Clark en A.F. Crisp tot onder-voorsitters

---

A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 367; *The International*, 24.09.1915, p. 2 (A World to Win).

[183] D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 – 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 1, November 1969, pp. 66 – 67).

[184] J.L. Stokesbury: *A Short History of World War I*, p. 113.

[185] D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 – 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 1, November 1969, pp. 69 – 71).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
verkies is. G. Weinstock en D.I. Jones was onderskeidelik tesourier en sekretaris van die League. Almal was voormalige lede van die Arbeidersparty se uitvoerende komitee.[186]

Nadat dit bekend geword het dat die anti-oorloggroep die International League of the South African Labour Party gestig het, het die SAAP homself van die League gedistansieer.[187] Tydens 'n vergadering op 22 September 1915 het die skeuring in die SAAP amptelik geword toe die lede van die International League of the South African Labour Party met 'n groot meerderheid besluit het om van die Arbeidersparty af te skei. 'n Nuwe naam, The International Socialist League (South Africa), is aanvaar. Hierdie liggaam sou die voorloper wees van die latere Kommunistiese Party van Suid-Afrika. Die hoofkwartier van die International Socialist League (ISL) was in Johannesburg gesetel. Agt takke van die Arbeidersparty het ook oorgestap na die League. Die ampsdraers was dieselfde persone wat in daardie hoedanigheid in die International League of the South African Labour Party gedien het. S.P. Bunting, W. Light, A.B. Dunbar en R. Barnet is ook aangestel as addisionele lede.[188] Laasgenoemde persoon het ook verbintenisse met ***The Eastern Record*** gehad.[189]

Ander lede van linkse groepe, soos die Socialist Labour Party (SLP), vir wie die beleidsrigting van die SAAP te konserwatief was, en die Industrial Workers of the World (IWW), 'n ultra-militante vakbond wat veral by stakingsaksies in Johannesburg prominent

---

[186] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 300 – 301; F.J. Grober: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 333; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 46 – 47; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 47; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 174; P.J. Meyer: *Die Hand van Moskou in Suid-Afrika*, p. 5; *The International*, 10.09.1915, p. 4 (The International League of the SALP); *De Burger*, 16.09.1915, p. 4; *The Star*, 02.09.1915, p. 5 (Mr Andrews' Attitude).

[187] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 313 – 314; F.J. Grober: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 333; *The Star*, 24.09.1915, p. 10 (Labour Party).

[188] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeiderparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 302 – 303; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 47; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 175; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 48; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 184; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 71 – 72; S. Ellis & T. Sechaba: *Comrades against Apartheid*, p. 12; D.J. Kotzé: *Communism and South Africa*, p. 169; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 337; P.J. Meyer: *Die Hand van Moskou in Suid-Afrika*, p. 5; D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 – 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 1, November 1969, pp. 71 en 79, voetnoot 123); *The International*, 24.09.1915, p. 3 (The International Socialist League SA); *De Burger*, 24.09.1915, p. 3 (Arbeiderspartij Beweging).

[189] Kyk *The Eastern Record*, 17.04.1915, p. 3 (Benoni Chamber of Commerce) en hfst. 4, p. 139.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was,[190] het hulle ook by die ISL aangesluit. Die SLP sou veral die kwessie van industriële eenheid onder werkers as beleidsaspek binne die ISL vestig.[191] Net soos in die geval van die War on War League, het die ISL aanvanklik veral onder die Johannesburgse Joodse gemeenskap, waarvan die meeste uit Litaue, Letland en Pole afkomstig was, en van wie baie sosialisties georiënteerd was, groot inslag gevind.[192]

Johns verklaar dat die stigting van die ISL 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse arbeidsgeskiedenis was. Die groepering van militante linkervleuel sosialiste in die ISL sou aan hierdie liggaam 'n unieke posisie in die Suid-Afrikaanse politiek besorg.[193] Volgens Caldwell het die dieperliggende rede vir die ontstaan van die ISL verder gestrek as die propagering van anti-militarisme en industriële eenheid (*industrial unionism)* onder die werkersklas, ongeag geskooldheid of ras. Die propagering van industriële eenheid was in reaksie teen die bestaande tradisie van ambagsvakbonde (*craft unionism*) wat die effektiewe solidariteit van die werkersklas teen kapitalisme geërodeer en teëgewerk het. Beide anti-militarisme en industriële eenheid, as hoofpilare van die ISL-filosofie, was in wese die simptome van 'n konserwatiewe (blanke) arbeiderbeweging wat homself nie met 'n sosialistiese, rewolusionêre klassestryd teen kapitalisme kon versoen nie. Daarom sou die speekbuis van die League dan ook die kwessie van **ras** binne die raamwerk van internasionale sosialisme, anti-militarisme en werkersolidariteit, asook industriële eenheid, benader. Caldwell is dus van mening dat die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog slegs beoordeel moet word as 'n geleentheid vir die ISL om van die SAAP af weg te breek. Die League se propagering van anti-militarisme was slegs 'n tussentydse beleidstandpunt totdat

---

190 I.v.m. die IWW kyk bv. W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 213 – 216, 224. I.v.m. die SLP kyk ook hfst. 1, pp. 15 - 16.

191 S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 50 – 51; D.J. Kotzé: *Communism and South Africa*, p. 169; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, pp. 33, 39 – 40; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 156 – 157; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, p. 82; B. Bunting (ed): *South African Communists Speak. Documents from the History of the South African Communist Party 1915 – 1980*, pp. 46, 54 – 55; S.W. Johns: The Birth of the Communist Party of South Africa (*The International Journal of African Historical Studies*, Vol. 9, No. 3, 1976, p. 373); A.B. Davidson : *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 338.

192 D.J. Kotzé: *Communism and South Africa*, p. 169; E.A. Mantzaris: Radical Community: The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 – 1920 (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, pp. 160 – 168, 172 – 173); G. Shimoni: *Jews and Zionism: The South African Experience (1910 – 1967)*, pp. 53, 84, 87, 88 – 89. Kyk ook B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part XI (*Forward*, 31.12.1943, p. 5). I.v.m. Joodse sosialiste en die War on War League, kyk pp. 226 hierbo. Shimoni, p. 53, verklaar verkeerdelik dat die ISL in 1917 gestig is.

193 S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 49.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
die liggaam tot die besef sou kom dat rassisme 'n meer dringende en dwingende kwessie van arbeid in Suid-Afrika was.[194]

Van al die werke wat inligting oor die radikale linkervleuel sosialistiese organisasies bevat, is die uitvoerigste kommentaar oor die ISL en aspekte van sy beleid (asook oor die latere Kommunistiese Party van Suid-Afrika wat onder andere daaruit sou voortvloei) gepubliseer. In al hierdie gevalle was die League se mondstuk, ***The International***, die skrywers se vernaamste navorsingsbron.[195] Gevolglik sal daar in hierdie studie slegs op aspekte rondom die koerant self gekonsentreer word. Die ontstaan en sukkelende, maar hardnekkige voortbestaan van ***The International***, is sekerlik die merkwaardigste verhaal van al die Suid-Afrikaanse koerante in die sosialistiese stal.

Die eerste uitgawe van ***The International***, 'n weekblad bestaande uit vier bladsye, het op 10 September 1915 in Johannesburg verskyn. Die titel van die koerant is spesifiek gekies omdat die ISL hom daarmee, in sy vereenselwiging met die anti-oorlog klassestryd van die internasionale werkersklas, eksplisiet van die patriotiese jingoïsme van die SAAP wou distansieer. D. Ivon Jones was die eerste redakteur. Dit was by die hoofposkantoor as nuusblad geregistreer en is teen een pennie per eksemplaar verkoop.[196] Vanaf die uitgawe van 3 Desember 1915 het die SATU-embleem ook op die voorblad van die koerant verskyn.[197]

---

[194] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 3. Kyk ook pp. 5, 6, 94 – 95, 97, 99 – 100, 102 – 103, 154, 175, e.v.

[195] Kyk byvoorbeeld M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919); R.K. Cope: *Comrade Bill*, hfste. 17 – 28; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, hfste. 3 – 4; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, hfst. 3; S. Johns: *Raising the Red Flag*, hfste. 2 – 8; D.J. Mason: Race, Class and National Liberation: Some implications of the policy dilemmas of the International Socialist League and the Communist Party of South Africa, 1915 – 1931, hfste. 1 – 4, 6; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, hfste. 9 – 12; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, hfste. 6 – 8.

[196] D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: Extract from Newspaper Register, 09.09.1915; D.I. - Argief, file no. 3/13, The International: D.I. Jones – Secretary for the Interior, 02.09.1915 (no. 1/36132); D.I. - Argief, file no. 3/13, The International: Certificate of Registration of Newspaper No. 226, 09.09.1915; D.I. - Argief, file no. 3/13, The International: Acting-Secretary for the Interior – Commissioner South African Police, 20.09.1915 (no. 2/36132); R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 174; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 71; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 47; B. Bunting (ed): *South African Communists Speak*, p. 84; *The International*, 10.09.1915, p. 1.

[197] Kyk *The International*, 03.12.1915, p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aangaande Jones het 'n polisieverslag verklaar:

> "*That the International Socialist League receives valuable support from Jones in the form of the preparation of resolutions and other similar work is without a doubt and he appears to be the brain movement in as far as South Africa is concerned as both Messrs. Bunting and Andrews always refer to him when any important matter affecting the League is under consideration*".[198]

David Ivon Jones was inderdaad 'n merkwaardige figuur. W.H. Andrews het hom bestempel as die "beste rewolusionêr" wat Suid-Afrika opgelewer het. E.S. Sacks, 'n bekende arbeidhistorikus, is van mening dat hy die invloedrykste Marxis van sy tyd in Suid-Afrika sou word. Jones is in 1883 in Aberystwyth, Wallis, gebore. Hy is reeds op vroeë ouderdom wees gelaat en het op dertienjarige ouderdom begin werk, onder andere as winkelassistent. Hy het in sy jeug tering opgedoen - 'n siekte waaraan ook ander familielede van hom gely het. Tering het Jones sy lewe lank geteister en het hom by verskeie geleenthede so kwaai getref dat hy tydelik nie in staat was om verder te werk nie. Jones kom uit 'n Metodiste-familie, maar het 'n lid van die Unitariese sekte geword. Hy is beïnvloed deur sommige lede van hierdie sekte wat ook by die radikale Independent Labour Party van die Britse arbeiderleier, Keir Hardie, aangesluit het. Op negentienjarige ouderdom het hy na Nieu-Seeland vertrek en in Otago as plaasarbeider gewerk waar hy tevergeefs probeer het om van die tering ontslae te raak.

In November 1910 het Jones om gesondheidsredes na Suid-Afrika gekom en eers by sy broer in die Vrystaat gaan woon. Later het hy onderskeidelik in Boksburg en Germiston gewoon. As gevolg van sy Christelik-sektariese sienswyses het hy 'n diepgaande haat vir die "Randlords" van die Witwatersrand gekoester omdat hy van mening was dat ondersteuners van die SAAP, waarby hy in 1911 aangesluit het, deur hulle geviktimiseer en onderdruk is. Jones was as klerk werksaam by die Victoria Falls Power Company, eers in Germiston en later in Vereeniging, en was die enigste kantoorwerker van die maatskappy

---

[198] (SAB) JUS Vol. 256, file no. 3/527/17 Part 5 Reports on Activities of ISL: A.E. Trigger – Secretary South African Police, 23.06.1919.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
wat tydens die staking van 1913 gestaak het. Na sy afdanking by die elektrisiteitsmaatskappy het hy weer 'n tyd lank in die Vrystaat by sy broer in Frankfort vertoef waarna hy 'n boekhouer en snelskrifklerk vir die TMA geword het. Hy was vir 'n kort tydjie ook in Mosambiek werksaam. Daarna het hy 'n ruk lank in Zoeloeland vertoef en is in 'n stadium in die Sweetwaters-sanatorium vir teringlyers in Pietermaritzburg opgeneem. In Augustus 1914 is hy tot algemene sekretaris van die SAAP verkies.

Die negatiewe gevolge vir die werkers van die stakings van 1913 en 1914, asook oorsese arbeider- en sosialistiese lektuur, het Jones se politieke sienswyses al meer na links beïnvloed. Hy het toe ook die Marxisme begin bestudeer. Na afloop van die waterskeidingskongres van die SAAP van Augustus 1915 in die Selborne-saal in Johannesburg aangaande die oorlogskwessie, het hy uit die party bedank en saam met ander anti-oorloggesindes die ISL gestig. Jones was besonder geïnteresseerd in die onbevoorregte lot van die swartman en was daarvan oortuig dat die swartmense van Suid-Afrika die ware proletariaat van die werkersklas was en dat hulle weldra hul plekke tussen "*the iron battalions of the proletariat*" in die stryd teen die kapitalisme sou inneem.

Jones was een van die eerste Westerse kommentators om die betekenis en permanensie van die Russiese Rewolusie van Maart 1917 in te sien. In November 1920 het hy na Europa vertrek. In Nice, Suid-Frankryk, het hy Karl Radek, 'n invloedryke Bolsjewistiese segsman van daardie tyd in Europa, ontmoet en saam met laasgenoemde na Moskou vertrek om die derde kongres van die Kommunistiese Internasionale (Komintern) van Junie 1921 by te woon. Jones het homself ook as intellektueel en vertaler onderskei. Hy was wel belese en het 'n besonderse aanleg vir tale getoon. Afgesien van die vele artikels wat hy tot die Suid-Afrikaanse arbeider- en sosialistiese pers bygedra het, het hy in Nice in Maart 1921 'n verslag van 10 000 woorde, ***Communism in South Africa***, vir die derde kongres van die Komintern opgestel. Na afloop van die kongres het hy in Rusland agtergebly en vir die Komintern as 'n internasionale propagandis en beleidsanalis gewerk.

In Moskou het Jones Russies geleer en was hy een van die pioniervertalers wat 'n aantal van Lenin se vroeëre werke uit Russies in Engels vertaal het in 'n stadium toe dit nog onbekend aan Engelssprekende sosialiste was. Daar het hy ook artikels in Engels aan die Russiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
pers, die lyfblad van die Kommunistiese Party van Brittanje en ***The International*** gelewer. Hy het op verskeie komitees van die Komintern gedien, onder andere as die Suid-Afrikaanse afgevaardigde in die uitvoerende bestuur, en het dokumente as 'n kenner van koloniale heerskappy en nasionalisme opgestel. Daarby het Jones ook onder andere uitgebreid oor die politiek in Suid-Afrika en die posisie van die swart volkere vir die Komitern geskryf en by laasgenoemde liggaam gepleit dat die kommunistiese beweging in Suid-Afrika versterk moes word. Op 29 Mei 1924 is Jones, wat nooit weer na Suid-Afrika teruggekeer het nie, in 'n sanatorium in Yalta in die Krim-skiereiland aan tering oorlede. Hy is in die Nova-Dyevitchi-klooster in Moskou begrawe.[199]

Die redakteurskap van ***The International*** was tekenend van die storm-en-drang-aanvangsjare van die ISL. Daarby het Jones se swak gesondheidstoestand 'n groot invloed op sy redakteurskap uitgeoefen. Sy eerste afwesigheid in hierdie hoedanigheid was in Februarie 1916 toe hy saam met Bunting op 'n "welverdiende" vakansie na Kaapstad vertrek het. Die koerant is egter in hulle afwesigheid voortgesit. Jones moes sorg dat ***The International*** gereeld verskyn. Benewens sy redakteurskap was hy ook die sekretaris, organiseerder en segsman vir die ISL en 'n kandidaat vir die League in die Benoni munisipale verkiesings van 1915 en 1916. Hy is aangerand tydens openbare vergaderings van die League. Verder is hy gearresteer en aangekla vir aanhitsing tot openbare geweld

---

[199] B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. v – viii, 21, 23, 28, 34 – 36, 42, 45, 58, 68, 73, 82 – 91, 96 – 104, 108 – 116, 132 – 138, 142 – 148, 155, 158 – 163, 168, 172 – 173, 189, 192, 199 – 210, 215 – 216, 244, 248 – 252; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 223, 263 – 264; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, pp. 84 – 87; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 204 – 205; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, pp. 356, 359 – 360, 445 - 451; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, pp. 37, 39 – 40; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 62 – 63; E. Roux: *Time Longer than Rope*, pp. 129 – 130, 134; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 74, 89; E.T. Wilson: *Russia and Black Africa before World War II*, pp. 125 – 126; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 41, 51; G.M. Gerhart and T. Karis: *From Protest to Challenge, Vol. 4, Political Profiles 1882 – 1964*, p. 43; T. Bell: Death of Ivon Jones (*The Communist Review*, Vol. V, No. 3, July 1924, pp. 136 – 138); David Ivon Jones (*International Press Correspondence of the Comintern*, Vol. IV, No. 35, 19.06.1924, p. 360); B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part XI (*Forward*, 31.12.1943, p. 5); *The International*, 10.09.1915, p. 1 (The Resignations) en p. 4 (The International League of the SALP); *Ibid.*, 24.09.1915, p. 3 (The International Socialist League SA); *Ibid.*, 06.06.1924, p. 4 (D. Ivon Jones) en p. 5 (S.P. Bunting: Ten Crowded Years of Glorious Life); *Ibid.*, 18.07.1924, p. 4 (The Return to Moscow). Die volgende bronne is onder andere foutief aangaande sekere aspekte van Jones se biografiese besonderhede: H.J. en R.E. Simons, p. 263 en G.M. Gerhart en T. Karis, p. 43, dat Jones in 1909 na Suid-Afrika gekom het en 'n lid van die Transvaalse Provinsiale Raad was; H.J. Pike, dat Jones in die Kremlin-muur in Moskou begrawe is en N. Weyl: *Traitor's End*, p. 46, dat Jones die stigter van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika was. Davidson, p. 357, verklaar verkeerdelik dat Jones op die 31ste Mei 1924 oorlede is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
oor die publikasie van 'n anti-oorlogartikel in ***The International***, getitel: "Let Saints on Earth in Concert Sing". Dit alles het sy tol geëis. Teen November 1916 was Jones weer siek en is verlof tot aan die einde van daardie jaar toegestaan. Hy het na Zoeloeland vertrek om te herstel en was op 13 Januarie 1917 terug in sy pos in Johannesburg.[200]

Teen Junie 1917 het Jones sy kragte as agent vir Andrews se ISL-kandidatuur in die Transvaalse provinsiale verkiesingsveldtog weereens oorskry en was hy vyf weke lank siek. Teen Februarie 1918 was hy uitgeput en na voltooiing van ***The International*** se uitgawe van 1 Maart 1918 is hy vir eers van sy pligte as redakteur onthef. Bunting het toe die redakteurskap in 'n waarnemende hoedanigheid vir agtien maande lank oorgeneem, meestal in sy vrye tyd, sodat ***The International*** dringend op soek was na vrywilligers om met die publisering van die blad behulpsaam te wees. Selfs Bunting is in Junie 1918 op 'n klag van aanhitsing tot openbare geweld tydens die staking van swart sanitasiewerkers in Johannesburg gearresteer. Jones is na die Natalse kus om te rus en later ook na Mosambiek waar hy malaria opgedoen het. Hy het in Januarie 1919 kortstondig na Johannesburg teruggekeer, maar was steeds te siek om die redakteurskap te hervat. Dit was toe dat hy in die Sweetwaters-sanatorium in Pietermaritzburg opgeneem is in 'n poging om van sy tering te herstel. In Pietermaritzburg het hy onder andere tesame met 'n plaaslike sosialis, L.H.H. Greene, in Maart 1919 'n pamflet, ***The Bolsheviks Are Coming***, opgestel en onder wit en swart werkers versprei. Daarvoor is hulle gearresteer en van aanhitsing tot openbare geweld aangekla en gevonnis, terwyl Jones ook uit die sanatorium geskop is. In Augustus 1919 het Jones na Johannesburg teruggekeer om vanaf 12 September 1919 die voltydse redakteurskap van ***The International*** te hervat.[201]

---

[200] D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: S.P. Bunting – Secretary for the Interior, 27.11.1916 (no. 16/3/13); D.I. - Argief, file no. 3/13, The International: Extract from Newspaper Register, 07.12.1916 (no. 17/3/13); M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 22 – 23; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 149 – 150, 155 – 156, 158 – 159, 161; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 80; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 56; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 369; *The International*, 04.08.1916, p. 1 ("Let Saints on Earth in Concert Sing"); *Ibid.*, 03.11.1916, p. 1 (An Explanation); *Ibid.*, 17.11.1916, p. 1 (The Editor); *Ibid.*, 01.12.1916, p. 2 (The Editor); *Ibid.*, 12.01.1917, p. 4 (Branch Notes); *Ibid.*, 11.04.1919, p. 1 ("The Bolsheviks are Coming" Scare).

[201] D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: T.P. Tinker – Minister for the Interior, 12.03.1918 (no. 20/3/13); D.I. - Argief, file no. 3/13, The International: W.H. Andrews – Secretary for the Interior, 16.09.1919 (no. 25/3/13); D.I. - Argief, file no. 3/13, The International: Application for the Registration of a Newspaper (no. 3/13); (SAB) JUS Vol. 256, file no. 3/527/17, Part 5 Report on Activities of ISL: A.E. Trigger – Secretary South African Police, 27.08.1919 (no. 26/379/2); (SAB) JUS Vol. 267, file

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om gesondheidsredes het Jones finaal in Mei 1920 van die redakteurskap afstand gedoen, toe Andrews dit oorgeneem het. Jones het Suid-Afrika in November daardie jaar verlaat.[202] In 'n huldeblyk tydens die ISL se afskeidsgeselligheid vir Jones het Andrews onder meer soos volg uitgewei aangaande eersgenoemde:

> "*...the irreparable loss which would be contained in Comrade Jones who...had supplied the inspiration for the League from its inception, and whose brain and heart power, whatever his physical infernity, stood as high as ever in the cause, and had indeed matured with the increased knowledge and reflection stimulated by the historic events of our own times. His life had been given up to the furtherance of the Socialist movement, and there could be no doubt that wherever our Comrade went that would still be true,*"[203]
>
> en:
>
> "*Our good comrade...has been perhaps more than any other the inspiring force of the International Socialist League during the stormy five years of existence... As editor of 'The International" for the most difficult period in the history of a*

---

no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Rex versus D.I. Jones and L.H.H. Greene; *Ibid.*, Bolshevism, p. 205; *Ibid.*, Bolshevism – Memorandum II, p. 211; M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 23 – 24, 31, 133; B Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 170, 176, 180, 188 – 189, 192 – 196; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 204, 208 – 209, 216 – 217; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 77 – 78, 80, 82, 86 – 87; B. Bunting: *Letters to Rebecca*, p. 28; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 196, 197 – 198, 203, 211, 212; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 75, 98. S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 66, 69 – 71; *The International*, 29.06.1917, p. 1 (Apology and Appeal); *Ibid.*, 07.12.1917, p. 4 (Notes of the Movement); *Ibid.*, 01.03.1918, p. 3 (Notes of the Movement); *Ibid.*, 17.05.1918, p. 3 (Berig); *Ibid.*, 12.07.1918, p. 1 (Apology), p. 3 (An Appeal) en p. 4 (Management Committee); *Ibid.*, 26.07.1918, p. 1 (No Socialism for Natives), p. 4 (League Notes); *Ibid.*, 23.08.1918, p. 1 (League Conference); 17.01.1919, p. 3 (Berig); *Ibid.*, 24.01.1919, p. 3 (Berig); *Ibid.*, 25.04.1919, pp. 4 – 5 (Rex V. Jones and Greene); *Ibid.*, 22.08.1919, p. 4 (League Notes); *Ibid.*, 29.08.1919, p. 1 ('The Kaiser Biffed' Again); *Ibid.*, 12.09.1919, p. 1 (Our own Party Press); *Ibid.*, 10.01.1919, p. 2 (1919 Annual Conference); *Ibid.*, 05.09.1919, p. 2 (Our Annual Social); *Ibid.*, 06.06.1924, p. 5 (S.P. Bunting: Ten Crowded Years of Glorious Life). I.v.m. die arrestasie en hofsake teen Bunting en Jones, kyk ook die uitgawes van *The International* van September 1918 en April, Mei, Augustus en September 1919, onderskeidelik.

[202] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 218; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 199; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 263; *The International*, 26.03.1920, p. 8 (Our Special Effort Fund); *Ibid.*, 07.05.1920, p. 4 (May Day on the Rand) en p. 8 (League Notes). E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 89 (Mei 1920) en Cope, p. 205 (Desember 1920) se gegewens aangaande Jones se vertrek uit Suid-Afrika is foutief.

[203] *The International*, 21.05.1920, p. 1 (A Farewell).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

new organisation, his clear insight kept the party clear on revolutionary policy and tactics".[204]

Andrews, wat self by geleentheid siek was toe lede van die redaksionele komitee die blad in sy afwesigheid moes uitbring, was ook redakteur van ***The International*** toe die ISL en sy mondstuk met die stigting van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika in Julie 1921 in laasgenoemde liggaam opgegaan het. En tydens die staking van 1922 is Andrews in sy hoedanigheid as redakteur van ***The International*** tydelik op aanklag van aanhitsing tot geweld gearresteer. Bunting moes toe weereens die redakteurskap, soos ook tydens Andrews se vakansies, waarneem.[205] In Mei 1923 het Bunting die permanente redakteur van die koerant geword toe Andrews na Moskou vertrek het om een termyn as Suid-Afrikaanse afgevaardigde in die uitvoerende komitee van die Komintern te dien.[206]

In sy beskrywing van die joernalistieke nalatingskappe van ***The International*** se eerste drie redakteurs verklaar Cope dat Jones internasionale sosialisme onder die werkers bevorder het. Bunting se bydrae was om die beginsel van werkersklassolidariteit tussen wit en swart onder blanke werkers te vestig. Andrews, weer, het die praktiese ervaring van die werkers en hulle omstandighede, veral tydens die 1922-staking, verwoord.[207]

William Henry Andrews ("Bill") is op 20 April 1870 in Leiston in die graafskap Suffolk, Engeland, gebore. Sy vader was 'n lidmaat van die Anglikaanse Kerk en sy moeder 'n Vrye Metodis. Gevolglik het Bill in 'n atmosfeer van godsdienstwis en politieke radikalisme

---

[204] *The International*, 03.12.1920, p. 3 (Comrade Ivon Jones).

[205] R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 249 – 250; W.H. Andrews: *Class Struggles in South Africa*, pp. 5, 33, 40; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 261, 299; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, pp. 441 - 442; *The International*, 03.09.1920, p. 4 (Berig); *Ibid.*, 10.09.1920, p. 1 (Berig); *Ibid.*, 12.08.1921, p. 2 ("The International"); *Ibid.*, 14.10.1921, p. 4 (Branch Notes); *Ibid.*, 17.02.1922, p. 2 (Arrest of the Editor!); *Ibid.*, 26.05.1922, p. 2 (Roll of Honour); *Ibid.*, 15.09.1922, p. 4 (Communist Party Notes); *Ibid.*, 06.06.1924, p. 3 (His Own Condemnation).

[206] D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: S.P. Bunting – Secretary for the Interior, 18.05.1923 (no. 28/3/13); D.I. - Argief, file no. 3/13, The International: Application for the Registration of a Newspaper (no. 28/3/13); R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 287; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 101; B. Bunting (ed): *Letters to Rebecca*, pp. 52, 62; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, pp. 454 - 458; *The International*, 18.05.1923, p. 2 (Com. Andrews Leaves for Europe).

[207] R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 287 – 288. I.v.m. *The International* en die 1922-staking, kyk hfst. 7, pp. 445 - 453, 460 - 463.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
opgegroei. In 1890 het hy by die Britse ASE aangesluit. Nadat hy eers in Birmingham en Londen werksaam was, het hy in 1893 na Johannesburg gekom waar hy tot die einde van 1899 verskeie betrekkings in die goudmyne aan die Wes-Rand beklee het. In 1900, tydens die Anglo-Boereoorlog, het hy vir ses maande lank by die Britse troepe aangesluit.

Na afloop van dié tydperk het hy 'n monteur-draaier vir die imperiale militêre spoorweë geword en het hom in Braamfontein, Johannesburg, gevestig. Andrews was nou verbonde aan al die arbeiderorganisasies in die Transvaal en het prominent by elke politieke beweging in arbeidergeledere betrokke geraak. In 1902 het hy die Braamfonteinse distriksekretaris van die plaaslike ASE, en in 1905 die heeltydse Suid-Afrikaanse organiseerder van die vakbond geword. In dieselfde jaar het Andrews die voorsitter van die WT & LC en van die Political Labour League geword, asook in 1906 van die LRC. In 1909 het hy die voorsitter van die SAAP geword. Deur organiseringswerk in die vakbondbeweging het hy aktief aan baie arbeiderdispute dwarsdeur die land, insluitend die groot stakings van 1907, 1913, 1914 en 1922, deelgeneem.

In 'n tussenverkiesing in 1912 is hy as Arbeiderlid vir Georgetown (Germiston) tot die parlement verkies. Hy het hom openlik as 'n voorstander van die sosialisme verklaar – daarom was hy ook die eerste voorsitter van die ISL in 1915. Op 30 Julie 1921 het hy, benewens sy redakteurskap van ***The International***, ook die algemene sekretaris van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika geword. In 1925 het Andrews uit hierdie pos bedank en is in dieselfde jaar as die eerste sekretaris van die nuutgestigte South African Trade Union Congress (SATUC) verkies. Hy het tot 1930 in laasgenoemde pos gebly toe die SATUC deur die South African Trades and Labour Council vervang is, waarvan hy tot 1932 die sekretaris was. Van 1931 tot 1937 is hy as gevolg van verskille in beleidsinterpretasie uit die Kommunistiese Party gesit, maar het na sy hertoetrede tot die party die voorsitter van die sentrale komitee in 1938 geword. Andrews is in 1950 in Kaapstad oorlede.[208]

---

[208] (WCL) A 953, Newspaper Clippings, M. Harmel: "Comrade Bill" (*The Guardian*, 30 September 1943); W.J. de Kock (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel I, pp. 17 – 18; E. Rosenthal: *Southern African Dictionary of National Biography*, p. 8; R.K. Cope: *Comrade Bill*, hfste. 1 – 33; W.H. Andrews: *Class Struggles in South Africa*, pp. 4 – 5; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, pp. 161 – 162; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Benewens die redakteurs het ander prominente plaaslike sosialiste ook gereeld artikels vir ***The International*** geskryf, soos J.M. Gibson, 'n lid van die ISL-perskomitee wat 'n rubriek behartig het om ISL-lede "in sosialisme op te voed,"[209] en W.H. Harrison, 'n lid van die SDF en Kaapse verspreidingsagent vir ***The International***. Ander bekende bydraers was onder andere Manuel Lopes van die Kaapse Industrial Socialist League (laasgenoemde organisasie het in 1918 van die SDF afgesplinter)[210]; Andrew Dunbar van die voormalige SLP; John Campbell; C.B. Tyler van die ISL-bestuurskomitee; S.G. Rich, 'n Amerikaanse sosialistiese immigrant en Durbanse onderwyser; J. Forrester Brown, die algemene sekretaris van die SAMWU en stigterslid van die ISL; Harry Haynes; en T.P. Tinker, die waarnemende sekretaris van die ISL in Jones se afwesigheid.[211]

Tot 1919, toe die ISL sy eie drukpers sou bekom, het ***The International*** gedurig van drukkers verander. Die eerste drukkers in September 1915 was die Electric Printing Works.[212] Drie uitgawes later was dit die Noordelike Drukpers Maatskappij, Beperk.[213] Ongeveer twee maande later is na die United Printing and Publishing Company, Limited, oorgegaan. Volgens inligting van ***The International*** se koerantregister by die Departement Binnelandse Sake was hierdie maatskappy in Rusland geregistreer, aangesien geeneen van

---

p. 199; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 285 – 286; K. Donaldson (ed): *South African Who's Who, 1912*, p. 9; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 118.

209 M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 15; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 149; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 189; *The International*, 17.11.1916, p. 2 ("J.M.G.": The Basis of Socialism); *Ibid.*, 23.01.1920, p. 2 ("W.H.A.": Farewell to "J.M.G.").

210 M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 18; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, pp. 64, 71; *The International*, 30.11.1917, p. 4 ("W.H.H.": Cape Notes); *Ibid.*, 24.01.1919, p. 2 (M. Lopes: Cape Notes).

211 M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 18. Kyk byvoorbeeld ook B. Bunting (ed): *Letters to Rebecca*, p. 28; *The International*, 10.11.1916, p. 3 (A.B. Dunbar: Humours of Recruiting) en p. 4 (John Campbell: Run up the Workers Rally); *Ibid.*, 19.12.1919, p. 6 (C.B. Tyler: How the Other Half Lives); *Ibid.*, 02.06.1916, p. 2 (S.G. Rich: Anti-Segregation); *Ibid.*, 16.02.1917, p. 4 (J. Forrester Brown: The Class War on the Rand); *Ibid.*, 09.02.1923, p. 2 (Harry Haynes: The Flood Tide); *Ibid.*, 01.03.1918, p. 3 (Notes of the Movement) en *Ibid.*, 08.03.1918, p. 1 ("T.P.T.": The Class War in England), onderskeidelik.

212 D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: Extract from Newspaper Register, 09.09.1915; *The International*, 10.09.1915, p. 4. I.v.m. die ISL se eie drukpers kyk pp. 258 - 264, 268 - 269 hieronder.

213 D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: D.I. Jones – Secretary for the Interior, 28.09.1915 (no. 3/36132); *Ibid.*, Extract from Newspaper Register, 4/36132; *The International*, 01.10.1915, p. 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
die direkteure blykbaar in die Transvaal woonagtig was nie. Na alle waarskynlikheid het die maatskappy bande gehad met Joodse immigrante in Suid-Afrika, afkomstig uit Litaue.[214] Teen Januarie 1916 was die drukkers The Rex Printing Works,[215] en teen Mei 1916 Printers Limited.[216] 'n Maand later is oorgegaan na The Transvaal Printing Works,[217] en teen September 1916 was dit Viljoen & Company.[218] 'n Verdere verandering van drukpers na die Elite Printing Works het in Desember 1916 gevolg,[219] maar teen die einde van Mei 1917 is daar teruggekeer na die United Printing and Publishing Company, Limited. Laasgenoemde sou ***The International*** se drukkers tot September 1919 bly toe die ISL sy eie drukpers in gebruik geneem het.[220]

M.A. Caldwell maak 'n totaal misplaasde afleiding dat ene J.H. Schoeman, die Noordelike Drukpers Maatskappij, Beperk, asook die ander genoemde drukkerye enigsins (ideologiese) bande met die ISL gehad het.[221] "Beronia", 'n pseudoniemskrywer van ***The International***, het in Maart 1916 'n resensie van 'n boek deur J.H. Schoeman: ***Die Ander Kant van die Rebellie***, uitgegee deur die Noordelike Drukpers, geskryf. Die resensie is geskryf teen die agtergrond van die ISL se anti-militaristiese sentimente en het in daardie opsig ook die Rebellie en die Suid-Afrikaanse militêre inval in Duits-Suidwes-Afrika in 1914 veroordeel. Die verwysing in ***The International*** na die Noordelike Drukpers in hierdie geval is bloot toevallig. In daardie stadium is die blad alreeds deur The Rex Printing Works gedruk,

---

[214] D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: D.I. Jones – Secretary for the Interior, 18.12.1915 (no. 5/36132); D.I. - Argief, file no. 3/13, The International: Extract from Newspaper Register; D.I. - Argief, file no. 3/13, The International: D.I. Jones – Secretary for the Interior, 12.01.1916 (no. 6/36132); *The International*, 10.12.1915, p. 3 en p. 4 (Branch News).

[215] *The International*, 28.01.1916, p. 4.

[216] D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: Extract from Newspaper Register, 11/36132; *The International*, 05.05.1916, p. 4.

[217] D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: Extract from Newspaper Register, 27.06.1916; *The International*, 16.06.1916, p. 4.

[218] D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: Extract from Newspaper Register, 28.09.1916 (no. 15/3/13); *The International*, 22.09.1916, p. 4.

[219] D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: Extract from Newspaper Register, 07.12.1916 (no. 17/3/13); *The International*, 01.12.1916, p. 4.

[220] D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: Extract from Newspaper Register (no. 19/3/13). Kyk ook uitgawes van *The International* van 25.05.1917 tot 05.09.1919.

[221] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 31. Caldwell se studie bevat geen agivale navorsing nie en dek slegs *The International* se geskiedenis tot 1919.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangesien eersgenoemde drukkery in 1915 laas gebruik is.[222] In die lig van ***The International*** se swak geldelike posisie moet die gedurige verandering van drukkerye eerder in die soeke na finansieel voordelige drukkontrakte beoordeel word. Dit wil wel voorkom of daar onderlinge bande tussen Printers Limited, Viljoen & Company en die Elite Printing Works was, aangesien ene J.A. Viljoen as direksielid of eienaar-drukker by elkeen van hierdie drukkerye betrokke was.[223]

Benewens Johannesburg is ***The International*** dwarsoor Suid-Afrika in al die belangrikste sentra versprei.[224] Spesifieke verkooppunte was byvoorbeeld Benoni, Pretoria, Durban, Pietermaritzburg, en Wynberg en Woodstock in die Kaapse Skiereiland.[225] Soos reeds bekend, het die SDF (ongeveer 70 eksemplare per week) en later ook die Industrial Socialist League eksemplare van die blad in Kaapstad verkoop. W.H. Harrison van die SDF is selfs beboet vir Sondagverkope van ***The International*** omdat hy sodoende die Sabbateerbiedigingswet oortree het.[226] Daar is veral gepoog om ***The International*** onder werkers in fabrieke en werkwinkels te versprei en die blad is selfs by vergaderings van die SAAP en die SAIF verkoop.[227] Dit blyk dat die koerant ook 'n internasionale invloed gehad het. Eksemplare was in Lourenço Marques, Mosambiek, te koop en klaarblyklik is eksemplare soms deur indiwidue in Italië, die VSA, Australië, Ierland, Wallis, Skotland, Rusland en Oostenryk ontvang.[228] Davidson is van mening dat ***The International***, wat

---

222 Kyk *The International*, 24.03.1916, p. 3 ("Beronia": The Other Side of the Rebellion).

223 Kyk D.I. – Argief, file no. 3/13, The International.

224 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa, 29.07.1920, p. 2; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, p. 81; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, 377.

225 Kyk bv. *The International*, 22.10.1915, p. 3 (The League's Progress); *Ibid.*, 25.02.1916, p. 4 (Branch Notes); *Ibid.*, 30.07.1920, p. 8 (Where "The International" can be Obtained); *Ibid.*, 15.10.1920, p. 1 (Where The International can be Obtained).

226 W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, pp. 61 – 62; *The International*, 15.09.1917, p. 4 (League Notes); *Ibid.*, 16.11.1917, p. 2 (Notes on "The International"); *Ibid.*, 10.01.1919, p. 1 (1919 Annual Conference); *Ibid.*, 10.10.1919, p. 5 (Comrade Harrison Fined); *Ibid.*, 05.10.1923, p. 2 (W.H. Harrison: Pious Communists of Cape Town); *Ibid.*, 09.05.1924, p. 1 (The Sabbath).

227 M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 25 – 26; *The International*, 28.04.1916, p. 3 (Triumph of The Manifesto); *Ibid.*, 15.09.1916, p. 4 (Branch Notes); *Ibid.*, 07.09.1917, p. 3 (Our Second Year); *Ibid.*, 18.01.1918, p. 2 (What We all can do).

228 Kyk B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 156, 255; V. Sidenko: South African Communists. A Flashback (*New Times*, No. 52, 1969, p. 5); *The International*, 01.06.1917, p. 1 (A Word from the Italian Socialists); *Ibid.*, 21.09.1917, p. 1 (Workers of the World, Disunite); *Ibid.*, 12.10.1917,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

betref die standaard van sy beriggewing, sowel as sy teoretiese artikels, met die beste sosialistiese publikasies van Wes-Europa in daardie tyd vergelyk kan word.[229]

Alhoewel H.J. en R.E. Simons verklaar dat ***The International*** as arbeiderkoerant "*...had a clear field in the* [labour] *movement*"[230] na die verdwyning van ***The Worker***, het eersgenoemde en die ISL egter van meet af aan voor 'n legio probleme en krisisse te staan gekom. Vanweë sy radikale beleidsrigtings, soos uitgespreek in die bladsye van ***The International***, het die ISL toenemend geïsoleer van die deursnee blanke arbeiderbeweging geraak en laasgenoemde geantagoniseer. Baie lede het na 'n ruk die ISL weer verlaat. Sommiges het selfs na die SAAP teruggekeer sodat die ledetal in die eerste drie jaar van die ISL se bestaan maar ongeveer 400 was. ***The International*** moes nog aan sy bestaande en potensiële ondersteuners bewys dat dit nuwe perspektiewe op bestaande beleidskwessies en vraagstukke kon bied. Aanvanklik kon die ISL ook nie daarin slaag om enige swart lede te werf nie. Selfs die kapitalistiese pers het hulle geïgnoreer. As gevolg van hulle radikale en militante standpunte is openbare vergaderings van die ISL dikwels deur veral soldate en hulle ondersteuners ontwrig en het die organisasie gesukkel om permanente kantoorruimte te bekom.[231]

Daarby is die ISL en persoonlikhede soos Jones konstant deur die polisie, wat uitvoerige verslae oor hulle aktiwiteite opgestel het, gemonitor en geteister. Boonop het verskeie senior polisieoffisiere en 'n oud-strydersvereniging, die Comrades of the Great War, die owerhede versoek om die aktiwiteite van die ISL en ander sosialiste drasties aan bande te

---

p. 4 (Berig); *Ibid.*, 09.04.1920, p. 2 (J.M. Gibson: A Letter from "J.M.G."); *Ibid.*, 30.07.1920, p. 2 (Korrespondensie) en p. 8 (Where "The International" can be Obtained); *Ibid.*, 15.10.1920, p. 4 (Comrade Skinner writes from Aberdeen); *Ibid.*, 11.05.1923, p. 2 ("E.P.B.": An Australian Letter).

229 A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 367.

230 H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 184.

231 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: G.D. Gray – Secretary South African Police, 30.04.1919, p. 190; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: J. Bowman – District Commissioner CID, 29.04.1919, p. 191; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: G. Burton – Sub Inspector SA Police, 27.04.1919, pp. 224 – 225; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 77, 89, 91; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 51, 60; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 210; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 148 – 151, 161, 166 – 167; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 183, 188; *The International*, 07.07.1916, p. 3 (A League Census); *Ibid.*, 14.07.1916, p. 3 ("Back to William Morris"); *Ibid.*, 27.10.1916, p. 4 (The Election Campaign); *Ibid.*, 04.05.1917, p. 3 (Mob Law on May Day); *Ibid.*, 11.05.1917, p. 4 (May Day Echoes); *Ibid.*, 19.10.1917, p. 1 (King Mob); *Ibid.*, 01.02.1918, p. 3 (The League's new Office).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lê, veral weens hulle propagandabedrywighede onder swartes.[232] Gevolglik het die gereelde aandag wat Jones van die gereg ontvang het, aan hom 'n slegte reputasie verleen sodat hy teen 1919 dit moeilik gevind het om in Johannesburg werk te kry.[233]

The International het ook onder die sensor deurgeloop. Tydens en selfs na die Eerste Wêreldoorlog is die internasionale posversending van die koerant, asook van ander oorsese sosialistiese lektuur, soms verbied.[234] Maar daar is ook baie duidelike aanduidings dat die Kommissaris van Polisie en die Posmeester-Generaal pogings aangewend het om die binnelandse posverspreiding van die blad te verhinder.[235] Alhoewel die Sekretaris van Justisie geen gronde kon vind vir 'n verbod op publikasie van ***The International*** deur die

---

[232] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Comrades – Acting Prime Minister, 29.04.1919, p. 219; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: J.S.G. Douglas – Secretary South African Police, 28.04.1919, p. 223; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 26.04.1919, p. 228; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: J.M.L. Fulford – Deputy Commissioner, 24.04.1919, p. 229; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: G.S.Gray – Secretary South African Police, 14.04.1919, p. 234; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Re: Lapitsky and Sonsnovik, 05.04.1919, p. 238; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, pp. 107 – 108; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 27.08.1920, pp. 75 – 76; M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa, (1915 – 1919), p. 156; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 204, 262; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 369; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 56; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 189; *The International*, 11.08.1916, p. 4 (Another League Leaflet); *Ibid.*, 18.08.1916, p. 2 (Police Raid on "The International"); *Ibid.*, 02.02.1917, p. 4 (League Notes); *Ibid.*, 18.05.1917, p. 4 (League Notes); *Ibid.*, 15.02.1918, p. 4 (Notes on the Movement); *Ibid.*, 03.09.1920, p. 1 (Another Volume).

[233] B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 196.

[234] *Ibid.*, pp. 146, 156; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 82; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 80; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, pp. 367, 369; M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 95, 154; *The International*, 11.04.1919, p. 1 ("The Bolsheviks are Coming" Scare); *Ibid.*, 27.06.1919, p. 3 (Berig); *Ibid.*, 16.01.1920, p. 3 (The GPO and Bolshevik Literature); *Ibid.*, 23.01.1920, p. 7 (The Postal Censorship Withdrawn).

[235] (SAB) JUS Vol. 256, file no. 3/527/13 Part 4, Reports on Activities of the ISL: H.J. Trew – Secretary for Justice, 24.09.1918, p. 51; (SAB) JUS Vol. 256, file no. 3/527/13 Part 4, Reports on Activities of the ISL: J. Wilson – Secretary for the Interior, 20.09.1918, p. 32; *The International*, 26.11.1915, p. 1 (Revolution and Reality) en p. 3 (The International Censored); *Ibid.*, 03.12.1915, p. 4 (Are you a Socialist or a Censor); *Ibid.*, 28.01.1916, p. 3 ("The International" Squashed Again); *Ibid.*, 25.02.1916, p. 4 (The Post Office Burglar); *Ibid.*, 27.09.1918, p. 4 (Berig); *Ibid.*, 07.02.1919, p. 4 ("W.H.H.": Cape Notes); *Ibid.*, 11.04.1919, p. 1 ("The Bolsheviks are Coming" Scare); *Ibid.*, 19.12.1919, p. 1 (Non-Delivery of "International").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Posmeester-Generaal nie,[236] het Bunting in Maart 1917, tydens 'n sitting van die Transvaalse Povinsiale Raad, onsuksesvol 'n mosie van beswaar ingedien teen die regering se bevoegdheid om volgens Krygswet op posstukke, soos koerante in transito, beslag te kon lê.[237] Die ISL het toe, veral ter wille van sy nie-blanke lesers, deur middel van spoorvrag eksemplare van ***The International*** aan verkoopsagente vir verspreiding versend.[238]

The International se grootste probleme en krisisse was egter finansieel van aard. Die tekort of gebrek aan fondse, wat dikwels akuut was, is 'n hooftema wat konstant na vore tree in die geskiedenis van die blad. Die kwessie van intekenaars en advertensies was ook bydraende faktore tot hierdie toedrag van sake. Reeds in die ISL se eerste jaarverslag van Januarie 1916 is gekla dat al sy ondersteuners nie ***The International*** lees en versprei nie. Daar is ook melding gemaak van persoonlike finansiële opofferings deur sekere indiwidue, maar die ISL het darem 'n klein positiewe balans getoon.[239] Maar reeds teen Augustus 1916 is verklaar dat nominale intekenaars nie al die drukkostes van die koerant dek nie. Ten einde die grootte en sirkulasie te verhoog en die blad se onafhanklikheid te waarborg, sou sosialiste dit finansieel moes ondersteun en nuwe intekenare moes werf.[240] Bestaande intekenare is ook gedurig daarin herinner om hulle intekengelde te hernu.[241]

As 'n blad wat homself as die "enigste sosialistiese werkersklas koerant in Suid-Afrika met 'n sirkulasie tien keer groter as enige ander soortgelyke publikasie" voorgehou het,[242] het ***The International*** gereelde motiveringsartikels geplaas waarin lesers op die noodsaaklikheid van die voortdurende werwing van nuwe intekenaars gewys is ten einde die fakkel vir die verspreiding van sosialisme onder wit en swart werkers teen kapitalisme

---

236 (SAB) JUS Vol. 256, file no. 3/527/17 Part 4, Reports on Activities of the ISL: W.E. Bok – Commissioner South African Police, 04.10.1918, p. 35; (SAB) JUS Vol. 255, file no. 3/527/17, Reports on Activities of ISL: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 08.09.1917 (no. 2/527/17).

237 *The International*, 23.03.1917, p. 4 (Protest Against Martial Law); *Ibid.*, 30.03.1917, p.3 (The Martial Law Motion); *The Star*, 23.03.1917, p. 8 (The "International").

238 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 27.08.1920, p. 75.

239 *The International*, 14.01.1916, p. 1 (The First Conference of the League).

240 *Ibid.*, 25.08.1916, p. 3 (How Italian Socialists Work).

241 *Ibid.*, 01.09.1916, p. 4 (Notice to Subscribers); *Ibid.*, 15.09.1916, p. 3 (Keep it Going); *Ibid.*, 06.10.1916, p. 4 (Berig).

242 *Ibid.*, 09.06.1916, p. 1 (Keep the home fires burning); *Ibid.*, 18.08.1916, p. 4 (The International's Jubilee); *Ibid.*, 13.04.1917, p. 3 (Spread the News); *Ibid.*, 24.05.1918, p. 1 (Berig).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

brandend te hou.[243] Pryse, soos 'n eksemplaar van Karl Marx se ***Das Kapital***, asook foto's van laasgenoemde, is aan lesers wat die grootste aantal intekenare vir ***The International*** kon werf, uitgeloot.[244] Tipiese subskripsie werwingsadvertensies het soos volg gelui:

> "*Keep the flame of Socialism alight in South Africa, by keeping* ***The International*** *not only alive but kicking too. It has many more kicks to make*",[245]
>
> en:
>
> "*Catch your pal. Catch the man next door, next bench, next stope. Catch the first man you meet who has got some spunk in him, who is something better than a crawling parasite of the boss. Catch anyone you have ever heard cursing the system we live under. There are thousands like that about if you only look for them... Go and see him, and sign him on for the Red Army of 'International' readers... Get the sub-getting habit*",[246]
>
> en:
>
> "*What the 'International' says to-day the working-class will think to-morrow. Become a Subscriber and be in the Vanguard*".[247]

In die ISL-jaarverslag van 1917 het die perskomitee gerapporteer dat as gevolg van 'n groot begrotingstekort dit oorweeg is om ***The International*** 'n maandblad te maak. Aangesien sekere lede die tekorte aangevul het, was sodanige drastiese stap egter nie nodig nie.[248] Volgens Caldwell het die koerant in daardie stadium vyf sjielings per eksemplaar per jaar aan die verliese van intekenaars en geldelike bydraers gely. Die tekorte was klaarblyklik te

---

[243] Kyk byvoorbeeld *The International*, 21.07.1916, p. 3 (Every Man a Fighter); *Ibid.*, 02.02.1917, p. 4 (League Notes); *Ibid.*, 09.02.1917, p. 4 (Spread the News); *Ibid.*, 02.03.1917, p. 4 (League Notes); *Ibid.*, 04.05.1917, p. 4 (To Supporters of Class War and Industrial Unity of the Workers); *Ibid.*, 01.02.1918, p. 3 (Why you should read "The International"); *Ibid.*, 20.06.1919, p. 1 (Be a "Booster").

[244] Kyk *Ibid.*, 25.02.1916, p. 4 (Who Wants) en *Ibid.*, 02.11.1917, p. 4 (Karl Marx), onderskeidelik en A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 367.

[245] *The International*, 15.09.1916, p. 3 (Keep it Going).

[246] *Ibid.*, 25.03.1921, p. 1 (Subs. Subs. Subs.).

[247] *Ibid.*, 21.09.1923, p. 1.

[248] *Ibid.*, 19.01.1917, p. 2 (The Second Annual Conference). Kyk ook *Ibid.*, 04.05.1917, p. 4 (To Supporters of Class War and Industrial Unity of Workers).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wyte aan 'n hele aantal afvallige intekenare vir wie die militante anti-oorlog en radikale pro-swart beleidsrigtings van ***The International*** een te veel geword het.[249] In Junie 1917 is daar weer 'n beroep op donateurs gedoen om gereelde weeklikse of maandelikse bydraes tot die kostes van die blad te maak. Die jaarlikse intekenfooi van vyf sjielings kon nie die stygende pryse van koerantpaper en drukkostes dek nie. Dit was ook nie raadsaam om ***The International*** se verkoopprys te verhoog nie.[250] Met die 100ste uitgawe van ***The International*** het die redakteur gespog dat die blad die rekord vir die langste ononderbroke arbeiderkoerant in Suid-Afrika gehou het, aangesien ***The Worker*** van ouds se uitgawes dikwels onderbreek is. Alhoewel daar met toenemende selfvertroue na die derde jaar van uitgawe uitgesien is, is die lesers nogmaals versoek om addisionele finansiële steun aan die blad te verleen, aangesien intekengelde nie al die drukkostes gedek het nie.[251]

Teen die agtergrond van die uitbreek van die Russiese Rewolusie van 1917 het groot getalle Oos-Europese Joodse immigrante, waarvan baie onder die pogroms van die Russiese tsaar deurgeloop het, hulle tot die ISL aangetrokke gevoel en daarby aangesluit. Gevolglik is daar in Augustus 1917 besluit om 'n Jiddishsprekende tak van die ISL in Johannesburg te stig. Volgens Mantzaris, wat die ledetal van hierdie tak op tussen 500 en 1 000 persone raam, het dit aansienlik meer fondse vir die ISL gegenereer en die verkope van ***The International*** feitlik verdubbel. Mantzaris is ook van mening dat die Jiddishsprekende tak die aktiefste van al die ISL-takke was.[252] Op aanbeveling van Joodse lede het die bestuurskomitee van die ISL 'n 10 000 sjieling fonds, die International Printing Press and

---

[249] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South African (1915 – 1919), p. 28; *The International*, 26.01.1917, p. 1 (And Shall Trewlawny Die). Kyk ook p. 252 hierbo.

[250] *The International*, 29.06.1917, p. 1 (Apology and Appeal).

[251] *Ibid.*, 07.09.1917, p. 3 (Our Second Year!). Kyk ook *Ibid.*, 02.11.1917, p. 1 (Berig). In daardie stadium het *Voice of Labour* na regte eintlik die "rekord" vir die langste ononderbroke arbeiderblad gehou.

[252] E.A. Mantzaris: Radical Community: The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 – 1920 (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, pp. 160, 164 – 167 en p. 176, voetnoot 78). Kyk ook H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 210; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 377; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 90 – 91; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p.87; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, pp. 91 – 92; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 166 – 167; B. Bunting (ed): *South African Communists Speak*, p. 56; N. Weyl: *Traitor's End*, p. 49; D.J. Kotzé: *Communism and South Africa*, p. 169; *The International*, 10.08.1917, p. 2 (Berig); *Ibid.*, 07.09.1917, p. 3 (League Notes); *Ibid.*, 21.09.1917, p. 3 (League Notes); (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Report on Bolshevism in South Africa: J. Bowman – Deputy Commissioner CID, 29.04.1919, p. 191; *Ibid.*, G. Burton – Sub-Inspector South African Police, 27.04.1919, p. 224; *Ibid.*, J.M.L. Fulford – Deputy Commissioner South African Police, 24.04.1919, p. 229.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Building Fund, geopen ten einde 'n eie drukpers en vergaderplek vir die organisasie te bekom.[253]

Maar ten spyte van bogenoemde positiewe verwikkelinge het die bestuurskomitee in November 1917 weer 'n spesiale beroep op lesers gedoen om dringend 100 "rooi ponde" by te dra om die ISL se debietbalans voor die maandeinde uit te wis. Die lopende kostes, soos kantooruitgawes, die sekretaris se salaris en die druk van ***The International***, het maandeliks tussen £65 en £70 bedra, terwyl koerantverkope en intekengelde slegs £20 per maand geïn het. Daarby het die hofsake van ISL-lede groot regsuitgawes bedra. Slegs addisionele donasies sou dus die verskil bybring en lesers is versoek om byvoorbeeld 'n dag se loon vir die saak op te offer.[254] In Mei 1918 is berig dat lesers nog nie genoegsaam op die versoek gereageer het nie en dat die debietbalans effens tot £31 11s 9d toegeneem het. Die drukkostes van ***The International*** het twee pennies per eksemplaar bedra, maar as gevolg van die swak ekonomiese posisie waarin baie ISL-lede hulle bevind het, het die perskomitee besluit dat die koerant se verkoopprys steeds een pennie per eksemplaar sou wees. Die blad is dus teen die helfte van kosprys verkoop.[255] Teen Julie 1918 het Bunting ietwat moedeloos aangaande die ISL se voortdurende stryd om finansiële oorlewing geskryf:

> "*As it is, its struggle to meet expenses, and especially to keep up this paper, has been so incessantly hard and anxious, nay critical, that our treasures have forgotten what it was not be in debt. We have never been able to command anything like the income per head of an ordinary trade union, but with the cheerful mites of members, sympathisers and readers all over Africa, the proceeds of entertainments periodically held by our noble Women's Committee, and the occasional donations of a few better of supporters, sometimes*

---

[253] E.A. Mantzaris: Radical Community: The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 – 1920 (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, p. 165); The International, 07.09.1917, p. 3 (League Notes); *Ibid.*, 21.09.1917, p. 3 (League Notes); *Ibid.*, 26.10.1917, p. 4 (Notes of the Movement). Kyk ook S. Pauw: *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*, p. 204.

[254] *The International*, 09.11.1917, p. 1 (A Special Appeal to all Comrades). Kyk ook *Ibid.*, 19.10.1917, p. 2 (An Appeal); *Ibid.*, 01.02.1918, p. 4 (League Notes); *Ibid.*, 19.04.1918, p. 1 (Pay, Pay, Pay!); *Ibid.*, 21.06.1918, p. 3 (Pay, Pay, a Day's Pay).

[255] *Ibid.*, 10.05.1918 (Supplement to "The International"); *Ibid.*, 31.05.1918, p. 1 ("Asking for More"). Kyk ook *Ibid.*, 23.08.1918, p. 1 (League Conference).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

amounting to £1 a month, we have just managed – and that is the best that any true socialist paper ever does – to keep going".[256]

Versoeke vir gereelde weeklikse of maandelikse donasies tot die persfonds en nuwe intekenare is van Augustus tot Desember 1918 herhaal.[257] Op 13 September 1918 het ***The International*** se skuld as gevolg van verhoogde produksiekostes op £75 7s 4d gestaan en teen 'n tempo van £5 per week toegeneem. Gevolglik het die ISL-bestuurskomitee voorgestel dat die blad se verkoopprys tot drie pennies per kopie verhoog word wat lesers deur middel van 'n referendum moes goedkeur.[258] Hoe sleg dit in daardie stadium met die ISL gegaan het, blyk uit die feit dat Jones se salaris, wat volgens Caldwell in elk geval maar slegs 'n klein stipendium was, nie betaal kon word nie. Daarby was die reaksie op die referendum so power dat die beoogde prysverhoging vir eers laat vaar is.[259] Maar in die jaarverslag van Januarie 1919 is verklaar dat die persfonds se debietbalans danksy 'n dubbele toename in intekenare feitlik weer negeerbaar was en dat die leningsrekening afgelos is.[260] Volgens Caldwell het die belangstelling in die Russiese Rewolusie ook tot die toename in intekenare bygedra.[261]

Vanaf Mei 1919 het ***The International*** hernieude impetus aan die promosie van die International Printing Press and Building Fund verleen.[262] Teen Julie 1919 het die koerant verklaar dat 'n drukpers en 'n geskikte perseel in die middestad van Johannesburg alreeds bekom is vanwaar die eerste en enigste sosialistiese pers in Suid-Afrika "*to be owned and controlled by the workers*" geloods kon word. Die drukkery sou die alleenbesit van die ISL wees met geen aandeelhouers nie. Agt honderd pond sterling moes egter onmiddellik vir sodanige onderneming gevind word en weereens is sosialiste en vakbondlede se finansiële

---

[256] *The International*, 05.07.1918, p. 1 (The Hidden Hand).

[257] Kyk *Ibid.*, 23.08.1918, p. 1 (Our "Great Push"); *Ibid.*, 06.09.1918, p. 1 (The Great Push); *Ibid.*, 08.11.1918, p. 3 (Berig); *Ibid.*, 06.12.1918, p. 4 (Press Fund); *Ibid.*, 21.12.1918, p. 1 (Join the Army).

[258] *Ibid.*, 13.09.1918, p. 2 (To be or Not to be).

[259] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 29; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 189; *The International*, 04.10.1918, p. 1 (League Notes) en p. 3 (Berig).

[260] *The International*, 10.01.1919, p. 1 (1919 Annual Conference); *Ibid.*, 04.04.1919, p. 3 (Berig).

[261] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 26.

[262] Kyk *The International*, 23.05.1919, p. 3 (League Notes); *Ibid.*, 30.05.1919, p. 4 (League Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ondersteuning versoek.[263] Klaarblyklik het ene Rostron, die latere eienaar van die Commercial Printing Company, en na wie 'n polisieverslag verkeerdelik as "Ross" verwys, die ISL behulpsaam gewees in die verkryging van 'n eie drukpers. Rostron sou ook die drukkersvoorman van die ISL Press word.[264]

The International se uitgawe van 12 September 1919 was die eerste wat vanaf die ISL Press in Foxstraat, Johannesburg, verskyn het. Dit sou voortaan agt bladsye beslaan en die nuwe prys was drie pennies per eksemplaar. Jones was baie ambisieus omtrent die bereiking van hierdie mylpaal:

> "*We have not reached a resting place in the acquirement of a Press and an eight page weekly. We need a larger and far more ambitious paper... The situation in South Africa requires a SOCIALIST DAILY*".[265]

Andrews het as geskoolde ingenieur, tesame met ander ISL-lede wat tipograwe was, die drukpers geïnstalleer. Daarby was Andrews die eerste bestuurder van die ISL Press[266] wat ook vir privaat drukwerk geadverteer het.[267] Die kapitalistiese pers het die ISL van 'n "hidden hand"-agenda beskuldig as sou die organisasie rewolusionêre propaganda onder swartes deur middel van die IWA versprei het. Daarvolgens sou die ISL kwansuis £10 000, sogenaamde "Duitse goud", of "vyandsgoud", tot sy beskikking hê. Dit was wel ook so dat Jones die IWA geadviseer het om die verspreiding van pamflette onder swart werkers

---

[263] *The International*, 18.07.1919, p. 1 (To the Workers of South Africa!); *Ibid.*, 25.07.1919, p. 1 (Printing Plant Fund); *Ibid.*, 01.08.1919, p. 1 (The ISL Printing Press); *Ibid.*, 15.08.1919, p. 4 (Our Printing Plant); *Ibid.*, 09.06.1922, p. 1 (A Weapon for Socialism). Kyk ook E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 87; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, p. 92; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 211.

[264] E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 189, voetnoot no. 30; (SAB) JUS Vol. 256, file no. 3/527/17, Part 5, Reports on Activities of ISL: A. Trigger – Secretary South African Police, 24.07.1919, p. 25; *The International*, 04.08.1922, p. 1 (Retrenchment).

[265] *The International*, 12.09.1919, p. 1 (Our own Party Press).

[266] R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 207 – 211; D.I. – Argief, file no. 3/13, The International: W.H. Andrews – Secretary for the Interior, 16.09.1919 (no. 25/3/13); D.I. - Argief, file no. 3/13, The International: Application for the Registration of a Newspaper, 3/13.

[267] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, p. 102; *The International*, 26.09.1919, p. 8 (Berig); *Ibid.*, 07.11.1919, p. 5 (Celebrate the Revolution!); *Ibid.*, 14.11.1919, p. 8 (The ISL Press); *Ibid.*, 23.01.1920, p. 8 (Advertensie); *Ibid.*, 16.07.1920, p. 8 (ISL Press); *Ibid.*, 14.10.1921, p. 2 (The ISL Press); *Ibid.*, 09.06.1922, p. 1 (A Weapon for Socialism).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
versigtig en in die geheim te doen.[268] En in 'n polisieverslag van 1919 is vermeld dat die ISL die oprigting van 'n geheime pers beoog het sodat pamflette ongehinderd gedruk kon word.[269] Die ISL het egter in geen stadium oor 'n klandistiene pers beskik nie en 'n verdere polisieverslag het ook kategories verklaar dat die liggaam geen buitelandse geld vir sy aktiwiteite ontvang het nie.[270] Jones se advies oor die geheime verspreiding van IWA-literatuur was eerder daarop gemik om te probeer verhoed dat die polisie voortydig daarop beslag lê.

Oudergewoonte het probleme vir die ISL se nuwe drukpers nie lank agterweë gebly nie. Ten eerste het 'n groothandelsfirma van Kaapstad, Dawson and Co., geweier om druksetsels te verskaf.[271] En in November 1919 het ***The International*** weereens 'n versoek om finansiële bydraes tot sy lesers gerig. Van die £800 skuld van die persfonds was £700 reeds afbetaal, maar donasies het begin opdroog – in 'n stadium dat die drukkery bedryfskapitaal dringend benodig het. Om die drukkery se setmasjien te kon bedryf, moes 'n addisionele masjiensetter aangestel word aangesien die drukker alleen nie al hierdie funksies kon behartig nie. Hierdie persone was geskoolde vakmanne van die SATU. Gevolglik was hulle lone hoog en dit moes stiptelik weekliks betaal word. Die drukkery het 'n ekstra £300 benodig vir die aankoop van drukplaatmasjiene en druksetsels. Nog 'n verdere £300 moes vir die aankoop van sosialistiese en Marxistiese lektuur vir die ISL se boekwinkel bekom word. Altesaam is dus ongeveer £1 000 benodig, aangesien die League nie meer oor reserwefondse beskik het nie. Vervolgens het ***The International*** ietwat onverskillig aan sy lesers verklaar:

---

[268] Kyk *The International*, 01.03.1918, p. 3 (High Treason); *Ibid.*, 05.07.1918, p. 1 (The Hidden Hand); *Ibid.*, 15.08.1918, p. 1 (The Native Boycott); B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 173, 177 en R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 214.

[269] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: G.S. Gray – Secretary South African Police, 14.04.1919, p. 235.

[270] Kyk (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, pp. 102, 105; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 91; *The International*, 01.03.1918, p. 3 (High Treason); *Ibid.*, 16.03.1923, p. 4 (Our Guarantee Fund).

[271] *The International*, 03.10.1919, p. 1 (Boycott!). Kyk ook *Ibid.*, 19.11.1920, p. 1 (Rally to the Socialist Press).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"It is our duty even to plunge into debt for the cause... It is your task to pull us out of debt".[272]

Verdere probleme het in 1920 ontstaan. Die CNA-nuusagentskap het geweier om ***The International*** te versprei. Alhoewel die drukkery teen 'n wins bedryf is, was die inkomste wat ***The International*** gerealiseer het onvoldoende om die stygende produksiekoste en materiaal- en loonuitgawes te dek. Daarby het die bestuurskomitee dringend £150 vir die aankoop van drukpapier benodig. In daardie stadium was die steeds toenemende tekort op die lopende rekening ongeveer £50 per maand. As 'n besparingsmaatreël is die tiksterspos in die ISL-kantoor afgeskaf. 'n "International Guarantee Fund" is toe vir die finansiële behoeftes van die League en sy lyfblad gestig en daar is konstant na nuwe intekenaars gesoek.[273] Nogtans het die benodigde bedrag teen November 1920 tot £500 gegroei.[274]

Daar was ook 'n aantal eksterne faktore wat tot ***The International*** se finansiële verknorsing bygedra het. Soos wat die dramatiese gebeure van die Russiese Rewolusie van 1917 langsamerhand in die vergetelheid begin raak het en die rewolusie nie daarin kon slaag om wêreldwyd te versprei nie, het baie van die aanvanklike steun en entoesiasme vir die ISL vanuit die Joodse gemeenskap, en daarmee saam ook hulle finansiële ondersteuning, begin taan. Daarby het daar teen Januarie 1920 'n ideologiese skeuring tussen die Jiddishsprekende lede en die ISL-leierskap plaasgevind toe botsende standpunte oor politieke beleid en taktiek ontstaan het. As gevolg daarvan het feitlik die hele Jiddishsprekende tak van die ISL weggebreek wat ernstige finansiële implikasies vir ***The International*** en sy sirkulasie ingehou het.[275]

---

[272] *The International*, 07.11.1919, p. 5 (Celebrate the Revolutio); *Ibid.*, 14.11.1919, p. 8 (The ISL Press); *Ibid.*, 12.12.1919, p. 8 (The ISL Press Needs Your Still); E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 87.

[273] *The International*, 26.03.1920, p. 8 (Our Special Effort Fund); *Ibid.*, 09.04.1920, p. 8 (Catch that Subscriber); *Ibid.*, 04.06.1920, p. 8 (Appeal to Our Readers); *Ibid.*, 09.07.1920, p. 1 ("The International" Guarantee Fund) en p. 8 (Increased Circulation Competition); *Ibid.*, 23.07.1920, p. 1 ("International" Guarantee Fund); *Ibid.*, 06.08.1920, p. 1 ("The International"); *Ibid.*, 03.09.1920, p. 1 (Another Volume); *Ibid.*, 10.09.1920, p. 1 (Berig); *Ibid.*, 22.10.1920, p. 1 (ISL Notes). Kyk ook (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 30.10.1920, p. 56.

[274] *The International*, 19.11.1920, p. 1 (Rally to the Socialist Press); *Ibid.*, 26.11.1920, p. 1 (The ISL Press).

[275] E.A. Mantzaris: Radical Community: The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 – 1920 (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, pp. 168 – 170); E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 87; N. Weyl: *Traitors' End*, pp. 49 – 50; D.J. Kotzé: *Communism and South Africa*, p. 169; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 106; B. Bunting (ed): *South African Communists*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ISL se sesde jaarverslag van Januarie 1921 het die haglike finansiële posisie van ***The International*** duidelik gereflekteer. Gedurende 1920 het die ISL-drukpers sake gedoen ter waarde van £1 547. Die produksiekoste van ***The International*** vir daardie jaar het £1 316 bedra, terwyl die koerant se inkomste maar £1 034 was. Die finale tekort op die koerantrekening vir 1920 het op £281 19s 0d te staan gekom wat deur die League se algemene fondse aangevul moes word. Die tesouriersverslag het ook verwys na die behoefte aan 'n "gereelde invloei van donasies" sodat die tekorte verminder kon word en in die volgende jaar in 'n kredietsaldo omgeskakel kon word. Daarby het die redaksionele komitee om meer straatverkopers en subskripsiewerwers gepleit.[276] Gevolglik het ***The International*** in Maart en April 1921 weereens 'n subskripsiewerwingsveldtog van stapel gestuur.[277] Met die opgaan van die ISL in die nuutgestigte Kommunistiese Party van Suid-Afrika (KPSA) teen die einde van Julie 1921, het ***The International*** en die ISL Press hulle name behou en die eiendom van die party geword. Andrews, die redakteur, het die hoop uitgespreek dat met die nasionale amalgamasie van sosialistiese en kommunistiese organisasies in een party, die sirkulasie van ***The International*** as enigste landswye spreekbuis, sou uitbrei en sy invloed onder die werkers dienooreenkomstig sou vergroot.[278] Tog is lesers steeds versoek om die blad aan die gang te help hou, aangesien intekenaars en donasies begin daal het.[279]

Speak, p. 56. Kyk ook (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 30.10.1920, p. 56. I.v.m. Joodse ISL-lede kyk ook p. 256 hierbo, i.v.m. *The International* en die Russiese Rewolusie, hfst. 8, pp. 464 - 478 en i.v.m. die blad se sirkulasiesyfers, pp. 264 - 265 hieronder, onderskeidelik.

[276] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Acting Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 27.01.1921, pp. 2 – 3; *The International*, 07.01.1921, p. 2 (I.S.L. Sixth Annual Delegate Meeting).

[277] Kyk *The International*, 18.03.1921, p. 1 (Advertensie); *Ibid.*, 25.03.1921, p. 1 (Subs. Subs. Subs.) en p. 2 (Advertensie); *Ibid.*, 01.04.1921, p. 2 (Socialists for South Africa!) en (Unity is Strength!), p. 4 (Prizes for Sub-Getter); *Ibid.*, 08.04.1921, p. 1 (A Sub. in the Hand) en p. 3 (Keep the Home-Fires Burning!); *Ibid.*, 15.04.1921, p. 1 (Great Sale), p. 3 (Advertensie) en p. 4 (How are you getting on).

[278] *Ibid.*, 12.08.1921, p. 2 (The Launching of the Communist Party of S. Africa) en ("The International"); *Ibid.*, 09.06.1922, p. 1 (A Weapon for Socialism). Kyk ook R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 210, 244; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, p. 110; B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part XVI (*Forward*, 04.02.1944, p. 8) en A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, pp. 441 - 442.

[279] *The International*, 09.09.1921, p. 1 (Our Sixth Anniversary). Kyk ook *Ibid.*, 04.11.1921, p. 4 ("The International").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die volle omvang van die ekonomiese depressie en die massawerkloosheid wat ná die 1922-staking ontstaan het, het ***The International*** in Augustus daardie jaar getref. Aangesien die voortdurende pleidooie aan lesers om finansiële bystand aan die blad nie die gewenste uitwerking gehad het nie, was die uitvoerende komitee van die KPSA genoodsaak om ***The International*** vanaf die uitgawe van 8 Augustus 1922 twee-weekliks uit te gee. Daar sou slegs na 'n weekblad teruggekeer kon word indien die lesers bereid sou wees om aansienlik en gereeld tot 'n waarborgfonds by te dra ten einde die tekorte op elke uitgawe aan te vul. Kantoorpersoneel is drasties ingekort en pleidooie om nuwe intekenaars en donasies is opnuut gerig. Andrews was die Kommunistiese Party se enigste betaalde amptenaar en het as redakteur, partysekretaris en persbestuurder feitlik 'n eenmansaak bedryf.[280] Trouens, Andrew Dunbar, wat in 1919 uit die ISL as gevolg van sy teenkanting teen deelname aan parlementêre verkiesings deur die toedoen van Andrews uit die ISL geskors is, het laasgenoemde (weliswaar onregverdig en waarskynlik uit vergelding) 'n "parasiet" genoem. Maar, geoordeel aan die organisasie se chroniese en akute geldgebrek, was Dunbar in alle waarskynlikheid korrek om te beweer dat die ISL winste uit die verkope van oorsese sosialistiese literatuur gegenereer het ten einde Andrews se salaris te finansier.[281]

In die uitgawe van 26 Januarie 1923 kon ***The International*** darem verklaar dat sy weeklikse uitgawes hervat sou word en dit wil voorkom of die koerantverkope, intekenaars en bydraers tot die maandelikse waarborgfonds, in daardie stadium 'n styging begin toon het.[282] Maar die algehele haglike finansiële toestand het klaarblyklik ook die posisie van Rostron, die drukkersvoorman van die ISL Press, geraak. In 'n brief aan sy vrou, gedateer 19 Mei 1923, skryf Bunting dat die sentrale komitee van die KPSA onder sekere voorwaardes aan Rostron toestemming verleen het om, gelyklopend met sy werk by die ISL

---

[280] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 285; *The International*, 04.08.1922, p. 1 (Retrenchment); *Ibid.*, 18.08.1922, p. 4 (Ourselves) en (Double the Circulation); *Ibid.*, 08.12.1922, p. 1 (The International); *Ibid.*, 22.12.1922, p. 2 (Our Opportunity); *Ibid.*, 26.01.1923, p. 2 (Ourselves).

[281] Kyk (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 27.08.1920, p. 75 (no. C.6/672/19/8/A); (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Acting Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 27.01.1921, pp. 3 – 4 (no. C.6/672/19/8/E). I.v.m. Dunbar se skorsing uit die ISL, kyk ook H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 216 en p. 305 hieronder.

[282] Kyk *The International*, 26.01.1923, p. 2 (Ourselves); *Ibid.*, 09.02.1923, p. 2 (H. Haynes: The Flood Tide); *Ibid.*, 16.02.1923, p. 4 (Our Guarantee Fund); *Ibid.*, 16.03.1923, p. 4 (Organiser's Report) en Our Guarantee Fund).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Press, ook as "The Commercial Printing Co" sy eie sake te bedryf.[283] In alle waarskynlikheid is hierdie toegewing gemaak sodat Rostron, by gebrek aan voldoende betaling deur die KPSA, sy inkomstes deur ander bronne kon aanvul.

Op die voorblad van die uitgawe van 24 Augustus 1923 is die noodkreet om kontantbydraes vir die blad se voortbestaan helaas weer tot die lesers gerig.[284] Daar is selfs 'n uitnodiging tot lesers gerig om voorstelle aangaande die inhoud van ***The International*** te doen ten einde dit vir eersgenoemdes as nuusblad aantrekliker te maak.[285] Vanaf 8 Februarie 1924 het die koerant se voorbladuitleg gevolglik 'n verandering ondergaan. Die ou subtitel "*The World's Co-Operative Commonwealth*" is toe verander na "*Workers of the World Unite!*".[286]

Teen Junie 1924 is verklaar dat ***The International*** se sirkulasie weens die algemene verkiesingsveldtog van daardie jaar in veral die kusstede gestyg het. Steeds is egter ook verklaar dat die koerant nie winsgewend was nie. Slegs die lesers se bydrae tot 'n verhoogde sirkulasiesyfer sou die jaarlikse negatiewe balansstaat kon verminder.[287] 'n Maand later is die lesers meegedeel dat die oorspronklike masjinerie van die drukpers, wat tweedehands aangeskaf is, tekens van slytasie begin toon het. Dit sou herstel en ook uitgebrei moes word om al die drukwerk te kon hanteer. Daarby sou 'n nuwe setmasjien aangekoop moes word en dit alles sou die verskuiwing na 'n groter perseel behels. Altesame sou dit ongeveer £100 bedra waarvoor die blad hom, soos elke keer, onverwyld tot die lesers gewend het.[288]

Die omvang van die sirkulasiesyfers van ***The International*** was ongetwyfeld 'n kardinale faktor ten opsigte van die blad se finansiële posisie. Teen 1915 was daar volgens Caldwell

---

[283] B. Bunting (ed): *Letters to Rebecca*, pp. 68 – 69.

[284] *The International*, 24.08.1923, p. 1 (Urgent!).

[285] *Ibid.*, 31.08.1923, p. 3 (Gentle Reader).

[286] Vgl. bv. die uitgawe van *The International* van 01.02.1924, p. 1 met dié van 08.02.1924, p. 1.

[287] *Ibid.*, 20.06.1924, p. 4 (Push "The International"). Kyk ook *Ibid.*, 27.06.1924, p. 5 (Whoop It Up); *Ibid.*, 04.07.1924, p. 1 (Push It Along!); *Ibid.*, 18.07.1924, p. 3 (Thanks).

[288] *Ibid.*, 18.07.1924, p. 4 (Our Printing Press). Kyk ook *Ibid.*, 01.08.1924, p. 8 (Press Extension Fund).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
ongeveer 450 intekenare. Hy het ook bereken dat die aantal intekenare teen 1917 op 1 728 te staan gekom het en dat die werklike lesertal, bereken teen drie lesers per eksemplaar, ongeveer 5 184 was.[289] Volgens Davidson het ***The International*** in 1918 1 360 intekenaars gehad. Die sirkulasiesyfer was toe 2 500 eksemplare en met sommige uitgawes selfs meer.[290] Teen die einde van 1919 het ***The International*** volgens Mantzaris 3 000 eksemplare per uitgawe verkoop. Die wegbreek van die Jiddishsprekende tak van die ISL aan die begin van 1920 het hierdie syfer uiteraard dramaties negatief beïnvloed. Die afvallige Jiddishsprekende sosialiste het toe tesame met Andrew Dunbar en enkele ander ISL-lede, wat ook as gevolg van geskille met die ISL oor aktiewe deelname aan parlemenêre politiek uit die organisasie geskop is, die Communist League in Johannesburg gestig.[291]

Volgens 'n polisieverslag is 3 400 eksemplare per uitgawe teen Januarie 1920 gedruk. Teen Augustus 1920, nadat die wegbreekgroep die Communist League gestig het, het die syfer tot 2 500 geval. Gedurende die week wat op 31 Julie 1920 geëindig het, is 1 194 eksemplare van ***The International*** deur middel van die poskantoor na verskeie adresse in die Unie van Suid-Afrika versend, waarvan 50 % aan swart lesers geadresseer was. Teen 14 Augustus 1920 het die poskantoor 1 167 kopieë versend. Daarvan was ongeveer die helfte aan Johannesburgse intekenare en die res aan intekenare van oor die hele Witwatersrand en plattelandse distrikte.[292] 'n Polisieverslag van 30 Oktober 1920 vermeld weer dat weekliks 5 000 eksemplare van ***The International*** gedruk is. Daarvan is ongeveer 1 230 eksemplare deur die poskantoor versend en die res is deur straatverkope en tydens ISL-byeenkomste verkoop.[293]

---

[289] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 26 – 27. Kyk ook *The International*, 07.09.1917, p. 3 (Our Second Year!).

[290] A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 378.

[291] E.A. Mantzaris: Radical Community: The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 – 1920 (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, pp. 168 – 171 en p. 176, voetnoot no. 78). Kyk ook S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 106, 109; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 215 – 216; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 206; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 377. I.v.m. die stigting van die Communist League, kyk ook p. 305 hieronder, en hfst. 8, p. 497.

[292] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 27.08.1920, p. 5.

[293] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 30.10.1920, p. 56.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Verdere bydraende faktor tot die opdraende stryd in ***The International*** se finansiële geskiedenis was die kwessie van kommersiële advertensies, waarteenoor die blad klaarblyklik ambivalente standpunte ingeneem het. Enersyds is verklaar dat indien 'n sosialistiese koerant sy vryheid van meningsuiting wou handhaaf en onafhanklik wou wees, moes dit sonder groot kommersiële advertensies bedryf kon word. Daarom het ***The International*** uit beginsel nie advertensies gaan soek nie en sou ook nie sy beleid afwater om adverteerders tevrede te stel nie. Die blad was dus nie afhanklik van "bourgeois" advertensies nie.[294] Daar is selfs verklaar dat:

> "*Advertisement is the swinish soul of bourgeoisdom. It has made unclean our homes, our streets and our parks. All that is beautiful in life has been defiled by ostentatious FAT* [Advertensies]. *Art and Literature have become its handmaids*".[295]

Maar andersyds is ook uitdruklik erken dat 'n koerant soos ***The International***, met feitlik geen advertensies nie, nie 'n betalende proposisie was nie.[296] Daarom sou kommersiële advertensies ook nie noodwendig geweier word nie[297] en was die koerant, teenstrydig met sy anti-advertensie standpunt, tog bereid om advertensies te aanvaar:

> "*Advertisers, too, might do worse than use our columns for business purposes. Our established circulation extends all over South Africa, and greatly exceeds that of many much boomed capitalist weeklies. Although therefore we will not modify our views one iota to please advertisers, we invite them in their own interests to boost their wares before our public, who will be found not bad customers at all*",[298]

---

[294] Kyk *The International*, 25.08.1916, p. 3 (How Italian Socialist Work); *Ibid.*, 04.06.1920, p. 8 (An Appeal to Our Readers); *Ibid.*, 09.07.1920, p. 1 ("The International" Guarantee Fund); *Ibid.*, 09.06.1922, p. 1 (A Weapon for Socialism); *Ibid.*, 25.07.1924, p. 8 (Advertensie).

[295] *Ibid.*, 16.11.1923, p. 4 (The Passing Show).

[296] Kyk *Ibid.*, 09.06.1916, p. 1 (Keep the home fires burning); *Ibid.*, 04.08.1922, p. 1 (Retrenchment); *Ibid.*, 16.03.1923, p. 4 (Our Guarantee Fund).

[297] *Ibid.*, 09.06.1922, p. 1 (A Weapon for Socialism).

[298] *Ibid.*, 29.06.1917, p. 1 (Apology and Appeal).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en:

"*Advertisers can get more for their money by advertising in 'The International' than any other weekly. Ours is not a bogus circulation. Get your Trade Union to advertise in the only working class paper in South Africa*".[299]

The International het inderdaad baie min advertensies gedra, waarvan die meeste uit regskennisgewings bestaan het. Caldwell het bereken dat vir die tydperk 1915 tot 1919 maar 110 sodanige advertensies geplaas is deur persone soos Bunting, Charles Clingman, L. Yatt, James Forrester Brown, R. Skinner, Henry Glass, Jacob Neppe, C. Hoppenstein, J. en M. Bacharach, Ephraim Gluckmann en enkele privaat advertensies.[300] Daar is selfs 'n advertensie in Hebreeus geplaas.[301] Ander adverteerders was byvoorbeeld klerewinkeliers soos S.M. Pettersen, Marx en Sam Barlin, H. Glazer en A. Goldman; 'n kleremaakster, ene Mrs Graham; boekhouers en finansiële adviseurs, soos J. Bacharach, L.A. Shoul en C.F. Glass; letter- en kunsskilders soos Rodin & Ritter; 'n ystergietery, International Founders, Ltd en 'n babier, E.A. Vella.[302] Na alle waarskynlikheid was al hierdie adverteerders lede of simpatiseerders van die ISL en die Kommunistiese Party.

The International het uiteindelik ongeveer twaalf jaar lank bestaan – die langste van al die arbeider- en sosialistiese blaaie wat deur hierdie studie gedek word. Vir die ISL was die voortbestaan van ***The International*** as kommunikasie- en propagandamedium van kritieke belang. Dit is onwaarskynlik dat daarsonder die sosialistiese beweging onder leiding van die ISL daarin sou slaag om uiteindelik die Kommunistiese Party van Suid-Afrika te stig. Dit was slegs ook teen die agtergrond van hierdie belangrikheid, tesame met die ideologiese doelgerigtheid en fokus van die ISL, dat ***The International*** daarin kon slaag om so lank

---

[299] *The International*, 24.08.1917, p. 3 (Berig).

[300] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse Against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 27 – 28. Kyk ook *The International*, 25.08.1916, p. 4; *Ibid.*, 22.09.1916, p. 4; *Ibid.*, 20.10.1916, p. 4; *Ibid.*, 12.01.1917, p. 4; *Ibid.*, 07.12.1917, p. 4; *Ibid.*, 21.03.1919, p. 4; *Ibid.*, 25.07.1919, p. 4; *Ibid.*, 12.09.1919, p. 8; *Ibid.*, 20.02.1920, p. 8; *Ibid.*, 26.11.1920, p. 4; *Ibid.*, 26.10.1923, p. 8; *Ibid.*, 23.11.1923, p. 4; *Ibid.*, 02.05.1924, p. 4.

[301] Kyk *The International*, 24.08.1917, p. 4.

[302] Kyk *Ibid.*, 04.02.1916, p. 4; *Ibid.*, 11.05.1917, p. 4; *Ibid.*, 02.04.1920, p. 8; *Ibid.*, 23.07.1920, p. 8; *Ibid*,. 31.12.1920, p. 4; *Ibid.*, 18.02.1921, p. 4; *Ibid.*, 26.08.1921, p. 4; *Ibid.*, 13.10.1922, p. 8; *Ibid.*, 02.02.1923, p. 8; *Ibid.*, 31.08.1923, p. 8; *Ibid.*, 22.08.1924, p. 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
tesame met die ISL Press tot 'n einde gekom het,[308] wil dit voorkom of die bevinding van die skrywers, L. en D. Switser en Coetzee, in hierdie verband eerder korrek te wees, naamlik dat die publikasie van ***The International*** alreeds teen die einde van 1924 (moontlik vanaf Oktober) tot die begin van 1926 opgeskort is.[309] Vanaf 1 Januarie 1926 het dit as ***The South African Worker*** herleef.[310]

Ten einde die ideologiese uitgangspunte te begryp waarvolgens ***The International*** die aktuele kwessies van sy tyd geïnterpreteer het, moet die politieke karaktereienskappe van die pioniers en stigters van die ISL, en later ook die Kommunistiese Party van Suid-Afrika, beklemtoon word. Ten eerste was die meerderheid van hierdie persone blanke, Britse, manlike immigrante wie se politieke ervarings grootliks tot die Britse arbeider- en vakbondbeweging beperk was en wie se denkraamwerk daardeur gevorm is. Met die stigting van die ISL was hulle dus militante internasionale sosialiste, maar nog nie Marxiste nie. Die sosialiste se sienswyses sou moes aanpas namate hulle deur die realiteite van arbeidskwessies in Suid-Afrika gekonfronteer is. Die beleid en ideologie van die ISL sou dus deur 'n evolusionêre transformasieproses, van internasionale sosialisme tot Marxisme en kommunisme, wat ook rassegelykheid sou impliseer, ontwikkel.[311] Die ISL se worsteling met sodanige vraagstukke word duidelik in die inhoud van ***The International*** weerspieël.

Dit is reeds bekend dat die drie hooftemas waarop ***The International*** in sy aanvangsjare sou konsentreer, internasionale sosialisme, anti-militarisme, en vanaf die ISL jaarkonferensie van 1917, industriële eenheid was.[312] Die ISL se verbintenis tot

---

[308] E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 112.

[309] J.C. Coetzee: *South African Newspapers on Microfilm*, p. 165; L. and D. Switser: *The Black Press in South Africa and Lesotho*, pp. 77 – 78; Anon: *A List of South African Newspapers 1800 – 1982*, p. 67.

[310] B. Bunting (ed): *South African Communists Speak*, p. 84.

[311] S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 74 – 75. Kyk ook A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, pp. 338 – 339, 349, en pp. 242 - 243 hierbo. I.v.m. Britse invloed op arbeid in Suid-Afrika, kyk ook hfst. 1, pp. 2 - 4.

[312] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 65, 69; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 216; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, pp. 334, 343 – 344; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 150, 157; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 179; B. Bunting (ed): *South African Communists Speak*, p. 36; M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 13, 175.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
internasionale sosialisme het duidelik geblyk uit die eerste artikel wat Jones in die nuwe koerant geskryf het:

> "*Here we plant the flag of the New International in South Africa... In its* [***The International***] *columns the point of the Internationalist will be presented in its manifold phases*".[313]

Die immigranteherkoms en ervarings van die meeste van sy skrywers het daartoe bygedra dat hulle insette tot ***The International*** maklik by die diskoers oor internasionale sosialisme kon inskakel. Die ISL het homself dan ook so aan die Britse afdeling van die Internasionale Sosialistiese Buro voorgestel. Daarom het die League op hoogte gebly (sover possensuur dit toegelaat het) van internasionale sosialistiese verwikkelinge en dit so aan ***The International*** se lesers oorgedra.[314] Nuusberigte en artikels oor arbeider-en sosialistiese aangeleenthede in Duitsland, Brittanje, Frankryk, België, Italië, die VSA, Kanada, Australië, Rusland, Noorweë, Mexiko, Indië, Spanje en Nieu-Seeland is geplaas en daar is oor internasionale sosialistese konferensies berig.[315] Daarby het artikels oor

---

[313] *The International*, 10.09.1915, p. 1 (The New International).

[314] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa, pp. 17, 25 – 26, 95, 98; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 150; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 48 – 49, 52, 80; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 175; *The International*, 17.09.1915, p. 3 (D.I. Jones: The League's Message to Europe); *Ibid.*, 17.12.1915, p. 1 (The New International) en (Message from Morgari).

[315] Kyk *The International*, 10.09.1915, p. 2 (Labour in Germany); *Ibid.*, 29.10.1915, p. 3 (The International Socialist Conference in Switzerland); *Ibid.*, 12.11.1915, p. 1 (The Zimmerwald Conference); *Ibid.*, 03.12.1915, p. 2 (Trade Unions Stick up for Freedom); *Ibid.*, 04.02.1916, p. 3 (French Socialism Resurgent), (Clyde Workers Militant) en (The Social Democrats of Germany); *Ibid.*, 11.02.1916, p. 3 (Why "The Forward" was Suppressed); *Ibid.*, 18.02.1916, p. 3 (Social Democrats Lead the Way); *Ibid.*, 17.03.1916, p. 2 ("Should Workers Arm"?) en p. 3 (A New Zealand Labour Conference); *Ibid.*, 24.03.1916, p. 3 (Franch Minority Organising); *Ibid.*, 14.04.1916, p. 3 (The Italian Socialists); *Ibid.*, 05.05.1916, p. 2 ("Dingbat": News from Norway); *Ibid.*, 30.06.1916, p. 2 (The Hypocricy of a "Free Russia"); *Ibid.*, 07.07.1916, p. 1 (Right Without Might) en p. 2 (Another Socialist Congress); *Ibid.*, 11.08.1916, p. 3 (Labour in Australia); *Ibid.*, 18.08.1916, p. 3 (The Standpoint of the French Socialist Minority); *Ibid.*, 12.01.1917, p. 2 (A Great Workingclass Triumph); *Ibid.*, 23.03.1917, p. 3 (Kirkwood's Great Defiance); *Ibid.*, 06.04.1917, p. 3 (The Russian Socialists); *Ibid.*, 08.06.1917, p. 3 (The Stockholm Conference); *Ibid.*, 15.06.1917, p. 3 (Strike Against Conscription); *Ibid.*, 13.07.1917, p. 2 (The Great Strikes in Germany); *Ibid.*, 21.09.1917, p. 2 (The French Socialists); *Ibid.*, 28.09.1917, p. 2 (The Great Sydney Strike); *Ibid.*, 12.10.1917, p. 2 (Militant Spanish Workers) en p. 3 (The Australian Upheaval); *Ibid.*, 16.11.1917, p. 4 (The Spanish Situation); *Ibid.*, 14.12.1917, p. 3 (The British Socialist Movement) en (The Movement in Germany); *Ibid.*, 25.01.1918, p. 1 (The Movement in Italy); *Ibid.*, 01.03.1918, p. 2 (The International Class War); *Ibid.*, 25.10.1918, p. 4 (Items from Europe); *Ibid.*, 08.11.1918, p. 2 (The Epidemic); *Ibid.*, 28.03.1919, p. 1 (The new International) en p. 3 ("Indians and the Red Flag"); *Ibid.*, 25.04.1919, p. 5 (O.B.U. and Bolshevism); *Ibid.*, 13.06.1919, p. 4 (Strike News); *Ibid.*, 22.08.1919, p. 2 (A New Communist Manifesto) en A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 367.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
leidende internasionale arbeider- en sosialistiese persoonlikhede soos Rosa Luxemburg, Wilhelm Liebknecht, Eugene V. Debs, Friedrich Engels, Karl Marx, Dora Montefiore, Jean Jaures, August Bebel, Lenin, Maxim Gorky, Zinoviev, Bela Kun en Tom Mann in ***The International*** verskyn. Artikels uit internasionale arbeider- en sosialistiese blaaie soos die Nieu-Seelandse ***Maoriland Worker***, die Amerikaanse ***International Socialist Review***, die Weense ***Arbeiter Zeitung*** en ***The Socialist*** van Brittanje, is ook oorgeneem.[316]

In ooreenstemming met Europese sosialiste het ***The International*** militarisme en die Eerste Wêreldoorlog vuriglik veroordeel as 'n internasionale kapitalistiese sameswering gemik op die werkersklas. Die Geallieerdes is vir hulle oorlogsugtigheid gekritiseer. Die ISL het dan ook anti-militaristiese lektuur in ***The International*** te koop aangebied.[317] Net soos ***The Eastern Record***, ***De Burger*** en ***Ons Vaderland***, het ***The International*** Suid-Afrikaanse kapitaliste daarvoor geblameer dat hulle agter die inval in Duits-Suidwes-Afrika gesit het. Volgens ***The International*** het die kapitaliste ekonomiese voordeel daaruit verkry deur beheer van die voormalige Duitse diamantvelde in die gebied oor te neem.[318] Die ISL was ook teen militêre konskripsie gekant en het die kerk, die *establishment*-pers, die SAIF, en

---

[316] Kyk *The International*, 08.10.1915, p. 2 (The International Movement); *Ibid.*, 22.10.1915, p. 2 (E.V. Debs: When I Shall Fight) en p. 3 (W. Liebknecht: Why does Labour exist?); *Ibid.*, 05.11.1915, p. 4 (Berig); *Ibid.*, 07.01.1916, p. 3 (The Socialist); *Ibid.*, 04.02.1916, p. 4 (F. Engels: The Government: An Expression of Capitalism); *Ibid.*, 10.03.1916, p. 2 (F. Engels: The Proletarian); *Ibid.*, 21.04.1916, p. 3 (D.B. Montefiore: The Socialist Woman and War); *Ibid.*, 28.04.1916, p. 1 (Dr. Liebknecht's Stand) en p. 3 (The Founder of the International); *Ibid.*, 30.06.1916, p. 3 (Why Jaures Died); *Ibid.*, 08.09.1916, p. 2 (The Revolutionary Weapon) en (What Bebel Said); *Ibid.*, 29.09.1916, p. 3 (War-Socialism); *Ibid.*, 13.10.1916, p. 2 (Liebknecht's Defiance); *Ibid.*, 22.12.1916, p. 3 (Liebknecht's Challenge to Imperialism); *Ibid.*, 12.10.1917, p. 2 (Whom Lenin Hates); *Ibid.*, 08.03.1918, p. 3 (Revolution vs. Slavery); *Ibid.*, 03.05.1918, p. 2 ("C.B.T.": The Life of Marx); *Ibid.*, 07.06.1918, p. 4 ("Manoeuvre, Retreat and Wait"); *Ibid.*, 19.07.1918, p. 3 (F. Engels: A Prediction) en p. 4 (Berig); *Ibid.*, 24.01.1919, p. 1 ("Our Martyred Dead"); *Ibid.*, 28.03.1919, p. 2 (Karl Liebknecht) en p. 4 (M. Gorky: An Appeal to the World); *Ibid.*, 12.09.1919, p. 5 (Eugene Debs, the Champion of the American Working Class); *Ibid.*, 03.10.1919, p. 5 (G. Zinoviev: A Clarion Call to the Proletariat) en p. 6 (International Proletarian Revolution); *Ibid.*, 23.04.1920, p. 3 (T. Mann: Where are we with the Wages Sytem?); *Ibid.*, 30.04.1920, p. 5 (Foto's); *Ibid.*, 28.05.1920, p. 1 (Tom Mann 64 Not Out); *Ibid.*, 13.10.1922, p. 1 (The Man of the Moment); *Ibid.*, 25.01.1924, p. 1 (Lenin is Dead: Lenin Still Lives!) en p. 4 (S.P. Bunting: Lenin: Personal Impressions); *Ibid.*, 01.02.1924, p. 5 (Lenin the Great).

[317] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 2, 32, 153; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 149 – 150. Kyk ook S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 50 – 51; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 345; *The International*, 10.09.1915, p. 3 (R.J. Hall: Who are the real Pro-Germans); *Ibid.*, 24.09.1915, p. 2 (What caused the War); *Ibid.*, 12.11.1915, p. 4 (League Literature) en *Ibid.*, 04.08.1916, p. 1 ("Let Saints on Earth in Concert Sing").

[318] B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 151; *The International*, 03.03.1916, p. 2 (German South West Africa). Kyk ook hfst. 4, p. 136.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die SAAP se steun daarvoor gekritiseer.[319] Gedurende die oorlogsjare het ***The International*** 'n reeks anti-oorlogartikels gepubliseer met titels soos "Anglo-Prussianism", "The Soldiers' Warning", "A Long and Bloody Road", "Militarism Everywhere the Same", "The Last War", "Where there is no Peace", "Going into Action!", "Making Militarists of Young South Africa", "A Defiant Soldier", "Cannon Fodder", "War Aims" en "The Age of Atrocity".[320] Anti-militarisme sou tot die ISL-jaarkongres van 1917 die hooffokus van ***The International*** se artikels bly toe die klem na standpunte teen rassisme begin verskuif het.[321]

Die besprekingskwessie wat egter die langste in die geledere van die ISL geduur het en van tyd tot tyd die kolomme van ***The International*** oorheers het, was die politieke, ekonomiese en sosiale posisie van die swartman, en spesifiek die posisie van die swart werker in die Suid-Afrikaanse nywerheidsopset. Reeds teen die einde van 1915 het die "*most advanced white socialists*" in die ISL, onder leiding van Jones en Bunting, begin besef dat daar aandag aan die posisie van swartes gegee moes word.[322] So het Jones in Oktober 1915 in ***The International*** geskryf:

> "*...an Internationalism which does not concede the fullest rights which the native working class is capable of claiming will be a sham. One of the justifications for our withdrawal from the Labour Party is that gives us untrammelled freedom to deal, regardless of political fortunes, with the great and fascinating problem of the native. If the League deal resolutely in consonance with Socialist principles with the native question, it will succeed in shaking South African Capitalism to its foundations. Then and not till then,*

---

[319] B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 154 – 155; *The International*, 01.10.1915, p. 1 (The Parting of the Ways); *Ibid.*, 14.04.1916, p. 1 (League Manifesto).

[320] Kyk *The International*, 16.06.1916, p. 3; 04.08.1916, p. 3; 25.08.1916, p. 1; 15.09.1916, p. 2; 08.12.1916, p. 3; 15.12.1916, p. 1; 27.04.1917, p. 4; 15.06.1917, p. 1; 26.10.1917, p. 3; 26.04.1918, p. 4; 12.07.1918, p. 2 en 20.09.1918, p. 1, onderskeidelik.

[321] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 154; *The International*, 19.01.1917, p. 2 (The Second Annual Conference).

[322] S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 48 – 50. Kyk ook M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), pp. 105 – 106; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 74; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 151; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 49; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 179; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, pp. 345 – 346, 367 – 369.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

shall we be able to talk about the South African Proletariat in our International relations. Not till we free the native can we hope to free the white",

en:

"*We shall never be on bedrock until we can command the attention of the dark skinned proletariat of South Africa*".[323]

Die ISL het die industriële eenheid van alle werkers, ongeag kleur, nagestreef. Daarvolgens moes wit en swart werkers op 'n breë basis in industriële vakbonde georganiseer word. Jones en Bunting het hulle deur ***The International*** op wit werkers beroep om die kleurskeidslyne en eng basis van ambagsvakbonde en half-geskooldheid, wat werkers kwesbaar vir uitbuiting deur kapitalisme gemaak het, te herroep. Blanke werkers moes solidariteit met swart werkers betoon en rassegelykheid in die gemeenskaplike stryd teen kapitalisme aanvaar. Gedurende die oorlogsjare sou die ISL se beleid van steun aan industriële arbeid volgens 'n nie-rassige basis tot 'n belangriker kwessie as sy anti-oorloghouding ontwikkel. Teen 1916 het die rol van swart werkers in die Suid-Afrikaanse arbeidsbestel 'n gereelde redaksionele tema in ***The International*** geword. Trouens, teen 1918 het die kleurkwessie die anti-oorlogstandpunte in belangrikheid verbygesteek.[324]

Die volle ontplooiing van die idee van rassegelykheid en industriële eenheid met swartes binne die geledere van die ISL was egter 'n gestadigde en langsame proses wat nie oral ewe

---

[323] *The International*, 01.10.1915, p. 2 (The Parting of the Ways) en p. 4 (The International Movement), onderskeidelik. Kyk ook *Ibid.*, 19.11.1915, p. 3 (Fight the Good Fight); *Ibid.*, 12.01.1917, p. 1 (Another Milestone).

[324] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 4, 13, 175, 186 – 187, 191 – 194, 202 – 203; D.J. Mason: Race, Class and National Liberation, pp. 11 – 12; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 157 – 158, 162, 168, 170, 204, 215; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 58 – 59, 62, 65, 67, 69; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 346; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 52, 55 – 56, 58, 61 – 63; *The International*, 03.12.1915, p. 1 (The Wrath to Come); *Ibid.*, 10.12.1915, p. 2 (The League Conference); *Ibid.*, 07.01.1916, p. 1 (The League Conference); *Ibid.*, 14.01.1916, p. 2 (The First Conference of the League); *Ibid.*, 17.03.1916, p. 1 (Segregation Segregated); *Ibid.*, 22.09.1916, p. 1 (Disunity of Labour); *Ibid.*, 06.10.1916, p. 2 (Call to the Workers of South Africa); *Ibid.*, 12.01.1917, p. 1 (Another Milestone); *Ibid.*, 19.01.1917, p. 1 (Manifesto, Troyeville Election); *Ibid.*, 09.02.1917, p. 1 (S.P. Bunting: What Industrial Unionism involves in SA) en p. 2 ("J.M.G.": Industrial Unionism); *Ibid.*, 20.10.1916, p. 1 ("S.P.B.": Municipal Politics and the Revolution); *Ibid.*, 01.06.1917, p. 4 (E.H. Becker: Revolutionary Industrial Unionism); *Ibid.*, 07.09.1917, p. 2 ("J.M.G.": Mutual Interests?); *Ibid.*, 04.01.1918, p. 1 (The Third Annual Conference of the League); *Ibid.*, 30.08.1918, p. 4 (T.P. Tinker: The Need for Industrial Organisation); *Ibid.*, 14.02.1919, p. 1 (The Dangers of Lip Piety).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geesdriftig ontvang is nie. Die artikels van ***The International*** het 'n dubbelslagtige kleurstandpunt weerspieël. Selfs persoonlikhede soos Jones en Andrews het aanvanklik 'n paternalistiese houding teenoor swartes ingeneem, terwyl andere, soos Colin Wade, biologiese rassemeerderwaardigheid voorgestaan het. Andrew Dunbar en ander sindikaliste het die kwessie probeer omseil deur te verklaar dat daar nie 'n "*native problem*" was nie, maar slegs 'n "*worker problem*". Die blanke sosialiste het gemeen dat hulle in die komende sosialistiese rewolusie die verantwoordelikheid en leiding namens die swartes sou neem. Gelykheid sou eers na sosialisme kom. Swartes moes na blanke standaarde "opgetrek" word, anders sou die blankes "afsink" na die vlakke van swart standaarde. Politieke en industriële gelykheid tussen blank en swart, en gelyke betaling vir gelyke werk is voorgestaan, maar nie noodwendig sosiale gelykheid nie, aangesien swartes nog "volwassenheid" moes bereik. Geletterdheidsklasse aan swartes was ook nie gewild by baie lede van die League nie en is aan Bunting en enkele ander lede oorgelaat.[325] Volgens H.J. en R.E. Simons het hierdie vroeë interpretasie van die industriële solidariteit tussen wit en swart deur die ISL dus eintlik maar die beskerming van blanke arbeid geïmpliseer.[326]

---

[325] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 3, 14, 97, 104 – 109, 116, 144; D.J. Mason: Race, Class and National Liberation, pp. 9 – 12; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 192 – 195, 211, 212, 237, 260; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 50 – 56, 60 – 61; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, pp. 346 – 347; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 151 – 153, 187 – 188; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 62 – 63, 70 – 71, 96, 100 – 101; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 75; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 179 – 183, 199, 219; *The International*, 10.12.1915, p. 1 (The League Conference); *Ibid.*, 14.01.1916, p. 2 (The First Conference of the League); *Ibid.*, 19.05.1916, p. 1 (The Segregational Socialist) en p. 2 ("Socialist": Segregation); *Ibid.*, 02.06.1916, p. 2 (S.G. Rich: Anti-Segregation); *Ibid.*, 16.06.1916, p. 2 (Inviting Jim Sixpence to Tea); *Ibid.*, 23.06.1916, p. 3 (Socialism and Savagery); *Ibid.*, 14.07.1916, p. 4 (Branch Notes); *Ibid.*, 28.07.1916, p. 3 (Berig); *Ibid.*, 25.08.1916, p. 3 (S.G. Rich: Get the Natives) en p. 4 (Branch Notes); *Ibid.*, 15.12.1916, pp. 3 – 4 (The Modern Voortrekkers); *Ibid.*, 26.01.1917, pp. 3 - 4 ("Sen Yah": Two Bidders for the Native Worker); *Ibid.*, 09.02.1917, p. 3 (The Great Unskilled); *Ibid.*, 23.03.1917, p. 2 ("J.M.G.": Race Prejudice); *Ibid.*, 09.03.1917, p. 1 (Industrial Unionism a Live Wire in Durban); *Ibid.*, 16.03.1917, p. 3 (S.G. Rich: Notes on Natives); *Ibid.*, 23.03.1917, p. 2 (S.G. Rich: Notes on Natives); *Ibid.*, 29.06.1917, p. 4 ("Labour" and the Black Worker); *Ibid.*, 20.07.1917, p. 4 ("W.H.A.": The Position of the Native and Coloured Workers); *Ibid.*, 19.10.1917, p. 2 ("J.M.G.": White Worker's Insane Prejudice); *Ibid.*, 07.12.1917, p. 1 (International Socialism and the Native); *Ibid.*, 15.02.1918, p. 4 (Things Native Labourers Don't Want); *Ibid.*, 31.05.1918, p. 2 ("J.M.G.": The Bantu Race); *Ibid.*, 11.04.1919, p. 3 ("D.I.J": The White Workers' 'Burden'); *Ibid.*, 13.02.1920, p. 3 (The Soviet and the Native) en p. 4 (W. Andrews: The ISL and the Native Question); *Ibid.*, 04.06.1920, p. 7 ("D.I.J": Bolshevism East & West); *Ibid.*, 10.12.1920, p. 3 (The ISL and the Coloured and Native Worker).

[326] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 212.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ondanks die bedenkinge van sommige ISL-lede het Jones en Bunting in artikel na artikel in ***The International*** volhard met die propagering van industriële eenheid oor die kleurgrens heen en om hulle mede blanke sosialiste daarvan te oortuig. Reeds tydens die ISL se jaarkongres van 1916 het Bunting die afskaffing van diskriminasie teen swart werkers bepleit. ***The International*** het ook die industriële kleurslagboom veroordeel. Blanke werkers se vooroordele het net die belange van kapitaliste gedien omdat dit die werkersklas volgens rasseskeidslyne verdeel het. Daarom was die toenemende proletarisering van swart arbeiders vir die blad 'n groot stap vorentoe in die vordering van die sosialistiese rewolusie in Suid-Afrika. Jones was van mening dat die politieke eenheid van die werkers nie bereik kon word alvorens industriële eenheid nie eers bereik is nie.[327] Met die jaarkongres van 1919 het die ISL gevolglik sy beleidsformule verander om hom te beywer vir die daarstelling van 'n "Sosialistiese Gemenebes".[328]

In aansluiting by die tema oor industriële eenheid het ***The International*** die rassisme en seksionalisme van blanke vakbonde aangeval. Die blad het krities teenoor die blanke vakbondwese gestaan omdat dit na sy oordeel verantwoordelik was vir segregasie tussen wit en swart werkers. Die blanke vakbondwese was onvanpas in die klassestryd omdat dit die werkersklas in faksies verdeel het wat die eiebelang van ambagsvakbonde verteenwoordig het. Aangesien ambagsvakbonde nie verenigd opgetree het nie, en dus skadeloos was, het die kapitaliste hulle gepaai. Sulke vakbonde was te uitgediend om die werkers van die tirannie van kapitalisme te bevry. Waar die ambagsvakbonde swak en gefragmenteerd was, was kapitalisme daarteenoor as 'n eenheid georganiseer. Industriële

---

[327] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 15, 101 – 103, 111, 197 – 198; D.J. Mason: Race, Class and National Liberation, p. 12; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 191 – 193, 195, 199 – 200, 205, 230; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 75 – 76, 82; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 56; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 96 – 100; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 152 – 153, 181; *The International*, 03.12.1915, p. 1 (The Wrath to Come); *Ibid.*, 18.02.1916, p. 2 (S.P. Bunting: Workers of the World Unite); *Ibid.*, 08.09.1916, p. 1 (Get Something Now!); *Ibid.*, 09.02.1917, p. 1 (What Industrial Unionism involves in SA); *Ibid.*, 22.02.1918, p. 1 (A. Watson: Industrial Unionism in South Africa); *Ibid.*, 22.03.1918, p. 2 ("D.I.J": The Census on Labour Solidarity); *Ibid.*, 03.09.1920, p. 2 (Hewers of Wood); *Ibid.*, 22.10.1920, p. 1 ("Socialist Unity" What About?); *Ibid.*, 10.12.1920, p. 3 (The ISL and the Coloured and Native Worker).

[328] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 207; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 216; *The International*, 10.01.1919, p. 2 (1919 Annual Conference).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
eenheid was die enigste alternatief daarteen en daarom het Bunting by blanke werkers gepleit om eerder solidariteit met swart werkers in hulle stakings om hoër lone te betoon.[329]

The International se skrywers het ook kritiek gelewer op ambagsvakbonde se pogings om geskoolde blanke werkers teen swart indringing, deur middel van kleurslagbome soos die *Status Quo*-ooreenkoms van 1918, te beskerm. Deur middel van die *Status Quo*-ooreenkoms het die Kamer van Mynwese die getalleverhoudings van wit en swart mynwerkers in die Randse goudmyne statutêr bepaal. Volgens ***The International*** het hierdie kleurslagbome die (swart) meerderheid van die arbeidsmag ongeorganiseerd gelaat om as 'n goedkoop bron van arbeid uitgebuit te word en het dit ook die onsekerheid van blanke werksekuriteit bestendig. Slegs deur gesamentlike industriële organisering oor kleurgrense heen sou die indringing van swart werkers in blanke arbeid beveg kon word.[330]

Bunting het ook deur middel van ***The International*** die beoogde Bantoe Administrasiewetsontwerp van 1917 aangeval omdat dit territoriale gebiedskeiding herbevestig het en die finale eliminering van swart grondhuurders en deelsaaiers uit blanke gebiede sou impliseer.[331] Die koerant het so die reputasie verkry dat dit bevooroordeeld ten

---

[329] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 14, 137 – 138, 183 – 185; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 58; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 52; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 189; *The International*, 03.12.1915, p. 1 (The Wrath to Come); *Ibid.*, 21.01.1916, p. 2 ("The Most Effective Means"); *Ibid.*, 21.07.1916, p. 1 (Justification); *Ibid.*, 25.08.1916, p. 2 (Objections to Industrial Unionism); *Ibid.*, 19.09.1916, p. 1 (Liberty Sold for 6/3d); *Ibid.*, 06.10.1916, p. 1 (The Building Workers) en pp. 2 – 3 (Call to the Workers of South Africa); *Ibid.*, 27.04.1917, p. 3 (Brothers Capital and Labour); *Ibid.*, 24.08.1917, p. 1 ("D": Wake Up, White Workers!) en p. 3 (An Industrial Conference of Workingmen); *Ibid.*, 19.10.1917, p. 2 ("J.M.G.": White Workers' Insane Prejudice); *Ibid.*, 11.01.1918, p. 2 ("J.M.G.": The South African Trades Union Congress), *Ibid.*, 22.02.1918, pp. 1 – 2 (A. Watson: Industrial Unionism in South Africa); *Ibid.*, 15.03.1918, p. 2 ("J.M.G.": Increased Wages & Gold Production) en p. 4 (Transvaal Industrial Workers' Union); *Ibid.*, 17.05.1918, p. 2 ("J.M.G.": Disorganisation) en p. 4 (What Means this Strike?).

[330] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 185; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 65; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 200; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 198 – 199; *The International*, 21.01.1916, p. 2 ("The Most Effective Means"); *Ibid.*, 14.07.1916, p. 1 (Time to Move); *Ibid.*, 02.09.1917, p. 3 (Berig); *Ibid.*, 25.05.1917, pp. 2 – 3 ("Sen Yah": Is the White Miner a Miner); *Ibid.*, 07.09.1917, p. 1 ("D": Can the Mineworkers' Union Develop into an Industrial Union?); *Ibid.*, 15.09.1917, pp. 1 – 2 (Mineowners Divide and Rule the Workers); *Ibid.*, 11.01.1918, p. 3 ("Pure White Trade Unionism").

[331] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), pp. 119 – 122; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 196, 198 – 199; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 71; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 54 – 55, 59; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 161; *The International*, 02.03.1917, p. 4 (Manufacturing the Proletariat); *Ibid.*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gunste van swartes was en in September 1917 is die ISL uit die Johannesburgse Trades Hall, die vergaderplek van (blanke) arbeiderorganisasies, geskop omdat die League swartes daar toegelaat het om sy vergaderings by te woon.[332]

Maar die vereenselwiging met die lot van die swartman ten spyt, het ***The International*** 'n vyandiggesinde houding teenoor die South African Native National Congress (SANNC), wat vanaf 1923 die African National Congress (ANC) genoem is[333] en sy mondstuk, ***Abantu-Batho***, geopenbaar. Nasionalisme is gesien as strydig met die sosialiste se imperatief van 'n internasionale werkersklassolidariteit. ***The International*** het die SANNC as 'n konserwatief-gematigde, reaksionêre, rassistiese, pro-swart middelklas organisasie uitgekryt, waarvan die "opportunistiese, bourgeois" leierskap uit intellektuele prokureurs en predikante bestaan het wat swart werkers bedrieg het. Omdat swart nasionalisme volgens die ISL op sigself rassisties van aard was, was die SANNC nie toegewyd aan die klassestryd nie en het dit nie die belange van die swart werkersklas verteenwoordig nie. Bunting het die organisasie se paaibeleid teenoor die regering gekritiseer en hulle daarvan beskuldig dat hulle eerder hervorming as rewolusie verkies het. Volgens Bunting het die SANNC valslik hulle hoop op "Britse geregtigheid" geplaas in die waan dat die Bantoe Administrasiewetsontwerp van 1917 nie deur die parlement aanvaar moes word nie. Vir Bunting het SANNC-vergaderings bestaan uit "nasionalistiese groepe stamhoofde en leiers" wat gehore van hoofsaaklik swart proletariërs getrotseer het. Indiër-winkeliers, swart prokureurs en die Kleurlingmiddelklas het vir hom deel van die "parasiteklas" gevorm. Ook vir Andrews was die SANNC 'n "swart aristokrasie" tussen swart werkers.[334]

09.03.1917, p. 2 (S.P. Bunting: Manufacturing the Proletariat); *Ibid.*, 16.03.1917, pp. 3 – 4 (Workers of the World Uniting); *Ibid.*, 20.04.1917, p. 3 ("S.P.B.": White Capitalist versus Black Labourer); *Ibid.*, 08.02.1918, p. 2 ("S.P.B.": Children of the Ghetto). Kyk ook *The Star*, 12.03.1917, p. 6 (Native Affairs Bill).

[332] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), pp. 118, 119, 166; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 78 – 79; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 167; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 75 – 76; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 198; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 204; *The International*, 15.09.1917, p. 4 (League Notes); *Ibid.*, 21.09.1917, p. 1 ("S.P.B.": Workers of the World, Disunite), p. 2 (Trades Hall Reaction) en p. 3 (League Notes); *Ibid.*, 28.09.1917, p. 1 (Applying the Colour Bar) en (Industrial Conference); *Ibid.*, 22.02.1918, p. 4 (Pro Working Class, not Pro Colour).

[333] J. Grobler: *A Decisive Clash? A Short History of Black Protest Politics in South Africa 1875 - 1976*, p. 59.

[334] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), pp. 2 – 3, 15, 25, 121, 122, 125, 130, 136, 143 – 145, 161, 165, 172, 174 – 175; D.J. Mason: Race, Class and National Liberation, pp. 13, 14; H.J. and R.E. Simons:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The International het verklaar dat ***Abantu-Batho*** 'n kruiperige en meeloperige houding teenoor blanke owerhede soos die Departement van Naturellesake en die kapitalistiese klas ingeneem het. Laasgenoemde blad se joernalistieke styl is deur "*a mild, still somewhat cringing...outburst*" gekenmerk.[335] Volgens ***The International*** het ***Abantu-Batho*** 'n middelklas lewensuitkyk gehad en 'n reformistiese beleid nagestreef wat goeie verhoudinge tussen swartes en kapitaliste ten koste van eersgenoemde gepropageer het. ***Abantu-Batho*** was vir die ISL-mondstuk net so rassisties as die kapitalistiese pers omdat dit swartes teen die invloed van die ISL gewaarsku het. ***The International*** het ***Abantu-Batho*** daarom ook as 'n "mondstuk" van die Kamer van Mynwese uitgekryt. Deur anti-Afrikaner-nasionalisme en pro-swart nasionalisties te wees, het die blad slegs daartoe bygedra om die kleurdimensie van die klasseskeiding te verdiep. ***The International*** was van mening dat ***Abantu-Batho*** niks minder rassisties as blanke vakbonde was nie en daarom, soos die SANNC, irrelevant ten opsigte van die klassestryd. Caldwell verklaar egter dat ***The International*** se skrywers in hulle kritiek op ***Abantu-Batho*** nie besef het dat laasgenoemde nie swart dominasie nie, maar gelykheid met swartes gepropageer het.[336]

Class and Colour in South Africa 1850 - 1950, pp. 195 – 196, 207, 213, 265, 275; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 76, 100, 104; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 153, 172, 205; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 212 – 213; *The International*, 09.03.1917, p. 2 (S.P. Bunting: Manufacturing the Proletariat); *Ibid.*, 08.06.1917, p. 4 (Sol Plaatje's Outburst); *Ibid.*, 19.10.1917, p. 3 (The Pass Laws); *Ibid.*, 04.01.1918, p. 4 (A Unique Meeting); *Ibid.*, 22.02.1918, p. 4 (Pro Working Class, not Pro Labour); *Ibid.*, 05.04.1918, p. 4 (Berig); *Ibid.*, 21.06.1918, p. 1 ("The Crisis") en p. 4 ("Native Unrest"); *Ibid.*, 13.12.1918, p. 1 (A Native Congress); *Ibid.*, 21.12.1918, p. 2 (Nationalism Freedom's Foe); *Ibid.*, 10.01.1919, p. 2 (1919 Annual Conference); *Ibid.*, 31.10.1919, p. 6 (The Hypocricy of Native "Leaders"); *Ibid.*, 22.10.1920, p. 1 (Native Workers and their leaders); *Ibid.*, 18.11.1921, p. 1 (The "Colour Bar" Conference).

[335] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), pp. 171 – 172; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 57 – 58; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 169; *The International*, 01.12.1916, p. 1 (The Working Class).

[336] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), pp. 14, 171 – 172; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 196; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 174; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 212; *The International*, 15.12.1916, pp. 3 – 4 (The Modern Voortrekkers); *Ibid.*, 19.10.1917, p. 2 ("Beware of Labour Cranks"); *Ibid.*, 10.05.1918, p. 4 (All Two To-day); *Ibid.*, 31.10.1919, p. 6 (The Hypocricy of Native "Leaders"); *Ibid.*, 02.04.1920, p. 6 (New Tools for New Times); *Ibid.*, 01.06.1923, p. 1 (Johannesburg Unemployed!). A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 419, wek verkeerdelik die indruk dat daar in hierdie vroeë stadium inderdaad goeie bande tussen die SANNC en die ISL bestaan het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
In Afrikaner-nasionalisme het ***The International*** volgens Caldwell die keersy van dieselfde munt as swart nasionalisme gesien. Afrikaner-nasionalisme het vir die koerant neergekom op die aanspreek van die griewe van een etniese groep ten koste van 'n ander. Hierdie nasionalisme het ook slegs "bourgeois" belange gedien en was 'n versugting na 'n verlore, idilliese landelike paradys. Caldwell is van mening dat Afrikaner-nasionalisme Bunting gekwel het, aangesien hy gepoog het om beide Afrikaner- en swart werkers na die ISL te lok. Om tussen een van die twee groepe te moes kies, sou sy internasionale sosialistiese beginsels kompromitteer. Bunting het veral verstedelikte armblanke Afrikaners as "ryp vir sosialisme" beskou. Hy het die Nasionale Party, met sy Calvinistiese "bourgeois" leierskap van prokureurs, boere en klein grondbesitters daarvan beskuldig dat hulle armblanke Afrikaners as ondersteunersgroep geteiken het ten einde politieke wins daaruit te probeer verkry. ***The International*** het Afrikaner-nasionalisme daarom ook sterker veroordeel as swart nasionalisme. Die blad het die NP as 'n "koukus van opportunistiese landbou kapitaliste" beskou wat met "gemene" industriële kapitaliste om dieselfde bron van goedkoop swart arbeid gewedywer het.[337]

Na aanleiding van pres. Woodrow Wilson van die VSA se Veertien Punte-verklaring na die Eerste Wêreldoorlog het Afrikanernasionaliste ook op selfbeskikking vir die Afrikanervolk aanspraak gemaak. Bunting het hierdie aanspraak in ***The International*** veroordeel deur te verklaar dat dit op rassisme teen swartes neergekom het. Vir Bunting was die vooruitsig van 'n NP-bewind in Suid-Afrika 'n bron van groot kommer. Daarom het hy Afrikaners teen Hertzog en die NP gewaarsku:

> "*...if they get into power and the natives adopted their imbecile methods of...*[die Rebellie van 1914] *it would be the signal for the greatest massacre of the native workers known in the history of South Africa*".[338]

---

[337] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), pp. 161 – 163, 165, 175. Kyk ook D.J. Mason: Race, Class and National Liberation, p. 14; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 90; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 259; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 204; *The International*, 20.04.1917, p. 3 ("S.P.B.": White Capitalist versus Black Labourer); *Ibid.*, 05.10.1917, p. 2 (The Republican Red Herring); *Ibid.*, 18.01.1918, p. 1 ("Presbyter is only Priest writ Large!"); *Ibid.*, 19.04.1918, p. 1 ("S.W.": "Poor Whites"); *Ibid.*, 28.02.1919, p. 3 ("Cincinnatus": Republicanism: Whither does it Lead?). Kyk ook *De Burger*, 15.04.1921, p. 6 (Oor die Vaal).

[338] *The International*, 18.01.1918, p. 1 ("Presbyter only Priest writ Large!"). Kyk ook *Ibid.*, 28.02.1919, p. 3 ("Cincinnatus": Republicanism: Whither does it Lead?); *Ibid.*, 03.05.1918, p. 3 (Berig); *Ibid.*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ISL het wel simpatie met die republikeinse aspirasies van die Afrikaners getoon in soverre dit die greep van Britse imperialisme op Suid-Afrika kon help verswak. Daarom sou 'n NP-bewind wel dié voordeel kon inhou dat dit Afrikaners ook ontvanklik vir sosialisme sou maak. ***The International*** sou Afrikaner-werkers dan moes "opvoed" om te kon insien dat nasionalisme 'n doodloopstraat was en dat hulle heil eerder in 'n sosialistiese republiek of 'n internasionale gemenebes van werkers gelê het.[339]

Dit is interessant dat Harm Oost, die redakteur van ***Ons Vaderland***, klaarblyklik deur die beïnvloeding van die Nederlandse sosialis, H.J. Poutsma (wat tydens die 1914-staking die algemene sekretaris van die spoorwegvakbond was), aan Bunting voorgestel het dat die NP en die ISL ten opsigte van die verwerping van Britse imperialisme saamwerk. Aangaande die voorstel het Bunting egter verklaar:

> "*...I could see nothing in common between Nationalism and Bolshevism* [sosialisme]*; and that any idea of co-operating to eliminate the British 'capitalist' flag and replace it by a Boer agrarian one seemed to me ridiculous. In fact the Dutch landowner is our toughest enemy*".[340]

Die ISL se perskomitee het skrywers uitgenooi om bydraes in "Hollands" vir ***The International*** te skryf en om daardie konsepte van sosialisme wat Afrikaner-werkers

---

03.10.1919, p. 3 (To the Bijwoners and Afrikander Workers); *Ibid.*, 24.10.1919, p. 3 (The Modern Chaka); *Ibid.*, 21.11.1919, p. 7 (The Independence Cry); *Ibid.*, 17.12.1920, p. 2 ("S.P.B.": Socialism and the Dutch Nationalist Movement in South Africa; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 213. M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), p. 163 spekuleer dat die oorspronklike datum waarna Bunting in die aanhaling verwys (1916) moontlik 'n drukfout kan wees en dat dit eerder op die swart Bambata-rebellie van 1906 kan dui.

339 M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), pp. 163, 165; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 212 – 213; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 102 – 104; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 49, 61; *The International*, 13.04.1917, p. 1 (Industry Knows no Race or Colour); *Ibid.*, 05.10.1917, p. 2 (The Republican Red Herring); *Ibid.*, 13.07.1917, pp. 3 - 4 (Do we want a Republic?); *Ibid.*, 28.02.1919, p. 3 ("Cincinnatus": Republicanism: Whither does it Lead?); *Ibid.*, 21.11.1919, p. 7 (The Independence Cry); *Ibid.*, 28.11.1919, p. 7 (An Orgy of Nationalism); *Ibid.*, 17.12.1920, p. 2 ("S.P.B": Socialism and the Dutch Nationalist Movement in South Africa).

340 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa, pp. 205 – 206; A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*, p. 53. Kyk ook hfst. 2, p. 78 en i.v.m. Poutsma en die 1914 staking, hfst. 7, pp. 416, 418, 426.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
moeilik gevind het om te verstaan, te verduidelik. Die komitee het ook 'n fonds geopen om pamflette in Afrikaans te versprei. Maar volgens Johns kon die ISL, as gevolg van Afrikaners se historiese agterdog van Uitlander (veral Britse) organisasies, die League se uitgesproke ateïsme en voorspraak vir rassegelykheid, asook as gevolg van taal- en kultuurverskille en vooroordele, nooit werklik tot die Afrikaner-werkers deurdring nie. Die ISL het teen die einde van 1918 dus maar min Afrikaners in sy geledere gehad. Die League het die probleem probeer oplos deur dit tot 'n groot mate te probeer ignoreer. In vergelyking met ander kwessies, het ***The International*** relatief min aandag spesifiek aan Afrikaner-nasionalisme en –werkers gegee. In die periode van 1916 tot 1921 is geen artikels in Hollands of Afrikaans in die koerant gepubliseer nie.[341]

Ook die SAIF en sy omstrede algemene sekretaris, Archie Crawford, was verdere teikens van ***The International*** se venyn. Die blad was mening dat die SAIF *'n "renegade, scab organisation"* was en slegs 'n onbeholpe samestelling van die seksionele belange van geaffilieerde vakbonde. Daarby was die Federasie 'n refleksie van 'n tandelose en uitgediende ambagsvakbondwese wat tot mislukking gedoem was. Dit het slegs uit blanke vakbonde bestaan wat nie eers een tiende van die hele proletariaat (dit wil sê, ook swart arbeiders) verteenwoordig het nie. Hierdie blanke vakbonde het hulle bevoorregting deur middel van die SAIF gehandhaaf ten einde vaste loonskale te kon beskerm.[342] ***The International*** het die SAIF veral skerp gekritiseer toe laasgenoemde nie tydens 'n vakbondkongres van 1917 in Johannesburg vir R. Talbot-Williams, 'n Kleurling-vakbondleier, wou toelaat om die kongreslede toe te spreek nie – in weerwil daarvan dat

---

[341] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 89 – 90, 102 – 103. Kyk ook D.J. Mason: Race, Class and National Liberation, p. 14; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 213; *The International*, 22.10.1915, p. 4 ("Dakanor": Arbeiders en de Oorlog); *Ibid.*, 13.07.1917, p. 4 (Berig); *Ibid.*, 07.06.1918, p. 3 (For Dutch Speaking Workers); *Ibid.*, 07.01.1921, p. 2 (ISL Sixth Annual Delegate Meeting).

[342] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), p. 184; *The International*, 03.03.1916, pp. 1 – 2 (The War After the War); *Ibid.*, 09.02.1917, p. 1 (S.P. Bunting: What Industrial Unionism involves in SA); *Ibid.*, 09.03.1917, pp. 3 – 4 ("E.H.B.": Federation versus Unity); *Ibid.*, 26.10.1917, p. 2 ("J.M.G.": The Labour Leader Tinkers); *Ibid.*, 04.01.1918, p. 1 (The Craft Union Congress); *Ibid.*, 22.02.1918, pp. 1 – 2 (A. Watson: Industrial Unionism in South Africa); *Ibid.*, 17.05.1918, p. 2 ("J.M.G.": Disorganisation); *Ibid.*, 24.05.1918, p. 1 ("C.B.T.": "Strikes in the Wind"); *Ibid.*, 28.06.1918, p. 3 ("C.B.T.": Scrap the Federation); *Ibid.*, 13.09.1918, p. 2 ("J.M.B.": Wrong Tactics); *Ibid.*, 18.03.1921, p. 3 (Poaching); *Ibid.*, 04.11.1921, p. 2 (The SA Industrial Federation).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Talbot-Williams 'n genooide spreker was.[343] Toe die SAIF boonop tydens 'n staking van swart werkers om hoër lone in 1918 aan die regering aangebied het om blanke arbeiders in beskermingsbataljonne te organiseer, het Bunting dit ook ten sterkste veroordeel.[344]

Die ISL en die SAIF het ook oor die posisie van vakbondonderhandelaars in nywerhede gebots. Die League wou hê dat militante vakbondonderhandelaars direk deur werkers verkies moes word om sodoende vakbondstrukture van onder af te kon hervorm en wat die konserwatiewe vakbondleierskap kon uitdaag. Daarteenoor wou die SAIF hê dat elke vakbond 'n vakbondonderhandelaar, onderhewig aan goedkeuring van die leierskap van die Federasie, aanstel. Vir Andrews het dit op reaksionêre beheer oor gewone vakbondlede vanuit die topstruktuur neergekom. Daarom het hy teen 1918 deur sy artikels in ***The International*** 'n antagonistiese houding teenoor die leierskap van die SAIF ingeneem.[345]

Net soos in die geval van ***The Labour World***, was ***The International*** se gramskap veral op Crawford gemik. Crawford was die één arbeiderpersoonlikheid waaraan die koerant die meeste spasie in sy kolomme in terme van kritiek, beskuldigings, aanvalle en insinuasies afgestaan het. Onder sy leiding het die SAIF as vakbondfederasie erkenning van werkgewers soos die Kamer van Mynwese geniet in ruil vir waarborge dat die geaffilieerde vakbonde nie gedurende die oorlogsjare sou staak nie. Crawford het arbeiderpolitiek die rug toegekeer. In plek daarvan het hy hom op vakbondbedrywighede toegespits. Hy het hom vir die totstandkoming van sogenaamde koöperatiewe verenigings beywer wat namens vakbondlede sekere werknemersvoordele by werkgewers sou beding. In hierdie hoedanigheid het hy direk met genl. Smuts en die Kamer van Mynwese oor die rol van arbeid gedurende die oorlog onderhandel. Hierdie beleid, of "Crawfordism", het vir

---

[343] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 66 – 67; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 63; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 204 – 205; *The International*, 04.01.1918, p. 1 (The Craft Union Congress).

[344] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), p. 138; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 208; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 76; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 185; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 68; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 198; *The International*, 05.07.1918, p. 1 (The Darkest Blot of all).

[345] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 68 – 69, 102; *The International*, 07.06.1918, p. 1 (Dole and Dope); *Ibid.*, 02.08.1918, p. 3 ("W.H.A.": Shop Stewards and the SAIF); *Ibid.*, 09.08.1918, p. 1 ("W.H.A.": Three Months After Peace) en (Pingpong Notes). Kyk ook *Ibid.*, 19.11.1920, p. 2 (Unauthorised Strikes Condemned); *Ibid.*, 14.01.1921, p. 2 (The SAIF Convention and the "Red" Trade Union International); *Ibid.*, 11.11.1921, p. 1 (Rank and File to Rule); *Ibid.*, 25.11.1921, p. 1 (The Crisis in Trade Unionism).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Andrews en die ISL neergekom op 'n bose sameswering met die kapitaliste ter ondersteuning van die oorlogspoging, wat deur laasgenoemde geïnisieer is en slegs hulle bevoordeel het.[346] ***The International*** het daarom retories die vraag gestel of Crawford duiwelsadvokaat vir die Kamer van Mynwese gespeel het of segsman van die werkers was.[347] Cope verklaar dan ook dat die ISL teen Crawford en die Kamer van Mynwese "*a bitter and unceasing struggle*" gevoer het.[348]

The International het Crawford se militante verlede gekontrasteer met sy reaksionêre ommekeer (teen 1917) en het vakbondlede gemaan om bedag te wees op sulke tendense "*...under the baneful influence of Crawford , the apostle of Brother Capital and Brother Labour*".[349] Die blad het daarom Crawford se pleidooie vir samewerking tussen arbeid en kapitaal as slegs tot die voordeel van laasgenoemde veroordeel.[350] Toe Crawford gepoog het om 'n SAIF Industrial Union te stig, het Andrews dit afgemaak as 'n poging wat slegs sou dien om eersgenoemde se posisie in die SAIF te verstewig. ***The International*** het ook Crawford se pogings om plaaslike stakings deur middel van 'n sentrale bedingingsraad (board of reference) te beheer, geopponeer omdat die SAIF-bestuur alle onderhandelinge met werkgewers namens die werkers sou beheer. Crawford is daaroor as "amptelike indringer" in arbeidsdispute tussen vakbonde en werkgewers uitgekryt.[351]

---

[346] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 58; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 185 – 186; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 188; *The International*, 26.11.1915, p. 1 (Revolution and Reality); *Ibid.*, 03.12.1915, p. 1 (The Wrath to Come); *Ibid.*, 11.02.1916, p. 2 (Federation Schemes); *Ibid.*, 07.07.1916, p. 3 (In the Change House); *Ibid.*, 15.09.1916, p. 1 (Liberty Sold for 6/3d); *Ibid.*, 26.04.1918, p. 1 (Labour Fakery Responsible for War); *Ibid.*, 24.05.1918, p. 1 ("C.B.T.": "Strikes in the Wind") en p. 2 ("J.M.G.": Blessed are the Peacemakers); *Ibid.*, 07.06.1918, p. 1 (Dole and Dope); *Ibid.*, 05.07.1918, p. 3 ("J.M.G.": Misleading Tactics); *Ibid.*, 09.08.1918, p. 1 (Pingpong Notes); *Ibid.*, 22.11.1918, p. 3 ("W.H.A.": A Trade Union Trust); *Ibid.*, 16.04.1920, p. 4 (Crawfordisms); *Ibid.*, 28.01.1921, p. 4 (As You Were); *Ibid.*, 18.11.1921, p. 4 (Deserting the Sinking Ship); *Ibid.*, 25.11.1921, p. 2 (The Industrial Outlook). I.v.m. Crawford en *The Labour World*, kyk hfst. 4, pp. 171 - 177.

[347] *The International*, 31.05.1918, p. 1 ("The Plebs Leader").

[348] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 186. Kyk ook *The International*, 10.05.1918, p. 1 (Our Delegate in Europe) en B. Hessian: An Investigation into the Causes of the Labour Agitation on the Witwatersrand, January to March, 1922, p. 93.

[349] *The International*, 07.12.1917, p. 2 ("That Board of Reference" Again). Kyk ook H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 206.

[350] *The International*, 27.04.1917, p. 3 (Brothers Capital and Labour); *Ibid.*, 26.04.1919, p. 4 (Spotprent); *Ibid.*, 07.01.1921, p. 1 (The SA Federation Secretary Interviewed); *Ibid.*, 18.02.1921, p. 2 (The AEU Climb Down) en (After the Strike, What?); *Ibid.*, 27.05.1921, p. 3 ("Mutual Friends"); *Ibid.*, 14.07.1922, p. 2 (The Reorganisation of Labour); *Ibid.*, 25.04.1924, p. 4 (Most Representative).

[351] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 188, 239 – 240; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 188, 222; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 102; *The International*, 30.11.1917, p. 1 (That Board of Reference); *Ibid.*, 08.02.1918, p. 4 (Divide and Rule Again); *Ibid.*, 01.03.1918, p. 4 (The

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die kritiek en aanvalle wat gereeld in ***The International*** op Crawford geloods is, is daar onder andere smalend na hom verwys as 'n *"so called Labour Leader and heaven-born negotiator"* en 'n *"Glorified Craft Unionist of South African Labour"*. Hy is beskou as 'n apologeet vir kapitalisme, 'n "apostel" vir konsiliasie met werkgewers, en 'n "labour lieutenant" wat as werktuig in die hande van die Kamer van Mynwese en kapitalisme die werkers se belange aan kapitaliste verkwansel het. Hy is ook daarvan beskuldig dat hy die verkiesing van SAIF-amptenare tot sy eie voordeel gemanipuleer het en dat hy 'n opportunis was wat homself tuis gevoel het in die geselskap van hooggeplaastes en oorsese arbeiderleiers, soos Sam Gompers van die VSA, wat werkers aan die kapitaliste uitverkoop het.[352]

The International het ook Crawford se inkonsekwenteit aangaande die kleurkwessies uitgewys. In teenstelling met die beleid van die SAIF (teen 1918), wat nie swart werkers in sy geledere wou toelaat nie, het Crawford in 1910 in sy destydse koerant, ***Voice of Labour***, vir Tom Mann, die Britse arbeiderleier wat Suid-Afrika toe besoek het, gekritiseer omdat hy in sy toesprake nie sterk vir gekleurde werkers opgekom het nie.[353] Crawford is verder

---

Board of "Reverence"); *Ibid.*, 26.04.1918, p. 3 (A Craft Union Strike); *Ibid.*, 28.06.1918, p. 3 ("C.B.T.": Scrap the Federation); *Ibid.*, 16.05.1919, pp. 1 – 2 (The Burning Question of Trade Unionism); *Ibid.*, 19.09.1919, p. 2 (Dr. Crawford, Midwife of the Revolution); *Ibid.*, 02.04.1920, p. 4 (Fruits of Sectionalism); *Ibid.*, 16.04.1920, p. 4 (Crawfordisms); *Ibid.*, 19.11.1920, p. 2 (Unauthorised Strikes Condemned); *Ibid.*, 14.01.1921, p. 2 (The SAIF Convention and the "Red" Trade Union International); *Ibid.*, 12.08.1921, p. 4 (The SAIF and Nurahs); *Ibid.*, 11.11.1921, p. 1 (Rank and File to Rule); *Ibid.*, 25.11.1921, p. 1 (The Crisis in Trade Unionism) en p. 2 (Shop Assistants Explain); *Ibid.*, 02.06.1922, p. 4 (D.I. Jones: White and Black) en (Industrial Unionism & The Rockbreakers) en *Ibid.*, 14.07.1922, p. 2 (The Reorganisation of Labour).

[352] Kyk byvoorbeeld *The International*, 30.11.1917, p. 1 (That Board of Reference); *Ibid.*, 07.06.1918, p. 1 (Forbidden Fruit); *Ibid.*, 09.08.1918, p. 1 ("Three Months After Peace"); *Ibid.*, 25.10.1918, p. 2 (The ASE and Scabbing); *Ibid.*, 26.09.1919, p. 5 (How Labour Plays the Beggar); *Ibid.*, 03.10.1919, p. 4 (The Washington Conference); *Ibid.*, 24.10.1919, p. 4 (Another Bogus Conference); *Ibid.*, 12.03.1920, p. 6 ("One of the Mob": The South African Gompers); *Ibid.*, 28.01.1921, p. 2 (The Crisis in the Engineering and Building Industries); *Ibid.*, 18.03.1921, p. 2 (The Tin Trumpet); *Ibid.*, 25.03.1921, p. 2 (Labour as an International Problem); *Ibid.*, 27.05.1921, p. 2 (The Wages Offensive); *Ibid.*, 03.03.1922, p. 1 (The Appeal to Force); *Ibid.*, 04.08.1922, p. 2 (Serves Them Right); *Ibid.*, 18.08.1922, p. 1 ("V.D.": Notes by the Way); *Ibid.*, 24.11.1922, p. 3 (The League of Nations); *Ibid.*, 14.03.1924, p. 3 (W.H. Andrews: A Letter to a South African in Russia); *Ibid.*, 16.03.1924, p. 3 (The Election and Trade Unions) en *Ibid.*, 23.05.1924, p. 2 (Vicar of Bray).

[353] *The International*, 10.05.1918, p. 2 (Archie on White Unions). Kyk ook *Ibid.*, 13.06.1919, p. 1 (The "Profiteers Protection" Bill at the Palladium).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
daarvan beskuldig dat hy ten gunste daarvan was dat die regeringsverbod op die invoer van swart werkers uit tropiese Afrika na die Randse goudmyne opgehef moes word. Swart werkers uit tropiese Afrika was meer vatbaar vir mynsiektes as plaaslike swartes, maar was bereid om vir laer lone as laasgenoemde te werk. Ook in hierdie geval het ***The International*** geïnsinueer dat Crawford eerder die belange van die Kamer van Mynwese verteenwoordig het.[354] Die blad het die arbeiderbeweging aangeraai om van hierdie "skadelike" invloed ontslae te raak omdat Crawford se aandeel aan arbeideraangeleenthede "alles gedegradeer" het.[355]

The International het in geen onsekere terme nie sy renons in Crawford se karakter in 'n satiriese hekeldig uitgespel:

> "*He's unique as a practical Socialist,*
> *He's supreme as a leader of men;*
> *In debates with the boss he's a marvel,*
> *And as good as a council of ten.*
> *He can twist like a real boneless wonder,*
> *He will heat you before you have spoke;*
> *But in spite of it all it will one day be found*
> *He's a bloody bad practical joke*".[356]

Gedagtig aan die ontstaansredes vir die ISL, was die SAAP uiteraard die League en ***The International*** se grootste politieke teiken. Die Arbeidersparty is beskou as reaksionêr, reformisties, "bourgeois", sentristies en "verrot". Die partylede was "politieke opportuniste", "avonturiers" en "oorlopers", "sosiale verraaiers", "skurke" en "labour lieutenants" van die kapitalistiese klas. Die party was 'n "vleuel van die kapitalistiese klas" en 'n "draadsitterparty" met "maklike toegang vir loopbaan- en betrekkingjagters". Dit het

---

[354] *The International*, 12.11.1920, p. 2 (North of Latitude 22 Degrees South).

[355] *Ibid.*, 07.05.1920, p. 5 (Prostituting May Day). Kyk ook *Ibid.*, 15.04.1921, p. 1 (Frying Pan or Fire); *Ibid.*, 26.08.1921, p. 2 (The Attack on Wages); *Ibid.*, 11.11.1921, p. 1 (Rank and File to Rule) en *Ibid.*, 09.05.1924, p. 1 (Selected).

[356] *Ibid*, 25.02.1921, p. 2 ("Sen Yah": Proletarian Pickings).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
uit kleinhandelwinkeliers, kommissieagente en "konkelaars" bestaan wat die laer middelklasbelange gepaai het. Die SAAP het net vir setels in die parlement geskarrel. Sy "valse leiers", of "Labour Fakirs", het die werkers verraai en sodoende die vyand van die werkersklas geword. Daarom het dit irrelevant ten opsigte van die klassestryd geraak, aldus ***The International***.[357] Die koerant het ook beweer dat die SAAP deur die Randse perdewedrengemeenskap ondersteun is.[358]

As gevolg van die oorlogskwessie was die kloof tussen die ISL en die SAAP onoorbrugbaar.[359] Volgens ***The International*** het die Arbeidersparty in sy steun vir deelname aan die Eerste Wêreldoorlog sy politieke beginsels en die werkers aan die "slaghuis van kapitalisme" uitverkoop. Die SAAP se Britse imperiale konneksie is skerp aangeval. Die party is verkwalik omdat hy nie Brittanje se steun aan die Wit Leër in die teen-rewolusionêre burgeroorlog, wat in die nadraai van die 1917-rewolusie in Rusland uitgebreek het, veroordeel het nie. Volgens ***The International*** het duisende Russiese burgerlikes deur die toedoen van hierdie leër omgekom.[360] Morris Kentridge (wat in 1920

---

[357] Kyk *The International*, 15.10.1915, p. 2 (Every Labourite A Rebel); *Ibid.*, 04.08.1916, p. 2 (Politics and Labour Leaders I); *Ibid.*, 11.08.1916, p. 2 (Politics and Labour Leaders II); *Ibid.*, 27.10.1916, p. 1 (Labourites and Conscription); *Ibid.*, 03.11.1916, p. 1 (Why do we Criticise "Labour"); *Ibid.*, 17.11.1916, p. 2 ("Beronia": The Science of Political Bluff) en p. 4 (Branch Notes); *Ibid.*, 08.12.1916, pp. 2 – 3 ("E.S.": An Open Letter to Bob Waterston); *Ibid.*, 22.12.1916, p. 2 ("J.M.G.": Acrobatic Adventures); *Ibid.*, 19.01.1917, p. 1 (Manifesto, Troyeville Election); *Ibid.*, 27.04.1917, p. 2 (Passing the Capitalist Sentries); *Ibid.*, 15.06.1917, p. 3 (Keeping the Labour Party Holy); *Ibid.*, 02.11.1917, p. 2 ("J.M.G.": The Labour Party?); *Ibid.*, 09.11.1917, p. 4 (Class Distinctions Abolished); *Ibid.*, 10.05.1918, p. 1 (Our Delegate in Europe); *Ibid.*, 06.12.1918, p. 3 (The Vicars of Bray); *Ibid.*, 14.02.1919, p. 1 (The Dangers of Lip Piety); *Ibid.*, 05.09.1919, p. 1 ("D.I.J.": Creswell Sounds the Retreat); *Ibid.*, 24.10.1919, p. 7 (Why not call a Spade a Spade!); *Ibid.*, 12.12.1919, p. 7 ("Dingbat": The Labour Party and Russia); *Ibid.*, 06.02.1920, p. 4 (The Town Council and the Cost of Living); *Ibid.*, 18.06.1920, p. 4 (Straight Tips to the Workers); *Ibid.*, 19.11.1920, p. 4 (Native Education); *Ibid.*, 31.12.1920, p. 1 (The Role of a Socialist Party in South Africa); *Ibid.*, 18.02.1921, p. 1 (The League of Nations Stunt); *Ibid.*, 25.03.1921, p. 1 (A Right Honourable); *Ibid.*, 06.05.1921, p. 2 (Mr Boydell and Revolution by Force); *Ibid.*, 19.08.1921, p. 4 (The Labour Party and Its Platform); *Ibid.*, 17.02.1922, p. 1 (These by your Leaders); *Ibid.*, 09.06.1922, p. 1 (Old Age Pensions); *Ibid.*, 10.11.1922, p. 2 (Red or Yellow?); *Ibid.*, 24.11.1922, p. 2 (His Master's Voice); *Ibid.*, 22.12.1922, p. 1 ("Sen Yah": Prickly Pars); *Ibid.*, 05.01.1923, p. 2 (D.I. Jones: Some Remarks on the United Front); *Ibid.*, 06.04.1923, p. 2 (Two Voices); *Ibid.*, 27.04.1923, p. 1 (Work or Starve) en H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 257.

[358] B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 145; *The International*, 26.05.1916, p. 1 ("A Great Party"); *Ibid.*, 19.01.1923, p. 2 (The United Front and Labour Parties).

[359] B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 148. Kyk ook *The International*, 31.05.1918, p. 2 (Berig).

[360] Kyk *The International*, 14.04.1916, p. 2 (To Murder or to Starve); *Ibid.*, 13.10.1916, p. 3 (The South African Boodle Party); *Ibid.*, 27.04.1917, p. 2 (Passing the Capitalist Sentries); *Ibid.*, 29.10.1920, p. 1 ("But now it's daubed with white and blue"); *Ibid.*, 12.11.1920, p. 2 (The "Constitutional" Labour Party); *Ibid.*, 26.11.1920, p. 2 ("An Unbridgable Gulf"); *Ibid.*, 27.05.1921, p. 4 (Mr Boydell Does Not Take Sides); *Ibid.*, 19.01.1923, p. 2 (The United Front and Labour Parties).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
die SAAP-parlementslid vir Fordsburg sou word)[361] is as die "lokvoël" van Creswell, die Arbeidersparty se parlementêre leier, uitgekryt en daarvan beskuldig dat hy "Bolsjewistiese" (sosialistiese) stemme vir die "imperialistiese" SAAP gewerf het.[362]

Uiteraard het ***The International*** die blanke arbeid-beleid van die SAAP, wat ook voorstanders van die behoud van die kleurslagboom was, as verouderd veroordeel.[363]

Die ISL het nooit vergeet dat hy in 1915 uit die SAAP geskop is nie en uit die trant van die betrokke kommentaar blyk dit dat ***The International*** se skrywers die party ook nooit daarvoor vergeef het nie. Andrews en andere het byvoorbeeld die SAAP se pogings van toenadering tot die ISL na afloop van die Eerste Wêreldoorlog in striemende aanvalle gehoon.[364] Die blad het veral skerp aanvalle op Creswell geloods omdat hy verantwoordelik gehou is vir die inisiëring van die ISL se uitsetting uit die Arbeidersparty. Creswell is uitgekryt as "imperialisties", "ultra-konserwatief", 'n "politieke kwaksalwer en misleier" en 'n ondersteuner van kapitalisme. Hierdie "self-aangestelde diktator" van die SAAP was "bourgeois georiënteerd", "naïf", en 'n "politieke maagd". Hy het net parlementêre setels by die Arbeidersparty gesoek en omdat hy deur kapitalistiese meesters beheer is, was hy nie 'n bevoegde Arbeiderleier nie, aldus ***The International***.[365]

---

[361] Kyk B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910 – 1976*, p. 83.

[362] *The International*, 19.12.1919, p. 3 (Boydell's Unconscious Humour).

[363] E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 79; *The International*, 24.09.1915, p. 4 (The Pledge in Trouble); *Ibid.*, 12.10.1917, p. 3 (Colour Prejudice); *Ibid.*, 09.11.1917, p. 3 ("S.P.B.": "The People"); *Ibid.*, 14.03.1919, p. 2 (Sinners to Repentance); *Ibid.*, 11.07.1919, p. 2 (The July Martyrs); *Ibid.*, 12.11.1920, p. 2 (The "Constitutional" Labour Party); *Ibid.*, 19.11.1920, p. 4 (Eighteenth Brumaire of the SALP); *Ibid.*, 22.12.1922, p. 2 (Poisoning the Minds of the Young); *Ibid.*, 05.01.1923, p. 2 (D.I. Jones: Some Remarks on the United Front); *Ibid.*, 01.06.1923, p. 2 (A Deal in Tripe); *Ibid.*, 15.06.1923, p. 1 (Labour Imperialists); *Ibid.*, 21.09.1923, p. 1 (Rocking the Boat); *Ibid.*, 18.01.1924, p. 1 (Points of Explanation); *Ibid.*, 04.04.1924, p. 1 (Two Voices).

[364] R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 206 – 207; *The International*, 06.12.1918, p. 3 (The Vicars of Bray); *Ibid.*, 04.01.1919, p. 3 (Knave or Fool?); *Ibid.*, 21.05.1920, p. 2 (Labour Council's Infamy); *Ibid.*, 12.11.1920, p. 2 (The "Constitutional" Labour Party); *Ibid.*, 26.11.1920, p. 2 ("An Unbridgable Gulf"); *Ibid.*, 25.03.1921, p. 3 (Creswell and MacDonald); *Ibid.*, 10.11.1922, p. 2 (Red or Yellow?); *Ibid.*, 23.03.1923, p. 2 (Jagger and Moore); *Ibid.*, 04.04.1924, p. 2 (May Day).

[365] Kyk *The International*, 10.09.1915, p. 2 (W.H. Andrews: The Tearing of the Pledges); *Ibid.*, 26.01.1917, p. 1 (The Bankruptcy of Jingo Labour); *Ibid.*, 02.03.1917, p. 1 ("The Greatest Turning Point in History"); *Ibid.*, 29.03.1918, p. 2 ("J.M.G.": No Compromise); *Ibid.*, 05.09.1919, p. 1 ("D.I.J.": Creswell Sounds the Retreat); *Ibid.*, 09.04.1920, p. 1 (Creswell Objects); *Ibid.*, 20.08.1920, p. 8 (?); *Ibid.*, 25.03.1921, p. 3 (Creswell and MacDonald); *Ibid.*, 23.09.1921, p. 2 (Nurahs and Go Slow); *Ibid.*, 10.11.1922, p. 2 (Red or Yellow?); *Ibid.*, 08.12.1922, p. 2 ("C.M.G.": The Broken Pitcher); *Ibid.*, 23.03.1923, p. 2 (Jagger and Moore); *Ibid.*, 27.04.1923, p. 1 (Work or Starve); *Ibid.*, 07.12.1923, p. 1 (Many Workers are Saying-) en R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 174 – 175, 216 – 217.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die blad het ook Creswell en sy party se afwysende houding teenoor sosialisme gekritiseer en omdat hulle nie wou insien dat slegs 'n rewolusionêre klassestryd arbeid van kapitalisme sou kon bevry nie. Die SAAP en sy leier is veroordeel omdat hulle slegs bereid was tot 'n reformistiese, halfhartige en vreedsame ekonomiese transformasie van die samelewing. Skreiende kritiek is veral ook teen Bob Waterston, die SAAP-parlementslid vir Brakpan, geloods omdat hy beweer het dat die ISL 'n bloedige rewolusie in Suid-Afrika teweeg wou bring en daarom voorgestel het dat die ISL-lede na Rusland gedeporteer moes word.[366]

The International se skrywers het die *estblishment*-pers gereeld gekritiseer dat dit nuusgebeure so voorgestel het dat dit die kapitalisme se belange weerspieël het. J.M. Gibson en ander skrywers het gekla dat die "oneerlike" en "gewetenlose" kapitalistiese pers die publikasie van nuusgebeure beheer het deurdat slegs daardie kwessies wat hierdie pers wou opper, gepubliseer is om sodoende 'n openbare opinie teen werkers te vorm. Die kommersiële pers was daarom slegs 'n instrument van kapitalisme. Volgens ***The International*** het die *establishment*-pers dus 'n monopolie oor die gedrukte woord uitgeoefen, maar het verklaar dat hy die leiding geneem het in die sosialistiese opmars na hierdie "strategiese pos" van die kapitalisme.[367] Die koerant was ook van mening dat die *establishment*-pers 'n intensiewe veldtog teen die Kommunistiese Party geloods het deur middel van "*the jackals of finance who lurk in the editorial departments of capitalism*".[368]

---

366 R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 208 – 209; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 199; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa 1903 - 1947*, p. 28; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 244; *The International*, 19.07.1918, p. 2 ("The Sling-Stick": The Creswell Panacea); *Ibid.*, 19.09.1919, p. 1 (Should Rand Rack Renters Vote for the Housing Bill); *Ibid.*, 28.11.1919, p. 4 ("D.I.J.": Political Blondins) en (No Bloody Revolution!); *Ibid.*, 02.01.1920, p. 4 (Why the Labour Party have to Retrench); *Ibid.*, 09.01.1920, p. 4 (The League will Fight); *Ibid.*, 15.10.1920, p. 1 (Revolutionary Benoni); *Ibid.*, 26.11.1920, p. 2 ("An Unbridgable Gulf"); *Ibid.*, 06.05.1921, p. 2 (Mr. Boydell and Revolution by Force); *Ibid.*, 10.11.1922, p. 2 (Red or Yellow?) en *Ibid.*, 24.11.1922, p. 2 (Willy-Nilly).

367 M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), pp. 16, 17; *The International*, 12.05.1916, p. 1 (The Magic of the Printed Word); *Ibid.*, 05.10.1917, p. 2 (The Republican Red Herring); *Ibid.*, 04.01.1919, p. 3 (The Newspaper Leading Article); *Ibid.*, 12.09.1919, p. 1 (Our own Party Press); *Ibid.*, 05.12.1919, p. 2 ("M.S.": Capitalist Journalism); *Ibid.*, 30.07.1920, p. 6 (Berig); *Ibid.*, 10.09.1920, p. 4 (The World Revolution to Date). Kyk ook *Ibid.*, 27.02.1920, p. 5 (Spotprent).

368 *The International*, 09.02.1923, p. 2 (The Secret is Out). Kyk ook *Ibid.*, 16.02. 1923, p. 1 ("Sen Yah": Prickly Pars).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk dat ***The International*** se aanvalle op die *establishment*-pers veral op die ***Sunday Times***, die ***Rand Daily Mail*** en ***The Star*** gemik was, aangesien hierdie blaaie baie kritiese kommentaar oor die beleid en aktiwiteite van die ISL en die KPSA gelewer het. Die ***Sunday Times*** sou volgens ***The International*** gesuggereer het dat die ISL met sy pro-swart beleid self aanvalle op sy sprekers tydens openbare vergaderings ontlok het, maar die blad het verklaar dat eersgenoemde eintlik instrumenteel tot die opbreek van ISL-vergaderings was. Daar is ook na die "slymerige" artikels van die "*Sunday Slimes*" en die "*Sunday Cesspool*" verwys wat 'n "adjudant" van genl. Botha was. ***The International*** het beweer dat hierdie "berugte en onbeskaamde kapitalisties gefinansierde orgaan" deur die werkers verag is as "*the most contemptible rag that gutter journalism has yet produced in South Africa*" en "*the most powerful purveyor of dope*". Dit was omdat die ***Sunday Times*** glo vir Bunting as redakteur van ***The International***, asook artikels van Jones, sou beswadder het en verklaar het dat die Bolsjewistiese regering van Rusland die KPSA gefinansier het.[369]

Die ***Rand Daily Mail*** se lesers is as 'n "*shopocracy*" beskou en die koerant se redakteur het 'n "*shopkeeping soul*" gehad. Aangesien die koerant voorgestel het dat ISL-lede gearresteer moes word omdat hulle sosialistiese propaganda onder swartes versprei het en sodoende onrus onder hulle aangewakker het, is dit 'n "*filthy rag*", en sy joernaliste "*penny-a-liars*" genoem en van "*gutter*" joernalistiek beskuldig. Die "pro-blanke" "*Daily Wail*" is daarvan beskuldig dat dit Creswell en die SAAP ondersteun het, terwyl Creswell ook 'n "*Daily Mail-blessed*" leier genoem is.[370] Maar aan die ander kant het ***The International*** baie

---

[369] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), p. 16; *The International*, 10.08.1917, p. 2 ("Sunday Times" Hooliganism); *Ibid.*, 22.03.1918, p. 1 (The War for Democracy); *Ibid.*, 12.04.1918, p. 1 (Great Expectations) en p. 4 (League Notes); *Ibid.*, 04.10.1918, p. 4 (A Frame-up Fiasco); *Ibid.*, 08.12.1922, p. 2 ("Sen Yah": The Red Inner Circle); *Ibid.*, 09.02.1923, p. 2 (The Secret is Out); *Ibid.*, 16.02.1923, p. 1 ("Sen Yah": Prickly Pars); *Ibid.*, 11.05.1923, p. 3 ("V.D.": Topics of the Time); *Ibid.*, 13.07.1923, p. 3 ("A Filthy, Filthy Race"); *Ibid.*, 20.07.1923, p. 2 ("Dangerous Rubbish), p. 1 (Spotprent); *Ibid.*, 10.08.1923, p. 1 ("E.R.R.": "They Only Fought a War"); *Ibid.*, 19.10.1923, p. 2 (A Summons for Perpetual Silence) en p. 3 (The "Death Knell" of the Chamber of Mines).

[370] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 - 1919), p. 132; *The International*, 26.01.1917, p. 1 (The Bankruptcy of Jingo Labour) en p. 2 (The Troyeville Fight); *Ibid.*, 15.02.1918, p. 1 (The Native Boycott); *Ibid.*, 28.06.1918, p. 1 (The Lying Jade); *Ibid.*, 04.08.1918, p. 4 (A Frame-up Fiasco); *Ibid.*, 05.09.1919, p. 1 ("D.I.J.": Creswell Sounds the Retreat); *Ibid.*, 12.09.1919, p. 1 (Our own Party Press); *Ibid.*, 07.11.1919, p. 3 (Who Lied?); *Ibid.*, 09.03.1923, p. 4 (Gutter Press Methods); *Ibid.*, 06.04.1923, p. 1 (The "Public"); *Ibid.*, 10.08.1923, p. 1 ("E.R.R.": "They Only Fought a War"); *Ibid.*, 07.03.1924, p. 2 ("Native": The Curse).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
gerieflik 'n anti-Kamer van Mynwese spotprent vanuit die ***Rand Daily Mail*** oorgeneem ten einde sy kritiek teen mynkapitaal verder te belig.[371]

Van ***The International*** se meeste persaanvalle was uiteraard op ***The Star*** gemik. Na laasgenoemde is verwys as die orgaan van "groot kapitaal", die "Corner House", die "Kamer van Mynwese", die "*mine-owing aristocracy*" en "*that well known and persistent enemy of labour*". ***The International*** het ***The Star*** se beriggewing oor onderhandelinge tussen die SAMWU en die Kamer van Mynwese 'n "sentimentele gesanik" genoem. Eersgenoemde het gekla het dat ***The Star*** tirades van skeldtaal oor hom gebesig het en sosialisme as "aaklig" beskou het.[372] Bogenoemde *establishment*-koerante is aldrie as "lieg fabrieke en –koerante" uitgekryt, maar ***The Star*** het hom volgens ***The International*** ook aan "gutter"-joernalistiek skuldig gemaak deurdat "eendmossels" soos sy redakteur, "goedkoop, vulgêre aanvalle" op die ISL geloods het. ***The Star*** se beheermaatskappy, die Argus-maatskappy, is beskryf as "*a demon of a thousand (and more) lies*" en dat hierdie "reptiele organisasie":

> "*...have been a continual source of slander, misrepresentation and falsehood against the enemies of imperialism and wage-slavery*".[373]

Teen 1922 het Jones darem in ***The International*** verklaar dat aangesien ***The Star*** ten gunste van die opheffing van swartmense was, in teenstelling met die rasse-eksklusiwiteit van die blanke vakbonde, dit soms 'n goeie hefboom vir KPSA-propaganda gebied het en

---

[371] Kyk *The International*, 27.10.1922, p. 1 (Spotprent). Ken Vernon: *Penpricks. The Drawing of South Africa's Political Battlelines*, p. 64 is egter van mening dat die redaksie van *The International* die beskrywing van die figure in die spotprent, wat onderskeidelik slagoffer en boosdoener versimboliseer het, eenvoudig omgeruil en verdraai het om hulle eie sienswyses te pas.

[372] Kyk *The International*, 28.04.1916, p. 3 (Truimph of 'The Manifesto"); *Ibid.*, 28.07.1916, p. 2 (The Women's Press Gang); *Ibid.*, 08.12.1916, p. 1 (The Crisis); *Ibid.*, 07.09.1917, p. 2 ("J.M.G.": Mutual Interests); *Ibid.*, 15.09.1917, p. 2 (Mineowners Divide and rule the Workers); *Ibid.*, 18.01.1918, p.1 ("Presbyter is only Priest writ Large!); *Ibid.*, 24.05.1918, p. 4 (No Settlement); *Ibid.*, 19.12.1919, p. 4 (Capitalist Negrophiles); *Ibid.*, 27.02.1920, p. 4 (The Great Native Strike); *Ibid.*, 03.06.1921, p. 3 (Proletarian Pickings); *Ibid.*, 09.12.1921, p. 2 (Defeat); *Ibid.*, 10.02.1922, p. 1 (Take a Ballot: Why?); *Ibid.*, 02.06.1922, p. 4 (White and Black); *Ibid.*, 24.11.1922, p. 4 (Corrupting the Youth); *Ibid.*, 08.12.1922, p. 2 (An "Impartial" Report); *Ibid.*, 09.02.1923, p. 2 (The Secret is Out); *Ibid.*, 04.04.1924, p. 4 (Confusionism) en *Ibid.*, 09.05.1924, p. 6 (A Dead Horse).

[373] *Ibid.*, 06.05.1921, p. 3 (M. Lopes: Your Master's Voice). Kyk ook *Ibid.*, 26.03.1920, p. 1 ("Sunday Times" Lie Factory); *Ibid.*, 22.10.1920, p. 2 (The Coal Strike) en *Ibid.*, 07.01.1921, p. 2 ("Sen Yah": "A League of Lunatics").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
dat ***The Star*** se joernalistiek van 'n hoër standaard as dié van die ***Sunday Times*** en die ***Rand Daily Mail*** was.[374] Op sy beurt het ***The Star***, wat die ISL as "*the meanest and most negligable of sects*" beskou het, minagtend na ***The International*** verwys as "*the curious local print in which the ISL reveals its inmost faith*". ***The Star*** was van mening dat die ISL-mondstuk 'n "abstrakte doelwit", "teorieë" en "fantasieë" nagestreef het wat eintlik maar "small change" was en dat sy anti-oorlogpropaganda "poison gas" was.[375]

Die ***Sunday Times*** en die ***Rand Daily Mail*** is deur ***The International*** in skreiende aanvalle as "kruipers van Smuts en sy (kapitalistiese) meesters" en as "die aartsvyande van die mynwerkers en medepligtiges aan die vernietiging van blanke (loon) standaarde" uitgekryt. Hulle is veral aangeval omdat hulle gesuggereer het dat die ISL en later die Kommunistiese Party glo 'n swart opstand in Suid-Afrika met Russiese steun sou beplan het.[376] ***The International*** het ook na ***Ons Vaderland*** as 'n "pro-Duitse" blad verwys,[377] terwyl die ***Eastern Province Herald*** daarvan beskuldig is dat dit "vuil, valse en vulgêre beledigings" teenoor die kommuniste geuiter het.[378] In ***The Cape Times*** het ***The International*** skynbaar 'n groot renons gehad. Hierdie koerant is as 'n "*ultra-imperialist gutter rag*", en sy redakteur as 'n "karperd van imperialisme", beskryf.[379]

In 'n sarkastiese hekeldig, getiteld "The Editor", het ***The International*** onder andere die volgende siening van die *establishment*-pers kwytgeraak:

> "*Only very few can guess*
> *The tremendous power of the press*
> *This great power I'll enlist*

---

[374] *The International*, 02.06.1922, p. 4 (D.I. Jones: White and Black) en *Ibid.*, 10.08.1923, p. 1 ("E.R.R.": "They Only Fought a War").

[375] *The Star*, 12.06.1916, p. 6 (Notes and Comments); *Ibid.*, 25.07.1916, p. 6 (Notes and Comments); *Ibid.*, 23.03.1917, p. 6 (Notes and Comments).

[376] *The International*, 10.10.1923, p. 3 (The "Death Knell" of the Chamber of Mines); *Ibid.*, 26.10.1923, p. 2 ("Black Trade Unionism"); *Ibid.*, 02.11.1923, p. 1 (News of Jones and Andrews); *Ibid.*, 16.11.1923, p. 2 (Varnished Truth); *Ibid.*, 23.11.1923, p. 1 ("Mouthpieces"); *Ibid.*, 07.12.1923, p. 2 ("Sen Yah": Prickly Pars).

[377] *Ibid.*, 22.11.1918, p. 2 (Chestnuts).

[378] *Ibid.*, 05.01.1923, p. 2 (Tom Mann).

[379] *Ibid.*, 06.05.1921, p. 3 (M. Lopes: Your Master's Voice).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

On behalf of the capitalist,
And realise my great ambition –
Be one of the rulers of the nation.
If I should progress so far,
I'll become editor of the 'Star'...
If to get that honour I should fail
I'll be content with the 'Daily Mail'...
The [Natal] *'Mercury' or the* [Natal] *'Advertiser',*
The 'Cape Times' or 'Weekly Liar'
Strangely most people have the view
Everything printed must be true.
I shall make the people think
Whatever I wish with printers' ink...
For to-day's opinion on the Rand
Spreads to-morrow throughout the land...
If I'm expert at telling lies
The Corner House will subsidise
My paper with advertisements
Or give me a seat in Parliament...
In this way I'll fill my purse
(All the Hertzogites I'll curse),
Keeping folks' minds with piffle crammed
(Agitators should all be damned).
In the hall of fame I'll be on the list
As Africa's greatest journalist".[380]

Teenoor ***The Weekly Herald***, die amptelike spreekbuis van die SAIF, het ***The International*** dieselfde wrewel geopenbaar as teenoor die blad se redakteur en algemene sekretaris van die Federasie, Archie Crawford. Volgens ***The International*** het die ***Herald*** se ekonomiese artikels 'n "*ancient and fishlike smell*" gehad en is daar gesuggereer dat hierdie blad ***The Star*** en die Kamer van Mynwese goedgesind was deurdat dit die werkers

[380] *The International*, 02.04.1920, p. 3 ("L.D.G.": "When I'm a Man").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die "Kamer van Mynwese-ekonomie" wou opvoed. Hierdie suggestie was ook 'n sinspeling daarop dat Crawford in ***The Weekly Herald***, in teenstelling met sy destydse militante sienswyses as redakteur van ***Voice of Labour***, 'n totale metamorfose na gematigdheid ondergaan het.[381]

The International het smalend na ***The Weekly Herald*** verwys as Crawford se eie "trompet", 'n "*weekly dope sheet*", "*The Star's Lusty Youngster*", 'n "kastige" arbeidersorgaan, die "grammofoon" van die Corner House en "weekblad van die Kamer van Mynwese". Hierdie "*organ of gutter reformism and idiotic meekness*" se joernalistieke voorkeure was dié van 'n "aasvoël" en 'n "muishond". Crawford is daarvan beskuldig dat hy in ***The Weekly Herald*** hom met mynkapitalisme se oorwinning oor die stakers van 1922 vereenselwig het en simpatie gehad het met Smuts se hardhandige onderdrukking van die staking. Dit het daartoe gelei dat die werkers aan die belange van die "Corner House finansies" onderwerp is. Daarom is ***The Weekly Herald***, wat glo gratis deur die Kamer van Mynwese versprei is, se standpunte as "verraderlike kafpraatjies" afgemaak. Dit wil voorkom of ***The International*** se aanvalle op die ***Herald*** ook toegeskryf kan word aan laasgenoemde se klaarblyklike teenkanting teen kommunisme.[382] Crawford het in daardie stadium klaarblyklik die Italiaanse fascisme aangehang deur te verklaar dit "*...was the counterpart of Bolshevism and a corrective that the Labour movement would be wise to accept*".[383]

Oudergewoonte het ***The International*** ook in skreiende sarkasme 'n hekeldig aangaande ***The Weekly Herald***, getitel "Herald Angels", gepubliseer. In die gedig, met 'n duidelike toespeling op die blad se sogenaamde verbintenis met groot kapitaal, word onder andere die spot gedryf met Crawford en J. Geddes, amptenare van die SAIF, asook met Mary Fitzgerald, Crawford se eggenote en eienaars van Modern Press, waar ***The Weekly***

---

[381] *The International*, 16.06.1922, p. 2 (Weekly Wisdom). Dit wil voorkom of *The Weekly Herald The South African Federationist* as amptelike orgaan van die SAIF opgevolg het. Kyk ook B.L. Reid: Organised Labour in Natal: 1918 - 1924, p. 139. I.v.m. laasgenoemde orgaan, kyk ook hfst. 4, p. 173.

[382] *The Interntional*, 04.08.1922, p. 2 (Serves Them Right) en ("V.D.": Notes by the Way); *Ibid.*, 18.08.1922, p. 2 (Trade Unions and Politics); *Ibid.*, 27.10.1922, p. 1 (Victory) en p. 2 ("V.D.": Notes by the Way); *Ibid.*, 10.11.1922, p. 4 (Beware); *Ibid.*, 24.11.1922, p. 2 (Incitement to Public Violence?); *Ibid.*, 08.12.1922, p. 1 ("Sen Yah": Prickly Pars); *Ibid.*, 05.01.1923, p. 2 (Fifty Thousand Quid!!); *Ibid.*, 02.03.1923, p. 1 ("C.B.S.": Crawford on Politics); *Ibid.*, 22.06.1923, p. 1 ("Johnny Shall Have a New Master"); *Ibid.*, 20.07.1923, p. 3 ("Effrontery"); *Ibid.*, 14.03.1924, p. 3 (Parasites); *Ibid.*, 04.04.1924, p. 4 (Confusionism); *Ibid.*, 27.06.1924, p. 6 (The Truth); R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 285.

[383] Aangehaal deur R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 285.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Herald gedruk is. Daar is ook 'n verwysing na die leiers van die 1922-staking, Long, Hull en Lewis, wat vir hulle aandeel daaraan tereggestel is:

"*Hark! the Herald Angels sing,*
Kapital's a glorious thing!
Crawfish, Geddes, and Fitzgerald,
Work it through the Weekly Herald.
Hark! the Herald Angels sing,
Mammon is our £ord and King...
Hark! the Herald Angels bawl,
Bring your subs now, one and all.
We've a use for every penny,
For our staff has hardly any,
Hark! the Herald Angels sing,
We'll remove the bosses' sting,
Only bring us lots of subs,
We're the crowd to dope the Dubb's.
Hark! the Herald Angels squeak,
Three good reds were hung last week,
They took no notice of our dope,
And so they got a hangman's rope...
Hark! the Herald Angels cheer,
The Strike has gone – but – we're still here,
Let us go to arbitration,
Then you'll soon face rank starvation...
Hark! the Herald Angels crow,
Take no notice of Moscow;
We're with you to our last breath,
Until the boss bleeds you to death.
MORAL
Barnum the Showman used to say
In a most emphatic, candid way,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Suckers abound in every nation,

They're found in Archie's Federation".[384]

Gedagtig aan die ontstaansrede vir die ISL en die stryd en skeuring binne arbeidergeledere aangaande die werkers se posisie ten opsigte van die Eerste Wêreldoorlog, is dit opmerklik dat ***The International*** in die eerste vyf jaar van sy bestaan in sy politieke kommentaar nie eintlik veel aandag aan die regering verleen het nie. Maar as gevolg van die knellende na-oorlogse ekonomiese depressie, met 'n stygende lewenskoste, 'n stagnante loonstruktuur en toenemende werkloosheid, het die kritiek en aanvalle op die Smuts-regering uiteraard toegeneem. Smuts is uitgekryt as 'n "verteenwoordiger van kapitalisme en Britse imperialisme". Hy was 'n "vyand" van die werkers en het geen simpatie vir hulle behoeftes getoon nie. Die anti-sosialistiese en "polities gewetenlose" Smuts was slegs met die toedoen van die Corner House Eerste Minister van Suid-Afrika. Daarby is Smuts se betrokkenheid by die nuutgestigte Volkebond na afloop van die Eerste Wêreldoorlog gekritiseer omdat die stigterlande van hierdie organisasie ook die aanstigters was van die oorlog, wat teen die wese van die ISL ingedruis het. Volgens ***The International*** is Smuts oorsee as 'n "*international genius*" beskou, maar tuis was hy niks meer as "*a commonplace and pettifogging little attorney*" en "*a very mediocre backveld petty attorney*" nie.[385]

Tussen 1919 en 1923 het ***The International*** ook 'n aantal spotprente, waarvan die eerste in die uitgawe van 26 September 1919 verskyn het, gepubliseer. Die spotprente is uit 'n verskeidenheid oorsese blaaie oorgeneem, soos die ***Brisbane Worker***, ***The Queensland Worker***, ***The Australian Worker***, die ***Sydney Bulletin***, die ***Labour Leader***, die ***Labour Call***, die ***Daily Herald***, die ***Glasgow Socialist***, ***The Liberator***, die ***Fellow Worker***, die ***New York Sun***, die ***New York Call***, ***The Consolidator***, ***The Communist***, ***All Power*** en ***Avanti***. Anti-militarisme, anti-kapitalisme, kapitalistiese inmenging in Bolsjewistiese Rusland, die stygende na-oorlogse lewensduurte, die oorwinning van kommunisme oor kapitalisme,

---

[384] *The International*, 08.12.1922, p. 2 (D. Snowdon: Herald Angels).

[385] Kyk byvoorbeeld *Ibid.*, 15.10.1920, p. 2 (H. Haynes: Reminiscences: 1913 – 1920); *Ibid.*, 10.12.1920, p. 1 ("M.M.S.": Smuts at Pretoria); *Ibid.*, 11.02.1921, p.1 (Smuts and Organised Labour); *Ibid.*, 25.02.1921, p. 2 (Smuts on the League of Nations); *Ibid.*, 09.09.1921, p. 1 (Smuts' Home-coming); *Ibid.*, 30.09.1921, p. 2 (Back to Pre-War Level); *Ibid.*, 11.11.1921, p. 2 (Smuts and the Miners); *Ibid.*, 21.07.1922, p. 2 (Smuts on Unemployment); *Ibid.*, 02.02.1923, p. 3 (H. Haynes: Jan Smuts Reiterates); *Ibid.*, 12.10.1923, p. 2 (H. Haynes: Skin Plaster!) en *Ibid.*, 07.12.1923, p. 3 (H. Haynes: To General Smuts, P.C.).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Crawford, industriële eenheid, die kapitalistiese pers, die kleurslagboom, die middelklas, anti-Sionisme, werkloosheid, die Bulhoek-slagting van 1921 en die SAAP, was van die temas waarop die spotprente kommentaar gelewer het.[386]

Laastens kan vermeld word dat die jeugvleuel van die KPSA, die Young Communist League (YCL), wat soos die party ook in 1921 gestig is,[387] klaarblyklik sy eie spreekbuis teen Maart 1923 as 'n maandblad uitgegee het. Blykbaar het hierdie maandblad oorspronklik in die formaat van 'n gedupliseerde tikskrif van drie of vier bladsye, met die titel ***Young Communist***, verskyn. Onder laasgenoemde titel het die blad ongereeld tot Augustus 1923 verskyn. Ten einde die blad meer effektief aan die verhoogde aanvraag te voorsien, en ook omdat die woord "kommunis" of "sosialis" in Suid-Afrikaanse terme nie baie gewild was nie, is besluit om die titel teen 1924 na ***The Young Worker*** te verander.[388]

Volgens die redaksie se verklaring van voornemens sou die blad gratis onder die skoolgaande en werkende jeug versprei word, maar op die voorblad is die koste as een pennie per eksemplaar aangedui, terwyl die jaarlikse inskrywingsfooi 25 pennies bedra het. Vermoedelik is ongeveer 1 000 kopieë van ***The Young Worker*** per oplaag gedruk. Wat die blad se inhoud betref, het ***The Young Worker*** sosiale, ekonomiese en politieke rassegelykheid voorgestaan en hom vir die regte van jong swart werkers beywer. Verder het die blad anti-militarisme gepropageer en nuus oor die internasionale kommunistiese jeugbeweging bevat. Dit blyk dat artikels soms uit ***The International*** oorgeneem is, en in

---

[386] Kyk byvoorbeeld *The International*, 26.09.1919, p. 1; *Ibid.*, 03.10.1919, p. 1; *Ibid.*, 17.10.1919, p. 1; *Ibid.*, 24.10.1919, p. 1; *Ibid.*, 07.11.1919, p. 1; *Ibid.*, 21.11.1919, p. 1; *Ibid.*, 02.01.1920, p. 1; *Ibid.*, 09.01.1920, p. 1; *Ibid.*, 23.01.1920, p. 1; *Ibid.*, 30.01.1920, p. 1; *Ibid.*, 13.02.1920, p. 1; *Ibid.*, 27.02.1920, p. 5; *Ibid.*, 12.03.1920, p. 1; *Ibid.*, 26.03.1920, p. 1; *Ibid.*, 23.04.1920, p. 1; *Ibid.*, 28.05.1920, p. 1; *Ibid.*, 25.06.1920, p. 1; *Ibid.*, 02.07.1920, p. 1; *Ibid.*, 23.07.1920, p. 1; *Ibid.*, 18.02.1921, p. 1; *Ibid.*, 25.02.1921, p. 1; *Ibid.*, 25.03.1921, p. 1; *Ibid.*, 22.04.1921, p. 1; *Ibid.*, 06.05.1921, p. 1; *Ibid.*, 27.05.1921, p. 1; *Ibid.*, 09.02.1923, p. 1; *Ibid.*, 11.05.1923, p. 1; *Ibid.*, 13.07.1923, p. 1; *Ibid.*, 27.07.1923, p. 1 en *Ibid.*, 03.08.1923, p. 1.

[387] E. & W. Roux: *Rebel Pity. The Life of Eddie Roux*, pp. 19, 23; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, pp. 138 – 140. S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 156, se verklaring dat die YCL in 1922 gestig is, blyk foutief te wees.

[388] *The Young Worker*, Januarie 1924, p. 2 (This Paper). Kyk ook E. & W. Roux: *Rebel Pity. The Life of Eddie Roux*, p. 34; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, p. 139 (Illustrasie) en p. 151, voetnoot 3. Slegs een eksemplaar van *The Young Worker* kon opgespoor word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
navolging van hierdie koerant het ***The Young Worker*** ook onderskeidelik na die ***Sunday Times*** en die ***Rand Daily Mail*** as die "Sunday Slimes" en die "Daily Wail" verwys.[389]

5.4 *THE BOLSHEVIK*

In Mei 1918 het 'n groep binne die Kaapse SDF, onder leiding van A.Z. Berman, Joe Pick en Manuel Lopes, insluitende lede van die Jewish Socialist Society (JSS), van eersgenoemde organisasie weggebreek omdat hulle dit as te akademies en konserwatief beskou het en omdat dit nie werklik met swart- en Kleurlingwerkers op voetsoolvlak in voeling was nie. Gevolglik is 'n nuwe ultra-linkse, rewolusionêre, sindikalistiese en sosialistiese organisasie in Kaapstad, die Industrial Socialist League, gestig.[390] The League was maar 'n klein splinterorganisasie wat uit ongeveer 70 ingeskrewe bestaan het.[391] Die Industrial Socialist League het sy eie militante maandblad, ***The Bolshevist***, wat volgens Simons 'n satiriese aanslag gehad het, vanaf Mei 1919 in samewerking met die JSS in Kaapstad uitgegee. A.Z. Berman was die eerste redakteur.[392] Davidson verklaar dat die eerste uitgawe op 17 Mei 1919 verskyn het.[393] Die leuse van die eerste uitgawe was "*To-Day's News Yesterday*", terwyl die blad deur die Kaapstad firma Nell, Wheeler & Co. gedruk is.[394]

Blykbaar het ***The Bolshevist*** se militante uitgesprokenheid hom gou in die moeilikheid laat beland en kontroversieel gemaak. Reeds met die eerste verskyning van die blad op straat is Berman, Pick en Lopes gearresteer op 'n klag van oortreding van 'n koerantordonnansie,

---

389 Kyk *The Young Worker*, Januarie 1924, p. 1 (Liebknecht and Luxemburg Day), p. 2 (This Paper) en (Black and White), p. 3 (1924), p. 4 ("Red Poison") en (Propaganda), onderskeidelik.

390 W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa 1903 - 1947*, p. 64; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 88; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 215; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 37; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 208; N. Weyl: *Traitors' End*, p. 50; L. and D. Switser: *The Black Press in South Africa and Lesotho*, p. 71. Kyk ook *The International*, 31.05.1918, p. 4 ("W.H.H.": Cape Notes).

391 (SAB) JUS Vol. 256, file no. 3/527/17, Part 5, Reports on Activities of ISL: Notes on Local Agitators, 23.06.1919, p. 43.

392 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, pp. 100, 105; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa 1903 - 1947*, p. 68; L. and D. Switser: *The Black Press in South Africa and Lesotho*, pp. 71 – 72; Anon: *A List of South African Newspapers 1800 – 1982*, p. 12; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 221.

393 A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 378.

394 *The Bolshevist*, 10.05.1919, pp. 1, 4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
aangesien die volledige naam en adres van die drukker glo nie op die koerant verskyn het nie en omdat hulle toe klaarblyklik nog nie toestemming gehad het om die blad gereeld te publiseer nie. Al drie aangeklaagdes is egter vrygespreek en slegs die drukkers is 'n boete van £2 opgelê. Volgens Berman het die owerhede met die hofsaak gepoog om die verkope van die blad te verhoed. Dit wil ook voorkom of die uitgawe van ***The Bolshevist*** in die proses 'n tyd lank onderbreek is.[395]

Teen Oktober 1919 het die blad as ***The Bolshevik***, met vier bladsye per uitgawe, herverskyn. Die blad het verklaar dat dit die werkers se koerant en die eerste "kommunistiese joernaal" was wat in die Kaapprovinsie gepubliseer is. Dit is ook in die vooruitsig gestel dat, na gelang van omstandighede, ***The Bolshevik*** 'n weekblad sou kon word. Die blad is teen een pennie per eksemplaar verkoop, wat teen 1921 tot twee pennies verhoog is. Intekengelde was 1s 6d vir twaalf maande, posvry. Intekentariewe vir ***The International*** is ook geadverteer. Op die voorblad van ***The Bolshevik*** het 'n prominente Hamer-en-Sekel-kenteken, die simbool van Bolsjewistiese Rusland, verskyn.[396]

Aaron Zalman Berman was van Russies-Joodse herkoms en het sy opvoeding in Rusland en Duitsland ontvang. Hy het blykbaar ongeveer teen 1913 in Kaapstad gearriveer. Benewens redakteur van ***The Bolshevik*** was hy ook die tesourier van die Kaapse Federation of Labour Unions. Later het hy as kommunis 'n lid van die Kaapstadse stadsraad geword en het ook 'n publikasie oor "munisipale sosialisme" die lig laat sien. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het hy as 'n majoor by die Suid-Afrikaanse Geniekorps aangesluit.[397]

---

[395] Kyk (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, p. 100; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa 1903 - 1947*, p. 68; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 221; *The International*, 13.06.1919, p. 4 (Berig); *Ibid.*, 27.06.1919, p. 4 ("A.Z.B.": Cape Notes); A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 378; *The Star*, 04. 06.1919, p. 4 ("The Bolshevist").

[396] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 27.08.1920, p. 74; *The Bolshevik*, November 1919, p. 1; *Ibid.*, Desember 1919, p. 4 (Berig) en (Events for December); *Ibid.*, Mei 1920, p. 2 (A Year's Activity); *Ibid.*, Augustus 1920, p. 4 (Berig); *Ibid.*, Desember 1920, p. 3 (Berig); *Ibid.*, Maart 1921, p. 1 (Urgent); *The International*, 05.09.1919, p. 1 (Berig); *Ibid.*, 10.10.1919, p. 8 ("The Bolshevik"); A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 379; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 106 verklaar verkeerdelik dat *The Bolshevik* in September 1919 verskyn het.

[397] (SAB) JUS Vol 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa, p. 205; *Ibid.*, Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, p. 103; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa 1903 - 1947*, pp. 65 – 66, 68, 70; *The Bolshevik*, April 1921, p. 3 (Trade Union Congress).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Die verslag van 'n polisie-informant het onvleiend aangaande Berman verklaar dat hy "*...is professedly a Bolshevick (sic), but is very unlikely to risk his own skin by risky propaganda tactics*".[398]

Die Industrial Socialist League was 'n aktivistiese organisasie wat hom sterk ten gunste van industriële eenheid en 'n Sosialistiese Gemenebes uitgespreek het. Die organisasie was teen die ambagsvakbondwese gekant omdat dit oneffektief was om die kapitalistiese klas vir verbeterde toestande vir werkers te beveg.[399] Daarom het die Industrial Socialist League, soos die Johannesburgse ISL, nie-rassige solidariteit bepleit omdat industriële eenheid volgens ***The Bolshevik*** werkers ongeag geslag, kleur, geloof of nasionaliteit sou organiseer.[400] In aansluiting hierby het die koerant die kleurslagboom veroordeel. Blanke werkers is daarvan beskuldig dat hulle tot hul eie nadeel hulle kapitalistiese "vyande" behulpsaam in die vestiging van die kleurslagboom was. Vir die kapitaliste was die handhawing van die industriële kleurslagboom voordelig in soverre dit goedkoop nie-blanke arbeid verseker het. Namate nie-blankes geskoold begin raak het en hulle arbeid dienooreenkomstig duurder, wou die kapitaliste ook die kleurslagboom afskaf. Dit was egter kunsmatig en vals en sou slegs laasgenoemde bevoordeel. Blanke werkers sou daardeur benadeel word deurdat hulle hoë loon- en lewenstandaarde tot die vlak van goedkoop swart arbeid verlaag sou word. Volgens ***The Bolshevik*** moes 'n natuurlike afskaffing van die kleurslagboom plaasvind waarvoor industriële eenheid, ongeag ras of kleur, die antwoord was.[401]

Die lede van die Industrial Socialist League het hulle vir rewolusionêre sosialistiese optrede teen die (kapitalistiese) regering en die kapitalistiese stelsel, asook die omverwerping van

---

[398] (SAB) JUS Vol. 256, file no. 3/527/17, Part 5 Reports on Activities of ISL: Notes on Local Agitators, 23.06.1919, p. 43.

[399] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 88.89.106; *The Bolshevik*, November 1919, p. 3 (Trade Union Notes); *Ibid.*, Desember 1919, p. 3 (Efficiency Dope); *Ibid.*, Januarie 1920, p. 3 (Socialism v. Violence) en (Trade Union Notes); *Ibid.*, Februarie 1920, p. 2 (Flashes from the Firing Line), p. 4 (The Strongest Weapon of Capitalism) en (What We Stand For); *Ibid.*, Maart 1920, p. 4 ("J.W.": ABC of Bolshevism); *Ibid.*, April 1920, p. 1 (The War of the Classes); *Ibid.*, April 1921, p. 3 (Trade Union Congress).

[400] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, p. 102; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 106 – 107; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 215; *The Bolshevik*, Februarie 1920, p. 4 (The Strongest Weapon of Capitalism); *Ibid.*, Maart 1920, pp. 2 – 3 (I. Vermont: Socialism and the Coloured Folk) en p. 4 ("J.W.": ABC of Bolshevism).

[401] *The Bolshevik*, Junie 1920, p. 2 (H. Haynes: White Workers Awake).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
die loonstelsel, deur middel van die "diktatorskap van die werkersklas" beywer.[402] Tog het ***The Bolshevik***, in reaksie op 'n beskuldiging deur die *establishment*-weekblad, ***The Cape***, dat dit gewelddadige rewolusie gepredik het, die Industrial Socialist League se beleid gekwalifiseer. Geweld was volgens ***The Bolshevik*** noodsaaklik om die "ekonomiese en politieke eise" van die werkers tydens die fase van opbou van industriële eenheid "af te dwing" totdat hulle ook die administratiewe staatmag kon oorneem om 'n "werkersrepubliek" te stig. Die blaam vir bloedige geweld moes eerder voor die deur gelê word van die kapitaliste wat die Eerste Wêreldoorlog aangestig het en die Geallieerdes wat tot die bloedvergieting van die Russiese burgeroorlog bygedra het.[403]

Die Industrial Socialist League het ook die onwrikbare standpunt ingeneem dat sosialiste geensins aan die politieke instellings van die kapitalistiese staat, soos verkiesings en parlementêre optrede, moes deelneem nie. ***The Bolshevik*** was van mening dat die parlement deur kapitaliste gemanipuleer is ter wille van kapitalistiese ekonomiese belange. Selfs 'n Arbeidersparty-meerderheid in die parlement sou beide werknemer en werkgewer, wie se belange lynreg gebots het, in kiesafdelings moes verteenwoordig. Dit sou 'n onmoontlike situasie skep. Veral Lopes het bitter aanvalle in ***The Bolshevik*** op die Johannesburgse ISL geloods, omdat die League aan verkiesingspolitiek deelgeneem het wat op futiele pogings uitgeloop het. Hy het ook te kenne gegee dat die ISL verdraagsaam teenoor die "bourgeois" aard van die SAAP was. ***The Bolshevik*** het verklaar dat dit die SAAP, wat as 'n reaksionêre steunpilaar van kapitalisme beskou is, onvoorwaardelik sou beveg. Die party se sosialistiese doelstelling het slegs lippediens aan die doelstrewes van die sosialistiese internasionale arbeiderbeweging bewys. Die SAAP was dus onbevoeg om die bevryding van die werkers van kapitalisme te bewerkstellig. Die enigste tipe regering wat 'n einde aan "ekonomiese slawerny" sou kon maak, was die *sowjet* of rewolusionêre werkerskomitee (volgens die Russiese rewolusionêre model). Terselfdertyd het ***The***

---

402 H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, p. 105; *The Bolshevik*, November 1919, p. 3 (A Conference of Dead Heads); *Ibid.*, Desember 1919, pp. 3 – 4 (Reform or Revolution); *Ibid.*, Februarie 1920, p. 2 (Flashes from the Firing Line) en p. 4 (What We Stand For).

403 *The Bolshevik*, Januarie 1920, pp. 2 – 3 ("Communist": Socialism v. Violence). Kyk ook *Ibid.*, Desember 1919, p. 2 ("Liberty of the Press").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Bolshevik ook steun bepleit vir die baie "opregte" werkersklasondersteuners wat hulle "deur vergissing" nog binne die SAAP bevind het.[404]

Voorts het ***The Bolshevik*** afwysend teenoor Creswell gestaan, terwyl die Arbeiderleier as "reformisties", "Labour fakirs" en as "verraaiers van hul klas" afgemaak is. Die koerant het ontken dat die SAAP sosialisme verteenwoordig het of enigsins 'n werkersorganisasie was. Hierdie party van "samewerking en konsolidasie" met die kapitalisme, en "ondersteuner" van kapitalistiese oorloë, se beleid was "opportunisties" en uit voeling met die werklikheid. Die SAAP, "wat die hele land laat lag het", het hoofsaaklik die blanke "aristokratiese" vakbonde van die Witwatersrand, asook 'n "onbeduidende" spul middelklas prokureurs, handelaars, spekulante, eks-Unioniste, Britse imperialiste en patriotte, konstitusionaliste en "paaiers" verteenwoordig. Hierdie mense het nie omgegee vir die ongeskoolde blanke, swart en Kleurlingwerkers nie omdat so-iets hulle voorregte sou kon ondermyn. In plaas daarvan om kapitalisme in die belang van die massas omver te werp, was die SAAP slegs daarop uit om konsessies vir die middelklas en geskoolde blanke vakbondlede te bekom. Daardeur, tesame met die feit dat die party kom nie met Sowjet-Rusland wou vereenselwig nie, het die SAAP homself volgens The Bolshevik "*on the other side of the barricade*" geplaas. 'n Arbeider-regering was vir die blad niks anders as 'n "kapitalistiese skokbreker" nie.[405]

Ook Crawford, die SAIF en ander vakbonde het onder die kritiese kommentaar van ***The Bolshevik*** deurgeloop. Daar is na Crawford verwys as "*the once-upon-a-time Revolutionary labour leader and now 'darling' of the Chamber of Mines*". ***The Bolshevik*** was verontwaardig dat hy op regeringsonkoste as die amptelike Suid-Afrikaanse verteenwoordiger na 'n internasionale arbeidkonferensie in Washington benoem is. Daar

---

[404] Kyk S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 106; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 215; *The Bolshevik*, November 1919, p. 3 (A Conference of Dead Heads); *Ibid.*, Januarie 1920, pp. 2, 4 (On Political Action); *Ibid.*, Februarie 1920, p. 2 (Flashes from the Firing Line) en p. 4 (What We Stand For); *Ibid.*, Maart 1920, pp. 2 – 3 (The Case Against Parliamentarism); *Ibid.*, April 1920, pp. 2 – 3 (M. Lopes: Socialism and the Labour Party); *Ibid.*, September 1920, p. 2 (M. Lopes: Parliament and Mass Action); *Ibid.*, Oktober 1920, p. 2 ("J.W.": Labour Parties and Labour Fakirs) en p. 3 (M. Lopes: The Coming of Socialism); *Ibid.*, Desember 1920, p. 1 (Revolutionary Programme); *The International*, 23.04.1920, p. 7 (Political Jaundice).

[405] Kyk *The Bolshevik*, November 1919, p. 3 (A Conference of Read Heads); *Ibid.*, Desember 1919, p. 4 (Reform or Revolution); *Ibid.*, Maart 1920, p. 4 ("J.W.": ABC of Revolution); *Ibid.*, April 1920, pp. 2 -

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou Crawford, tesame met "Arbeidskurke" van ander lande, soos Samuel Gompers, glo die "rewolusionêre gety" wat hulle (kapitalistiese) meesters bedreig het, probeer stuit. Tydens die 1914-staking is Crawford as 'n gevaar vir vrede deur die staat gedeporteer, maar in 1919 is hy deur dieselfde staat as vredemaker met kapitaliste na Washington gestuur. Die SAIF het nie swart en Kleurlingwerkers in sy geledere toegelaat nie. Dit was dus vermetel van Crawford om te beweer dat hy Suid-Afrikaanse arbeid in sy geheel op die konferensie verteenwoordig het. Daarom het ***The Bolshevik*** die National Union of Railway and Harbour Servants (NURAHS), 'n industriële vakbond, gelukgewens dat hulle hul van Crawford en die Washington-konferensie gedistansieer het.[406]

Die Cape Federation of Trades is as 'n "ouetehuis vir Arbeider-leiers" gekritiseer en dat dit laks, apaties en onaktief was en feitlik geen suksesse vir die werkers tydens stakings behaal het nie. As gevolg van die seksionele aard van sy ambagsvakbondlede was die Federasie uit voeling met die lewensomstandighede van die werkers. ***The Bolshevik*** het ook sy teleurstelling uitgespreek dat kommuniste teen 1921 nog nie effektief vordering in die Kaapse vakbonde gemaak het nie.[407] Kritiek is verder op die SAIF se flou pogings om loonsverlagings te stuit, uitgespreek.[408] Die SAMWU, weer, is daarvan beskuldig dat dit met roofarbeid (scabbing) 'n staking van swart mynwerkers ondermyn het.[409] Lopes het die Suid-Afrikaanse arbeiderbeweging gekritiseer dat dit nie in pas was met die "verwagte" wêreldwye ineenstorting van kapitalisme nie en dat die SAIF:

> "*...does not heed the storm-signals of intensified class-war; it ignores the rapid spread of revolutionary action in all lands; and, above all, it does not heed the messages from Moscow*".[410]

---

3 (M. Lopes: Socialism and the Labour Party) en *Ibid.*, Oktober 1920, p. 2 ("J.W.": Labour Parties and Labour Fakirs); *Ibid.*, Desember 1920, p. 1 (Revolutionary Programme).

[406] *The Bolshevik*, November 1919, p. 2 ("Searchlight": Trade Union Notes). Kyk ook *Ibid.*, Januarie 1921, p. 2 (A.Z. Berman: Unemployement).

[407] *Ibid.*, November 1919, p. 2 (The Bankruptcy of Trades' Unionism); *Ibid.*, Februarie 1920, p. 4 (The Strongest Weapon of Capitalism); *Ibid.*, April 1921, p. 3 (Trade Union Congress). Kyk ook *The International*, 05.07.1918, p. 4 (Cape Notes).

[408] *The Bolshevik*, Maart 1921, p. 2 (The Trade Union Congress).

[409] *Ibid.*, Maart 1920, p. 4 (Trades Union Notes).

[410] *Ibid.*, Mei 1920, p. 6 (M. Lopes: "The Last Days"); *Ibid.*, Maart 1921, p. 2 (The Trade Union Congress).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit die aard van die politieke filosofie en beleid van die Industrial Socialist League het ***The Bolshevik*** baie artikels gewy aan intellektuele verduidelikings van begrippe soos Marx se dialektiese materialisme, die ontwikkelingsfase van die klassestryd, die euwels van kapitalisme, die diktatuur van die proletariaat en die utopie van die kommunistiese samelewings. Suid-Afrikaanse werkers is byvoorbeeld aangemoedig om die weg vir die "Kommunistiese Republiek" voor te berei.[411] Die Industrial Socialist League het hom ook aan die kant van die sindikalistiese Amerikaanse IWW, met sy beleid van industriële eenheid, geskaar toe die Amerikaanse owerhede op die organisasie toegeslaan het, sy eiendom gekonfiskeer en sy leiers gearresteer het. Die League het 'n fonds ter verdediging van die IWW-leiers in ***The Bolshevik*** gestig. Lopes het ook die totstandkoming van 'n Suid-Afrikaanse afdeling van die IWW voorsien.[412]

The Bolshevik was op hoogte van internasionale arbeider-, sosialistiese en kommunistiese gebeure, veral in Sowjet-Rusland, waaroor berigte gereeld verskyn het. Artikels uit buitelandse arbeider- en sosialistiese blaaie, soos die ***Melbourne Socialist***, ***The Liberator*** van New York en die Britse ***Workers' Dreadnought***, is by geleentheid geplaas.[413] Daarby blyk dit dat ***The Bolshevik*** in korrespondensie met die ***International Socialist Review*** van Chicago was.[414] En in ***The Bolshevik*** van Mei 1920 is spesiale Meidagboodskappe aan die

---

[411] Kyk bv. *The Bolshevik*, Desember 1919, pp. 1 – 2 (ABC of Bolshevism); *Ibid.*, Maart 1920, p. 1 (The True Meaning of Bolshevism); *Ibid.*, April 1920, p. 1 (The War of the Classes) en p. 2 (H. Haynes: The Revolutionary Outlook); *Ibid.*, Mei 1920, p. 2 ("J.W.": The Dictatorship of the Proletariat); *Ibid.*, Junie 1920, pp. 2 – 3 ("J.W.": ABC of Bolshevism) en pp. 3 – 4 (M. Lopes: Capitalism pregnant with the new World); *Ibid.*, November 1920, p. 4 (J. Pick: The Class War); *Ibid.*, Januarie 1921, p. 4 ("W.D.": Capitalism); *Ibid.*, Februarie 1921, pp. 3 – 4 (C.F. Glass: How Long, Fellow Workers?); *Ibid.*, Maart 1921, pp. 1, 3 (A.Z. Berman: The Last Struggle); *Ibid.*, April 1921, p. 2 (C.F. Glass: "Democracy"). Kyk ook A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 379.

[412] *The Bolshevik*, Augustus 1920, p. 1, 4 (Judge Lynch and American Labour) en p. 2 (M. Lopes: Reparing to take Control); *Ibid.*, Desember 1920, p. 4 (Communist Party Notes). Kyk ook H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 215.

[413] Kyk *The Bolshevist* , 10.05.1919, p. 2 (The Food Problem); *The Bolshevik*, Mei 1920, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, Augustus 1920, pp. 3 – 4 ("M.L.": Stray Shots); *Ibid.*, September 1920, pp. 3 – 4 (From the Firing Lines); *Ibid.*, Oktober 1920, p. 4 (The Soviets); *Ibid.*, November 1920, p. 3 (Petrified Noodle) en p. 4 (Stray Shots); *Ibid.*, Januarie 1921, p. 3 (Communist Factories in Italy); *Ibid.*, Februarie 1921, p. 3 (Latest Cables from Red Russia); *Ibid.*, Maart 1921, pp. 2 – 3 (Educating the Red Army) en p. 4 (Latest Cables from Red Russia); *Ibid.*, April 1921, p. 4 (Latest Cables from Red Russia); A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 379.

[414] *The Bolshevik*, Maart 1920, p. 3 (M.E. Lacy: A Message from the States).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
blad en die werkers van Suid-Afrika van die militante Britse arbeider- en vroueregteleiers, Tom Mann en Sylvia Pankhurst, gepubliseer.[415]

Die "satiriese aanslag" van ***The Bolshevist*** het veral neerslag gevind in sy karakterisering van die *establishment*-pers in reaksie op aanvalle vanuit daardie oord. In hierdie opsig is veral op die plaaslike *establishment*-pers, soos die ***Cape Argus***, die ***Cape Times*** en ***The Cape***, gekonsentreer. Die ***Cape Times*** is spottenderwys die "Cape Slimes", die ***Cape Argus*** die "Cape Argument" en ***The Cape*** "The Ape" genoem. Eersgenoemde twee koerante is daarvan beskuldig dat hulle die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog aangeblaas het. Veral die redakteur van die ***Cape Times***, sir Maitland Park, was die skryf van ***The Bolshevist*** se venynige satire. Die ***Cape Argus*** is weer geblameer omdat dit die kommuniste valslik beskuldig het van opstokery en agitasie onder swartes, wat gelei het tot die Masabalala-opstand in Port Elizabeth en die daaropvolgende bloedvergieting as gevolg van polisieoptrede.[416] Die nuusagentskap Reuters is ook daarvan beskuldig dat dit onwaarhede as nuus versprei het.[417] Slegs twee anti-kapitalistiese spotprente, een deur D.C. Boonzaaier, en een illustrasie, verskyn in die beskikbare eksemplare van ***The Bolshevik***.[418]

The Bolshevik het uiteraard vyandig teenoor die tradisionele politieke partye en hulle leiers gestaan. Volgens die blad het die Kamer van Mynwese, die Corner House en die Kamer van Koophandel die NP, die UP en die SAP agter die skerms gemanipuleer. Hertzog, Smuts en Creswell is as die vyande van die werkersklas beskou omdat hulle te eniger tyd 'n werkersopstand sou onderdruk en ten gunste van die kapitalistiese stelsel was. Smuts is ook daarvan beskuldig dat sy beleid ten opsigte van swartes tot bloedige rassekonflik sou lei. Maar hy is veral vir sy steun aan die Volkebond, wat ***The Bolshevik*** as die antitese van

---

[415] Kyk *The Bolshevik*, Mei 1920, pp. 4 – 5 (May Day Greetings to the "Bolshevik").

[416] *The Bolshevist*, 10.05.1919, p. 1 (Capitalist Agitators Exposed) en ("Red Russia"), p. 2 (Retreating According to Plan) en (Correspondence), p. 3 (Export of Rats). Kyk ook *The Bolshevik*, Desember 1919, p. 2 ("Liberty of the Press"); *Ibid.*, November 1920, p. 4 (Communist Party Notes); *Ibid.*, Desember 1920, p. 2 (The Native Worker); *Ibid.*, Januarie 1921, p. 3 ("The Brass Check"); *The International*, 21.12.1918, p. 3 (Cape Notes) en A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 378.

[417] *The Bolshevik*, Oktober 1920, p. 4 (H.W. Haynes: In the Soup).

[418] Kyk *The Bolshevist*, 10.05.1919, p. 3 en *The Bolshevik*, Mei 1920, pp. 1, 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Komintern beskou het, gekritiseer. Die blad was van mening dat Smuts deur middel van die Volkebond "Bolsjewisme" (kommunisme) wou bestry.[419]

Die Industrial Socialist League en sy Johannesburgse ondersteuners onder leiding van Andrew Dunbar, wat tesame met 'n groot aantal Jiddishsprekende lede vroeër in dieselfde jaar van die ISL af weggebreek het om die Communist League te vorm, het in Oktober 1920 'n voortydige[420] Kommunistiese Party van Suid-Afrika (KPSA) gestig.[421] In Januarie 1921 het ook die Kaapse JSS as 'n Yiddishsprekende tak by die nuwe party aangesluit.[422] Die (voortydige) KPSA het deur middel van ***The Bolshevik***, wat vanaf Oktober 1921 sy amptelike mondstuk geword het,[423] die Industrial Socialist League se militante beleid van nie-rassige industriële eenheid, rewolusionêre sosialisme en anti-parlementêre, sindikalistiese "direkte aksie" herbevestig. Daarby het die (voortydige) KPSA die klassestryd; massa-aksie; die instelling van werkerskomitees of *sowjets*; die omverwerping van kapitalisme en die vestiging van die diktatuur van die proletariaat na die ineenstorting van kapitalisme; die onteiening van kapitalistiese eiendom; die sosialisering van en werkersbeheer oor alle produksie, verspreiding en ruil van goedere, asook affiliasie by die Komintern, tot sy beleidsbeginsels toegevoeg.[424] Lopes het voorts verklaar:

---

[419] Kyk *The Bolshevik*, Januarie 1920, p. 4 (The Strongest Weapon of Capitalism); *Ibid.*, Februarie 1920, pp. 2, 3 ("Marxian": Smuts on the Grid Iron); *Ibid.*, Desember 1920, p. 1 (Smuts and the Third International) en p. 3 ("Communist": The New Party); *Ibid.*, Januarie 1921, p. 1 (Our Election Manifesto) en *Ibid.*, Februarie 1921, p. 1 (Prepare for the World-Revolution).

[420] Hierdie kommunistiese party was voortydig omdat dit slegs een groepering van die Suid-Afrikaanse sosialistiese beweging behels het. I.v.m. die eintlike verenigde KPSA wat in Julie 1921 gestig is, kyk ook hfst. 8, pp. 495 -500.

[421] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 106, 109, 111; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 216, 257; L. and D. Switser: *The Black Press in South Africa and Lesotho*, pp. 71 – 72; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 37; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa 1903 - 1947*, p. 68; E.A. Mantzaris: Radical Community: The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 - 1920 (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, pp. 170 – 171).

[422] *The Bolshevik*, Januarie 1921, p. 4 (Communist Party Notes).

[423] L. and D. Switser: *The Black Press in South Africa and Lesotho*, p. 72. Kyk ook *The Bolshevik*, Oktober 1920, p. 1; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 435.

[424] Kyk (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 30.10.1920, p. 52 (no. C. 6/672/19/8/13); S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 111; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 257; E.A. Mantzaris: Radical Community: The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 - 1920 (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, p. 170); L. and D. Switser: *The Black Press in South Africa and Lesotho*, p. 72; *The Bolshevik*, September 1920, p. 4 (The New Communist Party); *Ibid.*, Oktober 1920, p. 1 (Communist Party of South Africa) en p. 4 (The Soviets); *Ibid.*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"The masses are ripe now for the message of the Social Revolution. The Communist Party must devote all its energies to their task of teaching the workers the principles of Communism and to organize them to seize political power",[425]

en:

"Let us, who are militant workers, recognise as our rallying-point the Red Banner, on which shines the Sickle and the Hammer crossed – the emblem of the Soviet Socialist Republic of Russia, and the World Revolution".[426]

Eie aan die Suid-Afrikaanse arbeider- en sosialistiese pers, en gedagtig aan die militante, aktivistiese en rewolusionêre uitgesprokenheid van die blad, het ***The Bolshevik*** dan ook weldra probleme ondervind. Eerstens het die polisie sommige van die vergaderings van die Industrial Socialist League by geleentheid stopgesit. Daarby het 'n polisieverslag van 1920 verklaar dat "*...an unremitting watch is being kept upon the Bolshevist section*".[427]

Dit blyk dat daar ook meningsverskille tussen Berman en Lopes oor ***The Bolshevik*** se beleid ontstaan het. Aangesien Berman, soos in 'n polisieverslag vermeld, nie graag sy nek uitgesteek het om by riskante propaganda betrokke te raak nie, kan die afleiding gemaak word dat hy as redakteur bedank toe die koerant die amptelike orgaan van die (voortydige) KPSA geword het en 'n sterker militante, rewolusionêre aanslag ten opsigte van sy inhoud ingeneem het. Alhoewel hy nog aktief in die beweging was, was dit teen September 1920 klaarblyklik nie meer sy primêre fokus nie, aangesien hy tesame met sy broer en andere 'n belang in 'n grondboontjieboerdery by Rustenburg bekom het. Hoewel hy na sy bedanking as redakteur voortgegaan het om bydraes tot ***The Bolshevik*** te lewer, moes die blad, ten einde gerugte van "gespanne verhoudinge" die nek om te draai, dit kategories stel dat Berman nog steeds 'n lid van die party was. Manuel Lopes, 'n Suid-Afrikaans gebore Portugees wat die

---

Desember 1920, p. 1 (Revolutionary Programme). A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 430.

[425] *The Bolshevik*, Oktober 1920, p. 3 (M. Lopes: The Coming of Socialism).

[426] *Ibid.*, Februarie, 1921, p. 1 (Prepare for the World-Revolution).

[427] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 27.08.1920, p. 74; *The Bolshevik*, Desember 1919, p. 4 (Notes on

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
sekretaris van beide die Industrial Socialist League en toe van die (voortydige) KPSA was, het Berman as redakteur van ***The Bolshevik*** opgevolg.[428]

The Bolshevik se grootste probleme was egter finansieel van aard. Alhoewel die blad 'n oplaag van ongeveer 1 000 eksemplare per uitgawe gehandhaaf het, het dit geen advertensies bevat nie.[429] Daarby toon die Industrial Socialist League se finansiële jaarverslag van 1919 dat die organisasie toe alreeds geldelike tekorte ondervind het. Die kontantinkomstes van daardie jaar, ter waarde van £216 15s 9d, het onder andere bestaan uit die ledegeldbydraes van 44 lede (£15 13s 0d) en algemene donasies en kollektes (£201 2s 9d), waarvan 'n spesifieke donasie van die JSS (£23) afkomstig was. Aan die uitgawekant was daar onder andere 'n verlies van £3 9s 10d as gevolg van die gratis verspreiding van ***The International***, £23 8s 6d is aan Nell, Wheeler & Co. vir drukwerk betaal, £45 10s 0d is aan die regskoste van die ***Bolshevist***-saak bestee en £12 is aan 'n besoekende Russiese se spreker uitbetaal. Die totale kontantuitgawes vir 1919 het op £231 11s 1d te staan gekom wat dus 'n tekort van £14 15s 4d gelaat het.[430] In die League se jaarverslag van Mei 1920 is vermeld dat meer as £800 aan literatuur, strooibiljette, pamflette en ***The Bolshevik*** bestee is,[431] maar die polisieverslag van Junie 1920 verklaar dat die League se jaarlikse inkomste toe maar ongeveer £350 was wat alles op

---

the Local Movement); *Ibid.*, Mei 1920, p. 3 (A Year's Activity). Kyk ook The International, 21.12.1918, p. 3 (Cape Notes) en *Ibid.*, 19.12.1919, p. 8 (The Capetown Bolshevik).

428 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, p. 100; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 30.09.1920, p. 1 (no. C. 6/672/19/8/A); (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secreatry for Justice, 30.11.1920, p. 1 (no. C. 6/672/19/8/C); (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 111; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 257; L. and D. Switser: *The Black Press in South Africa and Lesotho*, p. 72; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa 1903 - 1947*, p. 68; *The Bolshevik*, Oktober 1920, p. 4 (Berig); *Ibid.*, Januarie 1921, p. 4 (Berig); *The International*, 29.04.1921, p. 2 (May Day Greetings). Kyk ook *The Bolshevik*, Januarie 1921, p. 2 (A.Z. Berman: "Unemployment") en *Ibid.*, Maart 1921, pp. 1, 3 (A.Z. Berman: The Last Struggle). I.v.m. Berman kyk ook pp. 299 – 300 hierbo. Geen biografiese besonderhede kon aangaande Lopes opgespoor word nie.

429 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 29.07.1920, p. 1 (no. C. 6/672/19/8/A).

430 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Industrial Socialist League of South Africa, Capetown. Auditor's and Financial Report for the period ended July 31st, 1919. Kyk ook *The International*, 21.12.1918, p. 3 (Cape Notes); *Ibid.*, 01.08.1919, p. 4 (M. Lopes: Cape Notes).

431 *The Bolshevik*, Mei 1920, p. 3 (A Year's Activity).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
"propaganda" gespandeer is. Hierdie inkomste is verkry van inskrywingsgelde vir die koerant en van straatkollektes.[432]

Teen Augustus 1920 het gerugte begin ontstaan dat ***The Bolshevik*** weens 'n gebrek aan fondse moontlik gestaak sou moes word. In die uitgawe van daardie maand is die eerste pleidooie tot lesers gerig om geldelike bydraes tot die League se persfonds te maak. Die nie-verskyning van die Julie 1920-uitgawe is met 'n vae verduideliking probeer verdoesel:

> "*Owing to cicumstances over which we had no control and to which many Socialist publications are subject to under the capitalist regime, - our July number has been ommited* (sic)".[433]

Teen September 1920 het die finansiële posisie van ***The Bolshevik*** inderdaad verder versleg. Die blad se verkope was aan die afneem en die Industrial Socialist League het onder geldelike druk verkeer om hulle propaganda voort te sit. Tweedrag oor die League se beleid het ook ontstaan – heelwaarskynlik tussen die jonger, aktivistiese immigrantelede en die ouer garde, by wie Berman hom waarskynlik geskaar het.[434] Vanaf September het ***The Bolshevik*** gereeld by sy lesers om finansiële bystand begin pleit en erken dat die koerant teen 'n verlies gepubliseer is. In wat waarskynlik 'n reaksie op suggesties van die kapitalistiese pers was, is ook verklaar dat dit "geen geld uit Rusland" ontvang het nie.[435] In die uitgawe van Januarie 1921 is verklaar dat die finansiële posisie, danksy die pleidooie om bydraes, verbeter het. Die blad was egter nog nie uit die moeilikheid nie en in Februarie is die pleidooi om fondse herhaal.[436] In Maart 1921 is 'n dringende pleidooi om finansiële bydraes tot lesers gerig. Drukkostes het in twee maande se tyd met 33⅓ % gestyg en selfs nadat die verkoopprys van ***The Bolshevik*** na twee pennies per eksemplaar verhoog is, kon dit nog steeds nie die verliese uitwis nie. Die redaksie was van voornemens

---

[432] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, p. 102.

[433] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 27.08.1920, p. 74 (no. C. 6/672/19/8/A); *The Bolshevik*, Augustus 1920, p. 4 (Berig).

[434] Kyk (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police – Secretary for Justice, 30.09.1920, p. 2 (no. C. 6/672/19/8/A).

[435] *The Bolshevik*, September 1920, p. 4 (Berig); *Ibid.*, Oktober 1920, p. 4 (Amunition Wanted).

[436] *Ibid.*, Januarie 1921, p. 4 (Communist Party Notes); *Ibid.*, Februarie 1921, p. 1 (Communist Party Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
om die blad meer aantreklik te maak en die grootte uit te brei en het daarvoor die lesers se hulp benodig.[437]

Die laaste beskikbare uitgawe van ***The Bolshevik***, dié van April 1921, is deur 'n nuwe drukker, The Commercial Press, gedruk.[438] Daarby verklaar ***The International*** dat die publikasie van ***The Bolshevik*** in daardie maand gestaak is as gevolg van die beoogde samesmelting van al die sosialistiese en kommunistiese groeperings en faksies in die verenigde Kommunistiese Party van Suid-Afrika wat in Julie 1921 sou plaasvind en waarvan ***The International*** die enigste en amptelike mondstuk sou wees.[439] In die lig van die verswakkende posisie van ***The Bolshevik*** is dit in elk geval hoogs te betwyfel of die blad op eie stoom ná April 1921 nog veel langer sou kon voortleef.

---

[437] *The Bolshevik*, Maart 1921, p. 1 (Urgent).

[438] *Ibid.*, April 1921, p. 4.

[439] *The International*, 29.04.1921, p. 2 (May Day Greetings). Kyk ook p. 262 hierbo.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

DIE PERS EN DIE POLITIEKE MOBILISASIE VAN DIE ARBEIDERBEWEGING

Soos reeds in hoofstuk twee verduidelik is, is dit die rol van die pers om die publiek ten opsigte van kwessies van openbare belang in te lig en om kommentaar en kritiek daarop te lewer. Daarby gee die pers ook menings weer, vertolk, interpreteer en evalueer inligting. As propagandamiddele van hulle onderskeie politieke oriëntasies het beide die *establishment* - en die arbeider- en sosialistiese koerante by uitstek hierdie rol ten opsigte van **politieke** kwessies vervul. Alhoewel verkiesingsaspekte, waarby die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty betrokke was, wel deur enkele studies, wat op arbeidgeskiedenis betrekking het, aangeraak is, het hierdie studies slegs op spesifieke gevallestudies, soos ten opsigte van die algemene verkiesings van 1910 tot 1924, die Transvaalse provinsiale verkiesing van 1914, parlementêre en provinsiale tussenverkiesings in 1912 en stadsraadverkiesings in 1911, gekonsentreer.[1] Dit skep dus 'n onegalige en ongebalanseerde beeld van die blanke arbeiderbeweging se betrokkenheid by verkiesingspolitiek en spreek nie spesifiek die rol van die pers aan nie. Ten einde 'n gebalanseerde perspektief op die rol van die pers in die politieke mobilisasie van die blanke arbeiderbeweging vir die tydperk 1908 - 1924 te verkry, sal daar in hierdie hoofstuk op die algemene verkiesings van 1910, 1915, 1920, 1921 en 1924 gefokus word. Die spesifieke politieke brandpuntkwessies wat die arbeiderbeweging deur middel van die pers in elkeen van hierdie verkiesings beïnvloed en gemobiliseer het, sal ondersoek en bespreek word.

---

[1] Kyk byvoorbeeld D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, hfst. 10, pp. 436 - 476; M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, hfst. 4, pp. 111 - 127, 153 - 156 en hfst. 8, pp. 297 - 318; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, hfst. 5, pp. 152 - 174, hfst. 9, pp. 301 - 345 en hfst. 12, pp. 463 - 491; W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en - Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 - 1915, hfst. 3, pp. 164 - 212 en hfst. 4, pp. 259 - 272; J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, hfst. 5, pp. 117 - 137; D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 - 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1969, Nr. 1, pp. 59 - 80) en B. Reid: The General Elections of 1920 and 1921 in Natal: Labour Triumph and Defeat (*Journal of Natal and Zulu History*, Vol. II, 1979, pp. 37 - 48).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.1 DIE EERSTE UNIALE ALGEMENE VERKIESING VAN 1910

Een van die uitstaande kenmerke van die eerste uniale algemene verkiesing in 1910 was die hoë mate van onderlinge twis en tweedrag waarmee die arbeiderbeweging die verkiesing sou binnegaan. Hierdie inherente swakheid van die beweging was dan ook grotendeels verantwoordelik vir die SAAP se swak vertoning tydens die verkiesing. Die simptome van die twis en tweedrag was reeds in die stigtingsproses van die SAAP waarneembaar. Ironies genoeg, is die poging tot nouer politieke eenwording van die Suid-Afrikaanse arbeiderbeweging, wat hand aan hand met die nasionale eenwordingsproses ook sy oorsprong in 1908 gehad het, juis geïnisieer om met die oog op die eerste uniale algemene verkiesing, vir arbeid 'n stewige basis in die Suid-Afrikaanse parlementêre politiek te verkry.[2]

Nadat die SAAP amptelik tot stand gekom het, was die groot vraag watter arbeider- en sosialistiese organisasies daarby sou affilieer en watter nie. Dit wil voorkom of die party aanvanklik op 'n hoë noot weggespring het. Partytakke is oral gestig, en wel teen so 'n tempo dat ***Voice of Labour*** in Januarie 1910 berig het: "*Branches of the SALP are rising like mushrooms in the night*".[3]

In hierdie positiewe omstandighede was J.F. Trembath, 'n stigterslid van die SAAP en partykandidaat vir die Kimberley-setel in die verkiesing, daarvan oortuig dat die party een derde van die setels in die verkiesing sou wen,[4] terwyl C.H. Haggar, die partysekretaris en redakteur van ***The Worker***, van mening was dat die party ten minste twaalf verkose lede na die Unieparlement sou stuur.[5] Tydens 'n vergadering in Pretoria was hy weer van mening dat die SAAP vyftien lede sou kon instem – agt uit die Transvaal, een uit die Vrystaat en

---

2 I.v.m. die stigting van die SAAP, kyk hfst. 1, pp. 23 - 26.

3 *Voice of Labour*, 14.01.1910, p. 17 (The SALP).

4 (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 89: *The Worker*, 07.08.1909, g.p. (J.F. Trembath: Labour under Union).

5 C.H. Haggar: Organised Labour as a Political Factor (*The State*, Vol. 3, June 1910, p. 942).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

drie elk van die Kaapprovinsie en Natal.[6] H.W. Sampson, die partyvoorsitter, het in Junie 1910 ook optimisties voorspel dat die Arbeiders sestien setels sou wen.[7]

Militante sosialistiese organisasies, daarenteen, soos die Kaapse SDF en die Johannesburg en Pretoria Socialist Societies, het in November 1909 besluit om nie by die SAAP te affilieer nie.[8] Die rede hiervoor blyk duidelik uit die sosialiste se houding teenoor die party, soos dit in ***Voice of Labour*** se kolomme na vore kom. 'n Korrespondent, R. Petrinovitch, het onder andere die volgende kwytgeraak aangaande die konferensiegangers by die tweede stigtingskongres van die SAAP:

> "*I also studied the material some delegates are made of, and their behaviour towards clear sighted Socialists. They are 'White' Socialists* [aanhangers van die SAAP se anti-nie-blanke kleurbeleid], *nearly all of them, and some are also firmly convinced that it would be a blessing for the future party to include Messrs. Wybergh and Creswell in the ranks*".[9]

Petrinovitch was eweneens krities ten opsigte van die politieke beleid van die Arbeidersparty, aangesien dit volgens hom nie sou lei tot die verwesenliking van die sosialistiese doelstelling van die party nie.[10]

Veral die aansluiting by die SAAP van F.H.P. Creswell, 'n middelklas myningenieur wat 'n sterk voorstander van blanke arbeid was, en sy vriend, W.J. Wybergh (die latere redakteur van ***The Worker***), in Junie 1910, het baie kontroversieel geblyk te wees en sterk reaksie by die sosialiste uitgelok. So het ***Voice of Labour*** verklaar:

> "*They* [die Arbeiderpolitici] *will compromise with Wybergh and Creswell to give them a straight fight with Labour support, but their best ally – the Socialist*

---

6 *The Star*, 27.06.1910, p. 10.

7 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 470.

8 *Voice of Labour*, 11.12.1909, p. 5 (The Movement).

9 *Ibid.*, 30.10.1909, p. 12.

10 M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 106.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

– is constantly harried to sink his principle and become subservient to their all-absorbing passion for mere Labour representation. Socialism, however, is done with this nonsense, and will assert itself on the occasion of these elections...That the SALP was created to hoist certain wire-pullers into Parliament no one can possibly doubt".[11]

As Creswell se sentimente ten opsigte van blanke arbeid, die feit dat hy nòg 'n sosialis, nòg 'n vakbondleier was, asook die bittere verdeeldheid wat in daardie stadium onder die leierelement in die arbeidergeledere geheers het, in ag geneem word, was sy en Wybergh se aansluiting by die SAAP egter 'n logiese stap.[12]

Aangaande die Johannesburg Socialist Society se teenkanting van samewerking of 'n alliansie met die SAAP, het ***Voice of Labour*** verklaar:

"*The question of Alliance with Labour is being fought out in our columns and in various Socialist organisations. The Socialist Society is unanimously in favour of independent Socialist action... The Labour Alliance does not permit of Socialism becoming a factor. The Great Cause - the only one that means anything - is to be subordinated to 'Labour' representation*".[13]

Voice het die sosialiste se distansiëring van die SAAP in 'n daaropvolgende uitgawe verder regverdig: "*The opinions of readers have decided it. No Compromise! say they, with emphatic vigour. No Compromise! say we, with equal enthusiasm. Henceforth the watchword is No Compromise!...*".[14]

---

[11] *Voice of Labour*, 13.11.1909, pp. 6 – 7 (Hoofartikel).

[12] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 436 – 439; M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 112; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 201; E. Roux: *Time Longer than Rope*, p. 124; *The Star*, 29.06.1910, p. 8 (Hoofartikel). Vir volledige biografiese besonderhede aangaande Creswell en Wybergh, kyk W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 58, 60, 174 – 176.

[13] *Voice of Labour*, 13.11.1909, pp. 6 - 7 (Hoofartikel).

[14] *Ibid.*, 20.11.1909, p. 6 (Hoofartikel); *The Star*, 23.11.1909, p. 8 (Labour v. Socialism).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die verhouding tussen die Arbeidersparty en die sosialistiese groepe het nog verder versleg toe die Johannesburg Socialist Society in November 1909 besluit het dat Archie Crawford as sosialistiese kandidaat die kiesafdeling Fordsburg in die parlementêre verkiesing van 1910 moes beveg.[15] ***Voice*** het Crawford se kandidatuur soos volg aangekondig:

> "*Socialism, for the first time in the history of Politics on the Rand, has unfurled the Red Flag unstained to the breeze, with Comrade Crawford as standardbearer, in a square fight for justice and humanity's cause against the representatives of PRIVILEGE, REACTION and REFORM*".[16]

Die koerant het die sosialiste se optrede in 'n hoofartikel soos volg regverdig:

> "*We do not believe in attacking Labour, if we can cross swords with Capitalism, but to the extent that it departs from a revolutionary basis for its action, the Labour Party becomes part and parcel of the forces of Capitalism - Seeking always to - what is impossible - moralise Capitalism, and not to completely overthrow... It is now Socialism versus Labourism. We should prefer to have tackled Capitalism first, but then we are helpless in the matter of choice*".[17]

Die Johannesburgse sosialiste was van mening:

> "*...that the policy hitherto pursued on the political field has been not only a mistake, but suicidal to the cause we represent. It has obscured the issue and played into the hands of designing persons, and they* [die sosialiste] *have decided to contest the constituency of Fordsburg on the straight issue of Socialism vs. Capitalism*".[18]

---

[15] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 108; *The Star*, 20.06.1910, p. 9 (A. Crawford: The Labour Party).

[16] *Voice of Labour*, 13.11.1909, p. 7 (The Red Flag Unfurled).

[17] *Ibid.*, 20.11.1909, pp. 6 - 7 (Hoofartikel).

[18] *Ibid.*, 13.11.1909, p. 7 (The Red Flag Unfurled).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deur sy kandidatuur aan te kondig sonder dat dit eers deur die LRC goedgekeur en bevestig is, en deur te volhard om as sosialis die verkiesing te betree, en ook as gevolg van die insident in die Johannesburgse stadsraad, waar hy 'n klousule van die WT & LC se konstitusie, dat werkers 'n billike loon deur werkgewers betaal moes word, oortree het, het Crawford hom uiteindelik totaal van die ILP, die WT & LC, en selfs sy eie vakbond, die ASE, vervreem.[19] Aangesien baie van die lede in hierdie organisasies met wie Crawford vetes gehad het, ook noue verbintenisse met die SAAP gehad het, het hy en die militante sosialiste van die party se bitterste vyande geword. Die gevolge van Crawford se onversetlike sosialistiese sienswyses was dat hy hom in 'n politieke woestyn bevind het.[20] W.H. Harrison het hierdie vyandskap in sy ***Memoirs*** soos volg beskryf: "*In those days the division was wider between the old revolutionary school and the Labour Party than it is between them and the Communist Party to-day*" [1947].[21]

Die skeuring tussen die Arbeiders en die sosialiste tydens die verkiesingstyd het ook die kolomme van die kapitalistiese pers gehaal. Na aanleiding van 'n klaarblyklike suggestie deur die ILP in die ***Rand Daily Mail***, dat die kapitalistiese Progressive Party glo Crawford se kandidatuur in die verkiesing sou steun en op die ***Voice of Labour*** ingeteken het om dit aan die gang te hou, het ***Voice*** verontwaardig en met venyn teruggekap:

> "*Quondam Socialists, now renegades, are on its staff, and when a little bit of dirty work has to be done a degraded and demoralised pen is always on hand to scrawl filth over the columns of this 'daily'... As if the Capitalists would subscribe to Socialist propaganda! It is too funny for print, or to engage more than passing attention. We merely mention it so that it should come from us first if possible, rather than afterwards from the fleet lying tongues of the scandalmongers*".[22]

---

[19] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 432 - 433. I.v.m. Crawford se vetes met bogenoemde organisasies, kyk ook *The Star*, 28.06.1910, p. 7 (A. Crawford: The Labour Split) en W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en -Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 - 1915, pp. 97, 123, 127 - 128.

[20] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 433.

[21] W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 - 1947*, p. 30.

[22] *Voice of Labour*, 20.11.1909, p. 7 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
The Star het opnuut 'n openbare polemiek tussen Crawford en die Arbeiderleiers oor sosialisme ontketen, toe hy berig het dat die SAAP in twee dele gesplits het – een groep het samewerking met generaal Botha se regerende Het Volk-party in die Transvaalse Wetgewende Raad voorgestaan, en die ander groep wou onafhanklik as 'n sosialistiese liggaam funksioneer.[23] Haggar het as sekretaris van die SAAP in antwoord hierop ontken dat daar enige splitsing in sy party of enige sprake van samewerking met die regerende party was. Hy het ook gesê dat die onafhanklike sosialistiese liggaam waarna ***The Star*** verwys het, geen deel van die SAAP uitgemaak het nie. Volgens Haggar was georganiseerde arbeiderliggame in daardie stadium so verenig soos nog nooit te vore nie.[24]

Op sý beurt het Crawford op Haggar se ontkenning gereageer deur saam te stem dat daar geen splitsing in die SAAP was nie. Volgens Crawford was die splitsing wel in die arbeiderbeweging . Hierdie splitsing het op fundamentele beginsels berus en Crawford was bereid om die kwessie op 'n openbare verhoog met Sampson as voorsitter van die SAAP te debatteer. Hy het ook die SAAP en twee van sy ampsdraers, J.J. Ware en J.J. Mulvey, gekritiseer omdat hulle nie die sosialistiese beginsels, soos vervat in die partykonstitusie, in die openbaar erken het nie. Crawford het na sy ou vete met die LRC as "*that 'veriform appendix' of the SALP*" verwys. Volgens Crawford sou Sampson ook gesê het dat eersgenoemde "*...has retaliated by forming a bogus organisation* [die Socialist Society] *to menace the SALP in the coming elections*". Crawford het die Socialist Society verontskuldig deur tereg daarop te wys dat laasgenoemde organisasie reeds vóór die Arbeidersparty bestaan het, inderdaad aan die stigtingskonferensie van die SAAP deelgeneem het, en suksesvol daarin geslaag het om die sosialistiese doelstelling in die partykonstitusie ingeskryf te kry.[25]

Na aanleiding van Haggar en Crawford se reaksie op sy aanvanklike bewering oor splitsing in die SAAP, het ***The Star*** verklaar:

---

[23] *The Star*, 20.06.1910, p. 9 (The Labour Party).

[24] *Ibid.*, 21.06.1910, p. 9 (C.H. Haggar: The Labour Party).

[25] *Ibid.*, 23.06.1910, p. 7 (A. Crawford: Labour Party Split); *Ibid.*, 28.06.1910, p. 7 (The Labour Split).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"The public must judge for itself whether a party wilst maintains its solidarity by formally ostracising its rebels can say with truth that 'there is no split nor any signs of a split'".[26]

Vanaf ongeveer Mei to 15 September 1910, verkiesingsdag, het ***Voice of Labour*** konstant die SAAP en sy leiers aangeval en beledig.[27] Die koerant het verklaar dat sy aanvalle nie soseer op die party of sy beginsels gemik was nie, maar op sy ampsdraers, waarvan die prominentste ook verkiesingskandidate was. Hierdie "kliek van politieke konkelaars" moes net soos die lede van die Progressive (Unioniste) Party en die Het Volk-party beveg word,[28] alhoewel sowel die Socialist Society as sy mondstuk later sou verklaar dat hulle alle partye, reformisme en kompromisme, vyandiggesind was. Dit het dus die SAAP ingesluit.[29] Die ***Voice*** het inderdaad belowe dat hy dinge vir die ander partye sou warm maak:

"The Voice...we shall use it with mighty effect if the straight game isn't played. We'll have a big Voice in these elections, and we shall use it at its highest pitch to maintain the purity of the working class cause... We will help our friends to make the right issue – see if we don't... We will create the liveliest atmosphere which ever existed on the Rand before many weeks are over".[30]

The Star het ook die SAAP heftig en konstant aangeval. Aangesien beide die SAAP en die Unioniste Party (waarvan ***The Star*** die mondstuk was) se sterkte in die Engelssprekende gedeelte van die kieserskorps in die stedelike kiesafdelings, veral op die Witwatersrand, gelê het, kon die Unioniste baie veld verloor deur die opkoms van 'n sterk Arbeidersparty.[31]

---

26 *The Star*, 23.06.1910, p. 6 (Notes & Comments).

27 Kyk byvoorbeeld *Voice of Labour*, 21.01.1910, pp. 26 – 27 (A. Crawford: A Question of Honour); *Ibid.*, 28.01.1910, pp. 42 – 43 (Hoofartikel); *Ibid.*, 18.02.1910, p. 78 (Hoofartikel); *Ibid.*, 03.06.1910, p. 258 – 259 (Hoofartikel); *Ibid.*, 01.07.1910, p. 307 (Latest Telegram); *Ibid.*, 05.08. 1910, p. 364 (Hoofartikel); *Ibid.*, 12.08.1910, p. 1 ("Spall Hammer": Labour and its Choice); *Ibid.*, 19.08.1910, p. 380 (Hoofartikel); *Ibid.*, 26.08.1910, p. 1 ("Spall Hammer": The Political Situation); *Ibid.*, 09.09.1910, pp. 404 – 405 (Hoofartikel).

28 *Voice of Labour*, 13.05.1910, p. 222 (Hoofartikel); *Ibid.*, 08.07.1910, p. 319 (Hoofartikel).

29 *Ibid.*, 15.07.1910, pp. 330 – 331 (Hoofartikel) en pp. 332 – 333 (Socialist Society and the SALP).

30 *Ibid.*, 17.06.1910, p. 283 (Hoofartikel).

31 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 451, 454.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gevolglik was een van die grootste verkiesingskwessies, wat in beide die kapitalistiese en die sosialistiese pers opgesweep is, 'n sogenaamde "samewerking" tussen die SAAP en Het Volk (vanaf Maart 1910 het laasgenoemde, tesame met sy Engelssprekende vleuel, as die Suid-Afrikaanse Nasionale Party, of kortweg Nasionaliste, bekend gestaan).[32] Hierdie "samewerking" is voorafgegaan deurdat Het Volk tydens die verkiesing van Transvaalse senatore vir die eerste Unieparlement bereid was om van sy surplusstemme te gebruik om Peter Whiteside tot senator vir die Arbeidersparty verkies te kry.[33] ***The Star*** het hierdie stap in verskeie hoofartikels en kommentare veroordeel.[34] Die koerant het ook artikels en briewe van arbeiderlesers gepubliseer wat ontevrede was oor die keuse van Whiteside as senator. Daar is veral gesinspeel op die feit dat Whiteside 'n opportunis was wat eers kort voor nominasiedag by die SAAP aangesluit het en dat Sampson Whiteside se nominasie bewerkstellig het sodat laasgenoemde hom nie in die verkiesing in dieselfde kiesafdeling kon teenstaan en sodoende sy (Sampson se) wenkans kon benadeel nie. Whiteside is ook daarvan beskuldig dat hy nie die regerende party, wat in 1907 die mynstaking beëindig het en die myne met Afrikaner-bywoners ten koste van die stakers gevul het, teengestaan het nie. Daar is verder beweer dat Whiteside sy invloed sou gebruik het om die SAAP ondergeskik aan Het Volk se wil te maak.[35]

Whiteside het homself van ***The Star*** se kommentaar verontskuldig, deur te beweer dat hy, ten gevolge van sy verkiesing tot senator met Het Volk – steun, instrumenteel was in die toenadering tussen die SAAP en eersgenoemde in die verkiesing. "*'The Star' does not exist to do justice to Labour members, indeed, I do not think the words 'justice' and 'fair play'*

---

32 B.J. Liebenberg: Die Unie van Suid-Afrika tot die Statuut van Westminster, 1910 - 1931 (C.F.J. Muller, red.: *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 385); E. Walker: *A History of Southern Africa*, p. 535; South African Politics (*The Round Table*, Vol. I, 15 November 1910, p. 86); Anon: *The Nationalist - Labour Pact: Past and Present, 1907 – 1924*, pp. 3 – 4.

33 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 271; Anon: *The Nationalist - Labour Pact: Past and Present, 1907 – 1924*, p. 18; *The Star*, 21.04.1910, p. 6 (In the House); *Ibid.*, 29.06.1910, p. 10 (The Elections).

34 *The Star*, 23.04.1910, p. 6 (Hoofartikel); *Ibid.*, 23.06.1910, p. 6 (Notes & Comments); *Ibid.*, 05.07.1910, p. 8 (Hoofartikel).

35 *Ibid.*, 09.06.1910, p. 10 ("J.L.": Labour and Het Volk); *Ibid.*, 14.06.1910, p. 11 ("The Other Side": Labour and Het Volk); *Ibid.*, 17.06.1910, p. 11 ("For Socialism": Labour and Het Volk); *Ibid.*, 16.07.1910, p. 4 ("W.M.": Het Volk and Labour); *Ibid.*, 29.07.1910, p. 11 ("W.M.": "Five Bob a Day"); *Ibid.*, 01.08.1910, p. 9 (Union Politics); *Ibid.*, 09.08.1910, p. 6 ("Filius Populi": The Labour Split); *Ibid.*, 10.08.1910, p. 8 ("Filius Populi": The Labour Split). Kyk ook *Ibid.*, 18.04.1910, p. 10 (H.W. Sampson: Labour and Senate).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

can be found in your vocabulary".[36] Inteendeel, dit was juis 'n bewys dat die blad bereid was om kritiek teen homself te publiseer. Hierdie openheid het ***The Star*** egter in die pekel laat beland. Dit het 'n brief van T. Glynn aangaande Whiteside se senatorskap geplaas waarin eersgenoemde onder andere die volgende beledigende opmerking oor laasgenoemde gemaak het: "*And the price paid for labour's honour has been a seat in the Senate to the arch-traitor and scab of the South African labour world – the man who may justly boast with General Smuts of having smashed the* [1907] *miners' strike...*". Die uiteinde van die saak was dat Whiteside £5 000 van ***The Star*** vir laster geëis het. Die saak is buite die hof geskik en Whiteside het £250 ontvang, terwyl 'n apologie in die koerant aangeteken is.[37]

Voice of Labour het Whiteside op grond van dieselfde argumente as ***The Star*** in kenmerkende sarkastiese en beledigende taal uitgekryt as 'n verraaier van die werkers. Daar is na hom verwys as "*...Peter – the quondam darling of the people turned deserter*",[38] en: "*Compromise must have been a wholesale business on the part of Peter, to warrant such generous treatment from the natural enemies of the class Peter professes to serve*".[39]

Teen ongeveer die helfte van Junie 1910 het lede van die SAAP en Het Volk samesprekings ten opsigte van die komende verkiesing gevoer. Die samesprekings is vroeg in Julie opgevolg deur 'n besoek van Whiteside en Haggar aan die hoofkwartier van Het Volk in Pretoria.[40] Sodanige verwikkeling kon die Unioniste Party nadelig raak in die verkiesing. Gevolglik het ***The Star*** in sy hoofartikels en ander kommentare en berigte, onder andere vanuit 'n berig wat in die mondstuk van Het Volk, ***De Volkstem***, verskyn het,[41] aangevoer dat dit duidelik geblyk het uit die lys van kandidate wat aan die verkiesing deelgeneem het, dat daar defnitief 'n ooreenkoms tussen die twee partye was, omdat hulle mekaar bykans in

---

36 *The Star*, 06.07.1910, p. 10 (P. Whiteside: Labour and Het Volk).

37 L.E. Neame: *Today's News Today*, p. 153; *The Star*, 03.08.1910, p. 4 (T. Glynn: The Labour Party); *Voice of Labour*, 12.08.1910, p. 371 (T. Glynn: Industrial Union Notes).

38 *Voice of Labour*, 22.04.1910, p. 186 (Hoofartikel). Kyk ook *Ibid.*, 29.04.1910, p. 196 ("Porcupine": Mining Notes); *Ibid.*, 06.05.1910, p. 212 ("Porcupine": Mining Notes); *Ibid.*, 27.05.1910, p. 246 (Hoofartikel); *Ibid.*, 24.06.1910, p. 292 (Labour Leaders Turn Traitors).

39 *Ibid.*, 03.06.1910, p. 258 (Hoofartikel).

40 M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 115 – 116; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 454; *The Star*, 02.07.1910, p. 9 (Union Politics); *Voice of Labour*, 08.07.1910, p. 319 (Hoofartikel).

41 *The Star*, 29.08.1910, p. 8 (The Dutch Press).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geen kiesafdelings geopponeer het nie. Daar is ook beweer dat die twee partye se kiesers mekaar in sekere kiesafdelings ten koste van die Unioniste sou steun.[42]

The Star het verder 'n pleidooi tot die anti-sosialistiese gevoelens van sy konserwatiewe arbeiderlesers gerig deur op die sosialistiese doelstelling van die SAAP te sinspeel en te verklaar: "*It cannot be too strongly impressed upon the electorate of the Rand that every vote cast for a Labour candidate...is a vote for Socialism*". Die koerant het ook geprobeer om die Het Volk-party met die sosialisme te verbind: "*At the same time we do not hesitate to believe that every vote cast for an official Labour candidate is not only a vote for Socialism, but also a vote for Het Volkism, and, therefore, for retrogression*".[43]

Aan die ander kant het segsmanne van die Arbeiders- en Het Volk-partye, soos Whiteside, Haggar, Sampson, Creswell, W.H. Andrews, J. Berman, J.F. Trembath, J.J. Ware, J. Coward en genl. Smuts, op vergaderings tydens die verkiesingskampanje enige sprake van samewerking ten sterkste ontken.[44] Vanuit talle briewe wat in ***The Star*** gepubliseer is, blyk dit egter dat baie werkers ontevrede was oor bogenoemde bewerings van samewerking. Sommige korrespondente, onder andere Crawford en 'n pseudoniemskrywer, ene "Carpenter", het die ontkenning van die Arbeidersegsmanne as onaanvaarbaar en onvoldoende beskou. Die korrespondente was van mening dat die kandidate van die SAAP hulle beginsels oorboord gegooi het om tot elke prys 'n politieke amp te beklee deurdat hulle met Het Volk en genl. Smuts, wat die mynstaking van 1907 gebreek het, saamgewerk

---

42 *The Star*, 09.06.1910, p. 9 (The Elections); *Ibid.*, 20.06.1910, p. 9 (Union Politics); *Ibid.*, 23.06.1910, p. 6 (Notes & Comments); *Ibid.*, 05.07.1910, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 09.07.1910, p. 11 (Union Politics); *Ibid.*, 29.07.1910, p. 8 (Notes & Comments); *Ibid.*, 05.08.1910, p. 9 (Het Volk – Labour Alliance); *Ibid.*, 10.08.1910, p. 8 ("Filius Populi": The Labour Split); *Ibid.*, 20.08.1910, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 30.08.1910, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 06.09.1910, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 12.09.1910, p. 9 (Hoofartikel). Kyk ook artikelreeks in *The Star*: "The Marionettes – Labour Led by Het Volk", respektiewelik 30.08.1910, p. 8; 31.08.1910, p. 8; 01.09.1910, p. 8; 02.09.1910, p. 8; 03.09.1910, p. 8; 05.09.1910, p. 8; 06.09.1910, p. 8; 07.09.1910, p. 8 en Anon: *The Nationalist – Labour Pact: Past and Present, 1907 – 1924*, p. 19.

43 *The Star*, 19.07.1910, p. 6 (Hoofartikel).

44 *Ibid.*, 06.07.1910, p. 10 (P. Whiteside: Labour and Het Volk) en (C.H. Haggar: Mr. Haggar's Admission); *Ibid.*, 27.06.1910, p. 10 (Union Elections); *Ibid.*, 22.07.1910, p. 10 (The Labour Campaign); *Ibid.*, 29.07.1910, p. 8 (Notes & Comments) en p. 10 (The Elections); *Ibid.*, 13.08.1910, pp. 12 – 13 (The Elections); *Ibid.*, 17.08.1910, p. 15 (West Rand News); *Ibid.*, 18.08.1910, p. 8 (The Elections); *Ibid.*, 24.08.1910, pp. 10, 12 (The Elections); *Ibid.*, 13.09.1910, p. 13 (The Elections); (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 472: Koerantknipsel (Mr. Trembath at Newton).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het.[45] "Carpenter" was ook van mening dat Haggar en ***The Worker*** oneerlik was in hulle ontkenning van enige vorme van samewerking. "Carpenter" het sy bewerings gemotiveer deur die argumente dat ***The Worker*** volgens hom geensins 'n poging aangewend het om die Het Volk-regering te kritiseer waar dit teen die belange van die werkers sou optree nie. Hy het een van sy briewe aan ***The Star*** met die volgende advies afgesluit: "*It is no use filling the columns of 'The Worker' with appeals for support untill the paper and party are run honestly and above board, and then both will go ahead*".[46]

Alhoewel ***Voice of Labour*** min of meer dieselfde argumente as ***The Star*** geopper het om 'n "verkiesingsamewerkingsooreenkoms" tussen die SAAP en Het Volk te probeer bewys, was daar 'n verskil in benadering. Waar laasgenoemde die SAAP en Het Volk aangeval het om daaruit vir die Unioniste Party politieke munt te kon slaan, het dit vir die ***Voice of Labour*** eerder om 'n beginselsaak gegaan. Dit was vir ***Voice***, wat daarvan oortuig was dat daar genoeg bewyse van 'n samewerking was, onvergeeflik dat die segsmanne van die SAAP steeds samewerking ontken het. Volgens dié koerant het die Arbeidersparty en sy leiers hulle beginsels verkrag deur met 'n kapitalistiese party saam te werk met die uitsluitlike doel om parlementêre verteenwoordiging te verkry. Die hele proses sou die SAAP uitbuit en die party tot nadeel strek.[47]

Gevolglik is die leiers van die SAAP in skerp taal veroordeel:

---

45 *The Star*, 23.06.1910, p. 7 (A. Crawford: Labour Party Split); *Ibid.*, 28.06.1910, p. 7 (A. Crawford: The Labour Split); *Ibid.*, 04.07.1910, p. 9 ("Carpenter": The Labour Party); *Ibid.*, 07.07.1910, p. 10 (P.R. Roux: Het Volk and Labour); *Ibid.*, 12.07.1910, p. 10 ("Carpenter": Labour and Het Volk); *Ibid.*, 26.07.1910, p. 11 ("Commune Bonum": The Labour Party); *Ibid.*, 27.07.1910, p. 8 ("Labourite": The Labour Party); *Ibid.*, 05.08.1910, p. 8 (R. Currie: General Smuts's Admission); *Ibid.*, 10.08.1910, p. 8 (T. Trowell: Mr. Creswell's Policy); *Ibid.*, 29.08.1910, p. 8 (A. Crawford: Het Volk – Labour Alliance); *Ibid.*, 30.08.1910, p. 6 ("A Turffontein Voter": SALP Lies); *Ibid.*, 01.09.1910, p. 10 (J. Davidson, A. Crawford, en J.B. Gold: Labour – Het Volk Bargain); *Ibid.*, 05.09.1910, p. 8 (A. Crawford: Labour – Het Volk Alliance).

46 *Ibid.*, 12.07.1910, p. 10 ("Carpenter": Labour and Het Volk); *Ibid.*, 21.07.1910, pp. 9 – 10 ("Carpenter": The SALP and Het Volk); *Ibid.*, 03.08.1910, p. 4 ("Carpenter": "No Understanding').

47 *Voice of Labour*, 22.04.1910, p. 191 (W.H. Andrews: J.P.); *Ibid.*, 24.06.1910, pp. 292 – 293 (Labour Leaders turn Traitors) en p. 295 (Latest Telegram); *Ibid.*, 08.07.1910, p. 319 (Hoofartikel); *Ibid.*, 22.07.1910, p. 344 (Mr. Andrews at Fordsburg); *Ibid.*, 05.08.1910, p. 1 (Election Points), p. 363 (The Effect of Alliance) en p. 365 (Hoofartikel); *Ibid.*, 19.08.1910, pp. 380 – 381 (Hoofartikel); *Ibid.*, 26.08.1910, p. 388 (Hoofartikel) en p. 389, respektiewelik (Now we Know!), (More "Compromise" News), (An Interesting Leaflet) en (Mr. Dunbar's Exposure); *Ibid.*, 02.09.1910, p. 394 (The National

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"*We brand the Labour leaders responsible for this act as traitors to the working class cause! They have sold the working classes to their natural enemies; the men who are on the backs of the workers and will do anything for them* [die werkers] *but get off*".[48]

Daarby het ***Voice*** 'n spotprent gepubliseer met die titel "Labour and Landlordism". Dit het 'n werker voorgestel wat 'n gemaksugtige landheer in 'n kar teen 'n steil bult na 'n kasteel trek. Volgens ***Voice*** is die spotprent deur die Johannesburgse sosialistiese kandidate as verkiesingsliteratuur gebruik om die alliansie tussen die SAAP en Het Volk te illustreer.[49]

Hoe dit ook al sy, die beskikbare getuienis dui volgens Ticktin wel daarop dat die twee partye, ten spyte van wedersydse ontkennings, besluit het dat onderhandeling oor setels tot albei se voordeel gestrek het en dat hulle mekaar dus nie in die verkiesing sou opponeer nie. In sekere kiesafdelings sou verdeelde stemme tussen die SAAP en die Suid-Afrikaanse Nasionale Party (SAP) immers 'n oorwinning vir die Unioniste beteken. Slegs in die Witwatersrandse kiesafdelings, Georgetown en Fordsburg, is die ooreenkoms verbreek en het die twee partye kandidate teenoor mekaar gestel. Van 'n formele verkiesingspakt was daar geen sprake nie. Dit was 'n ooreenkoms in dié sin dat dit vir albei partye voordeel ingehou het en hulle verkiesingsvooruitsigte ten koste van die Unioniste Party verbeter het. Die SAP het besluit om in kiesafdelings waar hulle swak was, liewer die goedgesinde Arbeiders te steun as om toe te laat dat 'n Unionis verkies word. Die SAAP het die samewerkingsooreenkoms met die Nasionaliste ontken, omdat die verkiesing op 'n (blanke) rassegrondslag en nie op 'n klassebasis beveg is nie. Die Arbeiders wou dus deur die ontkenning van die samewerking verhoed dat die Britsgesinde blanke werkers vir die Unioniste sou stem. Min kiesers op die Rand kon egter die Arbeiderleiers se ontkenning glo, veral aangesien die Nasionaliste Arbeiderkandidate, soos Creswell en Haggar, openlik gesteun het.[50]

Labour Compact); *Ibid.*, 09.09.1910, p. 408 (Comrade A. Crawford's Election Manifesto); *Ibid.*, 23.09.1910, p. 421 (Hoofartikel).

48 *Voice of Labour*, 24.06.1910, p. 292 (Labour Leaders turn Traitors).

49 *Ibid.*, 16.09.1910, p. 413.

50 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, pp. 453, 455 - 457. Die NP-pamflet, *The Nationalist-Labour Pact: Past and Present, 1907 - 1924*, pp. 3 - 19, wek verkeerdelik die indruk dat daar wel 'n formele verkiesingsooreenkoms tussen die twee partye bestaan het. Kyk ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos reeds genoem is, het ***Voice of Labour*** by uitstek aanvalle op die kandidate van die Arbeidersparty, as een aspek van die sosialiste se verkiesingsveldtog, geloods. Namate die verkiesingstryd gevorder het en stemdag nader gekom het, het ***Voice of Labour*** sy snedige en beledigende aanmerkings op die kandidate van die SAAP verskerp. So het Crawford byvoorbeeld in sy hoofartikel van 8 Julie 1910 geskryf:

> "*The evil in the SALP is in its wirepullers. Mr. Sampson's ideas run on Labour representation as on Shylocks did on ducats. 'Get in' is his motto, 'on principle if you can but - get in'. Mr. W.H. Andrews is a deep schemer as tyrannical and unscrupulous in his political methods as the Capitalists he so loudly decries. Messrs. Haggar and Matthews occupy a place at the other end of the wire, the latter possessing the saving graces of honesty and humour*".[51]

Lesers van ***Voice*** is selfs aangeraai om in kiesafdelings waar geen verklaarde sosialistiese kandidaat gestaan het nie hulle van stemming te weerhou. Volgens die blad behoort geen SAAP-kandidaat werkersklassteun te gekry het nie: "*...they...merit the absolute disregard and scorn of right-thinking members of the working class*".[52]

Dit blyk dat die aanvalle van ***Voice of Labour*** op die verkiesingskandidate van die Arbeidersparty in 'n groot mate op Andrews en Sampson gerig was, veral as in ag geneem word dat hulle en die twee sosialistiese kandidate, Crawford en J. Davidson, dieselfde setels, naamlik Fordsburg en Commissionerstraat, betwis het.[53] Die koerant het die integriteit van die twee Arbeiderkandidate by die lesers verdag probeer maak deur hulle sogenaamde inkonsekwente optredes van die verlede, wat die werkers se saak tot nadeel sou strek, uit te lig. Die redakteur het lesers aangemoedig om pamflette, omsendbriewe en

---

F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 154, en (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 472: Koerantknipsel: (Mr. Trembath at Newton).

[51] *Voice of Labour*, 08.07.1910, p. 319 (Hoofartikel).

[52] *Ibid.*, 09.09.1910, pp. 404 - 405 (Hoofartikel).

[53] *Ibid.*, 19.08.1910, p. 378 (Union Parliamentary Elections) en p. 380 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

adresse van kandidate, veral Arbeiderkandidate, aan hom te stuur sodat moontlike toekomstige omstrede en inkonsekwente optredes deur diesulkes ook belig kon word.[54]

'n Politieke pseudoniemskrywer van ***The Star***, ene "Filius Populi", wat waarskynlik 'n stem uit die vakbondgeledere was, het skynbaar ook die samewerking tussen die SAAP en die Nasionaliste gekritiseer:

> "*Politically they* [vakbondlede] *would rather give their support to the Unionists - who are most likely to provide a strong opposition to the Nationalists - than be identified with the intrigue and bartering which is the meat and drink of the Rand labour politician*".[55]

Die hoofteiken van persoonlike aanvalle deur beide die sosialistiese en *establishment*-pers, soos verteenwoordig deur ***Voice of Labour*** en ***The Star***, was egter die omstrede figuur, C.H. Haggar. Ticktin skryf dit toe aan sy posisie as algemene sekretaris van die SAAP, redakteur van die partymondstuk, en die werkers se beste orator en arrogantste segsman.[56] As gevolg van sy inkonsekwente standpuntinnames oor arbeidkwessies, veral in die destydse Natalse parlement, het H. Norrie hom die volgende "advies" gegee: "*Dr. C.H. Haggar, for the sake of yourself, for the sake of the Labour movement of South Africa, for the benefit of all - RETIRE!*"[57]

Voice het hom as 'n ongewenste persoon in die Arbeidersparty beskou[58] en het voorgestel:

> "*If the Labour Party is wise, it will ship the alleged doctor back to the birthplace (who said grave?) of his political reputation* [Australië]. *The Labour Party has long suffered from the political tramp who peradventure drops in at*

---

54 *Voice of Labour*, 26.08.1910, p. 389 (Hoofartikel).

55 *The Star*, 11.08.1910, p. 6 ("Filius Populi": The Labour Split).

56 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 466.

57 *Voice of Labour*, 18.12.1909, p. 2 (H. Norrie: In the Pillory).

58 *Ibid.*, 05.08.1910, p. 364 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

the Trades Hall in the hope of regaling himself with the spoils of high office, and not unusually remains to surfeit himself".[59]

Ook "Filius Populi" het 'n mondvol sarkastiese en onvleiende kommentaar oor Haggar geuiter:

> "*He is the platform buffoon of the party. His ponderous intelligence and his first-hand knowledge of every subject under the sun often cause questions to be asked as to why he left Australia, why the Natal Railway strike was bungled, and why the people of Natal allowed such an accomplished politician to desert them. Mr. Haggar has a long way to go before he gains the confidence of Rand Labourites*".[60]

Haggar se omstrede uitlatings tydens 'n SAAP-verkiesingsvergadering op Krugersdorp het inderdaad 'n verleentheid vir sy eie party se koerant, ***The Worker***, meegebring. In sy toespraak het Haggar onder andere gesê: "*They accuse me of being the cause of the Natal strike. Don't believe all you see in the papers; I am an editor myself. We are all as honest as we can afford to be*".[61] Die heksejag in die pers op Haggar het 'n hoogtepunt bereik deur die publikasie van 'n brief deur Sampson waarin verklaar is dat die uitvoerende bestuur van die SAAP die vrywillige bedanking van Haggar as partylid en -sekretaris ontvang en aanvaar het. Blykbaar het Sampson Haggar gekonfronteer met inligting van 'n persoon uit Natal oor laasgenoemde se onsedelike gedrag met vrouens aldaar, asook beweringe dat hy 'n bordeelhouer in Australië of Natal was. Die verkiesingskomitee van Roodepoort, waar Haggar die SAAP-kandidaat was, was egter ontevrede oor die stap en het, ondanks die besluit van die uitvoerende bestuur van die party, geweier dat Haggar hom onttrek. Gevolglik het hy as 'n onafhanklike Arbeiderkandidaat in Roodepoort gestaan. Eers tydens

---

[59] *Voice of Labour*, 10.06.1910, p. 270 (Hoofartikel).

[60] *The Star*, 11.08.1910, p. 6 ("Filius Populi": The Labour Split). Kyk ook *Ibid.*, 26.07.1910, p. 11 ("Commune Bonum": The Labour Party).

[61] *Ibid.*, 29.08.1910, p. 10 (Labour at Krugersdorp).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
die party se vyfde jaarkongres, in Desember 1913 en Januarie 1914, is Haggar tot die SAAP hertoegelaat toe Sampson verklaar het dat die beweringe teen hom nooit bewys is nie.[62]

Volgens Grobler is die Arbeiders se hele veldtog oor die blanke arbeidbeleid en die swartbeleid gevoer.[63] Alhoewel die verkiesingsmanifes van die SAAP onder meer bepaal het dat: "*The South African Labour Party is absolutely non-racial and will fight racialism whenever it shows its head*", was hierdie bepaling slegs op blankes van toepassing.[64] Tydens die verkiesingskampanje het onder andere Sampson, Creswell en Wybergh 'n verbod op verdere Asiate-immigrasie, 'n verbod op staatsubsidie vir Asiate-emigrasie, die invoer van kontrakarbeiders, die segregasie van die swartes en ontwikkeling in "eie" gebiede met adviesrade onder beheer van die Unie-parlement, asook geen uitbreiding van die nie-blanke stemreg nie, bepleit. Die SAAP het dus die beskerming en bevordering van blanke arbeid voorgestaan.[65] Creswell het ook verklaar dat hy die laaste persoon was wat 'n "anti-nigger"-gevoel wou aanwakker, maar hy het tog gesê: "*...we must recognise that the white race must take upon themselves the responsibility of governing the whole of South Africa, and of governing the native races of South Africa*".[66]

Uit die aard van sy eie kleursiening het ***Voice of Labour*** hierdie blanke arbeidbeleid, of "Creswellisme",[67] ten sterkste veroordeel:

---

62 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 467; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 157 - 158; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 200; *The Star*, 23.08.1910, p. 9 ("Filius Populi": Mr. Haggar Answered); *Ibid.*, 08.09.1910, p. 8 (The Labour Party) en p. 9 (Political Sensation); *Ibid.*, 09.09.1910, p. 11 (The Labour Sensation); *Ibid.*, 10.09.1910, p. 12 (Mr. Haggar and Roodepoort); *Ibid.*, 29.12.1913, p. 11 (Labour Party). Kyk ook R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 115 - 116; (JOB) SALP Collection, 29.12.1913 - 01.01.1914: Minutes of the Fifth Annual Conference at Pretoria, p. KJ 3.

63 F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 156.

64 L.M. Thompson: *The Unification of South Africa, 1902 - 1910*, p. 462; *The Star*, 18.07.1910, p. 11 (The Labour Party). Kyk ook *Ibid.*, 17.08.1910, p. 5 (P. Hammond: The SALP and White Labour).

65 D.W. Krüger (ed): *South African Parties and Policies, 1910 - 1960*, p. 14; *The Star*, 22.07.1910, p. 7 (The Labour Campaign); *Ibid.*, 13.08.1910, p. 13 (Mr. Creswell at Jeppes); *Ibid.*, 17.08.1910, p. 13 (The Elections); *Ibid.*, 31.08.1910, p. 10 (The Elections); *Ibid.*, 06.09.1910, p. 12 (The Elections); *Ibid.*, 10.09.1910, p. 12 (The Elections); *Ibid.*, 13.09.1910, p. 13 (The Elections); *Ibid.*, 15.09.1910, p. 10 (Final Appeals).

66 *The Star*, 10.09.1910, p. 12 (The Elections).

67 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 462.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"The White Labour Policy is a farce. The capitalist parties know it to be a farce. They deliberately encouraged Mr. Creswell in pre-election times, knowing that in a few weeks their Press would turn Mr. Creswell's propaganda to advantage. This they are doing, and the chances are that with Mr. Creswell will sink the entire Labour Party".[68]

The Star het onder meer oor Creswell se eksplisiete nie-blanke-beleid lakonies opgemerk: "*...we have sometimes suspected of* [him] *a desire to solve the colour problem by exterminating them altogether...*".[69]

Die invoer van nie-blanke arbeiders is veral op die Unioniste se brood gesmeer, aangesien hulle die party was van die mynbase, wat baie swart kontrakwerkers ingevoer het. Creswell het die Unioniste gebrandmerk as 'n gevaar vir die land omdat hulle nie sou skroom om weer Chinese kontrakarbeid in te voer nie.[70] Deur hierdie kritiek het die SAAP gepoog om die Unioniste met die Hoggenheimer-beeld en 'n liberale houding teenoor die nie-blankes te assosieer.[71]

Die sosialistiese kandidate, Crawford en Davidson, het net soos hulle koerant op hulle vergaderings tydens die verkiesingsveldtog die Arbeidersparty veroordeel en verklaar dat húlle eintlik die konstitusie en beginsels van die SAAP verteenwoordig het aangesien daardie party sy beginsels, veral die sosialistiese doelstelling, versaak het.[72] In die lig van die oorwegende anti-nie-blanke sentiment van die Transvaalse blanke arbeiderbeweging, was die twee sosialistiese kandidate dapper in hulle weiering om 'n kleurgrens in hulle verkiesingspropaganda te trek. ***Voice of Labour*** berig byvoorbeeld dat Crawford tydens 'n vergadering op die Sondagaand vóór die verkiesing twee uur lank sy kleurstandpunt verdedig het, terwyl dit by tye voorgekom het of die skare hom daaroor wou verskeur.

---

68 *Voice of Labour*, 19.08.1910, p. 381 (Hoofartikel).

69 *The Star*, 21.12.1909, p. 8 (Hoofartikel).

70 F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 156 - 157; D.W. Krüger: *South African Parties and Policies, 1910 - 1960*, pp. 13 - 14; *The Star*, 22.07.1910, p. 10 (The Labour Campaign).

71 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 462.

72 *The Star*, 10.08.1910, p. 13 (The Elections); *Ibid.*, 16.08.1910, p. 9 (The Elections); *Ibid.*, 24.08.1910, p. 12 (The Elections); *Ibid.*, 25.08.1910, p. 10 (The Elections).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens ***Voice*** het meer as een persoon agterna glo aan Crawford gesê dat hulle nie vir duisende ponde dieselfde beginsels voor 'n skare sou verdedig op die vooraand van 'n verkiesing waar een van die groot kwessies die moontlike uitbreiding van die nie-blanke-stemreg was nie.[73] H.J. en R.E. Simons verklaar egter dat die sosialistiese kandidate opsetlik nagelaat het om enigsins in hulle verkiesingsmanifeste na rassediskriminasie of na die aansprake van die swartes te verwys.[74]

Namate die verkiesingstryd na die stemdag toe verhewig het, het dit van Crawford 'n tol begin eis en ***Voice*** het verklaar: "*These are Election times and we are all up to the eyes in political filth. Readers are asked to forgive our shortcomings and wrongdoings this side of Polling day*".[75] In die ***Voice***-uitgawe van 9 September 1910 skryf Crawford:

> "*This issue of the Voice is the last prior to the Elections, and we are glad to have reached that stage. To be an Editor, Election Agent, Party Organiser, Business Manager and Candidate, does not conduce to the perfect performance of a single task*".[76]

Die verkiesingsveldtog het ook nie baie voorspoedig vir die sosialiste verloop nie. ***Voice*** het gekla dat hulle 'n moeilike taak gehad het om die apatie en onkunde by die kieserspubliek oor sosialisme af te breek. Daarby was daar 'n algemene gebrek aan openbare belangstelling in die sosialiste se verkiesingsvergaderings en sommige toehoorders het, deur onsmaaklike aanmerkings te skree, geprobeer om hierdie vergaderings te ontwrig. 'n Gebrek aan voldoende verkiesingsfondse het skynbaar tot die langsame vordering bygedra. Tog was dié koerant optimisties dat sy kandidate die setels Fordsburg en Commissionerstraat sou wen.[77]

---

[73] *Voice of Labour*, 16.09.1910, pp. 412 - 413 (Hoofartikel).

[74] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 144 - 145.

[75] *Voice of Labour*, 02.09.1910, p. 398. Kyk ook *Ibid.*, 23.09.1910, p. 418 (A. Crawford: A Useful Life).

[76] *Ibid.*, 09.09.1910, p. 405 (Hoofartikel).

[77] *Ibid.*, 02.09.1910, p. 396 (Hoofartikel) en p. 398 ("Campaigner": The Election Campaign). I.v.m. die ontwrigting van die sosialiste se vergaderings, kyk ook *The Star*, 25.08.1910, p. 10 (The Elections) en ("Voter": The SALP and the Socialists).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Net soos die politieke partye wat hulle verteenwoordig het, het die persorgane mekaar ook onderling, as deel van die verkiesingstryd, aangeval. Ten spyte van ***The Worker*** se kritiek op 'n pro-regeringskoerant soos ***The South African News***, verklaar Thompson dat die Arbeider-kandidate deur die pro-regeringspers ondersteun is,[78] en dit sou by implikasie aanvaar kon word dat ***The South African News*** ook onder laasgenoemde kategorie geval het. Ticktin, M. Kentridge, H.J. en R.E. Simons en ***Voice of Labour*** is ook van mening dat ***The South African News*** arbeidergesind was.[79]

Daarby was die ***Rand Daily Mail*** en die ***Sunday Times*** die SAAP tydens die verkiesingstryd simpatiekgesind.[80] ***Voice of Labour*** het 'n noue verbintenis tussen die SAAP en die kapitalistiese ***Rand Daily Mail*** probeer uitwys, veral aangesien Jack Erasmus, wat op die redaksie van die ***Mail*** gedien het, ook in 'n komitee van die administratiewe raad van die SAAP, wat vir die seleksie van Arbeiderkandidate in die verkiesing verantwoordelik was, gedien het.[81] ***Voice*** het beweer dat die ***Rand Daily Mail*** "*...usually knows more than the other Capitalist organs about Labour politics...*" en het berig dat H.D. Bernberg, wat 'n lid van die SAAP was "*...credits it with being something of a Labour Party organ*".[82] ***Voice*** het selfs in 'n vergesogte stelling beweer dat die ***Rand Daily Mail*** die Arbeidersparty beheer en die party ondersteun het. Volgens ***Voice*** sou die ***Mail*** dit gedoen het in ruil vir Arbeidersteun aan R. Ward-Jackson, die redakteur van laasgenoemde koerant, wat ook 'n kandidaat in die Randse kiesafdeling, Von Brandis, was.[83]

---

78 L.M. Thompson: *The Unification of South Africa, 1902 - 1910*, pp. 472 - 473. I.v.m. *The Worker* se siening van *The South African News*, kyk ook hfst. 3, p. 110.

79 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 323; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 100; M. Kentridge: *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*, p. 13; *Voice of Labour*, 29.09.1911, p. 4 (Hoofartikel).

80 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 464. I.v.m. die *Sunday Times* se houding teenoor die SAAP, kyk ook *The Star*, 29.07.1910, p. 11 ("W.M." - Editor).

81 *Voice of Labour*, 19.08.1910, p. 381 (Hoofartikel); *Ibid.*, 26.08.1910, p. 388 (Hoofartikel). Kyk ook *Ibid.*, 03.03.1911, p. 635 (J. Davidson: Trade Union Federation); *Ibid.*, 16.02.1912, p. 1 (A. Crawford: From the Watch Tower); *Ibid.*, 22.03.1912, p. 1 (A. Crawford: From the Watch Tower); *The Star*, 13.05.1912, p. 9 (Driven Out).

82 *Voice of Labour*, 09.09.1910, p. 405 (Hoofartikel).

83 *Ibid.*, 22.07.1910, p. 342 (Hoofartikel). Kyk ook *Ibid.*, 26.08.1910, p. 388 (Hoofartikel) en i.v.m. Ward-Jackson en die *Rand Daily Mail*, kyk (SAB) K 132, Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 - 1964, Annexure IV, p. 364.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 'n sarkastiese hoofartikel verklaar ***Voice of Labour*** dat hy altyd die werkersklas gewaarsku het dat 'n koerant soos ***The Star*** nie hulle eintlike gevaar was nie. Dit was volgens eersgenoemde algemeen bekend dat ***The Star*** teen die werkersklas gekant is en daarom was die kanse minder dat die werkers deur hierdie koerant verraai sou word. Die Arbeidersparty het egter die ***Mail*** "aanbid". Die ***Rand Daily Mail***, so het ***Voice of Labour*** beweer, was die werklike "gevaar" vir die werkers aangesien dit die Arbeidersparty ter elfder ure "verraai" het ten gunste van die mynmagnaat, sir Abe Baily, en die Unioniste Party.[84]

The Star is egter nie deur ***Voice*** onaangetas gelaat nie. In 'n ander hoofartikel het laasgenoemde ***The Star*** daarvan beskuldig dat beriggewing oor die politieke toesprake van verkiesingskandidate só gemanipuleer is dat dit die politici wat deur dié koerant gesteun is, bevoordeel het.[85] ***The Worker***, weer, is beskuldig dat hy kompromisme met anti-Arbeiderbelange aangemoedig het.[86]

Voice het die werkers gewaarsku teen die kapitaliste en hulle koerante wat die werkers vir die voordeel van die kapitaliste se partye in die verkiesing sou uitbuit:

> "*Why is it that the mines are giving their advertisements freely just now to all kinds of paper? Why are all the little papers round the country being bought up by rich parties? Is it because of the Elections? From now till the Elections is the period when the demand for working class support is great, and when influence fetches a high price. Working men! Be careful of those papers and men in whom you have formerly placed your confidence! You are up for sale now. Those confidences are now assets to their unscrupulous possessors! Capitalist money will flow from now onwards like water, and then? Well, such money is but seed sown to return a harvest. A Harvest of Grain for the*

---

[84] *Voice of Labour*, 19.08.1910, p. 381 (Hoofartikel). I.v.m. die *Voice of Labour* se houding teenoor die *Rand Daily Mail* en *The Star*, kyk ook hfst. 2, p. 40 en hfst. 5, pp. 218 - 219.

[85] *Voice of Labour*, 17.06.1910, p. 282 (Hoofartikel).

[86] *Ibid.*, 03.06.1910, pp. 258 - 259 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Capitalist. A Harvest of Sorrow and Degradation to the Worker. The Voice is the only trustworthy organ you have".[87]

Die uitslag van die eerste uniale algemene verkiesing van 15 September 1910 het uit die aard van die saak baie kommentaar in die pers uitgelok. Van die negentien parlementêre setels wat die SAAP landswyd betwis het, kon die party slegs in kiesafdelings op die Witwatersrand sukses behaal en het 10,9 % van die stemtotaal op hom verenig. Creswell het Jeppe, Sampson Commissionerstraat en W.B. Madeley Springs verower, terwyl Haggar, wat in daardie stadium 'n onafhanklike Arbeider was, in Roodepoort gewen het.[88] Daarby is die Arbeiderkandidate, J.J. Ware en W.G. Holmes, ook in Witwatersrandse kiesafdelings tot die Transvaalse Provinsiale Raad verkies.[89]

The Star het baie sobere kommentaar gelewer oor die SAAP se posisie ná die verkiesing en slegs weereens verwys na die party se verbintenis met die Nasionaliste. Die koerant het verklaar dat die party in verhouding toe swakker in die parlement as in die Transvaalse Wetgewende Raad verteenwoordig was.[90] Vir ***Voice of Labour*** was Wybergh se neerlaag by die stembus een van die grootste verrassings van die verkiesing, wat slegs deur Haggar se oorwinning geëwenaar is. Oudergewoonte het die blad egter die Arbeidersparty gekritiseer:

"*The almost rout of the S. African Labour Party was well merited and it should now be clear to its myopic leaders that in entering into a compact with the National Party, they sold their principles for a mess of pottage. The National Party had everything to gain and the Labour Party everything to lose. Had the Labour Party stood aloof from the National Party and sought the co-operation*

---

87 *Voice of Labour*, 18.02.1910, p. 84 (Working Men!).

88 H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 145; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 116; B.M. Schoeman: *Parlemenêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976*, pp. 18 - 21; D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, Appendix C, pp. 545 - 546; L.M. Thompson: *The Unification of South Africa, 1902 - 1910*, p. 476; *The Star*, 16.09.1910, p. 10 (The Elections); *Ibid.*, 17.09.1910, p. 11 (Parliament).

89 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910, p. 471; *The Star*, 16.09.1910, p. 10 (The Elections).

90 *The Star*, 16.09.1910, p. 8 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of the Socialist which might have been gained if the principles of Socialism had been clearly established – they would have carried several more seats".[91]

Vir die sosialiste was die prentjie minder rooskleurig. Die verkiesings in die Transvaal het bewys dat militante sosialisme en 'n uitgesproke nie-rassige kleurstandpunt feitlik geen steun onder die blanke kieserskorps gehad het nie. Ten spyte van 'n verkiesingskampanje van meer as tien maande in Fordsburg, het Crawford slegs agt stemme ontvang, terwyl Davidson darem 25 stemme in die Commissionerstraat-kiesafdeling gekry het.[92] Crawford het wrewelrig oor sy eie verkiesingsuitslag in ***Voice*** geskryf:

> "*Eight votes in Fordsburg and the TRUTH. Eight votes for revolutionary Socialism and no race or colour bar. If this doesn't suit you, would you have preferred that the Socialist candidates had drawn a colour line and got a hundred and eight votes? Or adopted a white labour policy and other reforms and got two hundred and eight votes? Or adapted their literature to play on the passions of the people and got three hundred and eight votes? Or canvassed the constituencies, kissing dirty babies, etc., and got four hundred and eight votes? Or joined with Het Volk and got five hundred and eight votes? Or in addition to all these things, joined the Labour Party and got in?*"[93]

Voice het ook ander redes vir die swak prestasie van die sosialiste voorgehou. Eerstens moes die sosialiste hulle identiteit te midde van 'n nie-sosialistiese kieserskorps vestig.[94] Die koerant het self erken dat die verkiesingsuitslae van Davidson en Crawford 'n korrekte aanduiding van die sterkte van sosialisme in Johannesburg was; dat daar geen sosialistiese sentiment was nie en dat daar nouliks 'n dosyn "ware" sosialiste in die stad was:

---

91 *Voice of Labour*, 16.09.1910, p. 412 (Hoofartikel).

92 D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, pp. 472, 474; *Voice of Labour*, 23.09.1910, p. 418 (A. Crawford: A Useful Life); (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 348: Koerantknipsel ("Puff": S. African Elections and Rejections).

93 *Voice of Labour*, 16.09.1910, p. 411 (Socialism in the Transvaal).

94 *Ibid.*, p. 412 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"There is one lesson to learn from the recent Elections; if we want Socialism we will have to fight for it, and fight hard too. Ninety-nine per cent of those who call themselves Socialists are of the feather bed order".[95]

Crawford het ook verklaar dat sy idees oor sosialisme te gevorderd was vir die kieserskorps.[96] A.W. Noon, die sosialistiese kandidaat van die SDF wat ver deur 'n Unionis in die kiesafdeling, Kaapstad Sentraal, verslaan is, het aangevoer dat die sosialiste dáár nie bekend was met die grensafbakening van die kiesafdelings vóór 31 Mei 1910 nie; hulle nie die kieserslys tot ongeveer sewe weke vóór die stemdag in die hande kon kry nie; en omdat hulle 'n tekort aan verkiesingsfondse gehad het.[97]

Ten spyte van 'n verkiesingsuitslag wat eintlik op verwerping neergekom het, het Crawford 'n dapper front voorgehou. ***Voice*** het selfs ironies verklaar: *"The election contest was a decided forward step for Socialism in the history of the Transvaal and of South Africa"*.[98] Crawford het voorgegee dat hy glad nie teleurgesteld was nie. Hy het beweer dat sy beginsels, en nie hy as persoon nie, verwerp is, en dat hy trots was op die uitslag. Indien hy op 27-jarige ouderdom 'n verkiesing sou wen, sou dit populariteit beteken en ook veronderstel het dat hy sy lewe ten volle gely het, wat allermins die geval was.[99] H.J. en R.E. Simons verklaar egter dat Crawford sy neerlaag swaar gesluk het. Gevolglik het hy die beheer van sy koerant en drukpers laat vaar en 'n wêreldtoer van dertien maande na industriële sentra onderneem.[100]

Presies hóé groot die invloed van die pers op die verkiesing van 1910 was, is moeilik bepaalbaar, aangesien daar in die tydperk wat hierdie studie dek, klaarblyklik nog nie praktyke soos menings- en marknavorsing bestaan het nie. Dat die pers wél 'n invloed op

---

95 *Voice of Labour*, 23.09.1910, p. 420 (Hoofartikel). Kyk ook *Ibid.*, p. 1 ("Spall Hammer": Some Election Thoughts).

96 *Ibid.*, 23.09.1910, p. 418 (A. Crawford: A Useful Life).

97 *Ibid.*, pp. 418 – 419 (A.W. Noon: Cape Notes).

98 *Ibid.*, 16.09.1910, p. 413 (Hoofartikel).

99 *Ibid.*, 23.09.1910, p. 418 (A. Crawford: A Useful Life).

100 H.J. en R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 146. I.v.m. Crawford se wêreldtoer, kyk ook W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Party en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 210, 240 – 245.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
die verkiesing uitgeoefen het, ly egter geen twyfel nie. Die Arbeiderleier, J.F. Trembath, het beweer dat die Arbeiderpers van Johannesburg die Unionistiese sprekers tydens die verkiesing glad nie sagkens behandel het nie.[101] Daarenteen het die binnegevegte in die Arbeidersparty, die onverkwiklike twis en tweedrag tussen die Arbeiders en die sosialiste, asook die omstredenheid rondom Haggar se persoonlikheid, soos weerspieël in die beriggewing en kommentaar van die anti-SAAP-pers, ongetwyfeld daartoe bygedra om 'n negatiewe beeld van die party by potensiële partyondersteuners te projekteer.

The Star het 'n groot rol gespeel om die SAAP in 'n swak lig by die kieserspubliek te stel. In Augustus 1910 het die koerant 'n artikelreeks van "Filius Populi" gepubliseer. Soos reeds gesê, was laasgenoemde waarskynlik 'n vakbondlid wat ontevrede was met die leiers van die Transvaalse arbeiderbeweging, want die artikels het gepoog om hulle en die SAAP in diskrediet te bring. Kort daarna het ***The Star*** 'n reeks van agt artikels, ook uit die pen van 'n onbekende skrywer, onder die titel "The Marionettes – Labour Led by Het Volk", gepubliseer. Dit het gepoog om die verbintenis tussen die Arbeiders en Het Volk uit te wys. In September 1910 is vertroulike briewe van Andrew Dunbar oor sy bedanking uit die SAAP gepubliseer, wat ook meer lig op die ooreenkoms tussen die Nasionaliste en die Arbeiders gewerp het.[102]

Ook ***Voice of Labour*** het 'n groot rol gespeel om die Arbeidersparty in diskrediet te bring. Die koerant het gespog dat sy propaganda oor die Arbeider-Het Volk-alliansie veroorsaak het dat beide die Arbeider- en die Het Volk-kandidate in Fordsburg, W.H. Andrews en F.E.T. Krause, onderskeidelik, verslaan is; dat die Unioniste sodoende bevoordeel is; en dat Sampson se meerderheid in sý kiesafdeling tot veertig stemme verminder is.[103] Sampson het self erken dat die Randse militante sosialiste die Arbeiders se verkiesingsveldtog baie meer skade aangedoen het as wat in die paar stemme wat die sosialiste getrek het, weerspieël is.[104] Dit is eintlik verbasend dat die verdagmakery en beledigings wat ***Voice of Labour*** die SAAP en sy leiers toegesnou het, nie lastersake teen

---

[101] (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 458: Koerantknipsel (Mr. Trembath in Ward 4).

[102] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 466.

[103] *Voice of Labour*, 16.09.1910, p. 413 (Hoofartikel); *Ibid.*, 23.09.1910, p. 418 (A. Crawford: A Useful Life).

[104] D. Ticktin: The Origins of the South African Labour Party, 1888 – 1910, p. 473.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die blad uitgelok het nie. Waarskynlik het die militante sosialiste en hul mondstuk se onophoudelike negatiewe en afbrekende kritiek van die Arbeidersparty daartoe bygedra dat hulle so min stemme in die verkiesing gekry het.

Die sosialiste self het darem ook nie skotvry van die verkiesingstryd afgekom nie. In 'n hoofartikel het ***Voice of Labour*** aangaande die *establishment*-pers gekla oor "*the scurvy treatment accorded them* [die sosialistiese kandidate] *by the capitalist Press*", en verklaar: "*Although the Masonic Hall, Fordsburg, was crowded past the doors, out into the passage, no report was given in any daily paper, and this, despite the fact that paid advertisements had appeared in each*".[105] In dieselfde uitgawe het "Campaigner" gekla: "*Slander and misrepresentation are reaching their zenith*".[106]

Crawford het ook geskryf dat die openbare mening aangaande hom dié was wat die *establishment*-pers teenoor die ongewilde saak waarvoor hy gestaan het, gehuldig het.[107] ***The Star*** het inderdaad verklaar:

> "*Let us say at once for fear of misunderstanding that we have no sort of sympathy with the militant Socialism which has driven men like Mr. Crawford from the Labour ranks... There is not, and never can be, the smallest question of an alliance between these Socialist malcontents and the Unionists*".[108]

Die optrede van die Randse militante sosialiste, om kandidate onafhanklik van die SAAP in die verkiesing te stel, kan as die eerste krake in die muur van eenheid in die arbeidergeledere beskou word. Hierin het ***Voice of Labour*** geen geringe aandeel gehad nie. Dus, wat die pers betref, het ***Voice***, as die groot skeurmaker in arbeidergeledere, en ***The Star*** as die groot verdagmaker in die gemoedere van die arbeiderkiesers, hulle rolle meesterlik in die algemene verkiesing van 1910 vertolk.

---

[105] *Voice of Labour*, 02.09.1910, p. 396 (Hoofartikel).

[106] *Ibid.*, p. 398 ("Campaigner": The Election Campaign).

[107] *Ibid.*, 23.09.1910, p. 418 (A. Crawford: A Useful Life).

[108] *The Star*, 05.07.1910, p. 8 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2 DIE "KHAKI" VERKIESING VAN 1915

Die "khaki" (pro-Britse),[109]- of oorlogsverkiesing[110] van 20 Oktober 1915,[111] was volgens Crafford en Barlow, wie se publikasies onderskeidelik in 1944 en 1952 verskyn het, die bitterste verkiesingsveldtog wat tot in daardie stadium Suid-Afrika gehou is.[112] Waar die algemene verkiesing van 1910 in 'n groot mate om politieke persoonlikhede en hulle beleidsrigtings gewentel het, was die oorheersende faktor in die 1915-verkiesing die oorlogkwessie, of Suid-Afrika aan die Eerste Wêreldoorlog moes deelneem, (en voortvloeiend daaruit die Rebellie van 1914 – 1915) en die verskillende politieke partye se standpuntinname daaroor.[113]

Soos ook in hoofstuk vyf verduidelik, was die tydsberekening van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, op die vooraand van die 1915-verkiesing, fataal vir die party-eenheid van die SAAP. Daarom sou hierdie verkiesing dan ook rampspoedige gevolge vir die Arbeidersparty inhou. En tog het die SAAP se verkiesingsvooruitsigte aanvanklik uiters rooskleurig gelyk. Danksy die regering se bloedige optrede tydens die staking van 1913 en sy omstrede onderdrukking van die staking van 1914 op die Witwatersrand, het al hoe meer kiesers uit die stedelike Afrikaner-werkersklas hulle by die Arbeidersparty geskaar. Dit alles het daartoe bygedra dat dié party die Transvaalse provinsiale verkiesing van Mei 1914 met 'n oorweldigende meerderheid gewen het. Van die SAAP se 25 kandidate in die verkiesing het 23 setels verower en gevolglik het die party 'n meerderheid van een oor al die ander partye gesamentlik in die Transvaalse Provinsiale Raad gehad. Daarom het die SAAP met groot optimisme uitgesien na die algemene verkiesing van 1915. Die meeste kommentators het voorspel dat die Arbeidersparty ongeveer 30 setels sou verower, terwyl

---

[109] Kyk E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 74; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 176; N. Levi: *Jan Smuts*, p. 275; *The Eastern Record*, 24.07.1915, p. 15 (Creswelliana); *The Evening Chronicle*, 15.10.1915, p. 4 (Paying for the War); *De Burger*, 26.10.1915, p. 4 (De Elektiecijfers); *The International*, 22.10.1915, p. 1 (Labour saved from Jingoism).

[110] F.A. van Jaarsveld: *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, p. 275.

[111] B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 – 1976*, p. 46.

[112] F.S. Crafford: *Jan Smuts. A Biography*, p. 106; A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, p. 158. Kyk ook D.W. Krüger: *The Making of a Nation*, p. 102.

[113] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 325; P.F. van der Schyff: Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910 – 1921, p. 129; T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 123; W.K. Hancock: *Smuts I. The Sanguine Years, 1870 – 1919*, p. 403.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C. Clingman, die waarnemende partysekretaris, selfs van mening was dat die party die regering sou kon oorneem. Hierdie aansprake is versterk deur die feit dat die aantal SAAP-parlementslede sedert 1910 deur middel van suksesvolle tussenverkiesings van vier tot agt aangegroei het. Provinsiale tussenverkiesings is selfs in die Vrystaat gewen en teen April 1914 het Creswell 'n mosie (alhoewel onsuksesvol) in die parlement ingedien dat die wetgewende liggaam ontbind en dat 'n algemene verkiesing uitgeskryf moes word. Teen Julie 1914 het die SAAP dus oor agt parlementslede, 26 provinsiale raadslede en 40 stadsraadslede beskik.[114]

Die indrukwekkende vooruitgang van die party ten spyt, het die SAAP in daardie stadium egter sy hoogtepunt bereik.[115] Die verlammende uitwerking van die tweespalt in die party oor deelname aan die Eerste Wêreldoorlog, al dan nie, het teen Julie 1915 al hoe sterker in die pers begin manifesteer. ***The Eastern Record***, die spreekbuis van die Oostelike Distrikskomitee van die SAAP, het byvoorbeeld skerp kritiek teen Creswell se "Sien-die-oorlog-deur"-beleid, na wat as "Creswelliana" verwys is, uitgespreek en ernstige pleidooie ten gunste van die behoud van die eenheid in partygeledere gelewer. Die blad het Creswell daarvoor gekritiseer dat hy die kwessie nie met groter sensitiwiteit en omsigtigheid gehanteer het nie en omdat hy openlik verklaar het dat hy "koud gestaan het" teenoor die beginsels van internasionale sosialisme - dit ten spyte van die feit dat hy in 1914 nog namens die Arbeidersparty 'n sosialistiese anti-oorlog kongres in Wenen, Oostenryk, bygewoon het.[116]

---

[114] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 323 - 325; M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 315; D.J.J. Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914 - 1921, pp. 181 - 182; W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en -Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 - 1915, pp. 305 - 308; T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 123; S.B. Spies: South Africa and the First World War (B.S. Liebenberg and S.B. Spies, eds: *South Africa in the 20th Century*, p. 127); B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 138; D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 - 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1969, Nr. 1, pp. 59 - 61, 72); A.H. Marais: Aspekte van die 1915-Verkiesing (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1973, Nr. 5, p. 67). Kyk ook *The Evening Chronicle*, 20.10.1915, p. 5 (Labour Notes). I.v.m. die politieke skeuring in Arbeidergeledere kyk hfst. 5, pp. 225, 238 - 239.

[115] D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 - 15, (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1969, Nr. 1, p. 61).

[116] *Ibid.*, pp. 70, 71; *The Eastern Record*, 10.07.1915, pp. 10 - 11 (Mr. Creswell and Policy); *Ibid.*, 24.07.1915, pp. 13 - 15 (Creswelliana). Kyk ook *Ibid.*, 05.09.1914, pp. 14 - 15 (The Germiston Resolutions); *Ibid.*, 05.12.1914, pp. 12 - 13 (The Labour-cum-Unionists); *Ibid.*, 30.01.1915, pp. 10 - 11

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die SAAP se amptelike beleid tydens die 1915-verkiesing was onder andere die toekenning van stemreg aan vroue, kompensasie vir mynteringlyers, ouervoorkeure ten opsigte van moedertaalonderrig in skole, die ontmoediging van swart immigrasie na blanke gebiede en die bevordering van die ontwikkeling van swart tuislandgebiede.[117] Die party het 44 kandidate in die veld gestoot,[118] terwyl twee kandidate van die ISL-wegbreekgroep, W.H. Andrews en J.A. Clark, onderskeidelik die Randse kiesafdelings Georgetown en Langlaagte, beveg het.[119]

The Star, die mondstuk van die Unioniste Party, se strategie tydens die verkiesingsveldtog by monde van sy destydse redakteur, C.D. Don, was om maksimum steun aan die Botha-regering en die SAP te verleen,[120] aangesien hierdie party die Britse oorlogspoging gesteun het. Daarom moes die bedreiging wat die Arbeiders en die nuutgestigte Nasionale Party van genl. J.B.M. Hertzog, of "Hertzogiete", vir die SAP by die stembus ingehou het, ten alle koste uitgeskakel word.[121] ***The Star*** het daarop gekonsentreer om, deur middel van beskuldigings, insinuasies en sogenaamde "beëdigde verklarings" deur ongenoemde persone, 'n verkiesingsamewerkingooreenkoms en wedersydse ondersteuning tussen die SAAP en die NP te probeer bewys.[122] Alhoewel die twee partye mekaar simpatiekgesind

---

(Our "Enemy-Subject"); *Ibid.*, 12.06.1915, pp. 10 - 11 (The Political Outlook); *Ibid.*, 31.07.1915, p. 3 (D.I. Jones: How Labour Lives) en p. 22 ("The Mowdie": Random Shots).

[117] P.H. Coetzee: Partypolitiek in Suid-Afrika sedert 1910, p. 52.

[118] *The Star*, 21.10.1915, p. 6 (The Verdict).

[119] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 334; M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 311; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 186; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 56; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 176; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 51; *The International*, 10.09.1915, p. 3 (Andrews and Clark); *Ibid.*, 17.10.1915, p. 4 (W.H. Andrews for Georgetown); *Ibid.*, 01.10.1915, p. 3 (The International Movement).

[120] C.D. Don: *And Having Writ...*, p. 124.

[121] P.F. van der Schyff: Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910 - 1921, p. 134; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 252; A.H. Marais: Aspekte van die 1915-Verkiesing (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1973, Nr. 5, p. 73).

[122] Kyk *The Star*, 25.09.1915, p. 10 (Labour Party and Nationalists); *Ibid.*, 27.09.1915, p. 8 (Labour and Nationalism); *Ibid.*, 08.07.1915, p. 6 (Party Activity); *Ibid.*, 21.08.1915, p. 6 (Mr Creswell's Brass Buttons); *Ibid.*, 04.09.1915, p. 6 (Politics at Krugersdorp); *Ibid.*, 02.10.1915, p. 6 (Notes and Comments); *Ibid.*, 05.10.1915, p. 6 (The Wreckers); *Ibid.*, 06.10.1915, p. 12 ("V.S.": The Unionist Gazette); *Ibid.*, 08.10.1915, p. 8 (Election Idyls); *Ibid.*, 09.10.1915, p. 6 (The Great Divide); *Ibid.*, 12.10.1915, p. 6 (Notes and Comments); *Ibid.*, 14.10.1915, p. 4 (The Roundabouts); *Ibid.*, 16.10.1915, p. 4 (You Never can Tell) en p. 12 ("V.S.": The Unionist Gazette).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was en mekaar ten opsigte van sekere beleidskwessies rakende die werkers in die parlement gesteun het, het daar in die 1915-verkiesing egter geen samewerkingsooreenkoms tussen die SAAP en die NP bestaan nie. Inteendeel, omdat die twee partye kandidate teenoor mekaar in dieselfde kiesafdelings gestel het, het dit eerder tot 'n verdeling van stemme en daarom tot nadeel van beide gestrek.[123]

The Evening Chronicle, wat hom tydens die verkiesingskampanje as die nie-amptelike mondstuk van die SAAP voorgedoen het, het kategories alle beskuldigings en insinuasies deur ***The Star***, die SAP en die Unioniste Party, van 'n SAAP-NP-samewerkingsooreenkoms of alliansievorming, ontken.[124] ***The Evening Chronicle*** het 'n volledige lys, asook die motivering daarvoor, oor die aantal mosies in die parlement waar die SAAP wel met die NP saamgestem het, gepubliseer. Die koerant het daarmee probeer aantoon dat die Arbeidersparty in hierdie gevalle vir die belange van die gewone Suid-Afrikaners, onder andere teen kapitalistiese uitbuiting en viktimisasie deur die owerheid en vir werkersregte en billike belastingwetgewing, gestem het.[125] In reaksie teen die genoemde beskuldigings het ***The Evening Chronicle*** beweer dat daar eerder 'n alliansie tussen die SAP en die UP bestaan het.[126] Die koerant het selfs verklaar dat die NP se onverskilligheid en vyandiggesindheid teen die "belange van die Britse Ryk" 'n "nasionale ramp" sou kon veroorsaak.[127]

'n Ander strategie van ***The Star*** was om die Arbeidersparty se lojaliteit aan die Britse oorlogspoging verdag te maak. Die koerant het die verdeeldheid in Arbeidergeledere ten opsigte van die oorlogstandpunt, en die botsende sienings van die amptelike SAAP en die ISL-faksie binne die party daaroor, by kiesers probeer diskrediteer deur te verklaar dat die

---

[123] O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 252 - 253, 256, 278: D.J.J. Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party, 1914 - 1921, pp. 177, 182; Anon: *The Nationalist-Labour Pact: Past and Present, 1907 - 1924*, p. 20; A.H. Marais: Aspekte van die 1915-Verkiesing (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1973, Nr. 5, p. 73).

[124] *The Evening Chronicle*, 14.10.1915, p. 4 (Climbing Down); *Ibid.*, 16.10.1915, p. 4 (Labour and Loyalty); *Ibid.*, 26.08.1915, p. 3 ("W.T.S.": Labour Notes); *Ibid.*, 28.09.1915, p. 4 (Poison Gas) en p. 5 (Election Notes). I.v.m. die koerant se verhouding met die SAAP, kyk ook hfst. 4, pp. 145 - 152.

[125] *Ibid.*, 06.10.1915, p. 6 (Men or Measures). Kyk ook *Ibid.*, 09.10.1915, p. 3 (Labour at Pretoria); *Ibid.*, 12.10.1915, p. 4 (Unionists and Rebels).

[126] *Ibid.*, 15.10.1915, p. 3 (Labour at Pretoria).

[127] *Ibid.*, 20.10.1915, p. 4 (The Two Dangers).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SAAP-beleid oor die oorlog uit twee monde verkondig is.[128] Verder het ***The Star*** die Arbeidersparty daarvan beskuldig dat dit oor die kleurkwessie ook uit twee monde gepraat het: diegene ten gunste van die behoud van die industriële kleurslagboom en diegene ten gunste van die afskaffing daarvan.[129] Die koerant het in hierdie verband verklaar "*...we do say that the* [Labour] *party is, and always has been purely sectional, cultivating short views, and trading on 'class' antagonism which ought to be non-existent in a young and democratic country*".[130] "V.S.", ***The Star*** se pseudoniemskrywer van "The Unionist Gazette", het die SAAP ook daarvan beskuldig dat die party se "hooligan element" verantwoordelik was vir die ontwrigting van sommige van die UP se verkiesingsvergaderings op die Rand.[131]

In reaksie op bogenoemde pogings om die Arbeidersparty se lojaliteit aan die Britse oorlogspoging verdag te maak, het ***The Evening Chronicle*** verklaar dat die uitdryf van die ISL-faksie uit die party juis 'n bewys van sy lojaliteit was, asook die feit dat ses uit die agt Arbeiderparlementslede hulle tot aktiewe diens bereid verklaar het.[132] Dit wil inderdaad voorkom of die Arbeidersparty die UP as sy vernaamste opponent in die verkiesing beskou het. ***The Evening Chronicle*** se aanvalle was dan ook hoofsaaklik teen die UP en kapitalisme (wat as sinoniem met die Unioniste beskou is) gemik. Die Unioniste Party en sy leier, sir Thomas Smartt, is daarvan beskuldig dat hulle die regering se optrede in die stakings van 1913 en 1914 ondersteun het. Die UP is verder daarvan beskuldig dat dit oor geen duidelike beleidsprogram beskik het nie, polities bankrot was, en voorstanders van

---

[128] *The Star*, 15.09.1915, p. 6 (The Real Thing); *Ibid.*, 04.10.1915, p. 10 ("V.S.": The Unionist Gazette); *Ibid.*, 09.10.1915, p. 6 (The Great Divide); *Ibid.*, 12.10.1915, p. 14 ("V.S.": The Unionist Gazette); *Ibid.*, 13.10.1915, p. 12 ("V.S.": The Unionist Gazette); *Ibid.*, 14.10.1915, p. 4 (The Roundabouts) en p. 14 (The Unionist Gazette); *Ibid.*, 15.10.1915, p. 14 ("V.S.": The Unionist Gazette); *Ibid.*, 16.10.1915, p. 4 (You Never can Tell) en p. 12 ("V.S.": The Unionist Gazette); *Ibid.*, 18.10.1915, p. 12 (The Unionist Gazette).

[129] *Ibid.*, 01.10.1915, p. 8 (Notes and Comments); *Ibid.*, 04.10.1915, p. 10 ("V.S.": The Unionist Gazette).

[130] *Ibid.*, 07.10.1915, p. 6 (A Distressful Country). Kyk ook *Ibid.*, 09.10.1915, p. 6 (Some Delusions and a Moral).

[131] *Ibid.*, 07.10.1915, p. 12 ("V.S.": The Unionist Gazette). I.v.m. die identiteit van "V.S.", kyk ook hfst. 4, pp. 148 – 149 en W.P. Visser: Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en –Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915, pp. 281, 324, 380 – 382.

[132] *The Evening Chronicle*, 24.09.1915, p. 4 (The Labour Party and the "Britisch" Party); *Ibid.*, 11.10.1915, p. 4 (Patriotism or Partisanship?); *Ibid.*, 13.10.1915, p. 4 (The Crime of being Patriotic) en (Ideals in Practice); *Ibid.*, 15.10.1915, p. 3 (Labour at Pretoria); *Ibid.*, 16.10.1915, p. 4 (Labour and Loyalty); *Ibid.*, 19.10.1915, p. 4 (Elections and Common Sense); *Ibid.*, 20.10.1915, p. 4 (The Two Dangers).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

goedkoop, ingevoerde Chinese arbeid na die Randse goudmyne ten koste van plaaslike (blanke) arbeid was.[133]

Gedagtig aan die skeuring wat in die SAAP plaasgevind het, was ***The Evening Chronicle*** uiteraard sterk teen die ISL gekant en het beskuldigings, dat die Arbeidersparty "internasionaal sosialisties" was, ontken.[134] Die blad het minagtend na die ISL verwys as "*merely a little band of illogical and fanatical enthusiasts...without any following and of no serious accounts*".[135]

Op sý beurt het ***The International*** spesifiek die SAAP en Creswell se "Sien-die-oorlog-deur"-beleid aangeval deur te verklaar dat 'n werkersklasparty (soos die SAAP) se eerste plig by die internasionale werkersklas gelê het om gekombineerde druk op die oorlogvoerende lande uit te oefen om vrede te sluit. Die blad het egter gekla dat die werkers dit nie ingesien het nie, aangesien die kapitalistiese pers 'n houvas op die Arbeiderkandidate gehad het: "*The twaddle of the 'Star', 'Mail' and 'Chronicle' is supreme wisdom*".[136] ***The International*** was voorts van mening dat die Arbeidersparty met hierdie beleid in die hande van die Corner House-kapitaliste gespeel het.[137]

Ons Vaderland het as spreekbuis vir Afrikaanssprekende werkers in die verkiesingsveldtog ook baie krities teenoor die SAAP se verkiesingspropaganda gestaan. Die koerant het die SAAP-beleid as "*...'n zonderling mengelmoes van imperialisme, sosialisme, jingoïsme en...egoïsme!*" afgemaak.[138]

Soos reeds gesê, het die SAAP 'n verpletterende neerlaag in die verkiesing gely en net 9,8 % van die stemtotaal op hom verenig. Slegs vier van die 44 Arbeiderkandidate, te wete

---

[133] Kyk byvoorbeeld *The Evening Chronicle*, 23.09.1915, p. 4 (Hole-in-the-Corner-Politics); *Ibid.*, 05.10.1915, p. 4 (The Unionist Big Gun); *Ibid.*, 07.1915, p. 4 (Get on with your Politics); *Ibid.*, 08.10.1915, p. 4 (Have They a Policy?); *Ibid.*, 09.10.1915, p. 3 (Labour at Pretoria).

[134] *Ibid.*, 21.09.1915, p. 5 (Labour Party and the War-on-Warites) en *Ibid.*, 01.10.1915, p. 4 (International Socialism).

[135] *Ibid.*, 22.09.1915, p. 4 ("Vote Britisch!").

[136] *The International*, 17.09.1915, p. 1 ("Peace in a Month") en p. 2 (Election Wriggles). Kyk ook *Ibid.*, 15.10.1915, p. 3 (Are we "Seeing it Through") en (The Hope of the World).

[137] *Ibid.*, 15.10.1915, p. 2 (Every Labourite a Rebel).

[138] *Ons Vaderland*, 14.09.1915, p. 5 (Elektie Nieuws).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
W.B. Madeley (Benoni), H.W. Sampson (Siemert), T. Boydell (Greyville) en T. Maginess (Liesbeeck) kon daarin slaag om parlementêre setels te verower. Creswell, wat as kandidaat in twee kiesafdelings genomineer is, te wete Kimberley en Bezuidenhoutvallei, is egter in beide verslaan. Daarteenoor het die SAP 54, die UP 40 en die NP 27 setels verower. Die groot slagting in Arbeidergeledere is deur die Unioniste aangerig, wat aan 'n aantal faktore toegeskryf kon word. Die SAAP se aanvanklike weifeling om definitiewe standpunt oor die oorlogkwessie in te neem, het die party se beeld negatief beïnvloed. Daarom was die Unioniste-pers effektief om die Arbeidersparty se lojaliteit aan Brittanje by die kiesers verdag te maak, veral omdat die party eers kort voor die verkiesing besluit het om amptelik 'n pro-oorlogbeleid aan te neem - dit ten spyte van die feit dat Creswell in beide Duits-Suidwes-Afrika en Duits-Oos-Afrika aktiewe militêre diens verrig het. Aangesien die SAAP grootliks afhanklik was van die stemme van Engelssprekende werkers, het die kampanje van die Unioniste-pers hom dus groot skade berokken. Die voortdurende beskuldigings van 'n SAAP-NP-samewerking het die Engelssprekende kieser nog verder vervreem. Daarby is die Arbeidersparty se taak ook bemoeilik omdat sy kandidate in die verkiesing gelyktydig aan twee fronte moes veg: aan die een kant moes hulle die breë kieserspubliek van hulle lojaliteit verseker en aan die ander kant moes hulle hul eie volgelinge oortuig dat die ISL se standpunt ten opsigte van die oorlog verkeerd was. As laaste verswarende faktor, het die pro-oorlog-houding van die SAAP die Afrikanerwerkers, onder wie hy steun begin wen het, afgeskrik en na die snel groeiende Nasionale Party gedryf.[139]

F.S. Crafford, die biograaf van genl. Smuts, is van mening dat die Arbeidersparty se groot verkiesingsnederlaag te wyte was aan die generering van die gewelddadige anti-Duitse gevoel in die land as gevolg van die sinking van die *Lusitania*. Die het feitlik al die

---

[139] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 315 - 317; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 335 - 336; P.F. van der Schyff: Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910 - 1921, p. 137; R.B. Mulholland: White Labour and Politics: Railway Workers on the Witwatersrand 1910 - 1924, p. 179; T. Boydell: "*My Luck Was In*", pp. 123 - 124; B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976*, pp. 47 - 68; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 184 - 185; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 177; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 74 - 75; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 56; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 51; L. Blackwell: *African Occasions*, pp. 46 - 48; A.H. Marais: Aspekte van die 1915-Verkiesing (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1973, Nr. 5, p. 88); *De Burger*, 26.10.1915, p. 6 (De Verhouding der Partijen). H.J. en R.E. Simons, p. 184 verklaar verkeerdelik dat die Unioniste 39 setels verower het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Engelssprekende kiesers aangespoor om vir die UP te steun.[140] H.J. en R.E. Simons skryf die nederlaag weer toe aan die SAAP se dubbelslagtige kleurbeleid, waar die Kaapse Arbeidersparty Kleurlinge aangemoedig het om vir die party te stem, terwyl dit nie ten opsigte van dieselfde party in die Transvaal gegeld het nie.[141]

Dit blyk dat die UP se groot vordering ten koste van die SAAP selfs ***The Star*** verras het en gevolglik het die koerant verklaar: "*...the turnover of votes from Labour to Unionism is little short of sensational*". ***The Star*** was van mening dat benewens die feit dat die Arbeidersparty se lojaliteit aan die oorlogspoging onder verdenking was, die intimidasietaktiek van sommige van sy oorgeesdriftige ondersteuners die party tot nadeel gestrek het. Deurdat hierdie ondersteuners ander partye (veral die Unioniste) se verkiesingsvergaderings by tye ontwrig het, het 'n groot aantal potensiële SAAP-ondersteuners uit protes teen die party gestem.[142]

In sý reaksie het ***The International*** die SAAP se verliese op die afwyking van die party se sosialistiese beginsels geblameer:

> "*It is regrettable that the great bulk of the working-class should have considered the hour one of such danger as to warrant their entrusting the country into the hands of the very men who have fooled them so much in the past... We trust that the lesson will not be lost on these faithful Labour voters that Labour can never compete with the Unionists in Jingoïsm. We sincerely trust that the present landslide will make the Labourite realise, even if his party managers cannot, what the 'Star' and its Capitalist bosses realise only too well, namely, that if the Labour party is not International Socialist, it has no right to exist... What an opportunity lost! Labour has gone down in an attempt to out-Jingo the Jingos. It might have gone down to rise again flying the glorious banner of the International working-class*".[143]

---

[140] F.S. Crafford: *Jan Smuts. A Biography*, p. 108.

[141] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 184 - 186.

[142] *The Star*, 21.10.1915, p. 6 (The Verdict). Kyk ook *Ibid.*, 04.11.1915, p. 8 (Notes and Comments); *Ibid.*, 06.01.1920, p. 6 ("We are the People"). Kyk ook L. Blackwell: *African Occasions*, p. 105.

[143] *The International*, 22.10.1915, p. 1 (Labour saved from Jingoïsm).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ons Vaderland was ook van mening dat die meeste Arbeiderondersteuners as gevolg van hulle pro-Britse sentimente eerder vir die Unioniste gestem het: "*De Engelse leden van de partij hebben 'Britisch' gestemd - de Union Jack was hun sterker dan de Rode Vlag!*". Indien Creswell, die partyleier, hom eerder by arbeidkwessies, in plaas van die "Sien-die-oorlog-deur"-beleid sou bepaal, sou die SAAP waarskynlik beter gevaar het. ***Ons Vaderland*** het voorts verklaar dat die party buite die parlement nogtans 'n sterk party sou bly. Die Arbeidersparty het moontlik te veel kandidate in die veld gestoot wat sy verkiesingskragte en infrastruktuur te yl verspreid gelaat het om die SAP en UP effektief te kon beveg. ***Ons Vaderland*** was van mening dat indien daar wel 'n verkiesingsooreenkoms tussen die SAAP en die NP sou bestaan het, die twee partye gesamentlik die Unioniste op die Witwatersrand sou verslaan het. Die blad het die volgende verklaring vir die Unioniste se aansienlike vordering op die Rand gebied: "*Jingoïsme, vlagswaaierij, en't beroep op het rassegevoel der mensen, gestemd door kapitalistiese pondjes, hebben, wat altans de Rand betreft, de Unionisten in de meerderheid gebracht*".[144]

Alhoewel daar in die 1915-verkiesing geen samewerkingsooreenkoms tussen die SAAP en die NP bestaan het nie, het ***Ons Vaderland*** erken dat die grondwet van die Nasionale Party tog vir so-iets, volgens sekere voorwaardes, voorsiening gemaak het. Daarom sou dit wel vir die twee partye moontlik wees om vorentoe "*voor gemeenschappelik landsbelang*" (tydens verkiesings) saam te werk om byvoorbeeld "*die dwingzieke macht van het Groot-kapitaal te breken*".[145]

In sy saaklike kommentaar op die verkiesingsuitslag het ***De Burger*** saamgestem dat 'n groot aantal stemme uit Arbeidergeledere in die verkiesing na die UP geswaai het en het verklaar dat die kundige insette van Creswell en Andrews ten opsigte van arbeideraangeleenthede in die parlement gemis sou word. ***De Burger*** het opgemerk dat waar die SAAP in die Transvaal byna net soveel stemme as die UP gekry het, eersgenoemde party (as gevolg van 'n ongelyke stemverspreiding en 'n ongebalanseerde kiesstelsel) slegs twee setels teenoor laasgenoemde se 15 verower het. In Natal het die

---

[144] *Ons Vaderland*, 22.10.1915, pp. 4 - 5 (Uitslag der Verkiezingen).

[145] *Ibid.*, 09.11.1915, p. 4 (Parij-beleid).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
twee partye ongeveer eweveel stemme verower, maar die SAAP slegs een setel teenoor die UP se vier. ***De Burger*** het in hierdie verband na kommentaar in die regeringsorgaan, ***De Volkstem***, verwys. ***De Volkstem*** was van mening dat die verkiesingsuitslag 'n ongelyke verteenwoordiging van partye weerspieël het en dat 'n hervorming van die kiesstelsel nodig was.[146] ***De Burger*** het verder verklaar dat die SAAP en die NP na afloop van die verkiesing die eintlike opposisie van die SAP-regering was en nie soseer die Unioniste nie. Die swak vertoning van die Arbeiders was volgens die Kaapse blad aan die skeuring tussen die pro- en anti-oorloggesindes binne die party te wyte.[147]

The Evening Chronicle was uiteraard teleurgesteld dat die werkers hulle laat ompraat het om eerder vir partye soos die UP, SAP en NP, as die Arbeiders te stem.[148] Benewens "foutiewe" kiesersrolle, het 'n bitter ***The Evening Chronicle*** en H.W. Sampson ook die skuld vir die SAAP se afranseling by die stembus op die ISL-faksie, wat van die party weggebreek het, gepak en hulle van skeurmakery beskuldig.[149] Daarby het van die koerant se lesers die invloed van ***The Star*** se wanvoorstellings van die Arbeidersparty, asook die negatiewe invloed van W.H. Andrews en die ISL, vir die party se neerlaag geblameer.[150] Na aanleiding van Creswell se neerlaag, het Percival Smith, 'n lid van die Chronicle-komitee en self 'n onsuksesvolle Arbeider-kandidaat in die verkiesing, openlik en onbeskaamd (dog tevergeefs) deur middel van die kolomme van ***The Evening Chronicle*** versoek dat óf Sampson óf Madeley moes terugstaan om sodoende aan Creswell 'n setel in die parlement te besorg.[151]

Creswell is darem tydens 'n tussenverkiesing in 1917 in die Randse kiesafdeling Troyeville tot die parlement herverkies, maar F.J. Grobler is van mening dat dit moontlik eerder 'n persoonlike oorwinning vir Creswell, as gevolg van sy eie lojaliteit aan die Britse

---

[146] *De Burger*, 25.10.1915, p. 4 (Van Het Parlementaire Toneel Af); *Ibid.*, 26.10.1915, p. 4 (De Elektiecijfers).

[147] *Ibid.*, 28.10.1915, p. 4 (Niew Leven Ingeblazen). Kyk ook *Ibid.*, 01.11.1915, p. 4 (Hoofartikel).

[148] *The Evening Chronicle*, 22.10.1915, p. 4 (When shall we learn the lesson?); *Ibid.*, 25.10.1915, p. 4 (Our Electoral System).

[149] *Ibid.*, 23.10.1915, p. 4 (Facing the Situation) en p. 5 (Labour Notes). Kyk ook *Ibid.*, 25.10.1915, p. 4 (Our Electoral System).

[150] *Ibid.*, 27.10.1915, p. 4 (The Election Aftermath).

[151] *Ibid.*, 01.11.1915, p. 2 (P.F. Smith: An Obvious Duty). Kyk ook *Ibid.*, p. 3 (How to Return Creswell) en *Ibid.*, 03.11.1915, p. 4 (P.F. Smith: Mr. Creswell's Protest).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oorlogspoging, as vir die Arbeidersparty was.[152] In die nadraai van die 1915-verkiesing het die SAAP egter 'n verder terugslag beleef toe 'n aantal vakbondliggame hulle affiliasie met die party beëindig het as gevolg van hulle ontevredenheid met die Arbeiders se hantering van die oorlogkwessie. Die vernaamste van hierdie organisasies was die SAIF, die ASE en die SAMWU. Hierdie stap het die SAAP ook finansieel geknou, aangesien die meerderheid van party se fondse afkomstig was van affiliasiefooie wat deur die vakbonde betaal is.[153]

The Evening Chronicle was korrek in sy voorspelling dat die ISL slegs 'n paar stemme in sommige kiesafdelings van die Arbeidersparty sou kon afrokkel.[154] Die ISL se twee kandidate, Andrews en Clark, het onderskeidelik slegs 63 en 77 stemme op hulle verenig. Die League se anti-oorlogbeleid en pro-swart houding het uiteraard die Randse blanke werkersklas afgeskrik. Baie van die ISL-kandidate se vergaderings is as gevolg van hierdie beleid deur gewelddadige ontwrigtingstaktiek in die wiele gery.[155] ***The International*** was egter glad nie deur die uitslag ontmoedig nie en het verklaar:

> "*The International League has every reason to be proud of itself. The 140 stalwart voters who supported Andrews and Clark are to be congratulated on their pluck. The League will now go on from strength to strength. The salutary lessons emerging from the present smash up will be the cement of the strong movement which our members have resolved to build up*".[156]

---

[152] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 336; B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976*, p. 78. Kyk ook T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 124 en M. Creswell: *An Epoch of the Political History of South Africa in the Life of Frederic Hugh Page Creswell*, p. 65; L. Blackwell: *African Occasions*, p. 88.

[153] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 38. Kyk ook *The Star*, 08.02.1916, p. 9 (Unions and Politics) en *Ibid.*, 06.09.1916, p. 7 (City Elections).

[154] *The Evening Chronicle*, 23.09.1915, p. 4 (Exist War-on-War).

[155] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 311 – 312. H.J. en R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 186; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 177; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 56 en S. Forman and A. Odendaal(eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 51 verklaar almal verkeerdelik dat Andrews 82 en Clark 58 stemme getrek het.

[156] *The International*, 22.10.1915, p. 1 (Labour saved from Jingoïsm).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die uitslag ten spyt, was die ISL vasbeslote om steeds by verkiesingspolitiek betrokke te bly:

> "*The revolutionary character of a party does not consist in abstaining from fighting Elections. It consists in fighting them on a revolutionary issue. True that Provincial Councils offer no remedy, no revolution. We are even getting convinced that Parliament does not either. But the elections to these bodies constitute the only arena yet known to the people. The question for us is, shall the people be left to the false issues raised by the non-Socialist parties? (and among these must the Labour Party now be accounted). To the best of our resources, regardless of immediate results, it is the mission of the League, whenever men are deluded by false cries, encouraged to expect Edens from Capitalist re-adjustments of their burdens, and to vote again their deluders and masters into prominence and power, - it is our mission and our duty to present to them the alternative of the International and the vast revolution in human methods and outlook which that contains at all such times; and to make that change of outlook the issue in the occasional exercise of the people's will*".[157]

Dit is opvallend dat die *establishment*-pers die ISL-kandidate gedurende die verkiesingsveldtog feitlik geheel en al geïgnoreer het en geen hoofartikels of –kommentaar aan hulle gewy het nie.

6.3 DIE SKAAKMAT-VERKIESING VAN 1920

In die lig van die SAAP se rampspoedige verkiesingsveldtog in 1915, het die party teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog in politieke apatie verval.[158] In 1918 het twee partylede, Morris Kentridge en C.H. Haggar, in ***The Labour World***, 'n nie-amptelike spreekbuis van die Arbeidersparty, gekla oor die party se bedeesde onaktiwiteit, asook die feit dat aktiewe partypropaganda laat vaar is. Volgens hulle was die Arbeidersparty in die parlement polities ook te stil, gedienstig en traag. Haggar het die volgende aan die hand gedoen:

---

[157] *The International*, 02.11.1915, p. 1 (Revolution and Reality).

[158] D. Ticktin: The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 – 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, November 1969, Nr. 1, p. 72).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "*The Labour Leaders should gird armour at once and carry on a live campaign throughout the Union; opportunity calls for it; duty demands it... It was the proud boast of the Labour Party at the start that the Labour members of Parliament gave all their time to their political duties...there was never greater need for a repetition of this activity than now*".[159]

Met die oog op die naderende verkiesing was die SAAP gretig om alle blanke arbeidersteun agter hom te verenig. ***The Labour World*** het erken dat die tweespalt oor die oorlogkwessie die SAAP groot skade aangedoen het, ook omdat die arbeidergeledere onderling verdeeld was en dat sommige vakbondlede in verkiesings kandidate van die Unioniste Party gesteun het.[160] Ten opsigte van hierdie neiging tot twis en tweedrag het die blad moedeloos verklaar:

> "*...Labour must fall many times by the way, ere the lesson is learnt that victory is won by an army which can fight unitedly, right wing, left wing and centre, whichever may be attacked or is attacking. If workers could agree to agree for a short five years they would be masters in their own industrial world. It is of their own free choice that their condition is one of perpetual servility. They won't keep step*",[161]

en:

> "*Scorned by all, pitied by none, Labour invites its own destruction, to the vain accompaniment of impotent self-criticism, and useless mutual recrimination... Cursed by disintegration it treads the valley of humiliation and its enemies rejoice*".[162]

In 'n poging om toenadering by die ISL te soek, het die administratiewe raad van die SAAP verklaar dat aangesien die Eerste Wêreldoorlog verby was die groot geskilpunt tussen die

---

[159] Kyk *The Labour World*, 19.07.1918, p. 10 ("M.K.": The Labour Party in England and S. Africa) en *Ibid.*, 20.09.1918, p. 7 ("C.H.H.": The Labour Party and the Government), onderskeidelik. Kyk ook H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 244.

[160] *The Labour World*, 29.11.1918, p. 7 (Politics and Labour); *Ibid.*, 06.12.1918, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week) en p. 7 (On Your Knees, Miners); *Ibid.*, 08.02.1919, p. 5 (Silly Miners).

[161] *Ibid.*, 12.04.1919, p. 9 (Labour's Greatest Crime).

[162] *Ibid.*, 30.08.1919, p. 7 (Political Parties).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

twee groepe nie meer bestaan het nie. Gevolglik is besluit om die partyresolusie van Oktober 1915, waardeur die anti-oorloggesindes se lidmaatskap van die party beëindig is, op te hef en om 'n uitnodiging te rig aan almal wat die sosialistiese doelstelling onderskryf het, om daarby aan te sluit. Die ISL, wat steeds nie die SAAP daarvoor kon vergewe dat hulle in 1915 uit die party geskop is nie, het egter die uitnodiging om weer aan te sluit met minagting verwerp. Die ISL het verklaar dat trou aan die sosialistiese doelstelling van toepassing op wit sowel as swart werkers moes wees en nie slegs op blanke werkers en in vredestyd nie. Daarby het dit 'n vereenselwiging met die sosialistiese rewolusie geïmpliseer.[163] ***The International*** het hierdie toenaderingsgebaar van die "*Labour lieutenants of the capitalist class*" as "amusant" en "astrant" afgemaak en verklaar:

> "*The sapient gentlemen who passed this resolution are quite wrong when they observe that the differences between the International Socialists and the political opportunists of the SALP cease with the signing of an armistice with Germany... The difference of outlook is far more fundamental than that... They failed at the testing time to maintain their 'Socialist Objective' and hounded down those who stuck to it when it was unpopular and even dangerous. What guarantee have International Socialists that they will not fail again when the final struggle between the workers and exploiters blazes up here as elsewhere?... The breach is final and fundamental*".[164]

Gedurende 1919 het die SAAP, deur middel van 'n aantal "eenheidskonferensies", 'n verdere poging aangewend om die arbeidergeledere met die oog op die verkiesing te konsolideer "*to present a united front to the forces opposing Democracy at the forthcoming Parliamentary elections*". Nadat ***The International*** kommentaar gelewer het dat die ISL skynbaar met opset uit die samesprekings weggelaat is, het die League glo met 'n ompad 'n laat uitnodiging tot bywoning ontvang. D.I. Jones, die redakteur van ***The International***, het dit toe in 'n "*semi-joernalistic capacity*" bygewoon. Die ISL se houding teenoor die

---

[163] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 336 – 337; J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, p. 25; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 79; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 206 – 207; H.J. en R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 215.

[164] *The International*, 06.12.1918, p. 3 (The Vicars of Bray). Kyk ook *Ibid.*, 04.01.1919, p. 3 (Knave or Fool?).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SAAP was egter steeds onversetlik. Jones het tot die gevolgtrekking gekom dat die konferensie bestaan het uit "*the same old rump of a Labour Party with the Socialistic guts taken out*" en dat "*one spirit predominated, the spirit of 'getting into Parleyment'*" (parlement). Die ISL het hierdie "*mugwump unity of a pot-bellied Labour Party without the fire of the Social Revolution*" verag en besluit om die verkiesing onder sy eie vaandel te veg.[165]

Die SAAP se verkiesingstrategie vir die algemene verkiesing van 10 Maart 1920 het veral gefokus op die hoë lewensduurte wat as gevolg van 'n ekonomiese insinking na afloop van die Eerste Wêreldoorlog ontstaan het. Dit het veral die stedelike werkersklas en teruggekeerde soldate swaar getref en te midde van ernstige griewe het hulle met al meer veragting na die besittende klas en die mynbase gekyk met wie genl. Smuts, die Eerste Minister, hom volgens hulle in steeds groter wordende mate begin vereenselwig het.[166] ***The Labour World*** was veral ingestel op die haglike lewenstandaarde van die blanke werkersklas na die oorlog. Die blad het dit toegeskryf aan groot profyte en woekerwinste wat groot kapitalistiese firmas as gevolg van winsgewende staatskontrakte gedurende die oorlog ten koste van die werkersklas gemaak het. Reeds so vroeg as 1918 het ***The Labour World*** artikels en berigte gepubliseer oor werklose armblankes en die stygende pryse van voedsel, kleding en behuising. Daarby is uitsprake en artikels van Arbeiderparlementslede soos Boydell, Sampson en Madeley, geplaas wat pleidooie vir hoër soldatepensioene

---

[165] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 338 - 339, 341; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 244 - 245; *The International*, 21.11.1919, p. 4 (What Price Political Unity?) en *Ibid.*, 28.11.1919, p. 4 ("D.I.J.": Political Blondins). Kyk ook *Ibid.*, 12.12.1919, p. 7 ("Dingbat": The Labour Party and Russia) en p. 8 (The League and the Parliamentary Elections); *Ibid.*, 09.01.1920, p. 4 (The League will Fight) en p. 5 (The Fifth Milestone); *The Labour World*, 17.01.1919, p. 4 (S.A. Labour Party); *Ibid.*, 06.09.1919, p. 7 (Labour Conference); *Ibid.*, 29.11.1919, p. 3 (Topics of the Time); *Ibid.*, 21.02.1920, p. 8 (Appeal to Workers).

[166] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 340; D.J.J. Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914 - 1921, p. 185; B.M. Schoeman: Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976, p. 73; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 264; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 216; J.P. Brits: The Last Years of South African Party Rule (B.J. Liebenberg and S.B. Spies, eds: South Africa in the 20th Century, p. 142); L.E. Neame: *General Hertzog*, p. 215; M. Kentridge: *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*, p. 90; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 322; D.W. Krüger: *The Age of the Generals*, p. 112; L. Blackwell: *African Occasions*, p. 89; B. Reid: The General Elections of 1920 and 1921 in Natal: Labour Triumph and Defeat (*Journal of Natal and Zulu History*, Vol. II, 1979, pp. 39, 41). Schoeman, p. 74 en Brits, p. 141, verklaar verkeerdelik dat die verkiesing op 20 Maart 1920 plaasgevind het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gelewer het. Die blad het die SAP-regering en die Unioniste oor die toedrag van sake gekritiseer en hulle daarvan beskuldig dat hulle niks daaraan gedoen het nie.[167]

Thomas Boydell, wat op 'n regeringskommissie van ondersoek na woekerwinste gedien het, het 'n minderheidsverslag oor die aangeleentheid uitgebring wat ook oor 'n aantal uitgawes in ***The Labour World*** gepubliseer is.[168] Tydens die SAAP-jaarkongres van 1919 het die partyvoorsitter, J. Briggs, verklaar dat druk op die regering uitgeoefen moes word sodat gewese soldate en die afhanklikes van gestorwe soldate behoorlik gekompenseer sou word. Ook hy het die regering daarvoor geblameer dat woekerwinste nie vasgevat word en prysbeheer op voedsel ingestel word nie.[169] ***The Labour World*** het na Suid-Afrika verwys as "*a country run for overseas magnates*" waar die rykdom van die land vir kapitaliste en finansiers van Londen teen die laags moontlike insetkoste geëksploiteer is. Die UP is daarvan beskuldig dat hy hierdie praktyk gesteun het. Verder het die koerant beweer dat die SAP en die UP 'n verkiesingsooreenkoms aangegaan het en dat hulle toenadering tot "*Big Cosmopolitan Finance*" gesoek het. ***The Labour World*** het verklaar: "*Finance will back both the SAP and the Unionists*".[170]

---

[167] Kyk *The Labour World*, 02.08.1918, p. 3 ("G.A.H": Notes of the Week), p. 5 (H.W. Sampson: Soldier's Pensions and Cost of Living), p. 6 ("C.H.H.": Cost of Living); *Ibid.*, 04.10.1918, p. 4 ("Only a Private": Soldier Talks Straight); *Ibid.*, 18.10.1918, p. 6 (G. Bisset: Gratitude) en p. 9 ("Soldier Bill": Soldiers and Politics); *Ibid.*, 25.10.1918, p. 3 (Notes of the Week), p. 8 (Same Old Story); *Ibid.*, 06.12.1918, p. 8 (Notes); *Ibid.*, 13.12.1918, p. 4 (Town Talk); *Ibid.*, 10.01.1919, p. 5 (Johannesburg Notes); *Ibid.*, 17.01.1919, p. 9 (Town Talk); *Ibid.*, 25.01.1919, p. 9 (Deductions from Pensions); *Ibid.*, 08.02.1919, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week) en p. 4 (Town Talk); *Ibid.*, 01.03.1919, p. 6 (Town Talk); *Ibid.*, 08.03.1919, p. 5 (Rising Rents and Dear Food); *Ibid.*, 22.03.1919, pp. 4 - 5 (Town Talk); *Ibid.*, 05.04.1919, p. 4 (Town Talk); *Ibid.*, 26.04.1919, pp. 3 - 5 ("J.C.S.": War Prices and Profits); *Ibid.*, 03.05.1919, pp. 3 - 4 ("J.C.S."; War Prices and Profits); *Ibid.*, 24.05.1919, p. 4 (Blind Leaders); *Ibid.*, 16.08.1919, p. 3 (Notes and Opinions); *Ibid.*, 23.08.1919, p. 5 (Mr. Boydell on Profiteering); *Ibid.*, 13.09.1919, p. 3 (Notes and Opinions); *Ibid.*, 29.11.1919, p. 6 ("E.S.": The Coming Elections) en p. 7 (W.H. Courtenay: The Position of Returned Soldiers); *Ibid.*, 13.12.1919, p. 3 (Topics of the Time); *Ibid.*, 20.12.1919, p. 7 ("We Want Bread"); *Ibid.*, 27.12.1919, p. 3 (Topics of the Time), p. 6 (Bad Bread) en (The Meat Ring), p. 7 (Cost of Living) en ("E.S.": Unionist Camouflage); *Ibid.*, 10.01.1920, p. 6 (The Election Issue); *Ibid.*, 24.01.1920, p. 9 (Meat and other Exports); *Ibid.*, 07.02.1920, p. 3 (Topics of the Time); *Ibid.*, 21.02.1920, p. 3 (Topics of the Time), pp. 6 - 7 (South African Labour Party Manifesto) en p. 8 (Candidates and the Issue); *Ibid.*, 28.02.1920, p. 3 (Topics of the Time); *Ibid.*, 06.03.1920, p. 5 (God, or Mammon?); *Ibid.*, 27.03.1920, p. 5 (Unionist Landslide in Natal) en *Ibid.*, 10.04.1920, pp. 6 - 7 (War Declared against Profiteers).

[168] Kyk *The Labour World*, 05.04.1919, p. 9; 12.04.1919, p. 6; 19.04.1919, p. 6; 26.04.1919, p. 9; 03.05.1919, p. 9; 10.05.1919, p. 6; 17.05.1919, p. 6; 24.05.1919, p. 7 en 31.05.1919, p. 6, onderskeidelik. Kyk ook T. Boydell: "*My Luck Was In*", pp. 126 - 127.

[169] *The Labour World*, 17.01.1919, p. 4 (S.A. Labour Party).

[170] *Ibid.*, 27.09.1918, p. 3 (Notes of the Week); *Ibid.*, 13.12.1918, p. 4 (Town Talk); *Ibid.*, 17.01.1919, p. 3 ("G.A.H": Notes of the Week); *Ibid.*, 08.03.1919, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 12.04.1919, p. 3 ("G.A.H.": Notes of the Week); *Ibid.*, 26.07.1919, p. 5 (Botha's New Job); *Ibid.*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"politieke avonturiers" uitgekryt". Vir ***The Star*** was die SAAP polities 'n onbeduidende faktor en die koerant het sy beleid as "*an unconscionable piece of quackery*" beskou.[173]

The Star het verklaar dat genl. Hertzog se uitsprake aangaande "Bolsjewisme", wat in daardie stadium as pro-Bolsjewisties deur sy politieke vyande geïnterpreteer is, in terme van die verkiesing 'n fout was. Na aanleiding van 'n toespraak van dr. D.F. Malan, die Kaaplandse leier van die NP, wat Hertzog se uitsprake oor Bolsjewisme beaam het, het ***The Star*** die party met hierdie ideologie probeer verbind. Volgens die koerant sou dit heelwaarskynlik deur die SAP as propagandawapen in die verkiesing aangewend word en het verklaar dat selfs ***De Burger*** Hertzog oor die oordeelsfout gerepudieer het.[174]

Voorts het ***The Star*** beweer dat Nasionaliste vir die Arbeidersparty sou stem in kiesafdelings waar eersgenoemde nie kandidate gestel het nie. Die SAAP wou die NP en die internasionale sosialiste by sy verkiesingsveltog betrek ten einde homself te bevoordeel. Daarby is geïnsinueer dat die SAAP nie die "Bolsjewisme" van die ISL afgekeur het nie. Vanuit die verkiesingskommentaar en -artikels van ***De Burger*** het ***The Star*** die afleiding gemaak dat die SAAP nie heeltemal afkeurend teenoor die republikeinse standpunt van die NP gestaan het nie en 'n onverskillige houding ten opsigte van die behoud van die Britse konneksie in Suid-Afrika ingeneem het.[175] ***The Star*** het die UP verdedig en verklaar dat die Arbeiders se verkiesingsbeleid daarop ingestel was om die Unioniste in stedelike kiesafdelings te verslaan. Die SAAP-beleid was seksioneel en selfsugtig en het landsbelang nie in ag geneem om die Britse konneksie in stand te hou nie. Omdat die NP en die SAAP hierdie konneksie volgens ***The Star*** bedreig het, het die koerant dan ook voorbrand vir 'n

---

[173] *The Star*, 02.09.1919, p. 8 (Not Filling the Bill); *Ibid.*, 03.09.1919, p. 6 (Parties and Politics); *Ibid.*, 05.12.1919, p. 10 (Stage Thunder); *Ibid.*, 12.12.1919, p. 12 (Critical Times Ahead); *Ibid.*, 17.02.1920, p. 8 (The Would-Be Wreckers); *Ibid.*, 19.02.1920, p. 10 (A Night out at Troyeville); *Ibid.*, 23.02.1920, p. 8 (Who is Responsible?); *Ibid.*, 25.02.1920, p. 8 (Political Frauds); *Ibid.*, 02.03.1920, p. 8 (A Pushful Party); *Ibid.*, 04.03.1920, p. 8 (Who are the People?); *Ibid.*, 05.03.1920, p. 10 (The Artful Dodgers); *Ibid.*, 08.03.1920, p. 8 (Intentions - Good and Bad); *Ibid.*, 09.03.1920, p. 8 (To-Morrow's Choice: The Real Issue).

[174] *Ibid.*, 26.12.1919, p. 10 (Nationalists and Bolshevism); *Ibid.*, 08.01.1920, p. 10 (Gen. Hertzog's Indiscretion); *Ibid.*, 26.01.1920, p. 6 (Seeing Red) en p. 10 (Nationalists and Bolsheviks); D.J.J. Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914 - 1921, p. 183 - 184. I.v.m. Hertzog en Bolsjewisme, kyk hfst. 8, pp. 490 - 495.

[175] *The Star*, 27.12.1919, p. 8 (A Political Survey); *Ibid.*, 06.01.1920, p. 6 ("We Are The People"); *Ibid.*, 16.02.1920, p. 8 (The Battle Cry); *Ibid.*, 25.02.1920, p. 8 (Political Frauds); *Ibid.*, 02.03.1920, p. 8 (A Pushful Party); *Ibid.*, 04.03.1920, p. 8 (Who are the People?); *Ibid.*, 05.03.1920, p. 10 (The Artful Dodgers); *Ibid.*, 08.03.1920, p. 8 (Intentions - Good and Bad).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
amalgamasie van die SAP en die UP gemaak wat wel die bande met die Britse Ryk in stand sou hou.[176]

Laastens het ***The Star*** die SAAP se volharding met kwessies soos soldatepensioene, stygende lewensduurte en mynteringkompensasie tydens parlementêre debatte as niks anders nie as "loutere skynheiligheid" en "blatante en valse selfreklamering" probeer afmaak.[177]

Op sý beurt het ***De Burger*** die beskuldigings van twee SAP-organe, ***De Volkstem*** en ***Ons Land***, dat daar 'n verkiesingsooreenkoms tussen die NP en die SAAP bestaan het, ontken, aangesien die NP nie sy beginsels sou verwater om 'n ander party ter wille te wees nie. Trouens, ***De Burger*** was van mening dat selfs 'n gesamentlike SAP-UP-stem nie teen die aantal NP-stemme in die verkiesing sou kon opweeg nie.[178] ***Ons Vaderland*** het verbasend min aandag aan die aanloop tot die algemene verkiesing van 1920 verleen en in sy kommentaar slegs op Afrikaner-kiesers en die NP gekonsentreer. Die koerant het ook beskuldigings van 'n NP-SAAP-verkiesingsooreenkoms deur die ***Rand Daily Mail*** ontken en verklaar dat die Arbeidersparty net so imperialistiesgesind as die UP en die SAP was en dat dit 'n Engelse anti-republikeinse party was.[179]

Die ISL, wat tot 'n mate deur 'n anti-parlementêre faksie in eie geledere ten opsigte van die verkiesing gekortwiek is, het vyf kandidate in die veld gestoot: W.H. Andrews in Benoni, S.P. Bunting in Commissionerstraat, H.M. Barendregt in Fordsburg, C.B. Tyler in Jeppes en F. Hicks in Kimberley. Die ISL kandidate het verklaar dat hulle die verkiesingstryd slegs "*from a stern sense of duty*" betree het. ISL-kiesers is aangesê om nie betrokke te raak by "*any other trick of vote-catching*" nie. Hulle taak was slegs om strooibiljette van die League se verkiesingspropaganda te versprei wat uiteraard meestal teen die SAAP, as

---

[176] *The Star*, 21.01.1920, p. 8 (Politics and Parties); *Ibid.*, 23.01.1920, p. 10 (Election Issues).

[177] *Ibid.*, 17.02.1920, p. 8 (The Would-Be-Wreckers); *Ibid.*, 19.02.1920, p. 10 (A Night out at Troyville). Kyk ook *Ibid.*, 02.03.1920, p. 8 (A Pushful Party); *Ibid.*, 08.03.1920, p. 8 (Intentions - Good and Bad) en *Ibid.*, 09.03.1920, p. 8 (To-Morrow's Choice - The Real Issue).

[178] *De Burger*, 28.01.1920, p. 4 ('n Onbillike Vraag); *Ibid.*, 20.02.1920, p. 4 (De Nominaties); *Ibid.*, 23.02.1920, p. 4 (Wat Komt na Verkiezing?). Kyk ook O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 391.

[179] *Ons Vaderland*, 06.01.1920, p. 3 (Arbeiders en Nationalisten); *Ibid.*, 24.02.1920, p. 5 (Arbeiderspartij en Republiek).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die organisasie se direkte politieke teenstander, gemik was. In die ISL se verkiesingsmanifes is veral groot gewag van die suksesse van die Bolsjewistiese Rewolusie en die Sowjet-staat in Rusland gemaak. Die manifes het ook die moontlikheid van parlementêre hervorming verwerp en die werkers aangespoor om kapitalistiese wanbestuur te verwerp en om sowjet-mag te vestig. Verder het die ISL se verkiesingspropaganda kwessies soos die stygende lewenskoste, die kleurslagboom en die SAAP se dubbelslagtige rassebeleid, wat as "blanke sosialisme" beskou is, aangespreek.[180]

The International het die Arbeidersparty daarvan beskuldig dat hy sy lot by die kapitalisme en die "Money Power" ingewerp het. Veral Creswell se beleid van voorkeur aan die "Imperiale konneksie", wat met dié van die SAP en die UP ooreengestem het, is gekritiseer. Die SAAP was nie meer die tuiste van Arbeid nie, maar het verander in "*a den of middle-class mugwumps falsely furthering middle-class politics under the name of Labour*". Volgens ***The International*** het die party bestaan uit persone van die Kamer van Koophandel, eks-Unioniste en Unionistiese koerantredakteurs. Oor hierdie toedrag van sake het die blad voorspel: "*This middle class tendency will be the rock on which the SALP will perish*".[181]

Die ISL het ook gepoog om Afrikaner-werkers te bereik en het sy verkiesingsmanifes in Hollands vertaal.[182] Fondse was egter 'n beperkende faktor in die League se verkiesingsveldtog. Daarvoor is £300 van sy ondersteuners benodig.[183]

---

[180] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 245 - 246; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 216 - 217; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 98, 104 - 105; B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika*, 1910 - 1976, pp. 79, 81, 83, 85, 86; *The International*, 07.11.1919, p. 8 (Johannesburg Branch Meeting); *Ibid.*, 05.12.1919, p. 4 (The League and Political Action) en p. 8 (Notes of the Movement); *Ibid.*, 02.01.1920, p. 8 (Notes of the Movement); *Ibid.*, 16.01.1920, p. 5 (The League Opens Its Election Campaign); *Ibid.*, 23.01.1920, p. 4 (The Sinews of War), p. 5 (The League's Election Manifesto) en p. 6 (The Benoni Challenge); *Ibid.*, 30.01.1920, p. 2 (S.P. Bunting: The League and the Election Fight) en p. 5 (The League's Election Fight); *Ibid.*, 06.02.1920, p. 3 ("One Big Shambles") en p. 7 (The Benoni Campaign); *Ibid.*, 13.02.1920, p. 5 ("Beronia": Where is dat Barty Now?); *Ibid.*, 20.02.1920, p. 4 (Soviet or Parliament), p. 5 (League Leaflets) en (Election Notes), p. 8 (Election Notes); *Ibid.*, 27.02.1920, p. 2 (No Neutrality in the Class War), p. 3 (The Cost of Living) en (From the Soap Box); *The Star*, 14.02.1920, p. 11 (Fordsburg's Fourth Candidate).

[181] *The International*, 13.02.1920, p. 2 (The Labour Party's Last Stand) en p. 5 ("Beronia": Where is dat Barty Now?); *Ibid.*, 20.02.1920, p. 7 (Red Flag Revised).

[182] *Ibid.*, 06.02.1920, p. 8 (Notes of the Movement); *Ibid.*, 20.02.1920, p. 5 (League Leaflets).

[183] *Ibid.*, 23.01.1920, p. 4 (The Sinews of War). Kyk ook advertensies in die uitgawes van 30.01.1920, pp. 1, 5; 06.02.1920, pp. 1, 2, 6 en 13.02.1920, p. 6, onderskeidelik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die setelverdeling na afloop van die 1920-verkiesing was soos volg: NP 44, SAP 41, UP 25, SAAP 21 en Onafhanklikes 3. In vergelyking met die 9,8 % steun in die verkiesing van 1915, het die SAAP hierdie keer 14 % van die totale kieserstemme op hom verenig en 15 setels bygekry. Die pers was dit eens dat die vernaamste rede vir die groot swaai na die party die kwessie van die hoë lewenskoste was wat baie effektief deur die Arbeiders as verkiesingswapen aangewend is. Die Unioniste, wat die regering gedurende die oorlogsjare gesteun het, is daarvoor medeverantwoordelik gehou. Die feit dat die SAAP en die UP beide hoofsaaklik op die steun van Engelssprekendes aangewese was, verklaar dus waarom so 'n groot groep van hierdie bevolking van Unionis na Arbeider geswaai het. Namate die oorlogsgeesdrif afgeneem het, het die UP se Brits-georiënteerde jingoïsme hulle nie meer beïndruk nie. Met die afskeiding van die ISL van die SAAP in 1915, was die lug in arbeidergeledere oor die oorlogkwessie ook reeds gesuiwer en die element van die verdeeldheid binne die party verwyder. Die Arbeidersuksesse was volgens die meeste historici te danke aan 'n verdeelde Engelssprekende stem waar driehoekige gevegte tussen partye in sekere kiesafdelings die SAAP bevoordeel het.[184] Die feit dat die SAAP sy verkiesingmasjinerie opgeknap het met T. Boydell as nasionale organiseerder, het verder tot sy sukses bygedra.[185]

N.G. Garson kom egter tot die gevolgtrekking dat die SAAP se groot vordering sedert die 1915-verkiesing aan 'n onstabiele faktor, naamlik 'n fluktuerende en vlottende stem, te danke was. Volgens hom moes die party staatmaak op 'n Britsgeoriënteerde komponent van die blanke werkersklas wat klaarblyklik nie 'n oorheersende en permanente politieke

---

[184] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 341 - 342; P.F. van der Schyff: Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910 - 1921, p. 152; R.B. Mulholland: White Labour and Politics: Railway Workers on the Witwatersrand 1910 - 1924, p. 233; B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976*, p. 95; B.J. Liebenberg: Die Unie van Suid-Afrika tot die Statuut van Westminster, 1910 - 1931 (C.F.J. Muller, red.: Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p. 400); T.R.H. Davenport: *South Africa. A Modern History*, p. 274; DW. Krüger: *The Age of the Generals*, p. 112; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 368, 388, 396 - 397, 401 - 402; *The International*, 25.04.1924, p. 2 (Politics and Economics). Grobler, p. 342, verskil egter van laasgenoemde stelling, dat die SAAP deur driehoekige gevegte bevoordeel is en verklaar dat die SAP, UP en SAAP nêrens in sodanige situasies in kiesafdelings betrokke was nie. Waar daar wel driehoekige gevegte was, was die NP, wat nie noemenswaardige Engelssprekende steun verower het nie, volgens Grobler altyd een van die partye.

[185] T. Boydell: "*My Luck Was In*", pp. 163 - 166, 169.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toewyding tot die arbeiderbeweging gehad nie.[186] H.J. en R.E. Simons voeg daaraan toe dat die SAAP se "kultureel bekrompe" fokus op Britsgeoriënteerde verkiesingskwessies Afrikaner-werkers afgeskrik het en sodoende kanse belemmer het om hulle lojaliteit te wen. Die meeste partyleiers en al sy parlementêre lede was immigrante en eentalig. Alhoewel Afrikaners in die partygeledere verwelkom is, is van hulle verwag om in Engels te kommunikeer. Voorkeur is ook aan Engelssprekende en Brits-gebore vakbond-amptenare en verkiesingskandidate verleen. Gevolglik het die SAAP geen Afrikaansprekende parlementslid gehad nie.[187]

The Labour World was weer van mening dat die pogings van die regering en die *establishment*-pers om rassegevoelens tot hulle voordeel in die verkiesing op te sweep, misluk het en dat die uitslae 'n triomf vir die SAAP was. Die koerant was ook selfvoldaan dat sy beklemtoning van die lewenskostekwessie, waarvoor die *establishment*-pers en die regering so blind was, deurslaggewend tot die SAAP-suksesse en die agteruitgang van die SAP was.[188]

The Star het ten opsigte van stedelike kiesafdelings, waar Unioniste-kandidate die onderspit teen Arbeiderkandidate gedelf het, soos in Boksburg, Oos-Londen, Durban-Punt, Durban Sentraal, Turffontein, Fordsburg, Pietermaritzburg-Noord, Umbilo, Woodstock en Kaapstad-Tuine, flouerige verskonings gebied dat plaaslike omstandighede die Arbeiders bevoordeel het. Op twee SAAP-kandidate na, het ook alle oud-soldatekandidate van die ander partye nederlae gely. ***The Star*** het erken dat die SAAP groot vordering in stedelike kiesafdelings gemaak het - meer as wat hy verwag het. Die koerant het saamgestem dat die Arbeider-oorwinnings aan die lewenskostekwessies, veral in die stedelike kiesafdelings, te danke was. Vanuit die opposisiebanke in die parlement kon die SAAP gerieflik die SAP-

---

[186] N.G. Garson: The Political Role of the White Working Class in South Africa 1902 - 1924 (*Conference on Southern African Labour History*, African Studies Institute, 8 - 10 April 1976, pp. 15 - 16).

[187] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 246 - 247. Kyk ook N.G. Garson: The Political Role of the White Working Class in South Africa 1902 - 1924 (*Conference on Southern African Labour History*, African Studies Institute, 8 - 10 April 1976, pp. 14, 16 - 18); *The Labour World*, 07.06.1918, p. 9 ("H.W.S.": Johannesburg Gossip); *Ibid.*, 19.06.1920, p. 5 (J. Molton: A Labour Complaint); *Ibid.*, 26.06.1920, p. 10 (C. Wilson: Racialism and Labour); *Ibid.*, 07.08.1920, p. 7 (Political Divisions).

[188] *The Labour World*, 13.03.1920, p. 3 (Topics of the Time) en p. 7 (Election Results); *Ibid.*, 20.03.1920, p. 3 (Topics of the Time) en p. 7 (The Lessons of the Elections); *Ibid.*, 27.03.1920, p. 3 (Topics of the Time); *Ibid.*, 03.04.1920, p. 3 (Topics of the Time).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
regering daarvoor blameer en daarom was dit maklik om kiesersbeloftes vir 'n verbetering van hierdie toedrag van sake te maak. Volgens ***The Star*** sou die SAAP egter nie weer so 'n gelukkige kans vir politieke winsneming tydens verkiesings hê nie.[189]

Die koerant was verder van mening dat die Arbeidersparty in die parlement nie sou huiwer om die NP ten koste van die SAP-regering te steun nie. Dit sou bydra tot onstabiliteit in die parlementêre politiek. ***The Star*** het bespiegel dat 'n amalgamasie tussen die SAP en die UP voor die verkiesing, die slagting van laasgenoemde, veral op die Rand, kon voorkom het. Die lewenskostekwessie en ekonomiese depressie, wat vir die swaai van stemme van die UP na die SAAP in die stede verantwoordelik was, is veral deur loonwerkers, soos staatsamptenare, klerke en winkelassistente, akúút ervaar. Volgens ***The Star*** kon die kwessie van die konstitusionele status van Suid-Afrika in verhouding tot Brittanje dit nie regkry om hulle stemkeuse te beïnvloed nie.[190]

Ook ***De Burger*** was verras oor die SAAP-oorwinnings aan die Rand en dat veral die UP daar gevoelige verliese toegedien is. Dit het ***De Burger*** onder andere aan grootskaalse ontevredenheid onder die kieserspubliek met die SAP-regering toegeskryf, aangesien die UP in daardie stadium al hoe meer met die SAP saamgestem het. Die Unioniste se propaganda, dat die SAAP nie vertrou kon word om die belange van die Britse Ryk in Suid-Afrika te beveilig nie, het nie die Arbeidergesinde kiesers oortuig nie. ***De Burger*** was bly dat die imperialistiese "vlaggegezwaai" van die UP nie meer alle Engelssprekende kiesers (dus ook Engelssprekende werkers) in dieselfde kamp gejaag het nie. Soos ander persorgane was die koerant ook van mening dat die hoë lewensduurte dié deurslaggewende verkiesingskwessie vir die stedelike kiesers was.[191]

Ons Vaderland het die SAAP-ondersteuners daarvan beskuldig dat hulle in kiesafdelings, waar al vier partye kandidate gestel het, eerder vir die SAP of die UP, wat ten gunste van die behoud van die Britse konneksie was, gestem het. ***Ons Vaderland*** was ook van mening dat die NP, as gevolg van die SAAP se "*socialisties-imperialistiese beginsels en daaruit*

---

[189] *The Star*, 11.03.1920, p. 8 (Election Results).

[190] *Ibid.*, 12.03.1920, p. 10 (The Meaning of the Elections).

[191] *De Burger*, 12.03.1920, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 15.03.1920, p. 4 (De Betekenis van de Stembusuitspraak); *Ibid.*, 18.03.1920, p. 4 (Bontstaan); *Ibid.*, 23.03.1920, p. 4 (Korte Opmerkinge).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
voortvloeiende grond-belastingsplanne", polities nie met laasgenoemde kon saamwerk nie.[192]

Van al die politieke deelnemers aan die verkiesing het die ISL die grootste nederlaag gely. Al sy kandidate het hulle deposito's verloor, wat gesamentlik slegs 503 stemme op hulle verenig het. Die skamele 78 stemme wat W.H. Andrews op hom verenig het, was die meeste van al die ISL-kandidate. ***The International*** het te kenne gegee dat faktore soos die militante, rewolusionêre, pro-swart-beleid van die League, asook die Communist League van Andrew Dunbar, wat kort voor die verkiesing van die ISL weggebreek het, die organisasie benadeel het.[193] ***The Star*** was van mening dat die League geen hond haaraf kon maak nie omdat hy die afskaffing van die kleurslagboom gepredik het.[194] ***The International*** het op dubbelsinnige wyse die vordering van die SAAP verwelkom, maar terselfdertyd ook die invloed van Creswell se "imperialisme"op die party gekritiseer:

> "*The International Socialist League will welcome the advent of a strong Labour Party. We do not compete with the Labour Party. We are its successors. Revolution does not compete with reform. It supersedes it. The Socialist movement can recruit best from Labour ranks. It gives us no satisfaction to see a Labour set-back... Hence our role in the election has been to enter the most highly industrialised constituencies with the message of International Socialism, to gather in all the voices for that working class revolution which must follow the inevitable failure of Mugwump Labour. It has been our duty to warn the workers of that inevitable failure, pointing out the corrupt tendencies of a Creswellian Labour Party...a Labour Party led by Creswell and his Imperialist slogans is no menace to capitalist exploitation, nor is regarded as such ...the capitalists are not afraid of a Creswellian Labour Party... It is not afraid of a Labour Party which says that the South African Party, the Unionist Party, and the Labour Party are united on the imperial connection. By this the*

---

[192] *Ons Vaderland*, 30.03.1920, p. 7 (Randse Spaanders); *Ibid.*, 09.04.1920, p. 4 (Smuts se Onwilligheid). Kyk ook *Ibid.*, p. 5 (J.J. van der Merwe: Afrikaners, Ontwaak!).

[193] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 105; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 218; *The International*, 12.03.1920, p. 5 (Polling Results); *Ons Vaderland*, 16.04.1920, p. 6 ('n Bolsjewistiese oordeel over onze Politiek). I.v.m. die Communist League, kyk ook hfst. 5, p. 265.

[194] *The Star*, 11.03.1920, p. 8 (Election Results).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Labour Party stands for Imperialism, Capitalism's Last Ditch. We warn the workers against mugwump Labour".[195]

Die ISL is nie deur die verkiesingsuitslag ontmoedig nie. In die versterking van die SAAP en die NP het die ISL voortekens van sy eie toekomstige suksesse gesien. ***The International*** het aangevoer dat die League die noodwendige opvolger van die SAAP was. Laasgenoemde het as platform gedien vanwaar die ISL na die finale sosialistiese oorwinning sou beweeg:

> "*We welcome the victory of mugwump Labour as a necessary step to the victory of Socialist Labour or International Socialism... The triumph of lower middle-class democracy as expressed by Labour in the towns and Nationalism in the country will form a political shield under which the Socialist movement will be able to recruit its strength for the final tussle... We hope by this Labour resurgence to have a wider field for our propaganda. Hence why we do not view with any dismay the small polls cast for the League. The work of the International Socialist League continues after the election just as during the election. The future is ours, and it is a very near future, too*".[196]

Aangesien nie een van die politieke partye 'n volstrekte meerderheid in die verkiesing van 1920 behaal het nie, het dit tot 'n skaakmatsituasie in die parlement gelei. Omdat genl. Smuts nouliks oor 'n werkbare meerderheid beskik het, het die SAP-regering gesukkel om effektief te regeer en is by geleentheid byna in stemmings oor wetgewing deur die NP- en SAAP-opposisie verslaan. So het 'n Boonzaier-spotprent in ***De Burger*** Smuts byvoorbeeld voorgestel as 'n harlekyn wat hom op 'n tou balanseer met behulp van 'n stok met gewigte aan weerskante (die Unioniste en die Arbeiders). Onderaan die prent is gevra: "*Hoe lang sal hy kan aanhou?*".[197]

---

[195] *The International*, 12.03.1920, p. 4 (The Second String to Capitalism's Bow).

[196] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 105; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 217; *The International*, 12.03.1920, p. 5 (Polling Results). Kyk ook *Ibid.*, 09.04.1920, p. 4 (Creswell and Smuts?); *Ibid.*, 07.05.1920, p. 3 (The Labour Party's Failure); *Ibid.*, 12.11.1920, p. 2 (The "Constitutional" Labour Party).

[197] *De Burger*, 24.03.1920, p. 3 (Spotprent); C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 317.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aanvanklik het Smuts gepoog om die bewind te behou deur 'n koalisie met een of meer partye te vorm en 'n sogenaamde "best man government" te vorm, maar die NP en die SAAP was op grond van beginselbesware nie daarvoor te vinde nie. Pogings tot hereniging tussen die SAP en die NP het ook misluk. Aangesien die beleidsrigtings van die UP en die SAP in daardie stadium al hoe meer ooreengestem het, het die twee partye uiteindelik teen die einde van November 1920 saamgesmelt en die naam van die Suid-Afrikaanse Party behou. Dit het egter nog nie aan Smuts 'n volstrekte meerderheid in die parlement gegee nie en daarom het hy besluit om in 1921 weer 'n algemene verkiesing te hou.[198]

6.4 DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1921

Die kitsverkiesing van 8 Februarie 1921 was ook bekend as die sogenaamde "Man and the Hour"-verkiesing. Smuts was die "Man" en die "Uur" was om "Suid-Afrika van 'n Hertzog Republiek te red".[199] Smuts, wat danksy die amalgamasie van die UP en die SAP 'n "politieke bloedoortapping"[200] ontvang het, het dwarsdeur die verkiesingsveldtog die inisiatief geneem.[201] Die SAAP was glad nie gereed vir die verkiesing nie. Die party het die magsbalans in die parlement gehou en kon, danksy die sterkste parlementêre verteenwoordiging ooit in sy geskiedenis, nie die noodsaaklikheid van 'n verkiesing insien nie. Daar was weer onenigheid in arbeidergeledere en van die vakbonde het onverskillig of vyandig teenoor die party gestaan. Creswell het Smuts daarvan beskuldig dat hy met die verkiesing daarop uit was om die SAAP te breek.[202] Reeds in Julie 1920 het ***The***

---

[198] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 343; P.F. van der Schyff: Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910 -1921, pp. 151 - 162; J.P. Brits: *Tielman Roos - Political Prophet or Opportunist?*, p. 68; D.W. Krüger: *The Age of the Generals*, pp. 113 - 114; T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 190; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 368 - 385, 401; B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976*, p. 97.

[199] (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop Assistant to Senator, p. 121; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 322; A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, p. 178; M. Kentridge: *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*, p. 98; T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 190; J.C. Smuts: *Jan Christiaan Smuts*, p. 249; B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976*, p. 98; W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 - 1950*, p. 33.

[200] D.W. Krüger: *The Age of the Generals*, p. 114.

[201] W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 - 1950*, p. 33.

[202] C. Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 - 1924, pp. 14, 28; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 249; L.E. Neame: *General Hertzog*, p. 225; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 407; A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, p. 166; G.H. Calpin: *There are no South Africans*, p. 116; *The Labour World*, 20.11.1920, p. 7 (Capitalism Uniting Forces);

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

International die party daarvan beskuldig dat hy nie tydens die parlementêre debat oor die hoë lewensduurte teen die regering wou stem nie. Sou die regering in 'n meerderheidstemming teen hom tot 'n val gekom het, sou die SAAP se nuutgevonde setels dus ook in gedrang gekom het.[203]

The Labour World het ruiterlik erken dat die Arbeidersparty nie vir die verkiesing gereed of daarop voorbereid was nie. Daar was partylede wat deur middel van binnegevegte verskil het oor die metodes wat gevolg moes word om partydoelwitte te bereik. 'n Behoorlik georganiseerde en gedissiplineerde verkiesingsmasjinerie sou eers tot stand gebring moes word alvorens die party se politieke vyande beveg kon word. ***The Labour World*** het 'n beroep op Arbeider-kiesers gedoen om die partyorganisasie in orde te kry ten einde die aanslag op die SAAP-setels in die parlement af te weer. Die blad was tog vol vertroue dat die SAAP na die verkiesing weer sterk in die parlement verteenwoordig sou wees en het verklaar dat die regering waarskynlik van die republikeinse kwessie 'n verkiesingstrydpunt sou maak.[204]

Na aanleiding van die amalgamasie van die SAP en die UP, en met die oog op die 1921-verkiesing, het die SAAP in November 1920 'n informele konferensie gereël in 'n poging om die Arbeidersparty, die ISL, vakbonde, die Afrikaanse Werkersbond en die Communist League polities te verenig. ***The Labour World*** het verklaar dat die benadering tot die swart vraagstuk (bedoelende die posisie van die swart man in die nywerheids- en politieke bedeling van die land) die grootste verskil tussen die SAAP en die ISL was, maar dat die Arbeidersparty steeds ten gunste van die behoud van die kleurslagboom en sosiale rasseskeiding was. Helaas, die botsende standpunte van die twee groepe het onversoenbaar geblyk te wees. Volgens die SAAP kon 'n verandering van die politieke bestel slegs deur middel van konstitusionele metodes plaagevind, terwyl die ISL se standpunt onwrikbaar

---

Ibid., 13.11.1920, p. 4 (T. Boydell: The New Party); B. Reid: The General Elections of 1920 and 1921 in Natal: Labour Triumph and Defeat (*Journal of Natal and Zulu History*, Vol. II, 1979, p. 46).

203 *The International*, 31.12.1920, p. 1 (The Role of a Socialist Party in South Africa); *Ibid.*, 02.07.1920, p. 4 (Do They Mean Business?).

204 *The Labour World*, 20.11.1920, p. 7 (Capitalism Uniting Forces); *Ibid.*, 27.11.1920, p. 7 (The Union Parliament); *Ibid.*, 04.12.1920, p. 7 (Labour and the Elections).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was dat die samelewing slegs deur rewolusionêre metodes verander kon word.[205] Oor die breuk tussen die twee groepe het ***The International*** verklaar:

> "*The SALP must be attacked, exposed, and driven where it belongs, into the arms of reaction and the upholders of the capitalist regime. The ISL will continue its work of agitation and organisation of the working masses irrespective of race, colour, or creed, on class lines, to fight and destroy the system responsible for the present world misery - peacefully if possible, by force if needs be...in order that the Socialist Republic of South Africa may be inaugurated by the unanimous solidarity of all the workers*".[206]

Tydens sy sesde jaarkongres in Januarie 1921 het die ISL ook besluit dat hy hom nie met die NP of enige ander "bourgeois" party kon vereenselwig of sy beleid in die komende verkiesing kon steun nie.[207]

Die SAAP en ***The Labour World*** het, soos tydens die 1920-verkiesing, weer van die hoë lewenskoste 'n verkiesingskwessie gemaak en aspekte, soos beter besoldiging, lewensomstandighede en vooruitsigte vir werkers, aangeraak.[208] Creswell het die buitensporige winsneming van die "*old Unionist profiteering crowd*" veroordeel[209] en in sy voorverkiesingsoorsig verwys na "*the constant and unceasing struggle of Labour against*

---

[205] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 250; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 208 - 209; R.B. Mulholland: White Labour and Politics: Railway Workers on the Witwatersrand 1910 - 1924, p. 235; *The Labour World*, 20.11.1920, p. 3 (Topics of the Time), p. 6 (I. Sandler: Appeal to the Workers of South Africa) en (G.C. McCann: South African Labour Party); *Ibid.*, 27.11.1920, p. 5 (I. Sandler: Appeal to the Workers of South Africa); *The International*, 12.11.1920, p. 2 (The "Constitutional" Labour Party); *Ibid.*, 26.11.1920, p. 2 ("An Unbridgable Gulf"); *Ibid.*, 10.12.1920, p. 2 (The ISL and the "Labour Movement"); *The Star*, 22.11.1920, p. 7 ("No Revolution for us"); *De Burger*, 23.11.1920, p. 5 (Water en Olie).

[206] *The International*, 26.11.1920, p. 2 ("An Unbridgable Gulf").

[207] *Ibid.*, 07.01.1921, p. 2 (ISL Sixth Annual Delegate Meeting); *The Star*, 03.01.1921, p. 9 (Socialist Decision).

[208] J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, p. 33; C. Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 - 1924, p. 28; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 318; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 415; W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 - 1950*, p. 34; *The Labour World*, 03.07.1920, p. 6 (Slim Jan "Almost" Resigns); *Ibid.*, 21.08.1920, p. 3 (Topics of the Time); B. Reid: The General Elections of 1920 and 1921 in Natal: Labour Triumph and Defeat (*Journal of Natal and Zulu History*, Vol. II, 1979, p. 46).

[209] F.S. Crafford: *Jan Smuts*, p. 175.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

the forces of Plutocracy".[210] T. Boydell, weer, het die regering van samewerking met die goudmynmagnate beskuldig. Die ander politieke partye in die verkiesing sou volgens hom poog om die setels van die SAAP te wen sodat die parlement kon voortgaan om 'n "*profiteers' protection society*" te wees. Die Arbeidersparty het vir die beskerming van "beskaafde" (blanke) standaarde gestaan. Die party sou verhoed dat Asiate en swartes, deur gelyke betaling vir gelyke werk, blankes na hulle vlak "aftrek" en sou Asiate ook "beskerm" teen kapitalistiese uitbuiting.[211]

Ten opsigte van die SAAP was ***The Star*** se hoof propagandafokus daarop gerig om die party met die NP se republikanisme en 'n afskeidingsbeweging van die Britse Ryk te verbind. In reaksie op die beskuldigings dat Smuts met die verkiesing van 1921 daarop uit was om die Arbeidersparty te breek, het ***The Star*** laasgenoemde weer verwyt dat hulle, deur uit beginsel ten alle koste teen Smuts te stem, met die "sesessioniste" van die NP saamgewerk het wat Suid-Afrika van die Britse Ryk wou afskei. Daarom het die koerant die beskuldigings wat in die 1920 verkiesingskampanje teen die SAAP gebruik is, naamlik dat die party onverskillig teenoor die Britse konneksie gestaan het, herhaal. Die Arbeiderspartybeleid was niks anders as 'n "paaimiddel" om die kiesers te mislei nie. ***The Star*** het voorspel dat die meeste kiesers, wat in die 1920-verkiesing vir die SAAP gestem het, om hierdie rede vir die SAP sou stem. Die koerant het gesuggereer dat sommige SAAP-ondersteuners die NP behulpsaam was in die ontwrigting van sommige van genl. Smuts se verkiesingsvergaderings, maar het ook te kenne gegee dat 'n NP-bewind nooit die sosialistiese beleidsrigtings van die SAAP sou aanvaar nie.[212]

---

[210] *The Labour World*, 09.10.1920, p. 7 (Creswell on "Moderates").

[211] *Ibid.*, 13.11.1920, p. 4 (T. Boydell: The New Party).

[212] *The Star*, 21.12.1920, p. 6 (Col. Creswell and the Government); *Ibid.*, 06.01.1921, p. 6 (With the People); *Ibid.*, 07.01.1921, p. 8 (The Labour Party's Dilemma) en p. 10 (Labour Party and Secession); *Ibid.*, 10.01.1921, p. 6 (The Labour Party Manifesto); *Ibid.*, 11.01.1921, p. 6 (Parties and Principles); *Ibid.*, 12.01.1921, p. 6 (A Straight Issue); *Ibid.*, 14.01.1921, p. 8 (The Alternatives); *Ibid.*, 18.01.1921, p. 6 (Denver and Dope); *Ibid.*, 19.01.1921, p. 6 (Labour's Illusions) en (That Tin Can); *Ibid.*, 20.01.1921, p. 8 (Twenty Years After); *Ibid.*, 24.01.1921, p. 6 (Election Issues); *Ibid.*, 25.01.1921, p. 6 (Where Stands the Labour Party?); *Ibid.*, 27.01.1921, p. 8 (The Prime Minister's Appeal); *Ibid.*, 28.01.1921, p. 8 (The Safety of the State); *Ibid.*, 29.01.1921, p. 8 (The Delusions of Mr. Ware); *Ibid.*, 31.01.1921, p. 6 (Equal Rights); *Ibid.*, 01.02.1921, p. 6 (The Red Light) en (Which is Right?); *Ibid.*, 02.02.1921, p. 6 (The Blank Cheque); *Ibid.*, 03.02.1921, p. 6 (True Colours - and False) en (Fordsburg Fictions); *Ibid.*, 07.02.1921, p. 6 (Vote Safety).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The Star het ook weer 'n aantal ou beskuldigings wat in die 1920-verkiesingsveldtog as propaganda teen die SAAP gebruik is, opgediep. Deur onder andere van spotprente gebruik te maak, is die party met sosialisme en "Bolsjewisme" verbind. Die blad het beweer dat daar persone in die Arbeidersparty met rewolusionêre kommunistiese neigings was. Die feit dat die ISL in 1918 uitgenooi is om weer by die party aan te sluit, was 'n bewys daarvan. Die SAAP, wat homself as 'n werkersparty voorgedoen het, was seksioneel wat slegs die belange van die blanke werkersklas, deur middel van pleidooie vir die behoud van die kleurslagboom, bevorder het. ***The Star*** het die besware van die SAAP teen winsneming gekritiseer deur te verklaar dat Creswell en sy party teen kapitaalinvestering en private inisiatief in Suid-Afrika gekant was in 'n stadium dat die land dit broodnodig gehad het om byvoorbeeld die armblankeprobleem op te los.[213]

In sý kommentaar ten opsigte van die SAAP tydens die 1921-verkiesingsveldtog het ***De Burger*** 'n ambivalente houding ingeneem. Aan die een kant het ***De Burger*** die SAAP as 'n "dualistiese party" geëtiketteer omdat sommige partylede enersyds voorgegee het om lojaal aan die Britse konneksie in Suid-Afrika te wees, maar andersyds (ter wille van die steun van Afrikaner-werkers) voorgegee het dat hulle republikeinsgesind was. Daarby het Morris Kentridge volgens die koerant 'n sowjet-republiek vir Suid-Afrika geïdealiseer.[214]

Maar ten spyte van amptelike ontkennings deur die politici van die twee partye,[215] blyk dit uit die beskikbare literatuur dat daar ten minste informele samewerkingsooreenkomste in sommige kiesafdelings tussen die NP en die SAAP bestaan het en dat daar heelwat ooreenkomste ten opsigte van beleidstandpunte was.[216] In die lig hiervan het ***De Burger*** aan die hand gedoen:

---

[213] *The Star*, 01.12.1920, p. 4 (Col. Creswell's Manifesto); *Ibid.*, 15.12.1920, p. 6 (The Socialist Party); *Ibid.*, 10.01.1921, p. 6 (The Labour Party Manifesto); *Ibid.*, 11.01.1921, p. 6 (Parties and Principles); *Ibid.*, 14.01.1921, p. 7 (Spotprent); *Ibid.*, 15.01.1921, p. 8 (Labour Party's Claims); *Ibid.*, 24.01.1921, p. 6 (Election Issues); *Ibid.*, 28.01.1921, p. 12 (Spotprent); *Ibid.*, 03.02.1921, p. 6 (True Colours - and False); *Ibid.*, 04.02.1921, p. 12 (Spotprent).

[214] *De Burger*, 25.12.1920, p. 6 (Oor die Vaal).

[215] Anon: *The Nationalist-Labour Pact: Past and Present, 1907 - 1924*, p. 21; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 415 - 416.

[216] C. Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 - 1924, p. 29; J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, p. 34; D.J.J. Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914 - 1921, pp. 185 - 187; J.P. Brits: *Tielman Roos - Political Prophet or Opportunist?*, p. 78; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 352, 416 - 417; *De Burger*, 21.01.1921, p. 3 (Oor die Vaal). Kyk ook *Ibid.*, 07.03.1921, p. 4 (Vrae van 'n SAP).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Wij weten drommels goed wat ons bedreigt van die kant van een Smutsregering en de enige redding ligt op het ogenblik in het voorkomen van een uitwissing van die Arbeiderspartij. Laten deze overwegingen ons leiden bij het geven van onze stemmen daar, waar de keuze is tussen ZAP en Arbeider".[217]

De Burger was van mening dat die nuwe SAP se hoop om vordering met die verowering van setels in die verkiesing te maak slegs in 'n verswakking van die Arbeidersparty geleë was - vandaar eersgenoemde se poging om die SAAP aan die NP se republikanisme en sesessie van die Britse Ryk te verbind. Indien die NP egter die oorwinning by die stembus sou behaal, sou die konflikte tussen arbeid en kapitaal deur 'n "onpartydige staatsgesag" besleg word. Gedagtig aan die bloedige konflik wat in 1922 tussen arbeid en mynkapitaal sou uitbars, het ***De Burger*** profetiese kommentaar gelewer dat dit betreurenswaardig sou wees indien die SAAP, as politieke verteenwoordiger van die werkersklas, met 'n verkleinde verteenwoordiging na afloop van die verkiesing na die parlement sou terugkeer. ***De Burger*** het toe reeds voorspel dat konflik tussen arbeid en kapitaal onder die bestaande politieke bedeling onafwendbaar was. Die Smuts-regering wat sy invloed en steun aan groot kapitaal ontleen het, was nie die aangewese party om hierdie geskille na behore by te lê nie. ***De Burger*** het gewaarsku dat indien daar nie aan Arbeid voldoende en effektiewe parlementêre verteenwoordiging verleen sou word, wat as politieke en konstitusionele uitlaatklep vir die griewe van die arbeiderbeweging kon dien nie, daar 'n sterk moontlikheid bestaan het dat industriële konflikte langs "onkonstitusionele wee", soos gewelddadige stakings, besleg sou kon word. Daarteenoor sou effektiewe Arbeiderverteenwoordiging in die parlement die beste versekering bied dat die konflikte langs vreedsame konstitusionele weë, naamlik wetgewing, opgelos sou word.

Teen hierdie agtergrond was dit dus betreurenswaardig dat die arbeiderbeweging polities tussen die SAAP en die vakbonde van die SAIF verdeeld was. Archie Crawford, die algemene sekretaris van die SAIF, wat haaks was met Creswell en die Arbeidersparty, het so reg in die kraal van Smuts en die kapitaliste gespeel, aldus ***De Burger***. Teenoor die "geregverdigde" eise van die Arbeiders het die koerant, asook die Nasionale Party,

---

[217] *De Burger*, 07.02.1921, p. 4 (De Arbeiders en Wij).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
simpatiek gestaan, alhoewel hulle nie met die sosialistiese beleidsaspekte van eersgenoemde saamgestem het nie.[218]

Die ISL het in die verkiesing van 1921 slegs drie kandidate, en wel in Natal, in die veld gestoot, te wete R. Rodger (Greyville), S.M. Pettersen (Durban - Punt) en T.H. Baird (Durban - Sentraal).[219] Dat die organisasie weereens die SAAP as sy primêre verkiesingsopponent geteiken het, blyk uit 'n manifes wat in Desember 1920 vir die League se sesde jaarkongres van Januarie 1921 opgestel is. Daarin is onder meer verklaar:

> "*...a Socialist party must continue to do as the ISL has done, viz, to show up the SALP, to oppose it at elections, to goad it if possible into being more revolutionary...*".[220]

Gevolglik het ***The International*** die SAAP gereeld in sy verkiesingskommentaar aangeval en laasgenoemde daarvan beskuldig dat dit 'n "politieke versekeringsmaatskappy" vir die "petty-bourgeois" klas geword het wat arbeid onder kapitalisme uitgebuit het. Die Arbeidersparty se beleid was anti-rewolusionêr en "*Imperialist dope and Creswellian opportunist dope*". Die koerant het ook gesuggereer dat die party deur die kapitalistiese pers ondersteun is deur te verklaar dat "*...Labour leaders have been getting quite good 'boosts' from the Corner House press lately...*". Daarby was "*a vote for the SALP...a vote for the Boss concealed behind his 'Labour lieutenants'*". Gevolglik het die League alle sosialiste aangeraai om die stembus te vermy, behalwe in die Durbanse kiesafdelings waar die drie ISL-kandidate gestaan het.[221] ***The Star*** het tydens die verkiesingskampanje gepoog

---

[218] *De Burger*, 05.02.1921, p. 4 (Stormt, Burgers!); *Ibid.*, 07.02.1921, p. 4 (De Arbeiders en Wij). Kyk ook C. Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 - 1924, p. 29; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 416, 425. 'n Regeringsverslag oor die 1914-staking, (Cd.) 7348 - 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*, p. 240 verklaar dat Crawford 'n "bitter opponent" van die SAAP was.

[219] B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910 - 1976*, p. 111; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 250; B.L. Reid: Organised Labour in Natal: 1918 - 1924, pp. 105 - 106; *The Star*, 18.01.1921, p. 4 (Durban Canditates).

[220] *The International*, 31.12.1920, p. 1 (The Role of a Socialist Party in South Africa).

[221] Kyk *Ibid.*, 10.12.1920, p. 2 ("G.W.": The Elections); *Ibid.*, 14.01.1921, p. 1 ("H.W.H.": Eye Wash); *Ibid.*, 21.01.1921, p. 1 ("Piscator": Durban Notes), p. 2 (The Union Assembly Elections) en (The Labour Party and Socialism), p. 3 ("D.N.": The Six Irrefutable Facts) en p. 4 (Ireland and the SALP); *Ibid.*, 28.01.1921, p. 1 ("Sen Yah": Proletarian Pickings); *Ibid.*, 11.02.1921, p. 1 ("Piscator": Durban Doings); H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 250.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
om die ISL met die NP te verbind deur te verklaar dat die League dit oorweeg het om die Nasionaliste te steun omdat beide organisasies vyande van Britse imperialisme was.[222]

Volgens die finale verkiesingsuitslae het die SAP 79 setels, die NP 45 en die SAAP slegs 9 setels verower. Die uitslag was 'n triomf vir Smuts se strategiese politieke vernuf. Deur met die Unioniste saam te smelt, het hy die taktiese voordeel gehad dat die baie driehoekige gevegte van die vorige verkiesing uitgeskakel was en dat die Engelssprekende stem dus nie verdeel is nie (wat die SAAP in die 1920-verkiesing bevoordeel het). Smuts het in die verkiesingsveldtog uit sy pad gegaan om ekonomiese kwessies te vermy. Buitendien het die SAP-regering in die tydperk tussen die algemene verkiesings van 1920 en 1921 doeltreffende maatreëls deurgevoer om die lewensduurte te verlaag en sodoende baie ontevredenheid en griewe teen die party uit die weg geruim. Daarby het Smuts veral daarin geslaag om die "gevare" van "sesessie" en "Bolsjewisme" teen die Arbeiders te gebruik waardeur Engelssprekende kiesers die skrik op die lyf gejaag is en in die kamp van die SAP gedryf is. Die sosialistiese doelstelling van die SAAP-beleid is voorgehou as die eerste stadium van "Bolsjewisme" wat in 1917 die bewind in Rusland oorgeneem het. Smuts het ook gewys op die "gevaar" vir Suid-Afrika as Bolsjewisme onder swartes sou posvat. Deurdat die Arbeiders en die NP by geleentheid tydens die parlementêre sitting van 1920 saamgestem het, het Smuts die SAAP daarvan beskuldig dat hulle die Nasionaliste, wat sesessie voorgestaan het, gehelp en sodoende die Grondwet in gevaar gestel het. Volgens Smuts, wat die regte verkiesingskrete gebruik het om die Arbeidersparty mee te verpletter, wou laasgenoemde nie hervormings hê nie, maar die bestaande orde, soos in Rusland, omvêr gooi. Die gevolg was dat die SAAP swaar verliese gely het wat 12 van sy oorspronklike 21 setels moes afstaan.[223]

---

[222] *The Star*, 03.01.1921, p. 6 (A League of Lunatics). Kyk ook L.E. Neame: *General Hertzog*, p. 225.

[223] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 343 - 345; P.F. van der Schyff: Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910 - 1921, pp. 162 - 163; J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, pp. 33 - 34; C. Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 - 1924, pp. 17 - 18, 31 - 33, 37 - 41; B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976*, p. 98; M. Kentridge: *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*, p. 100; O. Pirow: *James Barry Munnik Hertzog*, pp. 82 - 83, 86; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 322; L.E. Neame: *General Hertzog*, p. 221; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 408 - 409, 416 - 417, 419, 424 - 426; F.S. Crafford: *Jan Smuts. A Biography*, pp. 175 - 176; W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 - 1950*, pp. 31, 35; D.W. Krüger: *The Age of the Generals*, p. 115; J.C. Smuts: *Jan Christiaan Smuts*, p. 249; A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, p. 166; M.P.A. Malan: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika*, p. 75; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 250; B. Reid: The General

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Selfs F.H.P. Creswell, die parlementêre leier van die Arbeidersparty, het sy setel in Troyeville met 216 stemme aan die SAP verloor. Creswell se biograaf het die nederlaag aan die laksheid en onbevoegdheid van sy verkiesingsagente toegeskryf. Creswell is darem weer in 1922 in 'n tussenverkiesing in die Natalse kiesafdeling, Stamford Hill, tot die parlement herkies.[224] Net soos in die geval van die algemene verkiesing van 1920, was die onsekere vlottende kieserstem ook in 1921 lotsbepalend vir die posisie van die SAAP, maar in hierdie geval egter ten koste van die party.[225]

Uiteraard het die pers in sy verkiesingsnabetragting prominensie aan die SAAP-verliese gegee. ***The Star*** het daarop gewys dat in die Randse kiesafdelings, soos Bezuidenhout Valley, Boksburg, Denver, Commissionerstraat, Germiston, Troyeville, Krugersdorp, Turffontein en Springs, asook in die stedelike kiesafdelings van Kaapstad en Durban, 'n swaai van ongeveer een derde van die kieserstem van die Arbeidersparty na die SAP plaasgevind het. Omdat Creswell verkies het om Smuts te opponeer, in plaas daarvan om hom te steun tydens die politieke krisis van 'n skaakmatregering, is hy in sy eie kiesafdeling verslaan. Die Arbeidersparty kon nie daarin slaag om die momentum van die vorige verkiesing, waar hy in sy verkiesingspropaganda ten opsigte van die kwessie van die hoë lewensduurte op loontrekkers en gesalarieerde kiesers gefokus het, behou nie. Aangesien die lewensduurte besig was om af te neem, kon die SAAP dit nie meer as 'n effektiewe propagandawapen teen die regering gebruik nie. Volgens ***The Star*** was die wegswaai van die kieserstem vanaf die SAAP op die Witwatersrand onder andere toe te skryf aan die party se munisipale beheer en administrasie van Johannesburg. Dit het 'n groter

---

Elections of 1920 and 1921 in Natal: Labour Triumph and Defeat (*Journal of Natal and Zulu History*, Vol. II, 1979, pp. 46 - 47).

[224] (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop Assistant to Senator, p. 121; M. Creswell: *An Epoch of the Political History of South Africa in the Life of Frederic Hugh Page Creswell*, p. 73; B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976*, pp. 121, 126; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 345; C. Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 - 1924, p. 33; D.J.J. Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914 - 1921, p. 186; M. Kentridge: *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*, p. 100; J.C. Smuts: *Jan Christiaan Smuts*, p. 249; L.E. Neame: *General Hertzog*, p. 226; O. Geyser; A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 419 en L. Blackwell: *African Occasions*, pp. 54, 105.

[225] N.G. Garson: The Political Role of the White Working Class in South Africa 1902 - 1924 (*Conference on Southern African Labour History*, African Studies Institute, 8 - 10 April 1976, pp. 15 - 16); C. Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 - 1924, p. 40; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 425; L. Blackwell: *African Occasions*, p. 105.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
belastinglas vir die stad se inwoners meegebring in plaas daarvan om dit te verlig. Daarby het die koerant die nederlae ook toegeskryf aan demagoë in die Arbeidersparty wat ekstremistiese, sosialistiese beleidsrigtings verkondig het wat die kiesers afgeskrik het.

Volgens ***The Star*** was die hoofrede vir die SAAP se swak vertoning egter die feit dat die party, ten spyte van sy sterk voorkeure aan die bestaande konstitusionele posisie van 'n behoud van bande met die Britse Ryk, nie bereid was om Smuts onvoorwaardelik in die parlement te steun nie. Gevolglik is die SAP se posisie as regerende party in gevaar gestel, wat op sy beurt weer die NP, met sy anti-Britse beleid, bevoordeel het. Volgens ***The Star*** het hierdie dubbelsinnige taktiek van die SAAP Britsgesinde kiesers vervreem omdat dit vir hulle steun aan die NP-standpunt geïmpliseer het. In die lig van die verkiesingsuitslag het ***The Star*** dus die SAAP aanbeveel om sy posisie ten opsigte van Smuts te heroorweeg.[226]

In Nasionaalgesinde kringe is die verkiesingslot van die Arbeidersparty met gemengde gevoelens ontvang wat in die kolomme van ***De Burger*** weerspieël is. Die blad het nie verwag dat die SAAP so 'n groot nederlaag by die stembus toegedien sou word nie en het verklaar dat die party se verliese ten koste van die "Neo-Unioniste Party" (SAP) was. Smuts was suksesvol om Engelssprekende Arbeider-kiesers oor die SAAP se konstitusionele beleid met betrekking tot Suid-Afrika die skrik op die lyf te jaag. Dit, asook wetgewing wat die lewensomstandighede van die werkers verbeter het, het hulle genoop om vir die SAP te stem. 'n Addisionele nadelige faktor tydens die verkiesing was dat baie Afrikaanssprekende lede uit die Arbeidersparty bedank het oor die party se houding ten opsigte van die behoud van die Britse konneksie. Ook ***De Burger*** het opgemerk dat 'n groot strategiese swakheid van die SAAP die groot aantal vlottende stemme was waarop hy nie konsekwent tydens verkiesings kon staatmaak nie. ***De Burger*** het daarvan melding gemaak dat pro-regeringskoerante die NP herhaaldelik van samewerking met die "Bolsjewistiese" Arbeidersparty beskuldig het en dat dit tot verdere nadeel van laasgenoemde in die verkiesing gestrek het. ***De Burger*** het voorts beweer dat met die bewindsaanvaarding van die nuwe SAP-regering, as party van die groot kapitaliste

[226] *The Star*, 09.02.1921, p. 6 (Election Results). Kyk ook L. Blackwell: *African Occasions*, p. 105.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
en mynmagnate wat húlle belange ten koste van die (Afrikaner) volk behartig het, die NP ook die stryd "*teen die Mammon van die geldmag*" sou moes voer.[227]

Die NP-leierskap het egter verskillende sienings oor die SAAP-posisie gehuldig. Tielman Roos, die Transvaalse partyleier, het dit betreur dat die Unionistiese element in die SAP die Arbeidersparty so 'n nekslag toegedien het omdat dit volgens hom indirek die NP verswak het om kragtig teen die kapitaliste op te tree. Daarteenoor was Hertzog, die hoofleier, egter verheug dat Afrikaner-werkers hulle steun aan die Arbeidersparty onttrek het. Volgens hom was die SAAP 'n "Unionistiese imperiale party" wat Afrikanerwerkers misbruik het om hulle waardes te onderdruk. Deur sy "jingoïstiese imperialisme" het die Arbeidersparty homself in diskrediet by die Afrikaners gebring. Daarom was die NP verseker van die steun van die Afrikanerwerker en was die oorwinning oor die SAAP vir eersgenoemde 'n "blywende bate". Hertzog het voorts verklaar: "*Die Arbeiders Party is op die Nasionale rots van die Afrikanerdom te pletter geloop*".[228]

Volgens ***De Burger*** sou Creswell na afloop van die verkiesing verklaar dat "*generaal Smuts...die verkeerde hond doodgeslaan* [het]. *Hy het gemik op die Nasionaliste en het die Arbeiders raakgegooi*".[229] ***De Burger*** het gevolglik sy voorverkiesingswaarskuwings herhaal dat Smuts met vuur gespeel het toe hy die werkers oorreed het om vir die SAP te stem. Die koerant was van mening dat indien die werkers nie na behore in die parlement verteenwoordig sou wees om politieke aandag aan hulle belange en griewe te verleen nie, dit maklik aanleiding tot nywerheidsonrus en stakings sou kon gee.[230] Volgens ***De Burger*** sou dit vir die NP nie voldoende wees om hom te verheug in die nederlaag van die SAAP nie. Die NP moes die kans aangryp en bereid wees om die belange van die stedelike

---

[227] *De Burger*, 09.02.1921, p. 4 (Die Resultate tot nog toe); *Ibid.*, 11.02.1921, p. 4 (Het Republikeinse Leger staat pal); *Ibid.*, 14.02.1921, p. 4 (De Taak Voorhanden) en (Die Stryd teen Mammon); *Ibid.*, 15.02.1921, p. 4 (Die Arbeiders en die Verkiesing); *Ibid.*, 16.02.1921, p. 2 (Van oor die Vaal); C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 320.

[228] *De Burger*, 22.02.1921, p. 4 (Dankbetuiging aan Nasionaliste); C. Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 – 1924, pp. 34, 36, 39; D.J.J. Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914 – 1921, pp. 186 – 187; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 421 – 423; O. Pirow: *James Barry Munnik Hertzog*, p. 86.

[229] *De Burger*, 28.02.1921, p. 8 (Van oor die Vaal); C. Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 – 1924, p. 40; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 425.

[230] C. Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 – 1924, p. 40.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Afrikanerwerkers, wat in die verkiesing die Arbeidersparty die rug toegekeer het, te dien, hulle vertroue in te boesem en in hulle materiële behoeftes te voorsien.[231]

Ons Vaderland het in sy saaklike verkiesingskommentaar verklaar dat die SAAP heen en weer tussen sy "Empaaier-politiek en sy broodbegeerte" rondgeslinger is. Die party het 'n "dubbel-bestaan" gevoer en weer oor die kwessie van die Britse konneksie "hopeloos-verlore geraak". Die Arbeiderspartystemme is volgens ***Ons Vaderland*** op die UP-SAP-alliansie oor die "sesessie-gogga" "verkwis".[232]

Gedagtig aan die ekskommunikering van die internasionale sosialiste uit die SAAP in 1915, het ***The International*** in sý naverkiesingskommentaar verwytend daarop gewys dat die party weereens daarin misluk het om die steun van die werkers oor die (Britse) partriotiese kwessie te wen. Na die SAAP-oorwinnings in die 1920-verkiesing het die party se parlementslede, ten einde hulle setels ten alle koste te behou, onder leiding van Creswell, "the Labour Colonel", hulle verkiesingsbeloftes aan die werkers versaak deur die regering en die kapitaliste te steun en vir hulleself 'n verhoogde salaris in te stem.[233] Oor die geringe stemtotaal van die drie ISL kandidate wat in die Natalse kiesafdelings gestaan het, was ***The International*** geensins ontmoedig nie. Die blad het daarop gewys dat waar die ISL-kandidate in die drie kiesafdelings gesamentlik 140 stemme getrek het, die SAAP se stemtotaal in dieselfde drie kiesafdelings slegs 2 310 stemme was. Dit het beteken dat een uit elke sestien stemme "*a class-conscious revolutionary vote*" was. Gevolglik het ***The International*** verklaar:

> "*We congratulate the Durban ISL members...on the magnificent propaganda they have made. If every contituency could have been as well served by the*

---

231 *De Burger*, 03.03.1921, p. 6 (Onze Volkseenheid); *Ibid.*, 05.03.1921, p. 4 (De Afrikaner Arbeider en de Nat. Partij).

232 *Ons Vaderland*, 11.02.1921, p. 4 (Altijd Vorentoe!); *Ibid.*, 15.02.1921, p. 4 (Lesse uit die Stembus). Kyk ook *Ibid.*, 22.02.1921, p. 8 (Enige opmerkingen over de Verkiezingen) en (Randse Spaanders); C. Marais: Die Nasionale Opposisie 1921 – 1924, p. 38.

233 *The International*, 11.02.1921, p. 2 (The Labour Debacle). Kyk ook R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 218.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

League, a great step forward would have been made by Communism in South Africa. Forward, comrades, the future is ours!"[234]

Ook ***The Bolshevik*** het 'n klap na die SAP in die verkiesing uitgedeel deur laasgenoemde daarvan te beskuldig dat die party die sesessie-kwessie op die patriotiese gevoelens van die werkers misbruik het ten einde hulle oor te haal om vir die party te stem. Deur die sanksionering van populêre kiesersteun is die posisie van die kapitalistiese klas dus versterk.[235]

6.5 DIE PAKT EN DIE VERKIESING VAN 1924

Tussen die algemene verkiesing van 1921 en dié van 1924, het dramatiese verwikkelinge plaasgevind wat tot 'n grondverskuiwing in die Suid-Afrikaanse politieke landskap en tot 'n nuwe regering aanleiding sou gee.

Alhoewel Brits dit beklemtoom dat bogenoemde verwikkelinge die resultaat van 'n aantal kumulatiewe faktore van verset teen die optrede van die SAP-regering was, stel hy dit ook dat die Randse staking van 1922, waarop in die volgende hoofstuk in meer besonderhede ingegaan word, die belangrikste stimulus daartoe was.[236] Veral die politieke gevolge van die staking het verreikende implikasies vir die owerheid ingehou wat die groeiende weersin in die Smuts-regering na 'n hoogtepunt gevoer het. Generaal Smuts, wat uiteindelik die staking, waartydens 153 persone gedood is, met geweld onderdruk het, het 'n etiket van ongenaakbaarheid, ontoegeeflikheid en outokrasie teenoor die stakers, en van 'n marionet van die Kamer van Mynwese en Hoggenheimer, onder 'n groot deel van die publiek verkry. Die NP en die SAAP het, alhoewel hulle nie by die staking betrokke geraak het nie, die werkers openlik in die dispuut gesteun en gesamentlik pogings aangewend om die geskil vreedsaam te beëindig. Die drang om van hulle gemeenskaplike vyand, genl. Smuts, ontslae te raak, het die twee partye na mekaar gedryf en hulle het binne, sowel as buite die parlement, 'n gesamentlike front teen die regering begin vorm. In die platteland het

---

[234] *The International*, 11.02.1921, p. 2 (The ISL and the Elections); *Ibid.*, 18.02.1921, p. 2 (Durban Elections). Kyk ook B.L. Reid: Organised Labour in Natal: 1918 - 1924, p. 107.

[235] *The Bolshevik*, April 1921, p. 2 (C.F. Glass: "Democracy").

[236] J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, pp. i, 114 - 115, 142.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ondersteuners van Smuts in groot getalle sy party verlaat en na die NP oorgestap, terwyl die Arbeidersparty in die stedelike kiesafdelings ewe groot veld ten koste van die SAP gewen het.[237]

Reeds sedert 1921 was daar tekens van samewerking tussen die NP en die SAAP in die parlement, veral ten opsigte van 'n beleid vir die beskerming van blanke arbeid teen kompetisie van goedkoper swart arbeid en kritiek teen die regering se swak ekonomiese beleid. Tielman Roos, die Transvaalse leier van die Nasionale Party, het 'n groot aandeel aan die uiteindelike sluit van 'n samewerkingsooreenkoms tussen die NP en die SAAP gehad. In Desember 1921 het hy in 'n brief, wat in ***Ons Vaderland*** gepubliseer is, vooruitgesien na die dag wanneer die boer en die werker saam die land sou regeer deur middel van die Nasionale Party. En in April 1922 het Roos in die parlement verklaar dat hy alles in sy vermoë sou doen om te verseker dat geen Nasionale en Arbeider-kandidaat aan die Rand mekaar in die volgende verkiesing sou opponeer nie. Daardeur sou die twee partye 'n verenigde front teen die SAP kon vorm.[238]

Die Burger (so genoem sedert Januarie 1922) het ook daarop gewys dat hoewel die beginsels van die twee partye te uiteenlopend was om ooit 'n koalisie te vorm, niks hulle verhoed het om op bepaalde terreine, waar hulle wel saamstem, in belang van die land saam te werk nie. Gevolglik sou 'n onderlinge reëling in verkiesings tussen die twee partye, om te verseker dat die SAP geen setels ten koste van hulle kry nie, noodsaaklik en in belang van die volk wees. ***Die Burger*** was van mening dat die NP 'n verkiesingsooreenkoms kon aangaan sonder om sy beginsels vir dié van die Arbeiders prys te gee.[239] Ook die Natalse Arbeiderblad, ***The Guardian***, het positief teenoor Roos se uitlatings oor nouer samewerking tussen die NP en die SAAP gestaan.[240]

---

[237] J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, pp. 45, 47 - 54, 81; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 428 - 429, 431 - 437, 453, 462; B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976*, p. 102; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 471 - 472; D.W. Krüger: *The Age of the Generals*, p. 125; W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 - 1950*, pp. 70, 150.

[238] J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, pp. 93 - 95, 142; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 429, 453, 459, 463 - 464; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 469 - 470, 472 - 473; J.P. Brits: *Tielman Roos - Political Prophet or Opportunist?*, pp. 95 - 96.

[239] O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 474.

[240] Kyk *The Guardian*, 12.01.1923, p. 1 (Spotprent) en (Current Comment).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Roos se samesprekings met Arbeiderparlementslede soos Arthur Barlow, H.W. Sampson, en W.B. Madeley, het gelei tot die eerste samesprekings op 15 Julie 1922 tussen die twee partyleiers, genl. Hertzog en kol. Creswell, oor moontlike samewerking tussen die NP en die SAAP. Dit is opgevolg deur korrespondensie tussen laasgenoemde twee waarin hulle verskillende beginselstandpunte uiteengesit is. Van die uitstaande bepalings van die verkiesingsooreenkoms, of Pakt, soos dit bekend sou raak, was dat die NP en die SAAP as twee afsonderlike partye met afsonderlike leiers en koukusse sou bly voortbestaan en dat die ooreenkoms die aand van die verkiesingsdag beëindig sou word; die twee partye sou mekaar in 'n verkiesing steun en verhoed dat die SAP setels in driehoekige gevegte wen deur vooraf oor kandidate en setelverdelings ooreen te kom; die NP sou gebind wees deur 'n belofte dat hy nie Suid-Afrika se bande met die Britse kroon sou verbreek as hy aan bewind sou kom nie, waardeur die Arbeiders se vrees vir 'n "republikeinse sesessie" afgeweer is; die SAAP sou die sosialistiese klousule in sy partybeleid afwater sodat die Nasionaliste se vrese vir "Bolsjewisme", kommunisme en sosialisme besweer is; 'n segregasiebeleid; en die daarstelling van 'n Ministerie van Arbeid. Teen April 1923 is die korrespondensie in die pers openbaar gemaak en tussen September 1923 en Januarie 1924 het al die kongresse van die NP en die SAAP die ooreenkoms tussen Hertzog en Creswell goedgekeur. Hierdie ooreenkoms sou die sleutel tot 'n regeringsverandering in die verkiesing van 1924 inhou.[241] ***Die Burger*** het onomwonde verklaar dat dit "*die dood beteken van die Smuts-regering en die val van die kapitalis se heerskappy in Suid-Afrika*".[242]

Beide Nasionaal- en Arbeidergesinde koerante het ook aansienlike invloed ten opsigte van die suksesvolle sluiting van die Pakt-ooreenkoms uitgeoefen. So het die redakteurs van

---

[241] J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, pp. 96 - 109; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 464 - 474; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 476 - 501; A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, pp. 174 - 175; M. Creswell: *An Epoch of the Political History of South Africa in the Life of Frederic Hugh Page Creswell*, pp. 73 - 74, 78 - 82, 93 - 96; C.M. van den Heever: *Generaal J.B.M. Hertzog*, pp. 452 - 454; (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop Assistant to Senator, pp. 181 - 182; F.A. Johnstone: *Class, Race and Gold. A Study of Class Relations and Racial Discrimination in South Africa*, pp. 154 - 155.

[242] Aangehaal deur J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, p. 498. Kyk ook W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 - 1950*, p. 156 en C.E.M. O'Dowd: The General Election of 1924 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 2, November 1970, p. 58).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ons Vaderland en ***Die Burger*** Hertzog se standpunt onderskryf, naamlik dat die verwydering van die sosialistiese doelstelling uit die SAAP se beleidsbeginsels laasgenoemde en die NP nader aan mekaar sou bring, en 'n verkiesingsooreenkoms tussen die twee partye sou bespoedig. ***Die Burger*** het probeer aantoon dat die verwydering van die sosialistiese beginsel as gevolg van sekere faktore reeds 'n algemene verskynsel in Europa was. Waar die Europese Arbeiderspartye in die verlede Bolsjewiste, kommuniste en rewolusionêre elemente ingesluit het, het dit egter die neiging geraak om van hulle ontslae te raak. Indien die SAAP dus "Bolsjewisme" wou bestry deur alle skyn van kommunisme uit sy partybeginsels te weer, sou dit verwelkom word - ook indien die Arbeidersparty hom met "vreemde en ingevoerde beginsels" nie hopeloos wou vervreem van die Afrikanerarbeider nie. Daarby het dr. D.F. Malan, die redakteur van ***Die Burger***, in sy hoedanigheid as Kaaplandse leier van die Nasionale Party, verklaar dat hy baie nader aan die Arbeiders as aan die "welbekende firma van Smuts-Smartt-Hoggenheimer en Ko" gestaan het.[243]

The Guardian, die koerant van die Natalse Arbeiderparlementslid, Thomas Boydell, wat op sý beurt Creswell se vertroueling was, het die pogings van die leier van die SAAP, om die woord "sosialisme" uit die partydoelstellings weg te laat of te wysig, ten sterkste ondersteun.[244] Die koerant was ook ten gunste van samewerking tussen die NP en die SAAP ten einde die val van die Smuts-regering te bewerkstellig.[245] Daarteenoor het die Smutsgesinde Engelstalige pers, soos verwoord deur Charles Don, die destydse redakteur van ***The Star***, die Hertzog-Creswell-Pakt beskou as "*...an unnatural alliance, based on no common feeling or interest except the desire to oust the Smuts Government...*".[246] ***The Star*** het ook na die bondgenootskap verwys as "*...this loveless alliance between the Nationalist and Labour parties*". Don het in 'n Pakt-bewind 'n tydperk van isolasie vir Suid-Afrika

---

[243] O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 481, 484 - 485.

[244] *The Guardian*, 10.11.1922, p. 3 ("Socialisation"); *Ibid.*, 05.01.1923, p. 1 (G. Reyburn: Labour's Parliament); *Ibid.*, 12.01.1923, p. 2 (T. Boydell: Labour Party Congress). I.v.m. Boydell se vertrouensposisie teenoor Creswell, kyk A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, p. 174.

[245] *The Guardian*, 20.04.1923, p. 4 (The Reformed Rake); *Ibid.*, 27.04.1923, p. 4 (Plain English); *Ibid.*, 04.05.1923, p. 5 (Spotprent); *Ibid.*, 18.05.1923, p. 5 (Creswell and the Agreement). Kyk ook O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 479.

[246] C.D. Don: *And Having Writ...*, p. 201.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
voorsien en te kenne gegee dat indien die Pakt die bewind sou oorneem, buitelandse betrekkinge verbreek sou word.[247]

Soos reeds gesê, was daar ook verskeie ander faktore wat die posisie van die Smuts-regering in die oë van spesifiek die blanke arbeiderbeweging en Afrikaner-boeregemeenskap benadeel het. Na die skynvoorspoed van die oorlogsjare, waartydens plase oorgekapitaliseer is en 'n spekulasiegees gevaarlike afmetings aangeneem het, het die pryse van landbouprodukte gedaal. In die na-oorlogse depressie het banke hulle krediet ingetrek. Baie boere het bankrotskap in die gesig gestaar wat die geledere van die armblankes aangevul het. Daar was ook droogtes en sprinkaanplae. Die land se finansies was meestal chaoties en staatsgeld is onnodig verkwis. Oorloglenings het die finansiële las van die staat verswaar sodat die tekorte deur allerlei toenemende belastings aangevul is. Kapitaalfondse is aangewend om die staat se lopende uitgawes te dek. Dit alles het gelei tot salarisbesnoeiings vir staatsamptenare en onderwysers en die afdanking van spoorwegwerkers. Daarby was daar behuisingstekorte en die lewenskoste was hoog. Die beëindiging van die 1922-staking ten koste van die werkers het blanke werkloosheid aansienlik laat toeneem. Op die koop toe is die beskerming van blanke arbeid 'n verdere nekslag toegedien toe die Appélhof in 1923 die kleurslagboomregulasies van die myne onwettig verklaar het. Smuts, wat voor en tydens die staking die kleurslagboom verdedig het, se aandele het verder gedaal, terwyl blanke werkers hulle in groter getalle by die SAAP geskaar het.

Afgesien van sy optrede tydens die 1922-staking, het Smuts in Mei 1921 die verset van 'n swart godsdienssekte by Bulhoek naby Queenstown, asook in Mei 1922 dié van die Bondelswarts-stam in Suidwes-Afrika, met bloedgeweld onderdruk. Dit het die kroon op Smuts se sogenaamde "skiet-reputasie" gespan, wat hy alreeds met insidente soos die 1913-staking en die Rebellie van 1914 verkry het. So het Hertzog in 1922 verklaar: "*The Prime Minister's footsteps drip with blood - his footsteps will go down in history in this manner*".[248]

---

[247] Aangehaal deur J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, p. 122.

[248] J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, pp. 35 - 36, 45 - 46, 56 - 57, 60 - 62, 77 - 79, 81; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 458, 462, 475, 484 - 485; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die teken dat die skrif vir die Smuts-regering aan die muur was, was veral sigbaar in die aantal tussenverkiesings wat die SAP sedert die algemene verkiesing van 1921 verloor het. So het die SAP die kiesafdelings Stamford Hill (waar Creswell tot die parlement herkies is), Oos-Londen-Stad, Kaapstad-Tuine en Liesbeeck aan die SAAP, Rustenburg en Oudtshoorn aan die NP en Turffontein aan 'n Onafhanklike afgestaan. In tussenverkiesings vir die kiesafdelings Umvoti en Uitenhage het die SAP-kandidate wel gewen, maar hulle meerderhede het, in vergelyking met dié van die 1921-verkiesing, drasties gedaal,[249] alhoewel ***The Star*** van mening was dat die SAP-kandidaat in Umvoti se meerderheid van 111 stemme 'n "handsome majority" was.[250] Onder die opskrif "First Vengeance for the Hanekoms" het ***The International*** verklaar dat die neerlaag van Smuts, die "African Tsar" se party in Turffontein, die kiesers se weerwraak was vir die regering se bloedige onderdrukking van die 1922-staking waarin onder andere die Hanekom-broers na bewering koelbloedig deur die polisie doodgeskiet is. Die verkiesingsuitslag was ook "*...a serious smack in the eye for British Imperialism...*".[251] ***The Guardian***, weer, het byvoorbeeld 'n spotprent gepubliseer wat die SAAP-oorwinnings en die kiesersontevredenheid met die SAP treffend geïllustreer het.[252]

Die tussenverkiesing van April 1924 in die SAP-kiesafdeling, Wakkerstroom, sou vir Smuts die deurslag gee dat sy party se politieke gewildheid te ver getaan het. Die SAP het sy sterkste beskikbare kandidaat, A.G. Robertson, wat as Administrateur van Transvaal bedank het, teenoor die taamlik onbekende A. Naudé van die NP in die veld gestoot. Met die ondersteuning van die SAP-pers het Smuts aangevoer dat die SAAP se sosialisme 'n gevaar geword het omdat die NP hulle gehelp het om hierdie "gevaarlike ideologie" na die

---

pp. 456, 504 - 506, 512 -513, 520; A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, pp. 179, 182; D.W. Krüger: *The Age of the Generals*, pp. 124 - 125, 127, 130 - 131; W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 - 1950*, pp. 151, 157; F.S. Crafford: *Jan Smuts. A Biography*, pp. 197, 202, 105; O. Pirow: *James Barry Munnik Hertzog*, pp. 87, 89, 94, 97; L.E. Neame: *General Hertzog*, pp. 228, 230, 237.

249 J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, pp. 117 - 118; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 476 - 478; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 507 - 508, 521, 540 - 541; B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976*, pp. 126 - 127; M.P.A. Malan: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika*, p. 85; *Die Burger*, 29.03.1924, p. 6 (Die Uitslag van Oemvoti).

250 *The Star*, 28.03.1924, p. 9 (Nationalist Assault Fails).

251 *The International*, 31.08.1923, p. 2 (First Vengeance for the Hanekoms) en (Our "Inaudible" Statesman). Kyk ook *Ibid.*, p. 1 ("D.B.": Turffontein).

252 Kyk *The Guardian*, 02.03.1923, p. 5 (Spotprent).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

platteland te versprei waar die gevaar bestaan het dat dit ook die swartes sou bereik. Die Arbeiders het die Nasionaliste ondersteun en veral op die spoorwegwerkers van Volksrust gekonsentreer. Smuts is weer daarvan beskuldig dat hy 'n bondgenoot van die Kamer van Mynwese was en alle geskille met wapengeweld en bloedvergieting oplos. Die SAP se ontnugtering en skok was groot toe Naudé die setel met 'n meerderheid van 213 stemme gewen het. Die uitslag was 'n bewys van die krag van die Pakt en die ontevredenheid van die kiesers met die Smuts-bewind wat dan ook as 'n mosie van wantroue in die regering vertolk is. Toe die uitslag op 7 April 1924 in die parlement aangekondig is, het genl. Smuts verklaar dat die regering nie meer geweet het of hy die vertroue van die land geniet het nie. Sonder om sy kabinet te raadpleeg, het Smuts die Goewerneur-generaal versoek om die parlement te ontbind. 'n Algemene verkiesing is vir 17 Junie 1924 uitgeskryf.[253] Die omstandighede waarin die verkiesingsveldtog van 1924 plaasgevind het, het dus vir die eerste maal sedert Uniewording 'n tafel gedek waaruit die opposisiepartye meer voordeel as die regerende party kon haal.

Die verkiesingskampanje van 1924 was van die heftigste in die geskiedenis van die Unie en is gekenmerk deur die bitterheid van die aanvalle op genl. Smuts. Die opposisiepartye het die inisiatief geneem en die Eerste Minister tot verdediging gedwing waarteen hy nooit 'n doeltreffende verweer kon monster nie.[254] Ten spyte van die feit dat die Johannesburgse korrespondent van ***Die Burger*** gekla het dat die NP en die SAAP aan die Rand, in vergelyking met die magtige regeringsgesinde pers, weens 'n gebrek aan fondse nie oor 'n

---

[253] J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, p. 119; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 479 - 481; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 541 - 546; M. Kentridge: *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*, pp. 126 - 127; O. Pirow: *James Barry Munnik Hertzog*, pp. 97 - 98; B.M. Schoeman: *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976*, p. 104; W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 - 1950*, pp. 160 - 161; C.M. van den Heever: *Generaal J.B.M. Hertzog*, p. 456; *Die Burger*, 07.04.1924, p. 5 (Wakkerstroom Word Nasionaal); *Ibid.*, 08.04.1924, p. 4 (Eindelik!) en p. 5 (Regering van die Kussing geja); *The Star*, 07.04.1924, p. 7 (General Election at once); (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop Assistant to Senator, pp. 182 - 183. Kyk ook R.B. Mulholland: White Labour and Politics: Railway Workers on the Witwatersrand 1910 - 1924, p. 281.

[254] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 485 - 486; W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 - 1950*, p. 162; M.P.A. Malan: *Die Nasionale Party van Suid-Afrika*, p. 86; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 547; L.E. Neame: *General Hertzog*, p. 238; J.C. Smuts: *Jan Christiaan Smuts*, p. 268; F.S. Crafford: *Jan Smuts. A Biography*, p. 206; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 324.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soortgelyke, doeltreffende opposisiepers aldaar as teenwig beskik het nie,[255] het die Nasionaalgesinde persblaaie tog die SAP-regering meedoënloos en sistematies aangeval. Kiesersopvoeding is ook onder die lesers gedoen. Sodoende sou ***Ons Vaderland***, en by uitstek ***Die Burger***, die swak Arbeidergesinde media aanvul.[256] So het ***Die Burger*** reeds enkele maande voor die verkiesing verklaar: "*Die Smuts-regering is uitgedien. Die land het dit lankal gevoel...*".[257]

Volgens Muller het die personeel van ***Die Burger*** "alle kragte ingespan" tydens die verkiesingsveldtog.[258] In sy verkiesingstrategie het die koerant op 'n aantal temas gekonsentreer. In die eerste plek is die lesers voor die keuse van die volk of die mynmagnate gestel. Sou genl. Smuts weer aan bewind kom, het die Kamer van Mynwese vyf jaar gekry om oor Suid-Afrika te regeer en om blanke arbeiders met behulp van die SAP, of "mynmagnate-party" te "plunder". ***Die Burger*** het ook verwys na die "kruipende slaafsheid" van die SAP teenoor die Johannesburgse mynmagnate. Nasionaliste en Arbeiders is gewaarsku teen die "knoeiery" van Smuts en die mynmagnate in die verkiesingsveldtog om kiesers te paai en hulle onder 'n valse indruk van die voordele van 'n SAP-regering te bring. Mynmagnate, alias "Hoggenheimer", het na bewering glo £250 000 aan die SAP se verkiesingsfondse toegesê, aangesien 'n SAP-meerderheid in die verkiesing "suiwer as 'n geldbelegging" deur eersgenoemde beskou sou word. ***Die Burger*** het die kiesers gewaarsku dat die mynmagnate - die "Donker Geldmag"-met "demoniese krag" gewerk het om die verkiesingsuitslag in hulle guns te beklink. Gedrewe deur hulle "fanatiese aanbidding van Mammon", het hierdie mynmagnate slegs die uitbuiting van Suid-Afrika se minerale rykdom teen die laagste moontlike koste ten doel gehad.[259]

---

[255] *Die Burger*, 06.05.1924, p. 6 (Organisasie van die Twee Partye).

[256] J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, p. 131; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 569, 574; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 323 - 326; W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 - 1950*, p. 162.

[257] Aangehaal deur J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, p. 131.

[258] C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 326.

[259] *Die Burger*, 23.01.1924, p. 6 (Die SAP en die Arbeiders); *Ibid.*, 02.02.1924, p. 6 (Nasionaliste, Pas Op!); *Ibid.*, 19.02.1924, p. 6 (Verkiesings-Miljoene); *Ibid.*, 10.03.1924, p. 4 (Advokaat vir die Mynmagnate); *Ibid.*, 28.03.1924, p. 6 (Die Groot Veldtog); *Ibid.*, 29.03.1924, p. 6 (Die Uitslag van Oemvoti); *Ibid.*, 08.04.1924, p. 4 (Eindelik!); *Ibid.*, 09.04.1924, p. 6 (Die ou Storie); *Ibid.*, 15.04.1924, p. 4 (Staan Bymekaar!); *Ibid.*, 10.05.1924, p. 4 (Wat sal die Uitslag wees?); *Ibid.*, 21.05.1924, p. 6 (Iets Geheel Anders); *Ibid.*, 02.06.1924, p. 4 ('n Herhaling van die Geskiedenis); *Ibid.*, 06.06.1924, p. 6 (Wees op u Hoede!); *Ibid.*, 09.06.1924, p. 4 (Heilige Dinge) en *Ibid.*, 11.06.1924, p. 6 (Elke man op sy Pos!). Kyk ook C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 326; W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 -*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 'n ander tema het ***Die Burger*** se kritiek op die foute van die Smuts-regering gekonsentreer: die onderdrukking van verset teen die owerheid met wapengeweld; begunstiging en beskerming van die myne deur die opheffing van winsbelasting; wanadministrasie en verkwisting van staatsfondse; die hef van talle belastings op die burgery; die besnoeiing van staatssalarisse en provinsiale onderwysbegrotings; onvoldoende beskerming aan plaaslike nywerhede; onvervulde verkiesingsbeloftes; en 'n onvermoë om die armblankevraagstuk op te los.[260] Dus is 'n beeld van geweld, besluitloosheid en onbevoegdheid geskets. Die kieserspubliek moes kies tussen ekonomiese stagnasie of ekonomiese vooruitgang, werkloosheid of beskaafde (blanke) arbeid en tussen 'n Suid-Afrika as 'n groot swart reservaat ter wille van groot kapitaal of 'n vooruitstrewende witmansland.[261]

Die Burger het ook gereeld aanhalings uit Smuts se beleidsuitsprake van 1907 en 1910 gepubliseer om daardeur te probeer aantoon hoe dit sy beleidsverklarings van 1924 weerspreek het. Hierdie aanhalings het byvoorbeeld gehandel oor samewerking tussen die Arbeidersparty en Het Volk (die voorganger van die SAP), die posisie van armblankes teenoor kapitaliste en oor Smuts se verhouding met die goudmyne en mynkapitaal.[262] Daarby is Hoggenheimer deur middel van spotprente sedert die 1921-verkiesing kwistig as propaganda ingespan om aan die kiesers Smuts se onderdanigheid aan groot kapitaal, asook laasgenoemde se befondsing van die SAP-verkiesingsveldtog, te illustreer.[263]

1950, p. 162; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 322; C.E.M. O' Dowd: The General Election of 1924 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 2, November 1970, pp. 56, 67).

260 *Die Burger*, 19.04.1924, p. 4 (Klein Dingetjies); *Ibid.*, 23.04.1924, p. 6 (Die Een-Man-Party); *Ibid.*, 02.05.1924, p. 4 (Genl. Smuts vel sy eie Vonnis); *Ibid.*, 07.05.1924, p. 6 (Ou Klein Dingetjies); *Ibid.*, 10.05.1924, p. 4 (Wat sal die uitslag wees?); *Ibid.*, 05.06.1924, p. 4 (Waarom die Stilswye?); *Ibid.*, 12.06.1924, p. 6 (Hoofartikel); C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 324 - 325; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 563; C.E.M. O' Dowd: The General Election of 1924 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 2, November 1970, pp. 66, 67).

261 W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force, 1919 - 1950*, pp. 162 – 163; C.E.M. O' Dowd: The General Election of 1924 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 2, November 1970, p. 69).

262 Kyk O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 563; *Die Burger*, 14.05.1924, p. 7 (Genl. Smuts oor Kol. Creswell) en p. 8 (Spotprent); *Ibid.*, 17.05.1924, p. 7 (Berig); *Ibid.*, 20.05.1924, p. 5 (Smuts-Regering en Goudmyne); *Ibid.*, 21.05.1924, p. 6 (Iets Geheel Anders); *Ibid.*, 02.06.1924, p. 4 ('n Herhaling van die Geskiedenis) en p. 5 (Berig); *Ibid.*, 10.06.1924, p. 3 (Is Genl. Smuts in Hande van die Kapitaliste?) en p. 8 (Genl. Smuts oor die Goudmyne).

263 C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 322, 323, 325 - 326, 698; D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaaier in De Burger, 1915 - 1924, pp. 303 - 304; C.E.M. O' Dowd: The General Election of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Burger het konstant beskuldigings van die SAP-pers, soos die ***Cape Times*** en Reuters, dat die NP en die SAAP noodwendig 'n koalisie sou vorm, ontken. ***Die Burger*** het verklaar dat dit slegs oorweeg sou word indien die Nasionaliste nie 'n volstrekte meerderheid in die verkiesing sou behaal nie en omdat die regering van die land voortgesit moes word. Die blad het Engelstalige koerante daarvan beskuldig dat hulle redakteurs en verslaggewers van Britse oorsprong nie die Afrikaanse toesprake van NP-leiers korrek weergegee het nie en daarom verkeerde interpretasies daaraan geheg het. Die "magnaat-beheerde SAP-persorgane" was daarop ingestel *"om op alle moontlike maniere die oppermag van hulle base te bestendig"*, 'n wanindruk oor die sterkte van die SAP aan die kiesers voor te hou, en valse propaganda teen die NP en die SAAP te verkondig.[264] ***Die Burger*** se spotprente het koerante soos ***The Friend***, die ***Cape Times***, ***The Cape***, ***The Argus***, die ***East London Despatch***, die ***Diamond Fields Advertiser***, die ***Natal Mercury***, ***Die Volkstem***, die ***Sunday Times***, ***The Star*** en die ***Rand Daily Mail*** as slaafse napraters van Smuts uitgebeeld.[265]

Verder het ***Die Burger*** SAP-persorgane, soos ***Ons Land***, daarvan beskuldig dat dit die NP-SAAP-ooreenkoms verdag probeer maak het deur valslik die kiesers met die sesessie-en "Bolsjewisme"-kwessies die skrik op die lyf probeer jaag het. Hierdie pers het onvoorwaardelik Smuts se deugde besing en die foute van sy regering verdoesel. Dit is ook opvallend hoe sterk ***Die Burger***, sedert die inwerkingtreding van die Pakt-ooreenkoms, vir die Arbeidersparty in die bresse getree het en laasgenoemde teen SAP-beskuldigings van "Bolsjewisme" en "ateïsme" verdedig het.[266]

1924 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 2, November 1970, p. 67). *De Burger*, 16.02.1921, p. 3 (Spotprent); *Ibid.*, 02.03.1921, p. 8 (Spotprent); *Ibid.*, 30.04.1921, p. 6 (Spotprent); *Die Burger*, 27.02.1924, p. 8 (Spotprent); *Ibid.*, 09.04.1924, p. 8 (Spotprent); *Ibid.*, 19.04.1924, p. 6 (Spotprent); *Ibid.*, 30.04.1924, p. 8 (Spotprent) en *Ibid.*, 21.05.1924, p. 8 (Spotprent).

[264] *Die Burger*, 23.01.1924, p. 6 (Die SAP en die Arbeiders); *Ibid.*, 26.02,1924, p. 6 ('n Valse Alarm); *Ibid.*, 28.02.1924, p. 6 (Van Misleide tot Misleier); *Ibid.*, 28.03.1924, p. 6 (Die Groot Veldtog); *Ibid.*, 14.04.1924, p. 4 (Die Slegte Invloed van die Pers).

[265] Kyk *Ibid.*, 02.04.1924, p. 8 (Spotprent); *Ibid.*, 03.05.1924, p. 6 (Spotprent). Kyk ook *Ibid.*, 08.04.1924, p. 4 (Eindelik!) en C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, p. 325.

[266] *Die Burger*, 23.04.1924, p. 6 (Die Een-Man-Party); *Ibid.*, 07.05.1924, p. 6 (Dinge wat tel); *Ibid.*, 12.05.1924, p. 4 ("Naar Aanleiding van Beweringen"); *Ibid.*, 07.06.1924, p. 6 (Die Eerste Onwaarheid); *Ibid.*, 09.06.1924, p. 4 (Heilige Dinge); *Ibid.*, 10.06.1924, p. 6 ("Speel met Heilige Gevoelens") en *Ibid.*, 11.06.1924, p. 6 (Elke Man op sy Pos!). Kyk ook C.E.M. O' Dowd: The General Election of 1924 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 2, November 1970, p. 66).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ons Vaderland se verkiesingstrategie was soortgelyk aan dié van ***Die Burger***. Ook eersgenoemde het die Arbeidersparty teen die propaganda van SAP-organe, soos ***Die Volkstem***, dat hulle "Bolsjewiste", "kommuniste" en "ateïste" was wat boere se grond wou konfiskeer, verdedig en gekla dat Hertzog se toesprake verkeerd gerapporteer en verdraai is.[267] ***Ons Vaderland*** het die regering daarvan beskuldig dat dit op aandrang van mynkapitaal (Hoggenheimer) blanke arbeid vir goedkoop swart arbeid uit die arbeidsmark ter wille van profyt verdring het. Genl. Smuts, die "troue Kneg van die Kamer van Mynwese", is daarvan beskuldig dat hy hom deur kapitaliste en mynmagnate, wat die minerale rykdom van Suid-Afrika vir eie gewin geëksploiteer het, laat gebruik het.[268]

Ons Vaderland het ook verkiesingskwessies, soos die regering se toenemende belastings, die opheffing van winsbelasting op die myne, toenemende regeringskuld en die swak finansiële administrasie van die Smuts-beleid, belig.[269] Soos ***Die Burger*** het ***Ons Vaderland*** kwessies, waar Smuts se verkiesingspropaganda van 1924 gebots het met sy beleidstandpunte van die verlede, gepubliseer. Die koerant het byvoorbeeld daarop gewys dat Smuts in 1907 en 1910 'n "Pakt" tussen die Arbeidersparty en Het Volk voorgestaan het, maar die Pakt-ooreenkoms van 1923 tussen die NP en die SAAP veroordeel het.[270]

Ook die invloedryke SAP-pers het verbete propagandawerk tydens die verkiesingsveldtog gedoen. ***The Star*** en die ***Rand Daily Mail*** het spesiale kolomme geplaas waarin die gevare en ondeugde van die Pakt aan hulle lesers voorgehou is en as 'n "onheilige verbond" bestempel is. ***The Star*** het baie optimisties verklaar dat, ten spyte van 'n verbete stryd in sommige kiesafdelings, die regeringsparty die verkiesing met 'n meerderheid van 11 setels

---

[267] *Ons Vaderland*, 07.08.1923, p. 2 ("Transvaaler": Bolsjewieke en Kommuniste). Kyk ook *Ibid.*, 01.04.1924, p. 3 ("Dr. Wantrou": Drie soorte Bolsjewieke); *Ibid.*, 17.04.1924, p. 4 (Die Bolsjewisme-Gogga) en *Ibid.*, 10.06.1924, p. 4 (Tot Ondergang Gedoem).

[268] *Ibid.*, 09.10.1923, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 02.11.1923, p. 4 (Die gevaarlike reklame-man); *Ibid.*, 25.03.1924, p. 9 (A.M. Moll: Die Chamber of Mines, "Mali Mali" Party); *Ibid.*, 16.05.1924, p. 4 (Wie praat onwaarheid?); *Ibid.*, 06.06.1924, p. 6 (Wie maak "Bolsjewiste"?) en p. 8 ("Afrikaner": Die Verkiesing en die Myne). Kyk ook J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, p. 127.

[269] *Ons Vaderland*, 11.04.1924, p. 3 (Mnr. Hoggenheimer) en p. 6 ('n Baie Swak Posiesie). Kyk ook C.E.M. O' Dowd: The General Election of 1924 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 2, November 1970, p. 67).

[270] *Ibid.*, 02.05.1924, p. 4 (Die Historiese Lyn) en p. 7 (Die Eerste "Pact"); *Ibid.*, 13.05.1924, p. 4 (Politieke Domheid) en p. 5 (Die Tweede "Pact").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou wen en gesuggereer dat 'n NP-oorwinning 'n illusie was.[271] 'n Spotprent van Januarie 1924 het Smuts byvoorbeeld as 'n sterk, fikse, parate en selfversekerde bokser in die kryt voorgestel wat reeds veggereed vir die opponente, Hertzog en Creswell, was.[272]

Deur middel van verkiesingskommentaar en spotprente het ***The Star*** 'n aantal beleidsaspekte van die NP-SAAP-Pakt aangeval en gekritiseer. So het die blad die twee partye se segregasiebeleid as onprakties en onuitvoerbaar veroordeel.[273] Daarby het die koerant die kiesers met die Arbeiders se "sosialistiese ektremiste" probeer bang maak en berig dat die kommuniste besluit het om die Pakt tydens die verkiesing te steun.[274] ***The Star*** het, deur voor te gee dat daar interpretasieverskille tussen die NP en die SAAP oor kwessies soos die kleurbeleid, "rassisme" tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, sosialisme en sesessie bestaan het, gepoog om agterdog tussen die ondersteuners van die twee partye ten opsigte van die nakoming van die Pakt-voorwaardes te saai. Hierdie "loveless alliance" tussen die Nasionaliste en die Arbeiders was volgens die koerant nie op 'n gemeenskaplike vertroue gebaseer nie, maar op 'n gemeenskaplike haat vir die Smuts-regering. ***The Star*** het verklaar: "*The Pact stands for no intelligible, practicable or constructive policy*".[275]

---

[271] J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, pp. 130 - 131, 146. Kyk ook *The Star*, 28.03.1924, p. 13 (Spotprent). In sy outobiografie, *And Having Writ...*, p. 144 verklaar Charles Don, die destydse redakteur van *The Star*, egter dat hy vooraf voorspel het dat die SAP die verkiesing sou verloor en dat die Pakt met 'n aansienlike meerderheid sou wen.

[272] *The Star*, 26.01.1924, p. 16 (Spotprent).

[273] *Ibid.*, 14.04.1924, p. 8 (Pacts and Facts); *Ibid.*, 09.05.1924, p. 10 (Hoofartikel); C.E.M. O' Dowd: The General Election of 1924 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 2, November 1970, p. 69).

[274] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 314; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 569; *The Star*, 18.04.1924, p. 10 (The Pact and After); *Ibid.*, 01.05.1924, p. 8 (A Would-be-Dictator); *Ibid.*, 14.05.1924, p. 14 (Spotprent); *Ibid.*, 07.06.1924, p. 17 (Spotprent); *The International*, 06.06.1924, p. 8 (W.H. Andrews: Another Lie Nailed).

[275] *The Star*, 26.02.1924, p. 9 (Spotprent); *Ibid.*, 07.04.1924, p. 4 (Wakkerstroom and Umvoti); *Ibid.*, Extra Special-uitgawe, 07.04.1924, p. 6 (Political Futures); *Ibid.*, 11.04.1924, p. 8 (Spotprent); *Ibid.*, 14.04.1924, p. 8 (Pacts and Facts); *Ibid.*, 16.04.1924, p. 12 (Records); *Ibid.*, 18.04.1924, p. 10 (The Pact and After); *Ibid.*, 19.04.1924, p. 10 (A Contrast) en p. 15 (Spotprent); *Ibid.*, 28.04.1924, p. 8 (If -); *Ibid.*, 29.04.1924, p. 11 (Spotprent); *Ibid.*, 06.05.1924, p. 12 (Spotprent); *Ibid.*, 08.05.1924, p. 8 (Like Taking a Pill); *Ibid.*, 10.05.1924, p. 10 (Hoofartikel); *Ibid.*, 12.05.1924, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 14.05.1924, p. 8 (Damaged Goods); *Ibid.*, 16.05.1924, p. 10 (The Pact-Zero) en p. 14 (Spotprent); *Ibid.*, 19.05.1924, p. 8 (The Political Circus); *Ibid.*, 20.05.1924, p. 8 (Which is it to be?); *Ibid.*, 22.05.1924, p. 8 (Guarantees of Good Faith); *Ibid.*, 31.05.1924, p. 8 (An Object Lesson); *Ibid.*, 04.06.1924, p. 8 (Looking for a way round); *Ibid.*, 05.06.1924, p. 8 (Old Friends and New) en p. 15 (Spotprent); *Ibid.*, 09.06.1924, p. 6 (Window Dressing); *Ibid.*, 11.06.1924, p. 8 (Bread and Butter). Kyk ook J.P. Brits: *Tielman Roos - Political Prophet or Opportunist?*, p. 105; L.E. Neame: *Today's News Today*, p. 229 en C.E.M. O' Dowd: The General Election of 1924 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 2, November 1970, pp. 60, 64, 66).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The Star het genl. Smuts se optrede tydens die 1922-staking verdedig teen beskuldigings van Creswell dat die regering stakings gewelddadig onderdruk het. Die koerant het ook die Kamer van Mynwese se beleid van vermindering van sy blanke arbeidsmag teen die Pakt se "political lunatics" verdedig. ***The Star*** was van mening dat indien 'n Pakt-regering swart mynwerkers met blanke mynwerkers sou vervang, dit "calamitous" gevolge vir die mynindustrie en blanke mynwerkers en loontrekkers sou inhou.[276]

Met die oog op die naderende algemene verkiesing van 1924 was ***The Guardian*** optimisties dat daar 'n oplewing in die aktiwiteite van die SAAP se organisasiestrukture te bespeur was en dat die party besig was om 'n politieke krag te word waarmee rekening gehou moes word. Werkers is dan ook aangemoedig om by die party se verkiesingstryd teen Smuts aan te sluit. ***The Guardian*** het verklaar dat die gewone man in die straat keelvol vir Smuts en die SAP, of die "'Big Money' Party", was wat die benarde toestand van die land teweeggebring het.[277] Ook ***The Pact Bulletin*** het die regering daarvan beskuldig dat dit die myne en die spoorweë "verswart" het en van voornemens was om aan swartes in die Transvaal en die Vrystaat stemreg te verleen.[278]

Ten opsigte van die algemene verkiesing van 1924 het die Kommunistiese Party van Suid-Afrika in 'n uiters ongemaklike en ambivalente posisie verkeer. Waar die party se voorganger, die ISL, tydens sy sesde jaarkongres in Januarie 1921 nog besluit het om met geen "bourgeois" partye tydens verkiesings saam te werk nie, het die 1922-staking en sy gevolge die politieke toneel drasties verander. Na aanleiding van die staking het 'n sogenaamde United Front-beweging vanuit die geledere van die stakergevangenes ontstaan, waarby ook die NP, die SAAP, die KPSA en blanke vakbonde betrek is. Veral W.H. Andrews van die Kommunistiese Party het 'n leidende rol daarin gespeel. Die United

---

[276] *The Star*, 24.04.1924, p. 8 (The Things that really matter); *Ibid.*, 01.05.1924, p. 8 (A Would-be Dictator); *Ibid.*, 03.05.1924, p. 10 (The Difference); *Ibid.*, 13.05.1924, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 15.05.1924, p. 8 ("The Most Important Factor of All"); *Ibid.*, 27.05.1924. p. 10 (The Mad Hatters); *Ibid.*, 11.06.1924, p. 8 (Bread and Butter).

[277] *The Guardian*, 04.05.1923, p. 5 (The SAP); *Ibid.*, 20.07.1923, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 27.07.1923, p. 4 ("The Tramp": The Call of Labour).

[278] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 322.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Front het hom veral daarop toegespits om amnestie vir die stakergevangenes te verkry en om die Smuts-bewind met 'n sogenaamde "volksregering" te vervang.[279]

Alhoewel baie kommentators in 1922 en vroeg in 1923 voortgegaan het om deur middel van ***The International*** die Arbeidersparty, en veral Creswell, oor hulle "reformistiese" en segregasie-beleidsrigtings te kritiseer, was daar egter ook andere wat ten gunste van volle steun aan enige SAAP-NP-alliansie was. Laasgenoemdes se argument was dat die KPSA in daardie stadium geen ander keuse gehad het nie as om op die SAAP, as party van die blanke werkers, te steun vir die bevordering van alle werkers tot tyd en wyl die swart werkers selfstandig polities aktief sou raak.[280] Ten einde die NP se vrese vir sosialisme te besweer, het die SAAP, soos reeds genoem, egter die sosialistiese doelstelling van sy beleid tydens die party se jaarkongres in Januarie 1923 afgewater. Daarby is die United Front veroordeel en het die Arbeidersparty hom aan alle komitees van eersgenoemde onttrek - 'n stap wat ook deur ***Die Burger*** aanbeveel is. Hierdie stappe het uiteraard baie kritiek in ***The International*** ontlok.[281] Volgens die siening van die kommuniste sou 'n oorwinning oor die Smuts-regering die klassebewustheid van die blanke werkers aanspoor en die weg baan vir die ontstaan van 'n ware rewolusionêre, sosialistiese party. Daarom het ***The International***

---

[279] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 285; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 147; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 302; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 475 - 476; J.P. Brits: *Tielman Roos - Political Prophet or Opportunist?*, pp. 95 - 96; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 251; S.P. Bunting: *"Red Revolt". The Rand Strike. January - March, 1922*, pp. 11 - 12, 36; *The International*, 26.05.1922, p. 1 (A United Front); *Ibid.*, 30.06.1922, p. 3 (United Front Meeting); *Ibid.*, 07.07.1922, p. 2 (Nationalists and the United Front); *Ibid.*, 18.08.1922, p. 2 (United Front Takes Action); *Ibid.*, 10.11.1922, p. 3 (Amnesty Petition Presented); *Ibid.*, 18.05.1923, p. 3 ("SALP Losing Its Grip"). I.v.m. die besluite van die sesde ISL-jaarkongres, kyk p. 363 hierbo. I.v.m. die 1922-staking, kyk hfst. 7, pp. 427 - 463 en i.v.m. die United Front-beweging, p. 462.

[280] S.W. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 146; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 309 – 311; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 240. I.v.m. argumente teen en vir KPSA-samewerking met die SAAP, kyk ook *The International*, 28.10.1921, p. 4 (S. Buirski: Communists and the Labour Party); *Ibid.*, 18.08.1922, p. 2 (M. Lopes: The United Front); *Ibid.*, 10.11.1922, p. 2 (Red or Yellow?) en p. 4 (V. Danchin: The Communist Party and the Labour-Nationalist Alliance); *Ibid.*, 24.11.1922, p. 2 (Willy-Nilly); *Ibid.*, 05.01.1923, p. 2 (D.I. Jones: Some Remarks on the United Front); *Ibid.*, 19.01.1923, p. 2 (The United Front and Labour Parties); *Ibid.*, 16.03.1923, p. 1 (Et Tu Brute); *Ibid.*, 27.03.1923, p. 1 (Work or Starve); *Ibid.*, 06.04.1923, p. 2 (Two Voices).

[281] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 286; M. Creswell: *An Epoch of the Political History of South Africa in the Life of Frederic Hugh Page Creswell*, pp. 73 - 74; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 476; *The International*, 10.11.1922, p. 2 (Red or Yellow?); *Ibid.*, 05.01.1923, p. 1 ("Sen Yah": Prickly Pars) en p. 4 (Hand and Brain); *Ibid.*, 26.01.1923, p. 4 (M. Lopes: Reflections from Capetown); *Ibid.*, 02.02.1923, p. 4 (Cape Notes); *Ibid.*, 18.05.1923, p. 3 ("SALP Losing Its Grip").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
nogtans die aankondiging van die Pakt-ooreenkoms, as 'n noodsaaklike stap in daardie rigting, goedgekeur:

> "*We already see the result of the alliance between bourgeois Nationalism and Labour Imperialism in the refusal of the Labour Party to take part in any demonstration in which the Communist Party is represented. Notwithstanding this and the obvious insincerity of the whole arrangement, we recognise that a general assault on the Smuts-Chamber of Mines combination must be made. Whether a purely Nationalist or Labour-Nationalist government comes into power does not matter much... The rank and file of both the Labour and Nationalist parties must sooner or later refuse to follow their bourgeois leaders, and will form a real workers' party not to be side-tracked either by British Imperialism nor reactionary bourgeois Republicanism, but organised, drilled and determined to unceasingly work for the overthrow of the capitalist system*".[282]

Ten einde groter invloed onder die blanke werkers te verky en om die blanke vakbonde te vernuwe en blanke werkloses te organiseer, asook met die oog op die verkiesing, het die KPSA gepoog om met die SAAP saam te werk. Tydens die tweede kongres van die KPSA in April 1923 is daar gevolglik besluit om formeel by die SAAP om affiliasie aansoek te doen.[283] Bunting, die sekretaris van die KPSA, het sy party se aansoek om affiliasie onder andere soos volg gemotiveer:

> "*Of course it is not proposed that the Communist Party should surrender or compromise any of its principles or freedom of propaganda and criticism. Rather it is suggested that the Labour Party might well enlarge its scope so as to become, as it were, a federation somewhat on the lines of the British Labour*

---

[282] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 146 - 147; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 102; *The International*, 27.04.1923, p. 2 (The United Front). Kyk ook *Ibid.*, 02.02.1923, p. 2 (The Voters' Roll) en B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 91).

[283] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 148 - 150; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 286 - 287; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 309, 313 - 314; *The International*, 04.05.1923, p. 2 (The Congress) en (Unemployed on the Move); *Ibid.*, 11.05.1923, p. 2 (May Day and Cape Unemployed); *Ibid.*, 18.05.1923, p. 3 (Unemployed Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Party, capable of including such bodies as the ILP or the CP...there is today, we feel convinced, among the rank and file of the workers of all races in South Africa as elsewhere, a widespread common determination to overthrow the rule of the capitalist production; and the consolidation of this sentiment affords a common ground broader and greater than our separate standpoints".[284]

The International het egter verder gegaan deur uitdruklik te verklaar dat die KPSA affiliasie met die Arbeiders wou gebruik om die blanke werkers met die korrekte kommunistiese uitgangspunte te bereik ten einde die onvermydelike disintegrasie van die gematigde SAAP te verhaas.[285] ***The Guardian*** het sterk stemming gemaak teen enige affiliasie van die KPSA by die SAAP en het aantygings van koerante soos die ***Natal Advertiser*** en ***The Star***, dat kommuniste die aktiefste lede binne die Arbeidersparty was, of dat die party enige verbintenisse met Lenin en Trotski gehad het, ten sterkste ontken.[286]

Dit was dus geen verrassing dat die SAAP die affiliasie-aansoek van die KPSA afgekeur het nie. In sy redes vir die afkeur van die aansoek het die SAAP onder meer verklaar dat aangesien die party geglo het aan ekonomiese en sosiale verandering deur middel van evolusie eerder as rewolusie, en omdat dit volgens ***The International*** die verklaarde doelwit van die KPSA was om die SAAP tot nadeel van die party te transformeer, het die twee partye se beleidsdoelwitte in konflik met mekaar gestaan. Klaarblyklik het die KPSA se aandag aan swart werkers 'n verdere struikelblok in die weg van enige samewerking geplaas.[287] Die afkeur van die KPSA se affiliasie-aansoek het vir die SAAP ook dié

---

[284] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 150; *The International*, 25.05.1923, p. 2 (S.P. Bunting: Affiliation with the Labour Party).

[285] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 150; *The International*, 15.06.1923, p. 3 (SALP Affiliation).

[286] *The Guardian*, 13.07.1923, p. 2 (W.H. Harrison: 'The Tramp' & the Communists); *Ibid.*, 20.07.1923, p. 1 (The Labour Party and the Communists); *Ibid.*, 27.07.1923, p. 5 (The Mysterious Pamphlet); *Ibid.*, 17.08.1923, p. 1 (How Reuters Suppress News). Kyk ook *The International*, 15.06.1923, p. 3 (SALP-Affiliation); *Ibid.*, 27.07.1923, p. 2 ("Keep out the Communists"); *Ibid.*, 17.08.1923, p. 1 (Back-Stabbing).

[287] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 150 - 151; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 314; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 287; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 104; *The International*, 27.07.1923, p. 4 (Communist Affiliation); *The Guardian*, 27.07.1923, p. 1 (Labour's Reply to the Communists).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
voordeel ingehou dat die SAP-aantyginge van Bolsjewistiese strominge binne die party verder teengewerk is en dit het eersgenoemde aanneemliker vir die NP gemaak.[288]

Bogenoemde stap het egter die KPSA se dilemma aangaande die verkiesing duidelik onderstreep, soos ook vanuit ***The International*** se reaksie afgelei kon word. Terwyl die kommuniste enersyds die afjak van die SAAP gekritiseer het, het die KPSA nogtans besluit om die Pakt te steun met die primêre doel om die Smuts-regering ten alle koste tot 'n val te bring. Gevolglik het die KPSA hom voorgeneem om die Pakt-kandidate by te staan en nie te opponeer nie. Derhalwe het die party steeds gepoog om 'n soort verenigde front met die Arbeiders te handhaaf. Die kommuniste het hulle toe direk tot die deursnee SAAP-ondersteuners gewend in die vertroue dat hul boodskap vir hulle aanhangers uit die geledere van laasgenoemde sou wen. Terselfdertyd het die KPSA egter ook verklaar dat hy nòg die beleidstandpunte van die NP, nòg dié van die SAAP, ondersteun het. Die Kommunistiese Party het dus steeds voortgegaan om aspekte van die "bourgeois" NP-SAAP-beleid, soos segregasie en die verwatering van die Arbeiders se sosialistiese doelwit, asook laasgenoemde party se "imperialisme", in ***The International*** te kritiseer.[289]

---

[288] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 467, 469; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 492.

[289] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 151; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 313 - 316; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 292 - 293; D.J. Mason: Race, Class and National Liberation, p. 20; *The International*, 01.06.1923, p. 2 (A Deal in Tripe); *Ibid.*, 20.07.1923, p. 2 (Vote for Smuts' Opponent); *Ibid.*, 27.07.1923, p. 2 ("Keep Out the Communists") en p. 4 (The SALP "Fighting" Platform); *Ibid.*, 03.08.1923, p. 2 (Turffontein) en (Revolutionary Methods or Revolutionary Aims?) en p. 3 (Our Head on a Charger); *Ibid.*, 10.08.1923, p. 2 ("Proletarian Dictatorship"), p. 3 ("Civilisation") en (Communists Propose: 'Labour' Opposes); *Ibid.*, 21.09.1923, p. 1 (Rocking the Boat), p. 2 (M. Lopes: Nationalism and War) en p. 4 (Barlow, Boydell & Big Business!); *Ibid.*, 28.09.1923, p. 1 (Many Workers are Saying -); *Ibid.*, 12.10.1923, p. 1 (Many Workers are Saying -) en (How Backsliding Breeds Backsliders) en p. 3 (Our Race, Our Empire & some pretty things); *Ibid.*, 19.10.1923, p. 1 (Many Workers are Saying -); *Ibid.*, 07.12.1923, p. 1 (Many Workers are Saying-); *Ibid.*, 28.12.1923, p. 2 (South African Labour in 1923); *Ibid.*, 04.01.1924, p. 1 (Labour Conferences) en p. 2 (Some New Year Slogans); *Ibid.*, 25.02.1924, p. 2 (Watchman, What of the Night?); *Ibid.*, 22.02.1924, p. 2 (Votes for (Native) Women); *Ibid.*, 29.02.1924, p. 4 (Up, the Communist Party!); *Ibid.*, 04.04.1924, p. 1 (Two Voices) en pp. 6 - 7 (Trade Unions and the SALP); *Ibid.*, 11.04.1924, p. 4 (The Bombshell) en p. 5 (The Burning Question); *Ibid.*, 18.04.1924, p. 3 (The United Front), p. 4 ("Pact" Campaign Opens) en p. 6 ("S.P.B.": Instruments of Destiny); *Ibid.*, 25.04.1924, p. 2 (Politics and Economics) en p. 6 ("E.R.": Down with the SAP); *Ibid.*, 02.05.1924, p. 4 (The Smuts Programme) en p. 7 (Communism and the Elections); *Ibid.*, 09.05.1924, p. 2 ("B.A.": The Labour Dictator); *Ibid.*, 16.05.1924, pp. 6 - 7 (Communist Party, SA Election Manifesto); *Ibid.*, 23.05.1924, p. 6 (After Segregation); *Ibid.*, 30.05.1924, p. 4 (The Wind Up) en p. 5 ("S.P.B": Nationalism and Nationalism); *Ibid.*, 13.06.1924, p. 7 (The Pact).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die tradisie van die Marxistiese ontwikkelingswette het die KPSA dit benadruk dat 'n NP-SAAP-verkiesingsoorwinning bloot 'n noodsaaklike trapklip na 'n uiteindelike kommunistiese oorwinning sou wees. Die verkiesingsmanifes van die Kommunistiese Party, wat deur S.P. Bunting opgestel is, het onder andere verklaar dat die party se doelwit was: "*To bury Ceasar* [Smuts], *not to praise the Pact...the defeat of the SAP Government will in itself mean quite an appreciable step in the march towards complete emancipation*".[290]

Alhoewel die KPSA eventueel geen verkiesingskandidate in die veld gestoot het nie,[291] was daar klaarblyklik tog ongelukkigheid tussen dié party en die SAAP oor die Randse kiesafdeling Parktown. Dit wil voorkom of die SAAP aanvanklik nie van plan was om 'n kandidaat daar te stel nie. Die KPSA het gevolglik beoog om self 'n kandidaat, C.F. Glass, daar te stel aangesien die kiesafdeling ook 'n groot werkersklaskomponent ingesluit het. ***The International*** het die Arbeiders, wat toe wel 'n kandidaat, George Hills, in Parktown gestel het nadat hulle van kommuniste se voornemens te hore gekom het, daarvan beskuldig dat hulle dit nie gedoen het om die kapitaliste in die kiesafdeling te beveg nie, maar om dit teen die KPSA te "beskerm".[292]

Net soos die anti-SAP *establishment*-pers het ***The International*** ook die regering aangeval oor sy swak landsadministrasie, sy kleurbeleid en Smuts se "alliansie" met oorsese finansies en magnate. Die hooffokus van hierdie dikwels venynige aanvalle was egter die regering se gewelddadige onderdrukking van verset deur Smuts, die "Butcher of Bullhoek". So het ***The International*** verklaar: "*The whole record of Smuts and his Corner House friends is one long story of dragooning an unwilling people into submission by military force*".[293]

---

[290] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 151; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 103 - 104; D.J. Mason: Race, Class and National Liberation, p. 21; *The International*, 18.04.1924, p. 4 ("Pact" Campaign Opens) en p. 6 ("S.P.B.": Instruments of Destiny); *Ibid.*, 16.05.1924, p. 6 (Communist Party, SA Election Manifesto).

[291] E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 104.

[292] Kyk *The International*, 23.05.1924, p. 4 (The Parktown Seat); *Ibid.*, 30.05.1924, p. 1 (Free Advertisement).

[293] Kyk *Ibid.*, 16.03.1923, p. 4 (By-Election Lessons); *Ibid.*, 24.08.1923, p. 2 (Smuts Beats the Air) en p. 3 (A Ghastly Record!!); *Ibid.*, 07.09.1923, p. 1 (F. Glass: A Challenge to the Smuts Government) en p. 4 (Good-bye and Good Riddance); *Ibid.*, 21.09.1923, p. 4 (Barlow, Boydell & Big Business!); *Ibid.*, 12.10.1923, p. 2 (Skin Plaster!); *Ibid.*, 07.12.1923, p. 3 (H. Haynes: To General Smuts, P.C.); *Ibid.*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oor Smuts se neerlaag in die verkiesing het ***Die Burger*** 'n bytende oordeel gevel: "*Die Ubermensch van die SAP, wat homself as onmisbaar beskou vir Suid-Afrika, is deur sy eie kiesafdeling verwerp...*".[296] Die koerant het verklaar dat die SAP dood was en eintlik opgegaan het in die ou Unioniste Party in plaas van andersom, aangesien die meeste suksesvolle SAP-kandidate in die verkiesing in werklikheid oud-Unioniste was. Die ware oud-SAP-lede was volgens die blad weer binne die NP verenig. ***Die Burger*** was ook bly dat Creswell, die leier van die Arbeidersparty, sy setel met 'n groot meerderheid gewen het. Die ooreenkoms tussen die NP en die SAAP het die toets van die verkiesing suksesvol deurstaan en het die negatiewe propaganda van die SAP teen die Pakt, alhoewel dit redelik suksesvol in streke soos Natal en die Oostelike Provinsie was, in die algemeen nie geslaag nie. In sy verkiesingsnabetragting was ***Die Burger*** van mening dat aangesien die Smuts-regering die "*komitee-kamer van die Kamer van Mynwese*" geword het en derhalwe ook "*die beskermer van die kapitalisme*", die kiesers hulle by die stembus verwerp het omdat dit 'n keuse geword het of die land deur die mynmaatskappye of die volk geregeer sou word.[297]

Aangesien die NP nie 'n volstrekte meerderheid in die verkiesing behaal het nie en omdat dit in landsbelang was, het ***Die Burger*** die opname van Arbeider-lede in die NP-kabinet verwelkom. Vir hierdie koerant was Hertzog se optrede 'n logiese stap, aangesien hy voortaan sou poog om die stryders teen kapitalisme te verenig sodat die stryd voortgesit kon word. ***Die Burger*** het die Arbeiders se instemming tot deelname aan die kabinet teen die kritiek van die SAP-pers en andere verdedig omdat beide partye in eie reg (soos in die Pakt-ooreenkoms gestipuleer) sou bly voortbestaan en daar nie 'n amalgamasie van partye, soos tussen die SAP en die UP in 1919, waar partybeginsels noodwendig gekompromitteer is, sou plaasvind nie.[298]

Political History of South Africa in the Life of Frederic Hugh Page Creswell, pp. 97, 101 - 102; *Die Burger*, 21.06.1924, p. 7 (Stand van Partye); *Ibid.*, 25.06.1924, p. 7 (Genl. Hertzog vorm 'n Kabinet); *Ibid.*, 01.07.1924, p. 5 (Genl. Hertzog se Kabinet); *Ons Vaderland*, 20.06.1924, p. 4 (Die Oorwinning is Behaal); (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop Assistant to Senator, pp. 193 - 195; F.A. Johnstone: *Class, Race and Gold*, p. 155.

[296] O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 575; *Die Burger*, 18.06.1924, p. 6 ('n Pragtige Begin).

[297] *Die Burger*, 19.06.1924, p. 4 (Deur die Volk Verwerp); *Ibid.*, 21.06.1924, p. 6 (Die Oorwinning); *Ibid.*, 27.06.1924, p. 4 (Koalisie of nie?).

[298] O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 578, 582; *Die Burger*, 30.06.1924, p. 4 (Arbeiders in Die Kabinet); *Ibid.*, 02.07.1924, p. 6 (Beginselvas).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ons Vaderland se naverkiesingskommentaar was dat die "verlossing" van Suid-Afrika te danke was aan die verkiesingsooreenkoms tussen die NP en die SAAP omdat beide partye tydens die verkiesingsveldtog te goeder trou opgetree het. Veral die honderdduisende armblankes het deur hulle eenparige stem vir die twee partye "*'n gesamentlike kreet om verlossing aangehef*".[299]

Die regeringsgesinde pers het die verkiesingsuitslag moeilik verwerk - veral die feit dat Smuts self sy setel aan 'n Arbeider moes afstaan. ***The Star*** het die verlies van die setel aan seksionele en persoonlike oorsake toegeskryf en verklaar dat dit "van geen besondere betekenis" was nie. Die koerant het ook verklaar dat die suksesse van die SAAP nie 'n ware toedrag van die politieke posisie in die land was nie aangesien hierdie party polities wispelturig en nie beginselvas was nie.[300] Volgens C.D. Don, die koerant se destydse redakteur, was Smuts egter te oorgerus dat die plattelandse kiesers vir hom sou stem. Die SAP-pers en politici het 'n taktiese flater begaan deur Smuts as hulle belangrikste verkiesingsbate te beskou. Hulle het die persoonlike faktor oorbeklemtoon in plaas daarvan om op die belangrike openbare kwessies wat op die spel was, te konsentreer. Daarby het Smuts se verkiesingstoesprake nie oortuigend geklink nie.[301]

Met die uitslag van die verkiesing 'n voldonge feit en die onderhandelings tussen Hertzog en Creswell oor deelname aan die kabinet bekend, het die KPSA van 'n posisie van steun aan die Pakt in sy spore omgedraai en 'n heftige veldtog téén die SAAP en téén deelname aan die kabinet begin voer. Deur middel van hulle spreekbuis, ***The International***, asook pamflette, het die kommuniste die Arbeidersparty tevergeefs probeer oortuig om nie aan die nuwe regering deel te neem nie omdat toegewings van die owerheid aan blanke werkers meer effektief deur druk van buite die regering afgedwing kon word as deur samewerking daarbinne. Binne die regering sou die SAAP met die kabinet, oor wie se beleid hulle geen beheer sou hê nie, moes saamstem. Daarom sou twee Arbeiderlede in 'n kabinet van agt slegs "gyselaars" van die dominante party (die NP) wees, terwyl agtien

---

[299] *Ons Vaderland*, 20.06.1924, p. 4 (Na die Slag).

[300] O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, p. 575; *Die Burger*, 20.06.1924, p. 5 (Star berus by Uitspraak).

[301] C.D. Don: *And Having Writ...*, p. 145.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Arbeiderparlementslede, as verteenwoordigers van die werkers, die magsbalans in die parlement sou handhaaf indien hulle hul onafhanklikheid sou behou. Die SAAP is verder daarvan beskuldig dat hulle in die Pakt hulle beginsels prysgegee het ter wille van "politieke avonturiers" binne die party wat op soek was na politieke poste. Sodoende sou die Arbeidersparty slegs 'n "vleuel" van die NP en 'n "*commercial community's Party*" word.[302] So het W.H. Andrews van die KPSA dan ook verklaar: "*Individuals may gain by the coalition, but for the* [Labour] *Party and the workers' cause it means SHEER SURRENDER*".[303]

The International het die SAAP-leierskap, en veral Creswell, hewig vir die aanvaarding van kabinetsposte gekritiseer in wat die blad as "verraad" en "*the final extinction of the SALP as an independent working-class organisation*" bestempel het. Daarom het die SAAP volgens ***The International*** in die "Creswell-Boydell Party" verander.[304] Die feit dat die kommuniste in die Hertzog-regering se aandag aan blanke vakbonde en werkloses 'n direkte bedreiging gesien het, verklaar hulle antagonisme jeens die Pakt sedert die verkiesing. Die "beskaafde arbeidsbeleid" van die nuwe regering het die kommuniste se argument, dat slegs húlle die belange van die blanke werkers na behore kon dien, verswak. Deur voordele vir die blanke werkers in die arbeidsmark te verseker, het die Pakt-regering die oorsake van ontevredenheid verwyder wat andersins deur die KPSA aangewend sou kon word om hulle in 'n rewolusionêre beweging te mobiliseer.[305]

---

[302] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 152; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 323; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 293 - 294; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 240; B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 91); *The International*, 20.06.1924, p. 2 (Renegades), p. 4 (Independence or Death) en p. 5 (More Harm Than Good); *Ibid.*, 27.06.1924, p. 3 (The Problem of Power), p. 5 (With the Lady Inside), p. 6 (RIP), p. 8 (Great is Thy Reward) en pamfletaanhangsel (A Vital Issue); *Ibid.*, 11.07.1924, p. 2 (Our Domestic Arrangements).

[303] Aangehaal deur R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 294.

[304] *The International*, 04.07.1924, p. 3 (Fads and Fancies), p. 4 (A Mess of Potage), p. 5 ("S.P.B.": Feeding the Five Thousand?) en (J.P. Anderson: Workers or Petite Bourgeoisie); *Ibid.*, 11.07.1924, p. 2 (The New Government).

[305] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 153.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7

DIE PERS EN DIE EKONOMIESE MOBILISASIE VAN DIE ARBEIDERBEWEGING

Die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika gedurende die eerste kwart van die 20ste eeu word veral ook gekenmerk as 'n tydperk van endemiese nywerheidsonrus as deel van 'n katarsis waardeur die verhouding tussen staat en onderdaan op die arbeidsterrein uitgekristalliseer het. Die endemiese nywerheidsonrus was die resultaat van 'n gebrek aan effektiewe arbeidswetgewing om die posisie van veral die blanke arbeidsmag teenoor myn- en nywerheidskapitalisme, ook in terme van kompetisie met goedkoper nie-blanke arbeid, statutêr te beveilig en te verkans. Hierdie werkers was dus in 'n groot mate kwesbaar vir en uitgelewer aan die invloed van groot kapitaal - 'n situasie wat eers vanaf 1924 met die bewindsaanvaarding van die Pakt-regering werklik aandag sou geniet. 'n Bydraende faktor tot die kwesbare posisie van die blanke arbeiderbeweging en die daaruit voortspruitende nywerheidsonrus, was die fluktuerende waarde van spesifiek die goudprys, waarvoor die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf, met sy hoë ontginningskoste en lae ertsdraende gehalte, besonder sensitief was. Dit het tot tydperke van ekonomiese depressie en derhalwe ook tot afdankings en werkloosheid onder werkers gelei wat die arbeidsmag uiters nadelig getref het.

Bogenoemde tydperk van nywerheidsonrus word veral gekenmerk deur vier groot nywerheidsdispute tussen arbeid en mynkapitaal en wat op bloedige konflik en ingryping deur die staat uitgeloop het, te wete die stakings van 1907, 1913, 1914 en 1922. Tydens hierdie dispute het die pers, as kommunikasiemedium, by uitstek 'n uiters belangrike rol in spesifiek die ekonomiese mobilisasie van die blanke arbeiderbeweging gespeel. Die pers is self ten nouste geraak deur verwikkelinge voortspruitend uit die stakingsaksies, soos krygswetproklamasies en perssensuur. Aangesien die staking van 1907[1] buite die bestek van hierdie studie val, sal daar in hierdie hoofstuk op die stakings van 1913, 1914 en 1922

---

[1] Kyk byvoorbeeld K.L. Thorpe: Early Strikes on the Witwatersrand Gold Mines (1886 - 1907), with specific reference to the 1907 Strike (Unpublished MA-thesis, US, 1986); F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, hfst. 3, pp. 71 - 102 en C.R. Ould: General Smuts's Attitude to White Labour Disputes between 1907 and 1922, pp. 1 - 37.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gefokus word. Buiten die betrokkenheid van sekere *establishment*-, arbeider- en sosialistiese persblaaie (waarna in vorige hoofstukke verwys is) by die nywerheidsdispute, tree veral die interessante verskynsel van **stakerblaaie** tydens die stakings na vore. Daarom sal stakerblaaie soos ***The Strike Herald***, die ***Strike Special*** en ***The News*** van 1913, ***The Weekly Gazette***, die ***"Herald" Strike Special*** en die ***Pretoria Strike Herald*** van 1914 en ***Transvaal Post*** van 1922, ook bespreek word.

7.1 DIE MYNWERKERSTAKING VAN 1913

Groot ontevredenheid het onder die werkerskorps van die Witwatersrand oor hulle werksomstandighede geheers. Reeds so vroeg as Maart 1912 het die ***Voice of Labour*** bespiegel oor die moontlikheid dat 'n Witwatersrandse mynwerkerstaking uitgeroep kon word as gevolg van ontevredenheid oor die kwessie van 'n agt-uur-werkdag.[2] In dieselfde jaar het W.H. Andrews die griewe van spoorwegwerkers in verband met oortydbetaling, stukwerk en administratiewe ongerymdhede, op 13 Februarie tydens sy nooienstoespraak in die parlement gelug en voorspel dat die situasie sou ontplof indien 'n drastiese verandering in die toestand deur middel van wetgewing nie sou intree nie.[3] Andrews het ook ernstig vir 'n agt-uur-werkdag vir die mynwerkers gepleit, want dit sou die gevaar van myntering verlaag. Selfs tydens die vroeë stadiums van die staking, op 3 en 11 Junie 1913, het hy 'n mosie in hierdie verband deur die parlement probeer loods om die regering onder die besef van die erns van die situasie te bring, maar dit is verwerp.[4]

Skrywers soos Du Toit, Grobler, Pietersen, Katz, Cope, Walker en Weinbren, Henderson en Gitsham en Trembath, is dit eens dat die staking eintlik 'n kragmeting tussen die Kamer van Mynwese en die Transvaal Federation of Trade Unions (gestig in 1911 as 'n sambreelorganisasie vir die belange van die vakbonde) was.[5] Aan die een kant het die

---

2 *Voice of Labour*, 15.03.1912, p. 5 (Hoofartikel); *Ibid.*, 29.03.1912, pp. 4 - 5 (Hoofartikel).

3 R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 125 - 127; Unie van Zuid-Afrika: *Debatten. Tweede Zitting, Eerste Parlement, 1912*, kols. 272 - 276.

4 Union of South Africa: *House of Assembly: Debates. Third Session, First Parliament, 1913*, cols. 3033 - 3035, 3362 - 3363; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 127 - 129, 132; *The Worker*, 25.09.1913, p. 5 (SALP and Federation of Trades); *Ibid.*, 30.10.1913, p. 5 (Tales from Hansard). Kyk ook *The Star*, 15.07.1912, p. 7 (Not Class Rule); T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 68.

5 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 457; *Voice of Labour*, 03.03.1911, p. 635 (Trade Union Federation).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
stakers gepoog om deur middel van die staking die mynindustrie te dwing om die Federation of Trade Unions en die vakbonde as verteenwoordigers van die werkers te erken. Aan die ander kant wou die Kamer van Mynwese verhoed dat die Federation of Trade Unions en die vakbonde té veel invloed en mag oor die werkers verkry en in 'n posisie kon beland waar die gesag van die Kamer oor die mynindustrie uitgedaag kon word. Albei groepe wou dus volgens hierdie skrywers mekaar se oorgawe bewerkstellig.[6]

Die staking het sy oorsprong op 1 Mei 1913 by die New Kleinfontein-goudmyn in Benoni gehad. Vyf ondergrondse werktuigkundiges is in kennis gestel dat hulle voortaan op Saterdagmiddae tot halfvier in plaas van tot halfeen moes werk. Hierdie verandering in werksure is nie deur die vyf aanvaar nie en hulle is ontslaan. Afgevaardigdes van die ASE en die TMA het met die mynbestuur onderhandel om die afgedankte werkers weer onder die ou diensvoorwaardes in diens te neem, maar dit is geweier. Nadat stemming onder die mynwerkers gehou is, is daar besluit om vanaf 26 Mei 1913 uit simpatie met die afgedanktes te staak. Verskeie onderhandelings tussen die mynbestuur, regeringsamptenare en die stakerskomitee het misluk, sodat die mynbestuur begin het om staakbrekers of roofarbeiders ("scabs") aan te stel.

Intussen het die staking na ander Randse myne begin uitbrei, en deur middel van oorreding of intimidasie het al hoe meer mynwerkers, asook werkers van ander vakbonde, hulle by die stakers aangesluit. Uiteindelik het ongeveer 18 000 mynwerkers van 63 myne gestaak. In die hele staakveldtog het onder andere A. Crawford, M. Fitzgerald, R.B. Waterston, A. Watson, T. Matthews, H.W. Haynes en J.T. Bain prominente rolle gespeel. Geleidelik het plundery, aanrandings, geweldpleging en brandstigting, veral teen "scabs" en hulle eiendom, uitgebrei en vererger. Aangesien die Unie se eie verdedigingsmag en polisie in daardie stadium nog nie sterk en doeltreffend georganiseer was nie, was generaal Smuts

---

6 Kyk (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop-assistant to Senator, p. 46; M.A. du Toit: Vakbondontwikkeling en -Beleid in Suid-Afrika, p. 131; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 179, 183 - 184; S.J. Pietersen: Stakings aan die Witwatersrand, 1913 - 1914, pp. 18, 24; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 390, 394 - 397, 408; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 132 - 133; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 32; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, p. 34; *The Worker*, 17.07.1913, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 25.09.1913, p. 5 (Topics of the Week); *The Star*, 30.09.1913, p. 8 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
verplig om die hulp van Imperiale troepe in te roep in 'n poging om die situasie onder beheer te probeer bring.

Hierdie staking het veral vir ***The Star*** traumatiese gevolge ingehou. Die owerheid het gepoog om 'n massavergadering van werkers op die Markplein in Johannesburg deur middel van 'n proklamasie te verbied, maar dit hopeloos te laat vir die werkers se kennisname afgekondig. Nadat die polisie geprobeer het om die skare uiteen te dryf, waartydens skermutselings tussen die twee groepe plaasgevind het, het die misdadiger-element, sommige onder die invloed van drank, die strate van Johannesburg op horings geneem. Dié nag, ook bekend as "Swart Vrydag", het die oproeriges Parkstasie (later die Johannesburgse stasie genoem) afgebrand. Daarna is die kantore van ***The Star***, as een van die grootste kritici van die staking en mondstuk van die gehate Kamer van Mynwese, afgebrand. Daar is ook onsuksesvolle pogings aangewend om die Corner House, hoofkwartier van die Randse mynindustrie, af te brand. Wapen- en ammunisiewinkels is geplunder en skote is sporadies tussen die polisie en die stakers in die strate gewissel.

Teen ongeveer een-uur namiddag, Saterdag 5 Julie 1913 - "Swart Saterdag" - het die gepeupel voor die Rand Club, die uithangplek van die Randse rykes en mynmagnate, stelling ingeneem. Toe die skare geen ag op waarskuwingskote van die polisie en soldate om uiteen te gaan, geslaan het nie, het laasgenoemde direk op hulle gevuur. Uiteindelik het 21 burgerlikes in die onluste van 4 en 5 Julie 1913 gesterf. Verskeie burgerlikes, polisiemanne en soldate is ook gewond. Generaals Botha en Smuts het uiteindelik met 'n stakersdeputasie onder leiding van J.T. Bain in die Carlton Hotel onderhandel, waarna op 'n wapenstilstand ooreengekom is. Daarvolgens sou die staking en alle onluste beëindig word, die stakers van die New Kleinfonteinmyn sou heraangestel word, en die regering sou geskikte kompensasie betaal aan staakbrekers. Geen viktimisasie sou teen enige ander terugkerende mynwerkers of ander arbeiders plaasvind nie, en verteenwoordigers van die werkers sou vry wees om enige ander griewe aan die regering voor te lê wat die hele aangeleentheid sou ondersoek.[7]

---

[7] Van die menigte bronne wat die staking beskryf, verskaf 'n studie van die volgende 'n gedetailleerde en gebalanseerde weergawe van die oorsake, verloop en gevolge van die staking: (UG) 55 - 1913 Union of South Africa: *Report of the Witwatersrand Disturbances Commission,* pp. xviii - lxvi; (UG) 56 - 1913 Union of South Africa: *Report of the Judicial Commission of Inquiry into Witwatersrand Disturbances, June - July, 1913*, pp. 1 - 28; (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Katz merk tereg op dat die destydse arbeidergesteunde koerante, asook artikels in vakbondblaaie, wat teen 1913 'n magtige propagandamedium geword het, tesame met die wêreldwye vakbondsteun vir 'n algemene staking in teenstelling met seksionele stakings, die Suid-Afrikaanse blanke werkersklas bewus gemaak het van die werksaamheid van 'n algemene staking. Die konstante verkondiging van hierdie gedagte in bogenoemde media het 'n diepgaande invloed op Suid-Afrika uitgeoefen. Dit was een van die belangrikste redes waarom die Federation of Trade Unions in 1911 gestig is. Vakbondlede het gehoop dat die Federasie die strukture sou kon verskaf om 'n algemene staking te organiseer.[8]

The Worker het inderdaad in Junie 1913 bespiegel oor die moontlikheid van 'n algemene staking en het verklaar dat die sukses daarvan bepaal sou word deur die aantal beskikbare "scabs" om die staking te ondermyn, wat op sy beurt weer bepaal sou word deur die mate van steun onder die algemene publiek vir so 'n staking.[9] In die uitgawe van 3 Julie 1913, 'n dag voordat die staking sy klimaks genader het, het die koerant 'n uiters militante artikel gepubliseer:

> "*War having been declared in the shape of a general strike on the Rand... The War has now got to be fought, not 'to a finish', as the phrase goes, but to victory, neither death nor any other alternative being accepted. And it can be*

---

assistant to Senator, pp. 44 - 48; C.R. Ould: General Smuts's Attitude to White Labour Disputes between 1907 and 1922, hfst.2, pp. 38 - 96; M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, hfst. 5, pp. 165 - 186; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, hfst. 6, pp. 175 - 214; S.J. Pietersen: Stakings aan die Witwatersrand, 1913 - 1914, pp. 10 - 73; L.J. Fourie: Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, pp. 52 - 59; K. Campbell and J.R. Munro: *The Great Rand Strike, July, 1913*, pp. 1 - 32; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, hfst. 9, pp. 381 - 471; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 131 - 142; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 32 - 37; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, pp. 34 - 38; *D. Humphriss en D.G. Thomas: Benoni, Seun van my Smart*, pp. 164 - 171; The Rand Strike (*The Round Table*, Vol. 3, September 1913, pp. 750 - 756); A. O'Quighley: The 1913 and 1914 White Workers' Strikes (*African Studies Institute Seminar*, October 1978, pp. 1 - 23); (SAPM & A) The July, 1913 Strike (*The Nongqai*, 05.07.1914); *The Illustrated Star*, 05.07.1913, pp. 1 - 2; *The Illustrated Star, Strike Souvenir*, 12.07.1913, pp. 1 - 22; *The Illustrated Star, Strike Echoes*, 19.07.1913, pp. 1 - 23; *Diamond Fields Advertiser, Special Strike Issue*, 08.07.1913, p. 1; *The Worker*, 10.07.1913, pp. 1, 4 - 5; *Ibid.*, 17.07.1913, p. 2 (J.A. Clark: The Industrial Revolt); *The Evening Chronicle*, 12.07.1913, p. 11 (The Settlement); (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. II, pp. 1, 3 - 6 (Koerantknipsels).

8 E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 423, 457. Kyk ook pp. 385 - 386 as voorbeeld van die vakbondblad, die *South African Typographical Journal*, se houding teenoor die Federasie en die 1913-staking.

9 *The Worker*, 26.06.1913, pp. 2, 4 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

done; though it will need more than a Rand strike to do it. For victory means bringing the South African public, and in particular the Union Parliament, to its senses and its knees, an extorting substantial legislation in the workers' interest. It is no use saying the strike will last a week: it must last untill the result is secured... We can still be 'constitutional', that is avoid common crime like murder or arson; but now it is war, the shoe has got to be made to pinch everywhere as tight as it will go, untill they cry for mercy, and really, once it is war, the things usually called murder, arson, destruction of property, and so on, become the principal occupation of armies, and there is no reason in principle, but only in tactics, why they should not be included in the various forms of acute pressure which have to be exercised in industrial war".[10]

The Evening Chronicle, bekend vir sy pro-arbeider standpunte, en wie se drukpers vakbondlede van die SATU in diens geneem het,[11] was een van die *establishment*-dagblaaie wat gunstig in werkersgeledere tydens die staking ontvang is. 'n Korrespondent van ***The Worker*** het daarna verwys as "*...one of the few dailies that took an unbiased view of the workers' interests...*[12] Daarteenoor is ***The Pretoria News*** en sy redakteur, Vere Stent, hewig deur ***The Worker*** en ***The Strike Herald*** gekritiseer omdat hy die stakerleiers as "lae tipe egoïstiese, onverantwoordelike en betaalde politieke agitators" bestempel het. Stent was ook van mening dat die regering die staking met die wapen moes beëindig en dat die stakerleiers gearresteer en gedeporteer moes word. Volgens ***The Worker*** was Stent die eerste persoon wat geweld aangehits het. Die koerant het daarop die volgende kommentaar gelewer:

---

[10] (UG) 55 – 1913 Union of South Africa: *Report of the Witwatersrand Disturbances Commission*, pp. xxxii – xxxiii; (UG) 56 – 1913 Union of South Africa: *Report of the Judicial Commission of Inquiry into Witwatersrand Disturbances, June – July, 1913*, p. 13; (Cd.) 7112 – 1913 Union of South Africa: *Report of the Witwatersrand Disturbances Commission*, p. 31; (Cd.) 7348 – 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*, p. 215; (SAB) JUS Vol. 191, file no. 3/35/14 (2), Memo by Mr. Roos re Strike Leaders: The Worker, 02.07.1914; J.C. Smuts: *Syndicalist Conspiracy in South Africa. A Scathing Indictment*, p. 9; A.P. Cartwright: *The Gold Miners*, pp. 166 – 167; The South African Strike (*The Round Table*, Vol. 4, March 1914, p. 239); *The Worker*, 03.07.1913, p. 1 (Topics of the Week); *The Star*, 12.02.1914, p. 8 (Hoofartikel).

[11] A.J. Downes: *Printers' Saga*, p. 362. I.v.m. *The Evening Chronicle* se pro-arbeider standpunte, kyk ook hfst. 4, pp. 142 – 155.

[12] *The Worker*, 17.07.1913, p. 5 (C.E. Hale Helps: The Causes of the Strike).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"An unsurpassed chameleon and coward is Vere Stent one whose existence is a menace to any population; and whom it would be safer to deport to some obscure hamlet in the wilds of the Zambesi. This man has earned the undying hatred of the community here, and no explaining away at this juncture of his previous utterances, coupled with his direct brutal demands, can remove the dark blot which must be ever associated with his name. There is no more brutal article on record than his open letter to the Strike leaders".[13]

Daarby het die Arbeiderleier, J.F. Trembath, ***The Pretoria News*** as 'n "*violent anti-Labour and Progressive organ*" bestempel.[14]

Aangesien die stakerskomitee gevoel het dat die *establishment*-pers te veel misleidende berigte met betrekking tot die staking gepubliseer het, het hulle 'n tweeweeklikse, militante stakersblad, ***The Strike Herald***, as amptelike mondstuk van die Federation of Trade Unions en die Kleinfontein Stakerskomitee in Benoni teen 3d per eksemplaar uitgegee. Die blad, waarvan A. Crawford redakteur was, het op Woensdae en Saterdae met volop handelsadvertensies verskyn. ***The Strike Herald*** is dan ook deur Modern Press, die drukpers van Crawford se ontbinde blad, ***Voice of Labour***, gedruk. Die eerste uitgawe is op Saterdag 21 Junie 1913 gedruk. Volgens Katz het die inhoud van ***The Strike Herald*** die werkers se entoesiasme vir die staking tot 'n "koorsagtige felheid" opgewerk. J.T. Bain, die sekretaris van die stakerskomitee, het verklaar dat die blad se redaksionele beleid toegespits was op die blootlegging van die "*many misleading and in some cases absolutely untrue statements which have appeared in the South African Press*" en omdat "*many Workers are still too apt to believe anything which appears in the pages of a Newspaper*". Voorts het Bain verklaar:

*"The 'Herald' is here, here we hope to stay, even after **this** fight has been fought and **this** battle won".*[15]

---

[13] E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 425; *The Worker*, 10.07.1913, p. 3 ("Pretoria Scout": Pretoria Notes); *Ibid.*, 16.10.1913, p. 7 (Fitzpatrick's Froth).

[14] (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. I, p. 461: Koerantknipsel (The Labour Candidates).

[15] *The Strike Herald*, 21.06.1913, pp. 1, 4 (Foreword) en p. 5 (J.T. Bain: Our Strike Organ); *Ibid.*, 25.06.1913, p. 7; *Ibid.*, 26.07.1913, p. 8; *Ibid.*, 02.08.1913, p. 4 (Foto); E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 399, 403 – 404 en foto teenoor p. 395 ; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klaarblyklik was die aanvraag vir die eerste uitgawe van ***The Strike Herald*** so groot dat 'n tweede oplaag daarvan gedruk moes word. In die tweede uitgawe het die redakteur verklaar: "*The 'Herald' is a herald of Revolt*".[16] Nogtans het die blad 'n opdraende stryd gestry. Tot voor die uitgawe van 26 Julie 1913 het ***The Strike Herald*** slegs vier maal verskyn. Crawford, die redakteur, is in daardie periode twee maal op aanklag van aanhitsing tot openbare gearresteer en 'n groot gedeelte van een van die uitgawes is deur die owerheid gekonfiskeer. Crawford was onseker of die blad vorentoe sonder regeringsingryping sou kon voortgaan, maar het tog die hoop uitgespreek dat ***The Strike Herald*** ten minste weekliks vir die duur van die staking uitgegee sou kon word.[17] Dit wil voorkom of die polisie dit in 'n stadium inderdaad oorweeg het om die publikasie van die stakersblad stop te sit.[18] Alhoewel die ***Herald*** met die uitgawe van Donderdag, 31 Julie 1913, verklaar het dat dit van daardie uitgawe af daagliks gepubliseer sou word,[19] het die Federation of Trade Unions egter dieselfde aand die skikking in die onderhandelings tussen die regering en die stakerskomitee aanvaar en die staking afgelas. Gevolglik het ***The Strike Herald***, na sewe uitgawes, vir die laaste keer op 2 Augustus 1913 verskyn. Crawford was egter baie ontevrede oor die Federasie se besluit en het verklaar: "*...we would almost call it 'defeat'*". Aangesien die setletters vir die tweede daaglikse uitgawe van die ***Herald*** vir 1 Augustus 1913 alreeds opgestel was, moes dit as gevolg van die besluit ongedaan gemaak en vir die finale uitgawe heropgestel word. In die proses is aansienlike verliese gely. Crawford was ook van mening dat indien die ***Herald*** voortgesit sou word "*...a paying daily working class paper could have been established*".[20]

Africa 1850 – 1950, p. 159, Katz, p. 399, verklaar verkeerdelik dat Crawford i.p.v. Bain, bogenoemde verklaring aangaande die *Herald* se redaksionele beleid geskryf het. I.v.m. Modern Press en die *Herald*, kyk ook *South African Labour Strikes, 1913 – 1914: The Strike Herald*, 02.07.1913, agterblad.

16 *The Strike Herald*, 25.06.1913, p. 8 (Editorial Notes). Kyk ook p. 9 (Praise for "the Herald").

17 *Ibid.*, 26.07.1913, p. 4 (Editorial Notes). Kyk ook p. 2 (Trial of Mrs. Fitzgerald, A. Crawford & T.W. Ward); *Ibid.*, 28.06.1913, p. 6 (Editorial); *Ibid.*, 02.08.1913, p. 4 (The Daily "Strike Herald"). Kyk ook (SAB) SAP Vol. 8, file no. 6/147/13, Press Cuttings re 1913 Strike: *The Pretoria News*, 13.09.1913, n.p. (Alleged Sedition).

18 (SAB) JUS Vol. 165, file no. 3/541/13, General File re Witwatersrand Strike: J. de V. Roos – Minister of Justice, 25.06.1913.

19 *The Strike Herald*, 31.07.1913, pp. 1, 2.

20 *Ibid.*, 02.08.1913, p. 4 (The Daily "Strike Herald"). Kyk ook *Ibid.* (Surrender or Strategy?).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die intense gevoel van haat wat die stakers teen staakbrekers gekoester het, is ook in die inhoud van ***The Strike Herald*** weerspieël. Die blad het onder andere die volgende definisie van 'n "scab" met 'n Bybelse konnotasie gepubliseer:

> "*After God had finished the rattlesnake, the toad and the vampire, He had some awful 'substance' left with which He made a scab. A scab is a two-legged animal with a cork-screw soul, a watersogged brain, and a combination backbone made of jelly and glue... When the scab comes down the street honest men turn their backs, and angels weep tears in Heaven and the devil shuts the gate of hell to keep him out. No man has a right to scab as long as there is a pool of water deep enough to drown his body in, or a rope long enough to hang his carcase with. Judas Iscariot was a gentleman compared with a scab, for, after betraying his Master, he had enough character to hang himself, and a scab has not*".[21]

In ander uitgawes het ***The Strike Herald*** sy weersin soos volg uitgedruk:

> "*There is no word in the English language that carries so much hatred, scorn, loathing and contempt as the word "scab". Once branded and the man is marked for life. There is no escape. It is infinitely worse than the brand that was placed upon Cain...it is a synonym of all that is mean, contemptible and unmanly. It signifies it is impossible for its owner to descend to lower depths. He has tried to undermine men who were battling for the bread and butter of their wives and children. He has sought to defeat his fellows and rivet chains of oppression around them. Judas Iscariot...would never have sunk so low. The criminal from the penitentiary may, in some degree rehabilitate his character, but the 'scab' is an eternal fixture, a living monument of self-inflicted shame, a reproach to honest men, a something that bears the outward semblance of a man, but from whom dignity of manhood has departed for ever. As men shun*

[21] *The Strike Herald*, 21.06.1913, p. 3 (The Scab – A Definition); *Ibid.*, 02.07.1913, p. 13 (The "Scab").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

the leper for fear of physical contagion, so they shun the 'scab' for fear of moral contamination..."[22]

en:

"*There is a very close affinity between the scab louse and the bed bug in this and many other respects... Each sucks the blood of their sleeping victims, and only desists when compelled to do so. All operate in darkness and hide from the light... The evils which the bed bug draws from the bodies of its diseased victims it communicates to healthy bodies, often with fatal results. So too, with the scabs. They communicate their own disease to many of their victims*".[23]

Die intimidasie en aanranding van "scabs" het 'n gewilde, en volgens Mary Fitzgerald, heel aangename "sport" onder die stakers geblyk te wees – 'n aksie wat deur die ***Herald*** aangemoedig en gekondoneer is. Daarby is staakbrekers se karakter beswadder. Foto's van stakers met pikstele en verkykers wat na onderkuipers soek, is ook in die ***Herald*** gepubliseer. Ten einde die "scab"-jagters in hulle "scab-hunting" te help, is 'n lys van name van staakbrekers met swart omraam gepubliseer met 'n aanhaling van 'n ***Bybel-*** teksvers, Genesis 1:25: "*And God made... Everything that creepeth upon Earth after its kind*".[24]

---

[22] *The Strike Herald*, 25.06.1913, p. 11 (The Scab); (SAB) K 25, Vol. 2 Witwatersrand Disturbances Commission. Minutes, Statements, Exhibits & Annexures, B. 9: Card Defining "Scab"; (UG) 56 – 1913 Union of South Africa: *Judicial Commission of Inquiry into Witwatersrand Disturbances, June – July, 1913, Minutes of Evidence*, p. 39.

[23] *The Strike Herald*, 28.06.1913, p. 8 (G. Mason: The "Scab").

[24] (UG) 55 – 1913 Union of South Africa: *Report of the Witwatersrand Disturbances Commission*, pp. xx – xxii; (UG) 56 – 1913 Union of South Africa: *Report of the Judicial Commission of Inquiry into Witwatersrand Disturbances, June – July, 1913*, p. 8; (Cd.) 7112 – 1913 Union of South Africa: *Report of the Witwatersrand Disturbances Commission*, pp. 19 – 31; (Cd.) 7348 – 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*, pp. 170, 213; (SAB) GG Vol. 1483, file no. 62/530, Railway Strike, 1914, Meaning of word "scab": L. Harcourt – Governor-General, 22.01.1914; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 135; D. Humphriss en D.G. Thomas: *Benoni, Seun van my Smart*, p. 166; E. Rosenthal: *Gold Bricks and Mortar. 60 Years of Johannesburg History*, p. 161; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 401, 404; The South African Strike (*The Round Table*, Vol. 4, March 1914, pp. 237 – 238); *The Strike Herald*, 21.08.1913, p. 8 (Kleinfontein Scab List); *Ibid.*, 25.06.1913, p. 5 (M. Fitzgerald: Lively Times), p. 9 (People Say-), p. 10 (Treatment of a "Scab"), p. 14 (Kleinfontein Scab List) en p. 15 (Handling the "Scabs"); *Ibid.*, 28.06.1913, p. 5 (Foto), p. 8 ("Cambria": Open Letter to a "Scab"), p. 9 (The Song of the Scab), p. 13 (Foto), p. 14 (Scab List) en p. 15 (A Chance for Scabs); *Ibid.*, 02.07.1913, p. 2 (Another Scab Caught) en (St. Peter and the Scab); *Ibid.*, 02.08.1913, p. 4 (The Scab).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The Strike Herald het onder andere inligting aangaande die verloop en ontplooiing van die stakingsgebeure en toesprake en artikels van staker- en ander leiers van die Arbeidersparty, soos Mary Fitzgerald, George Kendall, J.T. Bain, D. McKerrell, F.H.P. Creswell, J.J. Ware en T. Boydell, gepubliseer. Daar was berigte rakende die viktimisasie van stakers en stakerleiers; kritiek op ***The Star***, wat volgens ***The Strike Herald*** die owerheid aangemoedig het om die staking met geweld te beëindig; die woorde van die werkerslied, The Red Flag; asook foto's van stakerleiers en stakingsgebeure wat vanaf ***The Transvaal Leader*** verkry is. 'n Beroep is op Afrikaner mynwerkers gedoen om nie op hulle Engelssprekende kollegas te "scab" nie. In 'n ander artikel het D. McKerrell namens die Engelssprekende mynwerkers weer hulle waardering oorgedra vir die steun wat die Afrikaanssprekende mynwerkers aan die staking verleen het.[25] In reaksie op die kwessie van die betrokkenheid van Afrikaanssprekendes by die staking, het 'n Afrikaanssprekende leser aan die redakteur van ***The Strike Herald*** geskryf dat die blad 'n veel groter sirkulasie sou hê indien dit as tweetalige koerant in Engels en Hollands uitgegee sou word. Crawford het daarop geantwoord dat so-iets inderdaad sou kon geskied indien 'n Afrikaanssprekende redakteur vanuit Afrikanergeledere na vore sou kom.[26]

Verder het die ***Herald*** spotprente, onder andere oor groot kapitaal se manipulering van die redakteurs van kapitalistiese koerante en van die Kamer van Mynwese en kapitaliste wat mynwerkers uitbuit, gepubliseer.[27] H.J. en R.E. Simons is van mening dat sommige korrespondente van die ***Herald*** ook die organisering van swart mynwerkers voorgestaan het.[28] Tydens die dramatiese gebeure van 5 Julie 1913 is 'n dertienjarige koerantverkoper

---

[25] Kyk M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 174 – 175, 177 – 180, 182; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, pp. 402 – 403; A.P. Cartwright: *The Gold Miners*, p. 166; D. Humphriss en D.G. Thomas: *Benoni. Seun van my Smart*, p. 167; *South African Labour Strikes, 1913 - 1914: The Strike Herald*, 02.07.1913, asook die uitgawes van *The Strike Herald* van 21.06.1913, 25.06.1913, 28.06.1913, 02.07.1913, 26.07.1913, 31.07.1913 en 02.08.1913.

[26] *The Strike Herald*, 31.07.1913, p. 3 (Correspondence).

[27] Kyk *Ibid.*, 25.06.1913, p. 3 (Spotprent); *Ibid.*, 28.06.1913, p. 3 (Spotprent) en *Ibid.*, 02.08.1913, pp. 1, 5 (Spotprente).

[28] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 159. Kyk ook *The Strike Herald*, 25.06.1913, p. 10 (Our Black Fellow Wage Slaves).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van ***The Strike Herald***, ene Monty Dunmore, in die skietery voor die Rand Club in die bors gewond. Dunmore het egter van sy wonde herstel en sy verkope van die ***Herald*** hervat.[29]

Na aanleiding van 'n regeringsverbod op die publikasie van "opruiende inligting" deur al die Randse persblaaie vir drie dae ná 5 Julie 1913 as gevolg van die grootskaalse geweldpleging,[30] het die Johannesburgse tak van die SATU tydens 'n vergadering, gehou op Sondag, 6 Julie 1913, op aanbeveling van H.W. Sampson en J.T. Bain besluit om die bestuurders van die Johannesburgse dagblaaie om toestemming te nader om 'n nuusblad onder beskerming van die vakbond te druk "*...giving the bald facts of the appalling events of the past few days, such to be published with a mourning border*". 'n Komitee, bestaande uit Sampson, T.G. Town, G. Hills, J. Briggs en J. Beattie, is vir hierdie doel saamgestel. Met die samewerking van die ***Rand Daily Mail***, ***The Transvaal Leader*** en ***The Evening Chronicle***, wat ingestem het om op Maandag, 7 Julie 1913, die begrafnisdag van die slagoffers van die skietery, geen uitgawes te druk nie, is daar ooreengekom om die voorgestelde nuusblad, ***The News***, op daardie dag te laat verskyn. Volgens Shorten is die eienaars van die ***Mail*** en die ***Leader*** in hulle besluit beïnvloed deur die feit dat hul drukperse tydens die onluste van 4 en 5 Julie deur lede van die SATU beskerm is. ***The Evening Chronicle*** het sy drukpers tot beskikking van die komitee gestel en die koerant se personeel sou die blad vrywillig druk. Die CNA sou ***The News***, wat drie pennies per eksemplaar gekos het, op eie onkoste versprei. Volgens ***The Evening Chronicle*** is onmiddellik 40 000 eksemplare van ***The News*** verkoop. Die opbrengs van £286 6s 8d is gestort in 'n bystandsfonds wat gestig is vir die afhanklikes van die gestorwe slagoffers. Die bestuur van ***The Star*** het uiteraard geweier om aan hierdie ooreenkoms deel te hê.[31]

---

[29] (UG) 55 – 1913 Union of South Africa: *Report of the Witwatersrand Disturbances Commission*, pp. lv, lxv; (UG) 56 – 1913 Union of South Africa: *Report of the Judicial Commission of Inquiry into Witwatersrand Disturbances, June – July, 1913*, p. 23; (UG) 56 – 1913 Union of South Africa: *Judicial Commission of Inquiry into Witwatersrand Disturbances June – July, 1913. Minutes of Evidence*, p. 348; (Cd.) 7112 – 1913 Union of South Africa: *Report of the Witwatersrand Disturbances Commission*, p. 54; (SAB) SAP Vol. 82, file no. 1/185/13/18, Miner's Strike 1913, An enquiry & report re women & children shot in the streets of Johannesburg by J. Ware: Report C.J. Scott re Monty Dunmore, 05.08.1913; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, foto teenoor p. 395; *The Strike Herald*, 31.07.1913, p. 1 (Boy Dunmore Convalescent); *Ibid.*, 02.08.1913, p. 2 (Victims of the Shooting) en p. 4 (Foto).

[30] (Cd.) 6941 – 1913 Union of South Africa: *Correspondence relating to Recent Disorders on the Witwatersrand and the Employment of Regular Troops*, p. 9.

[31] A.J. Downes: *Printers' Saga*, pp. 361 – 362, 364; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 39; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 414; J.R. Shorten: *Die Verhaal van Johannesburg*, p. 263; *South African Labour Strikes, 1913 – 1914: The News*, 07.07.1913, pp. 1 – 2, 4; *The Evening Chronicle*, 12.07.1913, p. 11 (The Settlement).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die hoofopskrif van ***The News*** het verklaar dat dit op versoek en onder die gesag van die Transvaal Federation of Trade Unions uitgegee is. Die verskyning van die blad was drievoudig:

> "*First, to acquaint the workers along the Reef with the terms of the settlement arrived at; second, to lay an unvarnished statement of the happenings of the past two days before the public; and third, to allay the public fears by a denial of the many disturbing rumours which have gained credence*".[32]

Verder het die inhoud van ***The News***, wat uit vier bladsye bestaan het, onder andere die volgende bevat: die verloop van die onderhandelinge tussen die regering en die afgevaardigdes van die stakerskomitee; die bepalings van die ooreenkoms; 'n beskrywing van die gebeure by die Rand Club; besluite van die vakbonde wat die ooreenkoms aanvaar het; berigte oor vergaderings van die Federation of Trade Unions; 'n lys van die gewonde en dooie slagoffers; 'n uiteensetting van krygswetproklamasies wat die beweging van persone beperk; 'n vermaning aan die publiek om die orde te handhaaf; 'n verbod op die verkope of vervoer van wapens deur die publiek in die landdrosdistrikte van Johannesburg, Boksburg, Germiston en Krugersdorp en reëlings in verband met die begrafnis van die onlusteslagoffers.[33] Die gebruik van Imperiale troepe tydens die onluste het 'n sterk gevoel van afkeur onder die stakers ontketen. ***The News*** het hierdie gevoel in die publikasie van die lys van gestorwe slagoffers met die volgende opskrif vertolk: "*Slaughtered by England's 1s a day assasins*".[34]

Soortgelyk aan die situasie rondom die ontstaan van ***The News*** in Johannesburg, het daar op Sondag, 6 Julie 1913, 'n eenmalige ***Strike Special*** in Pretoria verskyn wat teen drie pennies per eksemplaar verkoop is. Die ***Strike Special*** is op aandrang uit verskeie oorde deur die eienaars van ***The Transvaal Chronicle***, susterkoerant van die Johannesburgse ***Evening Chronicle***, geproduseer, veral omdat dit 'n vakuum sou vul in die lig van die

---

[32] *The News*, 07.07.1913, p. 1.

[33] A.J. Downes: *Printers' Saga*, pp. 362 – 363; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 39 – 41; *The News*, 07.07.1913, pp. 1 – 4.

[34] (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. II, p. 5: Koerantknipsels (City of Dreadful Death).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sluiting van die Johannesburgse koerante en die verwagte staking van die Sondagkoerante. Die verkoopprys was drie pennies om voorsiening te maak vir die ekstra uitgawes om 'n koerant in "gejaagde omstandighede" op 'n Saterdagaand uit te gee en nie omdat die eienaars daaruit 'n wins wou maak nie. Die ***Strike Special***, wat onder die SATU-embleem uitgegee is, het inligting aangaande die skikkingsooreenkoms in die Randse staking bevat en baie beskrywings gegee van die geweld, verwoesting, plundery en bloedvergieting in die strate van Johannesburg en in Benoni op 5 Julie 1913. Die blad het ook verwys na ene Stanley Wilmot, 'n werknemer van ***The Evening Chronicle***, wat in die geweldpleging in Johannesburg geskiet is. Verder het die ***Strike Special*** onder andere melding gemaak van Pretoriase spoorweg- en sementfabriekwerkers wat uit simpatie met die gebeure op die Rand op 'n eendagstaking gegaan het en van militêre optrede in en om Pretoria.[35]

Te oordeel aan die siening van ***The Star***, wat een van die grootste kritici van die staking en die optrede van die stakerskomitee en die Federation of Trade Unions was, en selfs die SAAP met die staking probeer verbind het, is dit te verstane dat die stakers hulle woede op die kantore van die koerant sou uithaal.[36] Daarop het ***The Worker*** die volgende kommentaar gelewer:

> "*For many weeks and months the 'Star' newspaper had heaped insolent sneers and virulent abuse on the working class, the Trade Unions, and the Labour Party, and had drawn upon itself an accumulated and ungovernable detestation on their part. When at 10:30 that night its offices were seen in flames, it is unquestionable that a cry of exultation arose in many thousand throats – to be followed by keen disappointment when it was learnt next day that the machinery in this non-Union shop had escaped comparatively unscathed*".[37]

---

[35] *Strike Special*, 06.07.1913. Kyk ook (Cd.) 6942 – 1913 Union of South Africa: *Further Correspondence relating to Recent Disorders on the Witwatersrand and the Employment of Regular Troops*, pp. 19 – 22.

[36] Kyk M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 184; N. Weyl: *Traitors' End*, p. 44; *The Star*, 31.05.1913, p. 13 (Town & Reef); *Ibid.*, 02.06.1913, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 04.06.1913, p. 10 (Hoofartikel); *Ibid.*, 12.06.1913, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 20.06.1913, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 23.06.1913, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 27.06.1913, p. 10 (Hoofartikel); *Ibid.*, 30.06.1913, p. 8 (Hoofartikel); (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. II, pp. 107 – 108: Koerantknipsel (Labour Platitudes).

[37] *The Worker*, 10.07.1913, p. 4 (The Revolution of July). Kyk ook *Ibid.*, 07.08.1913, p. 1 (Topics of the Week). E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 65 – 66, beweer dat Bunting die artikel in *The Worker* geskryf het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Arbeider-politikus, H.W. Sampson, het ook in die parlement aangaande die afbrand van ***The Star*** se kantore onder meer verklaar dat "*...it was the most natural thing to burn 'The Star' office as the articles in the paper 'caused a sort of hatred on the part of the people of Johannesburg'*".[38]

As gevolg van die brand kon ***The Star*** eers weer op 8 Julie 1913 verskyn. In dié proses is al die kantoormeubelment en dokumente vernietig. Tussentydse kantore is vir die bestuurspersoneel aan die Markplein tussen Sauer- en Fraserstraat gehuur. Die redaksionele personeel het onder moeilike omstandighede hulle werksaamhede in die ruïnes van die ou kantore hervat, maar tog daarin geslaag om op bogenoemde datum 'n uitgawe te laat verskyn, sodat die skrywer van die rubriek "Town & Reef" jubelend verklaar het: "*Here we are again!... 'Esprit de corps' was the hero of the day*".[39]

Die totale verslaentheid oor die geweldpleging is in ***The Star*** se hoofartikel van 9 Julie 1913 gereflekteer, maar die koerant het steeds volgehou dat daar geen regverdiging vir die staking was nie en het die regering se hantering daarvan gekritiseer. ***The Star*** het ook baie profeties verklaar dat die ooreenkoms tussen die regering en die stakers "*...merely plasters up a peace that may topple to pieces without a moment's notice, for it is an admission, almost in explicit terms, of the Government's failure to save the country and its people from the ravages of civil rebellion*".[40]

Die verskillende weergawes van dieselfde gebeure deur onderskeidelik die kapitalistiese pers en die arbeiderpers illustreer duidelik die diep politieke en sosio-ekonomiese kloof wat daar tussen dié twee kampe bestaan het. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty as politieke party 'n geringe aandeel aan die staking as geheel, en geen aandeel aan die geweldpleging as sodanig, gehad het nie,[41] word ***The Worker***, die partymondstuk, se

---

[38] *The Star*, 24.02.1914, p. 12 (Town & Reef).

[39] L.E. Neame: *Today's News Today*, pp. 177 – 179; *The Star*, 08.07.1913, p. 2 (The Obvious Duty); *Ibid.*, 09.07.1913, p. 12 (Town & Reef); *The Illustrated Star, Strike Echoes*, 19.07.1913, p. 22. Kyk ook *Ibid.*, p. 16 (Foto's). Neame, p. 177, verklaar verkeerdelik dat *The Star* op 9 Julie hervat is.

[40] *The Star*, 09.07.1913, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 14.07.1913, p. 8 (Hoofartikel).

[41] M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Onplooiing tot 1915, p. 186; *The Worker*, 09.10.1913, p. 4 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
morele aandadigheid aan die staking weerspieël in die koerant se beriggewing oor en kommentaar op die stakingsgebeure. Op die voorblad van ***The Worker*** se eerste uitgawe wat ná die onluste van 4 en 5 Julie 1913 verskyn het, is 'n boodskap geplaas van A. Watson, president van die Federation of Trade Unions, wat hy aan die werkers gerig het. Daarin het Watson onder andere gesê:

> "*You have gained a great victory. You came out solid and went back solid. Your loyalty to* [the] *Federation and your solidarity has been unsurpassed in the history of the world... The eyes of the industrial world are on you to-day and we feel sure that the workers of the world will profit by your example*".[42]

The Worker het 'n eiesoortige siening van die skietery by die Rand Club gehad en dit beskryf as:

> "*...the most indescribable scene of cold-blooded brutality ever perpetrated in an industrial conflict...defenceless individuals, including women and children...were picked off at pleasure, sometimes without sufficient or any warning... It was a calculated, long-drawn murder...an outrage more callous than anything done in war time: a crime which must alter, has already begun to alter the course of this country's social an political history; a diabolical horror which the working class of the Rand will NEVER FORGET and NEVER FORGIVE*".[43]

Die blad was ook van mening dat die regering moes bedank en 'n verkiesing moes uitskryf.[44]

Aangesien die Federation of Trade Unions se aanvaarding van die ooreenkoms met die regering nie oral onder al die stakers byval gevind het nie,[45] het ***The Worker*** gewaarsku

---

[42] *The Worker*, 10.07.1913, p. 1 (A. Watson: Message to the Workers).

[43] *Ibid.*, 10.07.1913, pp. 4 – 5 (The Revolution of July).

[44] *Ibid.*, 24.07.1913, p. 4 (Hoofartikel).

[45] C.R. Ould: General Smuts's Attitude to White Labour Disputes between 1907 and 1922, p. 77; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 39 – 41; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 142; A. O'Quighley: The 1913 and 1914 White Workers' Strikes (*African Studies Institute Seminar*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teen euforie en verklaar dat, alhoewel oorwinning deur die stakers behaal is, die gewonne terrein maklik weer verlore kon raak tydens verdere onderhandelings tussen die werkers, die regering en die mynindustrie as gevolg van die onervarenheid van die werkers se onderhandelaars. Die koerant het veral teen genl. Smuts se bedrewenheid as politikus, wat die werkers dalk 'n rat voor die oë kon draai, gewaarsku en die vakbonde aangeraai om ervare leiers (wat ook die politici van die SAAP ingesluit het) in die onderhandelingsproses te gebruik. Daarom sou onenigheid oor hierdie saak in arbeidergeledere dwaas en gevaarlik wees.[46] ***The Worker*** het dan ook na Smuts verwys as "*...that evil and sinister genius of the Government...*".[47]

Ander items aangaande die staking van 1913 wat in ***The Worker*** verskyn het, was onder andere berigte oor resolusies en petisies deur arbeiderleiers soos Watson en Haggar en arbeiderbyeenkomste wat geëis het dat die Goewerneur-generaal, lord Gladstone, teruggeroep word omdat hy die gebruik van Imperiale troepe om die onluste te onderdruk, gemagtig het en dit uiteindelik uitgeloop het op 'n slagting van mense.[48] Dié blad het ook skerp kritiek gelewer teen die feit dat regter J.W. Wessels, wat volgens die arbeiders in die Whittaker-saak 'n bevooroordeelde uitspraak teen 'n werker gelewer het, maar wat in die áppelhof nietig verklaar is, as een van die ondersoekbeamptes in die regering se kommissie van ondersoek na die hele stakingsaangeleentheid aangestel is. ***The Worker*** was van mening dat die regter ook in hierdie geval nie onbevooroordeeld na die stakers se kant van die saak sou kyk nie.[49]

Alhoewel die ***Port Elizabeth Herald*** by sy lesers voorspraak gemaak het dat ***The Worker*** oor sy houding jeens die staking geboikot moes word, het die Durbanse korrespondent van

---

October 1978, pp. 16 – 17); B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part VI (*Forward*, 26.11.1943, p. 5).

46 *The Worker*, 10.07.1913, p. 4 (The Fruits of Victory). Kyk ook *Ibid.*, 11.09.1913, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 25.09.1913, p. 5 (SALP and Federation of Trades).

47 *Ibid.*, 25.09.1913, p. 3 ("Conspuez Smuts!"). Kyk ook C.R. Ould: General Smuts's Attitude to White Labour Disputes between 1907 and 1922, p. 62.

48 *The Worker*, 10.07.1913, p. 1 (The Workers and Lord Gladstone); *Ibid.*, 17.07.1913, p. 3 (South African Labour Activities); *Ibid.*, 24.07.1913, p. 3 ("R.P." Durban Doings). Kyk ook *The Star*, 10.07.1913, p. 11 (Mr. Ware's Motion) en (Durban Labour Resolution).

49 *The Worker*, 17.07.1913, p. 1 (What About this Commission?); *Ibid.*, 24.07.1913, p. 5 (An Impartial Commission). Kyk ook C.R. Ould: General Smuts's Attitude to White Labour Disputes between 1907 and 1922, p. 64.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

laasgenoemde koerant verklaar dat een van die lesse van die staking juis was dat die werkers moes poog om hulle koerant 'n dagblad te maak.[50] Daarteenoor het ***The Worker*** die Kaapse ***South African Review*** gekomplimenteer vir laasgenoemde se weergawe van die gebeure van 4 en 5 Julie 1913 wat beskou is as "*...a sane, just and courageous statement of facts, which we hope will not be without its results on the minds of the public*".[51]

Die SAAP het weliswaar nie 'n groot en aktiewe rol in die staking gespeel nie, maar die gevolge daarvan het beslis positiewe gevolge vir die party en die vakbondbeweging ingehou. Die staking het landswyd solidariteit onder die werkers aangemoedig. Protesvergaderings oor die regering se hantering van die staking en die skietery op 5 Julie 1913 is deur die werkers in sentra soos Kaapstad, Durban, Pretoria en Uitenhage gehou. Mosies van meegevoel met die naasbestaandes van die slagoffers is ook tydens hierdie vergaderings aangeneem, terwyl briewe van meegevoel van die sosialiste, Olive en Conwright Schreiner, in ***The Worker*** gepubliseer is. Die stakers is vir die sukses van die staking gekomplimenteer. As gevolg van die staking het baie werkers hulle ook by die SAAP en by hulle onderskeie vakbonde aangesluit. Na aanleiding van 'n omvangryke toer van Creswell en Andrews na afloop van die staking, wat onder andere na Bloemfontein, Uitenhage, Oos-Londen, Port Elizabeth en Durban onderneem is, is nuwe takke van die Arbeidersparty in Oos-Londen en Uitenhage, waar die Unioniste aanvanklik sterk gestaan het, gestig. Nuwe vakbonde vir telefoon-, telegraaf- en poswerkers, drukkersassistente, kleremakers, winkelassistente, kokke, bakkers, kroegmanne, kelners, slagters en blokmanne, is ook gestig.[52]

---

[50] *The Worker*, 07.08.1913, p. 5 ("X": To Boycott "The Worker"); *Ibid.*, 14.08.1913, p. 1 ("Snip": Odds and Ends) en p. 3 ("R.P." Durban Doings).

[51] *Ibid.*, 24.07.1913, p. 1 (Topics of the Week). I.v.m. die *South African Review*, kyk ook *The Worker*, 07.08.1913, p. 1 (Topics of the Week).

[52] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, pp. 248 – 251; M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 192 – 195; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 145; E.N. Katz: *A Trade Union Aristocracy*, p. 465; *The Worker*, 17.07.1913, pp. 3, 5 (South African Labour Activities), p. 4 (Hoofartikel) en (Resolutions Passed by SA Council of ASE); *Ibid.*, 24.07.1913, p. 1 (Topics of the Week) en (Sympathy from the Irish Club), p. 2 (Labour Meeting at Krugersdorp), p. 3 (South African Labour Activities); *Ibid.*, 31.07.1913, p. 1 (The Great Labour Meeting at Capetown), p. 6 ("R.P.": Durban Doings) en ("Hemel": Notes from Port Elizabeth); *Ibid.*, 07.08.1913, p. 3 (Welcome, East London); *Ibid.*, 14.08.1913, p. 3 (Labour Meeting at Bloemfontein), p. 5 (Our Mass Meeting); *Ibid.*, 21.08.1913, p. 4 (Hoofartikel), p. 5 (Labour Meetings throughout the Union), p. 8 (H.D. Page: Daspoort Notes); *Ibid.*, 28.08.1913, p. 4 (P. Torr: Creswell and Andrews at East London); *Ibid.*, 11.09.1913, p. 5 (The Missionaries Return), p. 6 (East London); *Ibid.*, 09.10.1913, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 20.11.1913,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ooreenkoms wat op 5 Julie 1913 tussen die regering, die mynindustrie en die stakers gesluit is, het inderdaad, soos ***The Star*** beweer het, geblyk onbevredigend en slegs tydelik van aard te wees. Dit was in der waarheid net 'n skietstilstandooreenkoms en het nie tot 'n permanente verwydering van die griewe in werkergeledere gelei nie. Toestand van toenemende ontevredenheid onder die werkers, wat feitlik daagliks prominent in beide arbeider- en kapitalistiese persberigte en –kommentaar weerspieël is, het van Julie tot Desember 1913 geheers. Verskeie verdere pogings tot samesprekings oor die griewe van die myn- en spoorwegwerkers tussen die regering die Federation of Trade Unions en die Kamer van Mynwese, het misluk. Die Federation of Trade Unions het aanvanklik op 27 Julie 1913 gesluit om 'n uitgerekte staking (suspended strike) te gelegener tyd uit te roep wanneer dit die werkers sou pas, maar het op 30 Julie 1913 weer téén 'n algemene staking op daardie tydstip besluit, omdat dit nie voldoende steun onder die spoorwegwerkers kon monster nie.[53] Hierdie aftog was egter slegs 'n stilte voor die volgende industriële storm: die algemene staking van 1914.

7.2 DIE ALGEMENE STAKING VAN 1914

Hierdie staking is voorafgegaan deur gerugte in die pers teen Oktober 1913 dat die Departement van Spoorweë en Hawens op die punt gestaan het om van sy werknemers af te dank. Dit sou die gevolg wees van verliese wat die Departement gely het en van die

---

p. 2 (Creswell at Ladysmith); (KGB) A 215, Trembath-Versameling, Vol. II, pp. 106 – 107: Koerantknipsel (The Labour Party). Kyk ook *The Star*, 19.11.1913, p. 8 (Hoofartikel).

[53] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, hfst. 7, pp. 215 - 254; S.J. Pietersen: Stakings aan die Witwatersrand, 1913 - 1914, pp. 74 - 82; M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, pp. 187 - 198; C.R. Ould: General Smuts's Attitude to White Labour Disputes between 1907 and 1922, pp. 78 - 88; J.C. Smuts: *Syndicalist Conspiracy in South Africa. A Scathing Indictment*, pp. 11 - 17; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 42 - 43; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 143 - 144. Kyk ook The South African Strike (*The Round Table*, Vol. 4, March 1914, p. 242); *The Worker*, 24.07.1913, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 31.07.1913, pp. 2 - 3, 5 (The Workers' Charter) en p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 07.08.1913, p. 1 (Danger Ahead), p. 4 (Hoofartikel) en (Commissions not Accepted), p. 5 ("Railwayman": The "Concessions" Examined); *Ibid.*, 14.08.1913, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 21.08.1913, p. 5 (Federation's Reply to the Chamber); *Ibid.*, 02.10.1913, p. 4 (Hoofartikel); *The Star*, 28.07.1913, pp. 9, 11 (Labour Crisis & The Outlook), p. 12 (Town & Reef); *Ibid.*, 29.07.1913, p. 12 (Town & Reef); *Ibid.*, 31.07.1913, pp. 9, 11 (The Outlook); *Ibid.*, 01.08.1913, p. 12 (Town & Reef); *Ibid.*, 02.08.1913, p. 10 (After the Crisis); *Ibid.*, 13.09.1913, p. 12 (Town & Reef), asook Hoofartikels, onderskeidelik: 21.07.1913, p. 8; 26.07.1913, p. 8; 28.07.1913, p. 8; 29.07.1913, p. 8; 30.07.1913, p. 8; 31.07.1913, p. 8; 01.08.1913, p. 8; 02.08.1913, p. 8; 04.08.1913, p. 6; 06.08.1913, p. 8; 09.08.1913, p. 8; *The Illustrated Star*, 17.01.1914, p. 2 (The Story of the Second Great Strike in Johannesburg).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

algehele swak ekonomiese toestand waarin die land verkeer het, wat weer 'n gevolg was van die voortslepende toestand van onstabiliteit en onrus in die nywerheid.[54] ***The Star*** het inderdaad teen sodanige afdankings gewaarsku en verklaar dat dit tot hernieude industriële onrus kon lei.[55] ***The Worker*** het die Minister van Spoorweë en Hawens, H. Burton, en die algemene bestuurder van die Spoorweë, W.W. Hoy, aangeval en was van mening dat die voorgenome afdankings en loonverminderings aan hulle onbekwaamheid as spoorwegadministrateurs toegeskryf kon word. Die koerant het ook beweer dat die Minister nie oop kaarte met die werkers oor sy voornemens gespeel het nie, en dat die regering met spoorwegafdankings onrus wou aanstook om tydens onluste die vakbondwese te onderdruk voordat dit te sterk kon word om te beheer.[56]

Volgens De Kiewiet was die staking van 1914 'n voortsetting en uitbreiding van die staking van 1913 en het dit gepoog om die belange van blanke arbeid te beskerm.[57] Teen die einde van Desember 1913 is spoorwegwerknemers uit spoorwegwerkwinkels in Pretoria, Durban, Uitenhage en Soutrivier in die Kaap afgedank. Daarop het die uitvoerende bestuur van die spoorwegvakbond, die Amalgamated Society of Railway and Harbour Servants, op 6 Januarie 1914 'n afvaardiging na die Minister van Spoorweë gestuur om te eis dat die afgedankte werkers heraangestel word en dat geen verdere afdankings sou plaasvind nie. Die samesprekings het egter misluk en vanaf 8 Januarie 1914 het die Amalgamated Society of Railway and Harbour Servants 'n landwye spoorwegstaking afgekondig. Gedurende Desember 1913 en Januarie 1914 was daar ook beroeringe onder die steenkoolmynwerkers in Natal nadat lede van die mynwerkersvakbond daar afgedank is. Samesprekings tussen die werkgewers en die werknemers van die steenkoolmyne, om die afgedankte werkers heraangestel te kry, het misluk, sodat swart en wit Natalse steenkoolmynwerkers vanaf 2 Januarie 1914 ook begin staak het. Sedert 15 Desember 1913 het die klerewerkers in Johannesburg en later ook die verwers in Durban om hoër lone begin staak. Nadat die

---

[54] *The Star*, 13.10.1913, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 15.10.1913, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 18.10.1913, p. 11 (Labour Meeting); *Ibid.*, 31.12.1913, p. 8 (Hoofartikel); *The Worker*, 16.10.1913, p. 1 (Weekly Topics); *Ibid.*, 23.10.1913, p. 1 ("M.K." and "J.F.T.": Durban Doings), p. 5 (Spotprent), p. 6 (Notes from Pretoria). Kyk ook *Ibid.*, 30.10.1913, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 06.11.1913, p. 1 (Weekly Topics).

[55] *The Star*, 15.10.1913, p. 8 (Hoofartikel).

[56] *The Worker*, 16.10.1913, p. 4 (Hoofartikel) en (Pretoria Notes); *Ibid.*, 08.01.1914, p. 1 (Railway Crisis). Kyk ook (JOB) SALP Collection, Executive Report to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. 1.

[57] C.W. de Kiewiet: *A History of South Africa, Social & Economic*, p. 168.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
spoorwegstaking amptelik 'n aanvang geneem het, het J.T. Bain bekend gemaak dat die beheer daarvan deur die Federation of Trade Unions oorgeneem is. 'n Stakerskomitee is aangestel om die staking te koördineer.

Hierdie keer was die regering egter gereed om 'n staking van groot omvang te hanteer aangesien die Unie se verdedigingsmag intussen onder leiding van genl. Smuts op 'n behoorlike basis georganiseer is. Op 9 Januarie 1914 is 'n aantal vakbondleiers gearresteer en die polisie het die dokumente van die spoorwegvakbond in die kantore in Pretoria gekonfiskeer. Gedurende die nag van 7 en 8 Januarie 1914 is die vernaamste spoorwegsentra in die Transvaal wat deur die staking geraak is onder polisiebeskerming geplaas. Die Aktiewe Burgermag, asook 'n aantal kommando's, is op 10 Januarie 1914 opgeroep en duisende spesiale konstabels het openbare eiendom in Johannesburg beskerm. Op die aand van 13 Januarie 1914 het die Federation of Trade Unions 'n algemene staking van vakbonde afgekondig. In daardie stadium het mynwerkers, asook spoorwegwerkers in Bloemfontein, Johannesburg, Pretoria, Durban en Soutrivier in die Kaapse Skiereiland gestaak. Die volgende dag, 14 Januarie, het die regering Krygswet in sekere Transvaalse, Vrystaatse en Natalse distrikte afgekondig. Honderde staker- en vakbondleiers en ander stakers is in hegtenis geneem. Perssensuur is ingestel en geen rooi vlae mag gedrapeer gewees het nie.

Die spoorwegstaking was egter tot mislukking gedoem, omdat daar nie die nodige samewerking tussen die werkers van die onderskeie sentra was nie en omdat die stakerleiers in hegtenis geneem is. Teen 15 Januarie 1914 het sommige spoorwegstakers aan die Rand reeds begin om hulle werk te hervat. 'n Aantal lede van die stakerskomitee het hulle in die Johannesburgse Trades Hall, die hoofkwartier van die Federation of Trade Unions, verskans. Na 'n ultimatum van troepe onder leiding van genl. Koos de la Rey wat die gebou omsingel het, het die stakers egter oorgegee en is gearresteer. Ook Arbeiderleiers, soos F.H.P. Creswell en W.H. Andrews, is op grond van oortredings van krygswetregulasies gearresteer en T. Boydell en M. Kentridge as gevolg van regsverydeling. Eersgenoemde drie is egter vrygelaat om die parlementsitting van Januarie 1914 by te woon. Die Federation of Trade Unions het die algemene staking op 22 Januarie 1914 afgelas. Op 26 Januarie is nege stakerleiers, naamlik A. Watson,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

H.J. Poutsma, J.T. Bain, G.W. Mason, A. Crawford, R.B. Waterston, D. McKerrell, W. Livingstone en W.H. Morgan, op bevel van genl. Smuts na Brittanje gedeporteer.

Deur middel van parlementêre gebruike, prosedures en ander vertragingstaktiek het die SAAP in die parlement gepoog om te verhoed dat die Vrywaringswet (Nommer 1 van 1914), wat die regering se hantering van die staking en die deportasies sou sanksioneer, goedgekeur word. Smuts het wel erken dat die deportasies onwettig was, maar het gesê dat dit noodsaaklik was aangesien die stakerleiers in 'n "sindikalistiese komplot" saamgesnoer het om die regering omver te werp. Ten spyte van sterk teenkanting, selfs vanuit regeringskringe, en alhoewel die regering geen konkrete bewyse van 'n sindikalistiese sameswering kon voorlê nie, is die Vrywaringswet na 'n marathonsitting op 10 Maart 1914 met 'n meerderheid van stemme in die parlement aanvaar.[58]

Die *establishment*- en arbeiderpers het uiteraard groot prominensie aan die dramatiese stakingsgebeure verleen.[59] Aangesien perssensuur ingevolge die krygswetproklamasies

---

[58] Die volgende bronne skep 'n duidelike en gebalanseerde weergawe van die stakingsgebeure: C.R. Ould: General Smuts's Attitude to White Labour Disputes between 1907 and 1922, pp. 97 - 139; M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, hfst. 6 pp. 199 - 221; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, hfst. 8, pp. 255 - 300; S.J. Pietersen: Stakings aan die Witwatersrand, 1913 - 1914, pp. 82 - 103; L.J. Fourie: Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, pp. 60 – 64; (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop-assistant to Senator, pp. 49 – 51; (Cd.) 7348 – 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*; (U.G.) 5 – 1914 Union of South Africa: *Martial Law in the Union of South Africa, January 1914. Proclamation and Regulations issued by the Government and Appointments of Control Officers*, p. 3; J.C. Smuts: *Syndicalist Conspiracy in South Africa. A Scathing Indictment*, pp. 17 – 30; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, pp. 39 – 43; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 148 – 156; T. Boydell: "*My Luck Was In*", pp. 76 – 95; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 47 – 57; W.K. Hancock: *Smuts I: The Sanguime Years, 1870 – 1919*, pp. 368 – 371; D.W. Kruger: *The Age of the Generals*, pp. 75 – 76; (SAPM & A) The January, 1914, Strike (*The Nongqai*, 05.07.1914); B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part VIII (*Forward*, 10.12.1943, p. 5). Kyk ook The South African Strike (*The Round Table*, Vol. 4, March 1914, pp. 242 – 247); The Indemnity Bill and Political Parties (*The Round Table*, Vol. 14, June 1914, pp. 567 – 571); The South African Deportations (*The Spectator*, Vol. 112, 31.01.1914, pp. 172 – 173); (JOB) SALP Collection, Report to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, pp. 1 – 2.

[59] Kyk byvoorbeeld *The Star*, 15.12.1913, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 01.01.1914, p. 10 (Town & Reef); *Ibid.*, 03.01.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 06.01.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 08.01.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 09.01.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 13.01.1914, p. 9 (The Situation); *Ibid.*, 14.01.1914, p. 7 (The Situation); *Ibid.*, 15.01.1914, p. 5 (For Late News); *Ibid.*, 16.01.1914, p. 5 (Another Raid); *Ibid.*, 17.01.1914, p. 7 (Creswell Arrested To-day) en ("At and End"), p. 8 (The Situation); *Ibid.*, 19.01.1914, p. 8 (The Situation); *Ibid.*, 27.01.1914, p. 9 (Labour Leaders) en (Mr. Creswell Released To-day); *Ibid.*, 28.01.1914, p. 9 (Deported) en (Deportation of Labour Leaders); *Ibid.*, 02.02.1914, p. 9 (Creswell at Sea); *Ibid.*, 07.02.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 24.02.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 06.03.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 10.03.1914, p. 8 (Hoofartikel); *The Illustrated*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

baie streng toegepas is, moes die nuusblaaie baie omsigtig te werk gaan in hulle beriggewing oor die stakingsgebeure. So het ***The Star*** aan sy lesers verklaar:

> "*During the continuance of Martial Law on the Rand and in the other areas we shall refrain from discussing controversial aspects of the present struggle and shall confine our efforts to recording events in connection with it*".[60]

In hierdie buitengewone omstandighede het die koerant van die belangrikste stakingsgebeure ook in Hollands gepubliseer ter wille van die duisende Afrikaansprekende burgers wat tydens die staking vir beskermingsdienste na die Witwatersrand opgeroep is.[61] Verder het ***The Star*** verklaar dat hy tydens die tydperk van Krygswet in 'n verkleinde vorm van agt bladsye sou verskyn en daarom sou die publikasie van spesiale artikels opgehef moes word totdat toestande weer na normaal sou terugkeer. Dit wil ook voorkom of ***The Star*** lugtig was om provokatiewe artikels en kommentaar te publiseer wat dalk weer die stakers tot geweld teen die blad, soos tydens die staking van 1913, sou kon aanhits. Daarby is werknemers van dié koerant as spesiale konstabels ingesweer en bewapen om die koerantperseel te bewaak.[62]

Dat die regering nie gehuiwer het om ingevolge die krygswetproklamasie op te tree nie, word geïllustreer deur die feit dat die ***Transvaal Chronicle*** byvoorbeeld met sluiting gedreig is aangesien dit van die krygswetregulasies in verband met perssensuur oortree het. Die redakteur van die koerant, P.J. Sampson, het na aanleiding hiervan geskryf dat die regering die waarheid aangaande die staking in die pers onderdruk het en dat vredeliewende landsburgers gearresteer is. Hy het die amptelike verslae wat die spoorwegadministrasie oor die staking vrygestel het "deliberate untruths" genoem. Daarby verklaar O'Quighley dat nuuskabels wat vanaf Engeland gestuur is vir publikasie in Suid-Afrikaanse koerante aangaande protesvergaderings daar wat die optrede van die Suid-Afrikaanse regering

---

Star, 17.01.1914, pp. 1 – 12; *The Worker*, 11.12.1913, p. 4 (Natal Engine-Drivers Strike); *Ibid.*, 18.12.1913, p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 08.01.1914, p. 8 (Railway Crisis); *Ibid.*, 15.01.1914, p. 1 (Special Constables), (Strike Notes) en (Latest News from Centres), p. 2 ("Pretoria Scout": Pretoria Notes), pp. 4 – 5 (Hoofartikel) en (Those Arrests).

60 *The Star*, 24.01.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 31.01.1914, p. 8 (Hoofartikel).

61 L.E. Neame: *Today's News Today*, p. 181; *The Star*, 21.01.1914, p. 7 (Voor de Burgers); *Ibid.* 24.01.1914, p. 9 (Voor de Burgers).

62 L.E. Neame: *Today's News Today*, pp. 180 – 181; *The Star*, 14.01.1914, p. 4 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tydens die staking veroordeel het, onderdruk is.[63] As gevolg van die krygswetproklamasies was ***The Worker*** verplig om van 15 Januarie 1914 af vir twee maande te sluit.[64]

Vóór die afkondiging dat die koerant hom tydens die tydperk van krygswetregulasies van 'n bespreking van omstrede kwessies sou weerhou, het ***The Star*** wel, soos in 1913, die stakers se optrede gekritiseer. So is die Federation of Trade Unions vir sy aandeel aan die staking aangeval.[65] Daar is ook weer gepoog om die SAAP verdag te maak deur sy leiers met die stakingsgebeure te verbind.[66] Dit was egter veral H.J. Poutsma, as hoofsekretaris van die Amalgamated Society of Railway and Harbour Servants, wat tydens die hele stakingsepisode die skryf van aanvalle in ***The Star*** was. Dié koerant het hom sterk teen Poutsma se "sindikalistiese" stakingsmetodes uitgespreek en het die spoorwegadministrasie se standpunt in verband met die afdankings gesteun.[67]

Na aanleiding van die staking het die SAAP 'n manifes, onderteken deur W.H. Andrews, die partyvoorsitter, in ***The Worker*** se uitgawe van 15 Januarie 1914 gepubliseer. Daarin is 'n beroep op elke Suid-Afrikaner gedoen om die regering se optrede teenoor die stakers te veroordeel. 'n Beroep is ook op die regering gedoen om sy foute te erken, die werkers in sy vertroue te neem en met hulle saam te werk indien hy openbare wanorde vrees, in plaas daarvan om een deel van die bevolking teen die ander deel te bewapen. Die regering moes samesprekings voer met die leiers, in plaas daarvan om hulle te arresteer. Diegene wat gevange geneem is, moes vrygelaat word. Die Arbeidersparty was van mening dat vrede

---

63 Kyk (SAB) GG Vol. 1483, file no. 62/524, Strike 1914, Censorship of news established under Martial Law: P.J. Sampson – Governor-General, 17.01.1914; *Ibid.*, M.H.M. Burne – Editor Transvaal Chronicle, 17.01.1914; (SAB) GG Vol. 1483, file no. 62/525, Strike 1914, Censorship of News during Martial Law: Governor-General – L. Harcourt, 22.01.1914; *Ibid.*, P.J. Sampson – Governor-General, 21.01.1914; (SAB) GG Vol. 1483, file no. 62/513, Strike 1914, Protests against action of authorities in threatening to close down paper under Martial Law: Secretary to Prime Minister – Governor-General, 20.01.1914; *Ibid.* Governor-General's Office: Minute No. 62/513, 17.01.1914; *Ibid.*, P.J. Sampson – Governor-General, 15.01.1914, pp. 1 – 4; *Ibid.*, H.T. Lukin – Editor Transvaal Chronicle, 15.01.1914; A. O'Quighley: The 1913 and 1914 White Workers' Strikes (*African Studies Institute Seminar*, October 1978, Section 5, pp. 8, 13); (Cd.) 7348 – 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*, p. 106. Kyk ook (JOB) SALP Collection, Executive Report to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. 1.

64 (JOB) SALP Collection, Report of "The Worker" Committee to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. KJ 20.

65 *The Star*, 09.01.1914, p. 12 (Town & Reef).

66 *Ibid.*, 12.01.1914, p. 8 (Hoofartikel).

67 *Ibid.*, 06.01.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 08.01.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 09.01.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 10.01.1914, p. 8 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
slegs verseker sou kon word en 'n ramp slegs afgeweer sou kon word indien die betaling van konsessies aan boere en myneienaars met spoorwegwerkers se geld beëindig sou word. Die beleid waarvolgens werkers afgedank is, moes afgeskaf word. Die Arbeidersparty het daarop aangedring dat die belange van die spoorwegwerkers permanent in die administrasie van die spoorweë verteenwoordig moes word. Verder is 'n beroep gedoen op alle Suid-Afrikaners om die spoorwegwerkers te steun en om hulle afkeur ten opsigte van die arrestasies en hul veragting van die gewelddadige metodes van die regering te toon.[68]

Ook op ander bladsye van dieselfde uitgawe het ***The Worker*** die werkers gemaan om hulle van geweld en van uittarting van die regeringsmagte te weerhou. Die koerant het sarkasties na Smuts verwys as:

> "*...the Great General, the unrivalled War Minister, who call out 70 000 men when there is no enemy – has he been giving orders to take action so to irritate the men that some may resist and he be able to pretend that the Rand population is a ruffianly, rebellious people?*"[69]

Dit moet vermeld word dat lede van die Johannesburgse SATU ook gestaak het en dat dit die publikasie van verskeie koerante by tye ontwrig het. Daarop het ***The Transvaal Leader*** homself as 'n "non-union shop" verklaar. Dit het beteken dat die koerant se drukkery voortaan ook drukkers wat nie lede van die SATU was nie, in diens sou neem. Volgens 'n koerantberig uit die ***Transvaal Chronicle*** is dit egter te betwyfel of die ***Leader*** sy voorneme gestand sou kon doen aangesien daar glo nie genoeg "non-union" persone in Johannesburg beskikbaar was om die drukkery te bedryf nie. O'Quighley verklaar dat dit weens die streng perssensuur wat ingestel is, moeilik is om die korrekte getal werkers wat gestaak het en die gevoelens van die nie-stakendes jeens die staking te bepaal. Volgens hom het die *establishment*-pers die feite in sy eie belang verdraai, terwyl die arbeiderpers

---

68 *The Worker*, 15.01.1914, p. 5 (South African Labour Party). Kyk ook (JOB) SALP Collection, Executive Report to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. 2; *The Weekly Gazette*, 12.01.1914, g.p.

69 *The Worker*, 15.01.1914, p. 1 (Strike Notes) en p. 4 (Hoofartikel). Kyk ook (Cd.) 7348 – 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*, p. 245.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
dieselfde gedoen het om steun vir die staking te werf en demoralisering onder die stakers te voorkom.[70]

Gedurende die tydperk van die staking is 'n werkersblad, ***The Weekly Gazette***, in Johannesburg gepubliseer. Klaarblyklik het die blad, waarvan die eerste uitgawe nie opgespoor kon word nie, alreeds in 1913 sy verskyning gemaak. Alhoewel dit 'n weekblad was wat normaalweg op Saterdagoggende verskyn het, is 'n "Special 'Strike' Daily Edition" gedurende Januarie 1914 uitgegee sodat lesers so veel as moontlik op hoogte van die stakingsgebeure gehou kon word. Hierdie een-pennie-koerant was uitgesproke pro-arbeider en anti-kapitalisties. Die sub-titels van ***The Weekly Gazette***, wat ook enkele advertensies gedra het, was "The Workers Paper" en "Devoted to the interests of the Working people". Jaarlikse intekengelde het 6s, posvry, bedra en korrespondente is uitgenooi om bydraes oor arbeidaangeleenthede tot die blad te maak. Die ***Gazette*** is deur Johannesburgse nuusagentskappe in Joubert-, Commissioner-, Pritchard en Eloffstraat, asook in Jeppe en Fordsburg versprei. Die blad is uitgegee deur die Weekly Gazette Printing & Publishing Company en die redakteur was Fred Horak, 'n Afrikaanssprekende lid van die SAAP.[71]

Frederick Theodore Horak is in 1864 in Victoria-Wes in die Kaapkolonie gebore. In 1886 het hy na die Transvaal gekom en was by Doornkop en Kocksoord 'n assistent-kleiminspekteur vir die ZAR-regering. Tydens die Anglo-Boereoorlog was hy 'n kommandant in die Vrywilligerskorps van die ZAR. In 1900 is hy by Brandfort in die Vrystaat krygsgevange geneem en onder andere saam met J.T. Bain na die krygsgevangenekamp op Ceylon verban. In 1903 het Horak glo die eerste na-oorlogse

---

70 (SAB) GG Vol. 1483, file no. 62/524, Strike 1914, Censorship of news established under Martial Law: Koerantknipsel (*Transvaal Chronicle*, 17.01.1914, g.p.); A. O'Quighley: The 1913 and 1914 White Workers' Strikes (*African Studies Institute Seminar*, October 1978, Section 5, pp. 14, 16). Kyk ook (Cd.) 7348 – 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*, p. 122.

71 (Cd.) 7348 – 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*, p. 126; *The Weekly Gazette*, 08.01.1914, g.p.; *Ibid.*, 16.03.1914, g.p. (Fred T. Horak of "The Weekly Gazette").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hollandstalige koerant in Johannesburg begin en in 1913 ook ***The Weekly Gazette*** geïnisieer.[72]

Die ***Gazette*** was sterk uitgesproke ten gunste van die staking van die spoorwegwerkers. Die blad het die regering se optrede tydens die staking gekritiseer en verklaar dat die stakers teen geweld gekant was. Die ***Gazette*** het ook die stakers gemaan om hulle van geweld te weerhou. Verder het dit nuusbrokkies met inligting oor die verloop van die staking, aanhalings deur stakerleiers en besluite van die Federation of Trade Unions gepubliseer. Daar was ook nuus vanuit ander stakingsentra soos Port Elizabeth, Kaapstad, Oos-Londen en Durban.[73] ***The Weekly Gazette*** was van mening dat ***The Evening Chronicle*** die werkers nie waarlik goedgesind was nie, maar slegs voorgegee het dat hy die werkersklas verteenwoordig het. Ook is die ***Rand Daily Mail*** gekritiseer omdat hy die staking teengestaan het en kon daarom nie meer as "'n vriend van die werkersklas" beskou word nie.[74]

Voorts het die ***Gazette*** aangaande die *establishment*-pers verklaar:

> "*When will the worker realize the folly of supporting the "Yellow Press", who are day by day leading you in to the capitalist traps. By supporting them financially, you are digesting a policy which in the end may mean your degradation, and the starving of your children*",

en:

> "*The Yellow Press black guards the workers in every issue, and the workers have to swallow this abuse, and pay for the reading of it*".[75]

---

[72] (Cd.) 7348 – 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*, p. 175; *The Weekly Gazette*, 16.03.1914, g.p. (Fred T. Horak of "The Weekly Gazette"). Die biografiese gegewens aangaande Horak verskaf ongelukkig nie die naam van sy Hollandstalige koerant nie.

[73] Kyk beskikbare uitgawes van *The Weekly Gazette*, onderskeidelik 08.01.1914; 09.01.1914; 10.01.1914; 11.01.1914; 12.01.1914; 13.01.1914 en 14.01.1914, asook C.R. Ould: General Smuts's Attitude to White Labour Disputes between 1907 and 1922, pp. 109 – 110, 113, 128.

[74] *The Weekly Gazette*, 08.01.1914, g.p. (The Capitalist Press) en (The Capitalistic Daily Mail in its True Colours), onderskeidelik.

[75] *Ibid.*, 09.01.1914, g.p. (The "Yellow Press" and the Worker) en (Workers Please Note), onderskeidelik. Kyk ook *Ibid.*, 11.01.1914.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Soos ***The Strike Herald*** tydens die staking van 1913, was ***The Weekly Gazette*** sterk teen "scabs" gekant en het verklaar: *"A 'scab' is a man who is taking the bread out of the mouths of their fellow workers' children and wives"*.[76] Die ***Gazette*** het ook enkele werwingsaksies vir nuwe lesers geloods en verklaar:

> *"This paper is paid for. No bill will be sent you.* (sic) *If you did not subscribe some friend did for you and paid for it. You can get 'The Weekly Gazette' regularly for 6s per annum"*.[77]

The Weekly Gazette het op Woensdag 14 Januarie 1914 voorlopig vir die laaste keer verskyn en dit was ook die laaste van die daaglikse stakingsuitgawes. Die redakteur het verklaar dat die blad deur krygswetproklamasies verbied is om die stakingsituasie te kritiseer. Gevolglik kon sekere bydraes nie gepubliseer word nie. Die volgende dag is Horak gearresteer op 'n klag van oortreding van Regulasie 5 van die Krygswet. Daarvolgens het hy verkeerdelik en onwettig literatuur gedruk en versprei met die oog op die openbare "bevordering van onrus of aansporing tot kwaadwillighied". Gevolglik het Horak onder krygsmaatreëls vir 21 dae in aanhouding sonder verhoor verkeer.[78]

The Weekly Gazette het op 16 Maart 1914 sy herverskyning as weekblad gemaak. Die redaksie het die hoop uitgespreek dat die blad die ondersteuning van die werkers sou geniet en dat adverteerders dit as 'n waardevolle media sou ervaar om kliënte te bereik. Elke week sou industriële nuus van dwarsoor die land gepubliseer word waarvoor korrespondente gesoek is. Vakbondsekretarisse is gevolglik uitgenooi om nuusbrokkies in te stuur. Die blad se kolomme sou oop wees vir die bespreking van prominente arbeidskwessies. Klaarblyklik is daar ook aan die raad van die Federation of Trade Unions 'n aanbod gedoen dat die ***Gazette*** die Federasie se amptelike weekblad word wat die raad glo onder oorweging geneem het. Voorts het die ***Gazette*** gespog dat dit oor die "grootste sirkulasie

---

[76] *The Weekly Gazette*, 09.01.1914, g.p. Kyk ook voorblad en (A New Way of Preventing "Scabs"); *Ibid.*, 12.01.1914, g.p.

[77] *Ibid.*, 08.01.1914, g.p.

[78] (Cd.) 7348 – 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*, pp. 126, 175; *The Weekly Gazette*, 14.01.1914, g.p. (Proclamation of Martial Law); *Ibid.*, 16.03.1914, g.p. (The Closing of The Weekly Gazette Offices by the Authorities) en (Fred T. Horak of "The Weekly Gazette").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
van enige arbeiderkoerant in Suid-Afrika" beskik het en het verklaar: "*The reason for our existence is to champion the Cause of Labour, and without fear, favour or prejudice we do so, setting nothing down in malice*".[79]

Die herverskene ***Gazette***, wat ook by die hoofposkantoor as nuusblad geregistreer is en advertensies gedra het, het sy bestaan deur middel van 'n aantal slagspreuke geregverdig, soos "*Devoted to the interests of the Working people. The emancipation of the Working Class must be accomplished by the Workers themselves*"; "*'The Weekly Gazette'... It's the Only Labour Paper Worth Reading*" en "*'The Weekly Gazette' is run for the benefit of the whole of workers*". Alhoewel 'n ander slagspreuk verklaar het dat "*'The Weekly Gazette' is the only Penny Labour paper in SA*", is die prys op die voorblad as 'n sikspens (ses pennies) aangedui. ***The Weekly Gazette*** het hom ook ten nouste met die SAAP vereenselwig. Foto's en pensketse van Arbeiderleiers en –persoonlikhede, asook van Arbeiderkandidate vir die Transvaalse provinsiale raadsverkiesing van 1914, is geplaas. Daarby is artikels oor die staking en stakerleiers, en foto's van die stakerleiers en stakingsgebeure geplaas. Een van die spotprente wat in ***The Strike Herald*** van 1913 verskyn het, en wat die uitbuiting van die werker deur die kapitalis voorgestel het, is ook in die ***Gazette*** gereproduseer. Verder wil dit voorkom of die ***Gazette*** positief teenoor genl. Hertzog en sy volgelinge gestaan het. Daar is ook verklaar dat T.R. Munro voortaan die redaksionele beheer van ***The Weekly Gazette*** sou oorneem. (Munro is in Skotland gebore en het as regiment sersant-majoor met die Britse Imperiale Burgermag gedurende die Anglo-Boereoorlog na Suid-Afrika gekom. Tydens die staking van 1914 is hy in Braamfontein gearresteer en vir 22 dae lank in die Johannesburgse Fort aangehou).[80]

Dit is onbekend of ***The Weekly Gazette*** inderdaad onder die redakteurskap van Munro voortgesit is. Benewens die enkelkopie van 16 Maart 1914, kon geen verdere eksemplare opgespoor word nie.

Tydens die staking van 1914 het 'n stakerskomitee van die Pretoriase tak van die SATU ook besluit om 'n stakersblad te publiseer. I.L. Walker is as redakteur aangestel en die drukkery

---

[79] *The Weekly Gazette*, 16.03.1914, g.p. (To Our Readers).

[80] *Ibid.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van P. Miles and Company in Du Toitstraat, Pretoria, is vir die doeleindes gehuur. Die kortstondige en gratis ***Pretoria Strike Herald*** het uit net een bladsy, in die vorm van 'n strooibiljet, bestaan. Met die eerste oplaag is 10 000 eksemplare gedruk en daar was glo 'n groot aanvraag vir meer kopieë. Die ***Herald*** het onder andere besluite van die bouersvakbonde aangaande die staking, nuus oor die oorgawe van die stakerleiers in die Trades Hall in Johannesburg en ander stakingsnuus bevat. In die uitgawe van 17 Januarie 1914 het onder meer die volgende boodskap van die stakerskomitee aan die stakers verskyn:

> "*KEEP COOL, STICK TOGETHER, AND SIT TIGHT. In spite of the official messages to the contrary, you are winning... You read that the men are rushing back to work, but not a single man returned to work to-day in Pretoria. The Press is in the conspiracy of falsehood*".[81]

Na die verskyning van die eerste uitgawe van die ***Pretoria Strike Herald*** het die polisie egter tydens 'n klopjag op die drukkery toegeslaan. P. Miles, die eienaar, asook vier lettersetters, te wete F. Kitchen, R. Dixon, J.W. Worst en A.E. Merick, is op die perseel in hegtenis geneem. Soos in die geval van Fred Horak van ***The Weekly Gazette***, is hulle onder Krygswet aangekla van openbare "bevordering van onrus of aansporing tot kwaadwilligheid". Hulle is ook van 'n oortreding van die krygswetregulasies aangekla omdat die ***Pretoria Strike Herald*** glo valslik en voortydig beweer het dat die staat se Burgersmag gedemobiliseer sou word. Tydens die klopjag het die polisie al die drukvorms en setselpanne vir die drukletters, wat in die proses was van die druk van die tweede uitgawe – dié van 18 Januarie 1914 – afgebreek. 'n Paar dae later is ook die redakteur van die ***Herald***, Ivan Walker, onder Krygswet op 'n klag van opruiing in hegtenis geneem. Uiteindelik is Miles 'n boete van £25 of een maand dwangarbeid opgelê. Kitchen, Dixon en Worst is elk £20 of drie weke tronkstraf opgelê, terwyl Merick onskuldig bevind en vrygespreek is. Walker is egter twee vonnisse opgelê: een maand tronkstraf sonder die

---

[81] (Cd.) 7348 – 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*, pp. 135, 151; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 50; A.J. Downes: *Printers' Saga*, afdruk teenoor p. 372 en pp. 397 – 398; *Pretoria Strike Herald*, 18.01.1914; *The Illustrated Star*, 24.01.1914, p. 10 ("Strike Herald" Case); *Diamond Fields Advertiser Weekly Edition*, 24.01.1914, p. 24 (Strike Paper Suppressed).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

keuse van 'n boete op die een klag en £25 of een maand tronkstraf op 'n ander klag. Die Pretoriase tak van die SATU het die boetes namens veroordeeldes betaal.[82]

Dit blyk dat die stakerskomitee van die Federation of Trade Unions dit tydens die staking oorweeg het om die drukpers van ***The Evening Chronicle*** in Johannesburg te huur ten einde ook vir die Federasie self 'n eie stakersdagblad te produseer. Name soos ***The Worker*** en ***The Daily Industrialist*** is vir die beoogde blad voorgestel.[83] Geen verdere inligting aangaande hierdie voornemens kon opgespoor word nie. Aangesien die polisie egter in elk geval van die dokumentasie van die Federation of Trade Unions gekonfiskeer het[84] en van die stakerleiers gearresteer het, is dit hoogs te betwyfel of die oorweging ooit tot uivoer gebring is.

The Star, wat teen 1914 as Unionistiese spreekbuis tradisioneel 'n groot kritikus van die Botha-bewind was, het homself met die staking van daardie jaar in dieselfde bootjie as die regering bevind aangesien die Randse finansiële belange, waarvan die koerant ook die mondstuk was, deur die staking benadeel is. Daarom was ***The Star*** van mening dat die regering se verduideliking aan die parlement van sy optrede tydens die staking, voldoende was om die Vrywaringswet goed te keur. Die blad het saamgestem dat die stakers die land se nywerheidswese wou verlam om die regering sodoende tot oorgawe te dwing.[85] Gevolglik het ***The Star*** aanvalle geloods op parlementslede wat die regering se hantering van die staking en die daaropvolgende Vrywaringswet veroordeel en gekritiseer het en het verklaar dat hulle nie landsbelange vooropgestel het nie. Diesulkes het ingesluit die Arbeiderparlementslede wat deur vertragingstaktiek die wetgewing probeer verongeluk het,

---

82 (SAB) A 139, J.E.A. Reyneke van Stuwe-Versameling, Koerantknipsel: *Daily News*, 24.01.1914, g.p. (Berig); (SAB) GG Vol. 1483, file no. 62/522, Statement published in the "Strike Herald" regarding demobilization of the burgher force: Assistant Secretary for Military Affairs - Major Trew, 20.01.1914; (Cd.) 7348 – 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*, pp. 135 – 136, 139, 149, 151 – 152, 184; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 50 – 51; A.J. Downes: *Printers' Saga*, pp. 397 – 400; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, p. 136, voetnoot no. 8; *Diamond Fields Advertiser Weekly Edition*, 24.01.1914, p. 24 (Strike Paper Suppressed); *The Illustrated Star*, 24.01.1914, p. 10 ("Strike Herald" Case) en p. 13 (Foto); *Weekly Cape Times and Farmers' Record*, 23.01.1914, p. 13 (Printing Office Raided).

83 (SAB) JUS Vol. 192, file no. 3/35/14, Correspondence, statements & reports re Strike Leaders: Rough Minute Book Trades Federation, pp. 11, 15.

84 (SAB) JUS Vol. 10, file no. 6/183/16, Matter relating to seizure of safe and scrutinising of papers, book, ect: Memorandum, Secretary South African Police, 26.02.1914.

85 *The Star*, 06.02.1914, p. 8 (Hoofartikel).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

genl. Hertzog en sy volgelinge, die vermaarde J.X. Merriman, asook die Unioniste P. Duncan en J.W. Jagger. Die "afvallige" twee Unioniste en J.X. Merriman het die noodsaaklikheid van die instelling van Krygswet onder die omstandighede ingesien, maar was van mening dat die Vrywaringswet 'n gevaarlike presedent geskep het waar persone sonder 'n behoorlike geregtelike prosedure gedeporteer is.[86]

Daarteenoor het ***The Worker*** die voorgestelde Wetsontwerpe op Vredebewaring en Oproerige Byeenkomste ten sterkste veroordeel en verklaar dat indien dit in wette gerealiseer sou word, dit die werkers se vryheid en regte sou ophef. Die koerant het ook verklaar dat indien die Wetsontwerp op Vredebewaring deur die parlement gevoer sou word, oorsese werkers uit meegevoel vir die Suid-Afrikaanse werkers dit sou oorweeg om Suid-Afrikaanse uitvoerprodukte te boikot.[87] As gevolg van hewige teenkanting teen die Wetsontwerp op Vredebewaring, weens sekere outokratiese bepalings wat daarin vervat was, is dit teruggetrek, maar in die plek daarvan is die Wetsontwerp op Oproerige Byeenkomste met meer aanvaarbare bepalings in verband met Krygswet deur die parlement geloods.[88]

Ten slotte kan gemeld word dat die regering kort na die uitbreek van Eerste Wêreldoorlog besluit het dat die nege gedeporteerde stakerleiers na Suid-Afrika kon terugkeer.[89] Die terugkoms van die gedeporteerdes was eintlik ironies. H.J. Poutsma het 'n partysekretaris van die SAP geword – dieselfde party waarvan genl. Smuts, wat vir sy deportasie verantwoordelik was, 'n lid was. W.H. Morgan het 'n werknemer van die Kamer van Mynwese geword. R.B. Waterston is op 'n latere tydstip as Arbeider tot die parlement verkies en het onder andere op die Spoorweg- en Hawensraad, asook op die

---

86 *The Star*, 07.02.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 12.02.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 14.02.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 24.02.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 03.03.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 06.03.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 07.03.1914, p. 8 (Hoofartikel); *Ibid.*, 10.03.1914, p. 8 (Hoofartikel).

87 *The Worker*, 12.03.1914, p. 1 (Bill for the Abolition of the British Constitution), p. 4 (Hoofartikel); *Ibid.*, 09.04.1914, p. 4 (Hoofartikel). Kyk ook *Ibid.*, 26.03.1914, p. 5 (War Whoops from the West Rand), p. 6 ("Dingus": Durban Doings); The Star, 24.03.1914, p. 5 (West Rand).

88 (JOB) SALP Collection, Executive Report to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. 3; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 157; *The Worker*, 09.04.1914, p. 4 (Hoofartikel).

89 M.E. Wentzel: Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, p. 221; (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop-assistant to Senator, p. 51; L.J. Fourie: Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, pp. 63 – 64; (JOB) SALP Collection, Executive Report to the Annual Conference at East London, 28.12.1914, p. 6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Elektrisiteitsvoorsieningskommissie en die Vervoerraad onder die Smuts-regering gedien. Archie Crawford is later by 'n aantal geleenthede saam met Mary Fitzgerald deur die regering as die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes na Internasionale Arbeidkonferensies in Washington en Genève gestuur. Crawford het ook in 1914 die sekretaris van die South African Industrial Federation, 'n uitbreiding en opvolger van die Transvaal Federation of Trade Unions, geword. G.W. Mason het 'n staatsdiensamptenaar in die Departement van Openbare Werke geword. J.T. Bain, A. Watson, en D. McKerrell het hulle werk as vakbondorganiseerders na hulle terugkoms voortgesit.[90]

7.3 DIE RANDSE STAKING VAN 1922

Die Randse staking van 1922 kan waarskynlik as Suid-Afrika se bloedigste industriële opstand tot nog toe beskou word, waarvan die botsing tusen staat en onderdaan op sy klimaks die vorm van 'n konvensionele konflik aangeneem het. Yudelman is van mening dat hierdie botsing die laaste volgehoue uitdaging deur georganiseerde arbeid van die legitimiteit van die staat tot op datum was, aangesien daaropvolgende stakings in Suid-Afrika nooit geëskaleer het tot die vlak van 'n sistematiese, gesamentlike verwerping van die staat self nie.[91] Die staking van 1922 is een van die episodes in die Suid-Afrikaanse geskiedenis waarvoor die meeste navorsing en publikasies uitgebring is. In hierdie afdeling sal die stakingsgebeure dus slegs in breë trekke gestel word, terwyl in die besonder op die pers se rol daarin en persreaksie daarop gekonsentreer sal word.

Verskeie skrywers is dit eens dat die Kamer van Mynwese se poging om die kleurslagboom op die Randse goudmyne, wat blanke poste deur die sogenaamde *Status Quo* – ooreenkoms, wat hierna verduidelik sal word, beskerm het, op te hef, as die belangrikste oorsaak van die staking beskou kan word. Blanke mynwerkers het dit as 'n bedreiging vir blanke lewenstandaarde beskou en vir hulle het die staking 'n kruisvaart geword vir die behoud en toekoms van die "blanke ras' en 'n "blank Suid-Afrika". So het 'n banier van die

---

[90] E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, pp. 43, 160; C.J. Beyers (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel III, p. 185; T. Boydell: "*My Luck Was In*", pp. 93 – 94; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 55, 291; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 187 – 188; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 165; W.H. Andrews: *Class Struggles in South Africa*, p. 28; L. Blackwell: *African Occasions*, p. 42.

[91] D. Yudelman: *The Emergence of Modern South Africa*, p. 164.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fordsburgse stakerskommando verklaar: "*Workers of the World, Fight and Unite for a White South Africa*".[92] Ook ***Die Burger*** het die stakers se gevoelens oor hierdie aspek sonder verdoeseling verwoord:

> "*Afskaffing van die kleurslagboom beteken...'n omwenteling in ons algmene nywerheid. Word die betrokke bepaling uit die wet geskrap, dan sal ander bedrywe nie agterbly nie, dan sal ons hele nywerheid gegrondves word op goedkoop kleurling – of Kafferarbeid... Dit bedreig die voortbestaan van die blanke ras...*"[93]

Die aanloop tot die staking van 1922 was 'n na-oorlogse ekonomiese depressie, tesame met hoë produksiekostes en 'n goudprys wat nie gestyg het nie. Dit het 'n goudkrisis veroorsaak wat die voortbestaan van 'n groot aantal Randse myne van lae erstdraende gehalte bedreig het omdat hulle nie meer winsgewend kon produseer nie. Teen 1921 is 25 uit 39 Randse goudmyne as laegraadse myne beskou. Gevolglik het die Kamer van Mynwese in Mei 1921 met die SAIF omtrent die moontlikheid van 'n loonsvermindering begin onderhandel ten einde produksiekostes af te bring en die geaffekteerde myne lewensvatbaar te hou. Vanaf 1 Augustus 1921 sou lone van blanke mynwerkers met 1s 6d per skof verminder word. Desnieteenstaande kon die posisie van die laegraadse myne nie gered word nie. Daarom het die Kamer van Mynwese die volgende alternatief, naamlik die herroeping van die *Status Quo*-ooreenkoms begin oorweeg. Die *Status Quo*-ooreenkoms het op 1 September 1918 in werking getree en het die beskerming van blanke arbeidsposte in die myne ten doel gehad. Daarvolgens het die Kamer van Mynwese ooreengekom om die spesifieke soort poste wat blanke en swart werkers in daardie stadium beklee het, te verskans met geen verdere indringing van swartes in blanke poste nie.

---

92 Kyk A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*, p. 127; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 278 – 279, 285; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 231, 254; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 136; W. Urquhart: *The Outbreak on the Witwatersrand March, 1922*, p. 33; D. Humphriss en D.G. Thomas: *Benoni. Seun van my Smart*, p. 181; W.K. Hancock: *Smuts 2. The Fields of Force 1919 – 1950*, p. 79; T. Boydell: "*My Luck Was In*", p. 192; Transvaal Strike Legal Defence Committee: *The Story of a Crime*, p. 18; L.J. Fourie: Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, p. 92; S.P. Bunting: *"Red Revolt". The Rand Strike. January - March, 1922*, pp. 9, 11.

93 L.J. Fourie: Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, p. 90; *Die Burger*, 05.01.1922, p. 4 (Die Kleurslagboom en wat dit beteken). Kyk ook *Ibid.*, 23.01.1922, p. 4 (Werkers wees versigtig); *Ibid.*, 28.01.1922, p. 8 (Spotprent).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Kamer van Mynwese se voorneme het uiteraard heftige reaksie van die SAMWU ontlok. Indien die kleurslagboom aangetas sou word, sou dit beteken dat die ongeskoolde en halfgeskoolde blankes met goedkoper nie-blanke arbeid moes kompeteer, aangesien dit die oogmerk van die Kamer was om deur middel van goedkoper arbeid die goudmynkrisis die hoof te bied. Terselfdertyd het 'n krisis op die Transvaalse steenkoolmyne ontstaan toe die steenkoolkomitee van die Kamer van Mynwese die SAIF in kennis gestel het dat 'n loonsvermindering ook daar oorweeg moes word om hoë produksiekostes te bestry en sodoende Suid-Afrikaanse steenkoolmyne weer in staat te stel om op die wêreldmark mee te ding. Samesprekings tussen bogenoemde liggame het misluk sodat 'n staking onvermydelik was. Die steenkoolgeskil het saamgeval met dié van die goudmyne, 'n aantal ingenieurswerkwinkels, asook die Victoria Falls Power Company, wat feitlik al die myne en 'n groot aantal nywerhede van krag voorsien het. As gevolg van loonsverlagings het die blanke werknemers van hierdie instansies vanaf 10 Januarie 1922 begin staak. Van hulle kant het die stakers ook nie juis 'n poging aangewend om die geskil by te lê nie. Sekere invloedryke arbeidersegsmanne het vanuit die staanspoor die standpunt ingeneem dat die Kamer van Mynwese en die regering die kleurlyn wou afskaf om goedkoper nie-blanke arbeid op die arbeidsmark te kry. Vir hierdie leiers was 'n nywerheidsrewolusie die enigste uitweg en hulle sou met niks minder tevrede wees nie.

Tydens die ordelike fase van die staking sou die regering deur daadwerklike optrede kon verhoed het dat die staking in 'n gewelddadige opstand ontaard, maar in plaas daarvan het genl. Smuts die oplossing van die probleme aan die twee strydende groepe oorgelaat. Die staking is beheer deur 'n vergrote bestuur van die SAIF, die sogenaamde Augmented Executive, wat op 31 Desember 1921 tot stand gekom het. Laasgenoemde liggaam het ook nie-geaffilieerde vakbonde gekoöpteer ten einde doeltreffende gesamentlike vakbondoptrede teen die Kamer van Mynwese te konsolideer. In hulle onderhandelings kon die stakers en die Kamer steeds nie tot 'n vergelyk kom nie. Die SAIF het in daardie stadium reeds die indruk gekry dat Smuts aan die kant van die Kamer gestaan het en wou sy pogings tot bemiddeling nie aanvaar nie. Die Kamer en die SAIF het albei dus onbeweeglik by hulle onderskeie standpunte gestaan, terwyl die posisie op die goudmyne kritiek geword het. Smuts het die stakers versoek om voorlopig hulle werk volgens die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
voorwaardes van die Kamer van Mynwese te hervat, totdat 'n raad van ondersoek die arbeidsvraagstuk ondersoek het. Mynwerkers wat op 14 Februarie 1922 na hulle beroepe sou terugkeer, sou polisiebeskerming ontvang. Dit was egter 'n vrugtelose poging, aangesien die Federasie die stakers beveel het om nie na hulle werk terug te keer nie. Staakwagte (pickets) is by mynskagte geplaas om te verhoed dat iemand gaan werk. Reeds in Januarie 1922 het "kommando's" uit die stakergeledere na vore getree. Alhoewel hulle aanvanklik vreedsaam opgetree het, het Smuts se belofte van polisiebeskerming aan staakbrekers (scabs) hierdie groep tot radikale optrede laat oorgaan.

Aangesien baie stakers gretig was om die geskil te besleg, het die SAIF 'n finale poging aangewend om die staking te beëindig deur die Kamer van Mynwese op 3 Maart 1922 te versoek om 'n konferensie te belê ten einde te besluit op watter voorwaardes werk hervat sou kon word. Die Kamer het egter baie ontaktvol en op hooghartige wyse die Federasie meegedeel dat die liggaam voortaan nie meer deur eersgenoemde erken sou word nie. Dit was 'n oordeelsfout aangesien die Kamer deur sy miskenning van die Federasie direk in die hande van ekstremistiese agitators gespeel het. Toe die Kamer die SAIF nie meer as mondstuk van die stakers erken het nie, en omdat die moontlikheid klaarblyklik bestaan het dat die meerderheid vakbondlede nie vir 'n algemene staking sou stem nie en na hulle werk wou terugkeer, het sosialistiese ekstremiste, wat volgens Hessian 'n aantal "Bolsjewiste" ingesluit het, geweld begin aanmoedig. 'n Militante Council of Action het eenvoudig die Augmented Executive se magte wederregtelik oorgeneem. Eersgenoemde was 'n militante mynwerkersvakbondkomitee wat alreeds op 24 Julie 1921 tot stand gekom het. 'n Totale magsverskuiwing het plaasgevind toe die Council of Action met behulp van die stakerkommando's die Augmented Executive geïntimideer het om op 6 Maart 1922 'n algemene staking af te kondig. Daardeur het ongeveer 22 000 blanke werkers gestaak. Die beheer van die staking is toe aan die Council of Action se militante binnekring, die Committee of Action, oorgedra. Laasgenoemde is deur 'n aantal kommunistiese agitators, soos W.H. Andrews, gedomineer.

Hiermee het die staking in 'n gewelddadige rigting ontwikkel. Alhoewel Smuts vermoed het dat 'n industriële rewolusie op hande was, het hy aanvanklik 'n afwagtende houding ingeneem en op 1 Maart 1922 in die parlement verklaar: "*...let the situation develop*".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Ekstremistiese aanvalle is egter op swartes geloods, 'n trein is ontspoor, motors omgekeer en telefoonverbindings vernietig. Die kommando's het aanvalle op die polisie, die spoorweë en die myne oor bykans die hele Witwatersrand van stapel gestuur, sodat die regering geen ander keuse gehad het as om op 10 Maart 1922, of "Swart Vrydag" soos ***The Star*** en ander koerante dit genoem het, Krygswet in 'n groot aantal Randse distrikte af te kondig nie. Desnieteenstaande het die verbete aanvalle voortgeduur en dit het begin voorkom asof die polisie en die leër 'n nederlaag sou ly. Dit was eers toe die geweldpleging aan die Rand hierdie gevorderde stadium bereik het dat die Eerste Minister persoonlik ingegryp het. Op 13 Maart 1922 het regeringstroepe Benoni ontset. Ook is Springs beset en die hele Oosrand het daarna in die hande van die regering geval. Tegelykertyd is Krugersdorp, Roodepoort en Florida aan die Wesrand van die stakingsmagte ontset. Die Johannesburgse werkersbuurt, Fordsburg, was die stakers se laaste vesting, maar op 15 Maart het die regeringstroepe met behulp van grofgeskut en bombardering vanuit vliegtuie alle weerstand uit die weg geruim. Vyf lede van die Council of Action is in hegtenis geneem, terwyl twee van die liggaam se bittereinders, Percy Fisher en Harry Spendiff, selfmoord gepleeg het. Op17 Maart 1922 het die betrokke vakbonde die staking afgelas, terwyl beide die SAMWU en die SAIF skuld aan die opstand ontken het.

Die staking van 1922 het in 'n bloedbad ontaard. Volgens amptelike syfers was daar 687 ongevalle waarvan 153 gedood is. Op ekonomiese gebied het die staking die land 'n besliste knou toegedien. Tussen 12 000 en 14 000 blankes was werkloos terwyl die goudproduksie gedaal het. Na en tydens die staking is 4 692 persone gearresteer en 853 is verhoor. Aanvanklik is 15 ter dood veroordeel, maar slegs vier, te wete H.K. Hull, D. Lewis, C.C. Stassen en S.A. (Taffy) Long is gehang. Die ander elf het van ses maande tot lewenslank tronkstraf gekry. Die regering het ook 'n Krygswet Ondersoek Geregtelike Kommissie opdrag gegee om die staking te ondersoek. Volgens die bevindinge van die Kommissie het die regering genoeg grond gehad vir sy optrede tydens die staking.[94]

---

[94] Van die menigte bronne wat oor hierdie onderwerp gepubliseer is, bied die volgende die beste ontledende en inhoudelike oorsig van die staking: B. Hessian: An Investigation into the Causes of the Labour Agitation on the Witwatersrand, January to March, 1922, hfste. 1 – 7; F.J. van Heerden: Die Randse Staking van 1922, hfste. 3 – 6, pp. 47 – 132; L.J. Fourie: Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, pp. 67 – 168; C.R. Ould: General Smuts's Attitude to White Labour Disputes between 1907 and 1922, hfste. 5 – 6; F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, hfst. 11, pp. 398 – 462; F.J. Nöthling: Die Ontstaansgeskiedenis van Brakpan 1864 – 1922, hfst. 4, pp. 112 – 153; (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hessian is van mening dat die pers 'n groot aandeel aan die radikalisering van die stakers gehad het. Deur gerugte en valse berigte, dat die myne oorstroom is, die staking misluk het en dat die meerderheid stakers teruggekeer het werk toe, te publiseer, het dit slegs die vasberade stakers tot wanhoop, desperaatheid en ekstremisme gedryf wat byvoorbeeld tot aanvalle op "scabs" gelei het. Vir hierdie stakers het hulle poste, brood en botter en voortbestaan as blanke arbeidsmag, alles van die sukses van die staking afgehang. Daarom was hulle bereid om tot rewolusionêre uiterstes te gaan, al het daar 'n onderliggende gevoel bestaan dat die oorgang tot so 'n onomkeerbare daad tog uiteindelik tot die staking se ondergang sou lei.[95]

As spreekbuis vir die Kamer van Mynwese het ***The Star*** uiteraard die Kamer se standpunte oor die kleurslagboom, die *Status Quo*-kwessie, die verlaging van produksiekostes en loonsverminderings verdedig. Die koerant het te kenne gegee dat die belange van die aandeelhouers en die mynwerkers eintlik dieselfde was omdat beide groepe belang by die verlenging van die lewensduur van die laegraadse myne gehad het. Groot gewag is gemaak van die "grave peril" waarin die goudmynindustrie ekonomies verkeer het. In 'n bedekte

---

entitled From Shop Assistant to Senator, pp. 126 - 163, 167 - 172; (UG) 35 – 1922 Union of South Africa: *Report of the Martial Law Inquiry Judicial Commission*, pp. 1 – 74; A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*, hfste. 3 – 7 , pp. 56 – 195; N. Herd: *1922 The Revolt on the Rand*, hfste. 1 – 23; W. Urquhart: *The Outbreak on the Witwatersrand, March, 1922*, hfste. 2 – 15, pp. 11 – 100; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 219 – 220, 227 – 283; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, hfst. 13, pp. 271 – 299; S. Johns: *Raising the Red Flag*, hfst. 7, pp. 128 – 144; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, pp. 47 – 52; Transvaal Strike Legal Defence Committee: *The Story of a Crime*, pp. 1 – 54; J.R. Shorten: *Die Verhaal van Johannesburg*, hfst. 14, pp. 309 – 338; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 93 – 127, 150 – 151; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, hfst. 7, pp. 91 – 94; D.W. Krüger: *The Age of the General*, hfst. 8, pp. 117 – 124; W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force1919 – 1950*, hfst. 4, pp. 62 – 88; J.C.H. Grobler: *Politieke Leier of Meeloper? Die Lewe van Piet Grobler (1873 – 1942)*, pp. 206 – 212; A.P. Cartwright: *The Gold Miners*, hfst. 16, pp. 196 – 209; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, hfst. 13, pp. 428 – 464; F.A. Johnstone: *Class, Race and Gold*, pp. 127 - 144.

95 B. Hessian: An Investigation into the Causes of the Labour Agitation on the Witwatersrand, January to March, 1922, pp. 127 - 139, 158. Kyk ook Transvaal Legal Defence Committee: *The Story of a Crime*, p. 25; N. Herd: *1922 The Revolt on the Rand*, p. 37; S.P. Bunting: *"Red Revolt": The Rand Strike. January - March, 1922*, p. 9; (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop Assistant to Senator, p. 129; *The International*, 03.02.1922, p. 4 ("Strong and Active") en hoofstuk 2, pp. 36 -37 hierbo.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dreigement is die blanke mynwerkers daaraan herinner dat hulle slegs 'n klein deel van die totale arbeidsmag op die myne (wat ook swartes ingesluit het) uitgemaak het.[96]

In 'n poging om die stakers af te skrik, het ***The Star*** te kenne gegee dat die staking kon veroorsaak dat die laegraadse myne waarskynlik nooit weer sou heropen nie en dus tot groot werkloosheid aanleiding kon gee. Die stakers is verder daarop gewys dat hulle gesinne as gevolg van 'n gebrek aan inkomste tydens die staking daaronder sou ly.[97] ***The Star*** het die Augmented Executive van die SAIF probeer waarsku dat die toevlug tot 'n algemene staking tot ekonomiese selfvernietiging, "selfmoord" en die "finale ondergang" van die Randse myngemeenskap sou lei. Dit sou ook tot 'n katastrofe "of the gravest kind" lei.[98] Nadat die algemene staking wel op 6 Maart 1922 uitgeroep is en geweld deur militante stakers begin toeneem het, wat as 'n "subtiele vorm van terrorisme" bestempel is, het die koerant 'n beroep op die staat gedoen om in te gryp en Krygswet af te kondig.[99] ***The Star*** het die SAIF se verklaring, dat die staking afgelas is, en dat dit enige aandeel aan die rewolusionêre opstand ontken het, verwelkom. Daarteenoor is die Augmented Executive se optrede tydens die staking egter sterk gekritiseer.[100]

The Star het die NP daarvan beskuldig dat hy niks gedoen het of wou doen om die staking te beëindig nie. Leiers van dié party en die SAAP, soos Tielman Roos, genl. Hertzog, F.H.P. Creswell, W.B. Madeley, H.W. Sampson, T. Boydell, R.B. Waterston en Morris Kentridge, is ook daarvoor gekritiseer dat hulle hul slegs met die staking ter wille van politieke opportunisme bemoei het. Toe Arbeiderleiers soos Boydell en A.G. Barlow

---

96 *The Star*, 24.11.1921, p. 8 ("The Only Road to Salvation"). Kyk ook *Ibid.*, 09.12.1921, p. 10 (Danger Signals); *Ibid.*, 16.12.1921, p. 8 (Up Against It); *Ibid.*, 20.12.1921, p. 8 (10 per cent or 50 per cent?); *Ibid.*, 30.12.1921, p. 6 (The Industrial Cloud); *Ibid.*, 02.01.1922, p. 6 (A Fight - For What?); *Ibid.*, 05.01.1922, p. 8 ("The Last Straw"); *Ibid.*, 10.02.1922, p. 8 (Enter General Hertzog); C.D. Don: *And Having Writ...*, p. 137 en L.E. Neame: *Today's News Today*, p. 212.

97 L.J. Fourie: Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, p. 105; *The Star*, 07.01.1922, p. 8 (The Prime Minister's Warning); *Ibid.*, 25.01.1922, p. 6 (What is the Strike About?); *Ibid.*, 08.02.1922, p. 6 (Myths and Realities); *Ibid.*, 13.02.1922, p. 6 (A Destructive Policy); *Ibid.*, 15.02.1922, p. 6 (Mr. Boydell's Advice); *Ibid.*, 25.02.1922, p. 8 (A Red Light on the Rand).

98 *The Star*, 06.03.1922, p. 6 (The Way Out).

99 V. Alhadeff: *A Newspaper History of South Africa*, p. 38; *The Star*, 02.02.1922, p. 6 ("Spoof-Proof"); *Ibid.*, 07.03.1922, p. 4 (Meaning of a General Strike); *Ibid.*, 08.03.1922, p. 4 (The Prime Minister's Statement). Kyk ook *Ibid.*, 10.03.1922, p. 2 (Martial Law); *Ibid.*, 11.03.1922, p. 4 (The Call to South Africa).

100 *The Star*, 16.03.1922, p. 4 (Rebuilding); *Ibid.*, 17.03.1922, p. 6 (At the Trades Hall); *Ibid.*, 21.03.1922, p. 6 (After the Event).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die regering se gewelddadige onderdrukkig van die staking in die parlement gekritiseer het, het ***The Star*** gevolglik onmiddellik genl. Smuts se optrede verdedig en die taktiek van die SAAP en die NP veroordeel. Die politici van hierdie twee partye is daarvan beskuldig dat hulle die "evil genius" agter die staking was.[101]

Met sy hoofkantoor in die middestad van Johannesburg was ***The Star*** inderdaad in 'n uitstekende posisie om oor die stakingsgebeure te berig. In 'n terugskouing van die staking het die redakteur van die koerant erken dat hoewel hy na afloop van die politieke Rebellie van 1914 eventueel ook 'n industriële oproer aan die Witwatersrand verwag het, hy nooit kon dink dat so 'n groot groep werkers daaraan sou deelneem nie.[102] Die rapportering en publisering van nuus ten tye van die staking was weliswaar problematies en gevaarlik. Verslaggewers het hulle lewens gewaag. Soms is op hulle voertuie geskiet en partykeer is die voertuie deur gewapende stakers voorgekeer en deursoek. Maar danksy hierdie waagmoed was ***The Star*** volgens Neame die eerste koerant om oor die ellende van die gemeenskappe in dorpe aan die Oosrand, wat deur die stakerskommando's beleër is, te berig.[103] In die uitgawe van 21 Januarie 1922 is verklaar dat as gevolg van die steenkoolstaking ***The Star*** se drukpers nie van voldoende elektrisiteit voorsien kon word nie. Daarom moes die blad hom tot sy eie kragopwekker wend en is die uitgawe ingekort.[104]

Daarby was dit moeilik om die koerant in die stad te versprei aangesien die gepeupel enige koerantverkoper wat hulle teëgekom het, aangeval en sy bondel koerante verbrand het. Aangesien die koerant telefonies gewaarsku is dat sy kantore engie oomblik aangeval kon word (soos tydens die staking van 1913), en aangesien die polisie weens mannekragtekorte geen beskerming kon bied nie, het ***The Star*** sy eie garnisoen, bestaande uit redaksionele klerklike en meganiese personeel, saamgestel ten einde sy eiendom te bewaak. Synde dat ***The Star*** se kantore op die rand van stakersvestings soos Fordsburg, Vrededorp en

---

[101] B. Hessian: An Investigation into the Causes of the Labour Agitation on the Witwatersrand, January to March, 1922, p. 57; *The Star*, 02.02.1922, p. 6 ("Spoof-Proof"); *Ibid.*, 10.02.1922, p. 8 (Enter General Hertzog); *Ibid.*, 15.02.1922, p. 6 (Mr. Boydell's Advice); *Ibid.*, 25.02.1922, p. 8 (A Red Light on the Rand); *Ibid.*, 14.03.1922, p. 4 (The Smoke Screen); *Ibid.*, 25.03.1922, p. 8 (Making the Worst of it); *Ibid.*, 01.04.1922, p. 8 (The Revolt and After).

[102] *The Star*, 16.03.1922, p. 4 (Rebuilding); *Ibid.*, 28.03.1922, p. 6 (The Mines and the Miners).

[103] L.E. Neame: *Today's News Today*, pp. 212, 214; N. Herd: *1922 The Revolt on the Rand*, p. 62.

[104] *The Star*, 21.01.1922, p. 4 (Printing and Power).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ferreirastown geleë was, kon die blad daagliks ooggetuie waarnemings van die botsings tussen die stakers en die polisie doen en daaroor berig. Trouens, die militêre operasies het so naby aan ***The Star*** se kantore plaasgevind dat 'n verslaggewer met behulp van 'n verkyker vanaf 'n watertenk bo-op die dak van die drukpers lopende kommentaar oor die gebeure kon lewer. Die inligting is dan weer deur 'n boodskapper na die kantoor van die sub-redakteur vir publikasie oorgedra.[105]

Ten einde die publiek in te lig dat wet en orde na die instelling van Krygswet herstel is en dat voedsel versprei sou word, het ***The Star*** op versoek van genl. Smuts 'n spesiale uitgawe op 'n Sondag - die enigste keer ooit in sy geskiedenis - op 12 Maart 1922 uitgebring. Aangesien personeel tydens die staking op die perseel geslaap het ten einde dit te bewaak, kon die uitgawe, wat deur 'n gretige publiek opgeraap is, alreeds teen vier-uur die middag verskyn. Vragmotors onder troepebewaking het eksemplare in die meer gevaarlike woonbuurte versprei. Bundels koerante van die spesiale uitgawe is ook deur vliegtuie in geïsoleerde gebiede soos Benoni aan die Oosrand en Krugersdorp an die Wesrand, waarvan die kommunikasielyne met Johannesburg deur die stakers verbreek is, afgegooi. Die uitgawe het nuus aangaande Smuts se aankoms op die Rand om beheer van die situasie oor te neem, asook die uitvoering van suksesvolle militêre operasies teen die rewolusionêres, bevat.[106]

Die Burger het uiteraard vanuit 'n teenoorgestelde hoek as ***The Star*** op die stakingsgebeure gereageer. ***Die Burger*** het die mynkapitaliste daarvan beskuldig dat hulle loonsverlagings wou implimenteer, nie bloot ter wille van die finansiële oorlewing van die laegraadse goudmyne nie, of omdat die kleurslagboom immoreel was nie, maar om meer profyt uit sodanige myne en uit goedkoop swart arbeid te verkry. ***Die Burger*** het geen beswaar teen die opheffing van die kleurslagboom gehad nie, solank wit en swart werkers gelyke lone vir gelyke werk betaal sou word en mits die lewenstandaarde van die blanke werkers daardie

---

[105] L.E. Neame: *Today's News Today*, pp. 212, 214; C.D. Don: *And Having Writ...*, pp. 138 - 139; J. Clark (ed): *Like it Was. The Star 100 Years in Johannesburg*, p. 75; S.P. Bunting: *"Red Revolt": The Rand Strike. January - March, 1922*, p. 23; B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 89); N. Herd: *1922 The Revolt on the Rand*, pp. 61 - 62. I.v.m. die verbranding van eksemplare van *The Star*, kyk ook p. 458 hierna.

[106] L.E. Neame: *Today's News Today*, pp. 213 – 214; C.D. Don: *And Having Writ...*, pp. 139 – 140; W. Urquhart: *The Outbreak on the Witwatersrand March, 1922*, p. 84.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

loonvlakke sou bepaal. Omdat slegs blanke werkers deur opheffing van die kleurslagboom geraak sou word, was dit egter niks anders as 'n "oorlogsverklaring" nie.[107]

Soos tydens verkiesingsveldtogte het ***Die Burger*** vir genl. Smuts en die SAP-regering daarvan beskuldig dat hulle nie onpartydig in die dispuut was nie, maar aan die kant van die mynkapitaliste gestaan het. Volgens die koerant was die regering se bestaan in die eerste plek aan die "ruime ondersteuning" van die kapitaliste te danke wat hom moreel tot steun aan laasgenoemde verplig het. Die stakers het alle vertroue in Smuts as bemiddelaar tussen hulle en die mynmagnate verloor omdat hy hom as "agent van die Kamer van Mynwese" en as "saakwaarnemer van Hoggenheimer en Ko." voorgedoen het.[108] Aangesien Afrikaners 'n al hoe groter komponent van die mynwerkerbevolking begin vorm het en hulle nie vir die SAP in verkiesings sou stem nie, het hulle vir die kapitaliste se regering 'n bedreiging begin inhou. Daarom, so het ***Die Burger*** geredeneer, moes hulle deur swart werkers, wat nie oor stemreg beskik het nie en dus nie vir die pro-kapitalistiese regering 'n bedreiging ingehou het nie, op die myne vervang word.[109]

Die Burger het genl. Smuts ook gedurig tydens die staking met Boonzaier se Hoggenheimer-spotprente gegesel. Smuts is onder andere uitgebeeld as sou hy blanke arbeid met goedkoop swart arbeid op die myne wou vervang; dat hy Hoggenheimer se "handlanger" was; dat hy en Hoggenheimer 'n beleid van verdeel en heers onder die stakers gevoer het deur "scabs" in te voer en dat hy die "handyman" van Hoggenheimer en die Corner House was omdat die Kommissie van Ondersoek na afloop van die staking geen enkele Arbeider- of Nasionale lid bevat het nie. Die valsheid van die Kamer van Mynwese se verweer oor die sogenaamde onwinsgewendheid van die laegraadse goudmyne is weer

---

[107] O. Geyser en A.H. Marais (reds): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 431, 463; *De Burger*, 20.12.1921, p. 4 (Leiding Verwacht); *Ibid.*, 27.12.1921, p. 4 (De Mijnkapitalisten en de Mijnwerkers); *Ibid.*, 31.12.1921, p. 4 (De Kapitalist wijst zijn Vuist); *Die Burger*, 05.01.1922, p. 4 (Die Kleurslagboom en wat dit beteken); *Ibid.*, 30.01.1922, p. 4 (Gaan dit om die Kleurslagboom?).

[108] F.J. Grobler: Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924, p. 423; *De Burger*, 27.12.1921, p. 4 (De Mijnkapitalisten en de Mijnwerkers); *Ibid.*, 30.12.1921, p. 4 (Die Dreigende Staking in die Kolemyne); *Die Burger*, 10.01.1922, p. 4 (Maak Alles Openbaar!); *Ibid.*, 31.01.1922, p. 4 (Ontwikkelinge op die Rand); *Ibid.*, 18.02.1922, p. 6 (Die Houding van die Regering); *Ibid.*, 23.02.1922, p. 4 (Die Drie Voorstelle); *Ibid.*, 09.03.1922, p. 4 ('n Moderne Nero); *Ibid.*, 31.03.1922, p. 4 ('n Klink-Klare Resolusie); *Ibid.*, 04.04.1922, p. 4 (In Staat van Beskuldiging Gestel). I.v.m. *Die Burger* se kritiek teen Smuts en die mynmagnate kyk ook hfst. 6, pp. 376, 380 - 381.

[109] *De Burger*, 31.12.1921, p. 4 (De Kapitalist wijst zijn Vuist); *Die Burger*, 04.01.1922, p. 4 (Die Eerste Skermutseling).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

treffend geïllustreer deur Hoggenheimer as toneelspeler van die "Corner House Skouburg", geklee in die kostuum van 'n boemelaar.[110]

Die Burger het egter ook deurentyd die stakers versoek om verantwoordelik te bly en hulle teen wetteloosheid, geweldpleging en wanorde gemaan omdat so 'n houding aan die mynkapitaliste en die regering die geleentheid sou bied om hulle hardhandig te onderdruk. In so 'n geval sou die publiek se simpatie teen die mynwerkers draai en sou die NP en ***Die Burger*** die regering steun om wet en orde te handhaaf.[111] Die koerant het daarom sy kommer uitgespreek namate die swaartepunt van die dispuut al hoe meer van 'n ekonomiese na 'n ekstremistiese politieke kant toe verskuif het en het daarop aangedring dat die regering in die geskil ingryp. Daarom het die blad ook die oorname van die staking deur die Council of Action veroordeel.[112]

Die sterkste aanklag van ***Die Burger*** teen genl. Smuts was dan juis ook dat hy niks gedoen het aan die netelige posisie waarin veral die ongeskoolde blanke mynwerkers hulle bevind het en om die krisis op te los nie. Alreeds in Desember 1921 het die blad voorspel dat indien die regering in gebreke sou bly om iets aan die situasie te doen "*...zullen de woelige elementen in de arbeiderswereld van de Rand met hun gevaarlike raadgevingen 'n gretig gehoor kunnen vinden*". Daarmee saam is die mynmagnate daarvan beskuldig dat hulle nie 'n skikking wou hê nie. Hulle het tyd aan hulle kant gehad en wou die uithouvermoë van die stakers uitput om die openbare mening vir húlle saak te wen.[113] Met die verslegtende

---

[110] D.J. Kotzé: Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 – 1924: Politieke Kommunikasie deur Spotprente uit 'n Historiese Perspektief, pp. 255 – 259; C.F.J. Muller: *Sonop in die Suide*, pp. 701 – 702; *Die Burger*, 05.01.1922, p. 5 (Spotprent); *Ibid.*, 11.01.1922, p. 3 (Spotprent); *Ibid.*, 14.01.1922, p. 6 (Spotprent); *Ibid.*, 21.01.1922, p. 8 (Spotprent); *Ibid.*, 18.02.1922, p. 8 (Spotprent); *Ibid.*, 22.02.1922, p. 8 (Spotprent); *Ibid.*, 01.04.1922, p. 6 (Spotprent).

[111] B. Hessian: An Investigation into the Causes of the Labour Agitation on the Witwatersrand, January to March, 1922, p. 81; L.J. Fourie: Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, p. 152; N. Herd: *1922 The Revolt on the Rand*, p. 33; *Die Burger*, 04.01.1922, p. 4 (Die Eerste Skermutseling); *Ibid.*, 13.01.1922, p. 4 (Op Wat Wag Hy?); *Ibid.*, 23.01.1922, p. 4 (Werkers wees versigtig); *Ibid.*, 25.01.1922, p. 4 (Die Situasie op die Rand) en p. 6 (Spotprent); *Ibid.*, 28.01.1922, p. 6 (Die Dooie Punt); *Ibid.*, 03.02.1922, p. 4 ('n Permanente Oplossing Nodig).

[112] *Die Burger*, 31.01.1922, p. 4 (Onwikkelinge op die Rand); *Ibid.*, 06.02.1922, p. 4 (Regering moet Optree); *Ibid.*, 10.02.1922, p. 4 (Die Oproerige Seksie); *Ibid.*, 11.02.1922, p. 6 (Spotprent); *Ibid.*, 10.03.1922, p. 4 (Gemis aan Beleid); *Ibid.*, 11.03.1922, p. 6 (Krygswet Verklaar); *Ibid.*, 16.03.1922, p. 4 (Koppe Koel!).

[113] *De Burger*, 20.12.1921, p. 4 (Leiding Verwacht); *Die Burger*, 06.01.1922, p. 4 (Geweld en Lydelike Verset); *Ibid.*, 25.01.1922, p. 4 (Die Situasie op die Rand); *Ibid.*, 31.01.1922, p. 4 (Ontwikkelinge op die Rand); *Ibid.*, 18.02.1922, p. 6 (Die Houding van die Regering).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
toestand van toenemende geweld en anargie op die Rand en die instelling van Krygswet, het ***Die Burger*** gemengde gevoelens teenoor genl. Smuts gekoester. Enersyds is Smuts, wat getalm het voordat hy ten opsigte van die geweldpleging ingegryp het, as 'n "moderne Nero" voorgestel terwyl Johannesburg "brand". Die skuld vir die ontaarding van die situasie tot by 'n krisispunt is op hom gepak omdat hy nie voortydig voorkomend maatreëls getref het nie. Omdat hy egter toegelaat het dat sake handuit ruk, is Smuts se kennelike hardhandige optrede in sulke omstandighede andersyds ook gekritiseer. Daardeur het "Hoggenheimer" dus sy kans gekry om die blanke werker te onderdruk:

> "*Buitengewone maatreëls het by gen. Smuts maar net een betekenis: krygswet. Dis sy geliefkoosde maatreëls. Voor hy dit afgekondig het voel hy nie op sy gemak nie. Maar is eenmaal die tyd daarvoor aangebreek, dan aarsel hy geen oomblik nie. Dan tree hy met uiterste gestrengheid op en sien toe dat so spoedig moontlik 'n ent aan die wantoestand kom. Hy het dan die hef in hande. En dis net wat hy wens*".[114]

Daarby is Smuts se uitspraak in die parlement, dat sake toegelaat moes word om te ontwikkel, in die sterks moontlike taal deur 'n woedende ***Die Burger*** as "siniese woorde" van 'n "onverskillige" en "waansinnige" man veroordeel. Voorts het die koerant uiters verontwaardig verklaar:

> "*Wie anders dan 'n persoon, wat alle begrip van verhoudinge verloor het, sal so honds wees om te verklaar, dat ons dit maar moet laat loop na 'n burgeroorlog toe? Watter man in sy gesonde verstand sal as staatsman reguit afstuur op 'n burgeroorlog? Genl. Smuts het menige oorlog in sy lewe meegemaak en heel wat bloed sien vloei. Het hy nog nie genoeg daarvan nie? Is bloedvergieting vir hom 'n behoefte geword?... Genl. Smuts het blykbaar nog nie genoeg krygswet in sy lewe gesien nie. Hy is nog nie moeg van die vergieting van bloed nie... Arme Suid-Afrika, wat so 'n waansinnige aan die hoof het. Wel duur*

---

[114] *Die Burger*, 09.03.1922, p. 4 ('n Moderne Nero). Kyk ook *Ibid.*, 25.01.1922, p. 6 (Spotprent); *Ibid.*, 01.03.1922, p. 10 (Spotprent); *Ibid.*, 10.03.1922, p. 4 (Gemis aan Beleid); *Ibid.*, 11.03.1922, p. 6 (Krygswet Verklaar); *Ibid.*, 16.03.1922, p. 6 (Spotprent); *Ibid.*, 21.03.1922, p. 4 (Die Aalmoes); *Ibid.*, 22.03.1922, p. 4 (Die Verlede Vergeet?) en p. 6 (Spotprent); *Ibid.*, 28.03.1922, p. 4 (Bevrees vir Ondersoek); *Ibid.*, 31.03.1922, p. 4 ('n Klink-Klare Resolusie); *Ibid.*, 04.04.1922, p. 4 (In Staat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet die volk boet vir die vertroue, wat hy in genl. Smuts gestel het by die vorige verkiesings!"[115]

Verder het ***Die Burger*** genl. Smuts se keuse om 'n regeringskommissie van ondersoek, in plaas van 'n parlementêre een, in te stel na die gebeure wat tot die proklamasie van Krygswet aan die Rand aanleiding gegee het, gekritiseer. Volgens die koerant het Smuts se weiering van 'n parlementêre kommissie geïmpliseer dat geen ondersoek na die moontlike misbruik van owerheidsmag onder Krygwet ondersoek sou word nie. ***Die Burger*** het ook gekla dat die regering se Vrywaringswetontwerp, wat hom van aandadigheid aan geweld in die staking sou vryspreek, vir geen kompensasie aan stakingslagoffers, soos ongevalle onder onskuldige burgerlikes of skade aan hulle eiendom, voorsiening gemaak het nie.[116] Na afloop van die staking het ***Die Burger*** 'n beroep op sy leserspubliek gedoen om noodleniging onder werklose "Hollandssprekende Afrikaner"-stakers aan die Rand te doen.[117]

Ons Vaderland, weer, het die mynmagnate daarvan beskuldig dat hulle die swak ekonomiese toestand van die land, en daarmee saam die ernstige krisis van die laegraadse goudmyne wat hulle self veroorsaak het, wou misbruik om die mynwerkersvakbond deur middel van loonsverminderings en die ontneming van voorregte te onderdruk. Die doel daaragter was om oorsese aandeelhouers te bevoordeel. Volgens dié koerant het die kapitalistiese pers, by monde van ***The Star***, die ***Rand Daily Mail***, die ***Sunday Times*** en die ***Cape Times***, dit "sistematies" beplan.[118]

Ons Vaderland het ***Die Burger*** se argument, dat die regering in die hande van die mynkapitaliste was, beaam. Daarom het die owerheid niks gedoen om die dispuut op te los nie:

Beskuldiging Gestel); *Ibid.*, 08.04.1922, p. 4 (Genl. Smuts in Staat van Beskuldiging); *Ibid*, 26.04.1922, p. 6 (Spotprent); W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force 1919 – 1950*, p. 81.

[115] *Die Burger*, 14.03.1922, p. 4 ("We Must Allow Things to Develop"). .

[116] *Ibid.*, 25.03.1922, p. 6 (Weiering van Genl. Smuts); *Ibid.*, 27.03.1922, p. 4 (Waarom Geen Ondersoek Nie?); *Ibid.*, 28.03.1922, p. 4 (Bevrees vir Ondersoek); *Ibid.*, 29.03.1922, p. 6 (Spotprent); *Ibid.*, 05.04.1922, p. 6 (Spotprent); *Ibid.*, 21.04.1922, p. 4 (Die Heling van die Wonde).

[117] *Ibid.*, 29.04.1922, p. 4 (Kom , Sit 'n Hand By!).

[118] *Ons Vaderland*, 02.12.1921, pp. 4 – 5 (Wat die Staking op die Crown Myne Beteken). Kyk ook *Ibid.*, 13.01.1922, p. 4 (Wie daar geld maak); *Ibid.*, 14.02.1922, p. 4 (Die lae-graad seëninge).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "*Die werklike Parlement sit vandag in die 'Corner House', die kantore-paleis van die kapitaliste op Johannesburg... Die regering is magteloos, oor sy 'n willose stuk gereedskap is in die hande van die mynmagnate. Die SAP-regering het homself tot die kneg-status geamalgameer...as die Corner House-parlement aanhou regeer,* [sal] *S. Afrika binne enkele weke tenonder...gaan*";

en:

> "*Die regering van S. Afrika is die dienaar...van 'n klompie internasionale kapitaliste wat daar op uit is om die land uit te suie en die volk te vertrap tot hul nes kaffers is*".[119]

Gedagtig aan die feit dat ***Ons Vaderland*** 'n spreekbuis vir die Afrikanerwerker in Suid-Afrika se industriële hartland was waar so baie van hulle by die staking betrokke was, het die koerant die argument, dat die Kamer van Mynwese van voornemens was om die kleurslagboom in myne op te hef om blanke arbeiders uit die goudmynbedryf uit te druk, wat in wese 'n bedreiging vir die voortbestaan van 'n "blank Suid-Afrika" geïmpliseer het, besonder sterk verdedig en bevorder. So het die blad byvoorbeeld eksplisiet verklaar:

> "*...die huidige houding moet wees: ons gaan ons nie laat gebruik nie om vir die mynmagnate ontwille of vir die regering se politiek ontwille die kleurlyn weg te skiet en daarmee ons kinders tot kaffers te maak nie. Alleen deur by daardie houding manmoedig te volhard kan die posiesie gered word*".[120]

Bogenoemde houding word ook sterk weerspieël deur die groot aantal briewe, verteenwoordigend van 'n wye spektrum in Afrikanergeledere, wat daagliks gedurende die staking in ***Ons Vaderland*** gepubliseer is.[121]

---

[119] Kyk *Ons Vaderland*, 20.12.1921, p. 4 (Onder Kapitalisties Bewind); *Ibid.*, 20.01.1922, p. 4 (Die Kleurlyn en Unifikasie); *Ibid.*, 03.02.1922, p. 4 (Volksverteenwoordiging en Corner House Parlement); *Ibid.*, 07.02.1922, p. 4 (Die Optrede van die NP); *Ibid.*, 10.02.1922, p. 4 (Offisiële Onmag); *Ibid.*, 21.03.1922, p. 4 (Die Andere Kant).

[120] Kyk *Ibid.*, 20.12.1921, p. 4 (Onder Kapitalisties Bewind); *Ibid.*, 20.01.1922, p. 4 (Is daar 'n Uitweg?); *Ibid.*, 24.01.1922, p. 3 (G.J. Schoeman: Randse Spaanders); *Ibid.*, 03.02.1922, p. 2 (Dra die Nat. Party die Verantwoordelikheid vir die Staking?); *Ibid.*, 10.02.1922, p. 4 (Offisiele Onmag).

[121] Kyk byvoorbeeld die uitgawes van *Ons Vaderland* van Januarie tot Maart 1922.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook ***Ons Vaderland*** het die stakers tot kalmte gemaan. Die koerant het die regering daarvan beskuldig dat geweldpleging tydens die staking begin uitbreek het omdat hy die aanwending van "scab"-arbeid in die plek van die stakers gekondoneer en gesteun het. Na aanleiding van die proklamasie van Krygswet en die gewelddadige onderdrukking van die staking, het ***Ons Vaderland*** verklaar dat dit onder andere te danke was aan die feit dat die SAP-regering in die algemene verkiesing van 1921, met sy groot meerderheid, 'n mandaat gekry het vir die "toepassing van platskietpolitiek" op bevel van "Hoggenheimer". Die stakers het met die oorgaan tot geweld wel die wet oortree, maar hulle is "*daartoe gedryf deur die politiek en die bajonette van die mynmagnate-regering*".[122] "Hoggenheimer" is ook daarvoor geblameer dat stakers soos C.C. Stassen gehang is. Daarby het die koerant die doodsvonnisse van H.K. Hull, D. Lewis en Taffy Long betreur en te kenne gegee dat "*aan die skiet-hang-politiek van die Smuts-regering vir goed 'n eind moet gemaak word*".[123]

Soos ***Die Burger*** het ***Ons Vaderland*** by sy lesers om noodleniging onder werklose stakers gepleit en om fondse vir slagoffers van die staking in te samel.[124] ***Ons Vaderland*** het ook Smuts se weiering om 'n parlementêre kommissie van ondersoek na die stakingsgebeure in te stel, gekritiseer. Die blad het geskimp dat die regering deur hierdie weiering sy eie optrede tydens die staking probeer verdoesel het en dat hy bevooroordeeld teenoor die stakers was. Dit sou die vertroue van die volk in Smuts se eie regeringskommissie, om die volle waarheid oor die aangeleentheid te ontbloot, skaad.[125]

In die nadraai van die staking is Harm Oost, die redakteur van ***Ons Vaderland***, op 'n klag van oortreding van Krygswetregulasies met betrekking tot die verspreiding van valse of opruiende informasie gearresteer en voor die hof gedaag. Die klag was na aanleiding van 'n berig wat in ***Ons Vaderland*** verskyn het oor die beweerde summiere fusillering van stakers

---

[122] *Ons Vaderland*, 07.02.1922, p. 4 (Die Optrede van die NP); *Ibid.*, 14.02.1922, p. 4 (Die lae-graad seëninge) en (Die Kritieke Week); *Ibid.*, 21.02.1922, p. 4 (Geweldpleging); *Ibid.*, 17.03.1922, p. 4 ('n Terugblik); *Ibid.*, 21.03.1922, p. 4 (Die Andere Kant). Kyk ook *Ibid.*, 28.07.1922, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 18.08.1922, p. 1 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 29.08.1922, p. 2 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 10.10.1922, p. 8 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 07.11.1922, p. 6 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 17.11.1922, p. 10 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 19.12.1922, p. 12 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 10.07.1923, p. 4 (Hoggenheimer weer besig); *Ibid.*, 14.08.1923, p. 7 (Mnr. Hoggenheimer) en *Ibid.*, 27.11.1923, p. 3 (Spotprent).

[123] *Ibid.*, 17.10.1922, p. 8 (Mnr. Hoggenheimer); *Ibid.*, 14.11.1922, p. 4 (Hull, Lewis en Long).

[124] *Ibid.*, 24.03.1922, p. 4 (Die Leniging van Nood).

[125] *Ibid.*, 28.03.1922, p. 2 (Waarom geen ondersoek nie?); *Ibid.*, 04.04.1922, p. 2 (Die Ondersoek).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
deur regeringsmagte tydens die staking. Uiteindelik is Oost skuldig bevind en £30 of twee maande dwangarbeid gevonnis. Van Oost se vriende het toe 'n beroep op die lesers van die koerant gedoen om geldelike bydraes in te stuur ten einde die boete te help vereffen.[126]

As 'n pro-Arbeiderblad wat noue bande met die SAAP gehad het, was ***The Guardian*** uiteraard self nog meer emosioneel betrokke by die stakingsgebeure van 1922 as die Nasionaalgesinde koerante soos ***Die Burger*** en ***Ons Vaderland***. ***The Guardian*** het gevolglik fel kritiek op genl. Smuts, die SAP-regering en hulle "bondgenote", die "Corner House pirates", gelewer. Volgens ***The Guardian*** het hierdie persone die hele aangeleentheid swak hanteer en was hulle laks om dit op te los. Die blad het te kenne gegee dat geen ooreenkoms met werkers, van die kant van die myneienaars, die papier waarop dit geskryf is werd was, tensy die werker in 'n posisie was om dit af te dwing nie.[127] Ook hierdie koerant was van mening dat die sentrale kwessie in die staking rondom die kleurslagboom gewentel het.[128]

The Guardian het 'n striemende aanval op die Randse mynmagnate, "*the most powerful gang of cosmopolitan financiers the world had known*", geloods en hulle verantwoordelik gehou vir die teregstelling van Stassen, Hull, Lewis en Long. Volgens die blad was dit verregaande dat so 'n klein groep "pushing money-seekers" deur die owerheid toegelaat is om die belange van die massa in die groter gemeenskap tot hulle eie voordeel te vertrap. Die Randse mynmagnate was dus eintlik die ware kriminele en nie die vier ter dood veroordeeldes nie.[129]

Alhoewel prominente persoonlikhede soos genl. Smuts, *establishment*-persorgane soos ***The Star***, die ***Rand Daily Mail*** en die ***Sunday Times*** en enkele ander bronne, beweer het dat die Randse staking van 1922 'n "Rooi terreur", "'n Rooi Opstand", 'n "Rooi" of "Bolsjewistiese komplot" of "sameswering" was, gesteun deur "geld en wapens van Bolsjewistiese

---

[126] L.J. Erasmus: *'n Volk Staan op uit sy As*, p. 79; *Ons Vaderland*, 31.03.1922, p. 5 (Die Krygswet-saak teen "Ons Vaderland"); *Ibid.*, 07.04.1922, pp. 4 – 5 (Die Krygswet-Vervolging van "Ons Vaderland"); *Ibid.*, 11.04.1922, p. 2 (Die Uitslag van die Vervolging teen "Ons Vaderland"); *Ibid.*, 13.04.1922, p. 8 (Oproep!); *The Star*, 28.03.1922, p. 7 (Editor Arrested Under Martial Law).

[127] *The Guardian*, 14.01.1922, p. 1 (The General Strike); *Ibid.*, 04.02.1922, p. 3 (The Rand Strike – A Possible Solution).

[128] *Ibid.*, 21.01.1922, p. 3 (The Colour Bar).

[129] *Ibid.*, 24.11.1922, p. 3 (The Real Anarchists).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rusland", en alhoewel ekstremistiese kommuniste soos W.H. Andrews prominent in die rewolusionêre Council of Action betrokke was,[130] stel Bernard Hessian, ondersteun deur 'n oorwig bronne, die kwessie van kommunistiese betrokkenheid in perspektief. Hessian argumenteer oortuigend dat die Bolsjewiste (kommuniste) se ekstremistiese ideologie van direkte aksie, of "militante kommunisme", aantreklik was vir 'n klein, vasberade groep stakeraktiviste (die Council of Action). Maar vir laasgenoemde was dit slegs 'n middel tot 'n doel om tot 'n algemene staking en geweld oor te gaan, eerder as dat die kommunistiese ideologie as sodanig hulle beïndruk het. Dit word bewys deur die feit dat die kommunistiese ideologie nie onder die massa van die blanke arbeiderbeweging 'n groot impak gemaak en veld gewen het nie. Buitendien het die staking in sy rewolusionêre fase totaal hande uitgeruk sodat selfs die kommuniste nie in staat was om dit effektief tot hulle voordeel in 'n suiwer Bolsjewistiese rigting te stuur nie. Daarby was die "generaals" en "kommandante" van die stakerkommando's grotendeels Afrikanermynwerkers wat geensins vir 'n kommunistiese oorheersing van hulle bevelstrukture te vinde was nie. Slegs die Fordsburg-kommando is deur kommuniste beheer, maar oor die algemeen het die kommuniste nòg die opstand veroorsaak, nòg gelei.

Hessian verklaar dat die kommuniste veral op vier terreine bedrywig was wat die indruk geskep het dat hulle 'n "Rooi rewolusie" op die lees van die Russiese Bolsjewistiese Rewolusie gevoer het. Eerstens was daar die militante uitsprake van sommige militante kommuniste, toe nog binne die Augmented Executive van die SAIF. Tweedens het die kommuniste hulle steun toegesê aan die stakers se voornemens om 'n (industriële) republiek

---

[130] Kyk (SAB) K 4, Martial Law Commission, May – June 1922, pp. 141, 218, 230 – 237, 258, 328, 331, 602, 819 – 824, 1371, 1373 – 1379, 1437, 1444 – 1450, 1693 – 1723; (UG) 35 – 1922 Union of South Africa: *Report of the Martial Law Inquiry Judicial Commission*, pp. 23 – 32, 34; B. Hessian: An Investigation into the Causes of the Labour Agitation on the Witwatersrand, January to March, 1922, pp. 157 – 161; L.J. Fourie: Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, pp. 99 – 100, 141 – 142, 145 – 146, 149 – 150; C. Vermaak: *The Red Trap. Communism and Violence in South Africa*, pp. 11 – 12; H.C. Armstrong: *Grey Steel. J.C. Smuts. A Study in Arrogance*, pp. 348, 349; H.R. Pike: *A History of Communism in South Africa*, pp. 121 – 129 en 136, voetnoot no. 14; H.A. Chilvers: *The Menace of Red Misrule. Facts and Figures for all*, pp. 3 – 5, 7, 10 – 17, 23; H.A. Chilvers: *Out of the Crucible*, pp. 214 – 220; W. Urquhart: *The Outbreak on the Witwatersrand, March, 1922*, pp. 67 – 68, 73; D. Humphriss en D.G. Thomas: *Benoni. Seun van my Smart*, pp. 203 – 204; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 139 – 140; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 271; J.R. Shorten: *Die Verhaal van Johannesburg*, p. 315; V. Alhadeff: *A Newspaper History of South Africa*, p. 40; J. Mervis: *The Fouth Estate. A Newspaper Story*, p. 149; J. Crwys-Williams (ed): *South African Despatches. Two Centuries of the Best in South African Journalism*, pp. 242 – 243; S.P. Bunting: *"Red Revolt": The Rand Strike. January - March, 1922*, pp. 1, 32; J. Clarke (ed): *Like it Was. The Star 100 Years in Johannesburg*, pp. 73 – 75, 77; *The*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uit te roep, alhoewel eersgenoemde self daaronder 'n sosialistiese republiek in gedagte gehad het. Derdens het die arrestasie van sommige prominente kommuniste deur die owerheid, as gevolg van hulle opruiende demagogie, van hulle "stakersmartelare" in die oë van die gepeupel gemaak. Vierdens het die kommuniste se aandrang, dat die werkers die strukture van die mynindustrie tot die voordeel van die gemeenskap moes oorneem en bestuur, groot byval onder die radikale stakers gevind. Op sý beurt het dit weer die gematigde Augmented Executive in onguns by die massa gebring. Aan die ander kant het dit tot groter steun aan die Council of Action gelei wat deur die kommuniste gedomineer is. Daarby is die rewolusionêres tydens die opstand gewoonlik "Rooies" genoem omdat eenvoudig aanvaar is dat alle rebellerende werkers noodwendig "Rooies" (Bolsjewiste) was.

Dit is dus duidelik dat die Randse staking van 1922 van 'n veel groter dimensie en omvang was as 'n spesifieke, sogenaamde "Rooi" of "Bolsjewistiese opstand" of "rebellie". Daar kan wel van 'n beplande opstand gepraat word wat die regering omver wou werp, die staat se militêre magte wou verslaan en Johannesburg en Pretoria wou inneem, in die waan dat plattelandse Nasionaalgesinde burgers die stakers sou kom help om die Smuts-regering omver te werp. In die konteks waarin Hessian en andere dit stel, is enige verwysing na 'n "Rooi" of "Bolsjewistiese opstand" egter 'n verwringing van die historiese feitelikhede.[131]

Star, 13.03.1922, p. 4 (The Red Plot); *Ibid.*, 04.04.1922, p. 8 (An "Excellent Idea"); *Rand Daily Mail*, 14.03.1922, p. 4 (The Revolutionary Crisis).

[131] B. Hessian: An Investigation into the Causes of the Labour Agitation on the Witwatersrand, January to March, 1922, pp. 92 – 93, 96 – 104, 146, 155 – 161. Kyk ook Tranvaal Strike Legal Defence Committee: *The Story of a Crime*, pp. 5, 9 – 11, 13 – 15, 18, 45, 47; A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*, pp. 113 – 114, 118 – 119, 146; S.P. Bunting: *"Red Revolt": The Rand Strike. January - March, 1922*, pp. 11, 23 - 24, 34 - 35; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 240, 242, 244 – 247, 270 – 273, 275, 279 – 280; H.J and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 281, 291, 295, 296, 298; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 139 – 145; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 92 – 114, 128 – 131; N. Herd: *1922 The Revolt on the Rand*, pp. 19 – 20, 57, 66, 163 – 164, 184; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, p. 47; A. Hepple: *South Africa. A Political and Economic History*, p. 231; D. Humphriss en D.G. Thomas: *Benoni. Seun van my Smart*, pp. 204, 208; J.R. Shorten: *Die Verhaal van Johannesburg*, pp. 315, 333; T. Boydell: *"My Luck Was In"*, p. 196; A.G. Barlow: *Almost in Confidence*, p. 180; M. Kentridge: *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*, pp. 113, 116, 120, 123; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, voetnoot 18, p.187; F.S. Crafford: *Jan Smuts. A Biography*, p. 196; F. Addington Symonds: *The Johannesburg Story*, pp. 194 – 195; J.C.H. Grobler: *Politieke Leier of Meeloper? Die Lewe van Piet Grobler (1873 – 1942)*, p. 211; O. Geyser en A.H. Marais (reds.): *Die Nasionale Party*, Deel I, pp. 455 – 457, 459; *Die Burger*, 16.03.1922, p. 4 (Die Redder van die Land!) en p. 5 ("Sonder Twyfel 'n Bolsjewistiese Rewolusie"); *Ibid.*, 18.03.1922, p. 6 (Spotprent); *Ibid.*, 28.03.1922, p. 4 (Korte Aantekeninge) en p. 8 (Was daar 'n Sameswering op die Rand?); *Ibid.*, 24.04.1922, p. 4 (Genl. Smuts en Bolsjewisme); *Ons Vaderland*, 28.03.1922, p. 2 (Waarom geen ondersoek nie?); *Ibid.*, 31.03.1922, p. 5

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Met W.H. Andrews, wat in daardie stadium ook die redakteur was, as een van die prominente lede van die Council of Action, was ***The International*** uiteraard ten nouste met die staking gemoeid. ***The Star*** het Andrews uitgekryt as "*a devout adherent of Moscow communism...ill balanced and muddle-headed*", 'n "*advocate of violence*" en 'n "*stray lunatic*".[132] Tydens die staking het Andrews ***The International***, waarvan die inhoud deur die Krygswet Ondersoekkommissie beskryf is as "*...week after week...always the cry of the capitalist against labour*", tot beskikking van die stakerkomitees gestel vir enige aankondiging en "*to all views on the strike situation calculated to help the cause of the workers*". Daarby is ook die ISL Press tot die stakers se beskikking gestel vir die druk van pamflette, omsendbriewe en enige ander literatuur wat benodig mag word.[133]

Alreeds so vroeg as Februarie 1920, tydens 'n staking van ingenieurs op die Witwatersrandse goudmyne om hoër lone, het ***The International*** profeties voorspel:

> "*The instinct of the bourgeoisie shows that every general strike on the Rand brings us to the brink of Revolution... A general strike of mechanics on the Rand and Railways, with the rising cost of living exasperating every section of the workers, if allowed to go that far, would be the spark which would light up the whole of the Rand and South Africa. If the Chamber of Mines means to fight, it will be a fight that will resolve itself into a revolutionary struggle, with control of industry as the fruit of victory, equality with the native worker and the abolition of the colour bar, as the penalty of defeat*".[134]

Die kommuniste het die uitbreek van 1922-staking verwelkom. Volgens H.J. en R.E. Simons het hulle geglo dat dit die begin van 'n rewolusie kon wees wat die

---

(Het Tweede Komplot); *Ibid.*, 02.05.1922, p. 3 (Indrukke van die Vrywaringsdebat); *The Guardian*, 01.12.1922, p. 1 ("Watchful": Inside Story of the Martial Law Judicial Commission); *The South African Review*, 07.04.1922, p. 5 (The Aftermath of the Strike); *The International*, 08.12.1922, p. 4 (The Martial Law Commission Report and the Communist Party).

[132] *The Star*, 06.03.1922, p. 6 (The Way Out).

[133] (SAB) K 4, Martial Law Commission, May – June 1922, pp. 232, 258, 328, 1693. Kyk ook B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 64).

[134] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 220; *The International*, 06.02.1920, p. 2 (The Strike Situation on the Rand). Kyk ook *Ibid.*, 13.02.1920, p. 4 (The Strike Position on the Rand).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"heersersklas" (kapitaliste) omver kon werp en die ideaal van 'n sosialistiese gemenebes kon verwesenlik. ***The International*** het dit benadruk dat die staking deel was van die onvermydelike en onophoudelike stryd tussen uitbuiters en uitgebuitenes. Vir Andrews, die redakteur, was dit belangrik dat die werkers hulle op die organisering van die staking toespits. Daarom is die opbou van 'n verenigde Kommunistiese Party, in noue samewerking met "klassebewuste" industriële werkersorganisasies, ten sterkste deur die blad aangemoedig.[135] Reeds in Desember 1921 het Andrews die blanke mynwerkers se verwerping van loonsverminderings ondersteun en die uitvoerende bestuur van die SAMWU aangemoedig om 'n staking uit te roep:

> "*The obvious and proper course to be pursued by the workers' representatives is to take advantage of the present crisis and adopt drastic and united action...a situation has been created which, if strong hands were at the wheel, and informed and honest heads guided them, the master class might be taught a lesson even more salutary than that of 1913. If the challenge is not accepted promptly and the fight carried into the enemy's country, the back of the industrial movement will be broken for a considerable time to come*".[136]

Gedagtig aan die destydse ISL-beleid van industriële eenheid tussen wit en swart werkers, het die kommuniste egter in 'n dilemma aangaande hulle steun aan die oorsake van die staking verkeer en moes hulle 'n rasionaal vir hulle standpunt vind. Daarom het ***The International*** verklaar dat die staking essensieel 'n protes teen die verlaging van blanke lone was. Alhoewel dit teen nie-blanke werkers gediskrimineer het, was die behoud van die kleurslagboom nodig omdat dit een spektrum van die loonskaal op so 'n hoë vlak moontlik verseker het. Indien dit afgeskaf sou word, sou wit en swart egter nie gelyke betaling vir gelyke werk ontvang nie, maar alle loonvlakke sou tot dié van die nie-blankes daal. As die mynbase oor die kleurslagboom eerlik was, sou hulle eerder die nie-blanke lone tot die vlak van dié van die blankes verhoog het, ten spyte van die kleurslagboom. In daardie sin het die behoud van die kleurslagboom volgens ***The International*** dus die belange van al die werkers gedien omdat dit oor die verdediging van loontariewe gegaan

---

[135] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 270; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 133; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 221.

[136] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 132; *The International*, 30.12.1921, p. 1 (The Grand Assualt).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het. Die kommuniste het geglo dat die klassestryd tydens die staking tot nie-rassige solidariteit sou lei sodat swart lone tot die "beskaafde standaard" verhef kon word in plaas daarvan dat blanke lone, soos die Kamer van Mynwese dit wou hê, tot "kraalstandaarde" verlaag sou word. Aangesien kapitalisme geen hoop vir wit of swart gebied het nie, sou gelykheid, ook wat lone betref, volgens die kommuniste slegs ná die rewolusie (staking) en die vernietiging van die kapitalistiese klas, gerealiseer kon word. So het ***The International*** verklaar: "*Communism alone can make South Africa a white man's country*". Dit was dus in hierdie sin dat die kommuniste die "blank Suid-Afrika"-strydkreet verdedig het.[137]

Die KPSA het 'n manifes in ***The International*** gepubliseer wat die genoemde standpunte gekwalifiseer het en wit en swart werkers aangeraai het om op mekaar staat te maak:

"*Hence, without necessarily identifying itself with every slogan heard in this strike, the Communist Party of SA gladly offers its assistance to the Strike Committee, convinced that essentially this is a fight against the rule of the capitalist class, a fight which, if energetically pushed, may drive at least one more nail into its coffin and contribute to its eventual downfall – the only real 'settlement'... To maintain the 'white standard', to build a 'white South Africa', is impossible under capitalism, whose nature is to degrade every class it employs... Then away with it! How? By dint of the utmost solidarity of labour against the common enemy... Our only permanent allies are our fellow-workers – irrespective of race or colour – as this strike is plainly teaching. And the more militant the struggle, the greater is the circle of workers drawn in, and simultaneously the more revolutionary becomes the aim, untill it is realised by all that every road must lead to the*

---

[137] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 270, 281, 285, 289 – 290; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 231 – 234, 237; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 135, 144 – 145; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 92 – 93; S.P Bunting: *"Red Revolt": The Rand Strike. January - March, 1922*, pp. 7, 10 - 11, 39 - 41; B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, pp. 80 - 81); *The International*, 13.01.1922, p. 1 (What to fight for) en (A Solid Front); *Ibid.*, 27.01.1922, p. 1 ("White South Africa"); *Ibid.*, 03.02.1922, p. 3 (The Fight to a Finish); *Ibid.*, 10.02.1922, p. 4 ("Workers of the World, Fight and Unite for a White S. Africa"); *Ibid.*, 17.02.1922, p. 1 (The Strike and the Native Workers); *Ibid.*, 24.02.1922, p. 1 (Wages or Colour Bar?) en p. 4 (Consistency, Thy Name is Communism). I.v.m. die ISL-beleid van industriële eenheid tussen swart en wit werkers, kyk hfst. 5, pp. 240, 273 – 276.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
one goal: the end of the capitalist system of profit and the establishment of the Workers' Republic of the World for the common and equal benefit of all workers".[138]

Die kommuniste se propagering van rasse-solidariteit oor die kleurgrens heen, te midde van 'n staking wat juis om daardie kwessie gedraai het, was egter uit pas met die blanke stakers en 'n groot deel van die stakerleierskap. Uiteindelik is dit slegs S.P. Bunting wat, alhoewel onsuksesvol, volhard het met pogings om deur middel van ***The International*** die stakers se aandag op die posisie van die swart werkers te vestig. In die uitgawe van 13 Januarie 1922 het hy byvoorbeeld die blanke werkers probeer waarsku dat dit 'n groot mistasting en tot nadeel van hulle saak sou wees indien hulle die fokus van die staking verkeerdelik na die swart werkers as die oorsaak daarvan sou verskuif:

> "*...one of the surest weapons to defeat a white strike in South Africa is to get up a 'kaffir rising' cry, as was done, for instance, at the time of the Johannesburg Municipal Board of Control in 1919: the workers forget their own cause and rush off to shoot niggers – just what the bosses want in order to keep their proletariat terrorised. Slaves ATTACK YOUR ENSLAVERS, not their enslaved: HIT THE MASTERS, NOT THE MEN*".[139]

In aansluiting by bogenoemde het Bunting ook teen die invloed van die Nasionaliste en die plattelandse boere gewaarsku. Waar hy erken het dat die "blank Suid-Afrika"-strydkreet en die kwessie van die kleurslagboom die primêre motief vir die blanke werkers in die staking was, aangesien dit "*the steam and ginger in this strike, even to the point of a 'revolutionary situation'*"verskaf het, was dit egter ook in tweesnydende kreet:

---

[138] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 133; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 246 – 247; *The International*, 03.02.1922, p. 3 (The Fight to a Finish).

[139] (UG) 35 – 1922 Union of South Africa: *Report of the Martial Law Inquiry Judicial Commission*, p. 28; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 135 – 136, 141; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 92 – 94; E. Roux: *Time Longer that Rope*, p. 150; E. & W. Roux: *Rebel Pity. The Life of Eddie Roux*, pp. 22, 26; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 269 – 270; W.K. Hancock: *Smuts 2: The Fields of Force 1919 – 1950*, pp. 79 – 80; *The International*, 13.01.1922, p. 1 (What to fight for). Kyk ook *Ibid.*, 10.02.1922, p. 4 (Workers of the World, Fight and Unite for a White S. Africa); *Ibid.*, 03.03.1922, p. 1 ("Equality Before the Law"). I.v.m. die insident waarna Bunting in die aanhaling verwys, kyk hfst. 8, pp. 485 - 488.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"This, then, is what 'White South Africa' means in the mouth of its farmer champion... It means the land for the landlords, cheap and servile black labour to work it, and jobs on the mines as an outlet for the disinherited bywoner".[140]

In die kolomme van ***The International*** is werkers aangespoor om die staking uit brei ten einde hulle onderhandelingsposisie te versterk. Daarom het Andrews alle pogins tot arbitrasie en konsiliasie met die Kamer van Mynwese ten sterkste veroordeel. Andrews se venynige aanvalle was veral op Archie Crawford, die algemene sekretaris van die SAIF, wat 'n skikking en matigheid voorgestaan het, gefokus. Na Crawford is verwys as 'n "vyand van die stakers", 'n "vermetele, opperste dwaas" en 'n "arch-confusionist" wie se "verderflike" en "rampspoedige invloed" slegs tweedrag gesaai, die werkers verwar en die staking benadeel het. ***The International*** het beweer dat Crawford met knoeiery besig was om die Augmented Executive se beheer van die staking te repudieer. Aangesien hy oor die taktiek beskik het om die stakers se mening na sy guns te swaai, moes sy streke volgens die blad fyn dopgehou word. Ook 'n Arbeiderleier soos Creswell is daarvan beskuldig dat hy ten gunste van 'n kompromis met die Kamer van Mynwese was, terwyl Thomas Boydell weer veroordeel is omdat hy slegs bereid was om die dispuut op 'n konstitusionele wyse op te los.[141]

Ander NP en SAAP-politici, soos genl. Hertzog, Tielman Roos, dr. T.C. Visser, H.W. Sampson, Sidney van Lingen en Walter Snow, is daarvan beskuldig dat hulle slegs louwarm teenoor die staking gestaan het.[142] Ook genl. Smuts en ***The Star*** se voorstelle, dat die stakers terugkeer werk toe totdat die regering 'n kommissie van ondersoek ingestel het

---

[140] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 284 - 286; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 134; *The International*, 27.01.1922, p. 1 ("White South Africa").

[141] (UG) 35 - 1922 Union of South Africa: *Report of the Martial Law Inquiry Judicial Commission*, p. 28; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 133 - 134; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 234 - 236, 238 - 239; *The International*, 18.02.1921, p. 2 (The AEU - Climb Down) en (The Miners' Strike and Victimisation); *Ibid.*, 13.01.1922, p. 1 (Sabotaging the Strike) en (A "Striker": Watch Him), p. 2 (What Means This Strike?); *Ibid.*, 20.01.1922, p. 2 (Crawford and Canute); *Ibid.*, 27.01.1922, p. 1 (The Enemy Within); *Ibid.*, 03.02.1922, p. 1 (Selling the Pass), (Compromise; or Put Your Cards on the Table) en ("Come and Welcome"), p. 4 (Swopping Horses); *Ibid.*, 10.02.1922, p. 1 (Boydell and Bolsheviks); *Ibid.*, 17.02.1922, p. 1 (These be your Leaders!); *Ibid.*, 03.03.1922, p. 1 (The Appeal to Force).

[142] *The International*, 27.01.1922, p. 2 (Strike Reflections) en (Contempt of Parliament); *Ibid.*, 17.02.1922, p. 1 (These be your Leaders!). Kyk ook S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 134.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
om griewe in die dispuut te ondersoek, is verwerp. ***The International*** het aangevoer dat dit net 'n aansporing vir stakers was om op mekaar te "scab".[143]

Alhoewel die kommuniste aanvanklik nie veel affiniteit vir die Afrikaner-stakerkommando's getoon het nie, het ***The International*** teen Februarie 1922 hulle organisasie en aktiwiteite begin verwelkom en verklaar:

> "*We salute you, Red Guards of the Rand! You are better men on 'commando' then you ever were in the stopes and shops. It is fit and proper that you should appropriate the military formation and discipline, hitherto monopolised in your master's cause, for your own... You are teaching yourselves and your fellow-workers of the world that there is only one army worth joining, the Red Army, and only one cause worth living or dying for, the cause of the Red Flag, which alone can ennoble war and bloodshed... By instinctive deed rather than conscious word of mouth they* [die kommando's] *have propagated a great revolutionary truth, and brought us sensibly nearer 'The Day'*".[144]

The International het die staking van 1922 ook aan eie lyf gevoel. Net soos in die geval van ***The Star*** en ander persblaaie in Johannesburg het die redaksie van ***The International*** as gevolg van elektrisiteitsonderbrekings gedurende die staking gesukkel om die koerant gedruk te kry. As gevolg hiervan moes die uitgawes vanaf Januarie 1922 verklein word. Ten einde die probleem te oorkom, was die redaksie dringend op soek na 'n kragopwekker.[145] Daarby het Andrews die SATU skerp gekritiseer dat sy lede voortgegaan het om ***The Star*** en die ***Rand Daily Mail***, wat "valse" berigte en verklarings aangaande die staking gepubliseer het, te druk. Volgens Andrews moes die stakers daarop aandring dat alle SATU-drukkers hulle aan die genoemde twee koerante onttrek en indien daar nie onmiddellik aan die aandrang gehoor gegee sou word nie, moes "ander maatreëls" (dwang) getref word. In reaksie daarop het die SATU-leiers egter vir Andrews gewaarsku dat tensy

---

[143] *The International*, 17.02.1922, p. 2 (A Damp Squib). Kyk ook *Ibid.*, 03.03.1922, p. 4 (Parliament and the Strike).

[144] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 135; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 286; *The International*, 10.02.1922, p. 1 ("The Contemtibles").

[145] (SAB) K 4, Martial Law Commission, May - June 1922, p. 237; *The International*, 27.01.1922, p. 4 (Apology); *Ibid.*, 03.03.1922, p. 2 (C.P. Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
hy sy kritiek teen die vakbond staak, hulle hul lede wat werksaam by ***The International*** se drukpers was, sou herroep en dit 'n "black shop" ('n werkswinkel wat vakbondlede moes boikot) verklaar.[146]

Om alles te kroon, is Andrews op 14 Februarie 1922 op 'n klag van aanhitsing tot openbare geweldpleging in hegtenis geneem, maar is later op borgtog vrygelaat. In sy afwesigheid het Bunting as redakteur waargeneem.[147] Bunting het in sy redaksionele kommentaar op Andrews se arrestasie openlik geskimp dat al Crawford se opponente, wat prominent ten opsigte van die bestuur van die staking was, een vir een, moontlik danksy laasgenoemde se bemiddeling, in hegtenis geneem is. Bunting het die mening uitgespreek dat Crawford met hierdie stap dalk weer met onderduimse taktiek besig was om beheer oor die staking te probeer herower.[148]

Hoe langer die staking geduur het, hoe militanter het ***The International*** se boodskap aan die stakers geraak. In die uitgawe van 3 Maart 1922 het die blad onder meer verklaar:

> "*In all its nakedness the South African Government is disclosed as the big stick with which capitalism beats the workers into submission, and protects the capitalists and their property from any possible injury at the hands of an oppressed and infuriated proletariat... A general engagement involving some vital activity...must take on a revolutionary aspect and can only be won by spreading it and moving audaciously from success to success, until the control of the industrial and political machine is secured by the organised workers... To expect this to happen by sitting at home and merely refusing to work is*

---

[146] R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 258 - 259, 267; *The International*, 03.03.1922, p. 2 (Parliament and the Strike). Kyk ook S.P. Bunting: *"Red Revolt": The Rand Strike. January - March, 1922*, p. 23; B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 89) en F.A. Johnstone: *Class, Race and Gold*, p. 135.

[147] *The International*, 17.02.1922, p. 1 (Editorial Note), (Defence Fund) en (Arrest of the Editor!), p. 2 (Comrade Andrews' Arrest); *Ibid.*, 24.02.1922, p. 1 (Berig); *The Star*, 14.02.1922, p. 7 (Quiet Progress on the Mines); R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 249 - 250; A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*, p. 117; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 289; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 110. Die publikasie van die Transvaal Strike Legal Defence Committee: *The Story of a Crime*, p. 47, verklaar verkeerdelik dat Andrews op 15 Februarie in hegtenis geneem is.

[148] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 250; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 289; *The International*, 17.02.1922, p. 2 (Comrade Andrews' Arrest).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ridiculous...the workers as a class have as their historic task the overthrow of capitalism on international scale, a scheme of organisation must be adopted and put into operation which when the occasion arises will place the workers in a position not merely to stop sections of industry, or even industry as a whole, but take control and run the industry in the interests of the workers as a whole",

en:

"*The answer to the challenge of the Government as expressed in the House of Assembly, must be to EXTEND THE FIGHT, spread the movement, dissipate the forces of the enemy, and create a situation in South Africa which will force the Government for its own safely to stop the struggle by offering some reasonable terms of settlement to the men, and forcing the Chamber of Mines to come off its pedestal*".[149]

In die lig van die rewolusionêre strekking van bogenoemde aanhalings verbaas dit nie dat hierdie uitgawe van ***The International*** die laaste was wat tydens die staking verskyn het nie. Gegewe sy militante aanslag, het Andrews na alle waarskynlikheid in elk geval verwag dat die owerheid die een of ander tyd op die blad gaan toeslaan. Op 10 Maart 1922, met die proklamasie van Krygswet, het die regering inderdaad op die kantore van die KPSA in die Trades Hall in Johannesburg toegeslaan. In a klopjag het die polisie dokumente, boeke en pamflette gekonfiskeer. Die Kommunistiese Party se drukpers, veral die elektriese motor, is beskadig en sommige noodsaaklike onderdele daarvan verwyder. Andrews, en twee dae later ook Bunting, is tesame met lede van die Committee of Action gearresteer en vir die res van die staking in die Fort in Johannesburg aangehou, terwyl ***The International*** vir tien weke, vanaf die begin van Maart tot die einde van Mei 1922, onderdruk is. Bunting en Andrews is onderskeidelik op 24 Maart en 22 April 1922 vrygelaat en is uiteindelik kwytgeskeld op aanklagte van aanhitsing tot openbare geweldpleging. Op 26 Mei 1922 is die publikasie van die koerant hervat. As gevolg van die klopjag het die blad egter al sy rekords van intekenaars en skuldenaars verloor sodat korrespondensie en fondse totaal opgedroog het. Gevolglik was daar met die hervatting

[149] Kyk The International, 03.03.1922, p. 1 (The Appeal to Force) en p. 2 (Parliament and the Strike), onderskeidelik. Kyk ook R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 258 - 261.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van ***The International*** 'n skreiende behoefte aan fondse en lesers is dringend vesoek om hulle intekengelde, finansiële bydraes en donasies aan die blad te hernu.[150]

Op 10 Maart 1922, die dag waarop Krygswet aan die Rand geproklameer is, is daar inderdaad ook 'n uitgawe van ***The International*** gedruk. Volgens Cope was die strekking van die hoofberig van die uitgawe, wat in Hollands gepubliseer is, 'n uiteensetting van die redes vir die staking. Die berig het ook 'n retoriese vraag aan die polisie en gewapende burgers gestel of hulle werklik bereid was om die "werktuie van die kapitaliste" te wees. Ten einde te verhoed dat dit as verdoemende getuienis van oortreding van die Krygswetregulasies teen die betrokkenes gebruik sou word, moes 'n groot gedeelte van die oplaag vernietig word. Dit het nogtans nie verhoed dat twee straatverkopers van ***The International***, H. Glazer en S. Goldman, weens die besit van die spesifieke uitgawe onder Krygswet elk tot ses maande dwangarbeid gevonnis is nie. Die berig waarna Cope verwys, het onder meer verklaar:

> "*Die kapitaliste van Z.A. en hulle Goevernement het julle gekommandeer om vir ons te verdruk... Is julle tevrede om als stomme ondersteuners en handlangers van die onzinnige kapitaliste bende julle mede Afrikaners te verdruk? Hulle belang in die land is om ons en julle ook te verplaats met goedekoop zwarte arbeiders... MEDE AFRIKANDERS! WAT ZAL JULLE DOEN?*".[151]

---

[150] *The International*, 26.03.1922, p. 2 (Forward!) en p. 3 (Ourselves); *Ibid.*, 02.06.1922, p. 2 (A New Start); *Ibid.*, 09.02.1922, p. 1 (A Weapon for Socialism); *Ibid.*, 06.06.1924, p. 3 (His Own Condemnation); R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 273 - 274, 276, 278, 281; W.H. Andrews: *Class Struggles in South Africa*, pp. 35 - 36; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 95; J.R. Shorten: *Die Verhaal van Johannesburg*, pp. 326 - 327; S.P. Bunting: *"Red Revolt": The Rand Strike. January - March, 1922*, pp. 5, 32 - 34; B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 65); H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, pp. 295 - 296; A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*, p. 173; N. Herd: *1922 The Revolt on the Rand*, pp. 65, 150; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 143; M. Kentridge: *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*, pp. 114, 117; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 118. L.J. Fourie: Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, p. 134 verklaar verkeerdelik dat *The International* nie tydens die staking verban is nie en H.J. en R.E. Simons, p. 299, gee die datum van die verbanne uitgawe foutiewelik as 20 Maart aan.

[151] Aangehaal deur R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 273 - 274. Kyk ook *The International*, 26.05.1922, p. 3 (Ourselves); *Ibid.*, 13.06.1924, p. 6 (Pink Paper & Communism) en S.P. Bunting: *"Red Revolt": The Rand Strike. January - March, 1922*, pp. 7, 39 - 41.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 13 Februarie 1922 het die eerste uitgawe van 'n sogenaamde "stakersblad", ***Transvaal Post***, met W.F. Mondriaan as redakteur, verskyn.[152] Willem Frederik Mondriaan is in 1874 in Amersfoort, Nederland gebore. In 1895 het hy na Suid-Afrika gekom en hom in die Transvaal gaan vestig. Hy het as administratiewe beampte in diens van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij getree en is op Waterval Boven gestasioneer. Ten tye van die Jameson-inval is hy opgekommandeer en het in 1898 ook deelgeneem aan 'n strafekspedisie teen 'n Swazi-kaptein. Sodoende het hy volle burgerskap van die ZAR verwerf. In 1899 het hy 'n klerklike pos by die onderwysdepartement van die Transvaalse Republiek verkry. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het hy by die Hollanderkorps van die Boeremagte aangesluit. Tydens die Slag van Elandslaagte is hy gewond, krygsgevangene geneem en na St. Helena verban.

In 1903 het Mondriaan na Suid-Afrika teruggekeer en was vervolgens by die Nederlandsche Bank in Pretoria, as finansiële bestuurder van die koerant ***Land en Volk*** en as onderwyser by 'n plaasskool buite Pretoria werksaam. In 1913 het hy vir W.S. Tresling as redakteur van ***De Spectator***, waarvan hy toe reeds 'n geruime tyd 'n medewerker was, opgevolg en in 1914 ook die eienaar van die blad geword. ***De Spectator*** was 'n Hollandstalige weekblad wat vanaf Desember 1910 in Pretoria verskyn het. Onder Mondriaan se leiding het ***De Spectator***, wat alreeds onder Tresling 'n voorstander van die Nasionale rigting van genl. Hertzog geword het, 'n sterk ondersteuner van die NP gebly, maar nooit 'n amptelike party-orgaan geword nie.

Van 1916 tot 1919 het Mondriaan in die Pretoriase stadsraad gedien en hom in 1918 vir die insameling van mielies vir noodlydendes in Nederland ná die Eerste Wêreldoorlog beywer. Vir hierdie werk is hy in 1920 met die toekenning van die Orde van Oranje-Nassau deur koningin Wilhelmina vereer. Mondriaan was 'n prominente figuur in Afrikaanse en Nederlandse kultuur- en toneelkringe. Hy was onder andere ondervoorsitter van die Algemeen Nederlandsch Verbond en voorsitter van die Nederlandse Vereniging.

---

[152] Kyk (SAB) JUS Vol. 352, file no. 3/383/22, Authority under Sec. 289 Act 31/17 to produce Interior files in Rex vs. Mondriaan: Secretary for Justice - Justice Department, 24.04.1922 (no. 3/383/22); B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 76); *Transvaal Post*, 13.02.1922. Slegs twee eksemplare van die blad kon opgespoor word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mondriaan was twee keer getroud en twee seuns is uit sy eerste huwelik gebore. Hy is in 1944 in Pretoria oorlede.[153]

Teen 1921 was ***De Spectator*** 'n halfweeklikse blad waarin ook artikels in Engels geplaas is. Aangesien die blad hom openlik aan die kant van die blanke mynwerkers en stakers geskaar het en hom sterk teen die afskaffing van die kleurslagboom uitgespreek het, was dit volgens Mondriaan wel bekend onder en gelees deur die Nasionaalgesinde mynwerkers op die Rand. Ook by die Engelssprekende Arbeiders op die Rand, wat in daardie stadium oor geen eie mondstuk beskik het nie, was daar 'n groot behoefte aan 'n spreekbuis. Inligting aangaande die stakers se kant van die saak in die staking van 1922 is óf nie deur die kapitalistiese pers gepubliseer nie, óf verdraai. Daarby het ***De Spectator*** hoofsaaklik in Hollands verskyn en was maar 'n klein koerantjie wat slegs twee keer per week uitgegee is. By beide Nasionaliste en Arbeiders was daar dus die behoefte vir 'n effektiewe spreekbuis. Na samesprekings met die stakerleiers en Arbeidersegsmanne soos W.B. Madeley, R.B. Waterston, W.H. Andrews, J. Forrester Brown en A. Crawford, het Mondriaan ingestem om 'n tweetalige Hollands-Engelse dagblad, "*om die stryd teen die magtige Kapitalistiese Pers met sukses te kan aanbind*", en wat die standpunte van sowel die NP as die SAAP sou vertolk, uit te gee.[154] Mondriaan sou die ***Transvaal Post*** onder die volgende voorwaardes uitgee: dat die Arbeiderleiers na die staking hom soveel moontlik behulpsaam sou wees om aandele onder werkers vir sy beoogde Nasionale dagblad te plaas, dat die stakerkomitees op die verskillende myne tydens die staking soveel moontlik eksemplare

---

[153] (SAWA) W.F. Mondriaan: Herinneringe en ervaringe deur my persoonlik beleef in 'n "Halwe-eeu van onreg" I. Die Rebellie, pp. 114 - 115; *Ibid.*, II. Die opstand aan die Rand (1922), pp. 7, en Koerantknipsel: Mnr. W.F. Mondriaan oorlede; J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers: 'n Studie van die Ontstaan, Ontwikkeling en Rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as Sosiale Instelling, pp. 123 - 126; J. de Villiers: South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study, p. 411; C.J. Beyers (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel V, pp. 549 - 550. Du Plessis se biografiese besonderhede aangaande Mondriaan bevat heelwat onjuisthede.

[154] (SAWA) W.F. Mondriaan: Herinneringe en ervaringe deur my persoonlik beleef in 'n "Halwe-eeu van onreg" II. Die opstand aan die Rand (1922), pp. 7 - 12; J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers: 'n Studie van die Onstaan, Ontwikkeling en Rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as Sosiale Instelling, p. 126; J. de Villiers: South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study, pp. 411 - 412; *Die Burger*, 16.02.1922, p. 5 (Toestand Onverander); *Ibid.*, 22.02.1922, p. 6 (Die Staker en die Pers). Kyk ook (SAB) A 32, Hertzog-Versameling, Vol. 85, Persoonlike korrespondensie: W.F. Mondriaan - J.B.M. Hertzog, 04.07.1921; *Ibid.*, T. Roos - W.F. Mondriaan, g.d. Mondriaan, p. 11 verklaar dat Crawford glo by genl. Smuts gaan verslag doen het oor die samesprekings ter oprigting van die *Transvaal Post*. Mondriaan maak ook melding dat J.T. Bain een van die Arbeiderleiers was met wie hy samesprekings gevoer het, maar dié is alreeds in 1919 oorlede.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die blad vir hom sou verkoop en dat hy volkome redaksionele beheer oor die plasing, aldan nie, van die inhoud van die ***Transvaal Post*** sou hê.[155]

Vanuit 'n Nasionale hoek gesien, was ***Die Burger*** se korrespondent in Johannesburg verheug oor die koms van die ***Transvaal Post*** en het verklaar:

> "*By gebrek aan 'n eie dagblad midde in die vyandige persomgewing van Johannesburg moet* [die Transvaal Post] *daar baie toe bydra om die Johannesburgers ook die ander kant van die staking te wys en die gemeenskapsgevoel onder die stakers te versterk en tegelyk om rewolusionêre stromings onder die arbeiders te keer. Maar ook as tolk van die Nasionale gevoelens sal die 'Transvaal Post' sy taak kan vervul. Om al die redes juig ons die verskyning van die blad van harte toe. Hy kan opvoed tot goed begrip van die strewe en die doel van die Nasionale Party en belet dat elemente, wat anders altemit sou meegesleur word deur die kommunistiese stromings, in die regte koers bly en nie verlore gaan vir die Afrikanernasie nie. Hy kan veral die Johanensburger bekeer tot onpartydige oordeel oor die staking as wat hy anders kry deur die voorligting van sy kapitalistiese koerante*".[156]

Die tweetalige ***Transvaal Post*** het twee sub-opskrifte gehad, te wete "The Champion of an Economically free South Africa" en "De Kampioen voor 'n ekonomies Vrij Zuid-Afrika". Dit is teen twee pennies per eksemplaar verkoop en die jaarlikse intekengelde het £2 10s 0d bedra. Die blad, wat ook 'n aantal handelsadvertensies gedra het, is in Pretoria uitgegee, maar 'n tydelike kantoor is ook in die hoofkwartier van die SAIF in Johannesburg geopen. Dit is deur die Transvaal Pers Ltd. gedruk. Alhoewel die ***Transvaal Post*** by die hoofposkantoor as nuusblad geregistreer was,[157] is Mondriaan met £5 beboet omdat hy

---

[155] (SAWA) W.F. Mondriaan; Herinneringe en ervaringe deur my persoonlik beleef in 'n "Halwe-eeu van onreg". II. Die opstand aan die Rand (1922), p. 12.

[156] *Die Burger*, 22.02.1922, p. 6 (Die Stakers en die Pers).

[157] Kyk *Transvaal Post*, 13.02.1922; (SAWA) W.F. Mondriaan: Herinneringe en ervaringe deur my persoonlik beleef in 'n "Halwe-eeu van onreg" II. Die opstand aan die Rand (1922), p. 22 en B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 76).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

versuim het om dit volgens wet ook by die Departement van Binnelandse Sake te laat registreer.[158]

Die kernkwessie van die redaksionele inhoud van die ***Transvaal Post*** het egter om die wekroep van "blank Suid-Afrika", asook die behoud van die blanke lewenstandaarde en die kleurslagboom in die mynindustrie gedraai wat as die "enigste oplossing" vir die staking beskou is. Die koms van 'n tweetalige dagblad soos die ***Transvaal Post*** het "*dringend noodzakelik*" geraak sodat die publiek 'n perspektief kon kry op dit wat van "*het nationaal belang van die blanke bevolking van Zuid-Afrika*" was teenoor die "*verderflike dominatie*" van die Kamer van Mynwese, wie se optrede "*ten bate van't overzees kapitaal Zuid-Afrika als een witmansland te gronde wil richten*". Daarom sou hierdie blad "*onafhankelik van't groot kapitaal voor de ware belangen van het Volk van Zuid-Afrika...strijden*". In sy verwelkomingsboodskap aan die nuwe koerant het J. Thompson, die waarnemende president van die SAIF, 'n beroep op stakers gedoen "*to uphold the supremacy of the White Race*". Die Arbeider-parlementslid, W.B. Madeley, het weer verklaar: "*We express our gratitude the Transvaal Post will fight the cause of 'White South Africa' till the bitter end*". Daarby is genl. Smuts skerp aangeval dat hy 'n totale ommekeer van sy siening oor die kleurslagboom sou ondergaan het: vanaf steun daarvoor in 1907 tot die afskaffing daarvan in 1922, ter wille van die "*Call of Mammon*". Hy is ook daarvan beskuldig dat hy 'n werktuig van die kapitaliste was omdat hy "scabs" ten koste van die stakers beskerm het.

Verder het die inhoud van ***Transvaal Post*** onder andere toesprake van Arbeiderleiers soos Creswell, lyste van voedselverspreidingsdepots vir stakers en van stakerkomitees, asook datums en vergaderplekke waar fondse vir noodlydendes van die staking ingesamel is, bevat. Daar was algemene nuus oor stakingsgebeure en -vergaderings en enkele brokkies buitelandse nuus. Ook is spotprente oor stakingskwessies geplaas. 'n Spotprent is byvoorbeeld vanuit ***Die Burger*** oorgeneem waarin Hoggenheimer daarop aangedring het dat die kleurslagboom verwyder moes word. In 'n ander spotprent is die pogings van ***The Star***, om kwessies soos die "sesessie" van die NP en die "Bolsjewisme" van die SAAP by

[158] *Ons Vaderland*, 09.05.1922, p. 2 (Berig).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die staking te betrek, ten einde daardie partye by die publiek in onguns te bring, geïllustreer.[159]

Die ***Transvaal Post*** is deur stakerkomitees versprei en op straat in Pretoria en Johannesburg verkoop waarvoor die seuns van mynteringlyers in diens geneem is. Die blad was ook by J.L. van Schaik Boekhandel, die Grosvenor Biblioteek en by die De Spectator Boekhandel in Pretoria te koop. Volgens Mondriaan het die ***Post*** binne 'n paar weke " die gewildste blad aan die Rand"geword. Toe die stakingstoestand teen 10 Maart 1922 versleg het, het die blad glo ook 'n "groot middelpunt van belangstelling" geword waar "honderde nuusgieriges" op nuusberigte by die drukkery in Pretoria gewag het en Mondriaan bykans uurliks nuusbulletins laat druk en versprei het. Die eerste oplaag van die ***Transvaal Post*** het 8 000 eksemplare bedra en op sy hoogtepunt is daar, volgens Mondriaan se mededeling, daagliks 26 000 eksemplare uitverkoop. Om aan die aanvraag te kon voldoen, is dag- en nagskofte by die drukkery ingestel en van die lettersetters het dikwels om daardie rede op die perseel oornag. Tydens 'n stakervergadering in Benoni is die volgende mosie aangeneem: "*that all workers and those interested in the strike pledge themselves to read and support no other Daily than the Transvaal Post*". 'n Bedrag van £23 7s 0d is ook tydens die vergadering ten bate van die ***Post*** gekollekteer.

By een geleentheid het van die ***Post*** se koerantverkopers selfs eksemplare van ***The Star*** se straatverkopers afgeneem en dit in die openbaar verbrand. Mondriaan het egter gewaarsku dat dit teen-produktief kon wees, aangesien die publiek juis neig om 'n koerant te lees wanneer daar gepoog word om dit van hulle te weerhou. So 'n insident het juis die gewildheid van die ***Post*** verhoog, toe daar gepoog is om sý verkopers van die straathoeke te verdryf. Die publiek moes eerder deur oorreding oortuig word om blaaie wat, soos die ***Transvaal Post***, die teenoorgestelde politiek as ***The Star*** verkondig het, te lees.[160]

---

[159] Kyk onderskeidelik die uitgawes van die *Transvaal Post* van 13.02.1922 en 18.02.1922 en veral die volgende artikels: (Appeal to the Worker), (Appreciation from the Hon. W.B. Madeley, MLA), (Double-Faced Jannie), (Blank Zuid-Afrika in Gevaar), (The Prime Minister's Appeal), (For a White South-Afrika) en (Wat Gaat de Volksraad Doen?); J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers: 'n Studie van die Ontstaan, Ontwikkeling en Rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as Sosiale Instelling, p. 126; B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 76); S.P. Bunting: *"Red Revolt". The Rand Strike. January - March, 1922*, p. 5.

[160] (SAWA) W.F. Mondriaan: Herinneringe en ervaringe deur my persoonlik beleef in 'n "Halwe-eeu van onreg" II. Die opstand aan die Rand (1922), pp. 13 - 14, 22; *Transvaal Post*, 13.02.1922, p. 4 (Speciale Kennisgeving); *Ibid.*, 18.02.1922, p. 2 (Niet al te Vurig!) en p. 3 (The Mass Meeting at Pretoria);

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Goed georganiseerde nuusdiens van al die stakingsentra, vanaf Witbank aan die Oosrand tot Randfontein aan die Wesrand, is vir die ***Transvaal Post*** tot stand gebring. Toe probleme met die gereelde versending van eksemplare van die blad per nagtrein van Pretoria na Johannesburg ontstaan het, is motorvervoer na al die stakingkomitees gereël. Sodoende is ook vars nuus aangaande stakingsgebeure bekom. Namate die toestand aan die Rand versleg het, is 'n spesiale nuusdiens deur middel van motors, rapportryers op motorfietse en selfs met posduiwe ingestel. Ten einde te verhoed dat die nuusdiens in die geval van 'n eventuele proklamering van Krygswet tot niet sou gaan, is van verskillende geheime kodes gebruik gemaak. Die speurtak van die polisie het die perseel van die blad gereeld en onverwags besoek. Volgens Mondriaan het hulle voortdurend gepoog om deur middel van lokvinke, of deur vals drukkopie te plant, die ***Transvaal Post*** te betrap dat dit inligting gepubliseer het wat as sedisie beskou kon word.[161]

Alhoewel Mondriaan verklaar het dat hy nooit genader is om 'n leidende rol in die rewolusionêre komplot tydens die staking te speel nie, het hy tog toegegee dat hy 'n "skakelrol" vervul het "om van tyd tot tyd aan sekere opdragte uitvoering te gee". Volgens Oberholster was Mondriaan in 'n mislukte komplot betrokke om, as voorspel tot 'n staatsgreep, wapens uit die weermagmagasyn in Pretoria te buit.[162] Daarby het ***Die Burger*** krities gestaan teenoor die feit dat die ***Transvaal Post*** klaarblyklik nie die valse gerug, dat plattelandse burgers die ekstremiste aan die Rand sou kom help om die regering omver te werp, reggestel het nie.[163]

Met die proklamasie van Krygswet op 10 Maart 1922 is die publikasie van beide ***De Spectator*** en die ***Transvaal Post*** verbied en die kantore en drukkery van die twee blaaie

---

J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers: 'n Studie van die Ontstaan, Ontwikkeling en Rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as Sosiale Instelling, p. 126. I.v.m. die verbranding van eksemplare van *The Star*, kyk ook p. 434 hierbo.

[161] (SAWA) W.F. Mondriaan: Herinneringe en ervaringe deur my persoonlik beleef in 'n "Halwe-eeu van onreg" II. Die opstand aan die Rand (1922), pp. 13 - 15; (SAB) K 4, Martial Law Commission, May - June 1922, p. 219; *Transvaal Post*, 13.02.1922, p. 2 (Blank Zuid-Afrika in Gevaar). Kyk ook *Die Burger*, 21.03.1922, p. 8 (Johannesburg Onder Krygswet).

[162] (SAWA) W.F. Mondriaan: Herinneringe en ervaringe deur my persoonlik beleef in 'n "Halwe-eeu van onreg" II. Verklarende Aantekening No. XXII, p. 151; A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*, p. 135.

[163] Kyk *Die Burger*, 18.03.1922, p. 3 (Hoe Dinge Hul Ontwikkel Het).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur die polisie beset. Mondriaan is gearresteer en in Johannesburg aangehou, maar omdat daar nie 'n klag teen hom geformuleer is nie, is hy op borgtog vrygelaat. Hy het toe na Lourenço Marques in Mosambiek uitgewyk waar hy wel in die tronk beland het. Drie maande later, ná die opheffing van Krygswet, het hy weer na Pretoria teruggekeer. Mondriaan se afwesigheid uit Pretoria het egter die einde van ***De Spectator*** en die ***Transvaal Post***, as gevolg van die twee blaaie se benarde finansiële situasie, teweeggebring. Weens 'n groot oortrokke rekening het die Nederlandsche Bank onmiddellik na sy arrestasie in Johannesburg op die drukkery beslag gelê. Valse gerugte, dat die ***Transvaal Post*** "aansienlik met Russiese kapitaal uit kommunistiese bronne" gesubsidieer is, het klaarblyklik daartoe bygedra dat die bank uiteindelik die oortrokke lening teruggeroep en alle verdere finansiële steun aan dié koerantsaak ontsê het. Gevolglik het Mondriaan in vrywillige likwidasie gegaan. Die drukmasjiene is op 'n "geforseerde" vendusie verkoop, waarop Mondriaan 'n verlies van £4 000 gely het. ***De Spectator*** en die ***Transvaal Post*** het dus nooit weer verskyn nie.[164]

Die Burger en die ***Transvaal Post*** verwys ook na 'n Engelstalige stakersgesinde weekblad, ***The People***, wat in dieselfde periode as die ***Post*** in Germiston sou verskyn het. Daarby maak die ***Transvaal Post*** melding van 'n Wesrandse stakerweekblad, die ***West Rand Strike News***, wat deur die plaaslike stakerkomitee in Roodepoort uitgegee is.[165] Geen eksemplaar van enige van hierdie publikasie kon egter opgespoor word nie.

Die nadraai van die stakingsdrama van 1922 sou nog 'n geruime tyd in die kolomme van ***The International*** weerspieël word. Alhoewel die stakers die aftog moes blaas, het die kommuniste optimisties gebly. Die blad het die staking beskryf as "*the most glorious event*

---

[164] (SAWA) W.F. Mondriaan: Herinneringe en ervaringe deur my persoonlik beleef in 'n "Halwe-eeu van onreg" II. Die opstand aan die Rand (1922), pp. 23, 66 - 67; J.H.O. du Plessis: Die Afrikaanse Pers: 'n Studie van die Ontstaan, Ontwikkeling en Rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as Sosiale Instelling, p. 126; J. de Villiers: South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study, p. 412; L.J. Fourie: Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, p. 134; C.J. Beyers (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel. V, p. 550; A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*, p. 135; Transvaal Strike Legal Defence Committee: *The Story of a Crime*, p. 28; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 295; N. Herd: *1922 The Revolt on the Rand*, p. 66; I.L. Walker & B. Weinbren: *2 000 Casualties*, p. 92; S.P. Bunting: *"Red Revolt". The Rand Strike. January - March, 1922*, p. 5; *Die Burger*, 16.03.1922, p. 5 (Mnr. Mondriaan en Couzijn Gearresteer).

[165] Kyk *Die Burger*, 16.02.1922, p. 5 (Toestand Onverander) en *Transvaal Post*, 13.02.1922, p. 1 (Allerlei) en (Berig).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
in the history of white civilisation in South Africa" en as "*one of the most glorious episodes in the history of the South African workers*".[166] Die stakers is aangemoedig om nie moed te verloor nie, maar om die stryd tot die uiteindelike bevryding van kapitalisme voort te sit:

> "*To the superficial observer the situation may appear serious, if not desperate. Such is, however, not the case. The disorder into which the collision with organised capitalism has thrown the workers is only temporary... Writhing under the iron heel of a temporarily triumphant white terror, the workers may for a time lose heart, but sooner or later they will be forced by the very hopelessness of their position to again try conclusions with their taskmasters. With the experience which every attempt gives and the resultant improvement in organisation and discipline, there will come a time when success will crown their efforts... The workers only need to win ONCE, and every check they receive in the colossal fight that they are engaged in only serves as a further lesson, which when well learned brings them inevitably nearer to the day when the last fight shall emancipate them, and with them the whole human race*".[167]

In sy ontleding van die mislukking van die staking het ***The International*** ook te kenne gegee dat dit daaraan te wyte was dat dit seksioneel van aard was aangesien die grootste gedeelte van die werkerskorps, die swart werkers, nie daarby betrek is nie. Daarom het dit des te meer dringend noodsaaklik geraak dat swart werkers by industriële arbeidorganisering betrek moes word. Gevolglik het ***The International*** 'n konferensie van al die elemente in arbeidergeledere bepleit sodat 'n strategie vir verenigde optrede vir die uitbou van industriële vakbonde, ongeag kleur, uitgewerk kon word.[168]

The International het uiteraard sterk kritiek op die regering se gewelddadige onderdrukking van die staking en die regsproses waarvolgens die stakers gevonnis is, uitgespreek. Die blad het gewys op die "viktimisasie" van stakers deur werkgewers wat

---

[166] Kyk H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*, p. 297 en *The International*, 04.08.1922, p. 2 ("V.D.": Notes by the Way) en *Ibid.*, 16.03.1923, p. 3 (Last Sunday's Demonstration), onderskeidelik. Kyk ook *Ibid.*, 14.03.1924, p. 5 (March, 1922).

[167] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 283; *The International*, 26.05.1922, p. 2 (Forward!).

[168] *The International*, 02.06.1922, p. 1 ("C.D.": The Next Move). Kyk ook *Ibid.*, 18.08.1922, p. 2 (The First Death Sentences).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
hulle as gevolg van "wraakgierigheid" nie in diens wou neem nie. Die regering het "brutal" en "monstrous" vonnisse op veral die stakerleiers gevel wat van "roekelose wraak" getuig het. Die doodsvonnis van Stassen, Hull, Lewis en Long is as "judicial murder" bestempel en daarom was dit sonder twyfel "politieke vonnisse". Soos ***Die Burger*** het ***The International*** ook na Smuts se "blood-stained record" en "bloody and tyranical rule" verwys. Laasgenoemde het as 'n daad van protes teen die doodsvonnisse selfs 'n een-dag-staking van werkers voorgestel.[169] ***The International*** het selfs 'n mosie van die vierde kongres van die Komintern geplaas wat Smuts vir die teregstelling van die vier stakers veroordeel het.[170]

Soos reeds in hoofstuk ses verduidelik is, het onder andere die KPSA gepoog om deur middel van die United Front-beweging te agiteer vir werkskepping vir werkloses na afloop van die staking en om lewensmiddele aan die vroue en afhanklikes van stakergevangenes onder Krygswet te voorsien. Ten einde die publiek daarvan bewus en ingelig te hou, het ***The International*** by uitstek 'n volgehoue en baie vokale veldtog vir 'n algemene amnestie aan en vrylating vir die stakergevangenes gevoer totdat die laastes uiteindelik in Mei 1924 vrygestel is.[171]

---

[169] Kyk *The International*, 09.06.1922, p. 1 (One-Sided "Justice") en p. 2 (Victimisation); *Ibid.*, 28.07.1922, p. 1 (Ten Years); *Ibid.*, 13.10.1922, p. 2 ("C.F.G.": The Death Sentences). Kyk ook *Ibid.*, 27.10.1922, p. 3 (C.F. Glass: No Mercy to be Shown!); *Ibid.*, 24.11.1922, p. 2 (Gallows Grim); *Ibid.*, 08.12.1922, p. 3 (A Call to Action) en ("C.F.G.": Eight More to Die), p. 4 (The Rand Front); *Ibid.*, 22.12.1922, p. 1 (Illustrasie), p. 2 (It Moves); *Ibid.*, 16.11.1923, p. 2 (A Solemn Anniversary); *Ibid.*, 23.05.1924, p. 4 (Welcome Home Social); R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 285 en B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 90).

[170] *The International*, 05.01.1923, p. 4 (Fourth International Communist Congress).

[171] Kyk *Ibid.*, 16.06.1922, p. 2 (Work or Bread); *Ibid.*, 23.06.1922, p. 1 (The Unemployed) en (Gaol Bird's Social), p. 2 (A General Amnesty) en (The United Front Movement); *Ibid.*, 30.06.1922, p. 1 (Advertensie) en p. 3 (United Front Meeting); *Ibid.*, 28.07.1922, p. 1 (Ten Years); *Ibid.*, 13.10.1922, p. 1 (Voorblad), p. 2 ("C.F.G.": The Death Sentences) en (A General Amnesty); *Ibid.*, 10.11.1922, p. 3 (Amnesty Petition Presented); *Ibid.*, 24.11.1922, p. 4 ("Sepol": Cape Notes); *Ibid.*, 08.12.1922, p. 3 (A Call to Action); *Ibid.*, 19.01.1923, p. 2 ("Sen Yah": A General Amnesty), p. 4 ("C.F.G.": Afraid!) en (Propaganda); *Ibid.*, 26.01.1923, p. 4 (M. Lopes: Reflections from Cape Town); *Ibid.*, 23.02.1923, p. 1 ("Sen Yah": Prickly Pars); *Ibid.*, 13.04.1923, p. 1 (Forgotten); *Ibid.*, 08.06.1923, p. 4 (Release the 38!); *Ibid.*, 06.07.1923, p. 1 (List of Rand Strike Prisoners Still in Gaol); *Ibid*, 03.08.1923, p. 1 (Welcome to the Gaol Birds); *Ibid.*, 17.08.1923, p. 4 ("H.W.H." Release the Prisoners); *Ibid.*, 07.09.1923, p. 1 (V.C. Woudberg: Get the Nine Out) en p. 2 (Strike Prisoners' Release); *Ibid.*, 14.09.1923, p. 1 (Voorblad); *Ibid.*, 21.09.1922, p. 4 (Release the Nine); *Ibid.*, 05.10.1923, p. 4 (Gaol Delivery Campaign); *Ibid.*, 12.10.1923, p. 4 (Prisoners' Release Committee); *Ibid.*, 19.10.1923, p. 1 (Strike Prisoners); *Ibid.*, 02.11.1923, p. 1 (Release the Nine); *Ibid.*, 18.01.1924, p. 1 (Voorblad); *Ibid.*, 14.03.1924, p. 1 (Release the Prisoners); *Ibid.*, 02.05.1924, p. 3 (Liberty) en *Ibid.*, 23.05.1924, p. 8 (Home Again!). I.v.m. die United Front-beweging, kyk ook pp. 385 - 386 hierbo.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Smuts, wat die toestaan van algemene amnestie geweier het, is vir sy onsimpatieke en hardvogtige houding verwyt en ***The International*** het verklaar dat dit 'n wrok en haat jeens die regering onder die werkers lewendig gehou het.[172]

Laastens kan vemeld word dat daar met die aflegging van groot getalle werkers as 'n nadraai van die 1922-staking, sogenaamde werkloosheidskomitees onder kommunistiese leiding in Kaapstad, Johannesburg en Benoni tot stand gekom het. Veral in Kaapstad het die werkloosheidsbeweging klaarblyklik groot aanhang gehad. 'n Poging is aangewend om 'n koerant vir die werkloses uit te bring en in Julie 1923 het ***The Torch*** as lyfblad van die Kaapse en Witwatersrandse werkloosheidskomitees verskyn. Die sub-titel van die blad was "The Organ of the Unemployed of SA". Die verkoopprys was een pennie en dit is deur die ISL Press gedruk. Volgens die redaksionele kommentaar was die doel van die werkloosheidsbeweging om die publiek van die erns van die werkloosheidsvraagstukke bewus te maak en hulle steun ter oplossing van die probleem te mobiliseer. Daarom is daar beoog om maandeliks 'n bulletin uit te gee. ***The Torch*** het verklaar: "*Unemployment is a natural corollary of capitalism*".

Benewens allerlei artikels oor werkloosheid het die blad ook nuus aangaande die doen en late van die KPSA, kritiek op ***The Star*** se verdraaide beriggewing oor die Kommunistiese Party, asook berigte oor oorsese arbeideraangeleenthede bevat. Daarby het die inhoud onder andere 'n paar kommersiële advertensies, 'n anti-kapitalistiese spotprent behels. Harry Haynes, wat een van die leidende persoonlikhede agter die totstandkoming van die werkloosheidskomitees was, was na alle waarskynlikheid ook een van die inisieerders van ***The Torch***. Die blad het egter net die een uitgawe van Julie 1923 beleef.[173]

Soos in hoofstuk ses uiteengesit is, en ook in hierdie hoofstuk geïllustreer is, sou die politieke en ekonomiese gevolge van die staking van 1922 vanaf daardie tydperk dwarsdeur die blanke arbeiderbeweging suurdeeg en deurwerk tot 1924, toe die val van die Smuts-regering tot 'n groot mate deur hierdie episode teweeggebring is.

---

[172] *The International*, 21.07.1922, p. 2 (A General Amnesty); *Ibid.*, 27.10.1922, p. 4 (Smuts Snubs United Front).

[173] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 152; *The Torch*, Julie 1923 (aanhangsel tot *The International* van 06.07.1923). Kyk ook *The International*, 13.07.1923, p. 3 ("A Filthy, Filthy Race").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 8

PERSREAKSIE OP VERWIKKELINGE IN DIE LINKERVLEUEL VAN DIE ARBEIDERBEWEGING, 1915 - 1924

Soos in hoofstuk vyf en ses verduidelik is, het die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914, en die daaropvolgende ideologiese skeuring van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty in 1915, die geskiedenis van die arbeiderbeweging onherroeplik verander. Daaruit sou 'n aantal verwikkelinge in linkse arbeidergeledere voortvloei wat sou kulmineer in die stigting van 'n verenigde Kommunistiese Party van Suid-Afrika in Julie 1921. 'n Dimensie wat ook 'n geweldige groot impak op al hierdie verwikkelinge sou hê, was die uitbreek van die Russiese Rewolusie in Maart 1917. Uiteraard is hierdie gebeure in die pers, en spesifiek die sosialistiese pers, weerspieël.

8.1 DIE SUID-AFRIKAANSE SOSIALISTE EN DIE UITBREEK VAN DIE RUSSIESE REWOLUSIE

Reeds met die stigting van die ISL en ***The International***, het D.I. Jones, die koerant se eerste redakteur, in die Marxisme begin belangstel. Deur na Karl Marx se werke te verwys, het hy begin om 'n Marxistiese analise van die Suid-Afrikaanse politieke en ekonomiese omstandighede in sommige van sy redaksionele artikels te doen.[1] In Desember 1915 het Jones byvoorbeeld geskryf: "*What the Labour Movement requires is a return to the limpid, unequivocal affirmations of the Communist Manifesto of Karl Marx*".[2] En in 'n artikel in die uitgawe van 17 Maart 1916 is die probleme van mynwerkerslone aan die hand van idees wat Marx in sy boek, ***Das Kapital***, uitgespreek het, ondersoek.[3]

---

1 S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 51; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 149; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924*, p. 368.

2 *The International*, 10.12.1915, p. 3 (Back to the Manifesto).

3 A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 368; *The International*, 17.03.1916, p. 2 (Mine Managers and Karl Marx).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook S.P. Bunting, wat tesame met Jones die intellektuele leierskap van die ISL gevorm het, het na die "*limpid philosophy of the Communist Manifesto*" verwys.[4] Die toenadering van die lede van die ISL tot Marxisme is aangevul en versterk deur 'n voortgesette belangstelling in en deur op hoogte te bly van die vordering van linksgesinde internasionale sosialiste in die buiteland. Die feit dat Suid-Afrikaanse sosialiste alreeds in so 'n vroeë stadium, alhoewel in vae en nog nie in 'n spesifieke Marxistiese denkraamwerk nie, 'n beroep op die daarstelling van 'n nuwe internasionale, sosialistiese anti-oorlogorganisasie gedoen het, het die affiniteit van die ISL vir die Marxistiese linkervleuel van die Europese sosialistiese beweging bevorder.[5] So het Bunting in ***The International*** geskryf:

> "*Speaking in all humility from this corner of the globe, we venture to think that not only does the future of the whole working class movement in every land turn more than ever on the formation of a well-knitt, united executive International Socialist Organisation, but that the brightest hopes of an early peace with honour for all countries concerned in the present war depend upon action being taken at once to that end by such an organisation*".[6]

Een van die merkwaardigste kenmerke van die ISL-leierskap was die wyse waarop hulle, ten spyte van kommunikasieprobleme as gevolg van Suid-Afrika se relatiewe geografiese isolasie van Europa, op hoogte kon bly met gebeure in die internasionale sosialistiese beweging en met feillose akkuraatheid verwikkelinge op die Europese kontinent en elders kon interpreteer. Die Russiese Rewolusie van 1917 is volgens Brian Bunting nêrens met meer begrip en entoesiasme as deur die ISL in Suid-Afrika begroet nie.[7] Daarom sou die League uiteraard deur sy mondstuk daarop reageer toe die aanvanklike berigte oor die eerste fase van die rewolusie, die Maart-rewolusie wat tot die omverwerping van die Russiese tsaar gelei het, Suid-Afrika deur kabelnuus bereik het. Veral in die periode 1917 tot 1919 sou ***The International*** aansienlike spasie in sy kolomme afstaan aan die dramatiese verwikkelinge wat besig was om in Rusland te ontvou. Gevolglik het die redakteur verklaar:

---

4 *The International*, 24.09.1915, p. 1 (S.P. Bunting: A World to Win).

5 S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 51 - 52.

6 *The International*, 17.09.1915, p. 3 (The League's Message to Europe).

7 E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 186, voetnoot no. 14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> "*Russia is the storm centre. That is why we are compelled to devote to events there so much attention*",

en:

> "*Somehow the Russian movement claims the bulk of our space week by week. All eyes are centred on it, for Russia is the inspiration of the Socialist world just now*".[8]

Veral die Jiddishsprekende lede van die ISL het gretiglik nuus vanuit Rusland afgewag, sodat die verkope van ***The International*** byna verdubbel het.[9] Toe die nuus van tsaar Nicholaas II se abdikasie Johannesburg bereik, was daar volgens Sachs inderdaad uitbundige vreugde in die woonbuurt Ferreirastown, waar Jode in die strate gedans en mekaar omhels het.[10]

Sommige lede van die League het klaarblyklik aanvanklik egter getwyfel oor die waarde en betekenis van die Maart-rewolusie. J.M. Gibson, wat 'n weeklikse teoretiese rubriek vir ***The International*** behartig het, het nie geglo dat 'n sosialistiese staat uiteindelik vanuit die rewolusie tevoorskyn sou tree nie. Hy was van mening dat die werkers nie daartoe in staat sou wees om die rewolusie verder te voer nie omdat die "materiële omstandighede" in Rusland nog nie ver genoeg ontwikkel het nie.[11]

Maar dit was Jones wat die betekenis daarvan vir internasionale sosialisme begryp het. In die maande wat op die Maart-rewolusie gevolg het, het hy die verloop van sake in die kolomme van ***The International*** uitgestippel. Die weë van die kapitaliste en die werkers sou skei en aanleiding gee tot 'n nuwe stryd met sosialisme as laasgenoemdes se doelwit. Lank voor die meeste Westerse kommentators het Jones alreeds voorspel dat die Russiese Rewolusie nie by die omverwerping van die monargie kon eindig nie, maar dat die proses

---

8 Kyk *The International*, 27.07.1917, p. 1 (South African Delegate to Stockholm) en *Ibid.*, 31.08.1917, p. 1 (Lenin on Top), onderskeidelik.

9 E.A. Mantzaris: "Radical Community: The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 – 1920" (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, pp. 160 – 166).

10 B. Sachs: *Multitude of Dreams. A Semi-Autobiographical Study*, p. 132.

11 R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 189; *The International*, 23.03.1917, p. 2 ("J.M.G.": The Russian Revolution).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van verandering nog voltooi moes word.[12] Jones het 'n vergesig gehad van die opmars van die proletariaat van alle lande na "*the Revolution by the side of which this* [die Maart-rewolusie] *and all previous ones are but shopkeepers riots in immensity*".[13] Bunting het hierdie briljante insig erken in sy lofrede met die afsterwe van Jones in 1924.[14] Aangaande die Maart-rewolusie het Jones onder andere geskryf:

> "*...the importance of this step forward in the world's history can hardly be exaggerated... This is a bourgeois revolution, but arriving when the night of capitalism is far spent. It cannot be mere repetition of previous revolutions. It partakes infinitely more of a victory for the proletariat, as well as for the industrial capitalist... Let us look forward with great hope to the entry of the Russian elemental mass into the International class struggle for human emancipation. The day of its coming seems immeasurably nearer by this awakening*".[15]

Teen die agtergrond van die Maart-rewolusie het die ISL drie kandidate vir die Transvaalse provinsiale raadsverkiesings van Junie 1917 in die veld gestoot. Tydens die verkiesingsveldtog het die ISL-kandidate hulle as die voorlopers van die finale sosialistiese rewolusie voorgedoen. Ietwat uit die hoogte het Bunting, wat die ISL-kandidaat in die kiesafdeling Commissioner-straat was, die Russiese voorbeeld van Maart 1917[16] as verkiesingspropaganda in 'n artikel in ***The International***, getitel: "The Star in the East", gebruik. Aangesien die sosialiste self nooit kon droom van so "*early a fruition of their movement*" nie, het Bunting in euforiese en jubelende terme oor die "seeming miracle", die "Nuwe Wêreld" en die "Beloofde Land" geskryf. Hy was vol vertroue dat die gebeure in

---

[12] B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 160 – 161, 163 – 164; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 189; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 201; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 35.

[13] *The International*, 23.03.1917, p. 1 (170 Million Recruits).

[14] Kyk *Ibid.*, 06.06.1924, p. 5 (S.P. Bunting: Ten Crowded Years of Glorious Life).

[15] A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 375; *The International*, 23.03.1917, p. 1 (170 Million Recruits).

[16] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 115; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 59 – 60; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 78, 81; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 190, 201.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rusland die dag van die rewolusie in Suid-Afrika sou verhaas en het 'n beroep op die werkers gedoen om dit hulle Russiese arbeidergenote na te doen:

> "*The wonderful proletarian revolution begun in Russia, but destined to encircle the civilised world, has completely thrown in the shade the parochial topics which Capitalism has hitherto allowed a Provincial Council to play with. It is a trumpet call to the nations of the earth to which South Africa too, backward though her Labour Movement is, cannot long be deaf...today we have the glorious opportunity by voting Socialist on June 20th of associating ourselves unmistakably with the magnificent lead of the Workmen's and Soldiers' Committees... Workers under the Southern Cross, will you not respond to this one clear call from Eastern Europe, whence cometh our salvation?*".[17]

Van toe af sou ***The International*** met toenemende nadruk na die gebeure in Rusland verwys. Die ISL het hulle met elke voorwaartse stap van die Russiese werkers geassosieer en die rewolusie is as 'n volslae vergestalting van Karl Marx se idees toegejuig.[18] Die blad het verklaar: "*Exactly what the ISL would have done...that is what the Russian workmen have done*",[19] en:

> "*The Russian workmen are simply wonderful. The joyful part of it is that there is going to be so many of them. To lead the world back from savagery to humanity seems to be their great mission. They are leaving capitalist government severely alone... And from their dominating position in the great Russian Revolution, - and every new report enhances its greatness, - they are going out to reclaim the lost sheep of the Socialist International, bringing international working class action to bear for the confounding of the capitalist*

---

[17] *The International*, 08.06.1917, p. 1 ("S.P.B.": The Star in the East).

[18] A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 35; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 164 – 165; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 82; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 201; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 375.

[19] A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 375; *The International*, 20.04.1917, p. 3 (The "International" in Russia).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

conspiracy to murder of the best of the sons of Europe. Hail to the coming Revolution, now within living sight".[20]

In ***The International*** se uitgawe van 15 Junie 1917 is die Maart-resolusie van die Bernse Internasionale Sosialistiese Kommissie, wat die proletariaat van die wêreld aangemoedig het om die Russiese Rewolusie te ondersteun, gepubliseer.[21] Vanaf Julie 1917 het die blad inligting vanuit oorspronklike Bolsjewistiese bronne, soos ***Pravda*** en ***Izvestia***, begin ontvang wat aan sy lesers deurgegee is. Feitlik elke uitgawe van ***The International*** het uittreksels van Lenin se artikels bevat. Teen die einde van Augustus 1917 het die posisie van die Russiese Bolsjewiste in die rewolusie duideliker begin raak en het ***The International*** ondubbelsinnig standpunt ter ondersteuning van Lenin en sy party ingeneem:[22]

> "*From all accounts the situation is developing in favour of the principles advocated by Lenin. Every week proves him to be right in his insistent demand for the thoroughgoing application of the Class struggle to the tangled knot of the world war and the internal situation in all countries*".[23]

In Augustus 1917 is W.H. Andrews, wat Jones in 1920 as sekretaris en redakteur van die ISL en ***The International*** sou opvolg, as die Suid-Afrikaanse afgevaardigde verkies na 'n voorgestelde vredeskonferensie van internasionale sosialiste in Stockholm, Swede. Alhoewel Andrews oorsee vertrek het, het die konferensie, as gevolg van ingryping deur die Geallieerdes, nooit plaasgevind nie. Gevolglik het Andrews Engeland besoek waar hy in aanraking gekom het met Maxim Litvinoff, die Russiese verteenwoordiger in Londen.

---

[20] *The International*, 11.05.1917, p. 1 (Russian Workmen Leading). Kyk ook *Ibid.*, 18.05.1917, p. 1 (Russian Workmen Vindicate Marx) en *Ibid.*, 25.05.1917, p. 1 (Notes on the Russian Revolution).

[21] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 81; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 165; *The International*, 15.06.1917, p. 1 (An Appeal to the Proletariat).

[22] A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 376; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 35; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 165; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 81; V. Sidenko: South African Communists – A Flashback (*New Times*, No. 52, 1969, p. 6). Kyk ook *The International*, 23.11.1917, p. 4 (What Lenin Says).

[23] *The International*, 31.08.1917, p. 1 (Lenin on Top).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sodoende kon Andrews as tussenganger dien vir boodskappe van die Russiese rewolusionêres aan die ISL.[24]

In gesprekke met Litvinoff het Andrews 'n begrip gekry van die implikasies van die Russiese Rewolusie. Met sy terugkoms in Suid-Afrika het Andrews 'n pamflet, ***The Workers' Revolution in Russia***, geskryf, wat in Engels, Afrikaans en Jiddish gepubliseer is. Volgens sy biograaf, R.K. Cope, is duisende eksemplare van die pamflet verkoop en was dit die eerste omvattende weergawe van die rewolusie wat in Suid-Afrika verskyn het. Dit het ook 'n uiteensetting van die konstitusie van die nuwe Russiese staat bevat.[25] Laasgenoemde is deur ***The International*** opgehemel as "*a wonderful and inspiring Magna Charta of the triumphant propertiless workers of that country*".[26] Andrews is beskryf as die "Bolsjewistiese Leier van Suid-Afrika". In Kaapstad het hy verklaar: "*I am not 'n pacifist...I never signed the war-on-war pledge. If I was in Russia I would be in the Red Guards!*".[27]

Toe die nuus van die tweede fase van die Russiese Rewolusie, die Bolsjewistiese Rewolusie van November 1917, Suid-Afrika bereik het, was dit vir 'n afwagtende ISL die bevestiging van hulle innerlikste oortuigings. Die Suid-Afrikaanse sosialiste het dit verwelkom as 'n gebeurtenis van epogmakende betekenis.[28] As 'n voormalige Unitariër het Jones homself graag in Bybelse terme uitgedruk. In 'n hoofartikel in ***The International***

---

[24] A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 377; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 189 – 192; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 201 – 202; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 82, 85; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 165 – 166; *The International*, 10.08.1917, pp. 1 – 2; (Historic Conference of South African Socialists); *Ibid.*, 17.08.1917, p. 1 (Stockholm for Ever); *Ibid.*, 08.03.1918, p. 1 ("T.P.T.": The Class War in England); *Ibid.*, 10.05.1918, p. 1 (Our Delegate in Europe).

[25] R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 192 – 193. Kyk ook H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 215; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 398; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 85 – 86; *The International*, 01.11.1918, p. 1 (The Dictatorship of the Proletariat); *Ibid.*, 08.11.1918, p. 1 (November 6 – 7, 1917); *Ibid.*, 15.11.1918, p. 3 en *Ibid.*, 06.12.1918, p. 1 (Not in the Whirlwind). E.A. Mantzaris: "Radical Community. The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 – 1920" (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, pp. 169, 176, voetnoot 68), verklaar egter dat die pamflet deur 'n lid van die Jiddish-sprekende tak van die ISL geskryf is en dat 7 000 eksemplare daarvan verkoop is.

[26] *The International*, 25.10.1918, p. 1 (The Arch-Frame-up).

[27] *Ibid.*, 26.07.1918, p. 4 (Cape Socialists Greet Comrade Andrews).

[28] A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 376; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 81; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 81; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 35; V. Sidenko: South African Communists – A Flashback (*New Times*, No. 52, 1969, p. 6).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
getitel: "The Word Becomes Flesh", het hy verklaar dat die Russiese Bolsjewiste aan die teorieë van Karl Marx gestalte gegee het:

> "*Wonderful the pageantry of the Marxian principles that unfolds itself into vivid life before our very eyes...yet hardly hoped in our day to witness its incarnation on the stage of human action... The Word becomes Flesh in the* [Russian] *Council of Workmen... To-day the people of Russia...are finding their only salvation in the followers of Marx...*"[29]

In 'n verwysing na die Suid-Afrikaanse omstandighede in verhouding tot die Bolsjewistiese Rewolusie, het Jones voorts verklaar:

> "*What we are witnessing is an unfolding of the world wide Commonwealth of Labour which, if the oppressed of all lands only knew...would sweep them into transports of gladness. It is this high ecstacy which animates the Russian people to-day... Our task in South Africa is a great one. We must educate the people in the principles of the Russian Revolution as we have never done before, by tens of thousands of leaflets. No comrade can stand to-day with arms akimbo, no branch should languish. It were a desertion of the cause. We have to prepare the workers against any attempt to mobilise them against their Russian comrades, and in so preparing spread the flames of the most glorious and most peaceful revolution of all time*".[30]

Gevolglik het die radikale sosialiste in Suid-Afrika hulle blik op "the Light from the East" gevestig. Van toe af sou die totale lewensuitkyk van die rewolusionêre beweging in die land, alhoewel klein in omvang, al hoe meer beïnvloed raak deur die gebeure in Rusland en die leringe van Lenin.[31] Tydens die ISL se derde jaarkongres van Januarie 1918 is die Bolsjewistiese Rewolusie formeel goedgekeur aan die hand van die volgende resolusie:

---

[29] *The International*, 30.11.1917, p. 1 (The Word becomes Flesh).

[30] *Ibid.*, 07.12.1917, p. 3 ("Long Live the Commissionaries of the People").

[31] H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 215; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 194.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"*That this Third Annual Conference of the ISL rejoices beyond measure at the triumph of the Russian Revolutionary proletariat under the banner of the Bolshevik wing of the* [Russian] *Social Democratic Party, and pledges on behalf of the advanced proletariat of South Africa its growing support to stand by the Russian Workmen against the Capitalist Government of the whole world, that of South Africa included*".[32]

Van hierdie tydperk af het die lede van die ISL hulleself "Suid-Afrikaanse Bolsjewiste" genoem.[33] 'n Verslag van die Misdaadondersoekburo van die Suid-Afrikaanse Polisie het byvoorbeeld aangaande die ISL verklaar: "*this body is, without doubt, the fountain-head of Bolshevik propaganda in South Africa*".[34]

Volgens Hessian is die begrippe "sosialis", "kommunis", "Bolsjewis" en selfs "Arbeider", volgens die publiek se persepsie van daardie tydperk, onderling verbind en by tye selfs vermeng. Tydens die staking van 1922 het sosialisme vir die gewone, deursnee mynwerkers byvoorbeeld die nasionalisering van die mynindustrie beteken, terwyl Bolsjewisme vir hulle die gewelddadige omverwerping van die kapitalistiese mynmagnate en hulle "vriende", die Smuts-regering, geïmpliseer het.[35]

Die ISL het hom ten nouste en eksplisiet met die rewolusionêre verwikkelinge in Rusland vereenselwig. ***The International*** het biografiese sketse van Lenin en Trotski gepubliseer, hulle heroïse dade tydens die opstand in Rusland geadmireer en sy lesers op hoogte gehou van die vordering van die Bolsjewistiese Rewolusie en die skepping van die nuwe Sowjet-

---

[32] A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 377; *The International*, 11.01.1918, p. 1 (Our Annual Gathering).

[33] V. Sidenko: South African Communists – A Flashback (*New Times*, Nr. 52, 1969, p. 6).

[34] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, p. 100; *Ibid.*, Commissioner South African Police-Secretary for Justice, 27.08.1920, p. 74.

[35] B. Hessian: An Investigation into the Causes of the Labour Agitation on the Witwatersrand, January to March, 1922, p. 92. Kyk ook B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 66); (KAB) A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop Assistant to Senator, pp. 150 - 151.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staat.[36] ISL-intellektuele het ook gereeld lesings oor die Bolsjewistiese Rewolusie gehou.[37] Die Kaapse Industrial Socialist League met sy mondstuk, ***The Bolshevik***, het hierby aangesluit deurdat sy aktiwiteite grootliks op propaganda vir sosialisme en die Russiese Rewolusie toegespits was.[38]

Toe verskeie lande, Geallieerdes sowel as Spilmoondhede, teen 1918 pogings tot teen-rewolusie in Rusland gesteun het om sodoende die Bolsjewistiese Rewolusie in die kiem te probeer smoor, het Suid-Afrikaanse sosialiste 'n sogenaamde "*Hands Off Russia*"-veldtog van stapel gestuur. Die ISL het 'n pamflet, ***The Call of The Bolsheviks***, uitgereik wat 'n beroep op die Suid-Afrikaanse werkers gedoen het om hulle by die Russiese Bolsjewiste te skaar.[39] Ook die Industrial Socialist League het gewys op die pogings van die Britse werkers om 'n "*Hands Off Russia*"-veldtog te organiseer. ***The Bolshevik*** het die Suid-Afrikaanse werkers aangespoor om deur middel van affiliasie by die Industrial Socialist League 'n stap verder as die Britse werkers te gaan:

> "*There are two courses open. We shall either desert our Russian brethren in their hour of need, and allow our Churchill to finish his campaign for democracy by strangling the Russian Revolution, and cover ourselves with*

---

36 S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 92, 105; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 381, 410; *The International*, 01.02.1918, pp. 1 – 2 (The Decline and Fall of Political Democracy) en p. 4 (Trotsky's Career); *Ibid.*, 15.02.1918, p. 3 (Lenin's Career); *Ibid.*, 08.03.1918, p. 4 ("D.I.J.": Labour's Triumph Dissolves all Armies); *Ibid.*, 05.04.1918, p. 1 (Notes of the Bolshevik Movement); *Ibid.*, 12.04.1918, p. 4 (Appreciation of Trotsky); *Ibid.*, 24.05.1918, p. 3 (Industrial Democracy); *Ibid.*, 21.06.1918, p. 3 (Berig); *Ibid.*, 20.09.1918, p. 3 (Socialism A-Building); *Ibid.*, 27.09.1918, p. 3 (Lenin on the Soviets); *Ibid.*, 06.12.1918, p. 2 (Under Bolshevism); *Ibid.*, 21.12.1918, p. 4 (Under Bolshevism); *Ibid.*, 31.01.1919, p. 3 (Socialising Land and Houses); *Ibid.*, 07.02.1919, p. 4 (Who are the "Terrorists"?); *Ibid.*, 25.04.1919, pp. 4, 5; *Ibid.*, 27.06.1919, p. 3 (Progress of the Soviet Republic) en *Ibid.*, 07.05.1920, p. 1 (G. Lansbury: More Bolshevik Atrocities). Kyk ook *The Labour World*, 14.08.1920, p. 6 (The Real Lenin); *Ibid.*, 16.10.1920, p. 8 (Life in Russia).

37 Kyk *The International*, 22.08.1918, p. 2 (The Light in the East); *Ibid.*, 25.10.1918, p. 2 (Announcements); *Ibid.*, 22.11.1918, p. 2 (League Notes); *Ibid.*, 07.02.1919, p. 2 (League Notes); *Ibid.*, 30.01.1920, p. 6 ("T.R.M.W.": Lecture on "Russia").

38 W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa 1903 – 1947*, p. 64; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 215; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 88; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 37; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 208; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 379, 381.

39 B. Bunting (ed): *South African Communists Speak. Documents from the History of the South African Communist Party 1915 – 1980*, pp. 34 – 35; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 383; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 179 – 180; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 86; *The International*, 22.02.1918, Appendix; *Ibid.*, 01.03.1918, p. 1 ("The Call of the Bolsheviks").

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

disgrace...or we will, like worthy comrades of the great martyrs, rise to the occasion and respond to the call. Let the workers of South Africa not satisfy themselves with the motto of 'Hands off Russia'. This can be done – and easily done – by proper Industrial Organisation, through which the voice of South African Labour may be heard".[40]

As gevolg van die Geallieerders en die Spilmoondhede se inmenging in Rusland en 'n anti-Bolsjewistiese veldtog wat in die *establishment*-pers gevoer is, het die ISL dit as een van sy primêre take gesien om die "waarheid" aangaande die Russiese Rewolusie te versprei en hierdie antagonistiese indrukke van Lenin en die Bolsjewistiese Party te beveg. Die redaksie en rubriekskrywers van ***The International*** het hulle volkome toegewy aan die verdediging van "Lenin se Rewolusie".[41] "*The Capitalist lie factory has been busy with regard to Russia*", het Jones in die uitgawe 16 November 1917 geskryf.[42] Ook in daaropvolgende uitgawes het Jones en ander skrywers in hulle verdediging van die Bolsjewiste se optrede herhaaldelik verwys na die "*frame-up*", "*distortions*", "*cooked news*" en "*deluge of press lies*" wat deur die *establishment*-pers en Reuters geproduseer is.[43] Veral Brittanje is beskuldig van aggressie teen Bolsjewistiese Rusland.[44] Sprekers op ISL-verhoë het by die protesstem aangesluit om die Geallieerdes se inmenging in Rusland te veroordeel.[45]

---

40 Aangehaal deur S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 109.

41 B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 179; B. Bunting (ed): *South African Communists Speak*, p. 34; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 385; V. Sidenko: South African Communists – A Flashback (*New Times*, Nr. 52, 1969, p. 6).

42 *The International*, 16.11.1917, p. 1 (The Great Events in Russia).

43 Kyk *Ibid.*, 06.09.1918, p. 1(Dirty Work); *Ibid.*, 18.10.1918, p. 2 (Save the Revolution!); *Ibid.*, 25.10.1918, p. 1 (The Arch-Frame-up) en p. 3 (War Aims Unmasked); *Ibid.*, 01.11.1918, p. 4 ("B.G.": "Through Reuter's Agency"); *Ibid.*, 22.11.1918, p. 2 (Chestnuts), p. 3 ("J.M.G.": Distortion) en p. 4 ("Democratic" or "Proletarian"); *Ibid.*, 29.11.1918, pp. 1 – 3 (The Powers versus the Workers); *Ibid.*, 06.12.1918, p. 1 (Not in the Whirlwind); *Ibid.*, 21.12.1918, p. 2 ("J.M.G.": Proletarian Dictatorship); *Ibid.*, 17.01.1919, p. 1 (From the War Front); *Ibid.*, 24.01.1919, p. 4 ("True Love"); *Ibid.*, 31.01.1919, p. 2 (The 1919 Offensive); *Ibid.*, 21.02.1919, p. 2 (More Truth About Bolshevism) en p. 8 (Russian "Atrocities"); *Ibid.*, 23.01.1920, p. 3 (W.H. Andrews: "Helping Russia"); B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 188.

44 S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 86; *The International*, 22.11.1918, p. 1 (The "Economic Interrelation"); *Ibid.*, 17.01.1919, pp. 2 – 3 (Stop That War!); *Ibid.*, 21.02.1919, p. 1 (The Soviet's Appeal to British Workers).

45 (SAB) JUS Vol. 256, file no. 3/527/17 Part 4, Reports on Activities on ISL: R.A. Johnston - Commissioner South African Police, 09.02.1919, p. 88.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Industrial Socialist League het 'n soortgelyke strategie gevolg en protesvergaderings in Kaapstad teen Geallieerde inmenging in Rusland gereël.[46] ***The Bolshevik*** het die *establishment*-pers en Reuters daarvan beskuldig dat hulle die Bolsjewistiese regime beswadder het. 'n Beroep is op die Suid-Afrikaanse werkers gedoen om die Sowjet-staat teen die aanslag van kapitalisme te ondersteun. Die blad het die volgende benadruk:

> "*We must fully realize that it is not a mere local revolution that is being brought about in Russia, that it is not merely a fight between the Bolsheviks and the remnants of the Czar's supporters, - but a SOCIAL REVOLUTION that takes place there, a fight even if only indirectly, between the International Working Class and the International Capitalist Class*".[47]

In November 1918 het ***The International*** aangekondig dat 'n groep persone op die Witwatersrand daargestel is "*to coordinate the forces of class-conscious workers*" ten einde die koms van sosialisme na Suid-Afrika te verhaas. Die groep, wat hoofsaaklik uit ISL-lede bestaan het, het 'n voorlopige vergadering gehou om te besluit hoe om "*the coming wave from Europe*" te hanteer. Die vergadering was daarvan oortuig dat die tyd vir optrede aangebreek het ten einde die heerskappy van die werkersklas in Suid-Afrika te verseker. Na aanleiding van die Russiese voorbeeld het die vergadering, met die uiteindelike doelwit van die uitoefening van werkersbeheer voor oë, die organisering van werkerkomitees of rade (*sowjets*) in Suid-Afrikaanse stede onderskryf. Dwarsdeur Desember 1918 het die "Preparedness Committee", soos die groep bekend sou staan, weekliks vergaderings in Johannesburg gehou om die vooruitsigte vir rewolusie te bespreek. Die pas van verwikkelinge in Europa het duidelik die ISL se Johannesburgse internasionale sosialiste van die nabyheid van 'n rewolusionêre opwelling in Suid-Afrika oortuig.[48] Selfs 'n

---

46 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Memorandum III, 17.04.1919, p. 213; (SAB) JUS Vol. 566, file no. 1/201/21, Deportation of Lapitsky & Others: Memorandum, 17.04.1919; *The International*, 13.12.1918, p. 1 (Cape Town Leads); *Ibid.*, 24.01.1919, p. 2 (L. Turok: Cape Notes).

47 *The Bolshevik*, Februarie 1920, p. 1 (Shaking Hands with Murderers). Kyk ook *Ibid.*, 10.05.1919, p. 3 (Bolshevism in Cape Town); *Ibid.*, Desember 1919, p. 1 (The "Big Four" – Baby Killers); *Ibid.*, Maart 1920, p. 1 (The True Meaning of Bolshevism); *Ibid.*, Junie 1920, p. 1 (The Beginning of the End); *Ibid.*, Januarie 1921, p. 3 ("The Brass Check") en *Ibid.*, April 1921, p. 2 ("Democracy").

48 Kyk (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/19, Reports on Bolshevism in South Africa, p. 208; *Ibid.*, Deputy Commissioner C.I.D. – Secretary South African Police, 14.04.1919, p. 237 (Appendix); *The International*, 22.11.1918, p. 1 (Preparing for Action); *Ibid.*, 29.11.1918, p. 3 ("Preparing for Action");

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rubriekskrywer van ***The Labour World*** het verklaar: "*...Bolshevism is in the air and nothing can stay its advance*".[49]

T.P. Tinker, die sekretaris van die "Preparedness Committee", het voorts lesings oor "die verspreiding van die rewolusie" gehou.[50] En in Kaapstad, waar A.Z. Berman ook lesings oor die Bolsjewistiese Rewolusie gehou het, het 'n gesamentlike vergadering van die Industrial Socialist League, die SDF en die Jewish Socialist Society besluit:

> "*1. To congratulate our Russian comrades heartily on the great work performed by them in the interest of the international proletariat.*
>
> *2. To pledge ourselves to carry on the Socialist propaganda here, and not to desist or slacken in our efforts untill Socialism is established in South Africa.*
>
> *3. To protest vigorously against the hypocritical Allied intervention in Russia with the sole object of defeating the revolution and re-stablishing capitalism*".[51]

Vir die Suid-Afrikaanse internasionale sosialiste het dit dus aan die begin van 1919, soos H.J. en R.E. Simons dit paslik stel, voorgekom of "*revolution appeared to be just round the corner*".[52] Tydens sy vierde jaarkongres van Januarie 1919 het die ISL, wat homself as "*the trustee of the revolution*" beskou het,[53] die volgende resolusie aangeneem:

> "*This League acclaims the glorious advance of the Socialist Revolution in Europe; pledges itself to support it in every possible way against the attacks or intrigues of the Capitalist Powers in Russia, Germany and elsewhere; and resolves to redouble its efforts to spread the working-class movement in South*

Ibid., 06.12.1918, p. 2 (League Notes); *Ibid.*, 13.12.1918, p. 1 (Wheels within Wheels); S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 86; A. Odendaal and S. Forman (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 75.

49 *The Labour World*, 06.12.1918, p. 5 ("Oliver Crompton": The Social Revolution).

50 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Deputy Commissioner C.I.D. – Secretary South African Police, 14.04.1919, p. 237 (Appendix); *The International*, 13.12.1918, p. 1 (Wheels within Wheels) en p. 4 (League Notes).

51 *The International*, 29.11.1918, p. 4 (Cape Notes); *Ibid.*, 21.12.1918, p. 3 (Cape Notes).

52 H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 216, 220.

53 *The International*, 13.12.1918, p. 1 (ISL Annual Conference).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Africa so as to assist in hastening the triumph of the Revolution and establishment of the Co-operative Commonwealth throughout the world".[54]

Van toe af sou verwysings na die "komende rewolusie" kenmerke van beide die vergaderings van die ISL en die Industrial Socialist League word. So het Percy McKillop, 'n stoere en bejaarde lid van die SDF, tydens 'n vergadering van die Industrial Socialist League die hoop uitgespreek dat hy lank genoeg sou leef "*to see the revolution here*".[55] In die nadraai van die 1919-jaarkongres, waartydens die ISL sy steun aan die oorsese sosialistiese rewolusie verklaar het, het ***The International*** al hoe meer op gebeure in die buiteland gefokus. Weereens is 'n aansienlike gedeelte van die koerant se kolomme elke week gereserveer "*to chronicling phases and episodes of the revolutionary movement from all over the world*". Die ISL het vanuit enige beskikbare sosialistiese blad inligting aangaande die vordering van die nuwe Russiese Bolsjewistiese staat, die pogings van die Geallieerdes om dit omver te werp, en die aktiwiteite van verskeie sosialistiese groepe wat die Sowjet-staat ondersteun het, versamel.[56] Selfs die ISL se manifes vir die algemene verkiesing van 1920 was deurspek met denkbeelde van die sosialistiese rewolusie en die suksesse van die Russiese voorbeeld.[57] So het W.H. Andrews, die ISL-kandidaat vir die

---

[54] *The International*, 10.01.1919, p. 2 (1919 Annual Conference). Kyk ook *Ibid.* 14.01.1919, p. 1 (Suggested Explanation of the ISL Platform); *Ibid.*, 25.04.1919, p. 8 (League Notes); *Ibid.*, 09.01.1920, p. 5 (The Fifth Milestone); *De Burger*, 13.01.1919, p. 2 (Sosialiste in SA); (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, p. 100; *Ibid.*, Commissioner South African Police-Secretary for Justice, 29.07.1920, p. 83 (No. C. 6/672/19/8/A).

[55] Kyk (SAB) JUS Vol. 256, file no. 3/527/17 Part 5, Reports on Activities of ISL: A. Trigger - Secretary South African Police, 24.07.1919, p. 25; *Ibid.*, L.H. Burgess - Deputy Commissioner South African Police, 28.01.1919, p. 74; (SAB) JUS Vol. 566, file no. 1/201/21, Deportation of Lapitsky & Others: Memorandum, 17.04.1919; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Memorandum III, 17.04.1919, p. 213; *Ibid.*, Commissioner South African Police-Secretary for Justice, 27.08.1920, p. 73 (No. C. 6/672/19/8/A); *Ibid.*, Commissioner South African Police-Secretary for Justice, 30.09.1920, p. 1 (No. C. 6/672/19/8/A); *The International*, 15.11.1918, p. 1 (From Strength to Strength), p. 3 (The Bolshevik Anniversary at Johannesburg) en p. 4 (S. Buirski: The International Flag); *Ibid.*, 24.01.1919, p. 2 (League Notes); *Ibid.*, 11.04.1919, p. 1 ("The Bolsheviks are Coming" Scare); *Ibid.*, 25.04.1919, p. 1 (A May Day Message); *Ibid.*, 09.04.1920, p. 4 (The Coming of the World-Wide Soviet); *The Bolshevik*, September 1920, p. 4 (The New Communist Party).

[56] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 108; Kyk ook *The International*, 18.04.1919, p. 1 (Litvinoff's Appeal to Wilson) en pp. 2 - 3 (Russia's Peace Terms); *Ibid*,. 15.08.1919, pp 1 - 2 (The Entente's Anti-Bolshevik Pogroms), p. 2 (Those "Volunteers") en p. 3 (Southport and the Political Strike); *Ibid.*, 24.10.1919, p. 3 (The Drama of Brest Litovsk); *Ibid.*, 06.08.1920, p. 1 ("D.I.J.": Revolution, Westward Ho!) *Ibid.*, 27.08.1920, p. 4 (The Council of Action) en *Ibid*,. 17.09.1920, p. 3 (Wake Up! SA Workers).

[57] *The International*, 23.01.1920, p. 5 (The League's Election Manifesto); R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 217.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kiesafdeling Benoni, tydens sy verkiesingsveldtog "Bolsjewisme" verdedig en die prestasies van Sowjet-Rusland opgehemel.[58]

Die herdenking van die Bolsjewistiese Rewolusie het ook 'n vaste datum en baie belangrike gebeurtenis op die sosiale kalender van die Suid-Afrikaanse sosialiste geword. In sy huldigingsboodskappe het ***The International*** herhaaldelik die prestasies van die Bolsjewistiese rewolusionêres geprys en verheerlik met frases soos "*the benign awakening of the (Russian) people*", "*that kindly Communism of the Hammer and the Sickle*", "*the Light from Russia*", "*the Soviet Union towers proudly like a glistening Matterhorn...a higher world on earth*" en Rusland "*is the torch in our darkness*".[59] ***The Bolshevik*** het op soortgelyke wyse gereageer en Rusland as "*the luminous hearth of Communism*" geprys. In sy herdenking van die Bolsjewistiese Rewolusie het die blad verklaar:

> "*It is a great day – the greatest and of infinitely more significance than any other red-letter day in the long memory of the Class Struggle... The dawn of the Socialist Commonwealth, the dream of so many generations of slaves in all parts of the world, is being celebrated on that day... Who is the working man who will not rejoice on the sixth of November? Is there one whose heart will not ring through with boundless happiness and enthusiasm on that historic day?... We, the workers of sunny South Africa, in celebrating the birthday of the Social Revolution, will have our eyes turned Eastwards, to the snowy steppes of the great Russian Soviet Republic*".[60]

In teenstelling met die euforie wat die sosialistiese pers aangaande die sukses van die Bolsjewistiese Rewolusie en die totstandkoming van die Russiese Sowjet-staat uitgestraal

---

[58] *The Star*, 06.03.1920, p. 10 (Election Sidelights).

[59] Kyk *The International*, 01.11.1918, p. 2 (League Notes); *Ibid.*, 15.11.1918, p. 3 (The Bolshevik Anniversary at Johannesburg); *Ibid.*, 17.10.1919, p. 8 (Notes of the Movement); *Ibid.*, 31.10.1919, p. 8 (Advertisement); *Ibid.*, 07.11.1919, p. 1 ("Berronia": November 7th), p. 8 (Notes on the Movement) en (Advertisements); *Ibid.*, 14.11.1919, p. 8 (The Bolshevik Social); *Ibid.*, 15.10.1920, p. 4 (Advertisement); *Ibid.*, 21.10.1921, p. 4 (Advertisement); *Ibid.*, 11.11.1921, p. 2 ("S.P.B.": The Year V) en p. 4 (The Russian Revolution); *Ibid.*, 10.11.1922, p. 3 (C.F. Glass: Hail of the Soviets!); *Ibid.*, 19.10.1923, p. 4 (Communist Party Notes); *Ibid.*, 02.11.1923, p. 1 en p. 2 (The Meaning of the Sixth Anniversary) en *Ibid.*, 09.11.1923, p. 2 ("Soviet Russia: God Bless Her!").

[60] *The Bolshevik*, November 1919, p. 1 (Hail the Workers' Republic!); *Ibid.*, November 1920, p. 1 (Hail, Russia of the Soviets!). Kyk ook A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 379.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het, het ***The Star*** se kommentaar oor die aangeleentheid lynreg van eersgenoemde verskil. ***The Star*** het verklaar: "*The tyranny of Russian Bolshevism is an evil and unclean thing*". Die Bolsjewistiese grondwet van Rusland is afgemaak as "*the toughest and most indigestible morsel ever offered by alien quack doctors as a quick cure for our maladies*" en as 'n "*monstrous perversion and repudiation of the principles of democracy*". Die "*league of lunatics*" (ISL) wat dit onderskryf het, het die "vernietiging van die blanke beskawing in Suid-Afrika" ten doel gehad. ***The Star*** was egter van mening dat "Bolsjewisme" nie gou plaaslik sou posvat nie. Daarom was alle praatjies oor die sosialistiese rewolusie in Suid-Afrika "*stupid and meaningless*".[61]

8.2 DIE RUSSIESE REWOLUSIE EN DIE POSISIE VAN SWART WERKERS

Die rewolusie het 'n groot invloed op die vorming en formulering van die ISL se swart beleid uitgeoefen. Teen 1917 het die organisasie tot die besef gekom dat die proletarisering van swartes onomkeerbaar was en eerder versnel sou word.[62] Reeds in Junie 1917 het D.I. Jones, wat tesame met S.P. Bunting deur sommige historici as die leiers van die sogenaamde "negrofiliste" in die League beskou word,[63] die volgende in ***The International*** geskryf:

> "*What does sympathy with the Russian Revolution imply, comrades! It implies the solidarity of labour irrespective of race and colour. That phrase may be hackneyed, so let us be precise. The Russian revolution in South Africa means the welcome hand to the native workingman into the fullest social and economic equality he is capable of attaining with the white workingman. This is the bedrock on which we split in South Africa*".[64]

---

[61] Kyk *The Star*, 20.11.1918, p. 6 (Tyranny in Excelsis); *Ibid.*, 03.12.1918, p. 8 (Hot-Air at Germiston); *Ibid.*, 02.05.1919, p. 10 (A May Morning); *Ibid.*, 09.06.1919, p. 8 (The Public Weal); *Ibid.*, 05.07.1920, p. 6 (A Beacon Light); *Ibid.*, 08.11.1920, p. 6 (Copy Russia?); *Ibid.*, 24.11.1920, p. 6 ("Dictatorship of the Proletariat"); *Ibid.*, 03.01.1921, p. 6 (A League of Lunatics).

[62] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 123. Kyk ook S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 92 en *The International*, 18.05.1917, p. 3 (A South African Council of Workmen).

[63] Kyk D.J. Kotzé: *Communism and South Africa*, p. 169; N. Weyl: *Traitors' End*, p. 46; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 54; B. Bunting (ed): *Letters to Rebecca*, p. 59.

[64] *The International*, 08.06.1917, p. 3 (The Stockholm Conference).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

W.H. Andrews het weer geskryf dat "*the influence of the Russian Revolution is felt far beyond the boundaries of the vast Soviet Republic and probably has an even more immediate appeal to the enslaved Coloured races of the earth than to Europeans*".[65] Daarby het ***The International*** verklaar:

> "*The movement of Labour in South Africa is beginning to find its centre of gravity, its home, among the real proletariat in this country. But we have a lot to do. The Revolution is knocking at the door, and the native and coloured workers must be told to wake up, and the white worker must be enlisted for the job of waking them up*",[66]

en:

> "*To accomplish* [the] *revolution in South Africa is the aim of the International Socialist League... As part of this task the white workers must encouraged to educate, organise and co-operate with their native fellow workers at the place of work in mine, factory and workshop; in order that the Socialist Republic of South Africa may be inaugurated by the unanimous solidarity of all the workers*".[67]

Dit is dus duidelik dat die debat in die ISL verskuif het na die posisie van die swart werkers in die verwagte rewolusie wat na Suid-Afrika sou versprei.[68] Jones het die Russiese stedelike proletariaat as 'n voorbeeld voorgehou van hoe kleinboere op 'n rewolusionêre pad gelei is "*they could never have hoped to lead alone*". Hy was van mening dat die verwesenliking van die rewolusie op die skouers van die meer polities ervare en opgevoede blanke werkers gerus het. Jones se siening was dat blanke werkers "*would be the engine of revolution in South Africa just as the comparatively small industrial proletariat steered the big mass of the Russian people* [peasants] *into the Soviet Republic*".[69] Selfs nadat hy na

---

[65] Aangehaal deur A. Odendaal and S. Forman (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 75.

[66] *The International*, 08.02.1918, p. 3 (Getting Under Way).

[67] *Ibid.*, 04.01.1919, p. 1 (Suggested Explanation of the ISL Platform).

[68] M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 13.

[69] *Ibid.*, pp. 123, 144; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 100; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 123, 411; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 203; B. Hirson &

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rusland verhuis het om vir die Komintern te gaan werk, het Jones aangaande die verwagte rewolusie uit Moskou vir ***The International*** geskryf: "*The African revolution will be led by white workers*".[70] Dit wil voorkom of die Industrial Socialist League van Kaapstad soortgelyke idees aangaande die blanke werkers se leidende rewolusionêre rol gekoester het.[71]

S.P. Bunting, wat geworstel het met die probleem van die aansienlike ongelykhede in die materiële welvaart van die swart en wit proletariaat, het egter gewaarsku dat "*a slavish imitation of Russia, or any other imported methods, would fail, and particularly in Africa, where whites are in the main hostile to non-whites*". Hy het te kenne gegee dat die swart werker 'n belangrike bewerker van die sosialistiese rewolusie sou wees. Bunting het selfs die daarstelling van "Naturelle-Sowjets" dwarsdeur die land, asook die stigting van 'n "Kongres van Naturelle-afgevaardigdes", bepleit om die SANNC (die latere ANC) te vervang.[72] Laasgenoemde organisasie is deur die ISL as "konserwatief", "reaksionêr" en "bourgeois" beskou.[73]

In sy kommentaar tot die aanloop van die Randse staking van 1922, het ***The International*** weer die kwessie van 'n *sowjet* met betrekking tot die swart werkers in Februarie 1920 te berde gebring:

> "*The alternatives, then, before the white workers are (1) to be driven back to helotage with the natives, or (2) advance with the natives to freedom. We have*

G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 187 – 188; A. Odendaal and S. Forman (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 75; *The International*, 08.02.1918, p. 2 (The Natives on the Land); *Ibid.*, 25.10.1918, p. 3 ("S.P.B.": To the Native Fellow-workers); *Ibid.*, 04.01.1919, p. 2 ("D.I.J.": Illiterate Native Workers); *Ibid.*, 07.02.1919, p. 1 (Proletarian Dictatorship); *Ibid.*, 11.04.1919, p. 3 ("D.I.J.": The White Workers' "Burden"); *Ibid.*, 04.06.1920, p. 7 ("D.I.J.": Bolshevism East & West).

70 S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 129 – 130; *The International*, 26.08.1921, p. 2 (D.I. Jones: Communism in Africa).

71 Kyk *The Bolshevik*, Maart 1920, p. 4 (Trades Union Notes).

72 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa, p. 206; M.A. Caldwell: Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919), p. 131; S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 99 – 100; *The International*, 18.01.1918, p. 2 ("S.P.B.": No "Mystery" in Organisation); *Ibid.*, 15.11.1918, pp. 1 – 2 ("S.P.B.": A Socialist Africa); *Ibid.*, 10.12.1920, pp. 3 – 4 (The ISL and the Coloured and Native Worker).

73 Kyk S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 76, 100; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 153, 172, 187 – 188, 205; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 195 – 196, 207, 213, 265; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 212 – 213 en hfst. 5, pp. 277 – 278 hierbo.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

to comtemplate always the possibility of a Rand Soviet arising from a Rand general strike... A Rand Soviet can only get Socialist support on the basis of the solidarity of labour irrespective of colour...the Soviet is only practical politics in South Africa on this basis".[74]

In April 1919 het die kwessie van "Bolsjewisme" en die ISL se betrokkenheid by swartes in Natal 'n klein opskudding veroorsaak. Terwyl hy in die Sweetwaters Sanatorium in Pietermaritzburg vir tering behandel is, het Jones, in samewerking met L.H.H. Greene, 'n plaaslike ISL-simpatiseerder, 'n klein pamflet, ***The Bolsheviks are Coming***, opgestel. Dit was opgedra "*to the workers of South Africa – Black as well as White*". Die pamflet het agt "lesse" vir swart werkers bevat waarin hulle aangemoedig is om te organiseer en aansluiting by die blanke werkers te vind in 'n gemeenskaplike beweging om vryheid en gelykheid vir alle werkers te bewerkstellig. Dit is ook in *seZulu* en *seSotho* vertaal en 10 000 eksemplare is in Pietermaritzburg en Durban versprei. Die twee skrywers is egter gearresteer en van oortreding van die Moratoriumwet en die Wet op Oproerige Byeenkomste aangekla, aangesien hulle glo sou saamgesweer het "*to create alarm or excite public feeling, and exciting public violence*" deur die verspreiding van die pamflet. Beide is op die twee aanklagte £75 en vier maande gevangenisstraf en £10 of een maand tronkstraf gevonnis. Alhoewel hulle na aansoek om appèl in die hooggeregshof vrygespreek is, het Greene sy werk verloor en sy vrou moes die kafee wat sy bedryf het, opgee. Jones is aangesê om die sanatorium te verlaat.[75] Die pamflet het onder andere verklaar:

---

[74] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 220; *The International*, 06.02.1920, p. 2 (The Strike Situation on the Rand).

[75] Kyk (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Rex versus D.J. Jones and L.H.H. Greene, pp. 175 – 185; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 98; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 193 – 194, 263, voetnoot 6; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 216 – 217; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 211; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 383, 385, 398, 423 – 425; B. Bunting (ed): *South African Communists Speak*, pp. 38 – 40; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, pp. 35 – 36; V. Sidenko: South African Communists – A Flashback (*New Times*, Nr. 52, 1969, pp. 6 – 7); E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 86 – 87; *The International*, 11.04.1919, p. 1 ("The Bolsheviks are Coming" Scare); *Ibid.*, 25.04.1919, pp. 4 - 5 (Rex V. Jones and Greene); *Ibid.*, 02.05.1919, pp. 2 – 3 (The "White Mind" in Natal); *Ibid.*, 16.05.1919, pp. 3 – 4 (Bolshevism on its Trail) en *Ibid.*, 29.08.1919, p. 1 ("The Kaiser Biffed Again"); *De Burger*, 27.08.1919, p. 5 (Die Bolsjewistiese Geskrifte); *The Star*, 04.04.1919, p. 10 ("Bolsheviks Coming"); *Ibid.*, 25.08.1919, p. 7 (Bolshevist Literature). Davidson, p. 398, verklaar dat 7 000 eksemplare van die pamflet versprei is, maar dit is ook moontlik dat hy dit met die pamflet van W.H. Andrews, *The Workers' Revolution in Russia*, verwar. Kyk ook p. 470, voetnoot 25 hierbo.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"A spectre is haunting Europe – the spectre of Bolshevism!... The Great War of Nations is over, and the Class War against Labour has openly begun. Bolshevism means the rule of the working class!... Workers! Do not be misled when the Capitalist Press reviles the Bolshevisks... They slander the Bolsheviks because they fear you will follow suit. They are afraid the workers in South Africa will also become free and independent... Remember the massacre of the workers in Johannesburg in 1913... Down with British Militarism! It is a weapon to crush the workers. Down with Allied intervention in Russia!! Down with the Capitalist Class in all countries!!! The hope of the workers is coming from Bolshevism. The free commonwealth of labour is an actual fact in Russia today. Bolshevism means the victory of the wage-earners... Get ready for the World-wide Republic of Labour. The way to get ready is to combine in the work-shops. Combine as workers, no matter what colour... While the black worker is oppressed, the white worker cannot be free. Before Labour can emancipate itself black workers as well as white must combine in one organisation of Labour, irrespective of craft, colour or creed. This is Bolshevism: The Solidarity of Labour. Workers of the World Unite! You have nothing to lose but your Chains. You have a world to win!!"[76]

8.3 RUSSIESE AFGESANTE EN MUNISIPALE SOWJETS

Omstredenheid het in die geledere van die Suid-Afrikaanse sosialiste ontstaan toe twee sogenaamde "Bolsjewistiese afgesante", Leo Lapitsky en Israel Sonsnovik, wat voorgegee het dat hulle direk uit "Rooi Moskou" gekom het, onderweg van Indië af op 13 Februarie 1919 in Durban geland het. Volgens W.H. Harrison was Lapitsky glo na die Maart-rewolusie 'n minister in die Kerensky-regering in Rusland. In Johannesburg het die twee Russe 'n gepakte vergadering van ongeveer 6 000 mense in die stadsaal, te midde van "tonele van ongebreidelde entoesiasme", oor die Russiese Rewolusie toegespreek. Die

[76] *The International*, 25.04.1919, pp. 4 – 5 (Rex V. Jones and Greene).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
vergadering het sy "nadruklike afkeur" van die Geallieerdes se "militêre inmenging in en ekonomiese wurggreep op die werkersklasrewolusie in Rusland en elders" uitgespreek.[77]

Alhoewel ***The International*** aanvanklik nie baie entoesiasties geklink het om die vergadering by te woon nie, het die blad na afloop daarvan slegs lofprysinge gehad vir wat bestempel is as "*the greatest Revolutionary Socialist demonstration ever held in Johannesburg*".[78] Davidson verklaar egter dat ***The International*** met opset aanvanklik die indruk wou skep dat hy nie eintlik geïnteresseerd in die boodskap van die twee Russiese sprekers was nie. Dit is klaarblyklik gedoen om die owerhede te sus omdat daar gevrees is dat te veel entoesiasme tot 'n verbod op die vergadering in die stadsaal sou kon lei. Davidson verklaar ook dat die ISL 'n aantal volledige stelle van ***The International*** aan Lapitsky en Sonsnovik oorhandig het waarvan sommige as geskenke, onder andere aan Lenin en die Komintern, oorhandig moes word. In teenstelling met ***The International*** se lofprysinge na afloop van die vergadering, het die twee grootste Johannesburgse *establishment*-persorgane, ***The Star*** en die ***Rand Daily Mail***, aanvanklik feitlik niks van die byeenkoms gerep nie.[79]

Vanaf Johannesburg het Lapitsky en sy vrou per trein na Kaapstad vertrek waar hulle op 12 April 1919 gearriveer het en deur lede van die plaaslike linkervleuel beweging ontvang is. Hoofsaaklik Russiese Jode het Lapitsky se lesings daar bygewoon. Dit blyk dat Lapitsky (en later ook Sonsnovik) se teenwoordigheid in Kaapstad die plaaslike *establishment*-pers onthuts het. Beide die ***Cape Times*** en die ***Cape Argus*** het verskeie hoofartikels aan hulle gewy met die opskrif "Bolshevist Emmissaries". So het die redakteur van die ***Cape Times*** in anti-semitiese trant beweer dat die Suid-Afrikaanse sosialiste "slegs 'n groep Russiese Jode was en daarom ook die Russe (Lapitsky en Sonsnovik) ondersteun het". Die regering het nie mooi geweet hoe om die Russiese

---

77 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Memorandum II, p. 210; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 83; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 211; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, p. 65; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 386 – 390; *The International*, 28.03.1919, p. 1 (Bolshevik Johannesburg); *The Labour World*, 05.04.1919, p. 4 (Town Talk); *De Burger*, 28.03.1919, p. 5 (Bolsjewistiese Ideale); *Ibid.*, 17.04.1919, p. 4 (Uit die Praathuis).

78 *The International*, 21.03.1919, p. 1 en *Ibid.*, 28.03.1919, p. 1 (Bolshevik Johannesburg).

79 A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 388, 390, 392. Kyk ook *The Labour World*, 05.04.1919, p. 4 (Town Talk).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besoekers te hanteer nie. Alhoewel hulle in die oë van die owerheid ongewens was, het hulle geen Suid-Afrikaanse wette oortree nie. In Johannesburg en Kaapstad is Lapitsky en sy vrou gevolglik nougeset deur speurders vergesel en gratis spoorvervoer en hotelverblyf gebied totdat 'n skip beskikbaar was waarmee hulle na Europa gedeporteer is. Sonsnovik het na sy en Lapitsky se optrede in Johannesburg aanvanklik eers na Durban vertrek, maar is eventueel ook na Europa *via* Kaapstad in Mei 1919 gedeporteer.[80]

Die bedenkinge aangaande Lapitsky en Sonsnovik se Bolsjewistiese geloofwaardigheid blyk tot 'n mate geregverdig te wees. Alhoewel beide ten gunste van die Russiese Rewolusie was, het Rebecca Bunting, die vrou van S.P. Bunting, wat self 'n Russiese immigrant van Joodse herkoms was, hulle nie as Bolsjewistiese afgesante nie, maar bloot as "avonturiers" beskou.[81] 'n Memorandum van die polisie se Misdaadondersoekburo suggereer ook dat Lapitsky en Sonsnovik maklik oorgehaal is om Suid-Afrika in ruil vir gratis oorvaarte te verlaat. Die memorandum het verklaar: *"It seems that they delivered* [their] *lecture* [s] *not so much by reason of their sentiments but as a means of livelihood*".[82]

Dit blyk egter dat Lapitsky en Sonsnovik die heersende Bolsjewistiese geesdrif wat onder die Randse sosialiste in die nadraai van die Bolsjewistiese Rewolusie geheers het enigsins versterk het. In Maart 1919 het die Johannesburgse munisipale trem- en kragsentralewerkers 'n staking uitgeroep. Dit was te wyte aan lae loonskale wat nie tred gehou het met die stygende lewensduurte nie en omdat die stadsraad besluit het om die aantal werkers in die kragsentrale te verminder. Op 1 April 1919 is die Johannesburgse

---

[80] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Memorandum III, 17.04.1919, pp. 213 – 214; (SAB) JUS Vol. 566, file no. 1/201/21, Deportation of Lapitsky & Others: Acting Deputy Commissioner South African Police-Secretary for Justice, 23.04.1919; (SAB) JUS Vol. 566, file no. 1/201/21, Deportation of Lapitsky & Others: G. Evans – Deputy Commissioner South African Police, 19.04.1919, pp. 1 – 5; (SAB) JUS Vol. 566, file no. 1/201/21, Deportation of Lapitsky & Others: Bolshevism Memorandum, 17.04.1919, pp. 1 – 2; *Ibid.*, G. Evans – Deputy Commissioner South African Police, 05.05.1919; (SAB) JUS Vol. 566, file no. 1/201/21, Deportation of Lapitsky & Others: H.J. Trew – Secretary for Justice, 27.05.1919; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, pp. 66 – 67; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 391 – 393; V. Sidenko: South African Communists – A Flashback (*New Times*, Nr. 52, 1969, pp. 7 – 8); *The International*, 11.04.1919, p. 1 ("The Bolsheviks are Coming" Scare) en (Farewell to the Russian Visitors); *Ibid.*, 02.05.1919, p. 3 (Cape Notes); *De Burger*, 11.04.1919, p. 3 (Bolsjewisme in Suid-Afrika); *Ibid.*, 17.04.1919, p. 5 (Bolsjewisme te Kaapstad) en p. 4 (Uit die Praathuis); *Ibid.*, 18.04.1919, p. 5 (Berig).

[81] Kyk E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 81 en 187, voetnoot no. 16. Kyk ook A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 386 – 387, 392.

[82] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Memorandum II, p. 211.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
"Provisional Joint Board of Control", wat ook as die "Johannesburg Sowjet" bekend sou staan, onder leiding van die vermaarde en stoere stakerleier, J.T. Bain, uitgeroep. Dit het bestaan uit verteenwoordigers van die stakerkomitee en sekere Arbeiderlede van die Johannesburgse stadsraad. Klaarblyklik is die idee vir sodanige munisipale werkersraad deur W.H. Andrews bedink en voorgestel. Die Joint Board of Control het die raadslede van die meerderheidsparty uit die raadskamer verdryf en eenvoudig die funksies van die gekose stadsraadslede van Johannesburg wederregtelik oorgeneem.

Terwyl die stadsraad nog geweifel het of die raadsbesluit oor die vermindering van werkers teruggetrek moes word, was Johannesburg vir twee nagte in duisternis gehul en het geen trems geloop nie. Die Joint Board of Control het toe sonder enige belemmering die trem-, elektrisiteits- en ander munisipale dienste vir bykans twee weke voortgesit. Munisipale inkomstes is in 'n spesiale fonds inbetaal wat deur die stadstesourier gekontroleer is. Aangesien die stadsraadslede se magteloosheid te midde van hierdie toedrag van sake hulle belaglik laat lyk het, het die Minister van Justisie en die Administrateur van Transvaal hulle na Johannesburg gehaas om die dispuut op te los. Die stadsraad se besluit oor werksvermindering het verval en 'n permanente gesamentlike raad van stadsraadslede en munisipale werknemers is tot stand gebring om enige verdere toevlug tot direkte aksie te verhoed. Die meerderheidsparty van die belastingbetalers op die raad, wat teësinnig tot die skikking moes instem, het uit protes uit die liggaam bedank. In die daaropvolgende tussenverkiesings is hulle setels deur onbestrede Arbeiderkandidate gevul. Gevolglik het die beheer van die Johannesburgse stadsraad vir die eerste keer in die hande van die Arbeidersparty oorgegaan.[83]

Volgens V. Sidenko was die Johannesburgse Joint Board of Control waarskynlik die eerste poging in Afrika wat volgens die voorbeeld van die Russiese Sowjets gehandel het.[84] Die

---

[83] (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Memorandum II, p. 210; I.L. Walker and B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 63 – 64; E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, pp. 44 – 45; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 391, 405 – 408; M. Kentridge: *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*, pp. 78 – 81; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 201 – 202, 210; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 83; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 182, 195; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 222; N. Weyl: *Traitors' End*, p. 48; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 101; J.P.R. Maud: *City Government. The Johannesburg Experiment*, pp. 82 – 83; B. Weinbren: Inside Story of SA Labour, Part XIII (*Forward*, 14.01.1944, p. 5).

[84] V. Sidenko: South African Communists – A Flashback (New Times, Nr. 52, 1969, p. 7).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
insident van die "Johannesburgse Sowjet" het egter ook 'n taamlike twispunt in die geledere van die ISL ontketen. Bunting, wat die redakteurskap van ***The International*** in daardie stadium ten tye van Jones se siekte waargeneem het, het 'n kritiese houding ten opsigte van die hele aangeleentheid ingeneem. Hy het dit geensins verbloem dat hy totaal onsimpatiek daarteenoor gestaan het nie. Hy het ook Andrews se leidende onderliggende aandeel aan die staking geïgnoreer. Daar was egter 'n aantal redes vir Bunting se houding. 'n Wydverspreide golf van stakings, pasverbrandings en oproer onder swart werkers het saamgeval met die staking van blanke munisipale werkers. Verskeie lede van die blanke stakingsafvaardiging het dan ook bystand aan die stadsraad beloof indien 'n beroep op hulle gedoen sou word om die "Naturellebedreiging" te onderdruk en om enige "vergrype" op blanke vrouens en kinders te verhoed. Hierdie verraad van klassesolidariteit met die swart werkers het Bunting, wat ook nog 'n addisionele en persoonlike grief gehad het, woedend gemaak. Aangesien hy dikwels swart versetplegers teen die paswette verdedig het, is hy by geleentheid deur 'n rassistiese blanke groep, wat hom erg toegetakel en gedra-marsjeer het, buite die hof verneder.[85]

Bunting het 'n striemende artikel, "The White 'Soviet' and the Red Herring", geskryf wat in ***The International*** van 11 April 1919 gepubliseer is. Enersyds het hy toegegee dat die munisipale staking en die Joint Board of Control was "*Johannesburg's first attempt at practical Bolshevism*". Aan die ander kant was hy egter bitter oor die blanke werkers se onverskilligheid jeens swartes en wat Bolsjewisme toegejuig het maar swartes aangerand het omdat hulle gewaag het om teen passe te protesteer. Hy het teen die blanke werkers uitgevaar "*for taking up this white against black red herring*". Bunting het daarop gewys dat die blankes nooit die daaglikse vergrype teen hulle mede (swart) werkers veroordeel het nie, of hulle teen polisie-optrede beskerm het, of hulle gehelp het om hoër lone te verky nie. Die munisipale "Sowjet" was 'n prysenswaardige gebeurtenis, maar sy sukses was aan 'n fatale fout, naamlik 'n seksionele optrede, te danke. Dit het nie eers die blanke werkers as geheel verteenwoordig nie, maar slegs munisipale werknemers. Deurdat dit nie gepoog het om die "Sowjet" buite Johannesburg uit te brei nie en deur aan te kondig dat dit net 'n

---

[85] R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 202; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 222 – 223; S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 99; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 182 – 183, 186 – 187; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 83 – 86; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 408 – 410; E. & W. Roux: *Rebel Pity. The Life of Eddie Roux*, p. 26; N. Weyl: *Traitors' End*, pp. 48 – 49.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
tydelike instelling sou wees, het die inisieerders daarvan die hele idee van 'n werkersraad weerspreek. Daarom was dit "*after all only an aristocrats' revolution*". Die "Sowjet", wat daarop aanspraak gemaak het dat hy in beheer van sake was, het nie enige van die swart sanitasiewerkers, wat ongeveer 'n jaar vroeër gestaak het en wie eise om hoër lone uit die hoogte geïgnoreer is, ingesluit nie.[86]

Van al die *establishment*-koerante het ***Ons Vaderland*** klaarblyklik positief gestaan teenoor bogenoemde "*Bolsjevisme in de praktijk*". Dié koerant was van mening dat die Board of Control die stad nie noodwendig slegter as die stadsraad sou regeer nie en het verklaar: "*...wat voor Johannesburg geldt, dat kan men ook zeggen van de hele Unie*".[87]

Die voorbeeld wat deur die Johannesburgse Board of Control gestel is, is byna 'n jaar later in Durban herhaal. Vroeg in Januarie 1920 het daar 'n ernstige dispuut tussen die Durban Municipal Employees' Society en die stadsraad ontstaan. Op 7 Januarie 1920 het die werknemers begin staak uit protes teen die beweerde viktimisering van die assistent-stadsklerk, H.H. Kemp. Kemp was 'n lid van die Society en 'n parlementêre SAAP-kandidaat vir die algemene verkiesing van daardie jaar. Een van die stakerleiers was Harry Haynes, 'n ISL-lid wat na Durban verhuis het. Vir drie dae lank het die stakers alle munisipale dienste, insluitende die trems, tot stilstand gebring. Die stakerkomitee, wat ongetwyfeld deur die voorbeeld van die Johannesbugse munisipale werkers geïnspireer is, het 'n "Board of Control", wat ook die "Durban Sowjet" genoem is, in die stadsaal uitgeroep. Die Union Jack is gestryk en die Rooi Vlag gehys op die dak van die stadsaal. Haynes het daarna verwys as die "Bolshevik Soviet". Die onderskeie sub-komitees wat deur die stakers daargestel is, het funksies van die stadsraad vir een dag suksesvol wederregtelik oorgeneem. Feitlik al die munisipale werknemers het ingewillig om onder die Board of Control met hulle werksaamhede voort te gaan. Gevolglik het die stadsraad spoedig tot 'n vergelyk met die stakers gekom waarna die raad weer toegelaat is om beheer

---

86 *The International*, 04.11.1919, pp. 1 – 2 (The White "Soviet" and the Red Herring) en p. 2 (The Pogrom Begins).

87 *Ons Vaderland*, 01.04.1919, p. 6 (Bolsjevisme op die Rand?). Kyk ook *Ibid.*, 04.04.1919, p. 5 (De Toestand op de Rand); *Ibid.*, 08.04.1919, p. 4 (Oneerlike Wapens).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
oor munisipale ondernemings te hervat en ingestem het om 'n permanente versoeningsraad van raadslede en werknemers tot stand te bring.[88]

In sy kommentaar op die totstandkoming van die Durbanse Board of Control het ***The International*** verklaar dat nadat die stelsel van staakwagte deur die stakers in plek geplaas is, dit toe nodig was om die "Sowjet-psigologie" te skep ten einde die "Sowjet" self te kon skep. Laasgenoemde was "*the constitutional wish of the working class of Durban*". Die blad het ook spesiale melding gemaak van die lojaliteit van die Durbanse munisipale polisie wat namens die Board of Control by die stadsaal wag gestaan het. ***The International*** het ietwat moedswillig geskerts dat die Durbanse bourgeoisie "*have been nightmared out of their wits by the spectre of revolution*". Voorts het die blad verklaar:

> "*The method by which the workers took control, inspired by 'n few Marxian Socialists and class war men...was a novel departure in tactics*".[89]

Klaarblyklik het die toename van Bolsjewistiese aktiwiteite in Suid-Afrika, soos die besoek van Lapitsky en Sonsnovik, die totstandkoming van die Johannesburgse en Durbanse "Sowjets", die rewolusionêre toesprake van sosialistiese sprekers tydens vergaderings van die ISL en die Industrial Socialist League en hulle propaganda onder swartes, asook die militante taal van ***The International*** en ***The Bolshevik***, die owerheid ontsenu. Daarby het die Comrades of the Great War ('n pro-oorlogorganisasie) en die polisie ernstig aanbeveel dat Bolsjewisme onderdruk moes word, terwyl die *establishment*-pers dit geëis het.[90]

---

88 E. Gitsham and J.F. Trembath: *A First Account of Labour Organisation in South Africa*, pp. 45 – 46; I.L. Walker and B. Weinbren: *2 000 Casualties*, pp. 65 – 74; T. Boydell: "*My Luck Was In*", pp. 171 – 173; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 223; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 229 – 230; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 411 – 412; B.L. Reid: Organised Labour in Natal: 1918 - 1924, pp. 74 - 81, 93; *The International*, 16.01.1920, p. 2 (The Durban Strike), pp. 2 – 3 (What are the Results) en p. 4 (The Durban Soviet).

89 Kyk *The International*, 16.01.1920, p. 2 (The Durban Strike) en p. 4 (The Durban Soviet). Kyk ook R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 223.

90 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Comrades – Acting Prime Minister, 29.04.1919, p. 219; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: J.S.G. Douglas – Secretary South African Police, 28.04.1919, p. 223; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police-Secretary for Justice, 26.04.1919, p. 228; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: J.M.L. Fulford – Deputy Commissioner South African Police, 24.04.1919, p. 229; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: G.S. Gray – Secretary South African Police, 14.04.1919, pp. 234 – 235; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 210 – 211; *The Star*,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gevolglik het die regering 'n Openbare Welvaart en Moratorium-wetsontwerp, wat as die "Anti-Bolsjewisme-wetsontwerp" bekend sou staan, aangekondig. Die bepalings van die wetsontwerp was egter so diktatoriaal en streng van aard dat dit feitlik op 'n onderdrukking van vrye spraak en die vakbondwese sou neerkom. In teenstelling met dit wat die regering verwag het, het die wetsontwerp eerder die hele arbeiderbeweging in protes verenig. In Johannesburg het 'n groot optog van mense, waarvan die helfte hulle agter die baniere van die ISL geskaar het, in solidariteit daarteen betoog, terwyl massavergaderings ook in Durban en Kaapstad gereël is. Onder leiding van die National Union of Railway and Harbour Servants en die ISL is groot byeenkomste georganiseer en uitdruklike protes is teen die regering geloods. Die ISL het 'n Vrye Spraakfonds geopen en ook die SAAP het hulle by die betogings geskaar. Uiteindelik het die regering sy pogings laat vaar om die wetsontwerp deur te voer.[91]

8.4 PERSREAKSIE OP HERTZOG SE "BOLSJEWISME"

Daar was ook 'n interessante variasie op die appèl wat Bolsjewisme tot Suid-Afrikaners gespreek het. Alhoewel om ander redes as vir die sosialiste, het Bolsjewisme aanvanklik ook 'n aantrekkingskrag vir die Nasionale Party van genl. Hertzog, met sy Afrikanerondersteuningsbasis, ingehou. Tydens die Transvaalse provinsiale NP-kongres in Pretoria in November 1919 het Hertzog die kwessie van Bolsjewisme aangeraak. Hy het gepoog om die Bolsjewistiese situasie in Rusland op die ekonomiese en politieke posisie van die Afrikaners in Suid-Afrika toe te pas. Volgens Van Deventer moet Hertzog se toespraak in die konteks van die Bolsjewiste se aanvanklike klem op die selfbeskikkingsreg vir die verskillende volkere van die tsaristiese ryk in Rusland beoordeel word. Daarby het die Suid-Afrikaanse regering se steun en deelname aan die Eerste Wêreldoorlog tot 'n herlewing van die anti-kapitalistiese sentimente in sommige Afrikanergeledere gelei. Die

---

18.04.1919, p. 20 (Readers' Views); *Ibid.*, 19.04.1919, p. 11 (The Comrades and Bolshevism); *Ibid.*, 22.04.1919, p. 7 (The Bolshevik Danger); *Ibid.*, 03.05.1919, p. 10 (The Incendiaries); *Ibid.*, 13.06.1919, p. 11 ("Anti-Bolshevik" Clause).

91 (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/189, Reports on Bolshevism in South Africa: H. Fowler – Minister of Justice, 02.05.1919, pp. 193 – 194; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 211; B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 66); *The International*, 30.05.1919, p. 1 ("Living Dangerously"); *Ibid.*, 06.06.1919, p. 1 (Fight for free Speech); *Ibid.*, 13.06.1919, p. 1 (The "Profiteers Protection" Bill at the Palladium), (Natal Protests), (ISL "Liberty" Meeting) en p. 2 (Lies upon Lies); *De Burger*, 04.06.1919, p. 5 (Skrik en Dwang-Wetgewing); *The Labour World*, 14.06.1919, p. 5 (Labourite-Editor); *Ibid.*, 28.06.1919, p. 9 (Parliament).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
oorlog het dus van nature vir diesulkes 'n daad van imperialistiese aggressie geword wat slegs 'n klein groepie kapitaliste bevoordeel het. Deur die oorlog op hierdie wyse te takseer, het 'n aantal Afrikaners hulle inderdaad met dieselfde anti-oorlogstandpunt as dié van die ISL vereenselwig.[92]

In sy toespraak het Hertzog verklaar dat die Geallieerdes se kritiek op Bolsjewisme 'n poging deur kapitaliste was om openbare steun te mobiliseer vir hulle voorneme om die Sowjet-staat te vernietig, en daarmee saam die vryheid van die Russiese volk wat suksesvol van tsaristiese imperialisme en verdrukking ontworstel is. Hierdie voorneme is deur ekonomiese eksploitasie gemotiveer en sou tot 'n hernieude oorlog in Europa kon lei. As 'n lid van die Volkebond sou Suid-Afrika noodwendig aan só 'n oorlog moes deelneem en Hertzog wou verhoed dat die Afrikanervolk daarvoor opgeoffer word. Hy het Russiese Bolsjewisme gelyk gestel aan die selfbeskikkingsreg van die Russiese volk van tsaristiese verdrukking. Voorts het Hertzog verklaar dat selfbeskikkingsreg die "dood" van kapitalisme en imperialisme was. Soortgelyk dus, was die Afrikaners se aspirasies oor selfbeskikking van (Britse) imperialisme. In daardie sin kon die Nasionaliste volgens Hertzog derhalwe ook as "Bolsjewiste" beskou word. Daarom het hy hulde gebring aan die "vryheidsidee" wat inherent deel van Russiese Bolsjewisme was.[93]

In 'n toespraak op Carnarvon, het dr. D.F. Malan, die NP-leier in die Kaapprovinsie, Hertzog se uitsprake oor Bolsjewisme verdedig. Volgens Malan het Hertzog slegs die Bolsjewistiese beginsel goedgekeur in soverre dit die reg tot die selfbeskikking en vryheid van alle volke erken het. As voorbeeld het Malan dit beklemtoon dat dit die Bolsjewiste

---

92 A. van Deventer: Afrikaner Nationalist Politics and Anti-Communism, 1937 – 1945, pp. 6 – 13. Kyk ook A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 396.

93 (SAB) A 32, Hertzog-Versameling, Vol. 84, Persoonlike Korrespondensie: J.B.M. Hertzog – F.C. Eloff, 29.11.1919, pp. 127 – 129; *Ibid.*, Vol. 109, Koerantknipsels: *Het Westen*, 25.11.1919 en *Die Afrikaner*, 02.12.1919, pp. 2, 5; F.J. du T. Spies (et al) (reds): *Die Hertzogtoesprake Deel 4 April 1918 – Junie 1924*, pp. 139 – 143; D.J.J. Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914 – 1921, pp. 183 – 184; A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*, p. 53; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 395; *De Burger*, 05.12.1919, p. 4 (Generaal Hertzog over Bolsjewisme); *Ibid.*, 10.12.1919, p. 5 (Generaal Hertzog en het Bolsjewisme); *Ons Vaderland*, 05.12.1919, p. 9 (Genl. Hertzog over Bolsjewisme); *The Star*, 06.12.1919, p. 9 (Hertzog Explains) en *Ibid.*, 26.01.1920, p. 10 (Nationalists and Bolsheviks). Kyk ook B. Bunting : *The Rise of the South African Reich*, pp. 34 – 35.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
was, en nie die Geallieerdes nie, wat vryheid van imperialisme aan die Pole, Lette, Finne en Oekraïniërs gegee het. Dit was dieselfde soort vryheid wat die NP nagestreef het.[94]

Sowel Oberholster as Van Deventer is van mening dat Hertzog se omstrede uitlatings eerder 'n naïwe verdediging van die beginsel van die nasionale selfbeskikking van volke was. Hulle beklemtoon dit dat die bevordering van selfbeskikking en volle outonomie ter wille van die Afrikaner voorop in Hertzog se gedagtes was. In daardie konteks gesien, was Bolsjewisme as sodanig relatief onbelangrik en het ter verheldering van sy argumente ten gunste van volle nasionale outonomie gedien.[95]

Weens 'n gebrek aan inligting oor die toedrag van sake in Rusland het die Nasionaal-gesinde koerante aanvanklik 'n ambivalente standpunt ten opsigte van Bolsjewisme ingeneem. In Mei 1919 het ***De Burger*** nog verklaar dat as Bolsjewisme anargie beteken, was die NP 'n "bolwerk" daarteen. Dit was die SAP-regering wat politieke ontevredenheid met geweld onderdruk het, soos tydens die Rebellie van 1914, wat 'n "vrugbare teelaarde vir die saak van Bolsjewisme" geskep het.[96] Maar na Hertzog se toespraak het ***De Burger*** Bolsjewisme weer binne die konteks van sy verduideliking verdedig.[97] ***Ons Vaderland*** het aanvanklik die Russiese Rewolusie goedgepraat en die aandeel van die Russiese volk in die val van tsarisme, wat by implikasie ook die val van imperialisme beteken het, bewonder. Die blad het ook SAP-koerante soos ***De Volkstem*** en ***The Star*** daarvan beskuldig dat hulle hul lesers oor die konteks van Hertzog se toespraak oor Bolsjewisme probeer mislei het.[98] Teen April 1919 het ***Ons Vaderland*** Bolsjewisme egter veroordeel omdat dit die

---

94 J.P. Brits: Die Totstandkoming van die Pakt-Regering van 1924, p. 104; D.J.J. Coetzee: Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914 – 1921, p. 184; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 395; *De Burger*, 16.12.1919, p. 5 (Kaapprovinsie). Davidson verklaar verkeerdelik dat die vergadering op Vryburg was. I.v.m. Hertzog en Malan se toesprake oor Bolsjewisme, kyk ook hfst. 6, p. 354.

95 A.G. Oberholster: *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*, p. 53; A. van Deventer: Afrikaner Nationalist Politics and Anti-Communism, 1937 – 1945, pp. 12 – 13.

96 *De Burger*, 13.05.1919, p. 4 (Het Bolwerk tegen het Bolsjewisme).

97 Kyk *Ibid.*, 05.12.1919, p. 6 (Uit die Pers); *Ibid.*, 09.12.1919, p. 4 (De Paaiboelie-Fabriek); *Ibid.*, 23.05.1920, p. 4 ('n "Witte Internasionale").

98 Kyk *Ons Vaderland*, 03.07.1917, p. 2 (De Eerste Helft van 1917) en *Ibid.*, 09.12.1919, p. 4 (Opmerkinge), onderskeidelik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vernietiging van die kapitalistiese waardesisteem en gelykstelling met swartes ten doel gehad het.[99]

The Star het Hertzog en Malan se uitlatige oor Bolsjewisme gekritiseer en verklaar dat hulle 'n ondemokratiese stelsel verdedig het. Hertzog het met vuur gespeel omdat die inprenting van Bolsjewisme in geen ander land so gevaarlik en rampspoedig as Suid-Afrika, waarvan die swartmense en die Kleurlinge die meerderheid van die bevolking gevorm het, was nie.[100]

In hoofstuk vyf is reeds gewys op die sosialiste se afkeer van Afrikanernasionalisme en die Nasionale Party. ***The International*** het dié party daarvan beskuldig dat dit nie die beginsel van Bolsjewistiese selfbeskikking, soos wat Lenin dit bedoel het, begryp het nie. Afrikanernasionalisme, wat "bourgeois belange" gedien het, het nie gepoog om die griewe van een etniese groep teenoor 'n ander, swart teenoor wit, aan te spreek nie. In daardie opsig het Afrikaneraspirasies ten opsigte van selfbeskikking, wat slegs "lippediens aan die Russiese Rewolusie betoon het", vir ***The International*** rassisme teen swartes geïmpliseer.[101] In 'n artikel, getitel: "To the Bijwoners and Afrikander Workers", wat in Oktober 1919 in ***The International*** verskyn het, is die Afrikaners weereens teen Hertzog en die NP gewaarsku. Volgens die blad kon die Afrikanerwerkers en grondlose bywoners hulle vryheid slegs verkry deur hulle aan die kant van die (Suid-Afrikaanse) Bolsjewiste te skaar. Die blad het hom soos volg op die Afrikaner beroep:

> "*We hear that in your despair you Afrikander* (sic) *people are beginning to turn to the Bolshevik movement: 'Ons zal bijvoeg met die Bolsheviki'... Let the word go forth to the disinherited of Africa, white and black, that the sun of freedom has arisen in the East and is fast bathing the revolving world in its radiance. Let it be the duty of all Afrikanders* (sic) *to spread the news among*

---

[99] *Ons Vaderland*, 03.12.1918, p. 4 ("Dr. Booijafta": Tussen twee Vure); *Ibid.*, 17.12.1918, p. 2 (Over Bolsjewisme); *Ibid.*, 21.01.1919, p. 8 (Bolsjevisme in de Praktijk); *Ibid.*, 11.04.1919, pp. 4, 7 (Wat is Bolsjewisme?); *Ibid.*, 17.04.1919, p. 3 ("Dr. Booijafta": Toestand Ernstig).

[100] *The Star*, 08.12.1919, p. 8 (The Fogs of Smithfield) en p. 11 (Smithfield Tales); *Ibid.*, 16.12.1919, p. 8 (Nationalists and Bolshevism); *Ibid.*, 23.12.1919, p. 10 (About Bolshevism); *Ibid.*, 26.01.1920, p. 6 (Seeing Red). Kyk ook *Ibid.*, 03.01.1921, p. 6 (A League of Lunatics).

[101] *The International*, 18.01.1919, p. 1 ("Presbyter is only Priest writ Large!"). Kyk ook hfst. 5, pp. 279 – 281.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

their fellow workers of the veldt... Let your cry be more and more: 'Ons zal bijvoeg met de Bolsheviki!!!'".[102]

Alhoewel ***The International*** Hertzog se aanval op internasionale kapitaal verwelkom het, het die koerant sy kritiek teen die NP-leier se "Bolsjewisme" in Desember 1919 herhaal:

> "*Some people are expecting great things from Hertzog's pronouncements on Bolshevism. There is no sinister design under his praise of Bolshevik aims. Any whip is good enough to beat the top capitalist class against which Hertzog rebels...the National Party is not a working class party, though it has workers in its ranks. Its mission is not to make the workers the ruling class, but to institute the political regime of the small farmers*".[103]

In Desember 1920 het S.P. Bunting 'n lang verklaring, "Socialism and the Dutch Nationalist Movement in South Africa" in ***The International*** gepubliseer vir goedkeuring tydens die sesde ISL-jaarkongres van Januarie 1921. In die verklaring, wat egter nie deur die kongres aanvaar is nie, het Bunting aanbeveel dat die ISL gekwalifiseerde steun aan die Afrikaner-nasionalistiese beweging verleen in soverre dit die Britse Ryk sou verswak. Hy het sorgvuldig aangedui hoedat sodanige steun eksklusief vir sosialistiese doeleindes aangewend moes word:

> "*Hence a Socialist Party will support agitation for the SA Nationalist principle as such – without caring whether it is practicable or not – just to the extent that it weakens British Imperialism. The* [Nationalist] *party as such, even with its spurious banner of Labour reforms, it cannot support... Hence a Socialist party in South Africa can in practice do little more in this connection than, using sympathy with the separatist movement...as an introduction to win confidence, to enlighten the disinherited among the Dutch people in town and country on the false position they occupy as Nationalists and Republicans, and*

---

[102] *The International*, 03.10.1919, p. 3 (To the Bijwoners and Afrikander Workers).

[103] *Ibid.*, 12.12.1919, p. 4 (Hertzog's Bolshevism). Kyk ook R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 217.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

on their only true salvation, the Socialist Republic or International Commonwealth of all workers".[104]

Ook ***The Bolshevik*** het 'n striemende aanval geloods op wat as Hertzog se "emasculated Bolshevism" bestempel is. Hertzog is daarvan beskuldig dat hy hom aan die kant van genl. Smuts en sir Thomas Smartt, onderskeidelik die leiers van die SAP en die Unioniste Party, geskaar het, terwyl die blad van mening was dat hierdie twee partye deur groot mynkapitaal gemanipuleer is. ***The Bolshevik*** het verklaar:

> "*General Hertzog, in spite of his defence of an emasculated 'Bolshevism', is as much an enemy of the working class as General Smuts, and is as fully prepared to crush any working class revolt. In the hour of danger to the capitalist class General Hertzog will be in the same camp as General Smuts and Sir Thomas Smartt. The Nationalist leaders of South Africa, in spite of their hatred for the imperial connection, will follow the example of those 'Sinn Feinn' employers in Ireland who in a recent strike obtained the services of Imperial soldiers to maintain 'law and order', and to protect Irish property*".[105]

8.5 STAPPE OP PAD NA KOMMUNISTIESE EENHEID

Die verskille tussen die twee strominge van linkervleuel internasionale sosialisme in Suid-Afrika, dié van die Johannesburgse ISL en dié van die Kaapstadse Industrial Socialist League, is verder gekompliseer deur gelyklopende pogings van beide groepe om hulle met die Russiese Rewolusie en die oorsese linkervleuel internasionale sosialiste te identifiseer. In die proses is 'n verdere potensiaal vir verdeeldheid en verwarring geskep. Een van die uitvloeisels van die Russiese Rewolusie was die stigting van die Derde Kommunistiese Internasionale (Komintern) in Maart 1919. ***The International*** het gevolglik toenemende aandag gewy aan hierdie nuwe internasionale wat die blad al so lank bepleit het. Dit was die realisering van Jones se oproep in 1915 vir 'n nuwe internasionale en sy begroeting van

---

[104] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 103 – 104; *The International*, 17.12.1920, p. 2 ("S.P.B.": Socialism and the Dutch Nationalist Movement in South Africa).

[105] *The Bolshevik*, Januarie 1920, p. 4 (The Strongest Weapon of Capitalism).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Russiese Rewolusie. Teen die middel van 1919 het ***The Internasional*** begin om die manifes van die Komintern in 'n artikelreeks te publiseer. Die blad het ook gereeld stellinge en resolusies van die Komintern herdruk. Die konstante tema van hierdie verklarings van die Komintern was die noodsaaklikheid vir alle linkervleuel internasionale sosialiste om hulleself tot steun en uitbreiding van die sosialistiese rewolusie, soos wat dit in Rusland gemanifesteer het, te organiseer.[106]

Beide die ISL en die Industrial Socialist League het pogings aangewend om hulle aangetrokkenheid tot die Russiese Rewolusie in 'n formele affiliasie by die nuwe sentrum vir die linkervleuel internasionale sosialistiese beweging te omvorm. Tydens sy vyfde jaarkongres in Januarie 1920 het die ISL besluit om by die nuwe Komintern in Moskou te affilieer.[107] Die ISL se aanspraak as die enigste verteenwoordiger van internasionale sosialisme in Suid-Afrika is egter deur die Industrial Socialist League uitgedaag. In 'n parallelle besluit het laasgenoemde organisasie ook besluit om vir affiliasie by die Komintern aansoek te doen:

> "*This declaration on the part of the League of allegiance to the Third International marks a new stage in the history and development of the Socialist movement of South Africa. Let us hope that working in conjunction with our Russian comrades and with the rest of the Militant Proletariat of the world, the*

---

[106] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 107 – 108, 112; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 208; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 430; D.J. Kotzé: *Communism and South Africa*, p. 169; *The International*, 27.06.1919, p. 2 (The "Third International"); *Ibid.*, 22.08.1919, p. 2 (A new Communist Manifesto); *Ibid.*, 29.08.1919, p. 4 (Another Moscow Manifesto); *Ibid.*, 03.10.1919, p. 5 (G. Zinoviev: A Clarion Call to the Proletariat); *Ibid.*, 09.04.1920, p. 6 (The Tactical Principles of the Third International); *Ibid.*, 11.06.1920, p. 3 (C.M. Roebuck: The Basis of the Third International); *Ibid.*, 13.08.1920, p. 3 (Thesis of the Executive Committee of Communist International); *Ibid.*, 20.08.1920, p. 2 (Thesis of the Executive Committee of Communist International); *Ibid.*, 27.08.1920, p. 2 (Thesis of the Executive of Communist International); *Ibid.*, 10.09.1920, p. 3 (Thesis of the Executive of Communist International); *Ibid.*, 24.09.1920, p. 3 (The Second Congress of the Communist International); *Ibid.*, 09.09.1921, p. 3 (D.I. Jones: The Third International); *Ibid.*, 16.09.1921, p. 3 (D.I. Jones: The Third International) en *Ibid.*, 23.09.1921, p. 3 (D.I. Jones: The Third International).

[107] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 109; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 208; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 245; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 430; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 37; V. Sidenko: South African Communists – A Flashback (*New Times*, Nr. 52, 1969, p. 8); *The International*, 09.01.1920, p. 5 (The Fifth Milestone); *Ibid.*, 16.01.1920, p. 4 (The Growth of the Third International); *Ibid.*, 23.04.1920, p. 8 (League Notes); *Ibid.*, 20.08.1920, p. 3 (Moscow and the ISL); *Ibid.*, 21.01.1921, p. 1 (ISL Sunday

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

South African Workers will soon prove to be worthy comrades in the Great Cause".[108]

Die situasie is verder gekompliseer toe die Johannesburgse ondersteuners van die Industrial Socialist League, wat klaarblyklik met Jiddishsprekende afvallige elemente uit die ISL saamgesmelt het, in 1920 besluit het om hulle nuwe organisasie die Communist League te noem. Sodoende het die eerste sosialistiese organisasie met die woord *kommunis* in sy naam in Suid-Afrika tot stand gekom. Die Communist League was dus in opposisie met die ISL wat homself as die verteenwoordiger van die Komintern in Suid-Afrika beskou het. In Oktober 1920 het die Industrial Socialist League van Kaapstad en sy Johannesburgse tak, die Communist League, weer saamgesmelt om die (voortydige) Kommunistiese Party van Suid-Afrika te vorm.[109]

Die reëls vir affiliasie by die Komintern, die sogenaamde 21 Voorwaardes wat deur Lenin geformuleer is, het stiptelik bepaal dat slegs een kommunistiese party per land daarby kon aansluit. Gevolglik het die ISL die inisiatief geneem om al die sosialistiese partye, groepe en indiwidue in Suid-Afrika bymekaar te bring ten einde 'n enkele, gedissiplineerde en gesentraliseerde kommunistiese party tot stand te bring.[110] Laat in November of vroeg in Desember 1920 het die ISL 'n formele oproep tot sosialistiese eenheid gedoen. Nie-blanke, sowel as sosialistiese organisasies en belangstellende indiwidue, is uitgenooi om afgevaardigdes na die sesde jaarkongres van die ISL in Januarie 1921 te stuur sodat die rol

---

Propaganda); *Ibid.*, 01.04.1921, p. 1 (Our Delegates Arrive); *Ibid.*, 06.05.1921, p. 4 (Third International Congress); *Ibid.*, 13.05.1921, p. 4 (The Third International).

108 S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 109; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 257; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 430; *The Bolshevik*, Januarie 1920, p. 4 (The League and the Third International); *Ibid.*, Mei 1920, p. 3 (A Year's Activity).

109 S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 109 – 111; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 216, 257; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 435; L. and D. Switser: *The Black Press in South Africa and Lesotho*, pp. 71 – 72; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 37; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, p. 68; E.A. Mantzaris: "Radical Community: The Yiddish-speaking Branch of the International Socialist League, 1918 – 1920" (B. Bozzoli, ed: *Class, Community and Conflict*, pp. 170 – 171); R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 208; *The Bolshevik*, September 1920, p. 4 (The New Communist Party); *Ibid.*, Oktober 1920, p. 1 (Communist Party of South Africa) en p. 4 (The Soviets); *Ibid.*, Desember 1920, p. 1 (Revolutionary Programme). I.v.m. die stigting van die Communist League en die voortydige Kommunistiese Party van Suid-Afrika, kyk ook hfst. 5, pp. 265, 305.

110 A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 37; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 208; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 435, 438. Kyk ook *The International*, 15.04.1921, p. 3 (The Twenty-One Points).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van 'n kommunistiese of sosialistiese party en sosialistiese eenheid in Suid-Afrika onder andere bespreek kon word. Die mees beslissende dokument wat die kongres aanvaar het, was 'n verklaring van die ISL oor sosialistiese eenheid wat op die vooraand van die konferensie ook in ***The International*** gepubliseer is. In 'n beslissende afsluitingstap het die kongres 'n sub-komitee, wat as die Unity Committee bekend gestaan het, aangestel. Dit moes 'n verslag van die ISL-kongresverrigtinge as basis vir eenheid opstel. In die dokumente van die Unity Committee is gevisualiseer dat die geprojekteerde nuwe organisasie die leier van die "komende sosialistiese rewolusie" in Suid-Afrika en 'n integrale deel van die Komintern sou wees.[111]

Die totstandkoming van die Unity Committee was die teken vir die aanvang van die finale stappe wat sou lei tot die stigting van 'n enkele, verenigde kommunistiese party, wat ook by die Komintern geaffilieer sou wees. Ten spyte van heelwat twis en afsplitsings, het elemente van die Kaapstadse SDF, die (voortydige) Kommunistiese Party van Suid-Afrika en die Jewish Socialist Society intussen die 21 Voorwaardes van die Komintern bekragtig en daarin geslaag om die United Communist Party of South Africa in Maart 1921 te stig.[112]

Uiteindelik het veertien afgevaardigdes, almal Engelssprekende blankes, op 30 Julie 1921 in Kaapstad vergader. Die afgevaardigdes het die ISL, die United Communist Party van Kaapstad, die Marxistiese Klub van Durban ('n studiegroep wat in Augustus 1919 gestig is om die ekonomiese teorieë van Karl Marx te bespreek) en die Poalei Zion van Johannesburg ('n tak van die Joodse Marxistiese organisasie wat in Oos-Europa ontstaan het) verteenwoordig. Die manifes wat deur die Unity Committee voorgestel is, is sonder

---

[111] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 112, 114 – 115, 121; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, p. 37; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 72; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 438; R.K. Cope: *Comrade Bill*, p. 209; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 260 – 261; *The International*, 22.10.1920, p. 1 ("S.P.B.": "Socialist Unity" What About?); *Ibid.*, 31.12.1920, p. 1 (The Role of a Socialist Party in South Africa) en (Socialist Unity in South Africa); *Ibid.*, 07.01.1921, p. 2 (ISL Sixth Annual Delegate Meeting); *The Star*, 24.11.1920, p. 8 (Communist Propaganda); *Ibid.*, 02.04.1921, p. 10 (South African Communists).

[112] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 115 – 116; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 438 – 439; B. Bunting (ed): *Letters to Rebecca*, p. 37; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 258; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, p. 72; *The International*, 25.02.1921, p. 1 (Socialist Unity); *Ibid.*, 11.03.1921, p. 2 (Socialist Unity); *Ibid.*, 25.03.1921, p. 3 (Socialist Unity) en p. 4 (W. Green: A Letter from Capetown); *Ibid.*, 08.04.1921, p. 4 (Socialist Unity); *Ibid.*, 15.04.1921, p. 1 (The South African Communist Party) en p. 2 (W. Green: Comrades, Are We Ready?); *Ibid.*, 22.04.1921, p. 4 (M. Lopes: Cape Notes).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

enige veranderinge aanvaar en die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (KPSA) is amptelik gestig. Die oorheersing van die ISL in die verrigtinge van die stigtingsvergadering is onderstreep met die verkiesing van ampsdraers vir die nuwe party. C.B. Tyler is as voorsitter, W.H. Andrews as sekretaris, en S.P. Bunting as tesourier van die party verkies. Daar is ook besluit dat die nuwe party formeel aansoek om affiliasie by die Komintern sou doen.[113]

Die manifes van die KPSA het hom verheug in die oorwinning van die Russiese werkers en het voorspel dat die res van die wêreld ook spoedig die sosialistiese rewolusie sou betree. Die tyd het aangebreek dat die arbeiderbeweging van Suid-Afrika gehoor gee aan die wekroep van die "komende rewolusie". Ten einde hierdie doel te bereik, het die nuwe Kommunistiese Party hom daaraan toegewys om alle klasbewuste werkers vir die finale aanslag teen kapitalisme te mobiliseer. Die onmiddellike take van die nuwe party sou wees "*to establish the widest and closest possible contact with workers of all ranks and races, and to propagate the Communist gospel among them, in the first instance among the industrial masses, who must provide the 'storm troops' of the Revolution, and secondly, among the rural toilers*". Die dokument het erken die nuwe party "*would derive great strength and inspiration from its connection with the World Communist International, at present headed by the Russian Communist Party...*". Die KPSA se aanvaarding van die 21 Voorwaardes van die Komintern was ook tekenend van eersgenoemde se formele aanvaarding van die gesag van die Moskou-gebaseerde organisasie.[114]

---

[113] S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 113, 123 – 125; A. Lerumo: *Fifty Fighting Years*, pp. 37 – 38; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, p. 261; R.K. Cope: *Comrade Bill*, pp. 209 – 210; S. Forman and A. Odendaal (eds): *A Trumpet from the Housetops*, pp. 72 – 73; D.J. Kotzé: *Communism and South Africa*, pp. 169 – 170; W.H. Harrison: *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 – 1947*, pp. 70 – 72; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 90; B. Bunting (ed): *South African Communists Speak*, p. 57; B. Bunting (ed): *Letters to Rebecca*, p. 34; V. Sidenko: South African Communists – A Flashback (*New Times*, Nr. 52, 1969, p. 8); *The International*, 12.08.1921, p. 2 (The Launching of the Communist Party of S. Afrika); *De Burger*, 30.07.1921, p. 6 (Verenigde Kommunistiese Party). Vir 'n gedetailleerde bespreking van die gebeure wat tot die stigting van die KPSA aanleiding gegee het, asook van die stigtingsverrigtinge, kyk S. Johns: The Birth of the Communist Party of South Africa (*The International Journal of African Historical Studies*, Vol. 9, No. 3, 1976, pp. 371 – 400) en A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 439 – 443.

[114] Kyk S. Johns: *Raising the Red Flag*, pp. 121 – 122; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 443 – 444; H.J. and R.E. Simons: *Class and Colour in South Africa 1850 – 1950*, pp. 262 – 263; B. Bunting (ed): *South African Communists Speak*, pp. 57 – 65; *The International*, 12.08.1921, p. 3 (The Communist Party of South Africa) en (Constitution and Rules).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Johns stel dit dat die stigting van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (Afdeling van die Kommunistiese Internasionale) tekenend was van die bymekaarbring van al die belangrike dissipels van die Russiese Rewolusie en die militante linkervleuel internasionale sosialisme wat dit ondersteun het.[115] Die feit dat die KPSA feitlik gelyklopend met die kommunistiese partye van die toonaangewende Wes-Europese lande gestig is, was volgens Davidson weer tekenend van die hoë gevorderde vlak en diepgesetelde tradisie van sosialistiese idees aan die Suidpunt van Afrika in daardie stadium.[116]

8.6 SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTE EN SOWJET-RUSLAND

Nadat D.I. Jones Suid-Afrika in November 1920 permanent verlaat het om vir die Komintern in Moskou te gaan werk, het hy benewens sy veelvuldige literêre bydraes in oorsese kommunistiese publikasies, ook steeds artikels geskryf vir ***The International***,[117] wat sedert Julie 1921 die amptelike orgaan van die KPSA was.[118] Volgens Davidson het die invloed van Jones se propagandawerk by die Komintern heelwat ongemak in sekere kringe in Suid-Afrika veroorsaak. Die ***Cape Times*** het glo by Brittanje daarop aangedring om van die Russiese regering te eis dat 'n einde gemaak word aan die "kwaadwillige aktiwiteite" van "Neger-propagandiste" soos Jones wat "'n groeiende bedreiging vir die beskawing in Suid-Afrika ingehou het".[119]

Jones het uitgebreid deur Rusland gereis en 'n intense belangstelling in die land getoon waar hy byvoorbeeld kleinboere op die platteland, lokomotiefwerkplase, myne, en metaal- en chemiese nywerhede besoek het. In sy rubriek in ***The International***, wat onder titels soos "News from Russia", "In the Home of the Revolution" en "Russia Day by Day" verskyn het, het hy Sowjet-Rusland as 'n idilliese kommunistiese werkersparadys beskryf waarin al die euwels van die kapitalistiese samelewing in die proses was om reggestel te word. In sy pogings om die voordele van sosialisme te demonstreer, het Jones selfs die

---

[115] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 125.

[116] A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 444.

[117] *Ibid.*, pp. 446 – 449; B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 199 – 200, 207, 210, 215 – 220, 241 – 243, 247.

[118] Kyk *The International*, 12.08.1921, p. 2 (The International) en hfst. 5, p. 262 hierbo.

[119] A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 451.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kleinste en beuselagtigste voorbeelde gebruik. Hy het byvoorbeeld die munt van klein munte en die vooruitgang by die Yalta-sanatorium, waar Bolsjewisties-opgeleide dokters en administratiewe personeel die ou tsaristiese amptenare aan die vervang was, beskryf. Jones kon geen fout vind met die Sowjet-samelewing nie. Hy het in gloeiende terme 'n beeld van die Krim-skiereiland geskets as nog 'n advertensie vir die glorie van voortreflikhede van die Sowjet-staat. In 'n gloeiende huldeblyk het Jones 'n oneindigende bewondering vir Lenin en Trotski geopenbaar wat as die argitekte van die nuwe kommunistiese samelewing en die inspireerders van wêreldrewolusie toegejuig is.[120]

S.P. Bunting, wat Moskou in 1922 as die KPSA-afgevaardigde na die vierde kongres van die Komintern besoek het, het Jones nagedoen in sy gloeiende verheerliking van Lenin, sy mense en die wonders van die Sowjet-samewerking in 'n artikelreeks wat in ***The International*** gepubliseer is. Hy het oor die "*stimulating atmosphere of Moscow being congenial*" geskryf. Bunting het Sowjet-Rusland as "*a veritable and almost complete 'paradise of the working class'*" beskryf.[121] Ook W.H. Andrews, wat vanaf Mei 1923 vir een termyn as Suid-Afrikaanse afgevaardigde in die uitvoerende komitee van die Komintern gedien het, het 'n uiters positiewe indruk van sy verblyf in Rusland geskets. Van September tot Desember 1923 het menigte artikels en uittreksels van hom – soms twee tot drie per uitgawe – in ***The International*** verskyn, met titels soos "Scenes from Moscow Life", "Sketches of Soviet Russia", "The Kremlin", "Russian Wedding", "Fleeting Impressions of South Russia" en vele ander.[122]

---

[120] Kyk B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 216 – 219, 241 – 243, 247; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, pp. 447, 449, 451; *The International*, 12.08.1921, p. 1 (The Red International); *Ibid.*, 30.09.1921, p. 1 (Our Moscow Letter); *Ibid.*, 21.10.1921, p. 1 (A Gossip from Headquarters) en p. 4 (D.I. Jones: The Russian Situation); *Ibid.*, 28.10.1921, p. 1 (D.I. Jones: In A Russian Forest); *Ibid.*, 11.11.1921, p. 2 ("S.P.B.": The Year V); *Ibid.*, 15.09.1922, p. 2 (D.I. Jones: A Summer's Eve in Russia); *Ibid.*, 23.02.1923, p. 3 (D.I. Jones: News from Russia); *Ibid.*, 09.03.1923, p. 3 (D.I. Jones: In the Home of the Revolution); *Ibid.*, 18.05.1923, p. 1 (A Letter from Russia); *Ibid.*, 01.06.1923, p. 4 (D.I. Jones: Russia Day by Day); *Ibid.*, 08.06.1923, p. 4 (D.I. Jones: Russian Communist Congress); *Ibid.*, 14.03.1924, pp. 7 – 8 (D.I. Jones: Lenin The Immortal) en *Ibid.*, 04.04.1924, p. 5 (D.I. Jones: Lenin's Death and After).

[121] Kyk E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, pp. 97 – 98; B. Bunting (ed): *Letters to Rebecca*, p. 40; A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 454; *The International*, 26.05.1922, p. 2 (Bon Voyage to Comrades Mr. & Mrs. Bunting); *Ibid.*, 13.10.1922, p. 2 (S.P. Bunting: Under the Red Flag); *Ibid.*, 27.10.1922, p. 3 (S.P. Bunting: The Freedom of the City); *Ibid.*, 24.11.1922, p. 3 (S.P. Bunting: Musical Moscow); *Ibid.*, 05.01.1923, p. 3 (S.P. Bunting: The Glorious Seventh); *Ibid.*, 19.01.1923, p. 3 (S.P. Bunting: The Moscow Congress); *Ibid.*, 26.01.1923, p. 3 (S.P. Bunting: The "New" Economic Policy); *Ibid.*, 25.01.1924, p. 4 (S.P. Bunting: Lenin: Personal Impressons).

[122] A.B. Davidson: *Yuzhnaya afrika - stanovleniye sil protesta 1870 - 1924*, p. 458.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

The Bolshevik het in soortgelyke trant gevolg in sý voorstelling van die Sowjet-lewe in Rusland aan sy lesers. Die blad het die Russiese werkers se voorneme om sonder vergoeding oortyd te werk, omdat hulle "die meesters van hulle land" was, geloof. Volgens ***The Bolshevik*** "*nobody* [would] *grumble, just as no working man objects to put in a couple of hours in his own home when he comes back from the workshop*".[123] In 'n terugskouing op die blinde en onkritiese bewondering van die Suid-Afrikaanse sosialiste en kommuniste vir die kommunistiese samelewing van Rusland, het Baruch Hirson, Jones se biograaf, verklaar dat hierdie blinde geloof een van die groot struikelblokke sou wees vir diegene wat in latere jare sou poog om die aard van die Sowjet-Unie te herwaardeer.[124]

Aangesien die Bolsjewistiese Rewolusie mettertyd egter nie daarin kon slaag om oor die aardbol te versprei nie, het die aanvanklike vurige entoesiasme vir die "komende rewolusie" in Suid-Afrika ook eventueel, veral onder sy eertydse Joodse ondersteuners, begin kwyn.[125] Reeds so vroeg as 1920 het dit geblyk dat die rewolusionêre gees begin stoom verloor het. Die Suid-Afrikaanse sosialiste het ietwat ontnugter geraak oor die moontlikheid dat 'n rewolusie plaaslik sou uitbreek en hierdie sentimente is ook duidelik in die sosialistiese pers weerspieël. Klaarblyklik was die Suid-Afrikaanse proletariaat nog nie vir sodanige opstand gereed nie. In 'n toespraak wat Jones in Durban in Oktober 1920 voor 'n vergadering van ISL-ondersteuners gelewer het, het hy onder meer gesê: "*...the issues that required the institution of Soviets had not yet appeared in South Africa*".[126] En in November 1921 het 'n onthutste Bunting in ***The International*** geskryf:

> "*Here in South Africa, indeed, we are still in the Valley of the Shadow. The Communist movement here has not yet developed the momentum required for*

---

[123] *The Bolshevik*, Mei 1920, pp. 5, 8 ("Produce"). Kyk ook *Ibid.*, November 1920, p. 1 (Hail Russia of the Soviets!) en p. 3 (B. Kreel: Control of Industry); *Ibid.*, Januarie 1921, p. 4 (A Letter from Home).

[124] B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, p. 243.

[125] *Ibid.*, p. 167; N. Weyl: *Traitors' End*, pp. 49 – 50; D.J. Kotzé: *Communism and South Africa*, p. 169; E. Roux: *S.P. Bunting. A Political Biography*, p. 87; B. Bunting (ed): *South African Communists Speak*, p. 56; (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Commissioner South African Police-Secretary for Justice, 30.10.1920, p. 56.

[126] *The International*, 15.10.1920, p. 4 (Power of the People).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

effective attack. In particular, we have not yet awakened the masses of our native proletariat, our real task in the world campaign...".[127]

Bunting se sentimente is deur Harry Haynes in ***The Bolshevik*** herhaal.[128] Selfs die polisieverslae van 1920 oor die plaaslike Bolsjewistiese beweging het dit betwyfel of Bolsjewisme ooit veel vordering buite die groter dorpe en stede sou maak. Die verslae was ook van mening dat Bolsjewisme "*calls for no alarm at the present time*".[129] Die feit dat die kommuniste negatief gestem geraak het aangaande die verwesenliking van 'n Bolsjewistiese rewolusionêre ideaal, is verder beaam toe ***The International*** in Februarie 1922, dus vóór die rewolusionêre fase van die Randse staking, dit alreeds uitdruklik gestel het dat die toestande op die Witwatersrand nie gereed was vir die tree na 'n Sowjet-republiek nie.[130]

Die Suid-Afrikaanse sosialiste en kommuniste was suksesvol om in navolging van hulle Russiese kamerade 'n verenigde Suid-Afrikaanse kommunistiese party volgens die voorwaardes van die Komintern te stig. Die verwesenliking van die sosialistiese rewolusie en die daarstelling van 'n sosialistiese werkersrepubliek, gebaseer op die model van die Sowjet-staat, het egter 'n ontwykende ideaal gebly. Die mislukking van die sosialiste en die kommuniste om die blanke werkersklas ten spyte van die verwagtinge en euforie van die Russiese Rewolusie van 1917 mee te sleur, tesame met die sterk emosionele impetus wat die gevolge van die staking van 1922 aan rewolusionêre ideale verleen het, word soveel te meer beklemtoon deur die politieke gedrag van die blanke arbeiderbeweging tydens die algemene verkiesing van 1924. Die blanke werkers het as kieserskorps wel, soos ook deur die kommuniste aangeraai, *en masse* vir die Pakt gestem, maar toe hulle pleidooie om nie die samestelling van 'n Pakt-regering te ondersteun nie, eenvoudig verontagsaam. Dit, tesame met die feit dat dit die Pakt-regering was, en nie die KPSA as die "party van die

---

[127] *The International*, 11.11.1921, p. 2 ("S.P.B.": The Year V).

[128] *The Bolshevik*, April 1920, p. 2 (The Revolutionary Outlook).

[129] Kyk (SAB) JUS Vol. 267, file no. 3/1064/18, Reports on Bolshevism in South Africa: Report on Bolshevism in the Union of South Africa, 01.06.1920, p. 106; *Ibid.*, Commmissioner South African Police-Secretary for Justice, 30.10.1920, p. 55.

[130] S. Johns: *Raising the Red Flag*, p. 140; B. Hirson: The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993, p. 85); *The International*, 03.02.1922, p. 2 (The Communist Party and the Crisis); *Ibid.*, 17.02.1922, p. 4 (C.F. Glass: Correspondence).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
werkers" nie, wat die materiële beloftes aan die blanke werkersklas kon vervul, het verseker by die kommuniste 'n bitter smaak in die mond gelaat.

Die negatiewe stemming van die kommuniste en die erkenning van die gebrek aan invloed en impak wat hulle op die blanke arbeiderbeweging gemaak het, word ten beste verwoord in een van die laaste briewe wat Jones voor sy dood in 1924 vanuit Rusland aan sy kamerade tuis geskryf het:

> "*As a matter of fact, there is no room for a CP* [Kommunistiese Party] *in white South Africa except as the watchdog of the native, as the promoters of rapprochement, watching within the broader organizations, for every opportunity to switch the white movement on right lines on this question and scotching every conspiracy to rouse race hatred and strike breaking of race against race*".[131]

[131] B. Hirson & G.A. Williams: *The Delegate for Africa*, pp. 240, 251.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die *leitmotiv* van regse arbeiderkoerante soos ***The Worker***, ***The Eastern Record***, ***The Evening Chronicle***, ***The Labour World*** en ***The Guardian***, wat die beleid van die SAAP amptelik of in 'n nie-amptelike hoedanigheid ondersteun en verkondig het, was die beskerming en verskansing van blanke, of sogenaamde "beskaafde arbeid", in die myn- en ander industrieë, asook in staats- en semi-staatsinstellings. Sodoende het hierdie koerante diskriminerende praktyke, onderliggend aan 'n gevoel van blanke meerderwaardigheid, rassisme en paternalisme teenoor nie-blankes, soos die behoud van die kleurslagboom en werkreservering vir blankes ten koste van swart en gekleurde werkers, energiek voorgestaan en gepropageer. Hierdie kwessies het veral in perskolomme as oorsaak van die Randse staking van 1922 gewoed. So beskou, was die geskiedenis van die blanke arbeiderbeweging in 'n sekere sin ook 'n spieëlbeeld van die geskiedenis van die swart en gekleurde arbeiderbeweging.

'n Aantal identifiseerbare subtemas, wat die werksaamhede en nywerheidsoptrede van georganiseerde arbeid bepaal het, word ook deur die regse arbeiderpers gereflekteer, soos die beskikbaarheid van werk aan blanke werkers, veral in die mynbedryf, die loonkwessie, werkvoorwaardes en -omstandighede, asook gesondheidstoestande in die myne. 'n Verdere subtema van die arbeider- en sosialistiese pers, en wat ook deur *establishment*-persorgane soos ***The Star***, ***Die Burger*** en ***Ons Vaderland*** aangespreek is, was om die ideologiese en partypolitieke aksieprogramme van die verskillende politieke partye aan kiesers bekend te stel en te verdedig, asook om kritiek op opposisiepartye te lewer en hulle swakpunte aan die kaak te stel.

Met die skeuring van die SAAP in 1915 sou die **rassesiening** uiteindelik uitkristalliseer in twee totaal opponerende denkskole in soverre dit politieke en ekonomiese kwessies rakende die arbeiderbeweging betref het. Waar die reservering, behoud en beskerming van die blanke markaandeel, veral ten opsigte van arbeid op die Witwatersrand, die vernaamste dryfveer van die SAAP, regse blanke vakbonde en hulle persorgane geword het, het die sosialistiese en kommunistiese organisasies en pers egter gaandeweg tot die gevolgtrekking gekom dat die eintlike arbeidsmag of proletariaat die swart arbeidsmag was. Kleurling- en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Asiatiese werkers was by hierdie siening ingesluit. Daarom moes daar eerder op die nie-blankesegment gekonsentreer word ten einde die belange van die Suid-Afrikaanse werkersklas in sy geheel te bevorder. Sodoende is voorsien dat die ideaal van 'n sosialistiese (kommunistiese) samelewing in die vorm van 'n werkersrepubliek of gemenebes ook uiteindelik verwesenlik sou kon word.

'n Verdere tema wat deurlopend deur arbeider- en sosialistiese blaaie, asook deur Afrikaner-arbeidergesinde koerante soos ***Die Burger*** en ***Ons Vaderland*** aangeroer is, was aanvalle en kritiek op kapitalisme, spesifiek op groot mynkapitaal soos die Kamer van Mynwese wat deur die Hoggenheimer-figuur gesimboliseer is, asook op die kapitalistiese pers, soos verteenwoordig deur ***The Star***. Kapitalistiese koerante soos ***The Star*** het onder andere as kommunikasiemedia gedien om die korporatiewe beeld van groot mynkapitaal te bevorder en as drukgroep vir daardie belange op te tree. Dit is treffend geïllustreer tydens die stakings van 1913, 1914 en 1922 toe ***The Star*** openlik die standpunte van die kommersiële en mynbelange verdedig het en gevolglik die wrewel van stakeranargiste moes trotseer.

'n Uitstaande kenmerk van die arbeider- en sosialistiese pers is dat dit 'n beeld van 'n ideologies verdeelde en gefragmenteerde arbeiderbeweging projekteer. Hierdie beeld het werkersolidariteit en arbeid as 'n gerekende politieke en ekonomiese faktor teen kapitalisme teëgewerk. Die onderlinge verdeeldheid onder die werkers, wat hulle polities verswak en sodoende gekortwiek het om 'n wesenlike impak op die Suid-Afrikaanse politieke toneel te maak, word duidelik weerspieël deur die dikwels kleinlike en parogiale twiste tussen arbeider- en sosialistiese blaaie soos ***Voice of Labour*** en ***The Worker***. Die joernalistieke wedywering tussen hierdie twee blaaie om mekaar te ondergrawe, asook die persoonlike onderlinge twis en tweedrag wat arbeiderpersoonlikhede en leiersfigure tot die debat in arbeider- en sosialistiese geledere toegevoeg het, was bydraend tot beide se verswakking en agteruitgang. 'n Uitsondering op die onverkwiklike onderlinge twis in arbeidergeledere was die eendragtige arbeiderstuwing ná die 1922-staking wat tot die oorwinning van die Pakt tydens die verkiesing van 1924 gelei het. Maar selfs dit was buitengewone omstandighede wat nie vroeër in die geskiedenis van arbeid voorgekom het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die konserwatiewe en dikwels rassisties-georiënteerde blanke vakbonde het 'n baie groot invloed op die Arbeiderpolitiek uitgeoefen en was instrumenteel daartoe dat die politieke beleid wat 'n blad soos ***The Worker*** verkondig het, in die algemeen baie gematig en regsgesind geblyk te gewees het. Trouens, die jingoïstiese pro-oorlog houding wat onder die oorgrote meerderheid van die Engelssprekende werkers tydens die Eerste Wêreldoorlog geheers het, het hulle politieke konserwatiewe en algemene afsydigheid teenoor linkse ideologieë, soos sosialisme en kommunisme, beklemtoon. Dit het ook direk tot die skeuring in die arbeiderbeweging in die breë, en spesifiek in die SAAP, gelei wat op sý beurt weer in 'n groot mate die einde van ***The Worker*** bewerkstellig het. As gevolg van sy openlike pro-oorlog standpuntinname kan ***The Worker*** as die groot skeurmaker in die Arbeiderpolitiek beskou word en sodoende het hierdie blad, ironies genoeg, tot sy eie ondergang bygedra.

Die steunbasis van die SAAP het hoofsaaklik by die stedelik-georiënteerde, Engelssprekende en geskoolde ambagsmanne berus wat 'n klein, eksklusiewe segment van die kieserskorps behels het. As sodanig het die party se politieke steun en invloed 'n plafon gehad. Derhalwe het The Worker Company, Limited, die maatskappy van ***The Worker***, gesukkel om aandeelhouers te werf en het 'n chroniese gebrek aan kapitaal ondervind. ***The Worker*** het dus in 'n bose kringloop beland deurdat dit nooit kon uitbrei om meer lesers en sodoende ook meer potensiële ondersteuners vir die Arbeidersparty te werf nie. Nogtans het die party groot waarde aan 'n koerant as kommunikasiemedium geheg soos blyk uit die feit dat sekere partylede selfs bereid was om ***The Evening Chronicle***, toe die geleentheid hom daartoe voorgedoen het, met die oog op die algemene verkiesing van 1915 as nie-amptelike partypropagandablad te huur in die plek van ***The Worker***, wat voortydig tot niet gegaan het.

Die groot behoefte aan 'n eie partyorgaan, asook die feit dat dit by die partybestuur 'n ernstige beginselsaak was dat die SAAP oor die redaksionele beheer van sodanige blad moes beskik as die enigste medium wat partystandpunte amptelik kon uitdra, het veroorsaak dat die party se verhouding met koerante wat die SAAP beleid in 'n nie-amptelike hoedanigheid uitgedra het, nooit 'n gelukkige een was nie. Daarom was die verhouding tussen die SAAP en sodanige blaaie dikwels omstrede en taamlik stram, soos in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
die geval van ***The Evening Chronicle*** en ***The Labour World***. Dit het juis die groot leemte wat deur die verlies van ***The Worker*** as amptelike party-propagandablad veroorsaak is, akúút onderstreep. Weens die gebrek aan 'n effektiewe persorgaan na die beëindiging van ***The Worker***, was die SAAP dus soveel te meer aan bande gelê om deur middel van propaganda politieke steun en invloed te werf. Daarom sou dit die party se voortdurende strewe bly om 'n amptelike partymondstuk te heraktiveer, soos geblyk het uit die abortiewe poging om die South African Labour Press, Limited tot stand te bring en uit die suksesvolle, alhoewel tydelike verskyning van ***The Pact Bulletin*** - laasgenoemde in samewerking met die NP tydens die verkiesingstryd van 1924.

Alhoewel sosialistiese organisasies en hulle spreekbuise op die periferie van die Suid-Afrikaanse blanke politiek gefunksioneer het, het hulle, deur die verkondiging van rassesolidariteit en industriële eenheid tussen blanke en swart werkers, in 'n belangrike mate die grondslag gelê vir die vestiging van die latere georganiseerde swart arbeidsmag. As gevolg van die demografiese realiteite en die nywerheidsbehoeftes ten opsigte van mannekrag in Suid-Afrika, sou die arbeidsmag getalsgewys in ieder geval in die loop van die 20ste eeu van die blanke werkersklas na die swart proletariaat verskuif. Ten opsigte van die denke agter die transformasie van hierdie arbeidorganisatoriese strukture het veral sosialistiese persorgane, soos ***The International*** en ***The Bolshevik***, en in 'n mindere mate ook ***Voice of Labour***, 'n relatief belangrike rol gespeel. Sosialistiese koerante het alreeds politieke en ekonomiese regte vir die swartman bepleit in 'n era toe dit nog totaal ondenkbaar was vir en buite die politieke paradigma van die deursnee blanke burger geval het, alhoewel selfs hierdie blaaie nog ongemaklik oor die kwessie van sosiale gelykheid was.

Bydraend tot die aversie wat die deursnee blanke werkers gekoester het vir die egaliserende doktrines wat sosialistiese organisasies en hulle pers ten opsigte van blanke en swart arbeid verkondig het, was die feit dat hierdie beleidsrigtings dikwels van 'n té akademiese aard vir die prakties georiënteerde werkers was en eerder by randfigure vanuit die middelklas aanklank gevind het. So, byvoorbeeld, het die ISL en sy spreekbuis, ***The International***, gedurende die eerste drie jaar van hulle bestaan self geworstel om die konsep van rassegelykheid in eie geledere aanvaar te kry. Die feit dat blanke middelklas intellektuele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
die grootste dryfkrag agter die linkervleuel internasionale sosialiste was, wat hulleself as die "voorhoede" van die Suid-Afrikaanse werkersklas beskou het, was enersyds ironies, maar terselfdertyd ook baie insiggewend. Dit blyk dat die algemene intellektuele vlak van die diskoers wat ***The International*** ten opsigte van sy besprekingsartikels en kommentaar gehandhaaf het, gegewe die belese kaliber van sy redakteurs soos D.I. Jones en S.P. Bunting, veel hoër was as ander plaaslike kontemporêre arbeider- en sosialistiese blaaie van sy tyd. Die Russiese historikus, Apollon Davidson, beaam dit deur te verklaar dat ***The International***, wat sy inhoud in die geheel betref, met die beste sosialistiese publikasies van Wes-Europa van daardie tyd vergelyk kan word. Om hierdie rede is dit dus merkwaardig, maar wel te begrype dat die invloed en impak van ***The International*** so 'n omvangryke en verreikende trefwydte, ver bo die relatief miniskule ledetal van die ISL en sirkulasie van die blad, op die Suid-Afrikaanse arbeidgeskiedenis sou hê.

Desnieteenstaande hulle groot impak en invloed op die arbeidgeskiedenis, veral op die latere geskiedenis van die swart werkersklas, het die ISL en sy opvolger, die KPSA, asook hulle mondstuk, ***The International***, beperkinge gehad. Die verwesenliking van die sosialistiese rewolusie en die totstandkoming van 'n nie-rassige, sosialistiese werkersrepubliek in Suid-Afrika het 'n ontwykende ideaal gebly. Daarby het die sosialiste en kommuniste, ten spyte van die euforie en verwagtinge van die Russiese Rewolusie van 1917 en die traumatiese gevolge van die Randse staking van 1922, wat by voorbaat as mobiliserende en aktivistiese impetusse kon dien, daarin misluk om noemenswaardige vordering as politieke tuiste vir spesifiek die blanke arbeiderbeweging te maak.

Militantheid, onversetlikheid van standpunte en die verkondiging van ekstremisme, was inderdaad 'n groot bydraende faktor in die ondergang van die meeste linkse sosialistiese blaaie, soos die ***Voice of Labour***, ***The War on War Gazette*** en ***The Bolshevik***, hetsy deur finansiële ondergang as gevolg van ostrasisme deur die kommersiële gemeenskap, gebrek aan ondersteuning deur die werkersklas as gevolg van vervreemding, óf ingryping deur die owerheid deur middel van Krygswet.

Sosialistiese koerante wat ten nouste aan die wispelturige persoonlikhede van hulle redakteurs gekoppel was, soos in die geval van Archie Crawford en die ***Voice of Labour***,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
het dikwels twis en tweedrag oor onbenullige ideologiese strydpunte onder sosialiste gesaai en sodoende 'n baie destruktiewe rol gespeel. Gevolglik kon die sosialistiese beweging vóór die stigting van die ISL en ***The International*** in 1915 nie daarin slaag om 'n verenigde Suid-Afrikaanse sosialistiese politieke front te vorm nie. Selfs ná 1915 sou die onderlinge ideologiese verskille tussen die ISL, die Industrial Socialist League, die Communist League, die (voortydige) KPSA, ***The International*** en ***The Bolshevik***, nog 'n geruime tyd woed voordat die sosialistiese geledere deur die inisiatief van die ISL in 1921 in die Kommunistiese Party van Suid-Afrika gekonsolideer sou word.

Gegewe die konstante swak finansiële posisie van die werkersklas teen die agtergrond van 'n endemiese depressietoestand wat gedurende die eerste dekade na Uniewording geheers het, was maatskappystigting nie die beste opsie om arbeiderkoerante op die been te bring nie. Daarvan getuig die eventuele bankrotskap van The Worker Company, Limited, sowel as die mislukte pogings om die South African Labour Press, Limited en The People's Press Limited op te rig. Trouens, finansiële faktore was direk verantwoordelik vir die ondergang van ***Voice of Labour*** en ***The Worker*** en na alle waarskynlikheid ook van ***The Labour World*** en ***The Bolshevik***. Selfs kommersiële koerante, soos ***Die Burger*** en ***Ons Vaderland***, het dit finansieel uiters moeilik gevind om te oorleef in die swak ekonomiese toestande wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog en onmiddellik daarna geheers het.

The International is egter die een koerant wat ten opsigte van bogenoemde kwessie buitengewone vermelding verdien. Geoordeel aan die voorafgaande kriteria, sou hierdie blad dieselfde kortstondige raklewe as die genoemde arbeider- en sosialistiese publikasies moes geniet het. Maar danksy die ideologiese fokus en besieling, en die vasberadenheid, deursettingsvermoë en doelgerigtheid van indiwidue binne die ISL, soos S.P. Bunting, kon ***The International*** vir ongeveer twaalf jaar lank 'n suksesvolle oorlewingstrategie ontplooi – die langste van al die arbeider- en sosialistiese blaaie wat deur hierdie studie gedek is. Dit was juis die sosialistiese persorgane, soos ***Voice of Labour***, ***The War on War Gazette***, ***The Bolshevik*** en by uitstek ***The International***, wat dikwels as die enigste tasbare ideologiese fokuspunt, die klein aanhang en omvang van sosialisme in Suid-Afrika brandend gehou het. Synde op die periferie van die politieke spektrum, sou die sosialistiese organisasies sonder die kommunikatiewe ondersteuning van hulle spreekbuise waarskynlik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
'n nog korter politieke bestaan gevoer het. So was die voortbestaan van ***The International*** as kommunikasie- en propagandamedium vir die ISL byvoorbeeld van kritieke belang. Dit is onwaarskynlik dat die sosialistiese beweging daarsonder sou slaag om uiteindelik in die KPSA te amalgameer.

Op enkele uitsonderings na, met een of twee artikels of pamflette per geleentheid, het beide die arbeider- en sosialistiese pers nie juis op die Afrikanerwerker gefokus nie en kon hulle derhalwe ook nie 'n groot invloed op hierdie groep uitoefen nie, of hulle tot die politieke oortuigings van die SAAP of die sosialistiese organisasies oorhaal nie. Daarteenoor was koerante soos ***Die Burger*** en ***Ons Vaderland*** daartoe in staat om 'n appèl tot Afrikanernasionalistiese sentimente te rig. Deur aanvanklik (voor 1923) die "gevare" van die SAAP se sosialistiese beleidsrigtings voor te hou, en die Afrikanerwerkers se kleurvooroordele aan te spreek deur op die "swart verbroederingsbeleid" van die sosialiste te sinspeel, het hierdie koerante 'n groot bydrae gelewer om aansienlike getalle Afrikaners daarvan te weerhou om polities by daardie partye aan te sluit. Deur ook 'n rol as opvoedingsmedia vir half- en ongeskoolde Afrikanerwerkers te vertolk, kon ***Die Burger*** en ***Ons Vaderland*** hierdie persone van hulle kulturele lotsverbondenheid aan die Afrikanervolk oortuig en baie van hulle tot politieke Afrikanernasionalisme oorhaal.

In teenstelling met die SAAP se eng ondersteuningsbasis, wat negatief op die finansiële posisie van sy persmaatskappye ingewerk het, kon die NP, danksy die rugsteun en propagandawerk van bogenoemde Nasionaalgesinde koerante, sedert sy stigting stelselmatig 'n wye korps van politieke kiesersteun opbou. Hierdie kiesersteun het 'n deursnit van al die lae van die blanke sosio-maatskaplike spektrum verteenwoordig – van myn- en fabriekswerkers, ambagsmanne, bywoners, boere, middelklas staatsamptenare en intellektuele, tot 'n paar strategiese, kapitaalkragtige en invloedryke indiwidue. Sodoende kon die aandeelhouding in 'n maatskappy soos De Nationale Pers Beperkt byvoorbeeld wyer onder 'n groter groep mense versprei word. Alhoewel die maatskappy se kapitaalinkomste aanvanklik ook maar karig was, het sy wye ondersteuningsbasis eventueel tog groter potensiële en reële aandelekapitaal ingebring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za
Aangesien die Nasionaal- en Arbeidergesinde koerante op joernalistieke terrein, nes hulle politieke partye, dieselfde anti-kapitalistiese sentimente geopenbaar het en hulle almal vir die beskerming van die posisie van die blanke werker beywer het, was die ideologiese en politieke toenadering tot mekaar, wat uiteindelik tot die sluiting van die Pakt-ooreenkoms in 1923 sou lei, 'n logiese gevolg. Vir die SAAP het die Pakt-ooreenkoms 'n dubbele voordeel ingehou. Die alliansie met die NP het nie slegs die gevaar van driehoekige gevegte tydens die 1924-verkiesingsveldtog uitgeskakel nie, maar aan die SAAP, wat in daardie stadium nie oor 'n effektiewe spreekbuis beskik het nie, ook aansienlike blootstelling en prominensie in Nasionaalgesinde blaaie soos ***Die Burger*** en ***Ons Vaderland*** verleen. Daardeur is die SAAP-beleidsrigtings positief aan 'n wye spektrum potensiële Arbeiderkiesers voorgehou. Dat die foute van die SAP en die Smuts-regering konstant in die pers uitgewys, aangeval en gekritiseer kon word, terwyl die beleidsrigtings van die NP en die SAAP as alternatief prominent aan die kiesers gestel kon word, het in 'n belangrike mate tot die suksesse van die Arbeiders in die verkiesing bygedra.

Die invloed wat die pers op die samelewing uitgeoefen het, word juis nêrens beter geïllustreer as tydens verkiesingsveldtogte nie. Kapitalistiese persorgane soos ***The Star***, gerugsteun deur 'n groot kapitalistiese infrastruktuur, het die SAAP-beleid tydens verkiesings deur middel van verkiesingskommentaar op 'n daaglikse basis aangeval, gekritiseer, verdag gemaak en by die kieserspubliek in 'n slegte lig gestel. Terselfdertyd kon die blad sy steun aan die Unioniste Party, en later die SAP, in oormaat propageer en in 'n gunstige lig stel. In vergelyking met politieke partye wat deur 'n magtige kapitalistiese pers ondersteun is, kon partye soos die SAAP en die ISL hulle hoogstens op weekblaaie van uiters beperkte omvang en sirkulasie, en daarom ook beperkte invloed, verlaat. Vir laasgenoemde partye het dit 'n groot agterstand in terme van die politieke propagandaoorlog veroorsaak wat ook in verkiesingsuitslae gereflekteer is.

Selfs koerante soos ***Die Burger*** en ***Ons Vaderland***, wat die blanke werkersklas simpatiekgesind was, se fokus was in die eerste plek seksioneel van aard. In hierdie verband het hulle propaganda op die Afrikanerwerkersklas gesentreer om hulle te oortuig om tydens verkiesings vir die NP te stem. Soos reeds bespreek, het die SAAP slegs in een geval (die verkiesing van 1924) daadwerklik die steun en blootstelling van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nasionaalgesinde pers as gevolg van 'n formele verkiesingsooreekoms geniet. Andersins is hierdie sektor van die kieserspubliek deur die *establishment*-pers grootliks geïgnoreer of afgeskeep.

Stakerblaaie soos ***The Strike Herald***, die ***Strike Special***, ***The News***, ***The Weekly Gazette***, die ***"Herald" Strike Special***, die ***Pretoria Strike Herald*** en die ***Transvaal Post***, was by uitstek voorbeelde van ekonomiese mobilisasie onder werkers. Deur 'n militante en ekstremistiese taal en styl te handhaaf, was sodanige blaaie daartoe in staat om binne die tydsbestek van dae of weke stakerkwessies in nywerheidsdispute tussen werkgewer en werknemer op die spits te dryf, wat gewoonlik ook op geweld uitgeloop het. 'n Stakersblad soos ***The Strike Herald*** het met baie doeltreffende gevolge tydens die staking van 1913 byvoorbeeld daarin geslaag om stakers aan te moedig om staakbrekers uit te snuffel en te viktimiseer. Hoe potensieel plofbaar die invloed van sodanige organe was, blyk uit die feit dat die owerheid in al die stakings wat in hierdie studie bespreek is, die stakerblaaie tydens die gevordende stadia van die nywerheidsdispute deur middel van krygswetproklamasies verbied en gekonfiskeer het.

Ten opsigte van die Suid-Afrikaanse arbeidgeskiedenis het die arbeider- en sosialistiese pers, gerugsteun deur arbeidersimpatieke elemente vanuit die *establishment*-pers, wel 'n belangrike bydrae gelewer. As alternatiewe pers het die arbeider- en sosialistiese blaaie die politieke en ekonomiese standpunte en kwessies vanuit die oogpunt van die SAAP, vakbonde, sosialistiese organisasies en partye en die KPSA beliggaam. Sonder speekbuise sou hierdie organisasies, wat in die geheel maar 'n relatief klein segment van die Suid-Afrikaanse politieke spektrum beslaan het, heelwaarskynlik nog meer negeerbaar en slegs vlietende rariteite van die Suid-Afrikaanse politieke kultuur en tradisie gewees het. Aangesien dokumentasie oor die geskiedenis van die arbeiderbeweging in die onmiddellike periode voor en ná Uniewording uiters karig is en in sommige opsigte ontbreek, bied die arbeider- en sosialistiese pers 'n waardevolle, en dikwels enigste bron van inligting waarmee die navorser hierdie verledebeeld kan rekonstrueer. Daarom kan sodanige materiaal in eie reg as oorspronklike en kosbare Africana beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRONNE

I. LITERATUUR

Addington Symonds, F. : *The Johannesburg Story*. Frderick Muller Ltd., London, 1953.

Ainslie, R. : *The Press in Africa. Communications Past and Present*. Victor Gollancz Ltd., London, 1966.

Alhadeff, V. : *A Newspaper History of South Africa*. Don Nelson, Cape Town, 1976.

Anon. : *The Story of The Star 1888 – 1987*. Johannesburg Public Library pamphlet, Johannesburg, n.d.

Armstrong, H.C. : *Grey Steel. J.C. Smuts. A Study in Arrogance*. Methuen & Co. Ltd., London, 1940.

Barnard, P. : Ons Vaderland 1915 – 1932, 'n Empiriese Studie (Ongepubliseerde MA-tesis, PU vir CHO, 1979).

Barton, F. : *The Press of Africa. Persecution and Perseverance*. The Macmillan Press Ltd., London, 1979.

Benson, I. : *News and Newspapers*. SABC, Johannesburg, 1963.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Benson, I. : *The Opinion Makers*. Dolphin Press (Pty.) Ltd., Pretoria, 1967.

Benson, I. : *The Press and Public Opinion*. SABC, Johannesburg, n.d.

Beyers, C.J. (red.) : *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, III. Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1977.

Beyers, C.J. (red.) : *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, IV. Butterworth & Kie (SA) (Edms.) Bpk., Durban, 1981.

Beyers, C.J. (red.) : *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, V. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1987.

Booyens, B. : *Die Lewe van D.F. Malan: Die Eerste Veertig Jaar*. Tafelberg-Uitgewers, Elsiesrivier, 1969.

Bottomore, T. (ed) : *A Dictionary of Marxist Thought*. Basil Blackwell Publisher Limited, Oxford, 1983.

Bozzoli, B. (ed) : *Class, Community and Conflict. South African Perspectives*. Ravan Press, Johannesburg, 1987.

Brits, J.P. : Die Totstandkoming van die Pakt-regering van 1924 (Ongepubliseerde MA-tesis, PU vir CHO, 1971).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Brits, J.P. : *Tielman Roos – Political Prophet or Opportunist?* Unisa, Pretoria, 1987.

Broughton, M. : *Press & Politics of South Africa.* Purnell & Sons (SA) (Pty.) Ltd., Cape Town, 1961.

Bunting, B. : *The Rise of the South African Reich.* Penguin Books Ltd., Harmondsworth, 1964.

Caldwell, M.A. : Struggle in Discourse: The International's Discourse against Racism in the Labour Movement in South Africa (1915 – 1919) (Unpublished MA thesis, UR, 1996).

Calpin, G.H. : *There are no South Africans.* Thomas Nelson and Sons Ltd., London, 1941.

Cartwright, A.P. : *Golden Age. The Story of the Industrialization of South Africa and the part played in it by the Corner House Group of Companies 1910 – 1967.* Purnell & Sons (SA) (Pty.) Ltd., Johannesburg, 1968.

Cartwright, A.P. : *The Gold Miners.* Purnell & Sons (SA) Pty. Ltd., Johannesburg [1962].

Chilvers, H.A. : *Out of the Crucible. Being the Romantic Story of the Witwatersrand Goldfields and of the Great City which arose in their midst.* Juta & Company, Ltd., Johannesburg, 1948.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Clarke, J. (ed) : *Like It Was. The Star 100 Years in Johannesburg*. Argus Printing & Publishing Company, Johannesburg, 1987.

Coetzee, D.J.J. : Die Geskiedenis van die Nasionale Party 1914 - 1921 (Ongepubliseerde MA-tesis, UOVS, 1967).

Coetzee, J.C. : *South Africa Newspapers on Microfilm*. The State Library, Pretoria, 1991.

Coetzee, P.H. : Partypolitiek in Suid-Afrika sedert 1910 ('n Histories – Staatsfilosofiese Studie) (Ongepubliseerde MA-tesis, UOVS, 1952).

Cole, G.D.H. : *A History of Socialist Thought, Vol. III, Part II, The Second International, 1889 – 1914*. Macmillan and Company Limited, London, 1967.

Conradie, E.J.M. : *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika – 'n Kultuur – Historiese Studie, II, 1875 – 1905*. HAUM h/a J.H. de Bussy, Pretoria, 1949.

Cope, R.K. : *Comrade Bill. The Life and Times of W.H. Andrews, Workers' Leader*. Stewart Printing Co., Cape Town, 1943.

Crafford, F.S. : *Jan Smuts. A Biography*. Doubleday, Doran & Co., Inc., New York, 1944.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Creswell, M. : *An Epoch of the Political History of South Africa in the Life of Frederic Hugh Page Creswell*. A.A. Balkema, Cape Town, n.d.

Crwys-Williams, J. (ed) : *South African Despatches. Two Centuries of the Best in South African Journalism*. Ashanti Publishing (Pty) Limited, Johannesburg, 1989.

Cutten, T.E.G. : The History and Growth of the South African Press from the time of the arrival of the first press untill the present day (Unpublished MA thesis, UP, 1933).

Davenport, T.R.H. : *South Africa. A Modern History*. Third Edition, Macmillan South Africa Publishers) (Pty.) Ltd., Johannesburg, 1987.

Davidson, A.B. : *Yuzhnaya afrika – stanovleniye sil protesta 1870 – 1924 (South Africa: The Birth of Protest, 1870 – 1924* – Vertaal deur F. le Roux). Afrika Instituut, Akademie vir Wetenskappe, Nauka, Moskou, 1972.

De Kiewiet, C.W. : *A History of South Africa, Social and Economic*. Oxford University Press, London, 1957.

De Kock, W. : *A Manner of Speaking. The Origins of the Press in South Africa*. Saayman & Weber (Pty.) Ltd., Cape Town, 1982.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Kock, W.J. (red.) : *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel I. Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1976.

Department of Journalism Rhodes University : *South African Conference on the Survival of the Press and Education for Journalism, 4 - 6 October 1979.*

De Villiers, J. : South African Community and its Newspapers - A Socio-Historical Study (Unpublished - Ph.D. thesis, UOFS, 1976).

Downes, A.J. : *Printers' Saga: Being a History of the South African Typographical Union.* Wallachs' Printing & Publishing Co., Ltd., Johannesburg, 1952.

Doxey, G.V. : *The Industrial Colour Bar in South Africa.* Oxford University Press, Cape Town, 1961.

Du Plessis, J.H.O. : Die Afrikaanse Pers: 'n Studie van die Ontstaan, Ontwikkeling en Rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as Sosiale Instelling (Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, US, 1943).

Du Toit, M.A. : Vakbondontwikkeling en -Beleid in Suid-Afrika (Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, US, 1971).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ellis, S. & T. Sechaba : *Comrades Against Apartheid. The ANC & the South African Communist Party in Exile.* James Currey Ltd., London, 1992.

Emden, P.H. : *Randlords.* Hodder & Stoughton, London, 1935.

Erasmus, L.J. : *'n Volk staan op uit sy As: Die Verhaal van Die Afrikaanse Pers (1962) Beperk.* T.W. Hayne Bpk., Johannesburg [1969].

Forman, S. & A. Odendaal (eds) : *A Trumpet from the Housetops. The Selected Writings of Lionel Forman.* David Philip (Pty.) Ltd., Cape Town, 1992.

Fourie, L.J. : Die Staking as Strydmiddel op die Arbeidsmark, met spesiale verwysing na die 1922-staking op die Rand. (Ongepubliseerde M.Comm-tesis, US, 1946).

Friedland, W.H. : *Unions, Labour and Industrial Relations in Africa. An Annotated Bibliography.* Centre for International Studies, Cornell University, New York, 1965.

Gerhard, G.M. and T. Karis : *From Protest to Challenge. A Documentary History of African Politics in South Africa, Vol. 4, Political Profiles 1882 - 1964.* Hoover Institution Press, Stanford, 1977.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Geyser, O. en A.H. Marais (reds.) : *Die Nasionale Party, I. Agtergrond, Stigting en Konsolidasie*. Academica, Pretoria, 1975.

Goosen, D.P. (red.) : *Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910 - 1953*. Impala Opvoedkundige Diens (Eiendoms) Beperk, Johannesburg, 1953.

Grobler, F.J. : Die Invloed van Geskoolde Blanke Arbeid op die Suid-Afrikaanse Politiek van 1886 tot 1924 (Ongepubliseerde D. Phil. - proefskrif, PU vir CHO, 1968).

Grobler, J. : *A Decisive Clash? A Short History of Black Protest Politics in South Africa 1875 - 1976*. Acacia Books, Pretoria, 1988.

Grobler, J.C.H. : *Politieke Leier of Meeloper? Die Lewe van Piet Grobler 1873 - 1942*. Scripta Africana, Melville, 1988.

Hachten, W.A. and C.A. Giffard : *The Press and Apartheid. Repression and Propaganda in South Africa*. Macmillan Press Ltd., London, 1984.

Hancock, W.K. : *Smuts I. The Sanguine Years, 1870 - 1919*. Cambridge University Press, Cambridge, 1962.

Hancock, W.K. : *Smuts II. The Fields of Force, 1919 - 1950*. Cambridge University Press, Cambridge, 1968.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hepple, A. : *South Africa: A Political and Economic History*. Pall Mall Press, London, 1966.

Herbst, D.A.S. : Die Dilemma van die Moderne Koerant. 'n Historiese Ondersoek met toespitsing op Maatskaplike, Ekonomiese en Politieke Aspekte (Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, PU vir CHO, 1973).

Herd, N. : *1922 The Revolt on the Rand*. Blue Crane Books, Johannesburg, 1966.

Hessian, B. : An Investigation of the Labour Agitation on the Witwatersrand, January to March, 1922 (Unpublished MA thesis, U Wits, 1957).

Hirson, B. & G.A. Williams : *The Delegate for Africa. David Ivon Jones 1883 - 1924*. Core Publications, London, 1995.

Horrell, M. : *South African Trade Unionism: A Study of a Divided Working Class*. South African Institute of Race Relations, Johannesburg, 1961.

Humphriss, D. en D.G. Thomas : *Benoni. Seun van my Smart. Die Maatskaplike, Politieke en Ekonomiese Geskiedenis van 'n Suid-Afrikaanse Goudmyndorp*. Stadsraad van Benoni, Benoni, 1968.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hunter, F. : Who Was Pickhandle Mary? Unpublished typescript, Johannesburg Public Library, Johannesburg, n.d.

Johns, S. : *Raising the Red Flag. The International Socialist League & the Communist Party of South Africa, 1914 - 1932*. Mayibuye Books, UWC, Bellville, 1995.

Johnstone, F.A. : *Class, Race and Gold. A Study of Class Relations and Racial Discrimination in South Africa*. University Press of America, Inc., Lanham, 1976.

Katz, E.N. : *A Trade Union Aristocracy. A History of White Workers in the Transvaal and the General Strike of 1913*. African Studies Institute, University of the Witwatersrand, Johannesburg, 1976.

Katz, E.N. : The White Death: Silicosis (Miners' Phthisis) on the Witwatersrand Gold Mines 1886 - 1910 (Unpublished Ph. D. thesis, U Wits, 1990).

Katz, E.N. : *The White Death. Silicosis on the Witwatersrand Gold Mines 1886 - 1910*. Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1994.

Kitchen, H. (ed) : *The Press in Africa*. Ruth Sloan Associates, Inc. Washington, 1956.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kleynhans, W.A. : Politieke Strominge en Verantwoordelike Bestuur in Transvaal, 1905 - 1909 (Ongepubliseerde MA-tesis, UP, 1952).

Kotzé, D.J. : *Communism and South Africa*. Tafelberg Publishers Ltd., Cape Town, 1979.

Kotzé D.J. : *Die Kommunisme, Deel I. Die Klassieke Marxisme*. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1968.

Kotzé, D.J. (jnr.) : Die Spotprente van D.C. Boonzaier in De Burger, 1915 - 1924: Politieke Kommunikasie deur Spotprente uit 'n Historiese Perspektief (Ongepubliseerde MA-tesis, UP, 1988).

Krüger, D.W. (ed) : *South African Parties and Policies, 1910 - 1960. A Select Source Book*. Human & Rousseau, Cape Town, 1960.

Krüger, D.W. (red.) : *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel II. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1972.

Krüger, D.W. : *The Age of the Generals. A Short Political History of the Union of South Africa, 1910 - 1948*. Dagbreek Bookstore, Johannesburg, 1958.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Krüger, D.W. : *The Making of a Nation. A History of the Union of South Africa, 1910 - 1961.* Macmillan South Africa (Publishers) (Pty.) Ltd., Johannesburg, 1969.

Kunneke, M.H. : Hertzogisme: Genl. J.B.M. Hertzog in die Engelstalige Pers, 1908 - 1914 (Ongepubliseerde MA-tesis, RAU, 1970).

Le Roux, N.J. : *W.A. Hofmeyr. Sy Werk en Waarde.* Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1953.

Lerumo, A. : *Fifty Fighting Years. The Communist Party of South Africa 1921 - 1971.* Inkululeko Publications, London, 1980.

Levi, N. : *Jan Smuts.* Longmans, Green and Co., London, 1917.

Liebenberg, B.J. and S.B. Spies (eds) : *South Africa in the 20th Century.* J.L. van Schaik Academic, Pretoria, 1993.

Liebenberg, F.S. : D.C. Boonzaier in die Artistieke Lewe van die Kaapse Belle Epoque (Ongepubliseerde MA-tesis, US, 1989).

Macridis, R.C. : *Contemporary Political Ideologies. Movements and Regimes.* Third Edition. Little, Brown and Company, Boston, 1986.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Malan, M.P.A. : *Die Nasionale Party van Suid-Afrika: Sy Stryd en Sy Prestasies, 1914 - 1964.* Nasionale Handelsdrukkery Beperk, Elsiesrivier, 1964.

Malan, M.P.A. en M.C. van Rensburg : *Verkiesingsuitslae 1910 - 1943 met volledige naamlys van Volksraadslede vanaf 1910.* Nasionale Pers Beperk, Bloemfontein, 1947?

Marais, C. : Die Nasionale Opposisie 1921 - 1924 (Ongepubliseerde MA-tesis, UOVS, 1970).

Mason, D.J. : Race, Class and National Liberation: Some Implications of the Policy Dilemmas of the International Socialist League and the Communist Party of South Africa, 1915 - 1931 (Unpublished M.Sc. thesis, University of Bristol, 1971).

Maud, J.P.R. : *City Government. The Johannesburg Experiment.* Oxford Press, Oxford, 1938.

Mawby, A.A. : The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 - 1907 (Unpublished Ph. D. thesis, U Wits, 1969).

Meli, F. : *South Africa belongs to us. A History of the ANC.* Zimbabwe Publishing House, Harare, 1988.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mervis, J. : *The Fourth Estate. A Newspaper Story*. Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 1989.

Meyer, P.J. : *Die Hand van Moskou in Suid-Afrika. 'n Sonderlinge Geskiedenis van Ongelooflike Gebeurtenisse*. Die Antikommunistiese Aksiekommissie. Pretoria, g.d.

Miles-Cadman, C.F. : *Socialism for South Africa*. The Rustica Press Ltd., Cape Town, 1942.

Mulholland, R.B. : White Labour and Politics: Railway Workers on the Witwatersrand 1910 - 1924 (Unpublished MA thesis, U Wits, 1988).

Muller, C.F.J. : *Sonop in die Suide: Geboorte en Groei van die Nasionale Pers 1915 - 1948*. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1990.

Muller, C.F.J. (red.) : *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Academica, Pretoria, 1968.

Nagelgast, F.B. : Four Women in Africana. Unpublished typescript, Johannesburg Public Library, Johannesburg, 1969.

Neame, L.E. : *General Hertzog*. Hurst & Blackett, Ltd., n.p. [1930].

Neame, L.E. : *Some South African Politicians*. Maskew Miller, Limited, Cape Town, 1929?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Neame, L.E. : *Today's News Today. The Story of the Argus Company*. The Argus Printing & Publishing Co. Ltd., Johannesburg, 1956.

Newton, A.P., *et al* (eds) : *The Cambridge History of the British Empire*, Vol. VIII. Cambridge University Press, London, 1936.

Nienaber, P.J. : *'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika*. Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1943.

Nöthling, F.J. : Die Ontstaansgeskiedenis van Brakpan 1864 - 1922 (Ongepubliseerde MA-tesis, UP, 1969).

Oberholster, A.G. : *Die Mynwerkerstaking Witwatersrand, 1922*. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1982.

Osborn, V.H. : A Critical Survey of Trade Unionism in South Africa (Unpublished MA thesis, U Wits, 1931).

Ould, C.R. : General Smuts's Attitude to White Labour Disputes between 1907 and 1922 (Unpublished MA thesis, U Wits, 1964).

Pauw, S. : *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*. Pro Ecclesia Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch, 1946.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Picton, L.J. : Nicprint-50. Being some account of the History of Printing, Packaging and Newspaper Industry of South Africa, and of the National Industrial Council for Printing (Unpublished MA [Econ.] thesis, UCT, 1969).

Pienaar, S. : *Getuie van Groot Tye*. Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1979.

Pietersen, S.J. : Stakings aan die Witwatersrand, 1913 - 1914 (Ongepubliseerde MA-tesis, UP, 1970).

Pike, H.R. : *A History of Communism in South Africa*. Christian Mission International of South Africa, Germiston, 1985.

Pirow, O. : *James Barry Munnik Hertzog*. Howard Timmins, Cape Town, n.d.

Potgieter, D.J. (ed) : *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, Vol. 2. First Edition, Nasou Limited, Cape Town, 1970.

Potgieter, D.J. (ed) : *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, Vol. 5. First Edition, Nasou Limited, Cape Town, 1972.

Potter, E. : *The Press as Opposition. The Political Role of South African Newspapers*. Chatto & Windus Ltd., London, 1975.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pretorius, G. : *Man van die Daad - 'n Biografie van Bruckner de Villiers*. HAUM, Kaapstad [1959].

Reid, B.L. : Organised Labour in Natal: 1918 - 1924 (Unpublished MA thesis, UN, 1975).

Reitz, H. en H. Oost (reds.) : *Die Nasionale Boek*. Nasionale Boek Maatskappy (Eiendoms) Beperk, Johannesburg, g.d.

Rosenthal, E. : *Gold Bricks and Mortar. 60 Years of Johannesburg History*. Printing House Limited, Johannesburg, 1946.

Rosenthal, E. : *Southern African Dictionary of National Biography*. Frederick Warne & Co. Ltd., London, 1966.

Roux, E.R. : *S.P. Bunting. A Political Biography*. Mayibuye Books, UWC, Bellville, 1993.

Roux, E.R. : *Time Longer than Rope: A History of the Black Man's Struggle for Freedom in South Africa*. The University of Wisconsin Press, Madison, 1964.

Sachs, E.S. : *The Choice before South Africa*. Turnstile Press, London, 1952.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Salvadori, M. : *The Rise of Modern Communism. A Brief History of Twentieth-Century Communism.* Revised Edition, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1963.

Scannell, J.P. (red.) : *Keeromstraat 30. Gedenkbundel vir die Vyftigste Verjaardag van Die Burger.* Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1965.

Schoeman, B.M. : *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika, 1910 - 1976.* Aktuele Publikasies, Pretoria, 1977.

Scholtz, J. du P. : *D.C. Boonzaier en Pieter Wenning. Verslag van 'n Vriendskap.* Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1973.

Schoonraad, M. en E. Schoonraad : *Suid-Afrikaanse Spot- en Strookprentkunstenaars.* CUM Boeke, Roodepoort, 1983.

Schwella, E. : Die Rol van die Nuusbladpers in die handhawing van openbare verantwoordelikheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Uitvoerende Gersag (Ongepubliseerde D. Phil. Proefskrif, US, 1988).

Seymore-Ure, C. : *The Press, Politics and the Public. An Essay on the Role of the National Press in the British Political System.* Methuen & Co. Ltd., London, 1968.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Shimoni, G. : *Jews and Zionism: The South African Experience (1910 - 1967)*. Oxford University Press, Cape Town, 1980.

Shorten, J.R. : *Die Verhaal van Johannesburg*. Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1970.

Simons, H.J and R.E. Simons : *Class and Colour in South Africa 1850 - 1950*. Penguin Books, Harondsworth, 1969.

Smith, A.H. : *The Spread of Printing, Eastern Hemisphere, South Africa*. Vangendt & Co., Amsterdam, 1971.

Smith, H.L. : *Behind the Press in South Africa*. Stewart Printing Company (Pty.) Limited, Cape Town, n.d.

Smuts, J.C. (jr.) : *Jan Christiaan Smuts*. Cassell & Company Ltd., London, 1952.

Smuts, J.C. : *Syndicalist Conspiracy in South Africa. A Scathing Indictment*. Cape Times Limited, Cape Town, 1914.

Spies, F.J. du T., *et al* (reds.) : *Die Hertzogtoesprake, Deel 4, April 1918 - Junie 1924*. Perskor-Uitgewery, Johannesburg, 1977.

Stals, E.L.P. (red.) : *Afrikaners in die Goudstad, Deel I, 1888 - 1924*. HAUM, Pretoria, 1978.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

State Library : *A List of South African Newspapers 1800 - 1982 with Library Holdings*. State Library, Pretoria, 1983.

St. Leger, F.Y. : The African Press in South Africa (Unpublished Ph. D. thesis, RU, 1974).

Stokesburg, J.L. : *A Short History of World War I.* Robert Hale, London, 1982.

Switser L. and D. Switser : *The Black Press in South Africa and Lesotho. A descriptive Bibliographic Guide to African, Coloured and Indian Newspapers and Magazines 1836 - 1976.* G.K. Hall & Co., Boston, 1979.

Switser, L. (ed) : *South Africa's Alternative Press. Voices of Protest and Resistance, 1880s - 1960s.* Cambridge University Press, Cambridge, 1997.

Thom, H.B. : *D.F. Malan.* Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1980.

Thompson, L.M. : *The Unification of South Africa, 1902 - 1910.* Clarendon Press, Oxford, 1959.

Thorpe, K.L. : Early Strikes on the Witwatersrand Gold Mines (1886 - 1907), with specific reference to the 1907 Strike (Unpublished MA thesis, US, 1986).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ticktin, D. : The Origins of the South African Labour Party, 1888 - 1910 (Unpublished Ph. D. thesis, UCT, 1973).

Tomaselli, K., *et al* (eds) : *The Press in South Africa. Studies on the South African Media*. Richard Lyon and Company, Bellville, 1989.

Van den Heever, C.M. : *Generaal J.B.M. Hertzog*. A.P.-Boekhandel, Johannesburg, 1944.

Van der Schyff, P.F. : Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910 - 1921 (Ongepubliseerde MA-tesis, PU vir CHO, 1964).

Van der Walt, A.J.H., *et al* (reds.) : *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Derde Bygewerkte Uitgawe, Eerste Druk, Nasou Beperk, Kaapstad, g.d.

Van Deventer, A. : Afrikaner Nationalist Policies and Anti-Communism, 1937 - 1945 (Unpublished MA thesis, US, 1991).

Van Heerden, F.J. : Die Randse Staking van 1922 (Ongepubliseerde MA-tesis, PU vir CHO, 1965).

Van Jaarsveld, F.A. : *Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652 – 1974*. Perskor-Uitgewery, Johannesburg, 1976.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van Onselen, C. : *Studies in the Social and Economic History the Witwatersrand 1886 – 1914, Vol. I. New Babylon*. Ravan Press Johannesburg, 1982.

Van Onselen, C. : *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand 1886 – 1914, Vol. II. New Nineveh*. Ravan Press, Johannesburg, 1982.

Van Rooyen, J.J. : *Die Nasionale Party: Sy Opkoms en Oorwinning – Kaapland se Aandeel*. Nasionale Handelsdrukkery Beperk, Elsiesrivier, 1956.

Van Schoor, A.M. (red.) : *Die Nasionale Boek: Gewy aan 25 Jaar van Nasionale Bewind (1948 – 1973)*. Edupress (Edms.) Bpk., Braamfontein [1973].

Van Vuuren, D.J. en D.J. Kriek (reds.) : *Politieke Alternatiewe vir Suider-Afrika. Grondslae en Perspektiewe*. Macmillan (Edms.) Bpk., Johannesburg, 1982.

Van Wyk, A. : *Die Keeromstraatkliek. Die Burger en die Politiek van Koalisie en Samesmelting 1932 - 1934*. Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1983.

Varley, D.H. : *A Short History of the Newspaper Press in South Africa 1652 – 1952*. Nasionale Pers Beperk, Cape Town, 1952.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vermaak, C. : *The Red Trap. Communism and Violence in South Africa.* A.P.B. Publishers, Johannesburg, 1966.

Vernon, K. : *Penpricks. The Drawing of South Africa's Political Battlelines.* First Edition, First Impression, The Spearhead Press, Claremont, 2000.

Visser, R.P. : *Die Vaderland-Gedenkboek.* Afrikaanse Pers Boekhandel, Johannesburg, 1957.

Visser, W.P. : Suid-Afrikaanse Koerantberiggewing en – Kommentaar ten opsigte van Arbeiderspartye, Sosialistiese Partye en ander radikale groepe en bewegings, 1908 – 1915 (Ongepubliseerde MA-tesis, US, 1987).

Walker, E.A. : *A History of Southern Africa.* New Impression, Longmans, Green and Co. Ltd., London, 1964.

Wentzel, M.E. : Die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty: Agtergrond, Stigting en Algemene Ontplooiing tot 1915, met besondere vermelding na die Rol wat die Rewolusionêre Sosialiste daarin gespeel het (Ongepubliseerde MA-Tesis, US, 1984).

Weyl, N. : *Traitors' End. The Rise and Fall of the Communist Movement in Southern Africa.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tafelberg-Uitgewers Ltd., Cape Town, 1970.

Wilczynski, J. : *An Encyclopedic Dictionary of Marxism, Socialism and Communism*. The MacMillan Press Ltd., London, 1981.

Wilson, E.T. : *Russia and Black Africa Before World War II*. Holmes & Meier Publishers, New York, 1974.

Wilson, M. and L. Thompson (eds) : *The Oxford History of South Africa*, Vol. II. Clarendon Press, Oxford, 1971.

Yudelman, D. : *The Emergence of Modern South Africa. State, Capital, and the Incorporation of Organized Labour on the South African Gold Fields, 1902 – 1939*. Greenwood Press, Westport, 1983.

II. LETTERKUNDIGE BRONNE

Andrews, W.H. : *Class Struggles in South Africa*. Stewart Printing Co., Cape Town, 1941.

Anon. : *Braby's Transvaal & Rhodesia Directory, 1915*. Sixth Issue, Braby's Directories (Transvaal) Ltd., Johannesburg, 1915.

Anon. : *Braby's Transvaal and Rhodesia Directory, 1916*. Braby's South African Directories, Johannesburg, 1916.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Anon. : *The "United" Transvaal Directory, 1911*. The "United" Transvaal Directory Co. Limited, Johannesburg, 1911.

Anon. : *The United Transvaal Directory, 1924*. The United Transvaal Directory Co., Limited, Johannesburg, 1924.

Anon. : *Who's Who, 1906*. Bemrose & Sons; Ltd., London, 1906.

Barlow, A.G. : *Almost in Confidence*. Juta & Co. Limited, Cape Town, 1952.

Blackwell, L. : *African Occasions. Reminiscences of Thirty Years of Bar, Bench, and Politics in South Africa*. Hutchinson & Co., (Publishers) Ltd., London, 1938.

Boydell, T. : *"My Luck Was In". With Spotlights on General Smuts*. Stewart Printing Company (Pty.) Ltd., Cape Town, n.d.

Boydell, T. : *"My Luck's Still In". With more Spotlights on General Smuts*. Stewart Printing Company (Pty.) Ltd., Cape Town, 1948.

Bunting, B. (ed) : *Letters to Rebecca. South African Communist Leader S.P. Bunting to his Wife 1917 – 1934*. Mayibuye Books, UWC, Bellville, 1996.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bunting, B. (ed) : *South African Communists Speak. Documents from the History of the South African Communist Party 1915 - 1980.* Inkululeko Publications, London, 1981.

Bunting, S.P. : *"Red Revolt". The Rand Strike January - March, 1922. The Workers' Story.* Communist Party (SA), Johannesburg [1922].

Campbell K. and J.R. Munro : *The Great Rand Strike, July, 1913.* E.H. Adlington Co., Johannesburg [1913].

Chilvers, H.A. : *The Menace of Red Misrule. Facts and Figures for All.* Jackson & Co., Printers, Germiston, n.d.

Creswell, F.H.P. : *The Chinese Labour Question from Within.* King and Son, London, 1905.

Donaldson, K. (ed) : *The South African Who's Who, 1908. An Illustrated Biographical Sketchbook of South Africa.* Second Issue, South African Who's Who Publishing Co., Durban, 1908.

Donaldson, K. (ed) : *South African Who's Who, 1910. An Illustrated Biographical Sketch Book of South Africans.* Fourth Issue, Bemrose & Sons Limited, London, 1910.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Donaldson, K. (ed) : *South African Who's Who, 1912. An Illustrated Biographical Sketch Book of South Africans*. Sixth Issue, Bemrose & Sons Limited, Derby, 1912.

Donaldson, K. (ed) : *South African Who's Who, 1921 - 1922. An Illustrated Biographical Sketch Book of South Africans, South African Business and South African Farming*. Twelfth Edition, John Wright & Sons Limited, Bristol, 1921.

Don, C.D. : *And Having Writ...Memories and Impressions*. Central News Agency, Ltd., Johannesburg, 1942.

Dormer, F.J. : *Vengeance as a Policy in Afrikanderland. A Plea for a New Departure*. James Nisbet & Co., Limited, London, 1901.

Gale, F.H. : *Who's Who in the Union Parliament*. Cape Times Limited, Cape Town, 1911.

Gitsham, E. and J.F. Trembath : *A First Account of Labour Organisation in South Africa*. E.P. & Commercial Printing Co., Ltd., Durban, 1926.

Harrison, W.H. : *Memoirs of a Socialist in South Africa, 1903 - 1947*. Steward Printing Co. (Pty.) Ltd., Cape Town, 1947.

Kentridge, M. : *I Recall. Memoirs of Morris Kentridge*. The Free Press Limited, Johannesburg, 1959.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Malan, D.F. : *Afrikaner-Volkseenheid en My Ervarings op die Pad daarheen*. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1959.

National Party (Cape Province) : *The Nationalist-Labour Pact: Past and Present. 1907 - 1924*. Nasionale Pers, Beperk, Cape Town, 1924.

Oost, H. : *Wie is die Skuldiges?* Afrikaanse Pers Boekhandel, Johannesburg [1956].

Rose, E.B. : *The Truth about the Transvaal. A Record of Facts based upon Twelve Year's Residence in the Country*. Hazell, Wilson and Viney, Ltd., London, 1902.

Roux, E. & W. Roux : *Rebel Pity. The Life of Eddie Roux*. Rex Collings Ltd., London, 1970.

Sachs, B. : *Mist of Memory. An Autobiography*. Vallentine Mitchell Publishers, Ltd., London, 1973.

Sachs, B. : *Multitude of Dreams. A Semi-Autobiographical Study*. Kayor Publishing House, Johannesburg, 1949.

South African Public Library : *South African Labour Strikes, 1913 - 1914*. Cape Town, 1914.

Steinmeyer, J. : *Spykers met Koppe*. Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1946.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Transvaal Strike Legal Defence Committee : *The Story of a Crime being the Vindication of the Transvaal Legal Defence Committee in connection with the Great Strike on the Witwatersrand in 1922*. Johannesburg, 1924.

Urquhart, W. : *The Outbreak on the Witwatersrand March, 1922*. Hortors Limited, Johannesburg [1922].

Van Tonder, I.W. : *Oom Izak van Kaapstad Kyk Terug*. Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1945.

Walker, I.L. and B. Weinbren : *2 000 Casualties. A History of the Trade Unions and the Labour Movement in the Union of South Africa*. The South African Trade Union Council, Johannesburg, 1961.

War on War League : *Keeping the Red Flag Flying. An Address to the SA Labour Party*. Johannesburg, 1915.

War on War League : *The Labour Party's Duty in the War: A Reply to the "see it through" Policy*. Benoni, 1915.

III PERIODIEKE PUBLIKASIES

Diamond Fields Advertiser, Special Strike Issue, 1913.

Die Burger, 1915 - 1924.

Ons Vaderland, 1915 - 1924.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pretoria Strike Herald, 17.01.1914 - 18.01.1914.

Strike Special, 06.07.1913.

The Bolshevik, 1919 - 1921.

The Eastern Record, 1914 - 1915.

The Evening Chronicle, 1910 - 1915.

The Guardian, 1921 - 1923.

The Illustrated Star, 1913 - 1914.

The International, 1915 - 1924.

The News, 07.07.1913.

The Labour World, 1918 - 1920.

The South African Review, 1920 - 1924.

The Star, 1908 - 1924.

The Strike Herald, 21.06.1913 - 02.08.1913.

The Torch, Julie 1923.

The War on War Gazette, September - November 1914.

The Weekly Gazette, Januarie, Maart 1914.

The Worker, 1909 - 1914.

The Young Worker, 1924.

Transvaal Post, 13.02.1922, 18.02.1922.

Voice of Labour, 1908 - 1912.

IV. TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

Albertyn, C.F. : Stukrag Agter Volksondernemings (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940).

Anon. : Are You a Workman? (*ASE Monthly Report*, August 1908).

Anon. : As Beroep en Afspringplek (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Anon. : Birth of The Star (*The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947).

Anon. : David Ivon Jones (*International Press Correspondence of the Comintern*, Vol. IV, No. 35, 19.06.1924).

Anon. : Die Burger se Dorp (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975).

Anon. : *Die Ontstaan van Die Burger* (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935).

Anon. : Dr. Malan se Wroeging oor Pos (*Bylae by Die Burger*, 31.07.1990).

Anon. : Groei met elke Verjaardag (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975).

Anon. : How The Star come to President Street in 1887 (*The Star*, 21.09.1936).

Anon. : In den Beginne (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940).

Anon. : Insameling van die Kapitaal (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940).

Anon. : Laaste Spotprent van Boonzaier (*Die Burger*, 30.08.1941).

Anon. : Man wat die Taal verfoes (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Anon. : Mnr. D.C. Boonzaier Oorlede (*Die Burger*, 21.03.1950).

Anon. : Ons Eie (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965).

Anon. : Ontstaan van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940).

Anon. : Printing Office Raided (*Weekly Cape Times and Farmers' Record*, 23.01.1914).

Anon. : South African Politics (*The Round Table*, Vol. I, 15 November 1910).

Anon. : Strike Paper Suppressed (*Diamond Fields Advertiser Weekly Edition*, 24.01.1914).

Anon. : The Indemnity Bill and Political Parties (*The Round Table*, Vol. 14, June 1914).

Anon. : The Rand Strike (*The Round Table*, Vol. 3, September 1913).

Anon. : The Revolutionary Crisis (*Rand Daily Mail*, 14.03.1922).

Anon. : The South African Deportations (*The Spectator*, Vol. 112, 31.01.1914).

Anon. : The South African Strike (*The Round Table*, Vol. 4, March 1914).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Anon. : The Star Becomes a Daily Newspaper (*The Star Diamond Jubilee*, 17.10.1947).

Anon. : Twee Jaar: "Die Vaderland" Seëvier deur Diens aan Groot Ideaal (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938).

Anon. : Twee Omgeruil? (*Die Burger Feesbylae: Nasionale Pers 1915 - 1990*).

Anon. : Twintig Jaar van Troue Diens (*Byvoegsel tot Die Burger*, 19.03.1935).

Anon. : 'Typo' Union and its Work (*The Star*, 07.10.1936).

Anon. : Wat Jan te veel gesê het (*Bylae tot Die Burger*, 25.07.1975).

Anon. : Who's Who in the Transvaal Assembly (*South African News Weekly Edition*, 27.02.1907).

Anon. : Zuid-Afrikaanse Kunst: Daniel Cornelius Boonzaier (*Die Huisgenoot*, Deel I, No. 3, Julie 1916).

Bell, T. : Death of D. Ivon Jones (*The Communist Review*, Vol. 5, No. 3, July 1924).

Black, S.W. : The Man who killed Botha (*The Sjambok*, 24.05.1929).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bunting, S.P. : The Labour Movement of South Africa (*International Press Correspondence of the Comintern*, Vol. II, No. 98, 13.11.1922).

Cillié, P.J. : Die Burger en die Nasionale Party - 'n Unieke Verbintenis (*Acta Diurna Historica*, Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Jaargang 5, Nr. 2, Oktober 1976).

Cillié, P.J. : Die Ondersoekende Plig van die Pers (*Ecquid Novi*, Vol. I, No. I, Januarie 1980).

Clarke, J. : From Anthill to Newspaper (*The Star 100 Years of Newspapering Souvenir Supplement*, 16.10.1987).

Crafford, A. : Woelige Dae in 1916 - Die Burger word Geboikot! (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965).

Crawford, A. : Socialist Party Progress in South Africa (*International Socialist Review*, Vol. 13, No. 1, July 1912).

Crawford, A. : The Class War in South Africa: The Growth and Outcome of Industrial Unionism (*International Socialist Review*, Vol. 12, No. 2, August 1911).

"Dawie" : Ná 75 Jaar bly NP steeds 'n Anker (*Die Burger*, 15.09.1990).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Dawie" : Ná 75 Jaar werk dié twee nog saam in gemeenskaplike trou (*Die Burger*, 28.07.1990).

De Villiers, D. : The State of the Press (*Leadership SA*, Vol. 2, No. 4, Summer 1983).

Garson, N.G. : The Political Role of the White Working Class in South Africa 1902 - 1924 (*Conference on Southern African Labour History*, African Studies Institute, 8 - 10 April 1976).

Haggar, C.H. : Organised Labour as a Political Factor (*The State*, Vol. 3, June 1910).

Hirson, B. : The General Strike of 1922 (*Searchlight South Africa*, Vol. 3, No. 3, October 1993).

Johns, S. : The Birth of the Communist Party of South Africa (*The International Journal of African Historical Studies*, Vol. 9, No. 3, 1976).

Katz, E.N. : Miners by Default. Afrikaners and the Gold Mining Industry before Union (*The South African Journal of Economic History*, Vol. 6, No. 1, March 1991).

Katz, E.N. : The Underground Route to Mining: Afrikaners and the Witwatersrand Gold Mining Industry from 1902 to the 1907 Miners' Strike (*The Journal of African History*, Vol. 36, No. 3, 1995).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Katz, E.N. : White Workers' Grievances and the Industrial Colour Bar, 1902 - 1913 (*The South African Journal of Economics*, Vol. 42, No. 2, September 1976).

King, R. : 'n Spotprent kan die hardste hou slaan (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965).

Le Roux, N.J. : Willie Hofmeyr: Hy was Vader van die Nasionale Pers (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965).

Louw, L. : Reusagtige Ontwikkeling op Tegniese Gebied in 'n Halfeeu (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965).

Malan, D.F. : Persoonlike Herinnerings (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940).

Marais, A.H. : Aspekte van die 1915-Verkiesing (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 5, November 1973).

O'Dowd, C.E.M. : The General Election of 1924 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 2, November 1970).

Ollemans, D.H. : History and Development of the South African Press (*The Forum*, Vol. 5, August 1952).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oppenheimer, H. : The Press and South African Society (*Communications in Africa*, Vol. I, No. 4, December 1972).

O'Quighley, A. : The 1913 and 1914 White Workers' Strikes (*African Studies Institute Seminar*, October 1978).

Pienaar, E.C. : Die Burger se Rol in die Volkslewe (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940).

"Pollux" : Eerste Ministers was swak Redakteurs (*Rapport*, 09.01.1972).

Reid, B. : The General Elections of 1920 and 1921 in Natal: Labour Triumph and Defeat (*Journal of Natal and Zulu History*, Vol. II, 1979).

Ries, A. : Politiek speel groot rol (*Bylae by Die Burger*, 31.07.1990).

Sauer, P.O. : Die Burger en die Nasionale Party (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940).

Sauer, P.O. : Die Burger en die Party : Tesame een geheel (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965).

Scholtz, G.D. : Die Afrikaner en sy Pers (*Koers: Maandblad vir Calvinistiese Denke*, Jaargang XXXI, Nrs. 5 en 6, November - Desember 1963).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Scholtz, J. du P. : D.C. Boonzaier: Beroemde Karikaturis en Merkwaardige Mens (*Die Huisgenoot*, Deel XXXII, No. 1340, 28 November 1947).

Scholtz, J. du P. : D.C. Boonzaier in die dae vóór Die Burger (*Die Burger*, 17.10.1972).

Scholtz, J. du P. : Die Verbondenheid van D.C. Boonzaier (*Die Burger*, 18.10.1972).

Sidenko, V. : South African Communists - A Flashback (*New Times*, No. 52, 1969).

Sussens, A. : The English Language Press (*South Africa Today*, 1964 - 1965).

Swanepoel, J.P. : Na 'n Halfeeuse Groei Sestig Keer Sterker *Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965).

Swart, C.R. : Hoe dit was voor die koms van Die Burger (*Byvoegsel tot Die Burger*, 25.07.1940).

Ticktin, D. : The War Issue and the Collapse of the South African Labour Party, 1914 - 15 (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, Nr. 1, November 1969).

Van der Walt, N.L. : Tweede Verjaardag in Heuglike Omstandighede Gevier (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van Reenen, R. : In Heemstede het die begin (*Bylae tot Die Burger*, 23.07.1965).

Van Rooyen, J.J. : Die Pers is vry, maar ook nie (*Ecquid Novi*, Vol. I, No. I, Januarie 1980).

Van Schoor, A.M. : Die Joernalistiek (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938).

Van Wyk, A.J. : Openbare Mening, die Pers en die Historikus (*Historia*, 21(2), September 1976).

Visser, R.P. : Na Ses-en-Twintig Jaar: 'n Terugblik (*Bylaag tot Die Vaderland*, 30.06.1938).

Weber, P.A. : Dr. Malan en Die Burger (*Tydskrif vir Geesteswetenskap en Kuns*, Jaargang 14, Nr. 4, Desember 1974).

Weinbren, B. : Inside Story of SA Labour, Part VI (*Forward*, 26.11.1943).

Weinbren, B. : Inside Story of SA Labour, Part VIII (*Forward*, 10.12.1943).

Weinbren, B. : Inside Story of SA Labour, Part X (*Forward*, 24.12.1943).

Weinbren, B. : Inside Story of SA Labour, Part XI (*Forward*, 31.12.1943).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Weinbren, B. : Inside Story of SA Labour, , Part XII (*Forward*, 07.01.1944).

Weinbren, B. : Inside Story of SA Labour , Part XVI (*Forward*, 04.02.1944).

V. REGERINGSPUBLIKASIES

Gepubliseerd

Cd. 6941 - 1913 Union of South Africa: *Correspondence relating to Recent Disorders on the Witwatersrand and the Employment of Regular Troops*. London, July 1913.

Cd. 6942 - 1913 Union of South Africa: *Further Correspondence relating to Recent Disorders on the Witwatersrand and the Employment of Regular Troops*. London, July 1913.

Cd. 7112 - 1913 Union of South Africa: *Report of the Witwatersrand Disturbances Commission*. London, December 1913.

Cd. 7348 - 1914 Union of South Africa: *Correspondence relating to the recent General Strike in South Africa*. London, April 1914.

UG 55 - 1913 Union of South Africa: *Report of the Witwatersrand Disturbances Commission*. Pretoria, September 1913.

UG 56 - 1913 Union of South Africa: *Report of the Judicial Commission of Inquiry into Witwatersrand Disturbances, June - July, 1913*. Johannesburg, 1913.

UG 56 - 1913 Union of South Africa: *Judicial Commission of Inquiry into Witwatersrand Disturbances June - July, 1913. Minutes of Evidence*. Cape Town, 1913.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

UG 5 - 1914 Union of South Africa: *Martial Law in the Union of South Africa, January 1914. Proclamation and Regulations issued by the Government and Appointments of Control Officers*. Cape Town, 1914.

UG 35 - 1922 Union of South Africa: *Report of the Martial Law Inquiry Judicial Commission*. Pretoria, 1922.

Unie van Zuid-Afrika: *Debatten van het Parlement 1912. Tweede Zitting, Eerste Parlement*. Kaapstad, 1912.

Union of South Africa: *House of Assembly: Debates 1913. Third Session, First Parliament*. Cape Town, 1913.

VI. HISTORIESE MANUSKRIPTE

1. Johannesburgse Openbare Biblioteek (JOB)

Records of the South African Labour Party

Annual Conference Minutes 1911, 1913 - 1914, 1914 - 1915.

Minute Books: Administrative Council 1913, 1914, 1915, 1917.
Bezuidenhout Valley Branch 1918.
Executive Committee 1913, 1914, 1915, 1917, 1918.
National Council 1919, 1920.
Press Sub Committee 1924.
Propaganda Committee 1913.

SALP accounts, agendas, correspondence, financial statements, notices of motion, pamphlets, prospectus, reports, ect. 1913 - 1924.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Koerantknipsels

A 920: Crawford, Archie en Fitzgerald, Mary.

2. William Cullen Library, University of the Witwatersrand (WCL)

A 949: S.P. Bunting Collection, 1922 - 1945.

A 953: R.K.Cope: Research Material for Comrade Bill.

SAIF Collection: Memoranda Publications: People's Press, 1922.
Correspondence: People's Press, 1922 - 1924.

3. J.S. (Kosie) Gericke Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch (KGB)

A 215: Trembath-Versameling.
Vol. I Koerantknipsels, 1905 - 1910.
Vol. II Koerantknipsels, 1911 - 1914.

VII. ARGIVALE BRONNE

ONGEPUBLISEERD

1. Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria (SAB)

1.1 Archives of the Secretary of the Governer General of the Union of South Africa, 1910 - 1965.

Reference Letters (GG)

Railway Strike 1914

Vol.	File no.	Subject	Period
1483	62/513	Protests against action of authorities in threatening to close down paper under Martial Law.	1914

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vol.	File no.	Subject	Period
1483	62/522	Statement published in the "Strike Herald" regarding demobilization of the burgher force.	1914
1483	62/524	Censorship of news established under Martial Law.	1914
1483	62/525	Censorship of news during Martial Law.	1914
1483	62/530	Meaning of word "scab".	1914

1.2 Archives of the Secretary of Justice, 1899 - 1966

Reference Letters (JUS)

Correspondence

Vol.	File no.	Subject	Period
10	6/183/16	Matter relating to seizure of safe and scrutinising of papers, book, ect.	1914
126	3/1442/11	Voice of Labour.	1911
165	3/541/13	General File re Witwatersrand Strike.	1913
191	3/35/14(2)	Memo by Mr. Roos re Strike Leaders. Ordinary Cases.	1914
192	3/35/14	Correspondence, statements & reports re Strike Leaders.	1914
215	3/475/15	SA Labour Press.	1915
255	3/527/17	Reports on Activities of ISL.	1917
256	3/527/17	Part 4: Reports on Activities of ISL.	1919
256	3/527/17	Part 5: Reports on Activities of ISL.	1919
267	3/1064/18	Reports on Bolshevism in South Africa.	1918 - 1921
352	3/383/22	Authority under Sec. 289 Act 31/17 to produce Interior files in Rex vs. Mondriaan.	1922

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vol.	File no.	Subject	Period
394	1/424/14	War on War Gazette.	1914
566	1/201/21	Deportation of Lapitsky & Others.	1919

1.3 Archives of the Registrar of Companies, 1951 - 1973

Reference Letters (MPY)

Vol.	File no.	Subject
1090	T3268	The Worker Limited.
	T3274	The Transvaal Chronicle Limited.
	T4681	Die Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk.

1.4 Archives of the South African Police, 1910 - 1961

Reference Letters (SAP)

Correspondence

Vol.	File no.	Subject	Period
8	6/147/13	Press Cuttings re 1913 Strike.	1913
10	6/183/14/19	Strike January 1914. List of Ring Leaders.	1914
15	6/245/14/50	Re Socialist Meeting at Tivoli.	1914
56	8/354	Newspapers, periodicals, ect. published in Transvaal.	1909 - 1910
68	8/702	Re Socialist Movement on Reef.	1912
81	1/185/13/20	Miners Strike 1913. Newspaper articles, special publications, ect. in connection therewith.	1913
82	1/185/13/38	Miner's Strike 1913. An Enquiry & Report re women & children shot in the streets of Johannesburg by J. Ware.	1913

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.5 Commissions and Committees of Inquiry

Reference Letter (K)

K4: Martial Law Commission, May - June 1922.

K25: Witwatersrand Disturbances Commission, 1913. Vol. II: Minutes, Statements, Exhibits & Annexures.

K132: Report of the Commission of Inquiry into the Press, 1950 - 1964.
Vol. I: First Portion of the Report of the Commission of Inquiry into the Press.
Annexure IV: The Owners of the European Major Urban Newspapers published in the Union of South Africa.

1.6 Aanwinste

A 32: J.B.M. Hertzog-Versameling, 1899 – 1941.
A 75: T. Boydell-Versameling, 1910 – 1965.
A 139: J.E.A. Reyneke van Stuwe-Versameling, 1837 – 1923.

2. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB)

2.1 Archives of the Colonial Secretary of the Transvaal Colony, 1901 – 1910

Reference Letters (CS)

Correspondence

Vol.	File no.	Subject	Period
631	5908	The Star.	1903

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vol.	File no.	Subject	Period
877	15580	Voice of Labour.	1908 – 1912

2.2 Aanwinste

A 1731: S.J. Botha-Versameling, 1911 – 1966.

3. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KAB)

3.1 Aanwinste

A 2028: Autobiography of C.L. Henderson entitled From Shop Assistant to Senator.

4. Department for the Interior, Pretoria (D.I.)*

Correspondence

File no.	Subject	Period
3/13	The International. Registration of Newspaper.	1915 – 1925
13/13	Ons Vaderland. Registration of Newspaper.	1915 – 1923
25/13	Eastern Record. Registration of Newspaper.	1914 – 1915
115/13	The War on War Gazette. Registration of Newspaper.	1914
118/13	Evening Chronicle. Registration of Newspaper.	1911 – 1915
187/13	The Labour World. Registration of Newspaper.	1918 – 1920
270/13	The Guardian. Registration of Newspaper.	1921 – 1926

* Hierdie lêers is sedertdien oorgeplaas na die Argief van die Departement Binnelandse Sake in die Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria. Verwysingsnommers: (SAB) BNS.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

File no.	Subject	Period
416/13	The Worker. Registration of Newspaper.	1909 - 1914

5. **Department of Trade and Industry, Pretoria (DTI)**

Correspondence

File no.	Subject	Period
T 2033, Vol.II	Central News Agency, Limited.	1923 - 1924

6. **Suid-Afrikaanse Polisiemuseum en Argief, Pretoria (SAPM & A)**

The Nongqai, 05.07.1914

7. **Suid-Afrikaanse Weermagargief, Pretoria (SAWA)**

Aanwinste

W.F. Mondriaan: Herinneringe en ervaringe deur my persoonlik beleef in 'n "Halwe-eeu van onreg" I. Die Rebellie (Handgeskrewe manuskrip).

W.F. Mondriaan: Herinneringe en ervaringe deur my persoonlik beleef in 'n "Halwe-eeu van onreg" II. Die opstand aan die Rand (1922) (Handgeskrewe manuskrip).